# DIE HEILIGE GEES AS BEWERKER VAN EENHEID IN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

deur

JACOB JOHANNES VENTER

2004157273

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**A. PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in die vak

DOGMATIEK

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

PROMOTOR: PROF. S.A. STRAUSS

NOVEMBER 2008

## Opsomming

Die verklaring van pous Benedictus XVI op 10 Julie 2007 het groot opskudding in die pers veroorsaak. Hiervolgens wou die pous dit duidelik stel dat daar net een ware Kerk van Jesus Christus bestaan, nl. die Rooms-Katolieke Kerk, en dat alle ander kerke slegs Christelike gemeenskappe is. Hierdie “gemeenskappe” word genoem “the separated brethren” en hulle moet oorreed word om na die “een ware Kerk” terug te keer. Die probleem is dat daar wél so baie verskillende denominasies of “kerke” bestaan, en hoe moet die Kerk tot eenheid kom? In hierdie studie is aangetoon word dat Gees-eenheid die één aspek is wat grootliks deur die Kerk verwaarloos is, terwyl dit die belangrikste deel van eenheid behoort te wees.

Daar word in hierdie proefskrif eerstens aandag gegee (Afd. II) aan ‘n historiese oorsig van die teologie-geskiedenis waar verskillende denkstrominge onder die loep kom om vas te stel in hóé ‘n mate Gees-eenheid tot sy reg kom, of dan alternatiewelik, verwaarloos word. Die vyf denkstrominge wat nagevors word, is: (1) Apostoliese en Kerkvaders se bydraes, (2) Middeleeuse Teologie (o.a. Rooms-Katolieke Teologie), (3) Protestants-Gereformeerde Denke, (4) Pentekostalisties-Charismatiese Denke, (5) Moderne Ekumeniese Teologie.

In Afd. III word breedvoerig eksegese gedoen van relevante Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes wat betrekking het op eenheid, en dan in die besonder Gees-eenheid. Daar is ook aangetoon word dat eksegese dringend noodsaaklik is as basis om tot korrekte teologiese konklusies te kom m.b.t. eenheid.

In Afd. IV word teologiese besinning gedoen waar eerstens aandag gegee word aan die Heilige Gees, die Parakleet, en dan in die besonder die noue verhouding Christus-Gees: ‘n belangrike faset vir latere teologiese besinning. Die bevindinge van Afd. II m.b.t. die verskillende denkstrominge oor Gees-eenheid, word vervolgens teologies beoordeel en word aan die hand van Skrif-eksegese gemeet, soos bevind in Afd. III. Daar word aangetoon dat weinig aandag aan Gees-eenheid gegee is.

‘n Belangrike aspek vir teologiese besinning is die feit dat in my navorsing verskillende vorme van eenheid (altesaam dertien, maar daar kan meer wees), geïdentifiseer word, nl. Hiërargiese eenheid, Konfessionele eenheid, Denominasionele eenheid, Ekumeniese eenheid, Seksionele eenheid, Strukturele eenheid, Mistieke eenheid, Onsigbare eenheid, Sakramentele eenheid, Charismatiese eenheid, Dogmatiese eenheid, Eenheid-in-verskeidenheid en Gees-eenheid. Laasgenoemde is egter die alle-ander-oorheersende eenheid wat bepalend behoort te wees vir enige ander vorm van eenheid. Die ander vorme van eenheid is beperkend, omdat slegs gelowiges wat daardie besondere vorm van eenheid onderskryf, daardeur saamgebind word. Die Kerk, of Liggaam van Christus, word dus gekokoniseer. Verdeeldheid word nie opgehef nie, omdat die Liggaam van Christus maar net weer gesegmenteer word. Die Gees-eenheid daarteenoor, is alle-ander-omvattend en negeer nie die ander nie, hef dit nie op nie, maar pas die ander vorme aan in soverre dit aan die Heilige Gees ondergeskik gestel word. Gees-eenheid bring die konkretisering van eenheid tot uitvoering, want eenheid móét prakties uitvoerbaar wees, anders kan daar nie sprake van Kerkeenheid wees nie. Die Heilige Gees moet sy regmatige plek in die Kerk kry, ook met betrekking tot die bereiking van eenheid, want Hy wil die Kerk begelei tot Gees-eenheid.

## Abstract

Pope Benedict XVI issued a declaration on 10 July 2007 which had an immense impact in the press. According to this declaration, the Pope made it clear that there is only one true Church of Jesus Christ, namely, the Roman Catholic Church, and that all other churches are only Christian communities. These “communities” are called “the separated brethren”, and they are to be persuaded to return to the “one true Church”. The problem is the fact that many different denominations really do exist, and how will the Church become one? It will be shown in this study that Spirit Unity is the one greatly neglected aspect by the Church, although it should be the most important.

In this thesis (Section II) the aim will be to obtain an historical view of the development of theology from different theological perspectives with regard to Spirit Unity, in order to come to a clear conclusion of acceptance or neglect of this important matter. In this regard, five theological perspectives will be discussed: (1)

The Contribution of the Apostolic and Church Fathers, (2) The Theology of the Middle Ages (e.g. Roman Catholic Theology), (3) Prostestant Reformed Thought, (4) Pentecostal-Charismatic Thought, and (5) Modern Ecumenical Theology.

In Section III exegesis will be done on relevant New Testament portions of Scripture in connection with Spirit Unity. The importance of exegesis will be emphasized in order to come to correct theological conclusions with regard to unity.

In Section IV theological discussions will be done, firstly, on the Holy Spirit the Paraclete, with special emphasis on the intimate relationship between the risen Christ and the Holy Spirit - a very important aspect for later theological discussion. The conclusions of Section II with regard to the different theological perspectives on Spirit Unity, will further be evaluated in Section IV on the basis of the exegesis of Section III. It will be pointed out that Spirit Unity is greatly neglected.

An important matter in my theological research is that I have identified different forms of unity (altogether 13, but there may be more). The different forms are: Hierarchical Unity, Confessional Unity, Denominational Unity, Ecumenical Unity, Sectional Unity, Structural Unity, Mystical Unity, Invisible Unity, Sacramental Unity, Charismatic Unity, Dogmatic Unity, Unity in Diversity and Spirit Unity. The latter is actually the all-other-inclusive Unity which should be the determining factor for all other forms of unity. All other forms of unity are limiting, because only those believers who accepted a certain form of unity will be united by that specific form of unity. The Church or Body of Christ are cocooned. Division is not eradicated, because the Body of Christ is only segmentized again. Spirit Unity on the other hand, is all inclusive, and therefore does not disregard or cancel out the others, but adapt all other forms of unity to his will, if it is subjected to the Holy Spirit. Spirit Unity must become a practical reality, or else there will never be unity at all.

The Holy Spirit will have to obtain his rightful place in the Church, also with regard to unity, because His objective is to guide the Church to reach true Spirit Unity.

**Dankbetuigings**

My opregte dank gaan eerstens aan my hemelse Vader wat my onderskraag het in die krag van die Heilige Gees met wysheid, insig en kennis sowel as fisiese, liggaamlike krag en vermoëns om hierdie werk te voltooi. Enige gebreke en tekortkominge wat daar nog mag voorkom, is toe te skryf aan my eie menslike gebreke en swakheid. Sy krag en onderskraging het vir my, in die woorde van Paulus, ‘n werklikheid geword*: “My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring”* (2 Kor 12:9), sodat die onvolmaakte hom kon besig hou met die Volmaakte.

**Graag wil ek die volgende persone en instansies uitsonder en my besondere dank aan hulle betuig:**

* Prof S A Strauss, my promotor, vir die bekwame wyse waarop hy my begelei het tydens die skryf van hierdie proefskrif.

* Die Beurskomitee, Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Vrystaat, vir die beurs wat ek ontvang het. Dit het my in staat gestel om hierdie studie aan te pak en te voltooi.

* Die administratiewe personeel, asook die biblioteekpersoneel van die Universiteit wat my met vriendelike hulp ondersteun het terwyl ek met hierdie afstandstudie besig was.

* My vrou en drie seuns se belangstelling en morele ondersteuning. Daar was baie tye van opoffering en gebedsondersteuning gedurende die jare van studie. Aan my vrou in die besonder: Dankie vir al jou liefde en dat jy nog steeds die leer hier onder my stewig vashou! Baie dankie ook vir die taalkundige versorging van my proefskrif.

* Al my vriende en belangstellendes wat my gedurig aangemoedig het.

Aan almal: Nogmaals baie dankie!

I. INLEIDING **1**

A. Algemene inleidende oorwegings ..... 1
1. Probleemstelling ..... 1
1.1 Navorsingshipotese ..... 2
1.2 Doel ..... 4
1.3 Navorsingsmetodologie ..... 4
1.4 Prosedure en skedulering ..... 5
B. Inleidende oorwegings m.b.t. die Heilige Gees, die Parakleet ..... 7

**II. HISTORIESE ONTWIKKELING VAN GEDAGTES OOR EENHEID** ........................................................................ 11

A. Inleiding ........................................................................ 11

B. Eenheid kom in die gedrang: Die Kerk hou stand teen vervolging .......14

1. Vervolging as bydraende faktor vir eenheid van die Kerk.....................14

***C. Verskillende standpunte uit die verlede ..........................................32***

1. Apostoliese Vaders en Kerkvaders se bydraes ...................................32

2. Middeleeuse Teologie (o.a. Rooms-Katolieke Teologie) ......................46

3. Protestants-Gereformeerde denke .....................................................50

3.1 Die sigbare en die onsigbare Kerk......................................................50

3.2 Die Pluriformiteitsleer .........................................................................60

4. Pentekostalisties-Charismatiese denke ...............................................63

5. Moderne Ekumeniese Teologie ..........................................................64

5.1 Inleidende opmerkings .......................................................................65

5.2 Ekumeniese Teologie: ‘n Kort samevatting van die teologiese verhouding tussen Rooms-Katolisisme en Protestantisme...................67

5.2.1 Die tradisionele kontroversteologie .....................................................67

5.2.2 Die ireniese benadering.......................................................................68

5.2.3 Die indifferente benadering..................................................................68

5.2.4 Moderne kontroversteologie .................................................................68

5.2.5 Ekumeniese simboliek .........................................................................69

5.3 Ekumeniese Teologie: ‘n kort samevatting van die inhoud ...................69

**III. EKSEGETIESE GEGEWENS OOR DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES EN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS** ........................ 81

A. Inleiding ........................................................................................ 81
B. Eksegese van enkele tersaaklike Skrifgedeeltes .................................. 84
1. Jh 14-16 ........................................................................................ 84
1.1 Die begrip παράκλητὸς ...................................................................... 84
1.1.1 Die betekenis van die woord............................................................... 84
1.1.2 Die Joodse tradisie as agtergrond ........................................................ 84
1.1.3 Die Qumran-gelowiges as agtergrond .................................................. 85
1.1.4 Die gebruik van die begrip in die Grieks-Hellenistiese wêreld .............. 86
1.1.5 Ander gedagterigtings ........................................................................ 86
1.1.6 Die betekenis van die begrip παράκλητὸς binne die konteks van die Parakleet-passasies ........................................................................ 89
1.1.7 Opsomming 90
1.2 Eksegetiese opmerkings oor die Parakleet-passasies .......................... 92
1.2.1 Inleiding ........................................................................................ 92
1.2.2 Die Parakleet-uitsprake ...................................................................... 93
1.2.3 Benaminge of aanduidinge van die Parakleet ...................................... 94
a. Die (ander) Trooster ........................................................................ 94
b. Die Gees van die waarheid.................................................................. 94
c. Hy wat van die Vader uitgaan............................................................ 102
1.3 Die funksies en verhoudinge van die Parakleet.................................. 103
1.3.1 Inleiding ........................................................................................ 103
1.3.2 Sy verhouding tot die dissipels .......................................................... 104

a. Inleiding ........................................................................................ 104

b. Die drie Griekse voorsetsels παρα, μετὰ, ἐν (Jh 14:16,17) ................ 105

c. Die teenwoordigheid of toekomstige teenwoordigheid van die Parakleet ....................................................................107
d. Hy bly tot in ewigheid (Jh 14:16)........................................................110
1.3.3 Sy verhouding tot die wêreld (Jh 14:17; Jh 16:8,9,10,11)..................111
a. Inleiding ..........................................................................................111
b. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie (Jh 14:17) ...............................112
c. Hy oortuig die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel (Jh 16:9-11) ......................................................................................114

1.3.4 Sy verhouding tot Jesus .....................................................................114
a. Inleiding ..........................................................................................114

b. Die *ander* Parakleet (14:16) ..............................................................115

1.3.5 Sy verhouding tot die Vader ..............................................................118
1.3.6 Samevatting.........................................................................................118
2. Jh 17......................................................................................................119

2.1 Inleiding ...............................................................................................119

2.2 Eksegese: Johannes 17 .....................................................................120
2.2.1 Raakpunte met Johannes 13-16........................................................120

2.2.2 Teksontleding: Jh 17 ..........................................................................124
3. Rm 11:17-32 172
4. 1 Kor 10:16-17 ......................................................................................175
5. 1 Kor 12-14 ...........................................................................................184
6. Ef 1:22- 23 ............................................................................................205

7. Ef 2:11-22 .............................................................................................215
8. Ef. 4:1-16 ..............................................................................................244

9. Ef. 5:22-33 ............................................................................................255

**IV TEOLOGIESE BESINNING ............................................ 257**

A. Inleiding ........................................................................................257
B. Die Heilige Gees in sy verhouding tot Jesus ....................................258
1. Die heilshistoriese verdeling ............................................................258
2. Jesus as Sender van die Gees..........................................................259
**3. Jesus as Draer van die Gees ..........................................................264**
4. Die dubbele relasie tussen Christus en die Gees ...............................265
5. Die groter nabyheid in die verhouding Christus-Gees ........................267
6. Die Gees by Johannes en Paulus: Belofte - Vervulling ......................268
7. Die noue verhouding Christus-Gees in die konteks van die Parakleet-passasies ..........................................................................270
7.1 Die 'Werke' in Jh 14 ..........................................................................270

7.2 Die werke van die Vader, die gelowige en die noue verhouding Christus-Gees ...........................................................................274
7.3 Die noue verhouding Christus-Gees..................................................275
C. Besinning oor standpunte in die geskiedenis asook eksegese gedoen (Afd. II & III) ..........................................................................295
1. Die Apostoliese Vaders en Kerkvaders .............................................295
2. Middeleeuse Teologie (o.a. Rooms-Katolieke Teologie) ....................299
3. Protestants-Gereformeerde denke ....................................................304
3.1 Die onsigbare en die sigbare Kerk.....................................................304

**3.2 Die Pluriformiteitsleer ......................................................................305**

4. Pentekostalisties-Charismatiese denke ..............................................313
5. Moderne Ekumeniese Teologie .........................................................322
D. Verskillende vorme van eenheid........................................................341
1. Hiërargiese eenheid ..........................................................................341
2. Konfessionele eenheid 342.......................................................
3. Denominasionele eenheid ..................................................................344
4. Ekumeniese Eenheid.........................................................................344

5. Seksionele eenheid ....................................................................345
6. Strukturele eenheid ....................................................................346
7. Mistieke eenheid ....................................................................347

8. Onsigbare eenheid ....................................................................349
9. Sakramentele eenheid....................................................................349
10. Charismariese eenheid....................................................................350
11. Dogmatiese eenheid....................................................................351
12. Eenheid-in-verskeidenheid ....................................................................351
13. Gees-eenheid ....................................................................354

13.1. Die Gees-eenheid in verhouding tot die ander vorme van eenheid ....356
13.2. Die konkretisering van Gees-eenheid ....................................................357
13.2.1 Die missionêre element ....................................................................357
13.2.2 Die Christelike liefde ....................................................................361
13.2.3. Deelname van die gelowiges in die bereiking van eenheid ................362
13.2.4. Die *Heerlikheid* wat ons verloor het, moet teruggevind word .............364
13.2.5 Afstanddoening van die selflewe ....................................................364
13.2.6 Heiligheid en heiligmaking....................................................................367
a. Posisionele heiligmaking en heiligheid ..............................................367
b. Progressiewe heiligmaking en heiligheid...........................................367
c. Uiteindelike heiligmaking en heiligheid ..............................................368
13.2.7 In Christus ....................................................................368
13.2.8 Verskillende grense wat oorkom moet word ......................................370

V. SLOTOPMERKINGS **372**

VI. BIBLIOGRAFIE **381**

*B. AFKORTINGS VAN BYBELBOEKE*

*OU TESTAMENT*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gn | 1 Kon | **Pred** | Ob |
| Eks | 2 Kon | Hl | Jn |
| Lv | 1 Kron | Jes | Mg |
| Nm | 2 Kron | Jr | Nah |
| Dt | Esr | Klg | Hab |
| Jos | Neh | Esg | Sf |
| Rgt | Est | Dn | Hg |
| Rut | Job | Hs | Sg |
| 1 Sm | Ps | Jl | Ml |
| 2 Sm | Spr | Am | |

NUWE TESTAMENT

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mt | 2 Kor | 1 Tm | 2 Pt |
| Mk | Gl | 2 Tm | 1 Jh |
| Lk | Ef | Tt | 2 Jh |
| Jh | Flp | Flm | 3 Jh |
| Hd | Kol | Heb | Jd |
| Rm | 1 Ts | Jk | Op |
| 1 Kor | 2 Ts | 1 Pt | |

# I INLEIDING

## A. Algemene inleidende oorwegings

### 1. Probleemstelling

Op 10 Julie 2007 het daar ‘n verklaring deur pous Benedictus XVI in die pers verskyn waarin hy verklaar het dat slegs die Rooms-Katolieke Kerk die één ware Kerk is, en dat die ander kerke nie die ware Kerk is nie, maar slegs Christelike gemeenskappe is. (Vgl. bespreking hieroor in Afd. IV). Kan dit as korrek aanvaar word dat alle ander kerke, die hele Protestantse Beweging ingesluit, weggebreek het van die één ware Kerk? En hoe vorm die ekumeniese soeke na eenheid ‘n basis vir ware eenheid in die lig van bogenoemde verklaring?

Tog is dit so dat vanaf die ontstaan van die Christelike Kerk[1], die Kerk te doen gehad het met verskille; soms ernstige teologiese verskille en interpretasies. Verskillende groeperinge is gevorm wat later ontwikkel het in denominasies, elk met sy eie karakter en tradisies. Groot en soms onoorbrugbare klowe het ontstaan, en dit moet met leedwese gesê word, veral ná die Hervorming. Hierdie verskille het dan gelei tot skeuringe en ernstige skade, en het gepaard gegaan met baie hartseer en pyn.

Daarom worstel die Kerk met ‘n probleem. Daar bestaan tans so baie verskillende denominasies met verskillende teologiese denkwyses en leerstellinge, en die getal skyn net te vergroot met die verloop van jare. Tog is verdeeldheid nie Bybels-verantwoordbaar nie, en doen ons die Hoof van die Kerk, nl. Jesus Christus, 'n groot oneer aan indien ons volhard in die verdeeldheid en skeuringe wat in sy diepste wese as sonde geklassifiseer kan word.

Daar is wel deur die jare gepoog om eenheid na te streef, veral na Vaticanum II met die ontstaan van die Ekumeniese Beweging (1962-65). In hierdie soeke na eenheid het die Kerk soms tot sekere konklusies gekom, maar daar bestaan nog steeds so

[1] Die woord ”Kerk” word in hierdie proefskrif met ‘n hoofletter geskryf, omrede dit vir my dui op die universele Kerk van Jesus Christus, en nie slegs verwys na ‘n plaaslike kerk of ‘n enkele denominasie nie. Of soos dit in die Apostoliese Geloofsbelydenis bely word: “Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike Kerk.”

baie verskillende denominasies en verdeeldheid wat die Liggaam van Christus (Kerk), asook gelowiges se eie geestelike lewens, oneindig skade berokken.

Die Rooms-Katolieke Kerk, soos later duidelik sal word, het 'n ernstige strewe na strukturele eenheid waar alle "afgeskeide broeders" (Protestantse en Oosters-Ortodokse kerke) moet terugkeer na die "een ware Kerk". 'n Vraag wat onwillekeurig opduik in die soeke na eenheid, is of ons moet soek na 'n strukturele eenheid, of 'n Gees-eenheid. Of is die een in die ander geïnkorporeer? Kan ons 'n Gees-eenheid hê wat as basis kan dien, ook vir 'n strukturele eenheid? Of moet ons dalk 'n Gees-eenheid hê wat daarop dui dat ons nie nodig het om te soek na 'n strukturele eenheid nie, met slegs interskakeling en samewerking tussen die onderskeie groepe? Of is daar selfs enige ander vorm van eenheid wat 'n antwoord kan bied op die probleem? Nadere ondersoek sal voorts gedoen word in 'n poging om duideliker antwoorde te verkry op bogenoemde vrae waarna omskrywende en verantwoordbare antwoorde as slotsom op hierdie vrae wel aan die einde van hierdie proefskrif verskaf sal word.

### 1.1 Navorsingshipotese

Hierdie studie sal in die eerste plek teologies gerig wees, omdat die fokus sal val op die rol van die Heilige Gees as die Bewerker van eenheid binne die Liggaam van Christus. Daar sal verder aangetoon word dat Gees-eenheid te midde van alle ander vorme van eenheid wat geïdentifiseer kan word, die primêre en alle-ander-oorheersende faktor is in die verkryging van eenheid. Daar sal aangetoon word dat Gees-eenheid juis die een verwaarloosde aspek is wanneer dit by die besinning oor eenheid kom. Die verskillende teologiese denkstrominge het die belangrikste eenheidsfaktor verwaarloos. Dit word duidelik uitgewys wanneer daar slegs sporadies iets in die verbygaan hieroor vermeld word. Daar bestaan beslis 'n groot leemte in teologiese denke.

Daar sal verder aangetoon word dat die verskillende vorme van eenheid wat geïdentifiseer kan word, slegs verdeeldheid in die hand werk, omdat hierdie vorme die Liggaam van Christus maar net weer segmenteer sonder om algehele eenheid te bereik. 'n Belangrike faktor wat uitgewys sal word, is dat daar 'n oplossing gevind

moet word met betrekking tot die konkretisering van eenheid en dat Gees-eenheid nie slegs nóg ‘n vorm van eenheid word wat in ‘n teologiese doodloopstraat beland omdat dit verval tot ‘n blote objektiewe en kille redegedrewe teologiese beskouing nie. Wat belangrik is, is die feit dat daar ook ruimte gemaak word in die teologiese besinning vir die aspek van ervaring, en dan ook ervaring van die Heilige Gees, waar God werklik belééf word. En in hierdie verhouding tot God kom Gees-eenheid tot sy reg. Die rigting waar ons oplossing lê, is om die Heilige Gees sy regmatige plek te laat inneem as Bewerker van eenheid in die Liggaam van Christus. Ons moet Gees-eenheid bereik. (Vgl. Afd. IV). Die Heilige Gees is immers vir meer as twee duisend jaar betrokke by die Kerk. Die vraag ontstaan: Gee ons Hom nie dalk te min prominensie in ons soeke na eenheid nie? Hy is immers die *ander Trooster* wat sou kom (Jh 14-16), die Parakleet.

As Parakleet het Hy dan ook bepaalde funksies m.b.t. die gelowiges. Hy is o.a. Helper, Ondersteuner, Trooster, Bemoediger. Hy was van die begin af betrokke by die Kerk, en sal tot die einde by die Kerk betrokke wees: Hy het die gelowiges in die Liggaam ingedoop (deel gemaak, geïnkorporeer in die Liggaam - 1 Kor 12:13), en deur die eeue heen was Hy intensief by elke gelowige betrokke omdat Hy dié Een is wat in die plek van Jesus sou kom om *in*, *by* en *met* die gelowiges te wees. Aan die einde sal Hy betrokke wees wanneer Jesus weer kom om die gelowiges te kom haal, hetsy hulle nog in die lewe is by die wederkoms en of die Heilige Gees aktief betrokke sal wees om diegene wat al afgesterf het, uit die dood uit op te wek (Rm 8:11; 1 Kor 6:14). Hoe belangrik is dan sy funksie om ook as Bewerker van eenheid die hoofrol te vervul! Hierdie belangrike rol het na my wete nie genoeg aandag gekry in ons nadenke oor eenheid nie. Volkome eenheid kan dus slegs bereik word met die hulp van die Heilige Gees en lê nie bloot op die vlak van die intellek van die mens, of op die vlak van sosialisering nie.

Dit gaan in hierdie studie oor die eenheid van die Liggaam van Christus. Vele publikasies het deur die jare heen die lig gesien oor Kerkeenheid, (vgl. veral studies gegrond op die Ekumeniese Beweging), maar daar kon nie werklik klinkklare antwoorde gevind word met betrekking tot die verskeurdheid en verdeeldheid van die Kerk nie. My mening is dat hierdie studie ‘n bydrae sal lewer om tot ‘n beter begrip te kan kom oor Kerkeenheid.

### 1.2 Doel

Die doel van hierdie studie sal wees om aan te toon dat ware eenheid slegs haalbaar kan wees tussen gelowiges wat met dieselfde Gees deurdronge is. Daarby is die doel om die fokus te laat val op die Heilige Gees as Bewerker van eenheid. Hy moet die hoofrol hierin vervul. Daar sal ook aangetoon word dat verskeie grense, wat skeiding teweegbring, oorgesteek moet word om eenheid tussen gelowiges te kan bereik. Hierdie grense en die oorbrugging daarvan, sal breedvoerig bespreek word.

### 1.3 Navorsingsmetodologie

In hierdie studie sal in die eerste plek 'n **historiese oorsig** (Afd. II), en veral dan ‘n teologie-geskiedenis oorsig, gedoen word met betrekking tot eenheid in die Liggaam van Christus, en in die besonder, Gees-eenheid. Om hierdie oogmerke te bereik, sal deur navorsing insae verkry word in die geskiedenis van die Kerk oor aspekte wat 'n bepaalde beïnvloeding kon meebring tot eenheid en/of verdeeldheid.

In hierdie afdeling sal die volgende vyf denkstrominge histories in oënskou geneem word:

(1) Apostoliese en Kerkvaders se bydraes
(2) Middeleeuse Teologie (o.a. Rooms-Katolieke Teologie)
(3) Protestants-Gereformeerde denke
(4) Pentekostalisties-Charismatiese denke
(5) Moderne Ekumeniese Teologie

Hierdie oorsig is slegs <u>histories</u> van aard.

Daar word verder in die historiese oorsig ook kennis geneem van die verskillende fases van aanslae waardeur die Kerk gegaan het, maar dat dit nie ten gronde gegaan het nie, en dat die eenheid van die Kerk nie algeheel vernietig is nie. Die Kerk is nóg die Kerk van Jesus Christus wat sal standhou tot in ewigheid.

Verdere aspekte oor eenheid, en in die besonder Gees-eenheid, sal na vore kom wanneer 'n **in-diepte eksegese** (Afd. III), gedoen word op relevante teksgedeeltes van die Nuwe Testament[2]. In die **teologiese besinning** (Afd. IV), sal dieselfde vyf denkstrominge wat in die historiese oorsig onder bespreking gekom het (Afd. II), teologies beoordeel word met die oog op Gees-eenheid. Daarna sal korrekte sistematies-teologiese besinning nodig/moontlik wees wat Skrifgegrond is, gegrond op die eksegese soos gedoen in Afd. III, om tot logiese konklusies te kom. Die verskillende teologiese beskouinge sal aan die hand van Skrif-eksegese gemeet word.

As daar sprake kan wees van 'n bepaalde paradigma, sal die studie hoofsaaklik vanuit ‘n Pinkster-paradigma gedoen word. Omdat hierdie studie egter tot voordeel van die hele Liggaam van Christus gedoen word, sal die 'paradigma' dié van wedergebore gelowiges, waaruit die ware Kerk van Jesus Christus bestaan, wees.

### 1.4 Prosedure en skedulering

Omdat daar ten nouste met die Heilige Gees as Bewerker van Kerkeenheid gewerk sal word, sal nagevors word in hoe 'n mate die Heilige Gees in die verlede alreeds prominensie in die Kerk gekry het, al dan nie. My eie studie, *Die Verhoudinge en Funksies van die Parakleet - 'n Sistematies-Teologiese Ondersoek*, gegrond op die Parakleet-passasies in Jh 14-16, (M.Th. Verhandeling, UNISA 1989), sal as vertrekpunt of basis dien. Hierdie studie gee reeds prominensie aan die Heilige Gees in die Kerk. Baie aspekte wat navorsingswaardig is, vloei reeds voort uit hierdie verhandeling, so ook die eenheid van die Kerk.

Die prosedure van navorsing sal nie empiries gedoen word in die Kerk nie, maar sal uitsluitlik op dataversameling berus, d.i. literatuurstudie. Daarby sal die studie ook teksgerig wees, wat die eksegetiese ontleding van relevante teksgedeeltes behels.

Dit is teologies korrek om eerder te praat van die eenheid van die “Liggaam van Christus” as van “Kerkeenheid” (vgl. bespreking hieronder oor die begrip “Kerk”). In die Kerk is daar allerhande soorte mense (koring en onkruid - gelykenis), terwyl in

[2] Die Afrikaanse ou vertaling, 1953, word deurgaans as basis gebruik, tensy anders vermeld.

die Liggaam van Christus slegs wedergeborenes is. Die ongelowiges in die Kerk (onkruid) kan nie teologies korrek besin oor teologiese onderwerpe nie, omdat hulle nie die Gees het nie.

Hendrikus Berkhof (1973:404) se mening oor die skeiding van koring en onkruid is:

> **The unity in Christ is a qualified and thus a critical unity. It creates as its reverse a break with all movements, parties, or churches to whom we are not joined in Christ. Thus, there exists a division which is legitimate and demanded. Yet in this phase of the work of the Spirit the separation of "wheat and tares" is never final.**

Wanneer in hierdie studie deurgaans gepraat word van die Kerk, moet dit per definisie beskou word as die liggaam van gelowiges wat tot wedergeboorte gekom het in Jesus Christus, en nie net 'n aantal mense wat bymekaarkom op 'n Sondag of wat lidmaatskap van een of ander kerkdenominasie het nie. Die Liggaam van Christus is dus die Kerk, en die Kerk bestaan slegs uit wedergeborenes in Jesus Christus, en nie allesinsluitende diegene wat slegs bely dat hulle die Christelike geloof aanvaar of onderskryf nie. Slegs onder diesulkes, wat tot wedergeboorte gekom het, sal dit moontlik wees om eenheid te vind.

Wanneer ons egter <u>nie</u> duidelik definieer wat met die begrip Kerk bedoel word nie, kom daar vele probleme na vore: Die studie kan in die eerste plek slegs op 'n organisatoriese of strukturele eenheid uitloop, wat beteken dat daar noodwendig 'n soeke na eenheid tussen kerkgenootskappe sal wees. Verder kan dit beteken dat daar slegs 'n soeke na eenheid kan wees tussen almal wat onder die naam "Christen" wil ressorteer, of wat lidmate van 'n kerk is, ongeag of hulle wedergebore is of nie. Vergelyk in hierdie verband die era van Konstantyn, ongeveer 300 n.C., toe die Kerk nie meer vervolg is nie en baie mense slegs uit eie belang as lidmate tot die Kerk toegestroom het. Eenheid kan egter slegs volkome wees tussen húlle wat wedergebore en met één Gees deurdronge is. In hierdie studie sal ons fokus op eenheid tussen laasgenoemde. Daar sal ondersoek gedoen word oor ware Gees-eenheid as antwoord op die verdeeldheid en verskeurdheid van die Kerk van Jesus Christus. Die fokus van hierdie ondersoek sal val op die rol van die Heilige Gees as Bewerker van die eenheid van die Liggaam van Christus, (vgl. definisie soos reeds

bespreek); d.i. die ware Kerk van Jesus Christus waarvan Hy die Hoof is en wat deurgaans soos 'n goue draad of hooftema gesien sal kan word. Daarom sal daar ook sterk klem gelê word op die Heilige Gees se werk in die Kerk, sonder om die balans te verloor of te versteur. Teologies gesproke, moet daar balans gevind word tussen die onderbeklemtoning van die Heilige Gees se betrokkenheid in die Kerk en die oorbeklemtoning van sy werk. (In Afd. IV meer hieroor, wanneer daar oor die sentraliteit van die Kruis besin word).

**B. Inleidende oorwegings m.b.t. die Heilige Gees, die Parakleet**

Omdat dit in hierdie proefskrif hoofsaaklik gaan oor die Heilige Gees se rol as Bewerker van eenheid, vind ek dit noodsaaklik om inleidend eers te besin oor die Heilige Gees, die Parakleet (παράκλητος). Hy is immers vir die Kerk gegee ná Jesus se hemelvaart, en bly by die Kerk totdat Jesus weer kom. (Later volg 'n breedvoeriger eksegese in Afd. III).

'n Studie oor die παράκλητος in sy onderskeie verhoudinge[3] het my belangstelling as Pinkstergelowige geprikkel: eerstens omdat daar, na my mening, in Pinksterteologie in die algemeen 'n behoefte bestaan vir 'n deeglike en breedvoerige bespreking oor die Heilige Gees, die Parakleet.

Alhoewel daar in Pinksterteologie sterk klem gelê word op die Heilige Gees en sy gawes, is dit my oorwoë mening dat hier 'n rykdom van skatte lê wat nog onontgin is in lg. tradisie. Dit is verder my gevolgtrekking dat die studie oor die Heilige Gees in alle ander tradisies ook nog nie tot sy reg gekom het nie. 'n Paar aanhalings van bekende teoloë sal lg. stelling staaf.

Vanderlip (1975:172) skryf:

> **In a dramatic way there has developed a new interest in the Spirit in our generation.**

---

[3] Invoeging hieroor uit my M.Th.-verhandeling (pp. 7-10, soos ook pp. 258-295).

Dit beteken dat daar tot onlangs min aandag aan die Heilige Gees gegee is deur teoloë, asook deur die Christen in die algemeen. Boice (1978:161) se mening is:

> **But the average Christian is in a complete fog as to what work the Holy Spirit does.**

H. Berkhof (1977:10) sluit hierby aan:

> **Many Christians who like to speak about creation, incarnation, atonement, Christ, the Church, and even the future, avoid speaking about the work of the Holy Spirit.**

Waarom hierdie verwaarlosing? Heel moontlik lê die antwoord opgesluit in die aanhaling wat Veenhof (1974:6) maak van Barth:

> **Alles was von Gott dem Vater und Gott dem Sohn ... zu glauben, zu bedenken, und zu sagen ist, wäre in seiner Grundlegung durch Gott den Heiligen Geist ... aufzuzeigen und zu beleuchten.**

Verder sê Veenhof (:6):

> **Volgens Barth licht hier de grote taak van de theologie der toekomst.**

Na my mening het die "teologie van die toekoms" van Barth se tyd nou aangebreek. Dit is dan ook nou dat die belangrikheid van die Heilige Gees opnuut besef en waardeer word. Von Allmen (1958:171) sê dan ook:

> **The Spirit apart from the Church would be energy without any instrument through which it could operate. The Church without the Spirit would be a body without a principle of life. Therefore in the New Testament the Spirit and the Church are always conjoined and are inseparable from each other.**

Die belangrikheid van die leer van die Heilige Gees word nog verder beklemtoon deur Halverson en Cohen (1962:174):

> **The doctrine of the Holy Spirit is at once the most central and the most neglected doctrine of the Christian faith.**

Twee dinge val dus hier op:

Eerstens: Die verwaarlosing van die leer van die Heilige Gees deur teoloë asook deur Christene in die algemeen.

Aldus H Berkhof (1977:10):

> **Many new insights in the field of biblical theology with regard to the Holy Spirit have not yet found their way to systematic theology, let alone to the pulpit and the life of the Church.**

Sirks (1956:5) sluit hierby aan:

> **De leer van de Heilige Geest, de 'Pneumatologie' is wel eens de Assepoester der theologie genoemd. Indien zij het is geweest of nog is, vraag zij nu sterker dan voorheen toegewijde aandacht.**

Tweedens: Die belangrikheid van die leer van die Heilige Gees.

Hieroor voer H Berkhof (1977:10-11) ook 'n bespreking en verklaar dat in die vroegste geloofsbelydenisse die Heilige Gees in slegs een sin genoem word ná baie sinne oor Christus. Tóg is dit belangrik: 'Ek glo in die Heilige Gees'.

In hierdie proefskrif sal oor die Heilige Gees as Parakleet besin word, asook die ervaring wat die gelowige van Hom kan hê as díé Een wat na ons toe gekom het, meer nog, na ons toe gestuur is. Soos Barth (1975:139) dit stel:

> **Where men may receive and possess the Holy Spirit, it is of course a human experience and a human act.**

Dan verklaar hy verder (p.140):

> **... this is not because of an act of the human spirit, but solely of the act of the Holy Spirit. So this is, in other words, a gift of God.**

Pinksterstandpunte behoort ook in ag geneem te word vir insette in die teologie oor die Heilige Gees. Daar behoort 'n gesamentlike poging aangewend te word tussen

verskillende tradisies om hierdie pragtige saak tot sy volheid te ontplooi. In hierdie studie het ek dan ook as Pinkstergelowige ruim gebruik gemaak van ander tradisies en in die besonder die Gereformeerde tradisie.

Die studie oor die παράκλητος is nog lank nie uitgeput nie. Hierdie proefskrif is slegs een klein skakel in die navorsingsketting waarin Pinkster- en byvoorbeeld Gereformeerde teoloë mekaar die hand van broederskap kan gee, om selfs op hierdie terrein ons eenheid in Christus te bevestig.

In Afdeling III (vgl. III.B.1.3), word teologies besin oor die vier onderskeie verhoudinge waarin die Parakleet staan. Van hierdie vier verhoudinge kan die verhouding Christus-Gees uitgesonder word as die belangrikste. Dit is egter nie net belangriker as die ander verhoudinge nie, maar is ook die basis waaruit die ander drie verhoudinge verstaan moet word. Sonder die korrekte begrip van die noue verhouding Christus-Gees, sou na my mening, die teologiese besinning oor die verhoudinge waarin die Parakleet staan, nie werklik tot sy reg kom nie.

Om hierdie rede sal daar meer intensief aandag gegee word aan die noue verhouding Christus-Gees.

# II. HISTORIESE ONTWIKKELING VAN GEDAGTES OOR EENHEID

## A. Inleiding

Dit is vir ons belangrik om oor die sin van die geskiedenis (en veral dan ook teologie-geskiedenis), na te dink. In hierdie verband word breedvoerig gebruik gemaak van die werk van A.C. Viljoen (1975). Wanneer ons dink aan die sogenaamde primitiewe volkere met 'n naturalisties-monistiese wêreldbeskouing, vind ons in die algemeen 'n sikliese beskouing van tyd. Daar word aan die geskiedenis gedink as 'n ewige kringloop van tyd na aanleiding van die kringlope in die natuur. Alles word deel van die natuursiklus. Gebeurtenisse het geen eie sin of doel nie.

In die Oosterse denke, en by name die Hindoeïsme, word ook aan die tyd as 'n ewige kringloop gedink. Daar bestaan egter ook 'n hartstogtelike begeerte om weg te breek uit die ewige kringloop sodat so 'n persoon één kan word met die absolute werklikheid (die Brahma). En híérdie begeerte is allesoorheersend.

By die Griekse denkers het die historiese besef verder ontwikkel as by die primitiewe mens asook die Oosterse denke, maar tog was daar weinig besef van doelgerigtheid in die geskiedenis.

Aansluitend hierby is daar ook verskeie negatiewe stemme in die verlede gehoor oor mense wat nie ten gunste was van die geskiedenis of om kennis te neem van die gebeure in die geskiedenis nie.[4]

Die historiese oorsig vervul egter 'n baie belangrike rol. Daarsonder sou die onderhawige studie onvoltooid wees.

[4] Vgl. in hierdie verband Viljoen, A.C., p. 4: "Daar is weliswaar hulle wat in die geskiedenis geen sin en geen plan wil postuleer nie. So het Clark by sy intrede aan die Universiteit van Cambridge gesê: “Daar is geen geheim en geen plan in die geskiedenis te ontdek nie.” V.E. d' Assonville p. 1, skryf: "Die groot suksesvolle motormagnaat Henry Ford (1863-1947), het bv. gesê: "History is a bunk" - dit is waardeloos, betekenisloos." Dan gaan hy voort (p.1) om uit te wys dat daar ook verskillende ideologieë bestaan (het) wat die verlede minag, nl. die *eksistensialisme*, *skeptisisme*, *rewolusie* en die *futurisme*.

Viljoen (1975:3) stel dit soos volg:

> **Sonder historiese perspektief is dit onmoontlik om enige persoonlike, gemeenskaps-, sosiale of politieke probleme te verstaan. Die mens wat die historiese perspektief mis, kan al die kennis van sy dag besit maar sal waarskynlik die wysheid moet ontbeer, omdat hy die breëre samehang van dinge nie ken nie.**

Met die koms van die Christelike boodskap, sou die liniêre beskouing van tyd groter betekenis kry. En dít het sin en betekenis aan die geskiedenis gegee. God het gespreek! *“Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun”* (Heb1:1). Soos Viljoen (1975:3) dit stel:

> **Hy het beslissend gespreek. Sy beslissende woorde is: Jesus Christus. Hý is die Openbaring van God. By Hom bestaan daar geen sweem van duisternis meer nie. Hy is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. In Hom het God die wêreld met Homself versoen. Syne is die heerskappy tot in ewigheid. Die koninkryk van God het gekom en is besig om finaal bevestig te word teenoor die owerhede, teenoor die magte, teenoor die wêreldheersers van hierdie eeu, teenoor die bose geeste in die lug (Ef. 6:12). En wanneer die evangelie van die koninkryk verkondig is in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies, dan sal die einde kom.**

Dan vervolg hy verder:

> **Wie hierdie Woord van God gehoor en aangeneem het, kry 'n nuwe perspektief op die geskiedenis in die algemeen sowel as op kerkgeskiedenis in die besonder.**

Stoker (s.a.:32-33) sluit hierby aan:

> **Vandag dink ons aan tyd wat vanaf die huidige reglynig na die verlede en na die toekoms uitstrek. Hierdie tydsbeskouing is deel van ons Christelike erfenis. Vroeëre Christene het die eenmaligheid van spesifieke gebeurtenisse, wat nie weer sal plaasvind nie, op Bybelse gronde aanvaar en in hulle geskrifte benadruk. Daar was op 'n bepaalde tydstip 'n Skepping, Christus het eenmaal aan die kruis gesterf en is uit**

> **die dood opgewek om nie weer te sterf nie, en die huidige wêreld verloop na 'n einde op 'n onbekende tydstip, volgens God se ewige Raadsplan. Die Bybelse geskiedenis en ons eie tyd se geskiedenis het ook nie 'n sikliese verloop nie.**

Sonder geskiedskrywing sou ons vandag nie eers *geweet* het van enige van hierdie mense wat 'n negatiewe beskouing oor die geskiedenis gehad het in die verlede nie. Sonder geskiedskrywing sou ons ook nie die Ou Testament gehad het nie.

D' Assonville (1992:3) skryf oor die Ou Testament die volgende:

> **Hier breek die eerste unieke geskiedenisbeskouing deur. Dit is die selfopenbaring (bekendmaking, oopmaking) oor die skepping, oor hemel en aarde, oor die mens en die natuur. Hier het ons vir die eerste keer 'n ware geloofsuitgangspunt! Ons sien en aanvaar God as die Geskiedenismaker in sy skeppingsplan. Ons eer en erken Hom in die uitvoering van sy verlossingsbesluit.**

Geskiedskrywing het dus baie belangrik geword. Sonder geskiedskrywing sou ons ook nie die Nuwe Testament gehad het nie. Dan het ons ook nie geweet van die koms van Jesus Christus na die aarde nie; die heilsgeskiedenis sou vir ons algeheel verborge gebly het en dan was ons nog in totale duisternis gehul sonder God en sonder hoop in hierdie wêreld. Dan het ons maar net soos diere voortbestaan sonder 'n toekomsverwagting.

Enigiemand wat dus ook die kerkgeskiedenis veronagsaam, sal, soos Viljoen (1975:4) dit stel:

> **…hulle siel voed met nihilisme. Natuurlik is hierdie beskouing ook reeds 'n geloofsbeslissing wat soos elke geloofsbeslissing die mens se siel na rus bring of na waansin voer.**

Daarby kom die Kerk met sy kerkgeskiedenis in hierdie verband ook nie los van die wêreld en sy wêreldgeskiedenis waarbinne ons bestaan nie. Die Kerk het ook deur die geskiedenis heen invloed uitgeoefen op die wêreld en sal tot die einde invloed uitoefen op die wêreld met sy positiewe verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.

## B. Eenheid kom in gedrang: Die Kerk hou stand teen vervolging

Die volgende hoofmoment sal in oënskou geneem word:

### 1. Vervolging as bydraende faktor vir eenheid van die Kerk

Reeds gedurende die eerste eeu is die Kerk wreed vervolg. Die eerste tekens van vervolging breek deur in die skadu van die kruis, in Getsemane waar Jesus aan die soldate en dienaars van die owerpriesters en Fariseërs sê: *"Wie soek julle? En hulle sê: Jesus, die Nasaréner."* En Hy sê: *"As julle My dan soek, laat hierdie manne weggaan…"* (Jh 18:8). Op sý versoek het die dissipels hierdie vervolging vrygespring, omdat Hy alleen as Middelaar die straf vir die sonde moes dra. Later sou hulle ook vervolg word, want, het Hy gesê*: "…as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur!"* (Lk 23:31). Die spoor van vervolging deur die Jode loop verder deur die boek Handelinge. Nou word die vervolging hewiger. Nie slegs meer in die vorm van spottaal nie.

Die Kerk van Jesus Christus moes vervolging verduur onder verskeie keisers van die Romeinse Ryk. Hier dien vermeld te word die werke van Eusebius van Cesarea (± 260-340) (D'Assonville:1992:6; asook Doughty:2004). Ná die boek Handelinge, was Eusebius die eerste geskiedskrywer van Kerkgeskiedenis.

Die werk van Foxe verdien ook vermelding. Sy werk *Book of Martyrs* (1563) word algemeen as monumentale werk beskou in die Kerkgeskiedenis. Daar word soos volg oor sy werk geskryf op die webwerf (Anon:2004b), *Book of Martyrs* (1563) *John Foxe* (1516-1587):

> **Written in 1563, Foxe's Acts and Monuments, better known as Book of Martyrs, details the persecutions of early Christians by pagans and, later, of non-Catholic Christians by Catholic Christians and includes a large number of official documents such as injunctions, articles of accusation, and letters.**

En James Miller Dodds (Forbush:1970):

> **After the Bible itself, no book so profoundly influenced early Protestant sentiment as the *Book of Martyrs*. Even in our own time it is still a living force. It is more than a record of persecution. It is an arsenal of controversy, a storehouse of romance, as well as a source of edification.**

Op 'n verdere webwerf (Anon, 1997-2003), The First English Edition of Foxe's Book of Martyrs:

> **Outside of the Bible itself, the three most important and influential books ever printed in Christian history are undoubtedly: John Foxe's Book of Martyrs, John Calvin's Institutes of the Christian Religion, and John Bunyan's Pilgrim's Progress. Among these giants of printing history, Foxe's Book of Martyrs remains the only exhaustive reference work on the history of Christian Martyrs, and is without rival.**

Na aanleiding van die werke van Eusebius (Doughty:2004) en die werk van Foxe (Forbush:1970 en Cumming:1875[5]) is dit moontlik om 'n blik te kry op die vervolging van die Kerk ná die boek Handelinge, en tot aan die begin van die vierde eeu. Eusebius sonder tien keisers uit onder wie die Kerk wreed vervolg is.

Op die webwerf (Anon:2004b), *Book of Martyrs* (1563) *John Foxe* (1516-1587*),* word soos volg oor Forbush se werk geskryf:

> **In the mid-nineteenth century William Forbush abridged Foxe's much, much longer work (at least 7 volumes), removing most of the theological points addressed by Foxe and leaving the history of persecution. Forbush then updated Foxe's work by adding chapters on anti-Protestant persecution which occurred after Foxe's death. Taught from this book at early age about the atrocities committed against Protestants by Catholics, many Protestants came to either fear or hate Catholics. Nonetheless, one of the lessons that it teaches is that unrestrained power in the hands of clergy corrupts both the state and the church.**

Die werk van Forbush is nietemin nie sonder waarde vir die doeleindes van hierdie bondige beskouing oor vervolging in die vroeë Kerk nie.

---

[5] Forbush het 'n boek uitgegee: *Foxe's Book of Martyrs.* Hier word deur Foxe 'n lys van tien keisers vermeld deur wie die Christene vervolg is. Vermoedelik het Foxe dié lys by Eusebius gekry. Foxe skryf soos volg hieroor (Cumming:1875:26): "…which persecutions are reckoned of Eusebius, and by the most part of writers, to the number of ten most special."

Vervolging, hoe wreed en onmenslik ook al, het die Kerk nooit vernietig nie. Die Kerk is eerder daardeur tot 'n hegte eenheid saamgebind. Dit vind ons reeds aan die begin van die Kerk. Toe die Joodse Raad die apostels verbied het om in die Naam van Jesus Christus sy leringe te verkondig, het hulle na hulle eie mense, medegelowiges, gegaan en vertel wat die priesterhoofde en die familiehoofde alles vir hulle gesê het. Die vervolging het juis eenheid in die hand gewerk toe die hele gemeente eendragtig saamgebid het: *"En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek"* (Hd 4:31). Die Heilige Gees het hierdie eenheid bewerk en hulle onderskraag. Soos met die eerste vervolging na die kruisiging, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus, so was dit ook die geval regdeur die eeue heen waar die Kerk vervolg is. Vervolging kon nie die Kerk oorwin nie. Die Kerk het eerder van oorwinning tot oorwinning voortgegaan. Dit was Tertullianus (± 150-222 n.C.) wat in oorwinning uitgeroep het: "Die bloed van die martelare is die saad van die kerk!" (D'Assonville, 1992:41). Die oorwinning gedurende die eerste drie eeue word soos volg beskryf in *History of the Christian Church Chapter II: Persecution of Christianity and Christian Martyrdom* (Anon:2004):

> **The persecution of Christianity during the first three centuries appear like a long tragedy: first, foreboding signs; then a succession of bloody assaults of heathenism upon the religion of the cross; amidst the dark scenes of fiendish hatred and cruelty the bright exhibitions of suffering virtue; now and then a short pause; at last a fearful and desperate struggle of the old pagan empire for life and death, ending in the abiding victory of the Christian religion. Thus this bloody baptism of the church resulted in the birth of a Christian world. It was a repetition and prolongation of the crucifixion, but followed by a resurrection.**

Cohen skryf in From Jesus to Christ. Why did Christianity succeed? Legitimization Under Constantine (1:2004b):

> **The triumph of Christianity is actually a very remarkable historical phenomena.... We begin with a small group from the back waters of the Roman Empire and after two, three centuries go by, lo and behold that same group and its descendants have somehow taken over the Roman Empire, and have become the official religion, in fact, the only tolerated religion of the Roman Empire, by the end of the 4th century.**

Deur die eeue heen was daar vervolging vir die Kerk. Maar ons vind hierdie tendens: wanneer die gelowiges vervolg word, is die Heilige Gees daar om hulle kragtig te ondersteun en is daar 'n samehorigheid, 'n eenheid onder die gelowiges omdat die Heilige Gees die Bewerker van eenheid is en Hy hulle saambind selfs al word hulle wreed vervolg. Berkouwer (1970:58) skryf soos volg hieroor:

> **In tijden van nood en bedreiging werd meermalen de noodzakelijkheid van de eenheid der kerk met sterke nadruk aangewezen. … Het kan niet worden ontkend, dat in zulke situaties de roep tot en de zijn van de eenheid op duidelijke wijze kunnen oplichten in de kerk.**

Vir Berkouwer lê die grondslag van die eenheidstrewe slegs in die uiterlike moeilike omstandighede. Hieroor skryf hy soos volg:

> **Maar deze actuele spits van de roep tot eenheid en verbondenheid is niet een pragmatisch eenheidsstreven en de diepste grond der eenheid ligt niet in bijzondere omstandigheden. Wanneer dat het geval wordt in een tijdelijke roep tot eenheid, zien wij, als de nood verdwenen is, de verscheurdheid weer terugkeren en blijkt, dat de eenheid niet meer was dan tijdelijke operationele beslechting der geschillen.**

Dit gebeur wel ook dat, wanneer hulle vir hul vervolgers bid (Mt 5:44), soos Stéfanus: *"Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!"* (Hd 7:60), dat God hulle gebede hoor en antwoord. En, soos in hierdie geval, neem God die een wat die stenigers se klere opgepas het en die gelowiges vervolg het, naamlik Saulus van Tarsus, en maak hom 'n apostel van Jesus Christus.

Wat ook al die uitwerking van vervolging, die Kerk kon nie vernietig word nie, maar het voortgegaan van krag tot krag terwyl dit uitgebrei het.

Reeds so vroeg as in die tyd van die Nuwe Testament kom daar dwaalleringe voor. (Vgl. bv. Ef 4:14; 2 Pt 2:1; 1 Jh 4:1,6). In ons moderne tyd is dit die sg. "Nuwe Hervormers." Die Bybel is duidelik in die woorde van die Here Jesus*: "…aan die vrugte word die boom geken"* Mt 12:33. Hoe kan jy die opstanding van Jesus Christus misken en terselfdertyd ook 'n gelowige wees wat in die opstanding behoort te glo? Soos Paulus gesê het: *"As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is*

*nie? As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie. Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het"* (1 Kor 15:12-20).

Daar is ook diegene wat die maagdelike geboorte van Jesus misken (Wuest, Vol. II, *The Exegesis of First John*, 1974:159; Dake[6] oor die Gnostisisme in 1 Jh). Soos daar in die vroegste tyd van die Kerk reeds diesulkes bestaan het, so is daar vandag ook diegene wat dit nie wil aanvaar nie. Soos die Kerk reeds in die vroegste eeue daarmee gehandel het en die saak ook afgehandel het, so behoort die Kerk vandag van daardie stryd kennis te neem. Let op die teologiegeskiedenis en die vorming van die teologie vanaf die vroegste eeue.

Alhoewel die Kerk deur verskillende fases van aanslae deur die vyand gegaan het, het die Kerk nie ten gronde gegaan nie, en die eenheid van die Kerk is nie algeheel vernietig nie. Die Kerk is nóg die Kerk van Jesus Christus wat sal standhou tot in alle ewigheid!

Die rots is die fondament waarop die Kerk gebou word. Toe Jesus (in Mt 16:13-20) aan sy dissipels vra: *"Maar julle, wie sê julle is Ek?"* het Petrus geantwoord: *"U is die Christus, die Seun van die lewende God."* Daarna het Jesus gesê: *"Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou,* (**κἀγὼ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν**) *en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig*

[6] Dake's Annotated Reference Bible: The Holy Bible. Vgl. ook Bibliografie.

*nie”* (Mt 16:17-18). Omdat daar uiteenlopende standpunte bestaan oor die verklaring van hierdie teksgedeelte, sal vervolgens eers eksegeties aandag hieraan geskenk word. Wat is die rots waarop Jesus sy Kerk bou?

Enkele opmerkings:

- Dit moet ‘n soliede onwankelbare rots wees;
- Dit moet só sterk en solied wees dat die *“poorte van die doderyk”* dit nie kan oorweldig of negeer nie;
- Dit moet kan standhou tot in ewigheid;
- Dit moet as basis kan dien vir sy totale Kerk.

Die *“rots”* word deur verskillende kommentators verskillend verklaar:

(1) Petrus is die “rots”. (Vgl. o.a. Schweizer, 1978:341; Hill, 1975:261; Daniel, J & Harrington, S.J., 1991:251; Emerton *et al.*, 1991:627; Nielsen, J.T., 1973:80; Morris, 1992:424).

(2) Jesus Self is die “Rots”. Hierdie argument word gebou op 1 Pt 2:5–8. (Vgl. in hierdie verband o.a. ook Hayford *et al* 1997), Wil Vosloo, Fika J van Rensburg, *et al.* (1993).

(3) Die belydenis van Petrus is die “rots”. (Vgl. o.a. Thomas Nelson (1997); Grosheide 1954:256).

Dit is nie moontlik dat Jesus hier bedoel dat Petrus die “rots” is waarop Hy sy Kerk bou nie. (Later meer hieroor). Petrus, ‘n swak nietige mens, kon nie ‘n soliede onwankelbare rots wees nie, soos Whitlock (1997) dit stel:

> **When Peter says that Jesus must not go to the cross, he is not called a foundation rock, but a stumbling stone (v. 23).**

Let verder ook op die woorde van MacArthur, Jr (1997):

> **Since the NT makes it abundantly clear that Christ is both the foundation (Acts 4:11, 12; 1 Cor. 3:11) and the head (Eph. 5:23) of the church, it is a mistake to think that here He is giving either of those roles to Peter.**

Criswell (1997) se mening is dat albei laasgenoemde twee standpunte, nl. Jesus is die Rots, sowel as die belydenis dat Petrus die rots is, aanvaarbaar kan wees, omdat albei die woordverandering van Πέτρος na πέτρα in ag neem.

My oortuiging is dat die antwoord opgesluit lê in die belydenis self. Jesus vra: *"Maar julle, wie sê julle is Ek?"* Waarop Petrus antwoord (vs. 16): *"U is die Christus, die Seun van die lewende God"* (σὺ εἶ ὁ Χριστὸς ὁ Υἱὸς τοῦ Θεοῦ τοῦ ζῶντος). Omdat Jesus die vraag gestel het, antwoord Petrus in die tweede persoon: *"U…".* As hy met iemand anders sou praat, kon hy sê: "Jesus is die Christus, die Seun van die lewende God."

Louw & Nida, Vol. 1, (1989:824) verklaar die naam "Jesus" soos volg:

> **'Jesus' is a Greek transliteration for the Hebrew name Joshua.**

'n Latere gebruik van die naam is 'Jeshua'. Douglas et. al. (1975:620) verduidelik soos volg:

> **This is a late form of the name Joshua (the same individual is called Jeshua in Nehemiah and Esra, and Joshua in Haggai and Zechariah).**

In die kommentaar van die *Spirit Filled Bible* (Hayford et. al.:2002:1666) word die naam "Jesus" soos volg verklaar:

> **The Greek transliteration of the Hebrew Yeshua, "He Shall Save," which is the shorter form of Yehoshua (Joshua), "Yahweh Is Salvation." It was a common male Jewish name. Ten men in the OT were named Yeshua, and three men in the NT, in addition to the Lord, were so named.**

Strong (1995) se woordeboek verklaar die naam "Josua" soos volg:

**[' vuwhoyÒ  Joshua or Jehoshua = "Jehovah is salvation"**

Met die Naam 'Jesus' of *"Jahwe is Redding"* word aangedui dat saligheid in Jesus Christus opgesluit is. In Hóm is daar redding vir 'n verloregaande wêreld.

Dan gaan die belydenis voort: *"U is die Christus* (ὁ Χριστὸς )…*"* Dit word soos volg deur die *Spirit Filled Bible* (Hayford et. al.:2002:1716) verklaar:

> **Christ, Christos (Khris-toss); Strong's #5547: The Anointed One. The word comes from the verb chrio, "to anoint," referring to the consecration rites of a priest or king. Christos translates the Hebrew Mashiyach, "Messiah." …"the Anointed One" or "the Messiah," denoting a title. "Jesus Christ" actually means Jesus the Messiah, or Jesus the Anointed One, emphasizing the fact that the man Jesus was God's Anointed One, the promised Messiah.**

Strong (1997) se Woordeboek verklaar "Messias" soos volg:

**4899 mashiyach { maw-shee'-akh}**

**j'yvim;**
**1) anointed, anointed one**
**1a) of the Messiah, Messianic prince**
**1b) of the king of Israel**
**1c) of the high priest of Israel**
**1d) of Cyrus**
**1e) of the patriarchs as anointed kings**

Die Griekse Χριστὸς of die Hebreeuse j'yvim; beteken dan die Gesalfde van God. Hy is met "olie", met die Heilige Gees gesalf en toegerus vir 'n bepaalde taak. Hy is die Messias-Koning. Soos Vine (1997) dit verklaar:

> **First, Mashiach refers to one who is anointed with oil, symbolizing the reception of the Holy Spirit, enabling him to do an assigned task. Kings (1 Sam. 24:6), high priests, and some prophets (1 Kings 19:16) were so anointed: "If the priest that is anointed do sin according to the sin of the people …" (Lev. 4:3 - the first biblical appearance). In the case of Cyrus, he was anointed with God's Spirit only and commissioned an "anointed deliverer" of Israel (Isa. 45:1)… Second, the word is sometimes transliterated "Messiah." After the promise to David (2 Sam. 7:13)**

> **Mashiach refers immediately to the Davidic dynasty, but ultimately it points to the "Messiah," Jesus the Christ: "The kings of the earth [take their stand], and the rulers take counsel together, against the Lord, and against his Anointed …" (Ps. 2:2).**

Hierna vervolg die belydenis*: "…die Seun van die lewende God"* (ὁ Υἱὸς τοῦ Θεοῦ τοῦ ζῶντος). Om Jesus te bely as "Seun van God" beteken om Hom te bely as God. Dit het die Jode van sy tyd goed verstaan.

In Lk 22:70-71 kom 'n gedeelte van 'n gesprek tussen Jesus en die Jode ter sprake: "En hulle sê almal: Is U dan die Seun van God? En Hy antwoord hulle: U sê dat Ek dit is. Daarop sê hulle: Wat het ons nog getuienis nodig! Want ons het dit self uit sy mond gehoor."

Robertson Vol. II (1930:277) skryf soos volg hieroor:

> **Art thou the Son of God? (Su oun ei ho huios tou theou). Note how these three epithets are used as practical equivalents. They ask about "the Messiah." Jesus affirms that he is the Son of Man and will sit at the right hand of the power of God. They take this to be a claim to be the Son of God (both humanity and deity). Jesus accepts the challenge and admits that he claims to be all three (Messiah, the Son of man, the Son of God).**

Dan vervolg hy (p. 277):

> **Ye say (Humeis legete). Just a Greek idiom for "Yes" (compare "I am" in Mark 14:62 with "Thou has said" in Mat. 26:64).**

Verder staan daar oor 'n gesprek tussen Jesus en die Jode in Jh 10:30-33: "Ek en die Vader is een. Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig. Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van díé werke stenig julle My? Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak."

Jesus se ***Godheid*** kom dus in hierdie belydenis voor. Verdere Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament bevestig hierdie saak (vgl. Hd 8:37; 1 Jh 4:15; 1 Jh 5:5; 1 Jh 5:12-

13) waar mense wat tot geloof in Jesus Christus gekom het, Hom ook as Seun van God bely het. Hulle word dus ook op die ***Rots*** gebou.

Opsommend kan oor die inhoud van hierdie belydenis gesê word dat die Naam van Jesus redding gebring het vir elkeen wat glo. Petrus het gesê*: "U (*nl. Jesus*)*, *is die Christus…"* Met die titel "Christus" kom die Messiasskap ter sprake in hierdie belydenis. Hy is die Gesalfde van God. Verder word ook sy Godheid bely met die woorde: *"…die Seun van die lewende God* (**ὁ Υἱὸς τοῦ Θεοῦ τοῦ ζῶντος**)*."* 'n Belydenis sonder inhoud, sou slegs leë woorde wees. Maar die woorde *"lewende God"*, gee betekenis aan die belydenis. Die woord wat hier onder bespreking kom, is *"lewende."* Die Griekse woord in die teks is **ζῶντος** (genitief, enkelvoud, manlik en neutrum, participium, praesens van die werkwoord **ζάω**, waarvan **ζω**[illegible] 'n sametrekking is). Hierdie begrip is moeilik om verstaanbaar te maak in verskillende tale (Louw & Nida, Vol. I, 1989:261-262). Strong (1995) se woordeboek gee die volgende verklaring:

**1) life (zwhv)**
   **1a) the state of one who is possessed of vitality or is animate**
   **1b) every living soul**
**2) life**
   **2a) of the absolute fullness of life, both essential and ethical, which belongs to God, and through him both to the hypostatic "logos" and to Christ in whom the "logos" put on human nature**
   **2b) life real and genuine, a life active and vigorous, devoted to God, blessed, in the portion even in this world of those who put their trust in Christ, but after the resurrection to be consummated by new accessions (among them a more perfect body), and to last for ever.**

Vine (1997) met 'n effense lang, maar kompakte aanhaling, verklaar soos volg:

> **Zoe is used in the NT "of life as a principle, life in the absolute sense, life as God has it, that which the Father has in Himself, and which He gave to the Incarnate Son to have in Himself, John 5:26, and which the Son manifested in the world, 1 John 1:2. From this life man has become alienated in consequence of the Fall, Eph. 4:18, and of this life men become partakers through faith in the Lord Jesus Christ, John 3:15, who**

> **becomes its Author to all such as trust in Him, Acts 3:15, and who is therefore said to be 'the life' of the believer, Col. 3:4, for the life that He gives He maintains, John 6:35, 63. Eternal life is the present actual possession of the believer because of his relationship with Christ, John 5:24; 1 John 3:14, and that it will one day extend its domain to the sphere of the body is assured by the Resurrection of Christ, 2 Cor. 5:4; 2 Tim. 1:10. This life is not merely a principle of power and mobility, however, for it has moral associations which are inseparable from it, as of holiness and righteousness. Death and sin, life and holiness, are frequently contrasted in the Scriptures…**

Die afleiding kan dus met veiligheid gemaak word dat ζῶντος/ ζάω/ ζω🕯/ ζωὴ waar dit op God van toepassing gemaak word, die LEWE in/van God beskryf. Dit is ook die ewige lewe wat Hy gee na vergifnis waar die mens in sonde geval het (sondeval), hiérdie lewe beskryf. Jh 1:4 verklaar aangaande Jesus*: "In Hom was lewe* (ζωὴ)*, en die lewe was die lig van die mense."* Hy het die sondaarmens wat in Hom glo, *"lewend gemaak saam met Christus*" (συνεζωοποίησε τῷ Χριστῷ) (Ef 2:5), want Hy is ook die *"Brood van die Lewe"* (ὁ ἄρτος τῆς ζωῆς) (Jh 6:35).

Dit gaan dus om die Godheid van Jesus, die redding en ewige lewe wat Hy gee, en dít is die inhoud van hierdie belydenis. Dít is die Rots waarop Christus sy gemeente (ἐκκλησία) bou.

Verder sê Jesus vir Petrus*: "En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou,* (κἀγὼ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν) *en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"* (Mt 16:17-18).

In die Griekse teks vind hier 'n woordspeling plaas tussen 'Petrus' (Πέτρος) en 'rots' (πέτρα). Hierin is ook 'n duidelike aanduiding dat Jesus nie kon bedoel het dat

Petrus die rots is nie, anders kon Hy in die tweede gebruik Πέτρος gesê het, en nie πέτρα nie. In hierdie verband skryf Morris (1992:422):

> **If a difference is intended here, the massive live rock will be the declaration, the great truth now revealed, that Jesus is the Messiah, over against Peter, the man who received the revelation.**

Die woorde *"Jy is Petrus…"* staan teenoor *"U is die Christus…"* Soos Davies, W.D. & Allison, D.C. Jr. (1991:625) dit stel:

> **'You are Peter' matches 'you are the Christ' (σὺ εἶ in both cases). And just as Peter spoke Revelation, so now does Jesus.**

Hieruit word dit verder duidelik dat Jesus nie kon bedoel het dat Petrus die rots is waarop Hy sy Kerk bou nie. Die *openbaring* aan Petrus dui die fondament of rots aan waarop die Kerk gebou word. Jesus spreek tot Petrus, maar sê nie vir hom "Op <u>jou</u> (σοι) sal Ek my Kerk bou" nie, maar *"op <u>hierdie rots</u>* (πέτρα) *sal Ek my gemeente bou* (οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν)*"*. (Vgl. o.a. Grosheide 1954:256).

Om verder saam te vat en hierdie belydenis duideliker te stel: Jesus vra aan sy dissipels: *"Maar julle, wie sê julle is Ek?"* waarop Petrus antwoord: *"U is die Christus* (σὺ εἶ ὁ Χριστὸς)*, die Seun van die lewende God."* Dan antwoord Jesus: *"Jy is Petrus* (σὺ εἶ Πέτρος)*."* In Afrikaans is die tweede persoon enkelvoud: "U" of "Jy." In Engels is dit "You." In Grieks is dit σὺ. Sonder om afbreuk te doen aan ons respek vir Jesus, en ter wille van die taalgebruik, kon die gesprek só verloop het: "Jy" is die Christus…", en die antwoord: "Jy is "klein klippie", en op hierdie "rotsbank", hierdie "mega-openbaring" wat die Vader jou gegee het van die Christus, sal Ek my Kerk bou."

Elkeen wat hierdie belydenis op sy lippe neem, sal die inhoud daarvan moet internaliseer om op die Rots gebou te word. Die inhoud van hierdie belydenis word

elke mens wat erns daarmee maak, se eie geestelike belewenis, deurdat hy dit absorbeer as ‘n persoonlike openbaring van die Vader soos aan Petrus, wat ‘n lewensveranderende invloed op sy lewe het deur die werk van die Heilige Gees.

Jh 6:32-35 verklaar: "En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood. En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie."

Tereg skryf Morris (1975:366) soos volg hieroor:

> **Becoming a Christian may be described in various ways. Here Jesus speaks of coming to Him, which stresses the movement away from the old life with its beggarly famine and its total inability to satisfy, and into all that association with Christ means. The thought of coming to Christ recurs (vv. 37, 44, 45, 65). … No room is left for spiritual hunger and thirst after receiving Christ. …Since Jesus is the bread of life men are invited to come to Him, and to believe on Him.**

Om híérdie brood te eet, beteken om dit te internaliseer. Christus die Lewende, maak die sondaar wat dood is deur die sondeval en wat sy geloof in Hom stel, lewend deur die wedergeboorte (Jh 3:3;5). Hy word uit God gebore (1 Jh 5:1), en word dan as lewendgemaakte, lewende steen (1 Pt 2:4), op die lewende Rots gebou. In ‘n besinning oor die wedergeboorte, skryf Van Genderen & Velema (1992:533) soos volg:

> **Met name Titus 3:5 is van centrale betekenis. Daar zegt Paulus: Hij heeft ons gered (zalig gemaakt) door het bad van der wedergeboorte en der vernieuwing door de Heilige Geest. De wedergeboorte is hier direct verbonden met de zaligheid èn met het werk van de Geest. Daar is de wedergeboorte gesitueerd. Zij is vrucht van de Geest en maakt deel uit van de zaligheid.**

Van Genderen & Velema (1992:534) tref verder ook onderskeid tussen wedergeboorte in engere sin en in ruimere sin, en vervolg dan:

> **In engere zin gebruikt betekent wedergeboorte: het begin van het nieuwe leven. Zoals de geboorte wijst op de intrede in deze wêreld, waarna het leven zich verder kan ontwikkelen, zo zijn er ook die wedergeboorte op dat eerste begin van het nieuwe leven betrekken. Anderen zien ook de verdere ontwikkeling en ontplooiing van het nieuwe leven met de term 'wedergeboorte' aangeduid.**

Genoemde belydenis kan dus nie van die inhoud van die belydenis geskei word nie, anders sou dit net leë woorde wees. Maar omdat die Woord hier spreek *van "die Seun van die lewende God"*, en dus die lewende Christus, word die lewendgemaaktes op die ***Rots*** gebou. En júís dáárom kan die "poorte van die doderyk" dit nie oorweldig nie!

Robertson Vol. I (1930:131) is van mening dat daar nie te veel gemaak moet word van die woordspeling nie:

> **On this rock (epi tautēi tēi petrāi) Jesus says, a ledge or cliff of rock like that in Mat. 7:24 on which the wise man built his house. Petros is usually a smaller detachment of the massive ledge. But too much must not be made of this point since Jesus probably spoke Aramaic to Peter which draws no such distinction (Kēphā). What did Jesus mean by this word-play?**

Tog is dit 'n blote aanname wat Robertson hier maak deur te sê dat Jesus waarskynlik met Petrus Aramees gepraat het. Indien dit so aanvaar kon word, sou dié gedeelte dalk in Aramees opgeneem wees deur Matthéüs. (Vgl. ook ander Skrifgedeeltes waar dit wél so gebruik is, bv. Mk 5:41; 7:34; 1 Kor 16:22). Jesus kon net sowel die Griekse woordspeling behou het deur hierdie sin in Grieks te sê! Op dieselfde wyse word in ons alledaagse spreektaal aanhalings uit bv. Engels (of enige ander taal) gemaak om 'n duidelike uitdrukking aan ons gedagtegang te gee. Vir alle praktiese doeleindes van hierdie proefskrif, aanvaar ek die standpunt dat die Griekse teks waarin die Nuwe Testament geskryf is, die teks is wat deur God geïnspireer[7] is.

Morris (1992:423) se mening is:

---

[7] Dit val buite die studieveld van hierdie proefskrif om te besin oor die inspirasie van die Skrif.

> **It is sometimes said dogmatically that Jesus spoke in Aramaic in which there is no distinction of gender, but it must be borne in mind that Jesus may well have spoken in Greek. In any case it is a Greek text that we must expound, and it is hazardous to rest its meaning on a hypothetical Aramaic original.**

Vervolgens sal aandag gegee word aan die begrip “rots” (πέτρα). Louw & Nida, Vol. 1, (1989:23) tref eerstens onderskeid tussen steen of klip (λίθος) en rots (πέτρα). Na aanleiding van drie Skrifgedeeltes, gaan hulle vervolgens voort om die begrip “rots” (πέτρα) te verklaar: Mt 7:25 - “*En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots* (πέτρα).*”*

Mk 15:46 - “En hy het linne gekoop, en Hom afgehaal en in die linne toegedraai, en Hom neergelê in ‘n graf wat in ‘n rots (πέτρα) uitgekap was. En hy het ‘n steen teen die opening van die graf gerol.”

Op 6:15-16: “…en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse (πέτρας) van die berge, en vir die berge en die rotse (πέτρας) gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam…”

Hierop verklaar Louw & Nida, Vol. 1, (1989:23):

> **In these three contexts πέτρα must be translated in some languages by three quite different terms. Bedrock, that is to say, the rock that lies horizontally and often just below the surface, may be referred to by one term, while rock with an exposed face into which a tomb could be hewn would be quite different. Similarly, the rocks which would be called upon to fall upon people would be rendered by a term referring to ‘cliffs’ or ‘precipices.’**

Hierop volg dan dat die saad wat *"op die rots"* (ἐπὶ τὴν πέτραν) geval het (Lk 8:6), in Louw & Nida, Vol. 1, (1989:23) se woorde:

> **refers to bedrock which may be covered with a thin layer of soil. One may translate such an expression as 'thin ground over rock' or 'just a little soil on top of rock.'**

Dan volg die konklusie op die teksgedeelte onder bespreking deur Louw & Nida, Vol. 1, (1989:23):

> **In those passages which involve a play on words with the name Πέτρος 'Peter', πέτρα refers to bedrock, that is to say, the rock on which a foundation may be placed.**

Verder het Jesus gesê: *"…en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"* (καὶ πύλαι ᾅδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς)."

Wuest, Vol. III *Golden Nuggets* (1974:57) skryf soos volg hieroor:

> **It follows therefore that Hades cannot be referred to here. We turn from the transliteration of the Greek word to its translation. The word is made up of one word which means "to see," and the Greek letter Alpha, which when prefixed to a word causes it to have the opposite meaning to that which it originally had. The word means therefore "not to see," and in its noun form, "the unseen." It refers to the unseen world, that world of personalities that is unseen. The unseen world of the Christian system includes the place called Hades, and also the kingdom of Satan and his demons in the air. Hades is eliminated as a possible enemy of the Church. The logical enemy therefore in view here is Satan and his kingdom.**

Na aanleiding van sy verklaring van die begrip *"poorte"* elders in die Bybel (vgl. Gn 19:1; Rut 4; Heb 13:12), kom Wuest, Vol. III, *Golden Nuggets* (1974:57) tot die volgende konklusie:

> **The word therefore refers here to a council. The councils of the Unseen will not overcome the Church, that is, the councils of Satan and his demons, for it is founded upon a Rock, even our God and Saviour Jesus Christ.**

Harrington (1991:248) onderskryf hierdie gedagtegang:

> **The idea in Matt 16:18 is that death and other powers opposed to God will not triumph over the church (assembly) of Jesus' disciples.**

Nielsen (1973:82) maak hierdie opmerking:

> **Moet nog gedacht worden aan de mogelijkheid de poorten van het dodenrijk als pro toto te zien, namelijk als de tegen de rots aanstormende Gode vijandige machten van de onderwereld? Het is mogelijk deze verbreding aan te brengen, waarmee aangeduid zou zijn dat Jezus belooft dat alle eschatologische stormaanvallen van de tegenmachten van God toch niet in staat zullen zijn de rots waarop de gemeente van Christus, het nieuwe volk van God, staat, te vernietigen.**

Ander Skrifgedeeltes kan hier vergelyk word met die reël "Skrif verklaar Skrif"[8]: "Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het (ὅστις ὠκοδόμησε τὴν οἰκίαν αὐτοῦ ἐπὶ τὴν πέτραν). En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op **die rots** (τὴν πέτραν)" (Mt 7:24-25).

Lukas se weergawe is: "Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en dit doen - Ek sal julle wys soos wie hy is. Hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op **die rots** (τὴν πέτραν) gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op **die rots** (τὴν πέτραν) was. Maar wie dit hoor en dit nie doen nie, is soos 'n man wat 'n huis sonder fondament op die grond bou, en die stroom het daarteen losgebreek en dit het dadelik geval, en die instorting van daardie huis was groot" (Lk 6:47-48).

[8] *Scriptura Scripturae interpres.* D.i. "Skrif verklaar Skrif" en was 'n uitgangspunt van die Hervormers (L. Berkhof 1973:26).

Die waterstrome, winde en storms kon daardie huis nie laat val nie, omdat sy fondament op die rots (πέτρα) gebou was.

Met bogenoemde in ag genome, beteken dit dat die *“poorte van die doderyk”* en die een in beheer daarvan, vyand van die Kerk is. Daarom het hy deur die eeue heen gepoog om die Kerk te vernietig. In hierdie verband kan na verskillende momente in die Kerkgeskiedenis gekyk word. Die vyand het gepoog om die Kerk te vernietig, eerstens deur die Kerk te vervolg. Maar die gelowiges se oorwinningskreet het weergalm: “Die bloed van die martelare is die saad van die kerk!” (D'Assonville, 1992:41, soos reeds vroeër aangehaal).

Vervolgens het die vyand gepoog om die Kerk te oorweldig deur valse leerstellinge, daarna verkeerde leerstellinge, kerkskeuringe, ketters, en selfs deur gelowiges teen mekaar op te rui a.g.v. verdeeldheid en deur gebruik te maak van die verskille tussen gelowiges; so ook verskille in die verskillende kerkdenominasies en die louheid van gelowiges. Die vyand het selfs gepoog om positiewe gebeure teen die Kerk in te span, soos bv. toe die Kerk erkenning verkry het gedurende die tyd van Konstantyn. Erkenning het gelei tot materialisme, trots, 'n soeke na posisie, verwêreldliking, afvalligheid en talle ander negatiewe dinge toe die Kerk Staatskerk geword het.

Toe die Messias gekom het, het die Jode 'n bepaalde Messiasverwagting gehad. Hulle het naamlik geglo dat die Messias die Romeinse juk wat op hulle gerus het, sou kom verbreek. Toe Jesus gebore is, is Hy gebore onder hierdie juk wat op sy volk gerus het. Sy hoofdoel was egter nie om letterlik die juk te verbreek nie, want Hy het gesê*: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie”* Jh 18:36).

Tog was daar 'n letterlike oorwinning vir die Kerk van Jesus Christus. Binne 300 jaar het Hy nie net die juk van die magtige Romeinse Ryk, die wêreldregeerder van daardie tyd verbreek nie, maar die Romeinse Ryk oorweldig deurdat daar 'n Christenkeiser op daardie Ryk se troon gekom het. Die *“poorte van die doderyk”* hét die Kerk nie oorweldig nie! Deur al die eeue heen het God se Woord vas bly staan en weerklink dit nog steeds! Ongeag die swakheid van die Kerk, sy worsteling met

valse en verkeerde leerstellings, ketters, skeuringe, verdeeldheid, menslike gebreke, menslike onvolmaaktheid en die feit dat ons in 'n gebroke wêreld woon, die plek waar Satan die god van hierdie wêreld is (2 Kor 4:4) en die hele wêreld in die mag van die bose lê (1 Jh 5:19), is die Kerk na meer as tweeduisend jaar nog nie oorweldig of vernietig nie!

Jesus het ook gesê: "En niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Jh 10:28). Paulus skryf: "…omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus" (Flp 1:6). En om by Gamaliël aan te sluit: "…as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie" (Hd 5:38-39).

Juis híér kom die werk van die Heilige Gees aan die lig. Dit is God wat déúr die Heilige Gees sy Kerk in stand hou. In Kol 1:17-18 skryf Paulus dat in Jesus *"hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die Liggaam, naamlik die gemeente…"* Dit is daarom duidelik dat die Kerk een van die *"dinge"* is wat die verrese Christus deur die Heilige Gees in stand hou.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Ten spyte van vervolging het die Kerk nie ondergegaan nie. Dit kon nie vernietig word nie. Vervolging het ook nie die Kerk verdeel nie, maar eerder tot gevolg gehad dat die Kerk tot 'n hegte eenheid saamgebind is. Hoe groter die vervolging, hoe sterker is die Kerk tot eenheid saamgesnoer. Die Kerk is as eenheid op die ***Rots*** gebou, met die onderskraging van die Heilige Gees en kan nie oorweldig of vernietig word nie.

## C. Verskillende standpunte uit die verlede

Ons is hier op soek na teologiese denkers uit die verlede wat die rol van die Heilige Gees prominent beklemtoon het in die Liggaam van Christus. Verskillende denkers uit verskillende tradisies kom onder bespreking:

(1) Apostoliese en Kerkvaders se bydraes
(2) Middeleeuse Teologie (o.a. Rooms-Katolieke Teologie)
(3) Protestants-Gereformeerde denke

(4) Pentekostalisties-Charismatiese denke
(5) Moderne Ekumeniese Teologie

**1. Apostoliese Vaders en Kerkvaders se bydraes**

Wat hier van belang is, is die periode in die Kerk se geskiedenis wat ongeveer die eerste vyf eeue omspan, maar wat die Nuwe Testamentiese tydperk uitsluit. Die Apostoliese Vaders is daardie generasie Kerkleiers wat die apostels opgevolg het en aan die Kerk leiding gegee het tot ongeveer 150 n.C. Sommige het persoonlik een of meer van die apostels geken, en/of by hulle geleer en hulle leer nagevolg. (Vgl. webwerf, Anon: 2008f. *Die Apostoliese Vaders*). Die Kerkvaders is daardie Kerkleiers wat weer die Apostoliese Vaders opgevolg het. Die begrip “Kerkvaders” word soos volg deur die *Bybelse Ensiklopedie* (1977) weergegee:

> **Onder “Kerkvaders” word die leidende figure in die Christelike kerk vanaf die 2de tot die 6de eeu verstaan, wat deur hul leer en lewe ’n groot invloed op die ontwikkeling v.d. kerk en die belydenis daarvan uitgeoefen het. Uiteraard het hulle denkbeelde aan die Skrif onderworpe gebly.**

Die Apostoliese en/of Kerkvaders[9] kan nie as ‘n “skool” beskryf word nie, omdat hulle uiteenlopende bydraes tot die Kerk gelewer het, soos James Carleton Paget dit beskryf (Bockmuehl & Thompson, 1997:193):

> **…few would regard them as a coherent collection representing a particular school of Christian thought - they are far too heterogeneous a group of writings for that to be the case.**

Nietemin sal hier aandag aan enkele van hierdie skrywers gegee word m.b.t. Gees-eenheid. Enkele skrywers word hier vermeld, want nie almal het oor eenheid geskryf nie. Elkeen het ‘n besondere behoefte aangespreek wat ter sprake gekom het by die lesers aan wie die betrokke Sendbrief gerig is (Bockmuehl & Thompson, 1997:194).

---

[9] Hierna word verwys na “Kerkvaders” vir praktiese doeleindes van hierdie proefskrif, omdat dit híér nie soseer gaan oor die geskiedenis van die Kerk nie, maar oor die kerkleiers van hierdie periode se siening oor die eenheid van die Kerk, met besondere verwysing na Gees-eenheid.

**Klemens van Rome** (30-100 n.C.) skryf in sy Eerste Sendbrief aan die Korintiërs m.b.t. skeurings/verskille (Lightfoot[10], 1973:271):

> **By reason of the sudden and repeated calamities and reverses which are befalling us, brethren, we consider that we have been somewhat tardy in giving heed to the matters of dispute that have arisen among you, dearly beloved, and to the detestable and unholy sedition, so alien and strange to the elect of God, which few headstrong and self-willed persons have kindled to such a pitch of madness that your name, once revered and renowned and lovely in the sight of all men, hath been greatly reviled.**

Hierna volg 'n breedvoerige bespreking oor die deugde, waardes en integriteit van die gemeente: hulle geloof, vroomheid, gasvryheid, kennis en toegewydheid aan God. Dan word melding gemaak van 'n oorvloedige uitstorting van die Heilige Gees op almal, wat verdere deugde na vore gebring het. Hulle het o.a. 'n ryke vrede ondervind en is gevul met 'n onversadigbare begeerte om goed te doen (pp. 271-278). Vergelyk ook Swete (1912:11-12) in hierdie verband. Dan vervolg Klemens (Lightfoot, 1973:272):

> **Ye were sincere and simple and free from malice one towards another. Every sedition and every schism was abominable to you.**

Dan volg aanmoediging om in gehoorsaamheid aan God te bly en nie toe te gee aan die arrogante selfaangestelde leiers nie (Lightfoot, 1973:278):

> **Therefore it is right and proper, brethren, that we should be obedient unto God, rather than follow those who in arrogance and unruliness have set themselves up as leaders in abominable jealousy. For we shall bring upon us no common harm, but rather great peril, if we surrender ourselves recklessly to the purposes of men who launch out into strife and seditions, so as to estrange us from that which is right…Therefore let us cleave unto them that practise peace with godliness, and not unto them that desire peace with dissimulation.**

Om hierdie argument te versterk, gaan Klemens vervolgens voort (Lightfoot, 1973:280 e.v.) om voorbeelde te bespreek, eerstens vanuit die natuur, om vrede en harmonie te bewaar. Op 'n webwerf (Wong:1977) *Natural and Divine Order in 1 Clement* som Wong dit so pragtig op:

---

[10] Lightfoot se vertaling word hier gebruik.

> **Clement first points to the Corinthians' attention the order manifested in the natural world. "Let us look steadfastly at the Father and Creator of the whole universe," he says, and enumerate the heavens and the seas, the elements and the seasons, things terrestrial and celestial, as proceeding along "their appointed courses", "according to his will", always "in concord and peace".**

As dit dan so is dat daar harmonie in die natuur is, waarom dan nie ook in die Kerk nie? Hierna neem hy voorbeelde uit die Ou Testament, en dan verder voorbeelde van die Apostels. By diegene is daar geen sprake van arrogansie of selfverheffing nie, maar eerder van nederigheid en onderwerping. Dan gaan hy voort (Lightfoot, 1973: 304):

> **Therefore it is right for us to give heed to so great and so many examples, and to submit the neck, and occupying the place of obedience to take our side with them that are the leaders of our souls, that ceasing from this foolish dissension we may attain unto the goal which lieth before us in truthfulness, keeping aloof from every fault.**

So word skeuringe en verdeeldheid op 'n byna vaderlike toon aangespreek en hokgeslaan.

**Ignatius van Antiogië** (35-107 n.C.) was ook 'n sterk voorstander van eenheid. Die eenheid wat hy voorstaan, is in die eerste plek eenheid met die biskop en die kerklike struktuur of hiërargie. Op 'n webwerf (Anon:2008s) *Letter of Ignatius to the Philadelphians*, (Translated by J. B. Lightfoot), lui 'n uittreksel van Lightfoot[11] se vertaling van die eerste hoofstuk (hoofstuk 0), soos volg:

> **…more especially if they be at one with the bishop and the presbyters who are with him, and with the deacons that have been appointed according to the mind of Jesus Christ, whom after His own will He confirmed and established by His Holy Spirit.**

En verder in hoofstuk 3:

> **3:2 For as many as are of God and of Jesus Christ, they are with the bishop; and as many as shall repent and enter into the unity of the Church, these also shall be of God, that they may be living after Jesus Christ. 3:3 Be not deceived, my brethren. If any man follows one that**

[11] Lightfoot se vertaling van Ignatius van Antiochië se Sendbrief aan die gemeente van Filadelfia. Geen bladsynommers beskikbaar.

> **makes a schism, he doth not inherit the kingdom of God. If any man walks in strange doctrine, he has no fellowship with the passion.**

En ook in hoofstuk 7.2:

> **Do nothing without the bishop; keep your flesh as a temple of God; cherish union; shun divisions; be imitators of Jesus Christ, as He Himself also was of His Father.**

In nog vyf van sy sewe Sendbriewe, t.w. die Sendbrief aan die Efesiërs, Smirna, Magnesië, Romeine en Tralliërs, het hy min of meer dieselfde te sê oor die biskop en die hiërargie van die Kerk m.b.t. eenheid. In sy sewe Sendbriewe word dit ook duidelik dat hy groot mag aan die amp van biskop toegeken het, soveel so dat dit sy standpunt was dat wie van die biskop verwyderd geraak het, nie meer deel van die Kerk is nie (Jones, 2005:79).

In sy Sendbrief aan die gemeente van Smirna, soos gevind op ‘n webwerf (Anon: 1990d), *Letter of Ignatius to the Smyrnaeans* en vertaal deur Lightfoot,[12] skryf Ignatius:

> **IgnSmyrn 8:1 [But] shun divisions, as the beginning of evils. Do ye all follow your bishop, as Jesus Christ followed the Father, and the presbytery the Apostles; and to the deacons pay respect, as to God's commandment. Let no man do aught of things pertaining to the Church apart from the bishop. Let that be held a valid eucharist which is under the bishop or one to whom he shall have committed it. IgnSmyrn 8:2 Wheresoever the bishop shall appear, there let the people be; even as where Jesus may be, there is the universal Church. It is not lawful apart from the bishop either to baptize or to hold a love-feast; but whatsoever he shall approve, this is well-pleasing also to God; that everything which ye do may be sure and valid.**

Dan, nog veel ernstiger, is hy bewus daarvan dat daar by sommige lede van die gemeente verdeeldheid is (hoofstuk 7.2). Sy vermaning volg dat hulle hul moet afskei van diesulkes wat verdeeldheid veroorsaak. Dit word gevind op ‘n webwerf

[12] Soos voorgenoemde, word ook híér van Lightfoot se vertaling gebruik gemaak. Bladsynommers nie beskikbaar nie.

(Anon: 2008w), Roberts-Donaldson Translation: *Ignatius of Antioch*, *Letter to the Philadelphians*[13]:

> **Keep yourselves from those evil plants which Jesus Christ does not tend, because they are not the planting of the Father. Not that I have found any division among you, but exceeding purity. For as many as are of God and of Jesus Christ are also with the bishop. And as many as shall, in the exercise of repentance, return into the unity of the Church, these, too, shall belong to God, that they may live according to Jesus Christ. Do not err, my brethren. If any man follows him that makes a schism in the Church, he shall not inherit the kingdom of God. If any one walks according to a strange opinion, he agrees not with the passion [of Christ.].**

Ignatius skryf ook aan Polikarpus m.b.t. ‘n soeke na eenheid, soos gevind op ‘n webwerf (Anon:1990c), *Letter of Ignatius to Polycarp*. Lightfoot[14] se vertaling:

> **I exhort thee in the grace wherewith thou art clothed to press forward in thy course and to exhort all men that they may be saved. Vindicate thine office in all diligence of flesh and of spirit. Have a care for union, than which there is nothing better. Bear all men, as the Lord also beareth thee. Suffer all men in love, as also thou doest.**

In ‘n boodskap gelewer deur pous Benedictus XVI[15], toon hy aan dat Ignatius die **Drie-eenheid van God** as voorbeeld neem om die eenheid van die Kerk te propageer. Hy maak die volgende opmerking wat Ignatius se beskouing in hierdie verband beklemtoon:

> **For Ignatius unity was first and foremost a prerogative of God, who, since he exists as Three Persons, is One in absolute unity. Ignatius often used to repeat that God is unity and that in God alone is unity found in its pure and original state. Unity to be brought about on this earth by Christians is no more than an imitation as close as possible to the divine archetype.**

Hierdie gedagtegang van Benedictus kon ek nie presies so naspoor in die geskrifte van Ignatius nie. Dit sou hoogstens ‘n goeie afleiding genoem kon word van die

---

[13] Hier word van Robert-Donaldson se vertaling van die Sendbrief aan die gemeente van Filadelfia gebruik gemaak. Bladsynommers nie beskikbaar nie.

[14] Soos voorgenoemde, word ook híér van Lightfoot se vertaling gebruik gemaak. Bladsynommers nie beskikbaar nie.

[15] Vertaling van boodskap gelewer te Vatikaanstad op 14 Maart 2007 m.b.t. Ignatius van Antiogië.

werke van Ignatius. (Vgl. bv. Ignatius se Sendbrief aan die Magnesiërs, hoofstuk 13). Van belang is dat daar sprake van Drie-eenheid by Ignatius te bespeur is, en dat dit as voorbeeld van eenheid vir die Kerk kon dien.

Ons let op ‘n verdere opmerking in bogenoemde boodskap deur pous Benedictus:

> **As can be seen, Ignatius is truly the "Doctor of Unity": unity of God and unity of Christ (despite the various heresies gaining ground which separated the human and the divine in Christ), unity of the Church, unity of the faithful in "faith and love, to which nothing is to be preferred" (Smyrnaeans, 6: 1).**

Swete, wat intensiewe navorsing gedoen het m.b.t. die Heilige Gees soos gevind by die Kerkvaders, het melding gemaak van die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die lewe en bediening van Ignatius (Swete 1912:14). Hy skryf soos volg:

> **It is interesting to observe that Ignatius can combine a claim to prophetic inspiration with a passionate zeal for a regular and fully organized ministry. He is persuaded that while the Holy Spirit still spoke by the prophets, the threefold ministry of bishops, presbyters, and deacons was also after the mind of Christ and had been established in the Church by His Holy Spirit.**

In sy Sendbrief aan die gemeente van Filadelfia (4:1), maak Ignatius ook melding van eenheid deur die **Nagmaal**:

> **Be ye careful therefore to obscene one eucharist (for there is one flesh of our Lord Jesus Christ and one cup unto union in His blood; there is one altar, as there is one bishop, together with the presbytery and the deacons my fellow-servants), that whatsoever ye do, ye may do it after God.**

Dan let ons ook op ‘n verdere algemene oproep tot eenheid op webwerf (Anon:2008r), *Letter of Ignatius to the Philadelphians,* (Filadelfia 8:1-2)[16]:

> **I therefore did my own part, as a man composed unto union. But where there is division and anger, there God abideth not. Now the Lord**

[16] Hier word weer eens gebruik gemaak van die vertaling van Lightfoot. Geen bladsynommers beskikbaar nie.

> **forgiveth all men when they repent, if repenting they return to the unity of God and to the council of the bishop. I have faith in the grace of Jesus Christ, who shall strike off every fetter from you; and I entreat you, IgnPhla 8:2 Do ye nothing in a spirit of factiousness but after the teaching of Christ.**

Ignatius het hoofsaaklik die eenheid van die Kerk in die hiërargie gesoek; daarom is dit te begrype dat hy hoë gesag aan die amp van biskop toegesê het. Oetting (1964:45), stel dit so:

> **It was not Ignatius' purpose, however, to enhance the office of bishop for its own sake, he was interested rather in preserving the unity of the church in the face of schism and true teaching in the face of Gnostic heresy. He felt that giving one man greater authority was the best way to preserve unity and orthodoxy.**

Ter opsomming kan gesê word dat by Ignatius 'n soeke na eenheid gevind kan word in die kerklike hiërargie, die Nagmaal, sowel as eenheid in die triniteit (as voorbeeld vir die Kerk).

**Polikarpus** (69-155 n.C.) het nie direk oor die eenheid van die Kerk geskryf nie. In sy Sendbrief aan die Filippense kan tog afleidings gemaak word dat hy die suiwerheid van die leer voorgehou het, en daardeur is die gelowiges in 'n eenheid saamgebind. Op 'n webwerf (Anon:1990b), *The Epistle of Polycarp to the Philippians*, soos vertaal deur Lightfoot, spreek Polikarpus hom sterk uit teen die valse leraars van sy tyd, waarskynlik Dosetisme[17] wat die vleeswording sowel as die letterlike kruisiging van Jesus Christus misken het. Hy skryf in sy Sendbrief aan die Filippense:

> **Polycarp 7:1 For every one who shall not confess that Jesus Christ is come in the flesh, is antichrist: and whosoever shall not confess the testimony of the Cross, is of the devil; and whosoever shall pervert the oracles of the Lord to his own lusts and say that there is neither resurrection nor judgment, that man is the firstborn of Satan. Polycarp 7:2 Wherefore let us forsake the vain doing of the many and their false teachings, and turn unto the word which was delivered unto us from the beginning…**

---

[17] Vgl. o.a. webwerf http://bloggingthefathers.wordpress.com/2008/01/10/polycarps-philippians-heresies-and-sinfulness-from-the-beginning/,
asook webwerf http://www.ccel.org/ccel/schaff/anf01.iv.ii.vii.html en ook Wikipedia webwerf http://en.wikipedia.org/wiki/Docetism

Dan vervolg hy:

> **Polycarp 10:1 Stand fast therefore in these things and follow the example of the Lord, being firm in the faith and immovable, in love of the brotherhood kindly affectioned one to another, partners with the truth, forestalling one another in the gentleness of the Lord, despising no man.**

**Die Apologete van die tweede eeu** se werk moet verstaan word teen die agtergrond van die "ongelooflike gerugte wat in verband met die Christene versprei is, asook teen vyandige geskrifte van filosowe soos Celsus (180 n.C.)," (Viljoen, 1975:37). Hulle hoofdoel was om die Christelike geloof te verdedig. Hulle het gepoog "om die absoluutheid van die Christendom op redelike gronde te bewys" (Viljoen, 1975:37). Op 'n webwerf (Anon:2007b), *Apologetiek Categorie*: *Kerkgeschiedenis*, Wikipedia, word die volgende definisie van die Apologete gegee:

> **De Apologeten zijn een groep christelijke auteurs uit de tweede eeuw na Christus die het opkomende christendom hebben verdedigd tegen de aanvallen van het heidendom en de joden. Er zijn verschillende documenten van deze apologeten bewaard gebleven.**

Louis Berkhof (1937:60) voeg nog by die oogmerk van beïnvloeding van die gesaghebbers met die Christelike boodskap en ook Christenskap.

Die belangrikste Apologete was o.a. Justinus die Martelaar (100-165 n.C.), Tatianus (100-160 n.C.), Aristides (100-160 n.C.), Athenagoras van Athene (120-180 n.C.), Hermas (60-175 n.C.)[18], Theophilus van Antiochië (115-181 n.C.), Irenaeus (130-200 n.C.), Klemens van Alexandrië (150-215) en Tertullianus (160-225 n.C.).

Die hoofdoel van die vroegste Apologete was om die Christelike geloof te verdedig teen andersdenkendes. Die meeste van die Apologete het 'n filosofiese agtergrond gehad, en daarom kon hulle hul meesterlik van hul taak kwyt teenoor die Griekse filosowe van daardie tyd.

[18] Twyfel bestaan by sommige historici of hy wél onder die Apologete tel.

Die fokus het dus nie soseer op die eenheid van die Kerk geval nie, alhoewel die eenheid nie heeltemal uitgesluit was nie. Dit kan dáárom hoogstens by afleiding gesê word dat wanneer dit by hulle gegaan het oor die suiwerheid van die leer[19] of die verdediging van die basiese waarhede van die één Christelike geloof, dit terselfdertyd ook gegaan het oor die eenheid van die Kerk. As die Kerk dieselfde suiwerheid van die leer aanvaar, beteken dit immers eenheid. Maar dan is daar nog nie sprake van Gees-eenheid nie.

Hierna het daar teologiese ontwikkeling in die vroeë Kerk gekom wat eventueel die arbeid van die Apologete ver oortref het. Vir die eerste keer vanaf die ontstaan van die Kerk word daar in die Kerk wetenskaplike teologie van gehalte beoefen (Viljoen, 1975:41). Die vestiging van die teologie was van kardinale belang vir die Kerk. Die uitvloeisel was o.a. ook die geloofsbelydenisse wat tans nog in die Kerk geld. Hierdie teologiese begronding het ook meegewerk tot eenheid in die Kerk, hoewel daar nie direk sprake was van Gees-eenheid nie. Viljoen (1975:41) onderskei drie teologiese groepe in hierdie tyd, nl. die Klein Asiatiese skool (Irenaeus, Hippolytus en Gaius), die Alexandrynse skool (Klemens Alexandrinus en Origenes) en die Noord-Afrikaanse skool (Tertullianus en Cyprianus). Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word slegs kennis geneem van bogenoemde teologiese skole en teologiese ontwikkeling, omdat ons hier op soek is na spore van Gees-eenheid. Nietemin het in hierdie werk, soos by die Apologete se werk, tog eenheid van die Kerk ter sprake gekom, wat ook ‘n uitvloeisel was van die vestiging van die teologie. Hierdie teoloë se werk was dus ook van kardinale belang. Nog enkele ander Kerkvaders se werk kom vervolgens onder bespreking in die soektog na wat hulle oor eenheid gesê het.

---

[19] Die vashou deur sommige van die Apologete en skrywers van die tweede eeu aan vreemde leerstellings soos bv. die Gnostisisme (vgl. Cerinthus, Marcion, Tatianus) en ander verkeerde leerstellings, val buite die studieveld van hierdie proefskrif. Nietemin is daar darem heelwat van die Kerkvaders wat ook as Apologete geklassifiseer kan word, wat teen Gnostisisme geskryf het (vgl. bv. Justinus die Martelaar: *Contra Hereses*, Polikarpus, Irenaeus asook Tertullianus). Diegene wat nog vasgehou het aan verkeerde leerstellings, moet egter nie te kras veroordeel word nie. Die Kerk was nog in die ontwikkelingstadium wat kerklike leer aanbetref nie. Vaste leerstellings soos bv. die Drie-Eenheid en talle ander moes nog gevorm word. In hulle verdediging teenoor die Jode en die ongelowiges (heidene, asook heidense filosowe), was die Apologete tog bereid om te ly en te sterf vir die basiese waarhede van hulle geloof in Jesus Christus en alles waarvoor Hy gestaan het. Hulle was nie bereid om Hom te verloën nie. So bv. was Cyprianus (soos hierbo vermeld) ‘n aanhanger van ‘n onsuiwere leer, en tog het hy getuienis gedra van wedergeboorte en het hy gesterf vir wat hy geglo het in Jesus Christus.

**Origenes** (185-254 n.C.) se siening oor eenheid hang saam met sy vertolking van Rm 8:23 - "En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam" (Ou Vertaling). Of die King James Vertaling: "And not only they, but ourselves also, which have the firstfruits of the Spirit, even we ourselves groan within ourselves, waiting for the adoption, to wit, the redemption of our body."

Origenes het hierdie teks soos volg toegepas, soos gevind op 'n webwerf (Moore:2008) *Origen of Alexandria and apokatastasis: Some Notes on the Development of a Noble Notion*:

> **Now what he [St. Paul] said, 'the redemption of our body,' I think points to the body of the Church as a whole, as he says elsewhere, 'But you are the body of Christ and members individually.' So then, the Apostle is hoping that the whole body of the Church will be redeemed, and he does not consider it possible for the things that are perfect to be given to the individual members unless the entire body has been gathered unto one.**

Dit sal egter raadsaam wees om weer eksegeties te besin oor die korrekte verklaring van die onderhawige teks.

**Cyprianus** (Gebore ± 200 n.C. in Noord-Afrika. Hy is in hegtenis geneem, skuldig bevind en op 14 September 258 onthoof)[20]. Hy het eenheid gesoek in die Kerk. Buite die Kerk, het hy gesê, is daar geen saligheid nie (*Extra ecclesiam nulla salus*), (Viljoen, 1975:43). Hy het sterk getuienis van sy eie redding gedra.[21] Op 'n webwerf (Anon:2008z), *Satis Cognitum on the Unity of the Church*, word die volgende verklaring van Cyprianus gevind:

---

[20] Die geboortedatum van Cyprianus is nie seker nie. Inligting soos op webwerf *Cyprian of Carthage, Bishop and Martyr*.

[21] Op 'n webwerf (1996-2001. FR. S. JANOS), *The Priest Martyr Cyprian, Bishop of Carthage*, skryf hy 'n brief aan sy vriend Donatus en getuig van sy eie redding soos volg: "When the surge of regeneration cleansed the impurity of my former life, a light - steady and bright, shone down from Heaven into my heart. When the second birth by the Heavenly Spirit transformed me into a new man, then in a miraculous manner I was strengthened against doubt, mysteries were revealed, and darkness was made light... and I learned, that my having lived in the flesh for sin belonged to the earthly, but now was begun a Divine living by the Holy Spirit. In God and from God is all our strength; from Him is our might. Through Him we, living upon the earth, have the hint of a condition of future bliss".

> **There is one God, and one Christ; and His Church is one and the faith is one; and one the people, joined together in the solid unity of the body in the bond of concord. This unity cannot be broken, nor the one body divided by the separation of its constituent parts.**

Hy skryf verder m.b.t. diegene wat die Kerk verlaat het (waarskynlik sy tydgenote, gelowiges, wat onder druk geswig het om vervolging en marteling vry te spring)[22]:

> **Whosoever is separated from the Church is united to an adulteress. He has cut himself off from the promises of the Church, and he who leaves the Church of Christ cannot arrive at the rewards of Christ.... He who observes not this unity observes not the law of God, holds not the faith of the Father and the Son, clings not to life and salvation.**

Dan vervolg hy:

> **The Church, cannot be divided into parts by the separation and cutting asunder of its members. What is cut away from the mother cannot live or breathe apart.**

Die standpunt van Cyprianus dat saligheid net binne die Kerk gevind kan word, moet teen die agtergrond van die tyd waarin hy geleef het, verstaan word. Daar was die kleiner gemeente (kleiner as die in ons moderne tyd), die klein liggie omring met die totale duisternis van die heidendom. Die Kerk en die heidendom het in sterk afgebakende kontras met mekaar gestaan. Dáárom kon hy so sterk standpunt inneem. Dit is dan ook om hierdie rede dat die eenheid van die Kerk sterk afgebaken kon word, maar dit was 'n eenheid wat gesetel was in die hiërargie van die Kerk.

So het hy dan ook verklaar dat die Kerk se mag gesetel is in die biskopdom:

> **They, who have departed from the Church, do not allow the Church to recall and bring back the lapsed. There is one God, and one Christ, and one Church, and one chair founded by the voice of the Lord on the rock. Another altar cannot be set up, nor a new priesthood made, besides the one altar and the one priesthood. Whoever gathers elsewhere scatters.**

Die kerkhistorikus Meyer (1969:37) skryf soos volg oor Cyprianus se opvattings:

---

[22] Onder druk het talle gelowiges Jesus Christus verloën. Cyprianus het hom baie sterk daarteen uitgespreek. Later sou die Rooms-Katolieke Kerk júís dié uitsprake gebruik tot voordeel van dié Kerk as die enigste ware Kerk (Later meer hieroor).

> **He said: "No one can have God as his Father who does not have the church as his mother." He is also responsible for the dictum "There is no salvation outside the church."**

Kuiper (s.j.:20), nog 'n kerkhistorikus, skryf soos volg oor Cyprianus:

> **He wrote, "There is one God, and Christ is one; and there is one Church and one Chair." (By one chair he meant "one center of authority.")**

**Eusebius** van Caesarea (260-340 n.C.) is bekend vir sy groot werk as geskiedskrywer soos reeds aangestip, waar ook kennis geneem is van sy werke oor die martelare, saam met dié van Foxe. Op 'n webwerf (Anon:2008aa*), The Early Church Fathers*, word soos volg oor hom geskryf:

> **His Ecclesiastical History and Chronicles are the main sources of early church history. Wrote in Greek, was personal advisor to Constantine. Was anti-Sabellian but weak on Christ's full deity, thus a leading 'moderate' at Nicea. Also wrote Preparation for the Gospel and Demonstration of the Gospel, both apologies.**

Hy het nie sterk na vore getree teen die leer van Arius nie, maar dit selfs ondersteun. Op bogenoemde webwerf, *The Early Church Fathers* (Anon: 2008aa), word soos volg oor Arius berig:

> **Arius (c.250-c,336). In North Africa. Opposed by Alexander, Athanasius, others, was condemned at Council of Nicea (325). Said that Christ was a created being who in turn created all else and was superior to everything but God; Christ was of 'similar' but not 'same' substance of God the Father.**

Op 'n webwerf (2008aa), *The Eusebius Factor: Polemics, Unity and Discipleship* word soos volg oor sy beskouing oor Christus geskryf:

> **During the Arian controversy he supported Arius and was condemned by the Council of Antioch (324/5). At the Council of Nicaea (325) he was reinstated when he produced the baptismal creed of Caesarea as evidence of his orthodoxy; he ultimately accepted the Nicene Creed, but only half-heartedly, and he continued to oppose Athanasius.**

Dit was egter Athanasius wat in hierdie tyd sterk na vore getree het in die verdediging van die Godheid van Christus. Op die genoemde webwerf (Anon:2008aa), *The Early Church Fathers*, word Athanasius (296-373) soos volg vermeld:

> **Lived in Alexandria, where he later became Bishop. One of the greatest theologians of the first 5 centuries. The strongest defender of Christ's full deity at Council of Nicea, famous for his uncompromising stand. Main opponent of Arius. Influential also at Council of Alexandria. Was exiled and recalled 5 times. Laid the foundation for the Athanasian Creed. Wrote Oration Against the Arians, On the Incarnation of the Divine Word, Against the Arians, others, in Greek.**

Hierdie sterk standpunt van Athanasius het daartoe gelei dat die geloofsbelydenis van Nicea oor die Godheid van Christus eenstemmigheid gebring het. Op 'n webwerf van "Highbeam Encyclopedia" (Anon: 2008o), *Homoousion*, word die volgende gevind:

> ***Homoousion*** **(Gk., 'of one substance'). The word in the Nicene Creed to express the relation in the one Godhead of the Father and Son. It was accepted as an anti-Arian formula at the Council of Nicaea at the urging of the emperor, although many bishops preferred the looser term** ***homoiousion*****, 'of like substance'. Thus its sense may have been broadly 'of the same nature', rather than 'of the identical substance' as later theology took it. Homoousion was used again at Chalcedon to express the relation of Christ to people; and it was extended to the Holy Spirit during the 4th century.**

Alhoewel Eusebius bekommerd was oor die verdeeldheid oor die Godheid van Christus, (vgl. webwerf (Anon:2008ab), *The Eusebius Factor: Polemics, Unity and Discipleship*, het hy nie eenheid in die Kerk bevorder nie, maar eerder deel gehad aan verdeeldheid.

Die Kerk het gedurende hierdie tyd ook onder vervolging gebuk gegaan totdat Konstantyn en Lucianus saam in Milaan die Edik van Milaan uitgevaardig het, waarna aan die Christene, soos aan al die ander godsdienste, vryheid toegelaat is (Viljoen, 1975:43). Die Kerk het nou ook staatskerk (van die Romeinse Ryk) geword. Die Kerk moes nou die eenheidsfaktor van die verbrokkelende Romeinse Ryk word

(Viljoen, 1975:49). Ten spyte van die talle negatiewe uitvloeisels[23] hiervan vir die Kerk, het dit ook bepaalde voordele vir die Kerk ingehou, soos o.a. rustigheid om teologie te beoefen wat allernoodsaaklik was vir die verdere vestiging van die Kerk.

Die leerstellige stryd het egter voortgewoed. Daar moes duidelikheid verkry word oor die nature van Christus, die Drie-eenheid, en die verhouding van Christus met die ander Persone in die Drie-eenheid. Weer eens, dit was noodsaaklik dat daar oor hierdie strydpunte duidelikheid verkry word, dog ook ter wille van eenheid van die Kerk. Sover dan die bespreking oor die eerste vyf eeue m.b.t. eenheid.

[23] Dit is nie hier van belang in die lig van die soeke na eenheid, om die negatiewe uitvloeisels breedvoerig te bespreek nie, alhoewel die verwêreldliking van die Kerk negatief ingewerk het op eenheid.

## 2. Middeleeuse Teologie (o.a. Rooms-Katolieke Teologie)

Die "Donker Eeue" het nou aangebreek. Daar is nie algehele ooreenstemming oor die tydperk van die Middeleeue nie[24]. Odendaal & Gouws (2000) in die HAT (*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*) verklaar "die Middeleeue" soos volg:

> **Tydvak tussen die oudheid en die nuwe tyd, gewoonlik gereken van die val van die Wes-Romeinse Ryk (± 500 n.C.) tot die ontdekking van Amerika (1492).**

'n Verdere verklaring word gevind op die webwerf (Anon: 2008t), *Middeleeue* in die Wikipedia:

> **Die Middeleeue word rofweg gesien as die tyd tussen 400 en 1500 na Christus in die Europese geskiedenis. Na die middeleeue, in die renaissance, kom monargieë tot stand en word van die klassieke kulture herontdek, en word die middeleeue beskou as 'n tussenfase na die val van die Wes-Romeinse ryk teen die einde van die 5de eeu.**

Die Kerk was teen hierdie tyd, (aan die begin van die Middeleeue), die erkende godsdiens van die magtige Romeinse Ryk. Die Kerk het in samehang met die Romeinse Ryk, wat 'n wêreldryk was, ook magtig geword. Die Romeinse Ryk sou egter taan, verbrokkel, en later heeltemal verval. Op 'n webwerf (Anon:2008x), *Romeinse Ryk* in die Wikipedia, word soos volg geskryf oor die Romeinse Ryk:

> **Die term Romeinse Ryk (Latyn: *Imperium Romanum*) verwys na die gebied wat in die tydperk tussen die 6de eeu v.C. en die 5de en 6de eeue n.C. deur die stad Rome oorheers is. Sy politieke bedeling het met verloop van tyd van 'n monargie tot 'n republikeinse bedeling en uiteindelik tot 'n keiserryk verander. Die Romeinse Ryk het ongeag die verskeidenheid van sy volke, tale en godsdienste tot 'n gemeenskaplike staat, lewensvorm en universalistiese staatsidee ontwikkel, wat as 'n *imperium sine fine* ("'n ryk sonder grense") gedefinieer is.**

---

[24] Dit lê buite die studieveld van hierdie proefskrif om 'n breedvoerige geskiedkundige oorsig te gee oor hierdie typerk, maar ter wille van kronologie ag ek dit nodig om kortliks hieroor, soos by die vorige tydperke, 'n oorsig te gee.

Die eenheid van die Kerk het gestrek so ver as die eenheid van die Romeinse Ryk. Die verbrokkelende Romeinse Ryk het ook sy negatiewe invloed op die Kerk gehad. Later sou die Kerk die stabiele faktor word in die verbrokkeling wat op die politieke toneel plaasgevind het. Op dieselfde webwerf (Anon:2008x), *Romeinse Ryk* in die Wikipedia, word soos volg geskryf m.b.t die einde van die Romeinse Ryk:

> **In die tyd van 476 tot 800 word die weste van Europa oorheers deur die koninkryke wat deur die Germaanse stamme gestig is. Die Franke het 'n belangrike rol gespeel omdat hulle die katolieke vorm van Christendom aangeneem het en stadig 'n groot deel van Europa verower het. In 800 word hulle koning Karel die Grote keiser en begin die Karolingiese Renaissance. Die keisers verloor vinnig hulle mag aan hulle vasalle (onderdane) en so begin die feodale tyd.**

Ná die ineenstorting van die Romeinse Ryk was daar ‘n behoefte aan ‘n nuwe bestuurstyl en het die feodale stelsel ontwikkel. Hierdie tydperk word wel die “donker eeue” genoem, omdat daar o.a. in hierdie tyd nie ‘n sentrale bestuurstelsel bestaan het nie (vgl. webwerf Anon: 2008n, *Het feodaal stelsel*). Op ‘n ander webwerf (Anon:2008ac), *The Middle Ages: Feudal Life in Annenberg Media*, word soos volg geskryf oor die feodale stelsel:

> **For safety and for defense, people in the Middle Ages formed small communities around a central lord or master. Most people lived on a manor, which consisted of the castle, the church, the village, and the surrounding farm land. These manors were isolated, with occasional visits from peddlers, pilgrims on their way to the Crusades, or soldiers from other fiefdoms. In this "feudal" system, the king awarded land grants or "fiefs" to his most important nobles, his barons, and his bishops, in return for their contribution of soldiers for the king's armies. At the lowest echelon of society were the peasants, also called "serfs" or "villeins." In exchange for living and working on his land, known as the "demesne," the lord offered his peasants protection.**

So het Europa na die verval van die Romeinse Ryk, verdeel geraak in ‘n groot aantal “koninkrykies” wat voortdurend met mekaar in oorlog verkeer het. Die positiewe invloed van die Kerk sou wonderlik kon inwerk om vrede en stabiliteit te bewerkstellig. Die Rooms-Katolieke Kerk was die enkel, grootste samebindende struktuur in die Middeleeuse tydperk. Die Kerk het almal se lewe beïnvloed, ongeag klas of stand. Behalwe ‘n klein aantal Jode wat in Europa gewoon het, was almal “Christene” gedurende die Middeleeue. Van kleins af, na die doop, is aan almal hulle

verpligtinge teenoor die Kerk geleer: Hulle moes offers, groot bedrae geld, aan die Kerk gee. Baie het groot geskenke aan die Kerk gegee. Daarteenoor sou die Kerk hulle verseker van hulle plek in die hemel (Webwerf, Anon: 2008s, *Medieval Europe*: *The Church*). Die tragedie was dat die Kerk later sélf grondbesitter geword het, en dít het weer op sý beurt negatief op die Kerk ingewerk. Korrupsie het ingetree. Op 'n webwerf (Anon:2008l), *Feudalism and the Church: New Catholic Dictionary*, word dit soos volg omskryf:

> **This ecclesiastical property brought evil in its train. Disputed ecclesiastical elections followed, with coveted church property as the bone of contention; while secular princes claimed the right of investiture of spiritual offices. Owing to the great revenues coming from the landed estates attached to bishoprics and abbeys, members of the noblest families sought to buy these spiritual offices from the king or prince who granted the fief. They were willing to meet every demand of their lord if they received an office from him.**

Die Kerk het al hoe verder in verval beland. Daar was die kruistogte, wat deur Viljoen (1975:56) beskryf word as 'n vreemde hoofstuk in die geskiedenis van die Kerk. Behalwe die feit dat dit die hoogste offervaardigheid was wat die Kerk ooit geken het, was dit terselfdertyd ook die afstootlikste handelswyse wat seker denkbaar is. Die kruistogte het die lewens van sowat ses miljoen mense geëis (*Ibid*. 56-57). Die Monnike-ordes het ontstaan, daaropvolgend ook die Kloosterordes en die Bedelordes met negatiewe gevolge. Verder was daar die wanopvatting van die ("sewe") sakramente. Die prediking van die Woord het heeltemal op die agtergrond verdwyn. Daar was beeldediens: sekere "heiliges" wat reeds tot sterwe gekom het, het "tussenpersone" tussen God en mens geword. Daar is tot hierdie persone gebid om by God in te tree. Daar is ook beelde van hulle gemaak, wat in die praktyk neergekom het op beeldediens. Dan was daar dwalinge en bygelowe wat die Kerk binnegesluip het, bv. die leer van die vagevuur, die Godsoordele waar dit van God verwag is om deur die mees ondenkbare rituele die skuldige persoon, ten tye van 'n oortreding, aan te wys. Daar was ook die kerklike tug en boetedoening, die klein ban en die groot ban wat heeltemal korrup toegepas is. Baie ander dinge kan genoem word naas dié hierbo bespreek (Du Toit 1970:67-74, asook Viljoen 1975:49-63).

‘n Ander aspek wat dien vermeld te word m.b.t. die Middeleeue, is die Skolastiek. Op ‘n webwerf (Anon:2008z), *Scholasticism*, Wikipedia, word die volgende definisie van Skolastiek gegee:

> **Scholasticism is derived from the Latin word scholasticus (Greek: σχολαστικός), which means "that [which] belongs to the school", and was a method of learning taught by the academics (or school people) of medieval universities circa 1100-1500. Scholasticism originally started to reconcile the philosophy of the ancient classical philosophers with medieval Christian theology. Scholasticism is not a philosophy or theology in itself but a tool and method for learning which places emphasis on dialectical reasoning. The primary purpose of scholasticism is to find the answer to a question or to resolve a contradiction. It is most well-known for its application in medieval theology, but was eventually applied to classical philosophy and many other fields of study.**

Die Skolastiek is deur sommige, veral Rooms-Katolieke teoloë, beskou as voordelig vir die Kerk en teologie (Gaybba, 1979:94-99). Tog het dit negatief op die Kerk ingewerk. Onder invloed van Aristoteles het die teoloë van die Skolastiek sy dialektiese metode gebruik om die Christelike leer en die filosofie bymekaar te bring. Geloof en rede moes met mekaar versoen word. En júís hierdie poging het die sentrale probleem van die Kerk van die Middeleeue geword (Viljoen, 1975:59). Op ‘n webwerf (Anon: 2008p), *Hoofstuk 2 Humanisties-georiënteerde ideologieë, waardes en norme…,* word ‘n aanhaling gemaak uit ‘n werk van Pistorius (1969:95)[25]:

> **Met die Skolastiek maak die eenvoudige, kinderlik-aanvaarde geloof van die vroeë Christelike tydperk plek vir ‘n logies-wetenskaplike benadering ooreenkomstig die opvatting dat geloof alleen nie voldoende is nie maar deur kennis aangevul en gestaaf moet word.**

Hierby sluit Saayman (2006b) op ‘n webwerf, *Skolastiek*, aan:

> **In die eerste eeue is die Woord van God liefdevol geglo en bely. Dit was vir die gelowiges die Waarheid. Die kerk van die middeleeue het egter die hartlike vertroue in die beloftes van God verloor. Die Bybel het geword “’n boek vol waarhede” waaroor ‘n mens geleerd kan redeneer en disputeer. Sommige “waarhede” hoef ‘n mens ook nie voetstoots te glo nie. Dit moet beredeneer word en met logiese denke “bewys” word**

[25] Bron nie beskikbaar vanweë onvoldoende verwysing. Slegs een hoofstuk van die werk hierbo vermeld, is op die Internet beskikbaar.

> **voordat dit die waarheid is. Die menslike rede het sodoende die plek geneem van eerbiedige vertroue op die beloftes van die Here. Die geleerde denker het 'n posisie verkry ver bo die gewone kerklidmaat. Dit is die Skolastiek: die verskriklike dwaling dat die menslike rede tot norm verhef word en dat die Woord logies beredeneer moet word voordat "waarheid" geken kan word. Die "waarheid" kon nou ook verskil omdat die een geleerde 'n ander sienswyse het as 'n ander. In hierdie dorre denkwoestyn is die ware Woord verduister.**

Die Skolastiek het meegebring dat die Kerk gedurende die Middeleeue nog verder verval het. Na deeglike ondersoek het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die Skolastiek geen bydrae gelewer het tot die eenheid van die Kerk, en dan in die besonder, Gees-eenheid nie.

### 3. Protestants-Gereformeerde denke

Enkele belangrike teoloë se standpunte sal hier onder die loep kom.

Eerstens sal **Calvyn** se leer oor die Kerk nagespoor word om 'n goeie indruk te kry van sy siening oor die eenheid van die Kerk, en om moontlik spore te vind van die rol van die Heilige Gees m.b.t. eenheid. Daarna sal enkele ander Gereformeerde teoloë se sienings nagegaan word om tot 'n sinvolle konklusie te kom oor Gereformeerde denke met betrekking tot eenheid en die Heilige Gees.

#### 3.1 Die sigbare en die onsigbare Kerk

**Calvyn** (1509-1564) begin met Die Apostoliese Geloofsbelydenis, en dan wel met die woorde: "Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges…" Of soos dit in Engels verskyn: "I believe *in* the Church." Hy meen dat ons eerder moet sê: "Ek glo die Kerk", of "I believe the Church." Die Kerk is hulle wat waarlik glo. Daar is immers baie ander wat nie waarlik glo nie, wat wel met die Kerk assosieer. Hy stel dit soos volg (Beveridge 1957:281):

> **When in the Creed we profess to believe the Church, reference is made not only to the visible Church of which we are now treating, but also to all the elect of God, including in the number even those who have departed this life. And, accordingly, the word used is "believe," because**

> **oftentimes no difference can be observed between the children of God and the profane, between his proper flock and the untamed herd.**

Calvyn tref gevolglik onderskeid tussen die “sigbare” en die “onsigbare” Kerk. Die “sigbare” Kerk sluit almal in: ook húlle wat met die Kerk assosieer, maar wat nie werklik deel is van die ware Kerk nie. Die “sigbare” Kerk kom dan op ‘n bepaalde plek en ‘n bepaalde tyd bymekaar. Die begrip “onsigbare” verwys na die feit dat kennis van diegene wat waarlik lede van die Liggaam van Christus is, *slegs* aan God behoort en natuurlik ook aan húlle sélf wat aan sy Liggaam behoort. Ander mense kan dit nie onderskei of met algehele sekerheid sê nie. Diegene wat deur God geken word, is die uitverkorenes van God. Eenheid van die Kerk word dan gevind onder húlle wat deur God geken is en wat waarlik deel is van die Liggaam van Christus. Calvyn (Beveridge, 1957:282) stel dit so:

> **By the *unity* of the Church we must understand a *unity* into which we feel persuaded that we are truly ingrafted. For unless we are united with all the other members under Christ our head, no hope of the future inheritance awaits us. Hence the Church is called Catholic or Universal…**

Verder verklaar hy (Beveridge, 1957:282):

> **All the elect of God are so joined together in Christ, that as they depend on one head, so they are as it were compacted into one body, being knit together like its different members; made truly one by living together under the same Spirit of God in one faith, hope, and charity, called not only to the same inheritance of eternal life, but to participation in one God and Christ.**

Hierin bestaan die Kerk onder die hand van God wat hulle wonderbaarlik bewaar en hulle as’ t ware verberg sodat die vyand hulle nie kan bereik nie, en daarom ook nie kan uitwis nie, omdat die bloed van Christus se kragtige werking nie onklaar gemaak kan word nie. Calvyn grond sy begrip van die eenheid van die Kerk in die uitverkiesing. Die uitverkorenes van God vorm ‘n gemeente, die ekklesia: “Een heilige algemene Christelike Kerk” wat ook die Liggaam van Christus is, die Bruid van Christus en die tempel van die Heilige Gees, waarvan Christus die enigste Hoof is (Ef 1:22). Hierdie Kerk wat wêreldwyd bestaan, vorm ‘n eenheid wat nie in die ampsdraers of in ‘n menslike hoof gesetel is soos dit by die Rooms-Katolieke Kerk gevind word nie, maar in ‘n eenheid in Christus. Die eenheid word ook gesien in die

"gemeenskap van die heiliges." Wanneer die heiliges met Christus verenig is, volg dit dat hulle ook met mekaar verenig is, en daarom ontvang hulle ook al die seëninge wat hulle gemeenskaplik met mekaar deel. Omdat God die Vader van al die heiliges is en Christus die Hoof van almal, word hulle in broederliefde saamgebind, en daarom word die liefde gemeenskaplik gedeel deur al die lede. Dan vervolg Calvyn (Beveridge, 1957:283):

> **In this way our salvation rests on a foundation so firm and sure, that though the whole fabric of the world were to give way, it could not be destroyed.**

Die Kerk staan vas omdat dit eerstens gegrond is in die uitverkiesing; tweedens, omdat dit verenig is met die standvastigheid van Christus, en derdens omdat dit aan die beloftes van God kan vashou (Jl 2:32; Ob 17). In die "gemeenskap ("communion") van die heiliges" word die Kerk ook in gemeenskap ("*fellowship*") met God gehou. Die begrip "gemeenskap" hou vertroosting in, omdat ons daardeur versekerd is dat alles wat God aan sy gelowiges skenk, aan ons behoort. Dit is ook 'n bevestiging van ons hoop. Tog is dit vir Calvyn nie nodig dat ons die eenheid van die Kerk op hierdie manier sal omhels nie. Dit is, dat ons die Kerk fisies hoef te sien of te beleef nie. Die Kerk moet eerder in geloof beskou word (Beveridge, 1957:283). Ek meen dat Calvyn híér die Kerk as 'n onsigbare eenheid in die oog het, waar ons nie opgeroep word om in die sigbare gedaante van die Kerk nóú reeds onderskeid te tref tussen ware gelowiges en húlle wat nie waarlik deel van die geloof is nie. Hierop vervolg Calvyn (Beveridge 1957:283):

> **…we are not enjoined here to distinguish between the elect and the reprobate (this belongs not to us, but to God only), but to feel firmly assured in our minds, that all those who, by the mercy of God the Father, through the efficacy of the Holy Spirit, have become partakers with Christ, are set apart as the proper and peculiar possession of God, and that as we are of the number, we are also partakers of this great grace.**

Ware eenheid is dus nie van sigbaarheid afhanklik nie, maar die onsigbare Kerk is één. Calvyn bou voort op hierdie gedagte en maak vervolgens nog eens 'n duideliker onderskeid tussen die sigbare en die onsigbare Kerk. Die onsigbare Kerk is die Kerk soos dit voor God staan. In Calvyn se woorde (Beveridge 1957:288):

> **… the Church into which none are admitted but those who by the gift of adoption are sons of God, and by the sanctification of the Spirit true members of Christ. In this case it not only comprehends the saints who dwell on the earth, but all the elect who have existed from the beginning of the world.**

Dan gaan hy voort (Beveridge 1957:288):

> **Often, too, by the name of Church is designated the whole body of mankind scattered throughout the world, who profess to worship one God and Christ, who by baptism are initiated into the faith; by partaking of the Lord's Supper profess unity in true doctrine and charity, agree in holding the word of the Lord, and observe the ministry which Christ has appointed for the preaching of it. In this Church there is a very large mixture of hypocrites, who have nothing of Christ but the name and outward appearance: of ambitious, avaricious, envious, evil-speaking men, some also of impurer lives, who are tolerated for a time, either because their guilt cannot be legally established, or because due strictness of discipline is not always observed.**

Hierop haal hy vir Augustinus aan (Beveridge 1957: 288):

> **In regard to the secret predestination of God, there are very many sheep without, and very many wolves within (August. Hom. In Joan. 45).**

Calvyn heg ook groot waarde aan die sakramente en die verkondiging van die Woord waardeur die ware Kerk sigbaar word (Beveridge 1957: 288):

> **We have said that the symbols by which the Church is discerned are the preaching of the word and the observance of the sacraments, for these cannot anywhere exist without producing fruit and prospering by the blessing of God. I say not that wherever the word is preached fruit immediately appears; but that in every place where it is received, and has a fixed abode, it uniformly displays its efficacy. Be this as it may, when the preaching of the gospel is reverently heard, and the sacraments are not neglected, there for the time the face of the Church appears without deception or ambiguity and no man may with impunity spurn her authority, or reject her admonitions, or resist her counsels, or make sport of her censures, far less revolt from her, and violate her unity (see Chap. 2 sec. 1, 10, and Chap. 8 sec. 12).**

Die onsigbare Kerk word veral by die nagmaal sigbaar. Dit is die Kerk wat deur God verkies en geroep is. Die Kerkbegrip van Calvyn word voorgestel as twee konsentriese sirkels waarvan die uitverkorenes, die onsigbare Kerk, die binneste

sirkel vorm. Die sigbare Kerk met al sy gebreke en vlekke wat vermeng is met huigelaars en sondaars, bly Kerk. Almal kan egter nie net omdat hulle in die Kerk is aan die nagmaal deelneem nie (Spoelstra:1989). Dan vervolg Spoelstra op dieselfde webwerf:

> **Almal kan egter nie net omdat hulle in die kerk is aan die nagmaal gaan nie. Die kerk is vir Calvyn volgens die Skrif nie 'n statiese, wetlik omlynde instituut waar die herstelde mensheid arriveer het nie, maar die kerk is "the history of the restoration of order" (Milner 1970:47,58,65). Die gemeente (kerk) is dus 'n lewende organisme, ordelik geïnstitueer soos 'n liggaam (1 Kor 12). As gevolg van die verval raak die ware kerk soms baie dof sigbaar (Inst IV.2.xii). Om dus die kerk so duidelik as moontlik sigbaar te maak, bepaal artikel 61 KO wie tot die nagmaal "toegelaat" en wie daarvan afgehou moet word. So rig die gereformeerde nagmaalviering hom op daardie binnekring van ware gelowiges, die uitverkorenes wat die kenmerke van die ware kerk (NGB 29) vertoon wie se geloof in hulle belydenis en lewenswandel leesbaar moet wees.**

Vervolgens bespreek Calvyn die voorkoms van gebreke en foute wat in die sigbare Kerk voorkom, maar dit laat ons nie met genoegsame rede om die Kerk te verlaat nie (Beveridge, 1957: 91 e.v.). Omdat dit in hierdie studie gaan oor die eenheid van die Kerk, en méér spesifiek oor die Gees-eenheid, vind ek dit nie nodig om die bespreking verder te voer oor die foute, gebreke, korrupsie, sonde, of enige ander negatiewe saak wat in die Kerk voorkom soos deur Calvyn breedvoerig bespreek word nie.

**Kuyper** (1837-1920) word allerweë as die vader van *neo-Calvinisme* beskou (Langner:2007). Dit is nodig om eers kennis te neem van *neo-Calvinisme* voordat daar voortgegaan kan word met ‘n bespreking van Kuyper se siening van die sigbare en die onsigbare Kerk. *Neo-Calvinisme* word soos volg op ‘n webwerf (2008v) in die Wikipedia beskryf:

> **Neo-Calvinism has been described in the following way: Neo-calvinism is postmodern Calvinism. Neo-calvinism is a global cultural movement that is the result of people motivated by the religious dynamic of the Reformation trying to get to grips with the historical consequences and implications of modernity.**

En verder:

> **Kuyper wanted to awaken the church from what he viewed as its pietistic slumber. He declared: No single piece of our mental world is to be sealed off from the rest and there is not a square inch in the whole domain of human existence over which Christ, who is sovereign over all, does not cry: 'Mine!' This refrain has become something of a rallying call for Neo-Calvinists.**

Dan volg die sake wat deur die *neo-Calvinisme* beklemtoon word (Wikipedia:2008): Jesus is Heer van die ganse skepping, en sy Heerskap oorheers elke aspek van die lewe. Dit is nie slegs beperk tot die Kerk nie. Die ganse skepping sal vrygemaak word. Op 'n webwerf, *Teen Die Héle Wêreld Vry*, skryf Langner (2007) soos volg:

> **Met die totaalvisie op die samelewing as uitgangspunt, sien die Kuyperiaanse neo-Calvinisme die lewe as 'n eenheid waar die onderlinge samehang van samelewingskringe erken word.**

Hier is dus sprake van 'n eiesoortige eenheidsvisie, maar nie noodwendig 'n eenheidsbeskouing van die Kerk nie. Omdat dit in hierdie proefskrif gaan oor eenheid, en meer spesifiek oor die Gees-eenheid van die Kerk, is dit nie nodig om hier verdere aandag aan *neo-Calvinisme* te gee nie, maar daar sal slegs vir verwysingdoeleindes hiervan kennis geneem word.

Kuyper beskou egter ook die Kerk, soos by Calvyn gevind, as 'n onsigbare en sigbare Kerk. Hy voer sy gedagtegang verder na die Kerk as 'n *organisme* en as 'n *instituut* (Van Genderen & Velema, 1992:626). Dit word op dieselfde bladsy deur genoemde twee teoloë soos volg beskryf:

> **Het organisme heeft een onzichtbare en zichtbare zijde. Naar zijn onzichtbare zijde is het het geheel van de herboren mensheid onder Jezus Christus als het nieuwe Hoofd. In de mystieke lichaam van Christus is een drang om zich in het zichtbare te openbaren. De essentie krijgt dan gestalte in de existentie. Door middel van de activiteiten van de wedergeborenen ontstaan het christelijke gezin, de christelijke scholen en tal van christelijke verenigingen en instellingen in de sameleving.**

Dit volg verder dat wanneer die Woord verkondig word, die gelowiges in hulle bewussyn aangespreek word, dat die *instituut* van die Kerk diensbaar word aan die Kerk as *organisme*. Dan mag die *instituut* in die kapasiteit van die leer en

kerkregering nie gedeformeer word nie. Origens bly die Kerk in wese nog altyd Kerk solank dit die liggaam van lewende lidmate in die skoot dra, al sou dit wees dat die instellinge van die Kerk verdorwe raak (p. 626).

Ek meen dat Kuyper van die onsigbare sowel as die sigbare Kerk praat wanneer hy sê (1900:179):

> **Indeed, the Spirit of God regenerates the elect, whom He does not find in the world, but already in the Church. Every representation as though the Holy Spirit gathers the elect out of a lost world, and so brings them into the Church, opposes the Scripture's representation of the Church as an organism. Christ's Church is a body, and as the members grow out of the body and are not added to it from without, so must the seed of the Church be looked for in the Church and not in the world.**

Deur die onsigbare Kerk (die uitverkorenes, wedergeborenes) kry ook ander lede van die sigbare Kerk die geleentheid om deel te word van die onsigbare Kerk.

Die onsigbare Kerk se aktiwiteite, naamlik die Christelike gesin, skole, verenigings en instellings bring verder mee dat die Kerk ook sigbaar word in die samelewing. So word ook Christus se Heerskap in die hele samelewing geopenbaar.

**J H Bavinck** (1895-1964) bou voort op die gedagtegang van die sigbare en die onsigbare Kerk, maar hy maak melding daarvan dat dit reeds by Luther en Zwingli voorkom (Bavinck 1930:270), en later by Calvyn (Bavinck 1930:273) wat dit verder uitgebou het. Bavinck (p. 271) se mening is:

> **De onderscheiding van zichtbare en onzichtbare kerk diende oorspronkelijk dus alleen, om tegenover Rome uit te spreken, dat het wezen der kerk in het onzichtbare lag, in het geloof, in de gemeenschap met Christus en zijne weldaden door den Heiligen Geest, maar volstrekt niet, om aan de zichtbaarheid, aan de realiteit der kerk eenigermate afbreuk te doen.**

In sy bespreking van die sigbare en onsigbare Kerk gee hy maar slegs 'n kort bespreking van die siening van Calvyn, en som dan soos volg oor die onsigbare Kerk op (Bavinck 1930:18):

> **Onzichtbaar kon de kerk dus reeds heeten in drieërlei opzicht: 1° als ecclesia universalis, omdat een bepaald persoon de kerk op andere plaatsen en in andere tijden niet waarnemen kan; 2° als coetus electorum, die eerst in de parousie voltooid en zichtbaar zal wezen; 3° als coetus electorum vocatorum, omdat wij in de kerk op aarde de ware geloovigen niet kunnen onderscheiden.**

En dan oor die sigbare Kerk (p. 18):

> **En zichtbaar heette dan de kerk daartegenover, wijl zij in belijdenis en wandel openbaar wordt, of als instituut met ambten en bedieningen optreedt, of niet alleen ware geloovigen doch ook hypocrieten bevat.**

Volgens Bavinck het hierdie gedagte van onderskeid tussen die onsigbare en die sigbare Kerk nie byval gevind nie, omdat dit sou meebring dat daar dan twee groepe mense in een Kerk bestaan. Dit bring verder mee dat daar ‘n inwendige en ‘n uitwendige verbond naas mekaar gestel sou word, sodat die leer verkondig kon word dat ook onbegenadigdes wat ongeërg leef, ware lede van die Kerk kon wees. Andere weer, sê Bavinck, probeer tevergeefs om teenoor dié siening, die eenheid van die Kerk te handhaaf deur te sê dat die onsigbare en die sigbare Kerk “twee zijden waren van dezelfde zaak.” Hy sê “de leer klopte hoe langer hoe minder op het leven.” Dit, sê hy, is vir die Gereformeerde beskouing van die Kerk “te ernstiger, wijl zij veel minder dan de Lutherschen in het instituut het wezen der kerk zag.” Later sou die Gereformeerde denke ontwikkel om die kenmerk van die ware Kerk in die suiwere bediening van die Woord en sakrament te soek, terwyl daar nog ook die kerklike tug sowel as die Christelike wandel bygevoeg word. Die uitverkiesing was die grondslag van die Kerk, maar word eers in die geloof en goeie werke geopenbaar (p. 274).

Die leer van die onsigbare en die sigbare Kerk het dus in die tyd van Bavinck ook nie volkome tevredenheid gebring nie.

**Schilder** wys die leer van die sigbare en onsigbare Kerk soos by Kuyper gevind, af (Schilder 1942:69,144). Van Genderen & Velema (1992:640) se mening is dat Schilder se standpunt nie ligtelik opgeneem moet word nie:

> **Het is zeer de vraag, of men van een onzichtbare zijde van de kerk een onzichtbare kerk mag maken. Met de ernstige bezwaren die Schilder ertegen had, moet rekening gehouden worden. Het is zeker onjuist om het wezen van de kerk in het onzichtbare te zoeken, zoals Kuyper dat deed. De kerk is de vergadering van de gelovigen.**

**Berkouwer** (1903-1996) skenk ook aandag aan die sigbare en die onsigbare Kerk (1970:42 e.v.). Hy meen dat daar dikwels met hierdie siening gepoog word om die spanning tussen eenheid en verdeeldheid te versag. Die eenheid kom dan voor in die "*ecclesia invisibilis*." Hierdie onderskeid tussen die sigbare en die onsigbare Kerk, sê hy, het groot invloed op die Kerk gehad. Maar die agtergrond, meen Berkouwer, is die Reformatoriese polemiek met Rome om aan te dui dat daar met die institusionele beskouing oor die Kerk, nie tot die korrekte gevolgtrekking gekom kan word oor die realiteit van die Kerk van Jesus Christus nie, soos dit ook reeds vroeër by Bavinck opgemerk is.

Dan vervolg Berkouwer (1970:42):

> **Daarmee werd niet bedoeld een vlucht uit de zichtbaarheid in de onzichtbaarheid - in een docetische, onaardse ecclesiologie - maar een herinnering aan het wezen van de kerk als congregatio fidelium in de gemeenschap met Christus door de Geest.**

Hy sê voorts (p. 42) dat die bedoeling nie was om twee kerke te veronderstel nie - die Reformatore het dit telkens afgewys. Dan bespreek hy die verhouding van die *ecclesia invisibilis* met betrekking tot die *ecclesia visibilis*. Hy reken daar is pogings aangewend om 'n "oplossing" te probeer vind deur die spanning van skuld en verdeeldheid voor die deur van die sigbare Kerk te lê. Sodoende word die onsigbare Kerk gerusgestel omdat daar nou sprake kom van 'n "onsigbare" eenheid. Dan verklaar hy (p. 43):

> **… de indruk werd gewekt - hier doemen de omtrekken van *twee* kerken op! - dat de zonde wel tot de zichtbare, maar niet tot de onzichtbare kerk was deurgedrongen.**

Twee sake vloei hieruit voort. Eerstens word daar die indruk gewek van *twee* Kerke, en tweedens dring hierdie dualiserende element gemaklik die ekklesiologie binne en word probleemloos verbind met die eskatologiese motief wat nou aanvaar word, dat

die reeds bestaande maar verborge en onsigbare eenheid nie in hierdie wêreld nie, maar eers in die toekoms geopenbaar sal word (p. 43).

**Hendrikus Berkhof** (1979:398-399) het ook die gedagte van die onsigbare Kerk afgewys:

> **An "invisible church" is a contradiction in terms. What was meant by it either was no church (the *numerus praedestinorum* as such does not produce communion with each other) or was not invisible (the groups of like-minded people in the pietistic movements).**

En verder:

> **We see now that the theologians dreamed of the invisible church as fulfilling all those desires that could not be realized in the national churches.**

Ek meen dat Van Genderen & Velema (1992:640) in 'n voetnootdie korrekte opsomming gee:

> **De inhoud van de begrippen 'zichtbare kerk' en 'onzichtbare kerk' wordt verschillend aangegeven. Ook daarom munt deze terminologie niet uit in duidelijkheid.**

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Indien die opvatting van die onsigbare en die sigbare Kerk algemeen aanvaar kon word, sou dit as 'n goeie basis kon dien vir die eenheid van die Kerk. Dit sou 'n droom kon bewaarheid (vgl. H. Berkhof hierbo), dat daar tot 'n teologiese oplossing gekom kan word dat die eenheid in die onsigbare Kerk sou lê met die uitverkiesing as grondslag. My mening is egter dat dit nie haalbaar is nie, omdat die pluriformiteitsleer nie 'n oplossing bied vir eenheid van die Kerk nie.

Oor die begrip van die onsigbare en die sigbare Kerk vanaf die tyd van Calvyn, word al byna vyf eeue besin in Gereformeerde teologiese kringe. Oor die pluriformiteitsleer (later meer hieroor) word, vanaf die tyd van Abraham Kuyper, vir meer as 'n eeu lank besin. Wanneer in ag geneem word dat dit eeue se nadenke deur die beste teoloë in beslag geneem het, en daar nog nie tot klarigheid gekom

kon word oor die eenheid van die Kerk met híérdie grondslag nie, is die logiese gevolgtrekking dat die eenheid van die Kerk langs ander weë bereik moet word.

Een prominente Gereformeerde teoloog, nl. J H Bavinck (later meer hieroor), het wél 'n gedeelte in sy boek afgestaan aan die Gees-eenheid (ook ongeveer 'n eeu gelede). Dit moet as 'n leemte gesien word dat sodanige denke oor eenheid nie soveel aandag gekry het soos bv. die pluriformiteitsleer nie. Wanneer die Kerk bely: "Ek glo in die Heilige Gees", moet daar tog ruimte wees vir die volle werk van die Heilige Gees. In hierdie opsig ly die allernoodsaaklike beskouing oor Gees-eenheid groot skade in Gereformeerde kringe.

Alhoewel daar verskillende teoloë is wat die opvatting van die onsigbare en sigbare Kerk afwys, is daar talle ander wat dié standpunt steeds huldig. Vergelyk hieronder:

1) Van der Dussen, P.E. Weberf (2004), *Die onsigbare en sigbare ware kerk* in "Die Kerkblad", Jaargang 8 No. 2 Maart 2004.

2) Anon (2008). *Die Sigbare en Onsigbare Kerk* in "Die Olielamp" 1 Jaargang 2/ Nr. 2 Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

3) Saayman, C. Webwerf (2006), Bybelstudie oor die Nederlandse geloofsbelydenis Artikel 27: Die kerk as versamelde kudde.

4) Williams, H. H. Webwerf (2006), Doktorale tesis: J A Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Apartheid.

### 3.2 Die Pluriformiteitsleer

Hierdie begrip wat nóú saamhang met die vorige bespreking oor die onsigbare en sigbare Kerk, sal nou kortliks onder bespreking kom in die soeke na eenheid by Gereformeerde denkers. Omdat dit in hierdie proefskrif gaan oor Gees-eenheid, sal deurgaans gesoek word na raakpunte op weg na Gees-eenheid. Dit is dus nie nodig om 'n breedvoerige bespreking oor die pluriformiteitsleer te gee nie.

In verskillende fases van die geskiedenis van die Kerk, sê Berkouwer (1970:61) het daar ‘n bepaalde “paradoksaliteit” tussen eenheid en verdeeldheid bestaan. Dan vervolg hy (p. 61):

> **In allerlei ecclesiologiche beschouwingen werd meermalen getracht de spanningen te matigen door de eenheid te accentueren in een vlucht naar het eschaton of naar de alles overkoepelende ecclesia invisibilis. In zulke pogingen lag het duidelijke gevaar, dat het uitzicht op de kerk als kudde van de goede Herder verloren ging of althans vervaagde.**

Om hierdie gevaar te bowe te kom, meen Berkouwer dat die oplossing in die pluriformiteitsleer te vinde is (p. 61). Ook Van Genderen & Velema (1992:646) meen dat Kuyper in die veelheid van kerke ‘n bewys van die Christelike lewe en ‘n openbaring van God soek:

> **Het was een ontwikkeling waartoe het wel moest komen. Hij maakte van de nood van verdeeldheid eigenlijk een deugd! Het idealisme van de negentiende eeuw heeft een stempel op zijn leer gezet.**

Dit bring mee dat Kuyper ‘n ernstige soeke na eenheid van die Kerk gehad het, maar op ‘n heel ander manier as in die tyd waarin hy geleef het. Om hierby uit te kom, het hy die pluriformiteitsleer ontwikkel. By die siening van die onsigbare en die sigbare Kerk was daar die neiging om eenheid te sien in die onsigbare Kerk. Hiervolgens sou die eenheid maklik verplaas kon word na die toekoms, die eskatologie waar dit eendag sal realiseer. Met die begrip “pluriformiteit” word ‘n poging aangewend om die eenheid reeds in die sigbare Kerk te realiseer (Berkouwer, 1970:61).

Kuyper se pluriformiteitsleer het ontstaan uit die agtergrond van die verval in die Nederlandse Hervormde Kerk wat as volkskerk bestaan het in sy dag. Dit was dan ook die volkskerk, wat ‘n groot menigte mense bevat het wat om tradisionele redes tot die kerk behoort het sonder dat hulle in die geestelike lewe van die ware Kerk gedeel het. Daar het dus ‘n onnatuurlike en valse eenheid geheers, omdat Kerk en wêreld vermeng het. Kuyper het daarom een begeerte gehad en dit was om van die volkskerk met sy valse en ongeestelike eenheid af weg te kom in ‘n soeke na ware geestelike eenheid van egte gelowiges. Omdat dit egter onmoontlik was om die volkskerk te verander of te vernuwe sodat dit weer ‘n suiwer Kerk van Jesus Christus

kon wees, wou hy dit liewer prysgee. Hy het egter ook nie kans gesien om summier van die volkskerk weg te skeur nie (Vgl. Jonker 1989:13). Jonker verwys na die geskrifte van Kuyper en som soos volg op (p. 13):

> **Daarom sien hy slegs één oplossing: die volkskerk moet opgelos word in 'n aantal vrye kerke wat gevorm word deur diegene wat van dieselfde oortuiging en gevoel is. In sy studie *Tractaat van de reformatie der kerken* (1884) werk hy die strategie uitvoerig uit wat daarby gevolg moet word, sodat daar nie sprake is van die stigting van 'n nuwe kerk nie, maar van die reformasie van die bestaande. Daarby het hy veral op die oog dat kerkrade tot reformasie moet oorgaan deur hulle van die bestaande organisasie van die volkskerk los te maak en tot die instelling van 'n nuwe *kerkverband* te kom, wat vir sy besef iets anders is as *afskeiding* van die bestaande kerk.**

Kuyper was verder ook van mening dat die een volkskerk deur opsplitsing verskillende kerkgroeperinge kon vorm, elkeen met gelowiges wat dieselfde beginsels onderskryf, maar steeds binne die een Kerk. Die eenheid sou egter nie hierdeur in gedrang kom nie, omdat dit in die eerste plek vir Kuyper iets onsigbaars was. Selfs die sigbare eenheid word eers eskatologies gerealiseer. Die eenheid waarvoor Jesus in Jh 17 gebid het, is dan ook nie die eenheid van die Kerk nie, maar die eenheid van die lede onderling. Hulle geestelike eenheid hoef egter nie in een Kerk uitdrukking te vind nie (p. 14-15). Jonker (p. 15) som Kuyper se mening so op:

> **Dit is die lis van die sonde en die boosheid om die mens te verlei om reeds hier op aarde die ideaal van eenheid te wil bereik. Die eenheidstrewe van die moderne lewe is selfs 'n vloek, want dit beoog 'n valse eenheid wat die verskeidenheid dooddruk en alles nilliveer. Terwyl God bedoel dat daar in sy skepping 'n harmonie tussen al die verskeidenhede moet bestaan, wil die valse eenheidstrewe juis alle verskeidenheid wegskaaf en vryheid vernietig.**

Jonker meen verder (p. 16) dat die Skrif tóg eenheid leer en dat Kuyper in sy verdediging van die pluriformiteitsleer hom deurgaans op die geskiedenis beroep, waar verdeeldheid van die Kerk duidelik is, en hy dus nie vanuit die Skrif tot sy standpunt van pluriformiteit gekom het nie.

Berkouwer (1970:61) neem kennis van die “véélheid van kerken”, maar verduidelik die pluriformiteit van die Kerk soos volg:

> **Bij “pluriformiteit’ worden we direct gedwongen niet in één richting te staren, maar onze ogen te openen voor het vele en het veelvormige. Bovendien impliceert het begrip pluriformiteit, dat er eigenlijk en ten diepste beschouwd, slechts van één kerk sprake is - het vanzelfsprekende enkelvoud - zodat men meestal niet van een te constateren pluraliteit van kerken spreekt, maar van pluriformiteit der kerk.**

Hiermee wys hy kerkisme af, waar een kerk homself verhef as dié kerk wat die eksklusiewe waarheid het, terwyl alle ander kerke as verkeerd beskou word (p. 62). Die pluriformiteitsleer is dus nie op die verskeidenheid van kerke gerig om daardeur eenheid tussen kerke te bevorder nie, maar sou eerder kon aandui dat ál bestaan daar verskeie kerke binne die één Kerk, in Kuyper se denke die massakerk of volkskerk, dit tog oorkoepelend kan spreek van eenheid.

Anders as Berkouwer wys Schilder die pluriformiteitsleer van Kuyper af, en sê dit lei tot relativisme wat berus op verdeeldheid. (Vgl. Webwerf *Kerkgeschiedenis*, Martijn de Groot:2008). Later meer hieroor.

## 4. Pentekostalisties-Charismatiese denke

Aangesien hierdie proefskrif fokus op die Heilige Gees en eenheid van die Kerk, word in hierdie afdeling gesoek na spore van Gees-eenheid. Omdat hierdie soeke nie ‘n poging tot geskiedskrywing is nie, sal hier slegs oorsigtelik kennis geneem word van die ontstaan en invloed van beide die moderne Pinksterbeweging en die daaruit voortvloeiende Charismatiese Beweging[26].

Die moderne Pinksterbeweging het volgens geskiedskrywers aan die begin van die twintigste eeu ontstaan. Dit word egter deur sommige ander geskiedskrywers betwis of dit in ‘n swart kerk in Los Angeles ontstaan het (Hamilton, 1977:145). Omdat dit

[26] Omdat die Pentekostalistiese en Charismatiese Bewegings so nou verwant is, en vir alle praktiese doeleindes van hierdie proefskrif, sal voortaan die begrip “Pentekostalisme” gebruik word om na beide hierdie Bewegings te verwys. Die Charismatiese Beweging staan in elk geval ook bekend as die “Neo-Pentekostalisme”.

nie van soveel belang vir hierdie studie is nie, sal volstaan word met Hamilton (177:145) se verduideliking:

> **But however that debate is decided, it is at least indisputable that the so-called "Azusa Street Revival" of 1906-8 gave critical impetus to a religious phenomenon that has spread throughout the world.**

Verskeie faktore wat nie hier van belang is nie, het meegewerk tot die opbou en uitbreek van ‘n noemenswaardige geestelike verskynsel wat oor die wêreld heen versprei het. (Vgl. Du Plessis, 1984:1-5; Lederle, 1983:89-97; Gaybba, 1979:109-119; Meyer, 1969:281-283).

Die Charismatiese Beweging, wat verwant is aan die Pinksterbeweging, het na alle waarskynlikheid ontstaan met die dramatiese verskyning van glossolalie binne die Episkopaalse gemeente in Van Nuys, Kalifornië gedurende 1960 (vgl. Lederle, 1983:109). Daar was egter ook, soos by die Pinksterbeweging, ‘n sekere aanloop tot die uitbreek van die Charismatiese Beweging (Lederle, p. 109). Eerstens was daar die genesingsveldtogte van William Branham en Oral Roberts. Tweedens, die *Full Gospel Business Fellowship International*, ‘n lekebeweging, gestig in 1951, se aandeel. Derdens, David du Plessis, bekend as *Mr Pentecost*, se "one-man crusade" wat hom geroepe gevoel het om die Pinkster-evangelie tot die historiese kerke en die ekumeniese kringe te bring. Vierdens was daar David Wilkerson se boek *The cross and the switchblade* sowel as John Sherrill se *They speak with other tongues*. Vyfdens kan die *Jesus Movement* van die sestigerjare genoem word.

In werklikheid was daar ‘n soeke na die "doop in die Heilige Gees" vir alle gelowiges, sowel as die gawes van die Gees, en hierdeur sou ‘n bepaalde Gees-eenheid tot stand kom.

## 5. Moderne Ekumeniese Teologie

Die agtergrond van hierdie teologiese tendense is die Ekumeniese Beweging met die ekumeniese teologie, en pogings om eenheid te bevorder. ‘n Volledige teologiese bespreking volg in Afd. IV.

### 5.1 Inleidende opmerkings

Die ekumeniese teologie spruit voort uit die dokumente van Vaticanum II. Die Rooms-Katolieke Kerk het met hierdie konsilie die weg gebaan vir gesprekvoering. Hiermee wou Rome die Kerk verenig. Volgens Abbott (soos aangehaal deur König, 1975:84), het die Rooms-Katolieke Kerk gereeld gebid vir eenheid. Hy stel dit so:

> **Each year in January, for many decades, Roman Catholics have offered eight days of prayer for Church unity. Until 1959, the general idea behind those days of prayer, January 18-25, was the hope that Protestants would return to the one true Church, and that the Orthodox schism would end. Throughout those same decades, Protestants became more and more involved in what had come to be called the ecumenical movement. The development of the World Council of Churches, the growth of national and world-wide groupings of Protestant Churches, the mergers of Churches - all these expressed a groping toward unity.**

Daarna, sê Abbott, het Pous Johannes XXIII op 25 Januarie 1959 aangekondig dat hy 'n konsilie (Vaticanum II) gaan byeenroep.

Alhoewel die Rooms-Katolieke Kerk eers in ongeveer 606 n.C. ontstaan het, voer hulle hul wortels terug na die apostel Petrus en voer hulle aan dat Petrus die eerste pous van die Kerk was. Hoe dit ook al sy, die Kerk van Jesus Christus kan teruggevoer word na die N.T. en dit skyn asof daar nie vanaf daardie tyd verskillende denominasies was nie. Die Kerk was dus tóg in hierdie sin 'n eenheid. Vanuit die vroeë Kerk het daar later skeiding gekom tussen die Ooste en die Weste waarna die Oosters-Ortodokse Kerk met Konstantinopel as hoofkantoor gevorm is en die Rooms-Katolieke Kerk met Rome as hoofkantoor in die Weste.

Daarna, gedurende die sestiende eeu, het daar 'n verdere skeiding gekom met die Protestantse Beweging met leiers soos Luther, Calvyn en Zwingli. Ná die Protestantse Beweging het daar talle ander denominasies ontstaan tot waar die Kerk vandag is.

König (1975:1-123) gee 'n volledige bespreking van die Ortodokse teologie, die Rooms-Katolieke teologie (voor en na Vatikanum II) en die Ekumeniese teologie.

Aan die hand van hierdie studie sal vervolgens sekere opmerkings en daaropvolgende toepaslike konklusies gemaak word.

Die Vatikaanstad is die sentrum van die Rooms-Katolieke teologie. Die Vatikaanstad was vroeër deel van Rome, maar het later ‘n onafhanklike staat geword, die kleinste in die wêreld. Die pous en die kurie (staatsdiens) is hier gesetel. Die konsilies (kerklike of sinodale vergaderings) het vroeër op verskillende plekke plaasgevind, maar die laaste twee konsilies het in die Vatikaanstad plaasgevind. So ‘n konsilie bestaan uit al die biskoppe van oor die wêreld. Die eerste konsilie is genoem Vaticanum I wat in 1870 plaasgevind het, en die tweede Vaticanum II wat gedurende 1962-1965 plaasgevind het. Gedurende laasgenoemde konsilie was 2 500 biskoppe teenwoordig.

Vatikanum II sou ‘n hele nuwe denkrigting inlui in die Rooms-Katolieke Kerk. Vernuwingstrominge het reeds vanaf 1920 begin, waarvan sommige meer positief en ander meer negatief was. Pous Johannes XXIII het in 1959 bekend gemaak dat hy ‘n konsilie gaan byeenroep. Alhoewel hy self nie ‘n teoloog van formaat was nie, was hy tog oop vir positiewe vernuwingsklanke in die Kerk. Daar was bv. die sogenaamde nuwe teologie en die heilshistoriese teologie wat veral onder die jonger teoloë posgevat het wat onder die invloed van Protestantse teoloë gekom het, soos O. Cullmann en Karl Barth. Hulle was ook in kontak met lg. teoloë. Die Rooms-Katolieke teoloë was nou gereed om weg te beweeg van die tradisionele teoloog, Thomas van Aquino (oorlede 1274), die belangrikste vader van die Rooms-Katolieke teologie tot op Vaticanum II. Met die vernuwing in Rooms-Katolieke denke het daar pragtige teologiese ontwerpe na vore gekom. König (1975:52) bespreek dan ook sewe kenmerke van o.a. die heilshistoriese teologie, t.w. Christosentriese teologie, Pneumatologiese teologie, Kerklike teologie, Sakramentele teologie, Eskatologiese teologie, Antropologiese teologie, Kerugmatiese en Pastorale teologie. Hierdie vernuwende denke het die Rooms-Katolieke Kerk nader gebring aan die Protestantse Beweging en het vervolgens die weg gebaan vir die Ekumeniese Beweging.

Van belang is dat die Wêreldraad van Kerke in 1948 in Amsterdam (Nederland) gestig is. Dit was ook ‘n beweging na eenheid omdat talle kerke wêreldwyd lede geword het.

König (1975:71) som soos volg op:

> **Die belangrikste rede waarom Vat. II in so ‘n groot mate aanvaarbaar is vir nie-Katolieke en so ‘n breë instemming onder veral Protestantse teoloë ontlok het, lê opgesluit in die feit dat ‘n egte ekumeniese teologie in groot mate tot sy reg gekom het in die dokumente van hierdie konsilie.**

## 5.2 Ekumeniese Teologie: ‘n Kort samevatting van die teologiese verhouding tussen Rooms-Katolisisme en Protestantisme

Hierdie bespreking sal inderdaad ‘n kort samevatting wees, omdat die fokus van ons studie nie op die Ekumeniese teologie val nie. Daar sal dus net hiervan kennis geneem word met die oog op verdere uitbouing van die relevante studieveld.

Aan die hand van König (1975:58-64) word vervolgens aandag gegee aan die geskiedenis van die teologiese verhouding tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantisme. Hierdie geskiedenis kan in vyf dele verdeel word:

### 5.2.1 Die tradisionele kontroversteologie

Met die breuk wat daar ontstaan het tussen Rome en die Reformasie is daar van beide kante (soms erg) bedekte pogings aangewend om die eenheid te herstel. Dit is aanvanklik gedoen deur die sg. kontroversteologie. Daar is dan lang en skerp debatte en dispute gevoer, mondelings en skriftelik. In so ‘n kontrovers sou die teoloog sy eie standpunt inneem, dit probeer regverdig deur die teenstander se belydenis en leer te weerlê. Direkte konfrontasie was die gevolg. Daar is van die standpunt uitgegaan dat die breuk van die Kerk slegs op een manier opgelos kan word, en dit is dat die teenstander tot bekering moes kom nadat hy van sy bose en dwaalweg oortuig is deur argumente wat ter tafel gelê is.

Die positiewe wat hieruit waarneembaar is, is die diepe erns waarmee die openbaring, die Kerk en die waarheid benader is. Hulle het dus erns gemaak met hulle oortuigings wat hulle as die absolute waarheid aanvaar het en het hulle standpunte met alle mag verdedig. Negatiewe gevolge van die kontroversteologie was egter die eensydige nadruk op die leer en op leerverskille en dit het die rasionaliseringsproses bevorder wat uiteindelik uitgeloop het op die oppervlakkige intellektualisme van die Aufklärung (Verligting). Verder was hulle onversoenlike houding nie bevorderlik vir die oplossing van geskille nie. Dit sou nie bevorderlik wees vir eenheid nie.

### 5.2.2 Die ireniese benadering

Die begrip "ireniese" word afgelei van die Griekse woord **εἰρήνη** wat *vrede* beteken. Dit beteken letterlik die vredesbenadering. Gedurende die laaste helfte van die 17de eeu het 'n algemene gesindheid ontwikkel wat die leer op die agtergrond geskuif het en meer klem gelê het op die suiwere lewe. Miskien kon hierdie benadering meer bevorderlik wees vir eenheid.

### 5.2.3 Die indifferente benadering

Hierdie benadering word hoofsaaklik in die 19de eeu aangetref. Die verskillende konfessies is beskou as afsonderlike uitdrukkinge van dieselfde waarheid. Die konfessies is pogings om Christelike idealisme uit verskillende hoeke te belig. Die verskillende simbole of belydenisskrifte word ontleed en verduidelik sonder om werklik betrokke te raak. Daarom indifferent.

### 5.2.4 Moderne kontroversteologie

Dit het ontstaan aan die begin van die 20ste eeu en het van die tradisionele kontroversteologie daarin verskil dat dit van ander metodes gebruik gemaak het. Dit gaan hier opnuut om die *waarheid*, die suiwere evangelie. Maar hierdie teoloë poog nie om die teenstanders verkeerd te bewys en die eie teologie te regverdig nie. Hulle

benadering is nou om ‘n egte teologiese gesprek te beoefen waarin die ander ernstig opgeneem word en hulle is selfs bereid om na die ander te luister en van hulle te leer. Belangrike teoloë hier is Karl Barth, Wilhelm Niesel en P. Meinholdt.

### 5.2.5 Ekumeniese simboliek

König (1975:62) beskryf hierdie benadering so:

> **Hierdie metode probeer twee uiterstes vermy: die verabsolutering van die eie konfessie as enigste norm (tradisionele kontroversteologie), en andersyds die volkome relativering van alle belydenisse as gelykwaardige benaderings van die een waarheid (bv. die ireniese benadering).**

Die een party stel hom nou oop vir die positiewe waarde van die onderskeid van die ander. Die een sluit nou nie meer die ander uit die Kerk uit vanweë sy andersheid nie, maar aanvaar hom nou met sy andersheid en dat hy deel in dieselfde geloof in Jesus Christus. Hieroor sê König (1975:63):

> **Hierdie benadering behels een basiese probleem: die norm of maatstaf. Alhoewel ‘n kerk of teoloog <u>ver</u> kan gaan wat betref bereidheid om verskille te aanvaar en sy eie konfessie aan kritiek te onderwerp (veral in die sin dat dit nog onvolledig is of nie duidelik genoeg nie), <u>kom daar ‘n grens wat ‘n kerk nie kan oorskry sonder om homself daardeur prys te gee nie.</u>**

Die verskille kan dus blootgelê word, maar nie heeltemal uit die weg geruim word nie.

## 5.3 Ekumeniese Teologie: ‘n kort samevatting van die inhoud

Die grondslag van die Ekumeniese teologie is die gebed van Jesus Christus dat die Kerk een sal wees soos die Vader en die Seun een is (Jh 17:20-23). Daar is wel diegene wat hulle versoen met die verskeurdheid van die Kerk, moontlik as gevolg van die feit dat hulle van kindsbeen af aanvaar het dat daar verskillende kerke is. Diesulkes vind dan ook ‘n verklaring vir die verskeurdheid, soos bv. groter verskeidenheid, ryker belewenis van genade, verskillende volke, tale en kulture. Aan

die ander kant is daar diegene wat hulle deur die Woord alleen wil laat lei en dan op grond van Jh 17 ontsteld kan wees oor die verskeurdheid van die Kerk. Die verskillende beelde van die Kerk toon aan dat daar maar één bruid, één tempel, één liggaam, één volk van God kan wees met één Hoof van die Kerk. Die ontsteltenis van Calvyn kan dan begryp word dat meer as een Kerk ook meer as een Christus kan beteken, wat tog onmoontlik is, omdat Christus nie verdeeld is nie!

‘n Verdere belangrike saak vir die Ekumeniese teologie is dat hierdie eenheid gegee is en nooit volkome verbreek kan word nie. Selfs skeuring verbreek ook nie die eenheid nie, maar kerkskeuring word aanvaar as sonde. Tog is Jesus Christus die versoening vir ons sondes. Hy het die sonde van die wêreld (én van die Kerk, d.i. ook kerkskeuring) op Hom geneem. Sonde, ook die sonde van kerkskeuring, is versoende sonde. Net soos persoonlike sonde die verhouding (kindskap) nie kan vernietig nie, so kan ook die sonde van kerkskeuring nie die Kerk se verhouding tot Christus vernietig nie. Ondanks kerkskeuring en kerkverdeeldheid bly die eenheid van die Kerk nog voortbestaan. So bestaan daar steeds ‘n eenheid tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantisme. Die rede hiervoor is dat daar sóveel leerstukke is (bv. triniteit, twee nature van Christus, e.a.) waaroor daar saamgestem word. Verder het almal ook nog één Here, staan onder één Gees, en ontvang één doop, wat oor en weer erken word. Hierdie lyn kan ook deurgetrek word tussen verskillende kerkgenootskappe. Die eenheid is nie heeltemal verbreek nie.

Ekumeniese teologie sal nie probeer om ‘n nuwe eenheid uit te werk nie, want daar is maar één eenheid, en dit is die gegewe eenheid. Die Ekumeniese teologie sal poog om hierdie eenheid uit te bou sodat verskillende kerke weer in volle geloofsgemeenskap met mekaar kan verkeer en om die Kerk weer volle gestalte te gee in die wêreld.

My mening is dat Ekumeniese teologie ook nie as oplossing vir die probleem sal aanvaar dat daar ‘n onsigbare Kerk is nie, want daar is nie ‘n onsigbare Kerk nie. Die Kerk is sigbaar in verskillende kerkgenootskappe. Die Kerk bestaan uit sigbare mense wat sigbaar bymekaar kom vir eredienste, met ‘n sigbare kerkregering en ‘n sigbare liturgie. Die argument kan moontlik aangevoer word dat die Kerk die Liggaam van Christus is wat nie sigbaar gemaak word nie, omdat dit slegs deur die

geloof aanvaar word. Gelowiges word egter deur die Heilige Gees só verander dat hulle anders lewe as ongelowiges. Hierdie heilige lewe deur die Heilige Gees word dan júís sigbaar. Vanweë ons sonde kom hierdie heiligheid egter nie altyd tot sy reg nie. So kom eenheid, ook vanweë ons sonde, nie altyd tot sy reg nie. Die sondige verskeurdheid van die Kerk kan dus nie verberg word agter ‘n opvatting van die onsigbaarheid van die Kerk nie. Die Kerk moet deur sy heiligheid sigbaar word in hierdie wêreld.

Daarom sal die Ekumeniese teologie wél die suiwerheid van die Kerk voor oë hou. Daar kan egter ‘n situasie ontstaan waar gelowiges van die Kerk (of kerkgenootskap?) moet wegskeur, maar dan slegs omdat die Kerk opgehou het om Kerk te wees a.g.v. valse leerstellinge en sondige strukture. Wanneer die gelowiges wegskeur, is dit om suiwerheid te behou, en híérin is hulle die ware Kerk. Dit beteken egter nie dat daar ‘n nuwe Kerk kan ontstaan of gestig word nie. Die gelowiges kan ook nie werklik die Kerk bedank nie.

König (1975:70-71) som die Ekumeniese teologie op:

> **Die groot saak waarom dit in die ekumeniese teologie behoort te gaan, is dus nie die eie belydenis nie, ook nie net om die ander beter te verstaan nie (alhoewel dit as vanselfsprekend daaruit sal voortvloei), maar om ‘n gesamentlike dieper en breër insig in die openbaring van God wat sulke nuwe perspektiewe oopstel dat die kerke nie na mekaar toe beweeg nie (allermins almal terug na Rome of weg uit Rome), maar saam vorentoe na ‘n nuwe punt waar hulle deur hulle geloof in die een Here saam sal ervaar dat Hy hulle saambind in hul gemeenskaplike geloof en dat vorige verskille van minder belang sal word. Dit beteken dat ekumeniese teologie in die laaste instansie nie ‘n afsonderlike deel van die teologie is nie, maar ‘n metode, ‘n benaderingswyse waarmee die kerke saam op pad kan gaan.**

Soos reeds duidelik word by die aanhaling van Abbott hierbo, was die oogmerk van die Rooms-Katolieke Kerk ‘n strukturele eenheid, en kom daar min (indien enige) van die Gees-eenheid tot sy reg.

Met hierdie kort samevatting van die Ekumeniese teologie word dit duidelik dat goeie dinge ter sprake is m.b.t. die eenheid van die Kerk, alhoewel dit nie heeltemal in die studieveld van hierdie proefskrif val nie. Aan die hand van König is hierbo

kortliks aandag gegee aan die pad waarlangs die Ekumeniese teologie gekom het. Dit is egter nie vir my duidelik of König slegs aandag aan die ontwikkelingspad in Suid-Afrika gegee het, of die Ekumeniese teologie wêreldwyd, of slegs binne ‘n bepaalde kerkgenootskap of denkrigting (soos bv. die Gereformeerde denke) nie. Ek neem aan hy het bedoel om die ontwikkelingsgang van die Ekumeniese teologie wêreldwyd na te spoor, en dan wél tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse Kerke soos hierbo in die verbygaan aangetoon. Aangesien König sy werk voltooi het gedurende 1975, is daar nog veel meer om te sê oor die ontwikkeling van die Ekumeniese denke tot vandag toe – meer as drie dekades se interaksie tussen teoloë van verskillende denominasies.

Vervolgens sal ook kennis geneem word van verdere gebeure (ná 1975 soos hierbo deur König bespreek). Die Ekumeniese Beweging wil júís óók ander kerke insluit wat nie oorspronklik gereken is as deel van die Rooms-Katolieke Kerk of die Protestantse kerke nie, waaroor die samesprekings hierbo gegaan het. Die kerke wat ook nog verder betrek word by die Ekumeniese diskoerse, is bv. die Oosters-Ortodokse kerk en ook die Pinkster- en Charismatiese kerke. Die diskoerse het dus in die volgende drie dekades verder uitgebrei om ‘n almal-insluitende Ekumeniese Beweging te word.

Die Ekumeniese Beweging hang nóú saam met die Wêreldraad van Kerke. Alhoewel die Rooms-Katolieke Kerk nie lid is van die Wêreldraad van Kerke nie, is dié kerk ook lid van die *“Commission on Faith and Order”*, soos dit omskryf word op ‘n ander webwerf (Anon:2008c) *Commission on Faith and Order*:

> **The Faith and Order Movement is integral to the World Council of Churches. Its aim has always been, and still is, "to proclaim the oneness of the church of Jesus Christ and to call the churches to the goal of visible unity". The chief means of achieving this goal is through study programmes dealing with theological questions that divide the churches.**

Die teks vir bespreking van “*study programmes*” van hierdie “*Faith and Order Movement*” word dan so wyd moontlik na verskillende kerke versprei sodat daar wye bespreking kan plaasvind van sake wat verband hou met eenheid.

Omdat die Rooms-Katolieke Kerk nie lid is van die Wêreldraad van Kerke nie, het ook die “Joint Working Group” (JWG) tot stand gekom. Op ‘n webwerf (Anon:2008q) *Joint Working Group with the Roman Catholic Church* word dit soos volg omskryf:

> **Among those churches which are not members of the WCC, the most notable is the Roman Catholic Church (RCC). Since 1965 a Joint Working Group (JWG), co-sponsored by the WCC and the RCC, has met regularly to discuss issues of common interest and promote cooperation. Plenary meetings are held annually; an executive group meets twice in between. The director of the WCC programme "The WCC and the ecumenical movement in the 21st Century" serves as co-secretary for the JWG and helps to coordinate contact between the Council and the departments (or dicasteries) of the Vatican through the Pontifical Council for Promoting Christian Unity (PCPCU).**

Op ‘n webwerf (Raiser:1995), Thirty years in the service of ecumenical movement: the Joint Working Group between the Roman Catholic Church and the WCC, skryf hy soos volg oor die Ekumeniese Beweging en die ”Joint Working Group” (JWG):

> **In 1979 the JWG had confidently proposed to its parent bodies that three areas of concrete and visible collaboration could be taken up immediately, since they represented equally pressing concerns for both sides: the International Year of Disabled Persons, human rights and religious liberty, and the armaments issue. A year later it had become clear that SODEPAX would not continue beyond the end of 1980. Since no new instrumentality had yet been developed, the three suggestions remained without immediate follow-up. Another interim structure, the Joint Consultative Group on Social Thought and Action, focused first on development, peace and human rights, later turning its attention to racism and apartheid (1985-87). With the agreement of its parent bodies, its mandate ended in 1988. One small but visible result of these efforts was a volume containing official RCC and WCC statements on peace and disarmament, published jointly by the Pontifical Commission Justice and Peace and the WCC's Commission of the Churches on International Affairs.**

Omdat hierin nie enige tekens van Gees-eenheid gesien word nie, vind ek dit nie nodig om verder kommentaar te lewer oor hierdie voortgang van bogenoemde aspekte met betrekking tot die Ekumeniese denke nie.

Op ‘n webwerf (Anon: 2008a), *Assemblies of the World Council of Churches*, word soos volg berig oor die Ekumeniese Beweging en die Wêreldraad van Kerke:

> **The ecumenical movement is multifaceted. It is driven by bi-lateral and multi-lateral conversations among the churches. It is driven today by intra-Christian conversation as well as inter-faith conversations. Different aspects have, at times, been raised up, such as spiritual ecumenical, theological ecumenism, and ecclesiastical ecumenism. Despite this diversity of movement, much of the ecumenical movement finds itself organized around the periodic General Assemblies of the World Council of Churches. For a complete description, see the website of the World Council of Churches.**

Wieser (2000:250-254) gee ‘n historiese oorsig oor die Ekumeniese Beweging, in samewerking met die Wêreldraad van Kerke. Die laaste drie dekades was die besprekingspunte eerstens die rassekwessie (1969). Dit was na die besluit van die Wêreldraad van Kerke (1968) "to promote new efforts to eliminate racism". Dit is waar Suid-Afrika onder skoot gekom het as gevolg van die Apartheidsbeleid (vgl. Afd. IV.C.3.2) m.b.t. die “teologiese regverdiging” van die Apartheidsbeleid). Hierna, in die vroeë 1970’s, het die bespreking gehandel oor seksisme. Wieser (2000:250) skryf soos volg:

> **In the early 1970s the WCC would also face the challenge of sexism. The role of women in church and society, already discussed at the Amsterdam assembly, had its kairos moment in the early 1970s, leading to the 1974 Berlin conference on sexism. The challenge was kept before the churches by study programmes, international conferences and more recently by a decade-long emphasis on the Churches in Solidarity with Women, concluding at the assembly in 1998.**

Vervolgens moes daar besin word oor die *oikos*, die huishouding van God. Hierdie metafoor plaas die fokus op mense en hulle verhoudinge, sowel as hulle vermoë en onvermoë om saam te bestaan. So kon daar byvoorbeeld besin word oor verskillende rassegroepe, oor hulle worsteling met rassisme, en hoe hulle kon aanvaar om in die groter huishouding te kon saamleef. Dan sê Wieser (p. 251):

> **The ecumenical history of the last 25 years must be understood in the light of this kairos.**

Die afgelope 25 jaar, sê Wieser, word ook gekenmerk deur ‘n neiging “om terug te keer tot die geloof”, en weg te keer van “sekulêre ekumenisme”. Hier, meen Wieser, val die fokus aan die kruis, wat altyd die middelpunt van die Christelike geloof was in die ekumeniese besprekings. Wat verder belangrik is, is God se onbeperkte liefde

en die prys wat betaal is vir sonde. Hier is die prys van dissipelskap belangrik (p. 253).

In bogenoemde opsomming word niks gevind oor Gees-eenheid in veertig jaar se Ekumeniese samesyn nie. Altans, daarop word geen klem gelê nie, asof dit nie so belangrik geag word vir eenheid nie. Tog is daar by sommige ander skrywers ‘n behoefte, ‘n verlange of versugting te bespeur om meer klem op die Heilige Gees te lê. Op ‘n webwerf, *The ecumenical movement in the 21st century - A contribution from the PCPCU*, skryf Kasper (2005) soos volg in hierdie verband:

> **At the beginning of the 21st century, the ecumenical movement needs a revitalised ecumenical vision, a renewed spirit and a new commitment by all partners. This does not mean devising unrealistic utopias of the future. Instead of staring at the impossible, and chafing against it, we need to live the already given communion, and do what is possible today. This is more than we actually normally do. By advancing in this realistic way, step by step, we may hope that, *<u>with the help of God’s Spirit</u>* who is always ready with surprises, we will find the way towards a common future.** (My kursivering en onderstreping).

Dan praat Kasper van “spiritual ecumenism”, maar kwalifiseer wat hy daarmee bedoel:

> **When we speak of spiritual ecumenism, we do not use this concept – which is unfortunately overused – to mean a spirituality that is vague, weak, merely sentimental, irrational and subjective, that does not take into account the objective Church tradition, or even ignores it. It does not mean any spirit but the Spirit of Jesus Christ, who confesses “Jesus is the Lord” (1 Cor 12:3). Spiritual ecumenism means therefore the teaching of Scripture, of the living tradition of the Church, and of the outcomes of ecumenical dialogues that have been personally and totally assimilated, filled with life, and becoming light and strength in our everyday life. Mere ecumenical activism becomes a soulless bureaucracy and is destined to exhaust itself; mere academic debate among experts, no matter how important it may be, escapes the ‘normal’ faithful and touches only the margin of their hearts and lives. We can only expand the ecumenical movement by deepening it.**

Dan konkludeer hy oor die vordering en verdere verwagtinge van die Ekumeniese Beweging:

> **In order to start with renewed enthusiasm and energy in the new century we have to clarify the foundations, the vision, the ways and the practice of the ecumenical movement; above all, there is a need *for spiritual ecumenism.*** (*My kursivering en onderstreping*).

En verder:

> **Ecumenical activities not grounded in spiritual ecumenism will very soon become a soulless routine, whereas spiritual ecumenism will lead us to the conviction that who has initiated the whole ecumenical movement, is faithful and will bring it to its fulfilment. With this hope we can start with courage and with confidence in the 21st century. We hope, with God's help, it will be an ecumenical century.**

Hy lê ook klem op "spiritual ecumenism" en gebed, met verwysing na Jesus se gebed in Jh 17.

In die *Ecumenical Review* (Raiser 1989:375-387) het daar 'n artikel verskyn: *The Holy Spirit in modern ecumenical thought*. Hy verklaar soos volg:

> **The doctrine of the Holy Spirit is a case in point. For a long time, the need did not seem to be felt in the ecumenical movement to enter more fully into a discussion of pneumatology. The strong Christocentric orientation coupled with a fresh affirmation of the church occupied all the attention. As a consequence of increasing Orthodox participation in the ecumenical discussion the emphases have begun to change since the early 1960s.**

Alhoewel die rol van die Heilige Gees in Ekumeniese denke nog tot op hierdie stadium in sy kinderskoene gestaan het, is dit vir Raiser verblydend dat die tema vir die 9de Konferensie van die Wêreldraad van Kerke te Canberra (1991) gekies is as: "Come Holy Spirit - renew the whole creation." Op 'n webwerf (Anon:2008a), *Assemblies of the World Council of Churches*, word die temas gegee van die Wêreldraad van Kerke se Algemene Konferensies:

(1) Amsterdam, 1948: "Man's Disorder and God's Design."
(2) Evanston, 1954: "Christ -The Hope of the World."
(3) New Delhi,1961: "Christ, the Light of the World."
(4) Uppsala,1968: "Behold, I Make all Things New."

(5) Nairobi,1975: "Jesus Christ Frees and Unites."

(6) Vancouver,1983: "Jesus Christ - the Life of the World."

(7) Canberra,1991: **"Come Holy Spirit - Renew the Whole Creation."**

(8) Harare, 1998: "Turn to God - Rejoice in Hope".

(9) Porto Alegre, Brazil (14-23 February 2006): "God, in your grace, transform the world."

Die Konferensie te Canberra is die enigste waar die Heilige Gees so prominent genoem word in die tema. Hiermee is die verwagting geskep dat die fokus in Ekumeniese denke sou val op die Heilige Gees.

Na 'n lang bespreking oor die Heilige Gees in dié verband, kom Raiser nie tot by die werklike eenheid van die Kerk in die Heilige Gees nie. Dit wil vir my voorkom asof dit slegs teorie bly en nie in die praktyk tot volle werklikheid kom nie. Dan haal Raiser (1989) ook vir Stanley Samartha aan:

> **... it seems as if, after a long period of neglect, the question of the Holy Spirit and *people of other faiths* is only now beginning to enter into the spiritual consciousness of people. …And the question of the Holy Spirit must inevitably lead to the doctrine of God himself and of the Trinity in far more inclusive ways than Christian theology has done before. It must take into account the unknowability, the incomprehensibleness, and the mystery of God and the work of his Spirit among others no less than his revelation in Jesus Christ through the Holy Spirit. *(My kursivering en onderstreping)*.**

Dit is hierdie "mense van ander gelowe" by die Canberra Konferensie wat kommerwekkend is. Op 'n webwerf (Anon:2008m), *From Ecumenism to the "New Age"*: *Vision of a World Religion and the Responsibility of the Orthodox Christian Information Center"*, word 'n breedvoerige bespreking gegee van die "mense van ander gelowe" wat nie slegs hierdie byeenkoms bygewoon het nie, maar ook aktief met heidense gebruike en al, deelgeneem het aan die aanbiddingsdiens saam met Christene van verskillende kerke. Daar het 'n absolute vermenging van godsdiens plaasgevind. En dit moes pas by die tema van die vergadering: "Come Holy Spirit - renew the whole creation".

So ‘n deelname en eenheid onder die naam van die Heilige Gees moet met weersin afgewys word. Vir Raiser (1989) sou die byeenkoms nog plaasvind. Met bogenoemde bespreking het die byeenkoms rééds plaasgevind. Raiser het dus nie deel gehad aan die negatiewe dinge wat daar plaasgevind het nie, maar het nog met verwagting uitgesien na die rol wat die Heilige Gees kon vervul om eenheid in die Kerk teweeg te bring.

Op ‘n webwerf (Malan:2008), *Valse Voorstellings van Jesus deur prof. J S Malan* word die volgende gevind:

> **Op die 1991 konferensie in Canberra, Australië, is gesê dat 'n versoenende benadering deur die Christelike godsdiens gevolg moet word. Geregtigheid en vrede moet oral bevorder word. Daar is beklemtoon dat dit 'n intergeloofsaksie sal moet wees, omdat een godsdiens alleen nooit vrede in 'n troebel en verdeelde wêreld sal kan bring nie. By hierdie konferensie het toordokters van die Australiese Inboorlinge 'n vuur met nat blare gemaak, sodat dit 'n digte rookwolk afgegee het. Die 4 000 afgevaardigdes is toe versoek om deur die rookwolk te loop om hulle vir die voorvadergeeste van die Inboorlinge aanvaarbaar te maak. Die bewering is gemaak dat die Heilige Gees ook in die rookwolk teenwoordig was. Dit is hoogs godslasterlik om die Heilige Gees met demone en die geeste van voorvaders gelyk te stel. Op die konferensie is gesê dat sendingwerk onnodig is, omdat God in alle kulture en gelowe aanwesig is. Die Christendom is vir die WRK dus nie 'n unieke openbaringskanaal van God nie, maar een van baie gelowe waardeur Hy Homself aan die wêreld openbaar. Alle godsdienste is uit dié oogpunt gelyk en die een mag die ander nie in 'n slegte lig stel nie.**

So berig ook ‘n ander (Ortodokse) webwerf (Anon:1991) *Inter-Orthodox consultation after the Canberra assembly*:

> **One incident at the Canberra Assembly that was enormously challenging, if not scandalous, to many Orthodox as well as other participants, was the plenary presentation of the Korean theologian Dr Chung Hyun Kyung. This presentation and accompanying rite was seen by many participants to cross the line between inculturation and syncretism, and is at the root of the concerns in paragraph 18 about the particularity of the Holy Spirit, as well as in the calls for a return to the language and sense of the WCC Basis. (More generally, presentations such as Dr Chung’s at Canberra and again, despite protests, at the Decade Festival in December 1998, might be considered relevant to discussions of the WCC’s "ethos and style of life".)**

Op dieselfde wyse berig talle ander bronne oor hierdie gebeure wat plaasgevind het onder die naam van die Heilige Gees. Dit kan nie eers in dieselfde asem genoem word met ware Gees-eenheid nie. Inteendeel, dit doen groot afbreuk aan die verwagtinge met betrekking tot die rol van die Heilige Gees in Kerkeenheid, soos reeds hierbo bespreek. Op ‘n webwerf (Anon:2008a), *Assemblies of the World Council of Churches*, word selfs die Pinkster-Charismatiese verwagtinge, sowel as die teleurstellinge van die Canberra Konferensie verwoord:

> ***Canberra, 1991: "Come Holy Spirit - Renew the Whole Creation."*** **It was hoped that this theme signalled that the Council was reaching out to charismatics and Pentecostals. After the second of two keynote addresses, the possibility of this pneumatological expression drawing in fresh theological perspective was such as to also kindle controversy evidenced most pointedly in division between Orthodox perspectives and elements of worship that drew upon indigenous spirituality. Issues of the legitimacy of the war in Iraq and colonial appropriation of aboriginal lands also came to the fore. One of the main legacies of the Canberra assembly to the new central committee was the reflection begun in 1989 towards a Common Understanding and Vision (CUV) of the WCC. The central committee continued this process and in 1995 decided to orient it towards the Eighth Assembly.**

Alhoewel daar verskeie ander temas onder bespreking gekom het, het die hoop vervaag dat Heilige Gees-eenheid volledig aandag sou geniet.

Wat wél my aandag geprikkel het, omdat dit te make het met Gees-eenheid, is die gebeure hierna. Op ‘n webwerf (2004) skryf Juan Michel hieroor in *Pentecostal participation in the ecumenical movement* n.a.v. die Algemene Sekretaris van die Wêreldraad van Kerke, dr. Samuel Kobia, se indrukke na sy besoek aan ‘n Pinksterkerk in Chili op 18-20 November 2004. Michel (2004) skryf soos volg:

> **“Through a new openness to ecumenism, the dynamism and energy of Pentecostalism can significantly enrich the search for unity among Christian churches,” said Kobia after meeting with a group of bishops and pastors representing Chilean Pentecostal churches. Over the course of the meeting, Kobia emphasized the importance of the Pentecostal contribution while underlining the need for the ecumenical movement to be firmly rooted in a solid spirituality. He also invited the represented churches to participate in the preparation process and in the WCC Assembly to be held in Porto Alegre, Brazil in February 2006.**

Hiermee spreek Kobia ook sý begeerte of verlange uit ten gunste van Gees-eenheid.

Aangesien Ekumeniese teologie nie die onderwerp van bespreking hier is nie, is dit voldoende om kennis te neem van die verloop van gebeure vanaf Vaticanum II in 1964. Wat uiters belangrik is vir hierdie ondersoek, is die feit dat die Heilige Gees baie meer prominensie sal moet kry sodat aangetoon kan word wat sy rol is in die bereiking van eenheid in die Liggaam van Christus. Die Heilige Gees kry egter na my mening nie genoegsame prominensie sodat dit ‘n Gees-eenheid genoem kan word nie. Verdere sake van belang in die nasporing van die moderne tendense, wat ‘n voortbouing is op die bespreking wat tot hiertoe gedoen is, sal in Afd. IV by die teologiese besinning onder bespreking kom.

# III EKSEGETIESE GEGEWENS OOR DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES EN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

## A. Inleiding

Korrekte eksegese van relevante Skrifgedeeltes oor die Liggaam van Christus en eenheid en die rol van die Heilige Gees daarin, is nodig om as basis te dien vir korrekte teologiese besinning. Die Heilige Gees staan prominent in die titel: "Die Heilige Gees as Bewerker van Eenheid in die Liggaam van Christus."

Daarom is dit noodsaaklik om éérs oor die Heilige Gees, die **παράκλητος**, te besin voordat 'n verdere beskouing gevorm kan word oor sy rol met betrekking tot eenheid in die Liggaam. Die bespreking oor die Heilige Gees, die **παράκλητος**, is verder ook noodsaaklik, omdat Jesus gesê het: *"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee <u>om by julle te bly tot in ewigheid</u>: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees"* (Jh 14:16-17). Jesus het ook tydens sy hemelvaart gesê*: "En kyk, <u>Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld"</u>* (Mt 28:20).

Die **παράκλητος** het gekom om by die Kerk te bly vanaf die uitstorting op Pinksterdag (Hd 2), tot en met die wederkoms van Jesus Christus. In hierdie interimperiode het Hy 'n allernoodsaaklike rol om te vervul - 'n veelvuldige funksie, wat óók insluit sy rol as Bewerker van eenheid van die Liggaam van Christus. As Jesus dan die **παράκλητος** genoem word deur Johannes (1 Jh 2:1), word die Heilige Gees óók deur Johannes die **παράκλητος** genoem (Jh 14:16). Jesus word immers Emmánuel genoem (Mt 1:23). Daarom sal die Heilige Gees wat Hy vir die Kerk gestuur het, ook in hierdie sin "God met ons" wees. Belangrike vrae kom na vore: Wat was (en is) sy verhouding (binne die konteks van Jh 14-16) tot Jesus? Wat is sy verhouding tot die Vader? Tot die wêreld? En tot die dissipels?

Om die korrekte perspektief te behou oor sy verhouding tot die Kerk, is dit noodsaaklik om ook kennis te neem van al die ander verhoudinge waarin Hy staan, soos gevind in Jh 14-16. Binne die totale konteks van die vier verhoudinge waarin Hy staan, soos hierna aangetoon sal word, sal sy verhouding tot die Kerk ook duidelik aangetoon kan word.

Om sy rol as Bewerker van eenheid tot sy volle reg te laat kom, sal vervolgens éérs aandag gegee word aan die omvang van die betekenis van die ἄλλος παράκλητος soos gevind in die Parakleetpassasies in Jh 14-16.

Vervolgens sal éérs eksegese van die Parakleetpassasies in Jh 14-16 gedoen word[27], waarna toepaslike ander Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes onder die loep sal kom waaroor eksegese ook in detail gedoen sal word om as basis te dien vir teologiese besinning met die fokus op die Liggaam van Christus en die Eenheid daarvan.

Die ganse Ou Testament is nie hier onder bespreking nie, omdat dit nie moontlik is om binne die bestek van ‘n tesis oor eenheid in die Heilige Gees volledig te reflekteer oor al die gegewens in die Ou Testament m.b.t. eenheid nie. ‘n Verdere, meer afgebakende gedagte m.b.t. eenheid van die Kerk en die Ou Testament, is dat die Kerk, nl. die Liggaam van Christus, wat leef en funksioneer onder die krag van die Gees na die uitstorting van die Heilige Gees in Hd 2, nog nie bestaan het in die Ou Testament nie. Daarom sal dit nie binne die studieveld van hierdie proefskrif val om volledig oor die eenheid van die Kerk, met die Ou Testament as basis, te besin nie.

Wat die Ou Testament aanbetref, sal volstaan word met bepaalde riglyne oor eenheid, nl. dat God slegs één volk gehad het en dit is Israel. Op ‘n webwerf skryf Snyman (1977)[28], ‘n Ou Testamentikus wat ‘n referaat gelewer het oor die eenheid van die Kerk, soos volg:

---

[27] Ek maak gebruik van my M.Th.-studie vir hierdie ontleding van die Parakleet.
[28] ‘n Referaat gelewer deur prof. Fanie (S D) Snyman by ‘n konferensie in 1997 in Bloemfontein.

> **Dit is interessant dat die Ou Testament nie eintlik ter sprake kom in die debat oor kerkeenheid nie. Tog help die Ou Testament ons in ons nadenke oor die saak. Dwarsdeur die Ou Testament geld dit as uitgangspunt dat die Here net een volk het. Hy het Israel uitgekies om sy verbondsvolk te wees en nie ander volke nie. Ons lees nie in die Ou Testament van twee of drie of meer volke van die Here nie.**

Mense uit ander volkere kon hulle by die volk van God aansluit, indien hulle dit onder bepaalde voorwaardes sou doen. Met sekere voorbeelde uit die Ou Testament, skryf Snyman (1997) verder soos volg hieroor:

> **Dit is ook interessant dat mense uit ander (heidense) volke hulle in 'n sekere sin moeiteloos kon aansluit by die verbondsvolk. In die boek Eksodus lees ons byvoorbeeld van ander nie-Israelitiese mense wat saam met die Israeliete uit Egipte vertrek het onder die verlossende hand van die Here. In Eks 12:38 staan daar "Daar het ook 'n menigte mense van ander afkoms saamgegaan..." In die boek Rut word Rut, 'n Moabitiese meisie, moeiteloos opgeneem in die verbondsvolk en word sy deel van die voorgeslag van niemand anders as die groot koning Dawid nie. Salomo bid in sy aangrypende gebed by die inwyding van die tempel dat sou daar 'n vreemdeling kom om te aanbid, die Here tog sy gebed ook moet verhoor "sodat al die volke van die aarde u Naam kan ken en ook aan U gehoorsaam kan wees net soos u volk Israel..." 1 Kon 8:43.**

Daar was dus één volk. En hierin word 'n bepaalde eenheid gevind. Die analogie is dat daar netso ook net één Kerk is, wat óók spreek van eenheid.

Wat eksegese vanuit die Nuwe Testament betref, is dit verder ook nie moontlik om binne die bestek van 'n proefskrif (wat ook nie *slegs* eksegeties van aard is nie), terselfdertyd volledig eksegese te doen op teksgedeeltes oor die eenheid van die Kerk in die ganse Nuwe Testament nie. Snyman (1997) skryf soos volg:

> **Dit is veral die Nuwe Testament waarin die saak van die eenheid van die kerk skerper na vore kom. Daar is meer gedeeltes in die Nuwe Testament as wat binne die bestek van die referaat behandel kan word. Die belangrikste Skrifgedeeltes is Joh 17; 1 Kor 12:12-31; Gal 3:8; Efes 2:11-22. Die Bybel sê dit in geen onduidelike taal nie: Die Kerk is een.**

Ek volstaan dus met enkele van die belangrikste Skrifgedeeltes m.b.t. eenheid in die Nuwe Testament, wat genoegsaam as basis kan dien om aan te toon hóé die Heilige

Gees aktief besig is as die Bewerker van eenheid in die Liggaam van Christus. Volledige eksegese sal vervolgens oor hierdie Skrifgedeeltes gedoen word, wat voldoende sal wees om tot bepaalde konklusies te kom oor die eenheid van die Kerk met die Heilige Gees se rol tot die verkryging van eenheid.

## B. Eksegese van enkele tersaaklike Skrifgedeeltes

### 1. Jh 14-16

### 1.1 Die begrip παράκλητὸς

#### 1.1.1 Die betekenis van die woord

Die begrip παράκλητὸς word in die Nuwe Testament slegs deur Johannes gebruik, en wel vir die Heilige Gees. Verskillende betekeniskonnotasies word in die algemeen aan hierdie begrip toegeskryf, o.a. trooster, helper, bemoediger, ondersteuner, advokaat. Dit is 'n vraag watter betekenis of betekenisse παράκλητὸς in die konteks van die Parakleet-passasies het.

Die etimologie van 'n woord is nie net op sigself 'n aanduiding van sy betekenis nie. Daarom sal na ander verklarings gekyk moet word. Verskillende navorsers het uit verskillende hoeke na hierdie begrip gekyk.

#### 1.1.2 Die Joodse tradisie as agtergrond

Die gedagtegang vanuit die Joodse tradisie het groot byval gevind en word wyd ondersteun. Die beskouing van die παράκλητὸς vanuit die Joodse agtergrond behels die Voorspreker-Voleinder motief van die Ou Testament wat ontplooi word in die Parakleet-passasies. Van die bekendste voorbeelde vir hierdie gedagtegang vanuit die Ou Testament is byvoorbeeld Elia-Elisa; Moses-Josua.

Verskillende standpunte is hier ter sprake: Mowinckel[29] verklaar die begrip παράκλητὸς vanuit die Joodse agtergrond en Joodse voorstellings. Die voorstelling van die Heilige Gees as Voorspreker kom eers in die laat-Jodedom voor. Mowinckel maak ruim gebruik van die Ou Testament en in die besonder die intertestamentêre Joodse apokaliptiek vir die formulering van sy gedagtegang. Kortliks kom dit daarop neer dat die begrip "Voorspreker" vanaf Babiloniese en Persiese bronne die Jodedom binnegedring het en daarvandaan na die Christendom oorgedra is.

Bornkamm[30] sluit by Mowinckel aan met 'n verdere ontplooiing van die gedagtegang Voorloper-Voleinder, wat kortliks daarop neerkom dat die vertrekkende Jesus as Voorloper en Wegbereider geskets word terwyl die Parakleet daarenteen, as die Voleinder gesien word. Johannes sou dan, aldus Bornkamm, die Voorloper-Voleinder motief diensbaar gemaak het aan sy Christologie. Daarmee wou hy vertel dat die Verlosser as Lydende en Sterwende in 'n nuwe gestalte as Regter en Voleinder gekom het. Daar is egter méér verbonde aan hierdie kleurryke begrip en ook dáárvan moet kennis geneem word.

### 1.1.3 Die Qumran-gelowiges as agtergrond

Die voorstander van die gedagterigting dat die oorsprong van die inhoud van die begrip *Parakleet* by Qumran gesoek moet word, is Otto Betz[31].

Volgens Betz vorm die aartsengel Migael, soos in Qumran en elders in die Jodedom gevind, die agtergrond vir die Parakleet in Johannes. Hy grond sy stelling op Op 12 wat praat van Migael, die aartsengel (Veenhof,1974:11). Ek wil aansluit by Veenhof (p.11), in sy kritiek op Betz:

---

[29] Aangesien Mowinckel se werk in Duits is, sal hier ruim gebruik gemaak word van skrywers wat kommentaar lewer op Mowinckel in Engels, Afrikaans of Nederlands. Vgl. in die verband:
Vos CJA, Die Heilige Gees as Kosmies-Eskatologiese Gawe – 'n eksegeties-dogmatiese studie, 1984.
Johnston G, The Spirit-Paraclete in the Gospel of John, 1970.
Cloete GD, Hemelse Solidariteit, s.j.
Veenhof J, De Parakleet, 1974.

[30] Soos by bg. Ek verlaat my op ander skrywers.

[31] Soos by vorige. Ek maak gebruik van Johnston en andere.

> **Deze direkte verbinding van de parakleet-passages bij Johannes en Openb.12 is even verrassend als gewaagd - zij is dan ook niet onweersproken gebleven.**

Schnackenburg (1975:146), lewer waardevolle kritiek op Betz en sê o.a. dat dit nie onteenseglik bewys kan word dat daar aanvanklik ’n engel-wese (Migael) met die Parakleet verbind was nie. Daarby kan dit ook nie bevestig word dat die naam wat aan die Parakleet gegee word, nl. die Gees van die waarheid, direk teruggevoer kan word tot die Esseense gemeenskap nie.

### 1.1.4 Die gebruik van die begrip in die Grieks-Hellenistiese wêreld

Vanuit die Grieks-Hellenistiese wêreld kom die gedagte van die παράκλητὸς as ‘n wetlike adviseur of helper/ondersteuner tydens ‘n hofgeding. Behm (1967:803), sê dat die passiewe vorme waarin παράκλητὸς in die Griekse taal gevind word, nie die moontlikheid van ’n aktiewe spreker ten gunste van iemand anders, uitsluit nie.

Hierdie wetlike funksie van die Griekse παράκλητὸς het egter ‘n ander funksie gehad as die hedendaagse begrip ‘advokaat’. Leon Morris (1975:665), verduidelik dat die παράκλητὸς, soos by die Grieke gevind, nie noodwendig ’n opgeleide wetsgeleerde was wat die saak van die aangeklaagde moes hanteer nie. Enige vriend wat die aangeklaagde wou bystaan in die hof en aangaande sy karakter getuig, kon dit doen en was dan ‘n παράκλητὸς genoem. Meer as een vriend kon ook hierdie ondersteunende funksie vervul en was genoem παράκλητοι. Die Grieks-Hellenistiese begrip was dan eerder ondersteuner of trooster as ‘n advokaat wat ‘n saak verdedig.

### 1.1.5 Ander gedagterigtings

(1) R E Brown (1967:113-132), volg op die voetspoor van Otto Betz wat die oorsprong van die Parakleet-begrip gaan soek by Qumran. In aansluiting hierby, gaan hy na die Evangelie van Johannes om die begrip nader te ondersoek. Die kerngedagte by Brown is dat die Parakleet die Opvolger van Jesus is, maar eerder

Representant. Na aanleiding van Brown se siening sou die begrip παράκλητὸς dan met Opvolger of Representant vertaal kon word.

(2) Johnston (p.1970), bou ook voort op Otto Betz se standpunt, maar verwerp die Opvolger-begrip van Brown summier. Sy standpunt is ook dat die Parakleet Representant van Jesus is. Daar is egter ‘n verskil tussen Brown se begrip van Representant en Johnston se begrip van Representant. By Brown vul die Representant daardie leemte vanaf die vertrek tot by die wederkoms van Jesus; daarom is Hy vir Brown (1967:128), “the presence of Jesus when Jesus is absent”. Só vervul Jesus dan sy belofte dat Hy *met* die dissipels sal wees. Hy het gekom in die Parakleet.

Johnston bekou Hom ook as Representant of teenwoordigheid van Jesus, maar laat nie die Persoon van die Parakleet tot sy reg kom nie.

(3) Snaith (1945-6:47-50), se vertolking van die begrip παράκλητὸς is Oortuiger. My oortuiging is egter dat Snaith Hom hoofsaaklik ‘Oortuiger’ (“Convincer”) noem slegs na aanleiding van Jh 16:8, en dit is ’n onvoldoende vertaling (of vertolking) van hierdie begrip.

(4) C K Barrett, aangehaal deur Leon Morris (1975:664), sê:

> **…the Paraclete is the Spirit of Christian paraclesis.**

Hiermee bedoel Barrett o.a.:

> **…the exhortation and encouragement found in the preaching of the apostolic witness (Brown,1967:118).**

Hd 9:31 sê byvoorbeeld ook die Kerk het gewandel...in...en die vertroosting (παράκλησις) van die Heilige Gees.

Dit skyn asof Barrett, aldus Morris, deur sy beskouing van die begrip παράκλησις poog om die Kerk se leer oor die Heilige Gees en die weergawe van die evangelies oor die Heilige Gees, bymekaar te bring. Hierdie beskouing hou egter die gevaar in dat die poging van die evangelies om ‘n getroue weergawe te gee van die historiese woorde van Jesus, heeltemal oor die hoof gesien word, en dít is ‘n te hoë prys om te betaal (Morris,1975:664).

(5) Bultmann (1971:568), se betoog is dat die Parakleet nie Voorspraak (“Intercessor”) of Trooster is nie. As verantwoording hiervoor gryp hy vir die oorsprong van hierdie begrip na die Gnostisisme, waar die Parakleet ook beskou word as Ondersteuner en Helper. Volgens Bultmann word Jesus en die Parakleet in Johannes aangedui deur gnostiese terminologie: albei is Openbaarders.

(6) U B Müller[32] se siening is dat Johannes die begrip παράκλητὸς gebruik om gestalte te gee aan die Joodse gedagte van Opvolger. Die παράκλητὸς blyk net selfstandiger te wees by Johannes. Hy sal byvoorbeeld in die hele waarheid lei, aangesien Jesus dit nie meer kan doen nie. Die Regter-funksie kom ook vir Müller deur hierdie tweede Parakleet-konsep tot sy reg. Aangesien die wêreld Jesus skuldig bevind het en die Christelike gemeente verwerp, is dit nog slegs die παράκλητὸς wat die wêreld oordeel en skuldig bewys.

(7) Na ‘n lang bespreking oor die παράκλητὸς is Veenhof (1974:12), se gevolgtrekking:

> **In overeenstemming met de hele gang van zaken bij een antieke rechtsprocedure is de parakleet niet slechts de door de aangeklaagde ge-engageerde advokaat, laat staan de beroepsadvocaat, maar ieder, die in een process als helper voor iemand spreekt.**

Daarom, sê Veenhof, is Voorspreker die beste vertaling. Hierdie begrip ontplooi egter ook nie heeltemal die betekenis van παράκλητὸς nie.

[32] Soos by vorige. Ek maak gebruik van Vos.

Daar moet ook nog aandag geskenk word aan die gedagte dat die begrip παράκλητὸς slegs die betekenis van 'advokaat' in juridiese of forensiese sin inhou (vgl. ook Grayson 1981: 67 e.v.). Leon Morris (1975:665), gee 'n beskrywing van hierdie standpunt waarvolgens die παράκλητὸς beskou word as Advokaat wat namens die gelowiges pleit, argument voer, oortuig, onderrig, en ook die wêreld oortuig dat hy verkeerd is. Wotherspoon (1922-1923:43-44), is ook 'n voorstander van hierdie betekenis, maar dan slegs in die sin dat die Parakleet God se saak by die mens bepleit.

Leon Morris (1975:665), se gevolgtrekking is dat die begrip 'advokaat' nie voldoende is om παράκλητὸς weer te gee nie.

### 1.1.6 Die betekenis van die begrip παράκλητὸς binne die konteks van die Parakleet-passasies

Na alles wat in bg. punte 1.1.1 - 1.1.4 bespreek is, is my gevolgtrekking dat na die Parakleet-passasies gekyk moet word vir die bepaling van die betekenis van die begrip παράκλητὸς. Die Parakleet-passasies bied 'n definisie van die begrip, asook van die werksaamhede van die Parakleet.

Nogtans is alle ander bronne nie sonder waarde nie. Hierdie bronne moet egter beskou word as slegs 'n hulp om die begrip beter te verstaan en nie om die verklaring op sigself te gee nie.

Tereg sê M E Boring (1978:117):

> **From wherever the word was derived, the occasion and model for its use was not an idea found in the Old Testament, Hellenistic, Gnostic, or Mandaean sources, but a concrete phenomenon present in the Johannine community.**

Schnackenburg (1975,119:140-141), gaan van die standpunt uit dat die παράκλητὸς verstaan moet word teen die agtergrond van die vervolgde dissipels wat ondersteuning ontvang het van die Heilige Gees (p.119). Hiervandaan is die begrip oorgedra na die Johannes-evangelie. Ander invloede vanuit verskillende oorde is moontlik, maar die skrywer van die Johannes-evangelie het die laaste woord gehad tot die vorming van hierdie begrip in die Christelike konteks (p.140).

My standpunt is egter dat die ondersteuningsfunksie van die Parakleet in sy ondersteuning van die vervolgdes nie die hooffunksie is nie, maar slegs één van sy vele funksies.

Aangaande die Parakleet-begrip sê Cloete (s.j.:120):

> **Tog skyn dit dat die ontwikkeling om dit binne die VE self en dan veral binne die afskeidsredes te soek, die goeie rigting is.**

Daar sal dus juis gepoog word om die ontwikkeling van die begrip binne genoemde verband, en dan wel binne die Parakleet-passasies te doen.

Die Parakleet staan in verskillende verhoudinge, t.w. tot (1) die wêreld, (2) die dissipels, (3) Jesus en (4) die Vader. Hierdie veelkleurige begrip kan in elkeen van hierdie verhoudinge met ‘n ander inhoud gevul word (later meer hieroor).

### 1.1.7 Opsomming

Verskillende pogings is aangewend om die begrip παράκλητὸς nader te omskryf en die betekenis daarvan te bepaal. Die volgende is behandel:

(1) Die Joodse agtergrond. Hier is Sigmund Mowinckel, Bornkamm en Johansson van belang. Die kerngedagte is dat die Parakleet dan verklaar moet word as Voorspreker.

(2) Die Qumran-gelowiges as agtergrond. Otto Betz is die voorstander daarvan dat die oorsprong van die begrip παράκλητὸς by Qumran gesoek moet word. Die konklusie hier is ook dat die begrip παράκλητὸς met Voorspreker vertaal kan word.

(3) Die Grieks-Hellenistiese wêreld. Die παράκλητὸς of παράκλητοι was 'n vriend of vriende wat namens 'n persoon in die hof verskyn het om hom te ondersteun. Dit dien tot troos en bemoediging. So tree die παράκλητὸς ook namens die gelowige in. Die vertaling kan dus Trooster wees.

(4) Na aanleiding van die leemte wat ontstaan het a.g.v. die vertraging van die parusie, asook die afsterwe van die apostels as ooggetuies, kan na aanleiding van Brown se bespreking tot die gevolgtrekking gekom word dat παράκλητὸς Opvolger of Representant kan beteken.

(5) Johnston benader die begrip vanuit 'n ander hoek, en sien die παράκλητὸς as die teenwoordigheid van Jesus. Hy verkies ook die vertaling Representant.

(6) Barrett se vertolking is dat die παράκλητὸς die getuie vir Christus ondersteun in sy taak. Na aanleiding hiervan sou ons die begrip kon weergee met Helper of Ondersteuner.

(7) Bultmann gaan van die standpunt uit dat die begrip παράκλητὸς 'n Gnostiese agtergrond het. Daarom besluit hy ook op die vertaling van Ondersteuner of Helper, met voorkeur aan laasgenoemde.

(8) Müller soek die oorsprong van die παράκλητὸς by die oerchristelike leer aangaande die Gees, asook by die Joodse apokaliptiese geskrifte, en pas dit toe op die afskeid van Jesus in die Johannes-evangelie. In bogenoemde bronne vind hy

ook, soos by Johannes, elemente van vertroosting en teregwysing. Na aanleiding van Müller se beskouing sou Trooster of Teregwyser ‘n goeie vertaling wees.

(9) Veenhof se gedagte sluit aan by die Grieks-Hellenistiese agtergrond van helper van ’n aangeklaagde in die hof. Daarom kies hy die vertaling Voorspreker.

(10) Die begrip παράκλητὸς word ook nog in juridiese sin verklaar. Die vertaling sou dan wees Advokaat.

Daar bestaan dus verskeie vertalingsvoorstelle, nl. Voorspreker, Trooster, Opvolger, Representant, Helper, Ondersteuner, Advokaat.

Edwards (2004: 140) bevestig ook verskillende vertalingsmoontlikhede soos hierbo bespreek.

My gevoel is dat die betekenis van die begrip binne die konteks van die Parakleet-passasies en daarna, voortvloeiend daaruit, in die res van die Nuwe Testament gesoek moet word.

Ek verkies die vertaling Helper of Ondersteuner wanneer die παράκλητὸς in sy verhouding tot die gelowiges ter sprake kom. Wanneer sy ander verhoudinge ter sprake kom, sal hierdie vertalingsmoontlikhede nie deug nie. ‘n Oplossing kan dalk wees om dit bloot as Parakleet weer te gee.

Na hierdie bespreking kan volstaan word daarmee dat die begrip παράκλητὸς al die volgende betekenisse kan hê: Voorspraak, Getuie, Helper, Advokaat, Trooster, Ondersteuner, Aanklaer, Bemoediger, Opvolger, asook Verteenwoordiger van Jesus.

**1.2 Eksegetiese opmerkings oor die Parakleet-Passasies**

**1.2.1 Inleiding**

Hierdie afdeling handel suiwer oor die eksegese van die Parakleet-passasies. Die παράκλητὸς staan in vier onderskeie verhoudinge wat hier vanuit eksegetiese hoek bespreek sal word.

Eerstens sal gelet word op die benaminge van die παράκλητὸς, nl. die ander παράκλητὸς, die Gees van die waarheid, en Hy wat van die Vader uitgaan. Daarna volg die funksies en verhoudinge van die παράκλητὸς, nl. Sy verhouding tot die dissipels, die wêreld, Jesus en die Vader.

**1.2.2 Die Parakleet-uitsprake**

Die volgende Parakleet-uitsprake word in Jh 14 - 16 gevind:

"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees" (Jh 14:16-17).

"... maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Jh 14:26).

"Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig" (Jh 15:26).

"...Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is. Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat

Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig" (Jh 16:7-14).

### 1.2.3 Benaminge of aanduidinge van die Parakleet

Die volgende benaminge van die Parakleet word gevind in die Parakleet-uitsprake (Jh 14 - 16):

**a. Die (ander) Trooster**

Hy is ook Trooster of Parakleet soos wat Jesus dit was tydens sy aardse bediening. Hierdie begrip sal breedvoerig behandel word onder 4.4; sy verhouding tot Jesus.

**b. Die Gees van die waarheid**

Hierdie begrip kom voor in Jh 14:17; 15:16; 16:13 en 1 Jh 4:6. In buite-Bybelse bronne kom dit voor in die intertestamentêre periode, asook by Qumran (Johnston, 1970:120).

Waardevolle navorsing is in hierdie verband o.a. deur Otto Betz (1963), gedoen. Johnston (1970:120-121), skryf:

> **The world of Otto Betz and of others who have investigated the Qumran evidence makes it reasonable to believe that the spirit of truth had been identified in pre-Christian Judaism with the angel of truth, the prince of lights, Michael ... it would remain true that the angelic meaning of the spirit of truth had been domesticated in the synagogues and sects of Judaism long before the Fourth Gospel was composed.**

Hierdie opmerking is van groot waarde omdat die moontlikheid nou ontstaan dat hierdie begrip nie slegs 'n Griekse agtergrond kan hê nie, maar tog ook 'n sterk Joodse agtergrond.

'n Nadere beskouing bring egter aan die lig dat Johannes en Qumran verskil in hulle gebruik van hierdie term (Vanderlip, 1975:168-169). In Qumran staan gees van waarheid teenoor die gees van dwaling. By Qumran voer hierdie twee geeste 'n kosmiese, sowel as 'n persoonlike stryd in die hart van elke mens. In Johannes word die teëstander Satan en duiwel genoem (Jh 13:27; 7:20; 8:44, 48, 49, 52; 10:20, 21) en staan hy eerder teenoor Jesus en God as teenoor die gees van die waarheid.

Vanderlip (1975:169), sê:

> **The identification of the role of the Spirit of truth with the continuing presence and work of Jesus in the world is, of course, a distinctly Johannine emphasis.**

Hierdie onderskeid is baie belangrik. By Johannes word Jesus geken as die waarheid (Jh 14:6). Omdat die Gees dan van Jesus getuig, is Hy ook die Gees van die waarheid. Brown (1967:126) stel dit soos volg:

> **If John calls the Paraclete the Spirit of Truth, we suspect that the primary factor that made this title seem fitting was that in Johannine thought the Paraclete is the Spirit of Jesus, and Jesus is the Truth.**

Jesus sê in Jh 16:13: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei ..."

Vanweë die sondeval het die mens in 'n geestelike dood verval waaruit God hom moet opwek (Jh 5:24). As gevalle skepsel is die mens 'n ongelowige wie se sinne verblind is deur die god van hierdie wêreld, en moet hy die verligting van die evangelie kry (2 Kor 4:4).

Satan se strategie is om die gevalle mens met leuens te verlei tot verderf. Die Gees van waarheid kom met die waarheid wat die mens tot die kennis van die lig bring. Calvyn (1956:93), sê Jesus noem die Heilige Gees ***"...the Master or Teacher of truth."***

Hierdie Gees van die waarheid word aan gelowiges gegee, want Jesus is in hierdie gesprekke besig met gelowiges. Patrick (1970:335), se mening is:

> **He who is the Holy Spirit, the promised Paraclete, is the essence of all truth, reality and transparent sincerety, in contrast with the surface appearance, shallow seeming, and groping ignorance, which is the best this world has to offer.**

Daarom lei Hy in die **hele** waarheid. Barclay in sy kommentaar oor Johannes - 1972a:226), sê die grootste werk van die Heilige Gees is om God se waarheid tot die mens te bring, en noem dit *openbaring*.

Hy sê:

> **...there is no passage in the New Testament which shows us what we might call the principles of revelation better than this passage does. Revelation is bound to be a progressive process.**

Robertson (1932:268), sluit hierby aan:

> **The progressive nature of revelation is a necessity.**

Hierdie progressiewe aard van die openbaring dui op 'n proses waarin die Gees die gelowiges geleidelik in die hele waarheid lei. Jesus kon sy dissipels dus nie alles leer nie, omdat hulle dit *nou nie alles kan* ***<u>dra</u>*** *nie*; daarom kom die Heilige Gees as ander Parakleet, die Gees van die waarheid, om hulle in die hele waarheid in te lei.

Die Griekse woord vir ***dra*** is βαστάζω. Volgens Arndt en Gingrich (1958:137), het hierdie woord 'n letterlike sowel as 'n figuurlike betekenis. Die letterlike betekenis is iets wat gedra word, soos bv. 'n kruik (Mk 14:13).

Die figuurlike betekenis van *dra* (bv. Hd 15:10), is vir ons belangrik in die verklaring van ons teks. Leon Morris (1975:701), sluit hierby aan (voetnoot), deur vir Milligan en Moulton[33] aan te haal:

> **... the most glorious and encouraging truths may become a burden to one too immature to bear them. Not, therefore, because the disciples could not in a certain sense even now understand further revelation, but because they had not yet the Christian experience to give that revelation power, does Jesus say that they cannot bear the many things that He has yet to say unto them.**

---

[33] Milligan, W.; Moulton W.F. 1898. Commentary on the Gospel of St. John - Edinburgh: T. & T. Clark. Kommentaar nie vryelik beskikbaar.

Wanneer die dissipels dus sterker Christene is wat 'n swaarder las kan dra, sal die Heilige Gees, die Parakleet, hulle verder in God se progressiewe openbaring lei (soos byvoorbeeld ook veronderstel in 1 Kor 3:1; Heb 5:11-14). Geleidelik word hulle dan in die hele waarheid ingelei. Die gelowige word ryper in kennis en geestelike ervaring.

Die Heilige Gees lei ook die teoloog wat besig is met navorsing oor 'n sekere onderwerp geleidelik in die hele waarheid in, d.w.s. in sy progressiewe openbaring in. Hierby moet verstaan word dat die teoloog nie sg. ‘nuwe’ openbaring kry wat aanvullend tot die Nuwe Testament kan wees nie, maar slegs nuwe insig in die geopenbaarde waarheid van die Skrif. Die kanon is reeds afgesluit en word nie verder aangevul nie. Alles wat 'n teoloog sê, kan ook nie summier aanvaar word as geopenbaarde insig nie. Tóg kan die Heilige Gees die teoloog lei in die ontdekking van bepaalde insigte.

Hier openbaar God Hom aan die individu deur middel van die Parakleet. Hy lei stap vir stap in die hele waarheid in; dit is 'n al hoe groter kennis van God wat die dissipels nie kon dra indien dit eensklaps aan hulle gegee sou word nie. Ook hier het ons met 'n proses te doen - 'n progressiewe openbaring van God - waarin Hy Homself gee om deur diegene geken te word wat Hom soek of na Hom toe kom om meer van Hom te weet.

Jk 4:8 lees immers: *“Nader tot God en Hy sal tot julle nader.”* Ook Jes 55:6 - *“Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is.”* 'n Plekomruiling vind plaas: Die mens vind sy God, maar in werklikheid is dit God wat die mens vind. En as Hy hom gevind het, raak Hy besig met hom: Hy lei hom in die hele waarheid in. Die mens word gelei tot gelykvormigheid aan die Beeld van sy Seun (Rm 8:29).

Daar is seker 'n verskil tussen die ervaring van die dissipels en die ervaring van die teoloog. Die Gees sou aan die dissipels **nuwe** insig gee wat nog nie beskikbaar was nie. Die hedendaagse teoloog delf egter in beskikbare insig. (Later meer hieroor in Afd. 4).

Jesus sê verder: "... want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig" (Jh 16:13).

Die woord *want* verbind twee van die funksies van die Heilige Gees: *alles wat Hy hoor, spreek Hy*, asook *die toekomstige dinge wat Hy sal verkondig*. Dit is twee van die funksies van die Gees van die ***waarheid*** wat die werk van Jesus kom voortsit wanneer Hy sy dissipels in die hele waarheid inlei.

Daarom spreek Hy alles wat Hy hoor soos Jesus ook gedoen het (Jh 8:38; 12:49; 14:10, 26). Verse 13,14 - "... want Hy sal nie uit Homself spreek nie" (vers 13) en verder, "Hy sal My verheerlik omdat Hy dit sal neem wat aan My behoort en aan julle verkondig" (vers 14), word gekoppel aan hierdie "alles wat Hy hoor verkondig Hy". Dit staan in dieselfde verband. As Gees van die waarheid verkondig Hy dan ook die toekomstige dinge aan die dissipels (vers 13).

Sy primêre taak is dus om Christus te verhoog. Boring (1978:117) bevestig hierdie saak:

> **The Paraclete will testify concerning Jesus (xv. 26). He does not speak *ex nihilo*; he cannot deliver just *any* content with the claim that it is the word of the exalted Lord.**

Die Gees van die waarheid staan dus in 'n noue verhouding tot Jesus, die verhoogde Kurios. James McPolin (1973:177) sê dat Hy nie die onafhanklike Openbaarder is nie, maar aan die gelowiges verkondig slegs dit wat Hy van die Vader en die Seun ontvang het.

Veenhof (1974:23) praat van die kontinuïteit van die openbaring oor die werk van Christus wat deur die Gees voortgebou word. Veenhof (1974:23) sê voorts dat dit juis in sy diensbaarheid is dat die Gees sy grootheid openbaar, want Hy maak Christus daardeur groot. Dit is die diepste motief van sy arbeid, sê Veenhof. Die Gees doen dit deur die woorde van Christus voortdurend nuut te maak. Die Gees sal dus altyd, verbonde aan Christus, sy openbaringe verkondig.

Nürnberger (1975:375-376) sê:

> **Die Heilige Gees is dus altyd saam met die Woord van God wat deur 'n Christelike gemeenskap geproklameer en uitgeleef word. En die Woord van God betuig altyd die reddingsaksie van God in Christus. Waar 'n *ander* boodskap gepreek word, of waar daar heeltemal *nuwe* openbaringe verkondig word wat nie na Christus terugverwys nie, *daar mag ons met reg vermoed dat dit nie die Heilige Gees is wat hierdie boodskap geïnspireer het nie*. Dit mag selfs die Antichris wees! (1 Jh 2:18-29; 1-3).**

Hierdie noue verhouding, Christus-Gees, sal breedvoeriger bespreek word in Afd. IV.

**Toekomstige dinge** dui op:

(1) Die dinge wat die dissipels tot op daardie oomblik nog nie kon dra nie - dus die progressiewe openbaring van God wat nog toekoms was ten tye van Jesus se spreke tot sy dissipels, en daarna alles wat nog in sy progressiewe openbaring lê vir elke volgeling van Christus wat hom daarop toelê om meer van Hom te wete te kom. Hobbs (1968:235), sluit hierby aan:

> **As the Holy Spirit will enlighten the apostles' memory of Jesus' past teachings and events, He also will illumine their minds to enable them to interpret those matters. Thus we can understand the source of the tremendous doctrines expounded in the remainder of the New Testament. And our ability to comprehend their meaning.**

Dus is fasette van die Nuwe Testamentiese boodskap soos die opstanding, verheerliking, en die ewige oordeel moontlik ook hier geïmpliseer.

(2) Die dinge wat in die toekoms lê, sluit ook dié dinge in wat deur middel van profesieë deur die Parakleet aan die volgelinge van Christus bekend gemaak sou word. Otis Yoder (in Geo R Bunk II, 1972:136), sê:

> **... the word ‘prophecy’ has a twofold meaning. It means first, prediction of the future. That may be for a period of a day, a year, or hundreds of years, or even millenniums. Second, admonishing and instruction of the hearers regarding the times.**

Pink (1975:62), skryf soos volg:

> **There are many prophecies scattered throughout the Epistles - far more than most people imagine - which the Spirit has given. But the main reference, no doubt, in this word of Christ, was the Book of Revelation...**

Johannes skryf in Op 1:1 – *"Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur..."* Na elk van die sewe briewe (Op 1-3) word gesê*: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."*

Dat die eskatologie ook hier ter sprake is, word deur verskeie teoloë onderskryf[34].

(3) Die amp van profeet wat aan die Christelike Kerk gegee is (Ef 4:11). 'n Aspek wat vermeld behoort te word, is die gawes van die Heilige Gees (1 Kor 12:8-10) en in die besonder die gawe van profesie (vanuit 'n Pinksterstandpunt). Omdat ek 'n Pinkstergelowige is, is dit vir my van besondere betekenis. Die studie oor die gawes van die Heilige Gees, val egter buite hierdie studieveld oor die Parakleet en daarom sal ek my slegs bepaal by dít wat ter sprake is. Johnston (1970:140), skryf soos volg:

> **The association of Charismatic exegesis and teaching with predictive prophecy has nevertheless, continued to play a part in Christian preaching, and the Church goes on repeating the ancient formulas about the speedy coming of the Lord Jesus as Judge and King.**

Johnston (1970:140), gaan dan voort om 'n paar van die Nieu-Testamentiese era se profete te noem bó en behalwe Johannes, te wete: Agabus (Hd 11:28; 21:10); Simeon Niger, Lúcius die Cirenéër, Manáen, Bárnabas en Paulus (Hd 13:1) en die vier dogters van Filippus, die evangelis (Hd 21:9). Hierdie Nuwe Testamentiese profete tree op onder die inspirasie van die Heilige Gees, soos Johnston (1970:140-141), ook skryf:

> **'The promise' of the Spirit-paraclete embodied in an inspired prophet is therefore no dead promise so long as the Church believes in the energetic presence of God with his people in history.**

---

[34] Teoloë soos O Weber, CH Dodd en E Aweitzer, J Veenhof, L Morris, Gerhardus Vos, e.a. onderskryf hierdie gedagtegang.

Na my mening het hierdie profetiese amp, soos aangetref in die Nuwe Testament, nog nie opgehou nie. 'n Studie oor die Parakleet kan egter nie hierdie studieveld oor die ampte of bedieninge deur die Gees (Ef 4:11), insluit nie.

Die Parakleet as Gees van die waarheid se funksie is voorts ook om Jesus te verheerlik, omdat Hy dit wat aan Jesus behoort, neem en aan die dissipels verkondig (vers 14). Hy is voortdurend met hierdie taak van die verheerliking van Christus besig. Hy soek nie sy eie verheerliking nie. Wat Christus ook al gedoen het en nog doen, word die tema van dit wat die Heilige Gees aan die Kerk leer. Pink (1970:63), stel dit so:

> **This is the vital test for every lying spirit which would obtrude itself into the place of the Spirit: rationalism, ritualism, fanaticism, philosophy, science falsely so-called, all dishonour Christ, but the Spirit always magnifies Him.**

Samevattend kan gesê word dat die Parakleet as Gees van die waarheid 'n omvattende betekenis inhou:

(1) Hierdie begrip kom voor in die Evangelie van Johannes, sowel as in buite-Bybelse bronne, t.w. in die intertestamentêre periode, o.a. by Qumran. Tog is die rol van die Heilige Gees as Parakleet wat die werk van Jesus voortsit, uniek aan die Johannes-evangelie.

(2) Jesus word geken as die Waarheid. Die Gees getuig van Jesus; daarom is Hy ook die Gees van die waarheid.

(3) Die dissipels kon nie alles *dra* wat Jesus hulle kon vertel nie. Daarom kom die Parakleet, die Gees van die waarheid, en lei hulle in die hele waarheid in. Dit is God se progressiewe openbaring.

(4) Die teoloog wat besig is met navorsing oor 'n sekere onderwerp, kan ook geleidelik in die hele waarheid ingelei word onder die verligting van die Heilige Gees. Die teoloog kry nie nuwe openbaringe nie, maar slegs nuwe insigte in bestaande openbaringe.

(5) Die Gees van die waarheid lei dus in die hele waarheid in. Hy spreek nie uit Homself nie; alles wat Hy hoor, spreek Hy, en verkondig die toekomstige dinge aan Christus se dissipels.

(6) Ook die toekomstige dinge wat Hy verkondig, staan nie los van Jesus nie. Hierin word Jesus ook verheerlik.

Die toekomstige dinge sluit in:

- Die dinge wat die dissipels nog nie kon dra nie en wat in God se progressiewe openbaring lê.
- Die dinge wat nog in die toekoms lê wat deur middel van profesieë aan sy volgelinge bekend gemaak sou word, bv. die Apokalips.
- Die amp van profeet wat aan die Kerk gegee is. Voorbeelde hiervan word gevind in die boek Handelinge.

Só dek die Parakleet as Gees van die waarheid 'n wye veld. Dit is 'n taak wat aansluiting vind by die aardse bediening van Jesus, en wat deur die Parakleet voltooi word. Daar bestaan dus 'n bepaalde kontinuïteit tussen die werk van Jesus en die werk van die Parakleet.

**c. Hy wat van die Vader uitgaan** (15:26)

In Jh 14:16 sê Jesus dat die Vader die Heilige Gees sal gee in antwoord op sy gebed; in Jh 14:26 dat die Vader Hom sal stuur in Jesus se Naam; en in Jh 15:26 dat *Hy van die Vader uitgaan* en dat Jesus Hom sal stuur. Hy word elders die Gees van Christus én die Gees van God genoem (Rm 8:9). Leon Morris (1975:683), stel die saak in die regte perspektief:

> **It is plain that the Spirit is regarded as being connected in the most intimate fashion with both the Father and the Son. The sending of the Spirit is an activity which concerns them both.**

Die verhouding Christus-Gees en die Gees se verhouding tot die Vader word in Afd. IV breedvoeriger bespreek. Daar sal dus in hierdie afdeling volstaan word met die feit dat Hy wat van die Vader uitgaan, die Heilige Gees, ook een van die benaminge, nl. dié van "Parakleet" dra.

### 1.3 Die funksies en verhoudinge van die Parakleet

#### 1.3.1 Inleiding

Sommige van die funksies van die Parakleet is reeds bespreek by die benaminge of aanduidinge van die Parakleet (vgl. III.B.2.3). Hierdie benaminge wat ook tot uitdrukking kom as funksies in sy verskillende verhoudinge, is die volgende: Hy lei die dissipels in die hele waarheid (16:13); Hy spreek nie uit Homself nie (16:13); Hy spreek alles wat Hy hoor (16:13); Hy verkondig die toekomstige dinge aan die dissipels (16:13); Hy verheerlik Jesus omdat Hy alles wat aan Hom behoort, aan die dissipels verkondig (16:14).

Ander funksies waaraan vervolgens aandag gegee sal word, is: Hy bly tot in ewigheid (Jh 14:16); Hy bly by die dissipels en sal in hulle wees (14:17); Hy leer die dissipels alles (14:26); Hy herinner die dissipels aan alles wat Jesus gesê het (14:26); Hy getuig van Jesus (15:26); Hy oortuig die wêreld van sonde (14:11); Hy oortuig die wêreld van geregtigheid (14:11); Hy oortuig die wêreld van oordeel (14:11).

Hierdie verskillende funksies kan nie van sy verhoudinge geskei word nie en daarom sal hulle bespreek word saam met die verhoudinge waarin die Gees staan.

Daar word vier partye onderskei teenoor wie die Parakleet in verhouding staan en ook bepaalde funksies vervul: (1) Die dissipels, (2) Die wêreld, (3) Jesus, (4) Die Vader.

Die verhoudinge sal nou in hierdie volgorde bespreek word. Ek begin by die Gees se verhouding tot die dissipels, omdat Jesus eerstens sy gesprek tot die dissipels gerig het. Hy gee aan hulle bepaalde riglyne wat om van die Gees te verwag. Dan kring

hierdie funksies en verhoudinge uit tot die wêreld, want, nadat die dissipels voorskrifte ontvang het oor hul verhouding tot die ander Parakleet, kon die vraag by hulle ontstaan het: Wat nou van die wêreld? En Jesus beantwoord hierdie vraag. Ondertussen het Jesus egter ook heelwat aandag gegee aan die Gees se verhouding tot Homself en tot sy Vader.

Samevattend kan gesê word dat die funksies en verhoudinge van die Parakleet eerste begin by die dissipels omdat dit sekerlik vir hulle die belangrikste was om te weet: “Wat van ons?” Daarna gaan dit voort na die ander partye in hierdie volgorde: die wêreld (nog eens sy werk met die mens); dan Jesus wat aan die regterhand van die Vader gaan sit het, en uiteindelik die Vader self.

### 1.3.2 Sy verhouding tot die dissipels

#### a. Inleiding

Jesus sê: “Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur” (Jh 16:7).

Dit is belangrik om in ons teks daarop te let dat die koms van die Parakleet bepaalde voordele vir die dissipels inhou. Alles wat Hy sou doen en sê in sy verhouding tot hulle word in hierdie *vir julle voordelig* opgeneem.

Bepaalde probleme wat by hierdie bespreking opduik, is:

1) Moet daar onderskeid getref word tussen die drie Griekse voorsetsels **παρα**, **μετὰ**, **ἐν** (Jh 14:16,17)?

2) Die begrip *in julle sal wees* (14:17). Tekskrities bestaan daar bepaalde probleme: Is dit **ἔστὶν** of **ἔσται**? (*in julle is* óf *sal wees*)?

3) Hy bly tot in ewigheid. Duur sy werk voort regdeur die ewigheid of duur dit voort totdat die ewigheid aanbreek? Wat beteken hierdie bly *tot in ewigheid*?

Daar sal nou voortgegaan word om aandag aan hierdie probleemareas te gee.

**b. Die drie Griekse voorsetsels** παρα, μετὰ, ἐν **(Jh 14:16,17)**

Hier word drie Griekse voorsetsels deur Johannes gebruik om die teenwoordigheid van die Parakleet by die dissipels te verklaar. Die vraag is of dit beteken dat die Parakleet in verskillende verhoudinge tot die dissipels staan. Barrett (1960:389), se siening is soos volg:

**παρ᾽ ὑμῖν,** like **μεθ᾽ ὑμῶν** (16), suggests the presence of the Spirit in the Church; **ἐν ὑμῖν** his indwelling in the individual Christian.

Lenski (1963:1000), tref slegs 'n onderskeid tussen **παρὰ** en **ἐν**. Skynbaar beskou hy dan ook **παρὰ** en **μετα** v as sinonieme.

> ***para*, at your side, as your Paraclete, ... *en*, in inner spiritual union with you, in your very hearts and souls.**

Bernard (1963:546), sluit ook by hierdie opvatting van Barrett en Lenski aan, en so ook James McPolin (1979:161). Morris (1975:650) beklemtoon ook die onderskeid tussen die werk van die Parakleet in die Kerk (**μεθ᾽ ὑμῶν** en **παρ᾽ ὑμῖν**) en die werk van die Parakleet inwonend in die gelowige (**ἐν ὑμῖν**). Alhoewel hy oortuig is dat daar 'n verskil is tussen **μεθ᾽ ὑμῶν** en **παρ᾽ ὑμῖν**, dui hy aan dat dit net 'n beperkte verskil is. In 'n voetnootskryf hy:

> **In this passage three prepositions are used to describe the Spirit's association with believers.** μεθ᾽ ὑμῶν **(v 16) does not seem to differ much from** παρ᾽ ὑμῖν**. It is possible that both point to the Spirit's presence in**

> **the church whereas ἐν ὑμῖν stresses rather his indwelling in the Christian.**

Dit skyn tog vir my asof dit algemeen aanvaar word dat **μεθ᾿ ὑμῶν** kan beteken dat die Parakleet in die midde van die gelowiges sal wees tot in ewigheid. Die liggaam van elke gelowige is ook die tempel van God (1 Kor 3:16; 2 Kor 6:16; Ef 2:21).

Jesus sê immers ook *"...waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde"* (Mt 18:20). Hoe? Sekerlik deur die Heilige Gees! **παρ᾿ ὑμῖν** mag dan dui op die feit dat Hy tussen die gelowiges sal wees tot in ewigheid, terwyl **ἐν ὑμῖν** kan beteken dat Hy in die hart van elke enkele gelowige sal wees. Van Doren (1981:1118), se beskouing oor die inwoning van die Heilige Gees is:

> **The greatest wonder on earth is this condescending love of God - The Spirit dwells in the soul as the sap in the tree.**

Hendriksen (1976:278), sê verder ook:

> **... one is not justified in ascribing a too restricted meaning to the preposition 'by the side' (παρὰ) as if it necessarily indicated a less close relationship.**

Met hierdie opmerking wil Hendriksen (1979:278,279), sê dat die Parakleet se teenwoordigheid tussen die gelowiges net so noodsaaklik is as sy teenwoordigheid in die hart van die gelowige. Hy voer dan ook 'n hele bespreking oor die voorsetsel **παρὰ** waar hy 'n studie van vers 17 in sy konteks maak. In Jh 14:23 sê Jesus immers*: "As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by* (**παρὰ**) *hom woning maak."* Hendriksen (1979:284), sê:

> **The clause 'and make home with him' (home is monh ...) indicates a very close and intimate relationship. Father and Son, in and through the Spirit, are ever 'by the side of' (παρὰ) those who love their Lord, ready to comfort, ready to cheer, ready to extend any and all necessary help.**

Nadat hy ook 'n studie van die voorsetsel **παρὰ** gemaak het, kom hy tot die gevolgtrekking (voetnoot), dat die voorsetsel **παρὰ** die Heilige Gees tipeer as Een wat hulp verleen aan die gelowiges (Jh 14:17; 14:23). Daarom word Hy dan ook **Para**kleet genoem. Dan verklaar Hendriksen (p. 284):

> **He remains *by their side*, and through him, in glorious mystic union, both Father and Son make their home *by their side*, ready at any time to render assistance and to reveal their love. We do not object in any way to the translation *with* for παρὰ, if it be understood in this sense.**

Hierdie oordeel van Hendriksen is geregverdig en lyk vir my na 'n goeie verduideliking van genoemde voorsetsel.

**c. Die teenwoordigheid of toekomstige teenwoordigheid van die Parakleet**

Die vraag is of die Gees alreeds in die dissipels was toe hulle gepraat het en of Hy eers ná Pinkster[35] in hulle sou woon. Baie hang af van die vertaling van Jh 14:17 – *"…maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees"*. Indien hierdie laaste sinsnede daarop dui dat Hy eers in die toekoms (d.w.s. ná Pinkster), in hulle teenwoordig sou wees, kan baie meer aan die funksies van die Parakleet toegeskryf word as wat 'n oppervlakkige beskouing van hierdie teks dit sou toelaat, byvoorbeeld: Het Hy eers ná Pinkster werklik in die persoon wat Jesus bely, se hart kom woon? Spreek Jesus hier uitsluitlik van die tyd wanneer die Parakleet sou kom (ná Pinkster), of kan ons ook hier inlees dat Hy bedoel het dat die Parakleet toe reeds op 'n bepaalde wyse in hulle teenwoordig was?

Tekskrities beskou, bestaan daar probleme met hierdie sinsnede *"...in julle sal wees..."*

[35] "Na Pinkster" verwys in hierdie studie na die tydperk ná die koms van die Heilige Gees op Pinksterdag (Hd 2).

Marshall (1968:430), se weergawe is ὅτι παρ᾽ ὑμῖν μένει καὶ ἐν ὑμῖν ἔσται teenoor Aland (1968:388): ὅτι παρ᾽ ὑμῖν μένει καὶ ἐν ὑμῖν ἔστὶν. Moet die teks lui ἔστὶν of ἔσται? Dit is belangrik vir die betekenis van hierdie teks.

Barrett (1960:387), sê wel m.b.t. die gebruik van die werkwoorde in die teenwoordige tyd:

> **The presents anticipate the future gift (ἔσται for ἔστὶν (Aleph$^2$ D vg, against B D* it cur pesh), is plainly a correction), and reflect the time at which John wrote.**

En Leon Morris (1975:650), sê in 'n voetnota:

> **Just as there is a slight uncertainty whether μένει should not be read as a future, so there is doubt, this time textual, as to whether we should read 'shall be' or 'is'. ἔσται is read by nearly all MSS, but BD*W f1 565 c syr and a few others have ejstin. In this place the present seems to be due to a desire to harmonize this verb with the two preceding presents ginwskete and μένει.**

Tekskrities beskou, bly dit egter 'n onsekerheid of ons hier met 'n teenwoordige of toekomende tyd te doen het. Aangesien 'n finale oplossing nie maklik deur die tekskritiek verkry kan word nie, moet daar na ander argumente gesoek word. Dit skyn asof Hendriksen (1976:278), die oplossing kan hê met sy parafrase:

> **The Father will give you another Helper (verse 16), in order that he may be in your midst (or, in that sense, with you) forever, even the Spirit of truth, whom the world cannot receive, because it neither sees nor knows him. You, on the contrary, <u>once the Spirit has arrived</u>, will <u>know</u> him, because <u>he will dwell</u> at your side (or with you, in the sense explained below in connection with verse 23) and will be within you (verse 17).**

Hendriksen verduidelik dat dit heeltemal geregverdig is om die teenwoordige tyd te lees asof dit op die toekoms dui in die konteks waarin hierdie woord onder bespreking staan. Jesus projekteer Homself as 't ware in die toekoms in, en derhalwe maak Hy gebruik van die toekomstige tyd in vers 16. Die woorde *sal gee* in

vers 16 hou direk verband met *sal wees* in vers 17. Dan verklaar Hendriksen (1976:278):

> **With the future period already present to his mind, he can now use the present tense, *You know him, because he dwells at your side*, where we would use the future. That he has this future period in mind is again clearly shown by his use of the future tense in the very next clause, *And will be within you*.**

Die Heilige Gees kom (Jesus spreek toekomstig), om op 'n besondere wyse met die Kerk te wees. In hierdie lig moet Jh 7:39 ook verstaan word: *.”..want die Heilige Gees was daar nog nie omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.”*

Botha (1975:40-41), verduidelik dat hierdie teks nie te kenne wil gee dat die Heilige Gees nog nie bestaan het toe Jesus hierdie woorde gespreek het nie, maar eers bestaan het toe Johannes sy evangelie geskryf het. Dit gaan hier nie oor die bestaan nie, maar oor die ontvangs van die Heilige Gees. Daarom sê Johannes verder ook in dieselfde teks dat dié wat in Hom glo, die Heilige Gees sal ontvang. Verder sê Botha dat die woord vir “was” in dieselfde sin as “teenwoordig wees”, gebesig word. Soos hy dit stel: “Die bedoeling is dan dat die Gees nog nie aanwesig was nie.” Hierdie werkwoord word in dieselfde sin ook in Hd 19:2 gebruik. Dit skyn asof “aanwesig wees” vir Botha die betekenis inhou van die uitstorting van die Heilige Gees, en nie bloot net teenwoordig wees in die algemene (en Ou Testamentiese), sin nie. Hulle het dus nog nie van die uitstorting van die Heilige Gees gehoor nie. Dat Hy bestaan, het hulle geweet, maar nie dat Hy uitgestort is nie (Botha:41). Hy doen aan die hand dat Hd19:2 só vertaal word: Maar ons het nie eens geweet dat die Heilige Gees daar is nie.

Hierdie verklaring van Botha van Jh 7:39 is vir my heeltemal aanvaarbaar omdat die teks dan juis bevestig wat reeds in die voorafgaande gedeelte gesê is oor Jh 14:17. Ten opsigte van die besondere werk van die Heilige Gees ná Pinkster, skryf Hendriksen (1976:278-279), soos volg:

> **On the day of Pentecost, therefore, the Holy Spirit would come to dwell in the midst of, by the side of, and within the disciples. He would enter**

> **personally into the church, which would become his temple, his permanent dwelling-place.**

Dit is dus redelik om te aanvaar dat die Parakleet-uitsprake toekomstig van aard was toe Jesus gespreek het oor die *ander* Parakleet wat Hy sou stuur. Al hierdie werkinge en funksies van die Parakleet sou eers ten volle tot verwerkliking kom ná Pinkster. Die koms van die Parakleet sou baie dinge tot gevolg hê wat met die teologiese besinning (Afd. IV), duidelik sal word. Hendriksen (1976:279), noem twee gevolge:

> **As a result, the church would throw away the swaddling clothes of infancy and would become spiritually of age. It would become a nation of prophets, a kingdom of priests, the Body of Christ (cf. 1 Pet. 2:9; Joel 2:28; 1 Cor. 12:7 ff.; Eph. 1:22,23; 2:21, 22; 5:23-33). As a second result, on that day the church would become international. Broken down and destined to be broken down more and more would be the middle wall, the partition between Jew and Gentile (Is. 54:2, 3; Acts 2:9-11).**

Ter opsomming kan dus gesê word dat die Heilige Gees ná Pinkster gekom het om ten volle met/by/in die gelowige(-s) te wees. Alles dui op 'n toekomstige situasie. Sy teenwoordigheid sal voltooid wees - nog nooit was Hy op só 'n wyse teenwoordig nie. Hy het nader gekom aan die gelowiges, en méér spesifiek met ons, by ons, en in ons, as vóór die uitstorting van die Heilige Gees. Hy werk nou anders; meer intiem as ooit vantevore. Daarom is Hy ook waarlik Parakleet, en Jesus Christus is deur Hom Immanuel.

**d. Hy bly tot in ewigheid (Jh 14:16)**

Jesus het gekom om vir 'n kort tydjie te bly. Nou gaan Hy weg, maar Hy stuur 'n ander Trooster om by hulle te bly *tot in ewigheid*. Die Griekse begrip **εἰς τὸν αἰῶνα** (*tot in ewigheid*), kan op tweërlei wyse geïnterpreteer word:

Eerstens, Hy sal vir ewig met die heiliges wees. In hierdie verband skryf Bultmann (1971:186), in 'n voetnota:

> **The meaning depends on the particular context: indefinitely, always, for ever ...**

Na aanleiding hiervan sou ons kon sê dat die bediening van die Heilige Gees as Parakleet, as Voortsetter van Christus se werk op aarde, sal voortduur regdeur die ewigheid: Net soos Christus nog nie sy Parakleet-funksie verloor het nie, sal die Heilige Gees ook nooit sy Parakleet-funksie verloor nie.

Tweedens, Hy sal bly tot en met die wederkoms van Jesus. 'n Direkte vertaling (wat baie gevaarlik kan wees omdat Griekse voorsetsels verskillende betekenisse kan hê), lui: *unto the age* (Marshall, 1968:430). Indien hierdie vertolking korrek is, beteken dit dat die Heilige Gees se werk as Voortsetter van Christus se werk op aarde ook tot 'n einde sal kom met Christus se wederkoms. Sy taak is slegs om Christus se werk op aarde voort te sit. Hierdie aardse taak sal tot 'n einde kom wanneer die Christene nie meer in hierdie sin (voor die verheerliking) op aarde voortbestaan nie.

Die konteks van die Parakleet-passasies bepaal vir ons die antwoord: die werk van die Parakleet is hoofsaaklik in verhouding tot die dissipels op aarde, omdat Jesus (die eerste Parakleet), weggegaan het. Dus is die tweede moontlikheid vir my die mees aanvaarbare. Hy is immers Trooster vir die gelowiges wat hulle in hul onvolmaakte toestand moet voorthelp; hulle moet byvoorbeeld nog in die hele waarheid gelei word, hulle moet geleer word, hulle moet nog herinner word aan alles wat Jesus gesê het. Daarby staan Hy ook nog in 'n besondere verhouding tot die wêreld wat ook verbygaan. Die Parakleet se funksie gaan dus voort totdat Jesus weer kom.

### 1.3.3 Sy verhouding tot die wêreld (Jh 14:17; Jh 16:8,9,10,11)

#### a. Inleiding

Die begrip κόσμος word in verskillende betekenisskakerings gebruik, soos aangedui deur Hendriksen (1976:79).[36] In Jh 14:17 handel dit oor die gelowiges wat die Parakleet kan ontvang in teenstelling met die wêreld wat Hom nie kan ontvang nie. Die wêreld of κόσμος in hierdie verband kan dus slegs dui op die sondige mensdom. Barrett (1960:386), skryf:

> **...the world means mankind over against God, and by definition the Spirit is alien to it. The contrast between the disciples and the world, a frequent theme in these chapters, is strongly brought out.**

Veenhof (1974:28), sluit hierby aan:

> **"Wereld" is by Johannes niet het geheel der geschapen, kosmische werklijkheid, maar de mensheid, inzoverre zij de openbaring in Jezus Christus niet kent of afwijst.**

Die Parakleet het ook 'n bepaalde funksie t.o.v. die wêreld en staan nie slegs in 'n verhouding tot die gelowiges nie. Hierdie funksie word eers later in die Nuwe Testament, in samewerking met die gelowiges, ontplooi in die redding van die wêreld. Die verhouding Gees-wêreld in die Parakleet-passasies, is nog eerder 'n negatiewe verhouding, waar die Gees in 'n veroordelende verhouding tot die wêreld staan. Die aspek van die redding van die wêreld kom eers sterk ter sprake in Handelinge en by Paulus. (Later meer hieroor in Afd. IV).

**b. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie (Jh 14:17)**

Die rede waarom die wêreld Hom nie kan ontvang nie, word in vers 17 gegee: *"... omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie..".* en die teenstelling: *."..maar julle ken*

[36] Die begrip κόσμος kan die volgende betekenisse hê:
a) Die geordende heelal (Jh 17:5: 21:25).
b) Die menslike bewoners van die aarde, die mens of die menslike ras (16:21).
c) Die algemene publiek (7:4; 14:22).
d) In etiese sin: Die mensdom, losgemaak van die lewe van God, met sonde belaai, blootgestel aan die oordeel het redding nodig (3:19).
e) Dieselfde as (d) met daarby ingesluit dat geen onderskeid gemaak is ten opsigte van ras of nasionaliteit nie; d.w.s. mense van alle rasse of volke; nie slegs Jode nie, maar ook heidene (4:42; 1:29; 3:16,17; 6:33,51; 8:`12; 9:5; 12:46; 1 Jh 2:2; 4:14,15).
f) Die ryk van die Bose. Dieselfde as (d), met die gedagte van openlike vyandskap teen God, Jesus Christus en sy mense daarby ingesluit (7:7; 8:23; 12:31; 14:30; 15:18; 17:9,14).

*Hom omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."* Bultmann (1971:616), sê die feit dat die wêreld die Gees van die waarheid nie kan ontvang nie, beteken geensins dat die ongelowige nie 'n gelowige kan word nie. Dit dui eerder op die kontras tussen die gelowige en die ongelowige:

> **The world qua world cannot receive the Spirit; to do so it would have to give up its essential nature, that which makes it the world.**

Die wêreld in sy natuur staan in vyandskap teen God (Rm 8:7; Jk 4:4; 1 Jh 2:15-17). Daarom kan dit Hom nie ontvang nie. Pink (1975:371), stel dit so:

> **It is not will not, but cannot receive. Unable to receive the Spirit the world demonstrates its real character - opposed to the Father (1 John 2:16). The whole world lieth in the wicked one (1 John 5:19) and he is a liar from the beginning: how then could the world receive the Spirit of truth?**

Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, *"omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie"* (14:17). Om Hom te sien en te ken, gaan gepaard met in Hom te glo (Jh 6:40). Die Fariseërs het gesien wat Jesus doen, maar hulle het nie geglo nie. Hulle het gesê Hy het Beëlsebul (Mk 3:22). Godet (1893:280), sluit hierby aan:

> **They thus remained strangers to the action of the Spirit, they even became hostile to it; this is the reason why they were not in a condition to receive Him.**

Die wêreld se onvermoë om die Heilige Gees te ontvang, word ook deur Hendriksen (1976:277), beklemtoon. Voordat die wêreld nie sy natuur prysgee nie, kan hy die Parakleet nie ontvang nie. Nürnberger (1975:254), praat van die individu wat onderhewig is aan geestelike magte wat die groep beheers. As hy sou wegbreek, is hy 'n verstoteling. Hy word ontwortel. Tog kan die massabeweging slegs bestaan indien 'n massa van enkelinge daaraan deelneem. Dan voeg hy by: Die sonde van die massa bestaan in die sonde van die enkelinge wat die massa uitmaak. Hierop kan gekonkludeer word dat die wêreld of die ongelowige individu wat lid is van die wêreld, hom moet prysgee aan Christus voordat hy die Parakleet kan ontvang of ervaar. Die weiering om afstand te doen van sy natuur het tot gevolg dat die wêreld Hom nie kan ontvang nie. Vir Luther is dit twee koninkryke wat teenoor mekaar

staan: die koninkryk van Christus teenoor die koninkryk van die wêreld, (Ebeling,1980:175-191). Slegs 'n hartsverandering maak van die "wêreldling" 'n "Christusling" wat die Parakleet kan ken. Hierdie hartsverandering is slegs moontlik deur die werk van die Heilige Gees. Hy is aktief besig in die wêreld (Jh 16:9-11).

Daar sal nou voortgegaan word met 'n bespreking oor hierdie oortuigingswerk van die Parakleet.

*"Die wêreld kan Hom nie ontvang nie"* (Jh 14:17), beteken dat die Parakleet uitsluitlik vir die Kerk gegee is. Die wêreld sal sy identiteit moet prysgee en gelowig moet word voordat die Parakleet werklik vir hom ook leiding kan gee. Dit beteken in effek dat elke mens (gelowige en ongelowige), sal moet afstand doen van homself en as' t ware aan die voete van die Parakleet kom sit voordat hy deur Hom onderrig kan word. En hier is die grondslag vir eenheid.

**c. Hy oortuig die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel** (Jh 16:9-11)

Die individu wat lid is van die wêreld in ons teksverband, word oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel[37], soos deur die konteks van die Parakleet-passasies bepaal. In teenstelling met die wêreld, het die Parakleet gekom om *by*, *met*, en *in* die dissipels te wees. Die wêreld kan Hom nie ontvang soos wat die dissipels Hom ontvang nie. Soos voorheen aangedui, het Hy gekom om in die gelowige individu te woon. Die sondige individu in die wêreld moet nog onder oortuiging kom. Ten opsigte van die wêreld sê Hendriksen (1976:325):

> **He will publicly expose its guilt and call it to repentance.**

Die oortuigingswerk van die Gees word breedvoerig bespreek in Afd. III.B.1.3.2.c. Hier sal slegs volstaan word met die feit dat die Parakleet hierdie funksie t.o.v. die

[37] Bultmann (1971, p. 561 - voetnota) se mening is egter: "John is concerned with a cosmic drama, not with the conviction of sinful individuals." Ook Pink (1975, p. 50): "… ἐλέγχω refers to an objective condemnation and not a subjective realization of condemnation" en ook (p. 51): "…it is the actual presence of the Holy Spirit on earth which objectively reproves, rebukes, convicts 'the world'." Tog dui die konteks van die Parakleet-passasies dat dit subjektief op die individu van toepassing is.

wêreld verrig. Dit is die wêreld wat oortuig moet word van sonde, geregtigheid en oordeel. Morris (1975:69), stel dit so:

> **Apart from the Holy Spirit men do not know the truth about sin or righteousness or judgment.**

### 1.3.4 Sy verhouding tot Jesus

#### a. Inleiding

In sy verhouding tot Jesus word sekere dinge oor die Parakleet deur Johannes opgemerk:

- Jesus bid die Vader en die Parakleet word gestuur (Jh 14:16)
- Die Vader stuur Hom in die Naam van Jesus (14:26)
- Jesus stuur Hom van die Vader (15:26)
- Jesus stuur die Trooster (16:7)
- Hy getuig van Jesus (15:26)
- Hy verheerlik Jesus omdat Hy alles wat aan Jesus behoort, aan die dissipels verkondig (16:14)
- Hy spreek nie uit Homself nie, maar alles wat Hy hoor, spreek Hy (16:14).
- Hy is die *ander Trooster* (14:16)
- Jesus moes eers weggaan voordat Hy kon kom (16:7)

Onder III.B.1.2.3.b - *"Die Gees van die waarheid"* – Hier word breedvoerig aandag gegee aan bg. eerste sewe punte. Vervolgens sal hier slegs aandag gegee word aan die laaste twee punte.

#### b. Die *ander* Parakleet (14:16)

Die ander Parakleet kon slegs kom toe Jesus weggegaan het (Jh 16:7). As Jesus dan van 'n *ander* Parakleet praat wat sy werk kom voortsit op aarde, is die implikasie dat Jesus die eerste Parakleet is. (Vgl. 1 Jh 2:1). Die een wat sy werk kom voortsit, moet dan ook soos HY wees. Groenewald (1980:314), stel dit so:

> **Die woord wat vir 'ander' gebruik word (ἄλλος), beteken 'n ander van dieselfde soort. Dus, die Voorspraak wat sal kom, is 'n goddelike Persoon net soos Jesus, en nie 'n plaasvervanger van mindere rang of gesag nie.**

Robertson (1932:252), sluit hierby aan:

> **Another of like kind (*ἄλλον*, not *ἑτέρος*) besides Jesus ...**

J B Lightfoot, aangehaal deur Leon Morris in 'n voetnoot(1975:648), sê wel dat hierdie twee begrippe (ἄλλος en ἑτέρος), in sommige gevalle omruilbaar is. Tog is sy mening dat:

> **… ἑτέρον implies a difference of kind, which is not involved in ἄλλοω. The primary distinction between the words appears to be, that *ἄλλος* is another as 'one besides', heteros another as 'one of two'... ἄλλος adds, while ἑτέρος distinguishes. Now when our attention is confined to two objects, we naturally compare and contrast them; hence ἑτέρος gets to signify 'unlike, opposite'...while ἄλλος is generally confined to a negation of identity, ἑτέρος sometimes implies the negation of resemblance.**

Indien die Heilige Gees dan die ander Parakleet is wat Jesus se plek kom inneem het, dan is Hy ook 'n Persoon soos Jesus (Hendriksen,1976:275 en Pink,1970:370). Hy word ook in die Skrif as 'n Persoon aangedui (Jh 14:26; 15:26; Hd 15:28; Rm 8:26; 1 Kor 12:11; 1 Tm 4:1; Op 22:17).

Die ander Parakleet se werk sluit aan by dié van Jesus. Calvyn (1956:92), maak hierby ook melding van die verskil in sending tussen Jesus en die ander Parakleet: Jesus het die toorn van God kom tevrede stel deur versoening vir sonde te bewerkstellig. Hy het die mens kom loskoop van die dood en aan hom lewe gegee. Die Heilige Gees het gekom om die mens deelgenoot te maak van Christus en sy seëninge. Nogtans moet daar by Calvyn se siening bygevoeg word dat die Parakleet ook 'n Voortsetter van Christus se werk is. McPolin (1979:162), se mening is:

> **...he is another Paraclete because his mission is similar to and continues that of Jesus.**

Pink (1975:370), sluit ook aan by hierdie gedagte deur te sê dat die Parakleet die plek van Jesus kom inneem het, terwyl Hy alles vir die dissipels doen wat Jesus gedoen het terwyl Hy nog by hulle was. Dan sluit hy af:

> **...only that the Holy Spirit would minister from within as Christ had from without.**

Hobbs (1968:222), is dit eens:

> **He is not to replace Jesus. But through the Holy Spirit the continuing life of Jesus is to be made evident in His church.**

Die lewe van Jesus vloei deur die Heilige Gees voort in die Kerk tot in ewigheid. Jesus is die lig van die wêreld en sy volgelinge *sal sekerlik nie in duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê* (Jh 8:12). Deur die Heilige Gees is ook sy volgelinge die sout van die aarde en die lig van die wêreld (Mt 5:13,14) wat die reuk van sy kennis oral versprei (2 Kor 2:14). Die ander Parakleet het die teenwoordigheid van Jesus 'n werklikheid kom maak op aarde. Malatesta (1977:548), is dit eens met Johnston en haal hom aan:

> **Not two presences but the same presence is involved.**

Daar bestaan só 'n noue verhouding tussen Jesus en die ander παράκλητὸς, dat dit soms skyn asof die Een in die Ander opgaan. Soos in die Parakleet-passasies, is die res van die Nuwe Testament duidelik omtrent hierdie noue verbintenis. Green (1976:49), sê:

> **...it is most important to remember the emphatic union which the New Testament asserts between the Holy Spirit and Jesus.**

Daar moet nogtans gelet word op die onderskeid tussen die eenheid van die Gees en Jesus, en die eie identiteit van die twee onderskeie Persone.

Die noue verhouding tussen die verrese Christus en die Heilige Gees word in diepte bespreek in die teologiese deel (Afd. IV). Dit is dus voldoende om hier te volstaan

met die feit dat daar wel so 'n intieme verhouding tussen Christus en die Gees bestaan.

As ander παράκλητὸς kon Hy slegs kom nadat Jesus weggegaan het, en Jesus sou Hom dan ook stuur. Daarom was dit vir die dissipels voordelig dat Jesus sou weggaan (Jh 16:7).

Jesus het sy dissipels voorberei met die oog op die feit dat Hy sou weggaan en hierdie gedagte het sy dissipels met droefheid vervul (Jh 16:6). Die byvoeging, *"Ek sê julle die waarheid"*, sê Schnackenburg (1975:127):

> **…is certainly not merely a way of strengthening the statement - it also provides the words with their revelatory character (See 8:40,45).**

Die rede vir bg. stelling is dat daar vir Schnackenburg 'n skakeling is tussen vers 7 en vers 13, wat die Parakleet beskryf as die Een wat in die hele waarheid lei.

Omdat die ander παράκλητὸς Jesus teenwoordig kom stel het by die gelowige en ook die Voortsetter van sy werk is, was dit dus voordelig dat Jesus sou weggaan. Schnackenburg (1975:127-128), stel dit so:

> **The statement about Jesus' departure therefore paradoxically becomes a promise of his presence, although in a different way. It reveals the deep insight that the Johannine circle had into the fact that the words and deeds of Jesus during his life on earth only became spirit and life for the community in *Christus praesens* or to express this idea in a different way, that their full effect was only developed in the Spirit.**

Die voordeel van sy weggaan lê dus opgesluit in die feit dat Hy nou in die Gees teenwoordig is, wat 'n meer effektiewe teenwoordigheid veronderstel.

Soos voorheen opgemerk, is Hy die Voortsetter van die werk van Jesus op aarde. Die Voortsetter sou slegs kom wanneer Jesus weggegaan het.

### 1.3.5 Sy verhouding tot die Vader

Die Johannes-evangelie sê die Vader stuur Hom (14:16, 26) en Hy het van die Vader uitgegaan (15:26).

### 1.3.6 Samevatting

Eksegeties beskou, het dit reeds duidelik geword dat die Parakleet in vier verhoudinge staan: (1) Sy verhouding tot die dissipels, (2) Sy verhouding tot die wêreld, (3) Sy verhouding tot Jesus, (4) Sy verhouding tot die Vader.

In elkeen van hierdie onderskeie verhoudinge vervul Hy ook bepaalde funksies. In die volgende afdeling sal gepoog word om tot 'n duidelike omskrywing te kom van wie en wat die παράκλητὸς is en wat Hy doen.

## 2. Jh 17

### 2.1 Inleiding

Hierdie gedeelte word ook soms die Hoëpriesterlike gebed[38] genoem. Tog is dié benaming vir sommige verklaarders té beperkend, omdat dit nie slegs om die gelowiges gaan nie, maar ook ander sake behels. Barrett (1970:417), se mening is:

> **It will be seen from this account of the chapter that the common description of it as the High-priestly prayer, or the prayer of consecration, does not do justice to the full range of the material contained in it. It is setting forth of the eternal unity of the Father and the Son in its relation to the incarnation and the temporary (and apparent) separation which the incarnation involved.**

[38] Grosheide (1950:398) skryf in 'n voetnoothieroor: "In verschillende kommentaren (Jeremias, Keil, Lagrange, Weiss e.a.) vindt men opgegeven, dat de naam hoogepriesterlijk gebed afkomstig is van David Chytraeus 1531-1600, hoogleeraar te Rostock. De juistheid van deze mededeeling heb ik niet kunnen controleeren. De naam hoogepriesterlijk gebed is zeker gepast, want Jezus bidt hier voor de zijnen en voor allen, die door hun woord in Hem zullen gelooven.De naam is echter ook te beperkt, in zooverre Jezus' gebed zich ook richt op de heerlijkheid des Vaders. Hoskyns merkt op, dat zakelijk de aanduiding hoogepriesterlijk gebed reeds te vinden is bij Cyrillus Alex. Keil en Weiss geven een aantal redenen op, waarom Jh 17 zoo kan heeten."

Nogtans is dit ‘n mooi benaming, omdat daar só intens vir die dissipels gebid word. Bouma (1950:129), skryf soos volg hieroor:

> **Niet ten onrechte draagt het dien naam; de Hogepriester, gereed om te offeren, draagt biddend de Zijnen aan Zijn Vader op.**

Morris (1975:716), se fokus is op die voltooiing van die werk van Jesus aan die kruis, en daarom, meen hy, is die naam geregverdig. Hy skryf só daaroor:

> **Everything I suppose depends on what range one would expect to find in a high priestly prayer. This common name does draw attention to the solemn consecration which is so much a feature of the prayer and to the way it looks forward to the cross as the consummation of Christ’s priestly work.**

Vir eksegetiese doeleindes hier ter sprake, sal die bespreking hoofsaaklik gaan oor die gelowiges, en dan in die besonder oor die eenheid van die gelowiges. Om die volle waarde van die betekenis van hierdie gedeelte (Jh 17) te kry, behoort dit binne die makro-konteks van Jh 13-17 geplaas en ontleed te word. Nagel (1996: 3-23) skryf in ‘n artikel, *Hermann Sasse Identifies the Paraclete*, soos volg:

> **This conclusion is then tested by the connection of 13:31-41 with the other parts of the complex 15-17. That these three chapters are a unity is shown not only by their being marked off by 14:31 and 18:1 but also by what is in them. This does fall into relatively independent passages (Deissmann's pericopes). The theme of 15:1—17, the unity of the disciples with one another and their being bound up with Christ, and the theme of 15:8-16:4a, the relationship of the disciples to the world, provide the basic thoughts of the Farewell Prayer, 17:1-26. While 16:40-33 is not so closely related in language and thought with chapter 17 it does provide the necessary conditions for the situation of the prayer with its announcements of Jesus' departure. From the foregoing we may conclude that chapters 15-17 belong together.**

Fourie (1986), het ‘n deeglike studie in hierdie verband onderneem, waarin só ‘n plasing geregverdig is. By andere is hierdie mening ook aanwesig (vgl. Dodd 1968:417, 418; Hendriksen 1976:347). Carson (1992:550-551), se mening is waardevol, omdat skakelwoorde en -gedagtes wat op eenheid dui tussen Jh 13-16 en Jh 17, hier nagespoor sal word:

> **This prayer is not free-standing; it is intimately connected by themes and link-words with the discourse that precedes it (chs. 14-16), as even the first words of 17:1 ('After Jesus said this…') intimate. Indeed, there is ample evidence that prayers of one sort or another were frequently connected with 'farewell discources' in the ancient world, both Jewish and in hellenistic literature.**

Die fokus sal nou val op relevante versgedeeltes vir eksegese met betrekking tot eenheid.

## 2.2 Eksegese: Johannes 17

### 2.2.1 Raakpunte met Johannes 13-16

In navolging van Dodd (1968:418), is dit belangrik om aandag te gee aan sodanige raakpunte vir 'n meer volledige verklaring van Jh 17. Reeds in die voorafgaande diskoerse was dit belangrik om daarop te let dat daar deurlopend een sentrale tema waarneembaar is: die tema om één met Christus te wees, en eenheid met Hom word voorafgegaan deur eenheid tussen Hom en die Vader (Jh 17:21). Die eenheid met Hom vloei weer voort in eenheid tussen die gelowiges. Hierin is daar vele raakpunte, waarvan enkeles genoem kan word: Jesus was die dissipels se voete sodat hulle deel aan Hom kan hê (Jh 13:8), en daarom is hulle ook verplig om te doen wat hulle Meester gedoen het sodat hulle ook één met mekaar kan wees (Jh 13:13-17). Hulle is ook aan mekaar verbind met liefde (ἀγαπη), wat weer 'n voortsetting van sý liefde is (Jh 13:34,35). Hierdie liefde het die mag om die skeiding wat tussen Jesus en sy eie kom met sy dood, te oorbrug. Sy terugkeer is 'n werklikheid wat gegrond is op sy liefde. Omdat Hy hulle liefhet, kom Hy weer (Jh 13:19-24). Nadat Hy deur die dood weggegaan het, sal hulle één met Hom wees as lote van die ware Wynstok (Jh 15:1-9) en die vrug wat die lote dra, is weer liefde (ἀγαπη), wat dan ook weer 'n voortsetting van die liefde van God is wat deur Jesus Christus geopenbaar is (Jh 15:8-10).

Die reël *Scriptura Scripturae interpres* is hier van groot waarde, omdat ook ander Skrifgedeeltes oorweeg kan word om die geheelbeeld te vorm van liefde, 'n grondslag vir eenheid. In Mt 22:37-40 sê Jesus: *Jy moet die Here jou God liefhê met*

*jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede, wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself*. *Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete*. Die orde geld hier ook in die teks: die gelowiges moet God liefhê, en daarna ook ander.

Liefde vir mekaar word ook waargeneem in 1 Jh 3:14-18:
***14*** *Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.*
***15*** *Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.*
***16*** *Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.*
***17*** *Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?*
***18*** *My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.*

**In 1 Jh 4 is 'n voortsetting van die liefde:**

***7*** *Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.*
***8*** *Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.*
***9*** *Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.*
***10*** *Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.*
***11*** *Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê.*
***12*** *Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword.*
***13*** *Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.*
***16*** *En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.*

***17** Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.*
***18** Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.*
***19** Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.*
***20** As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?*
***21** En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.*

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Waar liefde is, is daar eenheid. Selfs in vervolging is die gelowiges één met Hom, hulle wat deur die wêreld gehaat word.[39] In konfrontasie met die wêreld, het die gelowiges die ondersteuning van die Parakleet, wat deur sy inwoning voortdurend die kennis van Christus (wat die kennis van God is), aan die dissipels oordra. (Jh 14:17, 16:7-15).

In die diskoerse wat die gebed van die Here voorafgaan, is dit duidelik dat die tema van éénwees met Christus, dominant is. Oor die onderhawige gedeelte, sê Dodd (1968:418):

> **As we read, it becomes clear that Christ is not merely telling His disciples about life in union with Him and how to attain it; He is actually imparting it to them.**

In die gedeelte van Jh 15:13-17 word die liefde baie sterk beklemtoon, soveel so, dat Jesus sy dissipels nie meer diensknegte noem nie, maar vriende. As vriende verkry hulle die kennis van God en word hulle uitverkies om vrug te gaan dra (Vrug is, volgens die voorafgaande gedeelte, om mekaar lief te hê volgens sy gebod), en gevolglik deel te kan hê aan die veelvuldige genade van God.

Dan gaan Dodd (1968:418,419), voort:

---

[39] Vgl. Hd 9:4-5, waar Jesus vir Saulus, wat die <u>gelowiges</u> vervolg het, sê: *"Saul, Saul, waarom <u>vervolg jy My?</u>"* En toe hy vra: *"Wie is U, Here?"* Kom die antwoord: *<u>Ek is Jesus wat jy vervolg</u>."*

> **All this is the sequel to the figure of the Vine, which puts in the strongest possible terms the idea of union with Christ through mutual indwelling.**

Hierdie *mutual indwelling* is vir Dodd (1968:419), die liefde (ἀγαπη) waarin die dissipels met Christus geïnkorporeer word. Deur die liefde kry hulle ook deel aan die kennis van God, visie van God, asook die ewige lewe wat God aan die mens gee.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Dit is seker korrek om te konkludeer dat die liefde, wat ook die vrug van die Gees is (Gl 5:22), deur die Heilige Gees in die gelowiges se harte uitgestort is (Rm 5:5). En omdat dít ‘n werk van die Heilige Gees is, is die bewerking van eenheid wat sy grondslag in die liefde het, ook ‘n werk van die Heilige Gees.

Daar sal nou voortgegaan word met die ontleding van relevante teksgedeeltes m.b.t. eenheid.

### 2.2.2 Teksontleding: Jh 17

Verskeie pogings is in die verlede aangewend om ‘n indeling te maak vir die gebed van Jesus. Die volgende word o.a. gevind: Carson (1992:553), 1-5, 6-19, 20-26; Barrett (1970:417), 1-5, 6-19, 20-24, 25-26; Hendriksen (1976:348), 1-5, 6-19, 20-26; Groenewald (1979:343), 1-5, 6-19, 20-23, 24-26; Bernard (1942:559), 1-8, 9-19, 20-26); Fourie (1986:129), 1-5, 6-19, 20-26. Dalk is Groenewald (1979:343), se opmerking geregverdig:

> **Die gebed vorm so ‘n sterk eenheid dat onderverdeling in paragrawe moeilik is.**

Bg. is ook die mening van Morris (1975:716).

Omdat daar so ‘n sterk eenheid waarneembaar is, mag dit dalk nodig wees om, vir die doeleindes van hierdie proefskrif wat handel oor eenheid, die gebed van Jesus vanuit ‘n geheelbeeld-perspektief te beskou, sonder noodwendige indeling in

perikope. Die rede hiervoor is dat, selfs in die sterkste afbakening van ‘n perikoop, daar tog onderliggend aanduidings is dat ander sub-temas ook ter sprake is. ‘n Voorbeeld hiervan word in die eerste perikoop reeds sigbaar. Soos reeds hierbo vermeld, is daar algemene ooreenstemming onder verklaarders dat verse 1-5 handel oor die deel van die gebed waar Jesus eers vir Homself bid. Vergelyk in hierdie verband: Groenewald (1979:343); Carson (1992:553); Hendriksen (1976:348); Bernard (1942:559). Soos Groenewald (1979:343) dit stel:

> **…eers bid Jesus vir die verheerliking van die Seun (v. 1-5); dan volg die bede vir bewaring en heiliging van die apostels (v. 6-19); daarna kom die bede vir die eenheid van die gemeente (v. 20-23) en laaste vir die verheerliking van die gemeente (v. 24-26).**

Tog bid Jesus in hierdie gedeelte nié nét vir Homself nie, maar is daar aanduidings van ander sake waarvoor Hy ook bid. Hy vermeld óók húlle wat die Vader Hom gegee het: *“… soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het”* (v. 2-3). Hierdie gelowiges word weer vermeld in die volgende perikoop wanneer Hy vir hulle bid.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Daar is dus ‘n ineenskakeling tussen die eerste en die tweede perikoop, wat weer ineenskakel met die gebed vir eenheid (vs. 11, 23).

Dán sluit Hy ook verder in hierdie eerste gedeelte van die gebed (verse 1-5) in die werk wat Hy kom doen het: *“Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring”* (vs. 4).

‘n Verdere oorweging is dat Jesus die Λόγος van God is (Jh 1:1). As sodanig sal Hy nie onnodige of ydele herhalings in sy gebed doen nie (Mt 6:7). Met elke verskyning of herverskyning van ‘n sinsnede of ‘n woord is daar ‘n doel. Só kan bv. die begrip “heerlikheid” of “verheerliking”, wat reg deur die gebed voorkom, wyer betekenismoontlikhede inhou; wat ook weer interskakeling tussen die verskillende perikope moontlik maak. Dít op sigself werk weer mee tot ‘n beskouing van ‘n

geheelbeeld-perspektief van die gebed. Indien die gebed te veel gesegmenteer word, kan dit die gevaar inhou van fragmentasie waardeur kosbare waarhede verlore kan gaan.

Die fokus val dus hier op die eenheid van die gebed. Daarom is dit ook moeilik om slegs een of twee verse uit te sonder wanneer ons hier oor eenheid van die Kerk besin. Dit mag nodig wees om die res van die gebed ook in gedagte te hou, al is dit net soms vir ‘n enkele verwysing.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die lyn van eenheid loop soos ‘n goue draad deur die gebed, sonder dat dit op sigself die sentrale tema van die gebed is, maar tóg ineengeweef met ander hooftemas en sub-temas.

‘n Poging sal nou aangewend word tot eksegese met die beklemtoning van eenheid. Hiermee word geensins gepoog om die teks te forseer om aan te toon dat dit in die gebed <u>slegs</u> om eenheid gaan nie. Eenheid is slegs een van die sub-temas wat in die gebed voorkom. Dít op sigself is weer ‘n aanduiding van die rykdom, die veelomvattenheid van die gebed wat ontgin kan word met ‘n breedvoerige eksegese. Vers 1 sou, selfs sonder hoofstuk- en versindeling, tog kon dui op finale afsluiting van die vorige gedeelte(s), nl. die diskoerse. ‘n Nuwe afsonderlike deel volg direk daarop. ‘n Duidelike afsonderlike perikoop, verse 1-5, is waarneembaar, met inagneming van die voorafgaande bespreking.

In vs.1 begin Jesus bid: *“Vader…”* (**πάτερ** - Vgl. ook Jh 11:41; 12:27; Mt 11:25; Mk 14:36; Lk 10:21; Lk 22:42; Lk 23:34,46), terwyl Hy sy dissipels geleer het om te bid: *“<u>Onse</u> Vader...”* (Mt 6:9). Die woord *“Vader”* veronderstel ‘n noue verhouding tussen ‘n kind en sy vader. Tereg wys Morris 1975:717), daarop:

> **G. Dalman points out that the Greek** πάτερ **(used here) like** ὁ πάτερ **or** πάτερ μου **presupposes an Aramaic *“ABBA”* (as in Mark 14:36). The significance of this is that, “The usage of family life is transferred to God: it is the language of the child to its father” (The words of Jesus, Edinburg, 1902, pp. 191f.). The Jews preferred a less intimate form when adressing God, e.g. “Our Father in heaven”.**

In hierdie verband skryf Hayford *et al* (1997:736), soos volg:

> **A very simple word, äab is supposed to be one of the first words a baby can speak. The Aramaic form of äab is äabba, which has become common in modern Hebrew as the word Israeli children use for “daddy.” Jesus applied this toddler’s word to His divine Father (Mark 14:36). The Holy Spirit teaches us to call God “Abba” (Rom. 8:15)…**

Alreeds is hier aanduiding van ‘n noue verhouding met die Vader, wat weer dui op éénwees met die Vader, soos verder duidelik word.

*“…die uur het gekom…”* (ἐλήλυθεν ἡ ὥρα). Dit is die uur van sy verheerliking, soos Hy reeds vir hulle gesê het: “Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug”… Nou is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom. Vader, verheerlik u Naam! Daar het toe ’n stem uit die hemel gekom: Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik” (Jh 12:23,24,27,28). Hierdie uur (vgl. ook Jh 2:4; 7:6, 8, 30; 8:20) van verheerliking waarna Hy verwys, dui op sy dood aan die kruis. (Vgl. o.a. Carlson 1991:553, Morris 1975:718, Groenewald 1980:344, Barrett 1970:418 en Barclay in sy kommentaar oor Johannes, 1972:239), wat in die voorafgaande hoofstuk 12 direk in verband gebring word met die dissipels:

*“Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe. As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal die Vader hom eer”* (Jh 12:25-26).

Paulus se woorde in 2 Tm 2:8-12 sluit hierby aan: “*Onthou dat Jesus Christus, uit die geslag van Dawid, uit die dode opgewek is volgens my evangelie, waarin ek verdrukking ly tot die boeie toe soos ’n kwaaddoener; maar die woord van God is nie gebonde nie. Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid. <u>Dit is ’n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook</u>*

*<u>verloën.</u>"* En dan verder ook in Rm 8:17 - *"…en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, <u>as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word</u>."*

*"…verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik -"* (vs. 1).
Alhoewel sy verheerliking waarvoor Hy hier bid, kan dui op sy dood aan die kruis (vgl. ook kommentaar op vs. 22), hou dit tog ook verband met sy "teruggaan" na die Vader, want Hy bid verder in vs. 5: *"En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was."* Miskien is dit veilig om te aanvaar dat sy verheerliking dui op sy kruisdood, wat dan weer 'n deurgang tot sy terugkeer na die Vader is met die heerlikheid wat Hy tóé gehad het. (Vgl. in hierdie verband ook Kol 2:6-11 wat handel oor sy ontlediging/vernedering en sy verheffing/verheerliking daarná). Die kruis, en alles wat dit omsluit, is dus onafskeidbaar van die terugkeer na die Vader. Daarom moet dit as totale eenheid vir verheerliking beskou word. En híérin word die Vader ook verheerlik. Jesus se kruisdood sowel as sy terugkeer, verheerlik die Vader.

Dit is ook die gedagtegang van Hendriksen (1976:348):

> **It is clear from the context that Jesus was not thinking of the hour of his *death* only, but of the entire *consummation* of his earthly ministry: *death, resurrection, ascension, and coronation,* his entire *going to the Father.* In the thought of Jesus, suffering and consequent glory go together (12:32; 14:3, 4; 16:20 ff.; cf. Mt16:21; 20:19; 26:28, 29). Christ's death was of such a character that his resurrection, ascension, and coronation *had to follow;* hence, *the hour* refers to all four.**

Dan verklaar Morris (1975:718):

> **It is significant that with the cross in view Jesus prays that God will glorify Him. To men the cross appeared an instrument of shame. To Christ it was the means of true glory. The prayer makes it clear moreover that the glory of the Son and the glory of the Father are closely connected. To glorify the Son is to glorify the Father. The two are one.**

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Hierin val die lig van sy heerlikheid op die eenheid wat daar bestaan tussen die Vader en die Seun, maar ook op die eenheid tussen die gelowiges en God, sowel as die eenheid tussen die gelowiges.

As Jesus sê: *"…en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees…"* (Jh 12:26 hierbo vermeld), het dit sekerlik nie net op lyding betrekking nie. Hy bid vir sy eie verheerliking, sodat Hy ook (eendag) diegene wat in Hom glo, in hierdie verheerliking kan inlei. Nadat Hy gebid het om sy eie verheerliking, gaan Hy binne dié konteks voort met sy gebed vir húlle wat in Hom sal glo: *"…soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het"* (verse 2-3). Hy gaan die gelowiges voor, ook in verheerliking. (Vgl. ook kommentaar op vs. 22).

Verse 4-5. *"Ek het U verheerlik op die aarde."* Barrett (1970:420), maak hier onderskeid tussen vers 4 en vers 1: In vs. 1 lê die verheerliking van die Seun in die toekoms, terwyl dit in vs. 4 dui op die verlede - 'n afgehandelde saak. Die eerste dui vir Barrett op die lewe wat Jesus sal gee (en nog steeds gee) aan elkeen wat glo (vs. 2), terwyl die verheerliking waarvoor Hy bid in vs. 4 dui op die werk wat Hy op aarde voltooi het. Dit is die werk wat tot voltooiing gebring word met sy dood aan die kruis (verwys vs. 4b). Die verheerliking in vs. 1 is as gevolg van die lewe wat Hy nog steeds gee, en is voortgaande totdat God se plan met die mens tot sy volle ontplooiing kom op aarde. Hierdie verklaring is aanvaarbaar, omdat dit in die teks duidelik gesien kan word. In vs. 1 is die verheerliking van die Vader, op grond van die verheerliking van die Seun, ook voortgaande, en dus ook toekomsgerig: Deur die eeue heen word die Seun verheerlik en die Vader deur die Seun verheerlik deur elke mens wat in die Seun glo en lewe van Hom ontvang. Paulus skryf só hieroor: *"En julle het Hy <u>lewend gemaak</u>, wat dood was deur die misdade en die sondes… Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered - …"* (Ef 2:1,4-5).

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die "lewendmaking" is dus 'n proses wat steeds voortgaan (vgl. ook Jh 17:20), en die soeke na eenheid tussen hierdie gelowiges is ter sprake.

*"Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring"* (τὸ ἔργον ἐτελείωσα ὃ δέδωκάς) (vs. 4). Hierdie werkwoord verwys na die voltooide lewe van Jesus, wat sy klimaks bereik met sy dood aan die kruis (Barrett 1970:420). Vir sy dissipels het Jesus by geleentheid gesê: *"My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring"* (Jh 4:34). Opmerklik is die feit dat Jesus in vs. 4 die verlede tyd (Aoristus participium) gebruik vir die woord "voltooi" (τελείωσας) asof die werk aan die kruis reeds 'n afgehandelde saak is. Hierdie begrip sien ook vooruit na die kruis waar die werk fisies voltooi word. In hierdie verband kan verwys word na Jh 19:30, waar Jesus dieselfde begrip gebruik, nl. τετέλεσται, en wéér in die verlede tyd (Perfektum). Die gebruik van die verlede tyd deur Jesus vóór sy kruisiging, kan slegs dui op die vaste voorneme van beide die Vader en die Seun dat die werk afgehandel sál word. Jesus bid egter die verlede tyd, omdat Hy by hierdie geleentheid die Vader vra om Hom te verheerlik nadat die werk afgehandel is.

*"Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring"*, gee vir ons ook 'n aanduiding van Jesus se doelgerigtheid om die wil van die Vader te volbring. Dít is weer op sigself vir die volgelinge van Jesus 'n riglyn om na te volg, sodat elkeen sy taak of roeping in hierdie lig sal sien: Elkeen is op hierdie aarde met 'n doel wat hy moet uitvoer. Dit sal nie baat as elkeen maar net enige "taak" voltooi buite die wil van die Vader nie. Ons moet ons roeping voltooi.

Die verheerliking van God deur Jesus Christus op aarde, lê verder ook opgesluit in die werk wat Hy (Jesus), ook op aarde, volbring het. Dáárom kan Hy ook bid om sy eie verheerliking *"…wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was."* Dit wil sê, vóór sy vernedering. Die werk van verheerliking van God op aarde moes Hy dus voltooi terwyl Hy in sy vernederde staat was. (Vgl. ook bespreking hierbo, met verwysing na Kol 2:5-11). In sy staat van vernedering, waar Hy ook volkome Mens geword het, moes Hy as Mens in konstante gehoorsaamheid (Heb 5:8) aan die Vader leef. Sy hele lewe (sy daaglikse bestaan) moes God behaag. Hierin het Hy dan ook as Mens die voorbeeld aan ander mense (gelowiges), gestel om in algehele gehoorsaamheid aan God te leef, sowel as in totale afhanklikheid van Hom.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Voorafgaande bespreking dui op totale *één*wees met die Vader, wat weer die grondslag is van die eenheid van gelowiges met mekaar. Hierdie eenheid is weer 'n uitvloeisel van sy heerlikheid wat Hy ons gegee het (vgl. vs. 22).

Eers bid Jesus: "Ek het U verheerlik op die aarde…" (vs. 4a). Dan gaan Hy voort in vs. 5: "En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was."

Die een is 'n grondslag vir die ander. 'n Voltooiing in heerlikheid.

Verse 6-19 word algemeen deur kommentators as 'n selfstandige perikoop aanvaar. (Verwys 2.2.2 hierbo). Daarom sal vervolgens aan hierdie perikoop aandag gegee word, en wel met die oog op die eenheid van gelowiges.

In hierdie perikoop gaan dit oor die "bewaring" en "heiliging" van die dissipels (Groenewald, 1979:343). Barrett (1970:417), sluit hierby aan:

> **Jesus prays for the disciples who are gathered in about him. They have been drawn together out of the world and they will be exposed to its attacks. Hitherto Jesus has himself preserved and enlightened them; he prays that in his absence they may be kept in the truth of God. They are to be kept in unity, with each other, in himself and in God…**

Op grond van hierdie gebed sal God hulle bewaar in hierdie wêreld. In hierdie perikoop gaan dit onmiddellik in die eerste plek om die dissipels wat om Hom versamel is. Later bid Hy ook vir diegene wat in die eeue wat kom, in Hom sal glo (vs. 20). Almal maak één Liggaam van gelowiges uit wat deur die Vader aan Jesus gegee is (verse 6, 21).

Vs. 9 is belangrik, omdat dit duidelik afbaken vir wié Jesus hier bid: *"Ek bid vir* *hulle* (αὐτοὺς*); "Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het"* (περὶ ὧν δέδωκάς μοι), *"omdat hulle aan U behoort."* Die *"hulle"* vir wie Hy bid, word duidelik gekwalifiseer in verse 6-8.

Morris (1975:723), skryf in ‘n voetnootm.b.t. αὐτοὺς:

> **Abbott draws attention to the fact that, whereas the accusative *αὐτοὺς* is found often in the Synoptists in connection with what Jesus did to “them”, it occurs four times only in this way in John until we come to this prayer. Here it is used of the disciples nine times…**

In die gebed van Jesus verwys *“hulle*” (αὐτοὺς) in hierdie nege keer wat dit voorkom, uitsluitlik na die dissipels van Jesus - ten tye van sy aardse bestaan sowel as die dissipels (gelowiges) van alle toekomstige eeue daarna.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die wêreld[40] (κόσμος) of ongelowiges is geheel en al uitgesluit uit hierdie gebed (vs. 9) en daarom ook uit sy gebed vir eenheid. Daar kan dus nie eenheid wees tussen gelowiges en ongelowiges nie; tussen hulle wat aan Jesus behoort, en hulle wat nié aan Hom behoort nie. (Later meer hieroor. Vgl. ook 1.3.3.(a)).

In verse 6-8 gaan dit oor *“hulle”* vir wie Jesus bid.
Vs. 6(a) *“Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het”* (’Εφανέρωσά σου τὸ ὄνομα). Die gebruik van die Aoristus-tyd van die werkwoord dui daarop dat die werk reeds voltooi is. Jesus het sy werk, nl. die openbaring van die Naam van die Vader aan die dissipels *(“…die mense wat U My uit die wêreld gegee het”*), voltooi. φανέροω word deur Louw & Nida, Vol. 1 (1989:338-9) soos volg verklaar:

> **…to cause something to be fully known by revealing clearly and in some detail - ‘to make known, to make plain, to reveal, to bring to the light, to disclose, revelation.’**

En dan verder in ’n voetnoot (339):

---

[40] Vir die begrip ‘wêreld’ (κόσμος), vgl. voetnoot38

> **All of these meanings involve a shift from the sensory domain of seeing, causing to see, or giving light to, to the cognitive domain of making something fully known, evident, and clear.**

Die gelowiges het kennis van sy Naam (τὸ ὄνομα) deur Jesus Christus *"aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het"*, geopenbaar.

Die Naam wat deur Jesus geopenbaar is, dui op die totaliteit van die Persoon van God, die karakter van God (Morris, 1973:723; Carson, 1992:558; Barrett, 1970:421). Die naam van 'n persoon herinner veral aan die Ou Testamentiese gebruik waar die naam van 'n persoon sy karakter aandui. Dit kom ook in die Nuwe Testament voor. (Vgl. Douglas *et al.*, 1975:861-2). Hierby sluit Groenewald (1980:347), aan:

> **Die "Naam" dui op God self en alles wat Hy tot heil van die mens bekend gemaak het. Hierdie openbaring van God kan slegs geken word deur die bekendmaking daarvan deur Jesus Christus te aanvaar. Daar is nie 'n ander weg tot die ware kennis van die Naam van God nie.**

Vir Bernard (1942:564), beteken vs. 6(a): *"Ek het u Naam geopenbaar aan die mense,"* dieselfde as vs. 4 - *"Ek het U verheerlik op die aarde."* Tog is daar vir my 'n fyn onderskeid tussen hierdie twee sinsnedes. In vs. 4 gaan dit oor die werk wat Jesus in die algemeen op die aarde gedoen het t.o.v. die gelowiges sowel as die ongelowiges. In vs. 6 gaan dit meer spesifiek oor die werk wat Hy gedoen het t.o.v. die dissipels: *"…die mense wat U My uit die wêreld gegee het."* Soos Morris (1975:723) tereg sê:

> **Here the point is that the revelation was not made indiscriminately. It was made to those whom God gave Jesus (*cf.* 6:37).**

Jesus sou nie onnodige herhalings in sy gebed gedoen het nie.

Hierin is vir sommige Skrifverklaarders spore van die uitverkiesing, soos MacArthur (1997) dit stel:

> **The biblical doctrine of election or predestination is presented throughout the NT (15:16,19; Acts 13:48; Rom. 8:29-33; Eph. 1:3-6; 1 Thess. 2:13; Titus 1:1; 1 Pet. 1:2).**

Dan bid Jesus verder in vs. 6(b): "Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee".

Weer eens, soos vir MacArthur (1997), 'n voortgang van die gedagte van uitverkiesing:

> **"They were Yours" (cf. v. 9) is a potent assertion that before conversion, they belonged to God (cf. 6:37). That is true because of God's election. They were chosen before the foundation of the world (Eph. 1:4), when their names were written in the Lamb's book of life (Rev. 17:8). Cf. Acts 18:10, where God says He has many people in Corinth who belong to Him but are not yet saved.**

Vir die doeleindes van hierdie proefskrif sal hiermee volstaan word, aangesien 'n volledige bespreking oor die aard en verklaring van die uitverkiesing buite hierdie studieveld lê. Dit is wel belangrik om kennis te neem van die feit dat dit oor God se uitverkorenes of gelowiges gaan - die *"hulle"* vir wie Jesus hier bid, en nie vir die wêreld (ongelowiges), nie. Die gelowiges is *"die mense wat U My uit die wêreld gegee het"* (τοῖς ἀνθρώποις οὓς δέδωκάς μοι ἐκ τοῦ κόσμου). Soos Bernard (1942:564), dit stel:

> **The reference is to the definite "gift" of the faithful disciples chosen ἐκ τοῦ κόσμου**

Hierdie gelowiges rondom Hom, sê Jesus in vs. 6 (c), *"het u woord* (λόγος) *bewaar* (τετηρήκαν)*."* Dit staan in die verlede tyd (Perfektum), wat beteken hulle het alles aanvaar wat deur Jesus aangaande die Vader aan hulle geopenbaar is. Daarby het hulle getrou en gehoorsaam gebly aan die Woord soos aan hulle geopenbaar is. Maar vir Marrow (1995:309), is daar méér aan verbonde as om die openbaring van die Woord te aanvaar:

> **But keeping the word of the Father is not merely to accept the revelation brought by Jesus of Nazareth ("If you continue in my word, you are my disciples" 8:31; 15:7, 14), but to submit to its commandment to love one another (13:35; 15:12, 17; 17:26). All revelation brings a commandment ("I am the Lord your God, you shall…" Ex 20:2-17; Deut 5:6-21), and the ultimate revelation of God in Jesus Christ is no exception.**

Die aanvaarding van die Woord en onderhouding van die Woord gaan dus hand aan hand vir die gelowiges. Om die geopenbaarde Woord te aanvaar en te doen, is 'n kenmerk van gelowige te wees. Buite hierdie raamwerk kan niemand 'n dissipel van Jesus Christus wees nie. Daarom sluit Hy in hierdie gebed die ongelowiges (die wêreld), uit.

Vs. 7 - "Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom", is inleidend tot vers 8. Die woord "want" (ὅτι) waarmee vs. 8 begin, dui op die voortgang. Vs. 8 - "Want die woorde (ῥήματα) wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang (Verlede Tyd – Aoristus) en waarlik erken (Verlede Tyd – Aoristus) dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo (Verlede Tyd – Aoristus) dat U My gestuur het." Dit staan ook soos in vs. 6, in die Verlede Tyd (hierdie keer Aoristus), wat beteken hulle het alles geglo en aanvaar wat deur Jesus aangaande sy sending aan hulle geopenbaar is.

Die dissipels het die woord (λόγος) bewaar (vs. 6), en in vs. 8 het hulle die woorde (ῥήματα) wat Jesus aan hulle gegee het, ontvang. Dit skyn of hier 'n onderskeid getref word tussen λόγος (enkelvoud) en ῥήματα (meervoud). Dit wil voorkom asof lg. *"woorde"* (ῥήματα) 'n onderafdeling of gedeelte van *"woord"* (λόγος) is. Soos Morris (1975:724), dit stel:

> **"The words which thou gavest me" points to a God-given message. It is this that Jesus passed on to the disciples (*cf.* 7:16; 12:48f.).**

Liddell and Scott (1966:624), se verklaring is:

> ῥῆμα, ατος, τὸ, **…that which is said or spoken, a word, a saying, expression, phrase. 2. Also the thing spoken of, a thing…** ῥημάτιον, τὸν, **Dim. of** ῥῆμα, **a little word, a pet phrase.**

Soortgelyke gedagtegang word ook gevind by Arndt & Gingrich (1958).

Dit sluit ook aan by Strong se woordeboek (1997):

> ῥῆμα **rheμma, *hray´-mah;* from *4483;* an *utterance* (indiv., collect. or spec.); by impl. a *matter* or *topic* (espec. of narration, command or dispute); with a neg. *naught* whatever:-— + evil, + nothing, saying, word.**

Insiggewend is ook die verklaring van Vine (1997):

> ῥῆμα **denotes that which is spoken, what is uttered in speech or in writing; in the singular, a word, …in the plural, speech, discourse…**

In hierdie verklaring gee Vine dan talle voorbeelde in die Nuwe Testament waar die woord so gebruik word. Dan gaan hy voort:

> **The significance of *rhēma* (as distinct from *logos*) is exemplified in the injunction to take "the sword of the Spirit, which is the word of God," Eph. 6:17; here the reference is not to the whole Bible as such, but to the individual scripture which the Spirit brings to our remembrance for use in time of need, a prerequisite being the regular storing of the mind with Scripture.**

In die kommentaar van die *Spirit Filled Bible* (Hayford *et. al* 2002:1294) word ῥῆμα soos volg bespreek:

> **That which is said or spoken, an utterance, in contrast to *logos,* which is the expression of a thought, a message, a discourse. *Logos* is the message; *rhema* is the communication of the message. In reference to the Bible, *logos* is the Bible in its entirety; *rhema* is a verse from the Bible. The meaning of *rhema* in distinction to *logos* is illustrated in Eph. 6:17, where the reference is not to the Scriptures as a whole, but to that portion which the believer wields as a sword in the time of need.**

Vs. 10 - *"En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne;…"* Al gebruik Jesus hier die neutrum (**καὶ τὰ ἐμὰ πάντα σά ἐστι καὶ τὰ σὰ ἐμά**) en nie die manlike vorm soos hierbo nie, dui die konteks daarop dat Hy hier besig is om vir sy dissipels te bid. Dit kan wel beteken dat Hy met die gebruik van die neutrum letterlik alles insluit wat aan Hom behoort en dan verklaar dat dit ook aan die Vader behoort. Maar Jesus gaan voort om te bid*: "en Ek is in hulle* (**αὐτοῖς**) *verheerlik."* 'n Waarskynlike verwysing na **ὧν** van vs. 9 - *"Ek bid vir hulle* (**αὐτοὺς**); *Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het* (**περὶ ὧν δέδωκάς μοι**)*, omdat hulle aan U behoort."* (Dit is ook Morris 1975:725, en Barrett1970:423, se menings).

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die hoofsaak hier is dat die dissipels (nie die ongelowiges nie), *"woord"* (**λόγος**) en ook die *"woorde"* (**ῥήματα**) soos deur Jesus gespreek, ontvang het. *Húlle* het dít wat deur Jesus aan hulle oorgedra is, aangeneem. En deurdat hulle dit aangeneem het, is daar sprake van 'n samebindende faktor, 'n eenheid tussen gelowiges. Die woord gedra deur die krag van die Heilige Gees, wat ontvang word deur die gelowiges, is 'n onmiskenbare faktor vir eenheid.
In verse11-19 tree die tema van die bewaring en heiliging van die dissipels nog eens sterk op die voorgrond. Jesus gaan na die Vader, en sal nie meer langer in sy vleeslike liggaam op die aarde werksaam wees nie. Terwyl Hy op die aarde was, het Hy hulle bewaar. Nou bid Hy dat die Vader hulle bewaar. Hulle kom nou in 'n nuwe verhouding met die Heilige Gees, wat hulle prakties gaan ondersteun terwyl hulle nog in die wêreld is en in 'n besondere sending staan. Die gebed van Jesus vir hulle is dat hulle bewaar mag word in die Naam van die Vader (vs. 11); dat hulle bewaar mag word van die Bose (vs. 15); dat hulle in die waarheid geheilig mag word (vs. 19); dat hulle één mag wees (vs. 11) en dat hulle die blydskap van Jesus volkome in hulle kan hê (vs. 13), (Dodd 1968:417).

Vs. 11 - *"En Ek is nie meer in die wêreld nie,…"* dui daarop dat sy weggaan so naby is dat dit alreeds as 'n feit gekonstateer kan word: Hy is nie meer hier nie! Daarteenoor, sê Jesus: *"…maar hulle is in die wêreld…"* Hy neem afskeid, en hulle

moet agterbly in ‘n vyandige wêreld wat hulle te bowe sal moet kom: *“…en Ek kom na U toe. Heilige Vader, <u>bewaar</u> in u Naam die wat U My gegee het…”* Alleen met die bewarende hand van die Vader is hulle veilig beskut teen die Bose. Die bewaring teen die Bose is vir Brown (2003:202), ook bewaring teen onenigheid:

> **John’s ‘being in’ notion seems to express more than a merely functional unity. In 17.11b, Jesus prays that God would protect the believers ‘so that they may be one, as we are one.’ Apparently Jesus asks God to protect them from forces (‘the evil one’, 17.15) that would cause disunity or disloyalty among them, a key concern in Jesus’ prayer.**

Jesus spreek God die Vader aan as *“Heilige Vader”*, wat slegs hier in die Evangelie volgens Johannes voorkom - Sanders (1968:372). God se heiligheid staan teenoor die Bose en sy onheiligheid. Die gelowiges sal in die heiligheid van God bewaar word. Dié heiligheid sal vir hulle ‘n beskutting wees, omdat hulle self ook geheilig word in Jesus Christus: Heiligheid word ‘n wapen teen die Bose. Die bewaring teen die Bose geskied ook in die krag van die Heilige Gees soos Grosheide (1950:414), tereg sê:

> **En nu gaat Jezus tot den Vader en kan niet meer over hen waken. Men zegge niet, Jezus had toch beloofd, dat de Geest zou komen als een andere Trooster. Want dit gebed om bewaring is ook een gebed om de komst des Geestes, vgl. 14:16, de bewaring moet door den Geest geschieden.**

Tog is daar ‘n verdere (belangrike) dimensie wat bykom: *“…sodat hulle <u>een</u> kan wees net soos Ons”* (ἵνα ὦσιν ἓν καθὼς ἡμεῖς). Die bewaring het ook eenheid ten doel. Hulle moet só bewaar word dat hulle alle vorme van verdeeldheid te bowe kan kom.

Calvyn (1847:175), skryf soos volg hieroor:

> **But as it is not enough that men be agreed in some manner, he adds, *As we are.* Then will our unity be truly happy, when it shall bear the image of God the Father and of Christ, as the wax takes the form of the seal which is impressed upon it.**

Wanneer gelowiges ware Beelddraers van God is, is daar eenheid. Dit is duidelik dat Jesus hier die Gees-eenheid ten doel het en nie bloot ‘n strukturele eenheid van alle gelowiges nie. (Vgl. Afd. IV).

Morris (1975:727), skryf insiggewend oor die aard van hierdie eenheid:

> **The latter half of our Lord’s prayer for his followers shows an impressive concern for unity and is a rebuke to our “unhappy divisions”.**

Dan, baie belangrik, vervolg Morris:

> **The nature of the unity is to be noted. It is a unity already given. Jesus does not pray that they may “become” one, but that they may “continually be” one.**[41]

Hendriksen (1976:357), het ‘n soortgelyke verklaring:

> **The meaning, as we see it, is this: Jesus requests that the disciples *may constantly* (note the durative present subjunctive) be *one* in their stand over against the world; in other words, that they may remain united in love and in defence of the truth, just as also the Father and the Son are constantly *one…***

Dit is ook die mening van Grosheide (1950:414-6).

Soos die eenheid reeds gegee is, is dit die gelowiges se plig om voortdurend daarin te wandel en dit prakties uit te leef. Die eenheid wat hier ter sprake is, is ‘n eenheid wat die gelowiges kan, (behoort te) bereik in samewerking met die Heilige Gees wat ons help en ondersteun in die verwesenliking daarvan. Dit betrek elke gelowige se daaglikse geloofswandel en oorgawe aan Hom wat ons gesamentlik dien. Die vraag is hóé dit prakties verwesenlik kan word. Morris (1975:727), vul aan:

> **We should be clear that the unity for which Christ prays is a unity which rests on a common basic attitude, that of abiding in Him and having Him abide in them.**

---

[41] In ‘n voetnootverduidelik Morris (1975:727): “This appears to be the force of the present subjunctive ἵνα ὦσιν. Lenski stresses this, and points out that **γένωνται** would be required for the sense, “get to be one”.

Dan vervolg hy met ‘n aanhaling uit Milligan & Moulton[42]:

**It is the Divine unity of love that is referred to, all wills bowing in the same direction, all affections burning with the same flame, all aims directed to the same end - one blessed harmony of love.**

Indien eenheid slegs struktureel verantwoordbaar kon wees, sou eenheid enersyds ‘n baie eenvoudige verklaring kon hê, omdat ons slegs in die voetspore van die Ekumeniese Beweging sou kon voortgaan. Andersyds sou dit te eensydig wees - so eensydig dat dit nie prakties verantwoordbaar kan wees waarom eenheid dan nie uitgevoer kan word nie, terwyl Jesus hier met sóveel erns daarvoor gebid het. Is sy gebed dan nie beantwoord nie?

Hendriksen (1976:357), het ‘n mening hieroor:

**Jesus is not requesting that some day all denominations may become one mammoth-denomination (however excellent church-union may be when it can be achieved without sacrificing any basic principle). When he offered this prayer, there were no denominations.**

Morris (1974:727-8), sluit hierby aan:

**Enthusiasts for the ecumenical movement sometimes speak as though the reunion of Christendom would mean the answer to Christ’s prayer. While it is true that unity of organization can be an impressive witness to unity of spirit, yet as such it is merely outward. It is not this that is in mind here. It is something much more difficult. It is unity of heart and mind and will.**

Dan verduidelik Morris (1974:728), dat dit tog wonderlik sal wees om te werk vir die eenheid tussen die verskillende denominasies:

**But it is better to look for a grander unity than that, and it is this grander unity for which Christ prays.**

Hieroor het Fourie (1986), ‘n breedvoerige studie gedoen, waarna hy tot sekere konklusies gekom het. (Meer hieroor by vers 22, en ook in Afd. IV).

[42] Milligan, W.; Moulton W.F. 1898. Commentary on the Gospel of St. John - Edinburgh: T. & T. Clark. Kommentaar nie vryelik beskikbaar.

Vs. 12 - "Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word."

Jesus het steeds die bewaring van die dissipels op die hart. Waar Hy in die vorige vers die Vader bid om hulle te bewaar ná sy vertrek, sluit Hy met vs. 12 aan by vs. 4: *"Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring."* Dit was deel van sy taak op aarde om diégene wat aan Hom gegee is, te bewaar. En Hy het hulle *"in u Naam bewaar."* Verder het Hy oor hulle gewaak omdat Hy die Goeie Herder is (Jh 10). Soos 'n goeie herder oor sy skape waak, het Jesus ook oor sy dissipels *gewaak "en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word."*

Hiermee word Judas uitgesluit uit die kring van dissipels wat deur Jesus bewaar is. Uitgesluit, omdat hy op eie keuse die pad gekies het wat hy geloop het, en *"sodat die Skrif vervul sou word."* Sommige, soos Groenewald (1980:351); Grosheide (1950:418); Bernard (1942:571); Sanders (1968:374); Calvyn, (1847:176); *et al.*) sien hierin die gedagte van predestinasie. Morris (1974:728), skryf in hierdie verband:

> **"The son of perdition" points to character rather than "lostness", not that he was predestined to be "lost".**

Carson (1992:563), deel ook hierdie gedagte. Hy vervolg (1992:563-4):

> **The reference to the fulfilment of Scripture also assures the reader that the defection of Judas is foreseen by Scripture, and therefore no evidence of a failure on Jesus' part. The Scripture in view is probably Psalm 41:10, applied to Judas in John 13:18 (*cf.* notes), rather than Psalm 109:8 (*cf.* Acts 1:20).**

Jesus het húlle wat aan Hom gegee is, ook in eenheid bewaar terwyl Hy op aarde was.

Vs. 13 - *"Maar nou kom Ek na U toe…"* Nog eens 'n bevestiging: Jesus gaan na die Vader toe, maar bid steeds vir húlle wat agterbly in 'n vyandige wêreld. Die woorde: *"…en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld,"* dui daarop dat dit vir hulle tot voordeel strek: *"…sodat* (ἵνα) *hulle my blydskap volkome in hulle kan hê."* 'n Moontlike terugverwysing na 15:10-11: *"As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly. Dit het Ek vir julle gesê, dat* (ἵνα) *my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word."* Om sy gebooie te bewaar, is om in sy liefde te bly. En dít beteken volkome blydskap terwyl die gelowiges nog in die wêreld is. Hierdie blydskap is weer in sigself 'n beskutting. (Vergelyk Neh 8:11.) Blydskap is dus 'n direkte uitvloeisel van gehoorsaamheid, gegrond op die bewaring van sy gebooie. Dít werk weer eenheid in die hand, want die bewaring van sy gebooie het as grondslag die liefde van die Vader in die harte van die gelowiges. En liefde is 'n samebindende faktor vir die gelowiges. (Vgl. ook Kol 3:14 - *"En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is."*) The Amplified Bible se vertaling lui so: "And above all these [put on] love and enfold yourselves with the bond of perfectness [which binds everything together completely in ideal harmony]."

Vs. 14 - "Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat…"

Die woord wat Jesus hulle gegee het, het hulle ontvang (Soos in verse 6 en 8 hierbo bespreek). Júís dáárom het die wêreld hulle gehaat, want die ontvangs van die woord (en die uitlewing van die woord), onderskei hulle van die wêreld: *"…omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie."* Jesus het reeds vir hulle in Jh 15:18-19 gesê: *"As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het. As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle."*

Daar word dus weer eens 'n duidelike verskil tussen die dissipels en die wêreld sigbaar. (Verwys ook vs. 11). Barrett (1970:425), beklemtoon die rede vir hierdie verskil:

> **The disciples share this "otherness" of Jesus because he has chosen them out of the world (15.19), and because they have been born of the Spirit (3.3-8), not in any human way (1.13).**

Om hierdie haat van die wêreld te oorwin, bid Jesus verder vir sy dissipels:

Vs. 15 - *"Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar."* Die rede hiervoor is dat hulle getuies vir Christus moet wees. Hulle moet die wêreld vir Hom wen, júís vanweë hulle andersheid. Bernard (1942:573), skryf só hieroor:

> **The apostles would have to live in the world, for that was to be the theatre of their evangelical ministry; but they would need special grace of God to keep them from its evil influences.**

Vs.16: - *"Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie."* Weer soos in vs.14. Maar in konteks met vs.15 kan dit beteken dat daar voortdurend vyandiggesindheid van die wêreld teenoor die dissipels sal wees; die rede waarom hulle van die Bose bewaar moet word. (Vgl. 1 Jh 5:19 - *"Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê"* ).

Al hatende moet die wêreld die boodskap van liefde ontvang sodat ook húlle dissipels van liefde kan word.

Vs.17 - *"Heilig hulle in u waarheid…"* (ἁγίασον αὐτοὺς ἐν τῇ ἀληθείᾳ). Die algemene vertolking[43] van die begrip *"heilig"* (Wat die ἁγιος -woordgroep insluit), is die gedagte van toewyding of afsondering. Wanneer die gelowiges vir God geheilig word, word hulle bloot aan God toegewy vir diens of vir spesiale gebruik. Die begrip kan ook gebruik word vir enige artikels aan God toegewy.

Daar is ook 'n sekondêre betekenis wat deur Grosheide (1950:421), soos volg verwoord word:

---

[43] Vgl. o.a. Barrett (1970:426; Bernard (1942:573; Morris (1975:730); Marrow (1995:316); Groenewald (1980:353); Carson (1991:565); Hendriksen (1976:361); Vine (s.j.:1000); Sanders (1968:375).

> **Nog bidt Jezus voor de zijnen. Bij *τηρήσῃς* van vs. 15 sluit aan *ἁγίασον* van vs. 17, vgl. ook *ἅγιος*, vs. 11, waarbij men bedenke, dat *ἁγαζειν* meer zegt dan *τηρεῖν*, omdat het niet slechts is afzonderen, maar positief: een heilig karakter geven, heilig doen leven.**

Louw & Nida, Vol. 1 (1989:745), bespreek ook verskillende betekenismoontlikhede vir ἁγιος met sy variante, waar ook die sekondêre betekenis na vore kom. Met betrekking tot ἁγιωσύνη skryf hulle soos volg:

> **88.25… the quality of holiness as an expression of the divine in contrast with the human - 'holiness, divine quality.'**

Ons let verder op een betekenis van die werkwoord ἁγιάζω[a] (1989:538):

> **53.44** ἁγιάζω; ἁγιασμός, οῦ` ***m:*** **to dedicate to the service of and to loyalty to deity - 'to consecrate, consecration, to dedicate to God, dedication.'… 'to the church of God which is in Corinth, consecrated to him in union with Christ Jesus' 1 Cor. 1.2. …'pursue peace with all persons, and consecration, without which no one will see the Lord' He 12.14… in 1 Cor 1.2 one may translate** ἁγιάζω **'who have given themselves to God' or 'who serve God with a whole heart.'**

Nog 'n verdere betekenis van die werkwoord ἁγιάζω[b]:

> **88.26 …to cause someone to have the quality of holiness - 'to make holy.'** Αὐτὸς δὲ ὁ Θεὸς τῆς εἰρήνης ἁγιάσαι ὑμᾶς ὁλοτελεῖς **'may God himself who gives (us) peace make you holy in every way' 1 Th 5.23; kaiV** καὶ ὁ ἅγιος ἁγιασθήτω ἔτι **'whoever is holy must keep on being holy' Re 22.11.**

En nog 'n verdere betekenis van die werkwoord ἁγιάζω[c]:

> **88.27 to feel reverence for or to honor as holy - 'to hallow, to regard as holy, to honor as holy.'** ἁγιασθήτω τὸ ὄνομά σου **hallowed be your name' or 'may your name be honored as holy' Mt 6.9.**

Dan verklaar hulle verder in ‘n voetnoot(1989:745):

> **Note that ἁγιάζω[b] denotes the causing of a quality of holiness in contrast with ἁγιάζω[a] (53.44) which means the dedication of someone to the service of or loyalty to deity.**

Dit is korrek om te aanvaar dat **ἁγιος** se primêre betekenis ‘afsondering’ of ‘toewyding aan God’ is. Dit strook uiteraard met die karakter van God en wat Hy met die gelowiges bewerkstellig het: Hy het die gelowiges vir Homself afgesonder en daarby is die dissipels ook sy uitgestuurdes in hierdie wêreld. Hiermee saam is die sekondêre betekenis belangrik, omdat hulle as sy uitgestuurdes ook ‘n heilige karakter moet dra.

Tog is die sekondêre betekenis ook noodsaaklik, sodat die volgende deel van die teks verstaan kan word. Die sekondêre betekenis gaan oor wat God **in** die gelowiges bewerkstellig het. Grosheide (1950:421), het ‘n mooi verduideliking hiervoor:

> **Gods openbaring brengt waarheid in een wêreld van leugen en die openbaring, de waar is, kan slechts in het geloof worden aanvaard. Heiligen in de waarheid beteekent zóó heiligen, dat geleefd wordt naar den eenig juisten norm, als echte, dat is Godgewijde menschen.**

Verder is Grosheide (1950:421-2), van mening dat die absolute waarheid hervestig moet word in die wêreld van leuens, wat onder die mag van Satan (die vader van die leuens) staan (Jh 8:44). Die begrip **ἐν τῇ ἀληθείᾳ** kan dáárom ook instrumenteel verstaan word:

> **In de wêreld moeten de discipelen door de waarheid Gods steeds weer gebracht worden tot heiligheid. Het heiligen blijkt zoo een zeer belangrijk stuk te zijn. Paulinisch uitgedrukt, kunnen we zeggen, op de rechtvaardiging door Christus, die tot μαθηταί maakt, moet de heiliging volgen, en ook die heiliging is werk Gods.**

Die waarheid is dus instrument tot heiliging van die dissipels. In vs.17(b) bid Jesus: *“…u woord is die waarheid”* (**ὁ λόγος ὁ σὸς ἀλήθειά ἐστι**). Die woord (**λόγος**) in

hierdie verband dui op die geopenbaarde Woord in Jesus Christus (Jh 1:1). Hy is die *"Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid"* (Jh 1:14). En Hy sê: *"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak"* (Jh 8:32); Jesus is *"…die weg en die waarheid en die lewe"* (Jh 14:6). Jesus getuig voor Pilatus: *"U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem"* (Jh 18:37). Waarop Pilatus dan vir Hom vra *"Wat is waarheid?"* (Jh 18:38) sonder om werklik op 'n antwoord te wag.

Die totale waarheid van God is in Christus opgesluit. Die waarheid kom tot die mens in die woord wat Hy gespreek sowel as gedoen het. Later sou dit die geskrewe Woord van God word (die kanon), soos deur die heiliges neergepen onder die leiding van die Heilige Gees. Hy is immers *"…die Gees van die waarheid"* (Jh 14:17; 16:13); wat die gelowiges *"…in die hele waarheid lei"* (Jh 16:13). Hendriksen (1976:361), skryf insiggewend hieroor:

> **This truth is embodied in Christ, in him alone. He is *the truth* (see on 14:6). However, *the word* of the Father, which had been given to the disciples, must be the source of truth for these men when Jesus is no longer personally with them.**

Wanneer Jesus nie meer in persoonlike hoedanigheid (in menslike gedaante), by hulle is nie, word dit die taak van die Heilige Gees om die waarheid aan hulle oor te dra. Deur die krag van die Heilige Gees word hulle nou voortdurend geheilig, soos Bernard (1942:581) dit stel:

> **Such consecration is not an isolated event in the life-history of an disciple, but is a continuous process (cf. οἱ ἁγιαζόμενοι, Heb. 2[11]).**

Die teenwoordige tyd van die deelwoord **ἁγιαζόμενοι** dui dan op 'n voortdurende proses van heiliging, wat die werk van die *Heilige* Gees is in die lewens van die gelowiges. Dit is verder ook 'n samebindende faktor: deur die Heilige Gees tot eenheid saamgebind. Die gelowiges word deur die Woord geheilig deur die Heilige Gees.

Die krag van die Woord lê in die toepassing daarvan. In die gelowige se omgang met die proses van heiliging, wat die werk van die *Heilige* Gees is in die lewens van die gelowiges met die Woord, moet hulle hul harte buig om die Woord in hulle lewens te ontvang en toe te pas. Die toepassing kom deur die kragvolle werking van die Heilige Gees in die lewens van die gelowiges. Deur die voortdurende ontvangs van die Woord, kom hulle dus in 'n proses van voortdurende heiliging. Hierin vind hulle ook grond vir eenheid.

Opsommend kan gesê word: Hierdie deel van die gebed om heiliging van die dissipels, sluit direk aan by die voorafgaande verse 15 en 16. Hulle moet in die wêreld bly, ten spyte van lg. se vyandiggesindheid, sodat hulle getuies kan wees wat die wêreld moet wen. Terwyl hulle met hierdie taak besig is, moet hulle van die Bose bewaar sowel as geheilig word. Heiligheid word deel van hulle beskerming of bewaring, sodat die Bose hulle nie kan oorwin nie. In soverre hulle in die heiligheid van God bly, sal hulle ook gepreserveer word van die Bose se beïnvloeding. Hulle word ook saamgebind tot eenheid in heiligheid.

Vs.18 bevestig hierdie taak*: "Soos* (**καθὼς**) *U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur."* Soos Jesus, het die gelowiges ook 'n opdrag om die wêreld vir Hom te gaan wen. (Vgl. Jh 20:21; Mt 28:19-20; Mk 16:15-20). Om hierdie opdrag uit te voer, moes hulle egter wag op die koms van die Heilige Gees (vgl. Lk 24:49; Hd 1:4,8). Wanneer ons dink aan die woorde van die verrese Christus aan Saulus van Tarsus: *"Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"* (Hd 9:4) toe hy die gelowiges vervolg het, is die vereenselwiging van Jesus met sy dissipels só sterk dat Hy die vervolging as sy eie aanvaar het. So ook met sy sending in hierdie wêreld. Jh 3:16 verklaar: *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."* Die sending van die Seun word die sending van die gelowiges: Hulle moet nou voortgaan om God se liefde aan 'n verloregaande wêreld te gaan uitdra. Die "soos"-faktor (**καθὼς**) bly van krag.

Vs.19 - *"En Ek heilig Myself vir hulle* (ἐγὼ ἁγιάζω ἐμαυτόν*)…"* Weer eens is ἁγιάζω ter sprake, maar in sy primêre betekenis, want Jesus **is** heilig, en kan nie méér heilig word as wat Hy reeds is nie, maar Hy kán Homself vir sy dissipels gee. Soos Morris (1975:731), dit stel:

> **He sets Himself apart for the doing of the Father's will, and in this context this must surely mean death. It points us to Calvary and all that Calvary means.**

Maar hierdie heiliging van Jesus omsluit veel meer as net die kruisdood. Dit omsluit die totale werk van Jesus, die totale werk van versoening van sy dood tot by die verheerliking. Morris (1975:732), haal in 'n voetnootvir W. Lüthi[44] aan:

> **He serves as Mediator between Heaven and earth. He sanctifies Himself by placing Himself completely at His Father's service and saying, 'Not my will, but thine, be done.' His path of duty leads through the Cross and the grave to Resurrection, and up to the right hand of the Father, from whence He shall come again. This absolute, voluntary filial obedience is the secret of Christ's self-sanctification. That is what He means when He stands alone before the Father here and vows to Him, 'I sanctify myself.'**

Die heiliging of heiligmaking van die gelowiges, gegrond op die volbragte versoeningswerk van Jesus Christus, is die voltooiing van die versoening in die menslike bestaan. As' t ware 'n voltooiing in wording wat sy klimaks sal bereik in die verheerliking van die gelowiges met sy Wederkoms. Die proses van heiliging gaan dus onverpoosd voort terwyl die gelowiges op aarde is. En omdat Hy sy werk voltooi het, is die versoening ook volmaak. Hy het Homself gegee (geheilig), *"…sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees."* Nog eens soos in vs.17 hierbo, maar gegrond op die volbragte versoeningswerk van Jesus Christus.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Jesus is in hierdie perikoop steeds met húlle besig. Die húlle is in sy denke één Corpus - 'n onweerlegbare eenheid. Die karakter van eenheid is deurgaans waarneembaar. Onderliggend is ook die werk van die Heilige Gees (met die Kerk, die gelowiges vir wie Jesus bid), waarneembaar, waarsonder daar nie sprake kan wees van ware eenheid nie. Dit is immers die

---

[44] Bron nie vryelik beskikbaar nie.

Heilige Gees, die *“ander Trooster”*, *“die Gees van die waarheid”* (Jh 14:16-17), wat hulle *“in die hele waarheid* (sal) *lei”* (Jh 16:13).

Verse 20-24: ‘n Klemverskuiwing vind nou plaas. Die gebed word verder uitgebrei, verby die onmiddellike dissipelkring van Jesus na gelowiges wat nog in die toekoms in Hom sal glo.

Vs. 20 - *“Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie,”* (Οὐ περὶ τούτων δὲ ἐρωτῶ μόνον). Barrett (1970:427):

> **…those gathered with Jesus at supper, probably (though this is never explicitly stated) the Eleven.**

Die gebed fokus nou op die sukses van die dissipels se sending en die opvolging daarna wanneer ander gelowiges deur die eeue heen weer húlle sendingopdrag uitvoer. Die voorsetsel περι, wat gewoonlik gebruik word saam met die werkwoord ἐρωτω, om “oor” iets of iemand te vra, word deur Johannes gebruik om “vir” mense te bid (Jh 16:26; 17:9, en ook hier in vs. 20). Die betekenis van περι in hierdie verband stem baie ooreen met ὑπὲρ, waarmee dit in sommige gevalle gelykstaan. Vergelyk Morris (1975:733). So bid Jesus ook vir ὑπὲρ *“die wat deur hulle woord in My sal glo...”* Alhoewel die laaste frase *“in My sal glo”* (τῶν πιστευόντων), ‘n *Praesens Participium* is, kan dit tóg op die toekoms dui, soos Morris (1975:733), dit duidelik stel:

> **The future almost certainly gives the sense of it. Turner regards this as a present participle for the future, perhaps under Hebrew or Aramaic influence.**

Of soos Bouma (1950:141), dit ook stel:

> **…de tegenwoordige tijd ziet zonder tijdsaanduiding op alle gelovigen.**

So is dit dan ook korrek vertaal in die Afrikaanse Bybel (1953-vertaling). *The Amplified Bible* se weergawe is soos volg: “Neither for these alone do I pray *[it is not for their sake only that I make this request]*, but also for all those who will ever come to believe in (trust in, cling to, rely on) Me through their word and teaching,…”

Dit is belangrik om die korrekte vertaling te vind sodat sonder twyfel verklaar kan word dat ons hier te make het met ‘n teenwoordige groep (dissipels in Jesus se tyd), sowel as ‘n toekomstige groep of Liggaam, vir wie Jesus bid. Wat verder ook van belang is, is die feit dat die één nie sonder die ander voltooid kan wees nie. Die eenheid is nie slegs vir ‘n bepaalde groep of groepe in die geskiedenis nie, maar vir <u>alle</u> gelowiges deur alle eeue totdat Jesus weer sal kom. Dan gaan die gebed voort:

Vs. 21 - *“dat almal een mag wees…”* (ἵνα πάντες ἓν ὦσι). In vs.11 het Jesus vir sy dissipels gebid: *“…sodat hulle <u>een</u> kan wees net soos Ons”* (ἵνα ὦσιν ἓν καθὼς ἡμεῖς). Soos Hy dáár vir eenheid gebid het, bid Hy nou vir eenheid ook hier vir diegene wat nog sal glo: Maar dan fokus Hy op *“almal”* (πάντες). Die <u>hele</u> *Corpus*, vir wie Jesus gesterf het, moet één wees, vanaf die eerste eeu tot en met die voltooiing van tyd. Dit herinner aan die woorde van vs. 12 - *“<u>Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie</u>, behalwe die seun van die verderf…”* Barrett (1970:427), bevestig dit soos volg:

> **As at v. 15, ἵνα expresses the content of the request. Jesus prays that the whole Church may be one, as he has already prayed that his own disciples may be one (v. 11).**

En Hendriksen (1976:364), voeg by:

> **Carrying upon his heart *all* members of the Church Universal, those born and those not yet born, and viewing them all as already really existing, Jesus prays that spiritually they may all be (and may all continue to be) *one.* See on 17:11. What in verse 11 was the purpose of a request is here the request in itself: the unity of other believers.**

Eenheid tussen gelowiges **begin** hier op aarde (soos Jesus vir sy dissipels gebid het), maar kom tot voltooiing in die lewe hierna wanneer almal verheerlik sal wees. Nou ontstaan daar 'n paar vrae: Is dit 'n eenheid tussen die eerste eeu se gelowiges en alle ander gelowiges? Indien wel, wanneer? In die lewe hierna? Of is dit bloot 'n gebed vir eenheid tussen gelowiges? Indien nét in die lewe hierna, wat beteken *"…dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het"* (vs. 23). Wanneer sal die wêreld weet *"dat U My gestuur het"?* In hierdie lewe, of in die lewe hierna? En waar/wanneer kom die eenheid tot stand? Die ontleding van verdere Skrifgedeeltes sal lig op hierdie vrae werp.

Vs. 21 gaan voort: *"…dat almal een mag wees <u>net soos U, Vader, in My en Ek in U</u>…"* (**καθὼς σύ, πάτερ, ἐν ἐμοὶ κἀγὼ ἐν σοί**). Omdat hierdie proefskrif nie handel oor die Drie-eenheid nie, sal volstaan word met hierdie (effens lang), aanhaling uit Barrett (1970:427):

> **The unity of the Church is strictly analogous to the unity of the Father and the Son; the Father is active *in* the Son - it is the Father who does his works (14.10) - and apart from the Father the deeds of the Son are meaningless, and indeed would be impossible; the Son again is in the Father, eternally with him in the unity of the Godhead, active alike in creation and redemption. The Father and the Son are one and yet remain distinct. The believers are to be one, in the Father and the Son, distinct from God, yet abiding in God, and themselves the sphere of God's activity (14.12).**

Wat hier van belang is vir die doeleindes van hierdie navorsing, is dat daar 'n analogie getrek word tussen die eenheid van die Vader en die Seun, met eenheid in die Kerk van Jesus Christus.

Hierdie eenheid waarvoor Jesus bid vir die gelowiges, is nie slegs uiterlik van aard nie. Dit moet ooreenstem met die eenheid tussen die Vader en die Seun (Hendriksen, 1976:364). Dan gaan Hendriksen (1976:364), voort:

> **He asks that the oneness of all believers resemble that which exists eternally between the Father and the Son. In both cases the unity is of a definitely spiritual nature.**

Die “soos”-faktor (**καθὼς**), (gevind in vs.18), word ook hiér gevind: ‘n Definitiewe ooreenstemming met die Vader en die Seun, waar hulle in verhouding tot mekaar staan. In hierdie verband skryf Barclay (1972:255) in sy kommentaar oor Johannes, soos volg:

> **What was the unity for which Christ prayed? It was not a unity of administration or organization. It was not in any sense an ecclesiastical unity. *It was a unity of personal relationship.***

Elke gelowige wat uit God gebore is (1Jh 3:9; 4:7; 5:1; 5:18)[45], kom in ‘n besondere verhouding met Hom: ‘n Verhouding van liefde en gehoorsaamheid, sowel as liefde vir mekaar, want liefde is ook ‘n kenmerk van gelowiges (Jh 13:35). Grosheide (1950:426), praat van: **“de volkomen liefdesverhouding, 3:35; 5:20”** sowel as **“‘n volkomen gelijkheid in rang”** tussen die Vader en die Seun en hierdie twee werklikhede is die basis vir eenheid tussen *alle* (**πάντες**) gelowiges. Hierdie gelykheid tussen gelowiges is dalk ook wat Paulus in gedagte gehad het: *“Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself”* (Flp 2:3). Die grondslag van die onderlinge verhouding is **liefde**.

Sanders (1968:376), sluit aan by Johannes se skrywe:

> **The primary interest of the writer does not lie in the Church as an institution but in those characteristics which are peculiarly distinctive of the Christian fellowship. It is by the expression of these that the world can come to see the results of Jesus’ activity and believe that the Father sent him.**

In Jh 14:16 (vgl. Afd. III.B.1.3.2.b), maak Jesus melding van die Heilige Gees wat kom om in die gelowige te kom woon: *“…maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly*

---

[45] “Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore” (1 Jh 3:9).
“Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God” (1 Jh 4:7).
“Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is” (1 Jh 5:1).
“Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof” (1 Jh 5:4).
“Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie” (1 Jh 5:18).

*en in julle sal wees."* In Jh 15:4 sê Jesus vir sy dissipels: *"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie."* Die voorwaarde om goeie vrug te dra, is om **in** Hom te bly en Hy **in** ons. Hier kom ware eenheid ter sprake.

Robertson (1932:280), skryf soos volg:

> **The only possible way to have unity among believers is for all of them to find unity first with God in Christ.**

Daarom bid Jesus ook in Jh 17:21 wéér dat die gelowiges in die Vader en in Jesus sal wees*: "…dat hulle ook in Ons een mag wees."* Jamieson, Fausset & Brown (1997) se mening is:

> ***The indwelling Spirit of the Father and the Son*** **is the one perfect bond of union, knitting up into a living unity, first all believers amongst themselves; next, this unity into one still higher, with the Father and the Son. (Observe, that Christ** ***never mixes Himself up with His disciples as He associates Himself with the Father,*** **but says I in THEM and THEY in US).**

Die volkomenheid van die eenheid kom ter sprake wanneer die gelowiges vrug dra *"wat by die bekering pas"* (Mt 3:8; Lk 3:8; Hd 26:20). Om hierdie vrug te dra, moet hulle geheilig wees deur die Woord en liefde onder mekaar hê (Jh 13:34-35). Dan gaan vs. 21 voort: *"…sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het"* (ἵνα ὁ κόσμος πιστεύῃ ὅτι σύ με ἀπέστειλας). Daar bestaan verskillende opvattings m.b.t. hierdie laaste sinsnede van vs. 21 (vgl. Grosheide, 1950:426,7). Tog wil ek saam met Grosheide aanvaar dat πιστεύῃ nie slegs kan dui op 'n gedwonge erkenning deur die wêreld, hetsy voor die tyd en/of aan die einde van tyd nie. Die wêreld moet oortuig word om te kan glo in Jesus, alhoewel nie die hele wêreld gered sal word nie, want nie almal wil glo (πιστεύῃ - subjunktief) nie. Dit is van belang om kennis te neem van die woord *"glo"* (πιστεύω). Vine (1997), se weergawe is:

> ***pisteuo* (4100), "to believe," also means "to entrust," and in the active voice is translated "to commit," in Luke 16:11; John 2:24; in the passive voice, "to be intrusted with," Romans 3:2, RV, "they were intrusted with" (KJV, "unto them were committed"), of Israel and the oracles of God; 1 Cor. 9:17, RV, "I have … intrusted to me" (KJV, "is committed unto me"), of Paul and the stewardship of the gospel; so Gal. 2:7; Titus 1:3; in 1 Thess. 2:4, where he associates with himself his fellow missionaries, RV, "to be intrusted with" (KJV, "to be put in trust with").**

Die *Enhanced Strong's Lexicon* (1995), gee ook die betekenis van "plaas vertroue in," sowel as saligmakende geloof in Jesus Christus. Louw & Nida, Vol. 1 (1989:376), se verklaring is:

> **πιστεύω; πίστις, εως *f:* to believe to the extent of complete trust and reliance - 'to believe in, to have confidence in, to have faith in, to trust, faith, trust.'**

Die gevolgtrekking waartoe ek kom, is dat as die gelowiges uitgaan om die Evangelie te verkondig aan 'n verloregaande wêreld (Mt 28:19; Mk 16:15-18) sal Jesus met hulle wees *"…sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het"* (ἵνα ὁ κόσμος πιστεύῃ ὅτι σύ με ἀπέστειλας). Diegene wat glo, kan die saligheid beërwe. Dit is die primêre doel waarvoor Jesus gekom het: Om sondaars te red. In Jh 14:17 sê Jesus aangaande die Heilige Gees (ὁ παράκλητὸς): *"…die Gees van die waarheid <u>wat die wêreld nie kan ontvang nie</u>, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."*

In 'n artikel, *The Paraclete: the Spirit of the church* skryf Kim (2002), soos volg:

> **In this Paraclete saying the Johaninne community's experience is reflected: "The Spirit of Truth, whom the world cannot take, because it neither sees (θεωρεῖ) him nor knows (γινώσκετε) him" (v. 17). The unbelieving "world" cannot experience the Paraclete. Notice the Johannine use of the verbs θεωρέω (cf. 1 John 1:1) and γινώσκω (John 10:14-15), which describe personal communal experience. In contrast, the Johannine community can recognize and experience him.**

Slegs 'n hartsverandering maak van die “wêreldling” 'n “Christusling” wat die Parakleet kan ken. Hierdie hartsverandering is slegs moontlik deur die werk van die Heilige Gees. Hy is aktief besig in die wêreld (Jh 16:9-11). *Die wêreld kan Hom nie ontvang nie* (Jh 14:17), beteken dat die Parakleet uitsluitlik vir die Kerk gegee is. Die wêreld sal sy identiteit moet prysgee en gelowig word voordat die Parakleet werklik vir hom ook leiding kan gee. Dit beteken in effek dat elke mens (gelowige en ongelowige), sal moet afstand doen van homself en as’ t ware aan die voete van die Parakleet kom sit voordat hy deur Hom onderrig kan word. Jesus kom om die “ek” te onttroon, ja, te dood sodat **Hy** op die troon van elke hart kan heers. En hier is die grondslag vir eenheid.

So moet Jesus in die wêreld verkondig word *“sodat die wêreld kan glo”*. Alhoewel die wêreld in vyandskap met Jesus en die Vader staan (Jk 4:4; Mt 6:24; 1 Jh 2:15; Jh 7:7; Jh 15:18), staan Hy nie op dieselfde wyse in vyandskap met die wêreld nie. Hy is immers die lig vir die wêreld (Mt 5:14; Jh 8:12; Jh 9:5; Jh 12:46): Die Evangelie moet in die hele wêreld verkondig word (Mt.24:14; 28:19; Mt. 26:13); Hy is die waaragtige lig wat die wêreld kom verlig het (Jh 1:9); God het sy Seun gestuur omdat Hy die wêreld liefgehad het (Jh 3:16); Jesus het die sonde van die wêreld kom wegneem (Jh 1:29); Hy het gekom om die wêreld te red (Jh 3:17, 19; Jh 12:47; 1 Tm 1:15; 1 Jh 4:14); Hy het vir die wêreld die ewige lewe kom gee (Jh 6:33) en Hy het gekom om die wêreld met God te versoen (2 Kor 5:19; 1 Jh 2:2). Dit is die boodskap van die kruis aan die wêreld (Almal wat ***wil***): *“As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo”* (Jh 7:37-38).

Jh 17:22 - *“En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is* (κἀγὼ τὴν δόξαν ἣν δέδωκάς μοι δέδωκα αὐτοῖς, ἵνα ὦσιν ἓν καθὼς ἡμεῖς ἕν ἐσμεν).*”*

Omdat die begrip *heerlikheid* hier ‘n sleutelrol vervul vir eenheid van die Liggaam van Christus, is dit van kardinale belang om die korrekte betekenis na te speur: Wat bedoel Jesus met *“die heerlikheid … wat U My gegee het”?* Wanneer is dit aan Hom

gegee, en het Hy nie van ewigheid af heerlikheid gehad nie? Het Hy dit op enige tyd prysgegee? Watter faset van sy heerlikheid sou Hy oordra aan sy volgelinge sodat hulle één kan wees?

Om ‘n verklaring te vind vir die begrip *heerlikheid* (**δόξα**), is ‘n moontlike oplossing om volgens die reël ***Scriptura Scripturae interpres*** te werk te gaan, en die *hele* Skrif, Ou en Nuwe Testament na te gaan. In hierdie geval sou die Hebreeuse ekwivalent vir die Griekse **δόξα** gevind moet word. Hierdie werkswyse sou egter te veelomvattend wees waar nie die gewenste resultate verkry sal kan word nie, omdat die begrip *heerlikheid* ‘n wyer veld sal dek met sodanige navorsing as wat nodig sou wees vir die verband waarbinne dit verskyn. ‘n Tweede opsie sou wees om die *hele* Nuwe Testament deur te werk waar hierdie begrip voorkom, maar dieselfde argument geld ook hier. ‘n Verdere opsie sou wees om die *hele* Evangelie van Johannes na te speur om die betekenis van dié begrip en Johannes se gebruik daarvan na te speur. Omdat die woord **δόξα** egter so ‘n veel-dimensionele woord is, sou ook híér baie onnodige navorsing gedoen moet word, wat nie werklik betrekking het op die gebruik in Jh 17 nie. Die aangewese benadering sou dan wees om die begrip na te speur binne die konteks van Jh 17, met die moontlike oorweging om ook van ander metodes gebruik te maak soos nodig geag. Soos reeds vermeld onder 2.2.2, is daar so ‘n sterk eenheid waarneembaar in die gebed, en mag dit dalk nodig wees om, vir die doeleindes van hierdie proefskrif wat handel oor eenheid, die gebed van Jesus vanuit ‘n geheelbeeld-perspektief te beskou, met beklemtoning van toepaslike teksverse wat spesifiek handel oor eenheid. Daar sal gebruik gemaak word van die induktiewe metode. Die uitgangspunt/vertrekpunt sal wees Jh 17, waarna na ander Skrifgedeeltes verwys sal word. Die induktiewe metode, om te begin by die hele Skrif en dan te beweeg na Jh 17, sal te veelomvattend wees.

Voordat die begrip **δόξα** ter sprake kom, sal vervolgens eers aandag gegee word aan die konteks waarbinne dit staan in Jh 17. Daarna mag dit makliker wees om die begrip te verstaan binne die raamwerk van hierdie bespreking oor eenheid.

Wanneer ons weer besin oor die sinsnede: "En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het" (vs.17), geld dieselfde redenasie as in vs.4: "Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." (Vgl. vs. 4 vir bespreking in hierdie verband). Die verlede tyd word aangewend deur Jesus asof dit reeds plaasgevind het: Jesus aanvaar dat sy verheerliking reeds 'n voltooide saak is soos Hy gevra het (verse 1 en 5). Nou, terwyl Hy bid, is die heerlikheid wat Hy aan sy volgelinge gee, ook in die voortgang van die betoog, reeds 'n voltooide saak. Die heerlikheid wat die gelowiges sou ontvang, het gekom op die dag van Pinkster met die uitstorting van die Heilige Gees (Hd 2). Dit is die koms van die παράκλητὸς. Hy word immers ook die "Gees van heerlikheid" genoem. Oor die vervolging van die gelowiges, skryf Petrus in 1 Pt 4:14 - *"As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik."* Paulus sê die volgende aangaande die bediening van die Heilige Gees: *"…hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?"* (2 Kor 3:8).

Wat is die heerlikheid waaroor Jesus bid? Hier sal nou éérs aandag gegee word aan die veel-dimensionaliteit van die begrip δόξα, soos gevind in verskillende Skrifgedeeltes:

1) Jesus openbaar sy heerlikheid in die (wonder)werke wat Hy gedoen het. In Jh 2 verander Jesus die water in wyn, en dan verklaar Johannes: *"Hierdie eerste een van sy tekens het Jesus te Kana in Galiléa gedoen; en Hy het sy heerlikheid* (δόξα) *geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo"* (Jh 2:11). *The Amplified Bible* stel dit só: "This, the first of His signs (miracles, wonderworks), Jesus performed in Cana of Galilee, and manifested His glory [*by it He displayed His greatness and His power openly*], and His disciples believed in Him [*adhered to, trusted in, and relied on Him*]. [Deut. 5:24; Ps. 72:19.] Die *New King James Version*: "This beginning of signs Jesus did in Cana of Galilee, and manifested His glory; and His disciples believed in Him."

Sy heerlikheid word geopenbaar (ἐφανέρωσε τὴν δόξαν). Strong se woordeboek (1997) beskryf die begrip φανέροω so:

> **To make manifest or visible or known what has been hidden or unknown, to manifest, whether by words, or deeds, or in any other way.**

En ook Louw & Nida, Vol. 1 (1989:338):

> **To cause something to be fully known by revealing clearly and in some detail - 'to make known, to make plain, to reveal, to bring to the light, to disclose, revelation.'**

Sy (wonder)werke het Hy gedoen sodat mense in Hom sou glo. (Vgl. Mt 11:5; Jes 35:5,6).

Oral waar Jesus wonderwerke gedoen het, het Hy ook daarmee sy heerlikheid geopenbaar (*manifested His glory*). Hy het daarmee bekend gemaak dat Hy die verwagte Messias is.

*2)* In die openbaring van sy heerlikheid, lê ook die heerlikheid van die Vader opgesluit. Heb 1:3 verklaar*: "Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese…" The Amplified Bible* lees só: "He is the sole expression of the glory of God [*the Light-being, the out-raying or radiance of the divine*], and He is the perfect imprint and very image of [God's] nature." Soos dit ook in Kol 1:15 geskryf staan: *"Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping…"* Barclay, in sy kommentaar oor Kolossense (1973:55), skryf soos volg:

> **It is not so much that Jesus came to bring the full revelation of God. It is not that he came to write a book, or to give a course of sermons or lectures on what God is like. Rather he came to *be* the full revelation of God.**

3) Sy heerlikheid lê opgesluit in die kruis. Met die reiniging van die Tempel in Jh 2, het die dissipels *"onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir u huis het my verteer"* (Jh 2:17). En die Jode sê vir Hom: *"Watter <u>teken</u> toon U aan ons, dat U hierdie dinge*

*doen?"* (vs. 18). Dan kom Jesus se belangrike antwoord in vs.19 - *"Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig."* Dan volg verse 21 en 22 - *"Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek. En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het."*

Sy kruisdood word die teken waarna die Jode soek, sonder dat hulle dit geweet het. Sy heerlikheid word geopenbaar deur sy kruisdood. Die Grieke wat gekom het om op die fees te aanbid (Jh 12), het vir Filippus gesê dat hulle Jesus graag wil sien. Jesus se antwoord hierop was: *"Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word* (vs. 23). (Vgl. bespreking in Jh 17:1).

Sy kruisiging is die beginpunt van sy heerlikheid by die Vader - 'n deurgang tot heerlikheid. Dit word duidelik met die volgende vers: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug"* (vs. 24). Die vrug waarna Hy hier verwys, kan slegs dui op die talle gelowiges wat hierna sou volg deur die eeue heen. (Vergelyk Jes 53:10). Sy heerlikheid lê ook dáárin dat baie tot die geloof sou kom nadat Hy teruggekeer het tot die Vader. Soos reeds in vs.1 opgemerk, hou sy heerlikheid verband met sy "teruggaan" na die Vader, soos Hy ook bid in vs. 5. Sy kruisdood sowel as sy terugkeer verheerlik die Vader. Maar dan gaan Hy ook in sy heerlikheid in - 'n heerlikheid wat Hom aanbiddingswaardig maak. 'n Heerlikheid wat maak dat sy skepsele Hom net wil aanbid. (Vgl. Op 1:10-17; 4:11; 5:9). Petrus skryf ook oor hierdie heerlikheid*: "…en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna "*(1 Pt 1:11).

Enkele dissipels van Jesus was saam met Hom op die berg van verheerliking, waar hulle 'n voorsmakie gekry het van sy heerlikheid wat Hy nog sou ingaan ná sy dood en opstanding (Mt 17). Johannes sien Hom op die eiland van Patmos in sy volle heerlikheid (Op 1:10-17).

4) Sy heerlikheid word deur sy volgelinge geopenbaar. Sy dood bring heerlikheid, want nou bereik Hy veel meer as toe Hy 'n mens was op aarde. Hy werk deur sy

Kerk. In Jh 14:12 sê Jesus: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo - die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan."*

Vir die doeleindes van hierdie proefskrif is dit nodig om eers duidelikheid te kry oor wat die *"groter werke"* omsluit.

Hierdie *"groter werke"* moet verstaan word as groter in kwantiteit en nie in kwaliteit nie. Die rede vir die *"groter werke"* word deur Jesus Self aangegee as "…*omdat Ek na my Vader gaan."*

Dit word tereg deur die kommentaar (Hayford *et al* 1997), in die *Spirit Filled Bible* só omskryf:

> **The promise is not that disciples of Jesus will perform works that are greater in value or significance than His. Rather they are greater in scope and number, in these respects: 1) Because He was crucified, Jesus' earthly ministry was limited to only a few years, but after the Resurrection and Pentecost, His ministry was and continues to be multiplied through Spirit-empowered believers. 2) Our works include the preaching of the gospel, resulting in the blessings of justification, reconciliation, and the gift of the Holy Spirit coming to humankind - all post-Resurrection manifestations of Christ's reign (see 5:20).**

In die kommentaar van sy *Study Bible* is die siening van John F MacArthur (1997), soos volg:

> **14:12 greater *works* than these he will do. Jesus did not mean greater works in power, but in extent. They would become witnesses to all the world through the power of the indwelling and infilling of the Holy Spirit (Acts 1:8) and would bring many to salvation because of the Comforter dwelling in them. The focus is on spiritual rather than physical miracles. The book of Acts constitutes the beginning historical record of the impact that the Spirit-empowered disciples had on the world (cf. Acts 17:6). *because I go to My Father.* The only way Jesus' disciples would be able to be used to do those greater works was through the power of the Holy Spirit and He could not be sent as the Comforter until Jesus returned to the Father (v. 26; 7:39).**

Dit is ook die mening van Robertson (1932:250).

Hierdie *"groter werke"* word o.a. ook deur Morris (1975:646-7), omskryf as werke wat die gelowiges deur die Heilige Gees doen. Dit sluit in wonderwerke van genesing, maar die klem val veral op magtige werke as gevolg van mense wat tot bekering gebring word deur in Jesus te glo. In 'n voetnoothaal Morris (1975:646), vir Ryle aan:

> **"'greater works' mean more conversions. There is no greater work possible than the conversion of a soul."**

Ander Bybelverklaarders[46] sluit ook by hierdie gedagte van Morris aan.

Hetsy gelowiges groter wonderwerke of wonderwerke van genesing doen, Jesus word hierin verheerlik: Sy heerlikheid word geopenbaar. Ek wil die verklaring aanvaar dat die *"groter werke"* hoofsaaklik te make het met die bekerings wat in groter omvang deur die krag van die Heilige Gees plaasgevind het na die opstanding. Tog is dit my mening dat die wonderwerke in die algemeen, sowel as die wonderwerke van genesing, nie uitgesluit moet word nie. In Mk. 16:15-20 gee Jesus die Groot Opdrag dat hulle die hele wêreld moet ingaan en die Evangelie verkondig. Dan volg daar 'n vermelding van 'n aantal tekens wat sou volg vir dié wat glo. Markus skryf: *"Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen"* (Mk 16:20). Die wonders en tekens moet nie teenoor die bekering van mense gestel word asof 'n keuse gemaak word tussen die twee nie. My mening is dat die tekens en wonders/genesings hand aan hand gaan met bekerings - die eerste bevorder die tweede. Daar kan maar net na die boek Handelinge verwys word om hierdie stelling te staaf.

In die Ou Testament reeds het Moses God se heerlikheid geopenbaar nadat hy veertig dae met God op die berg deurgebring het. In Eks 34:29 staan dit so: *"En toe Moses van die berg Sinai afdaal… het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met Hom gespreek het nie."* Verder in vs. 34 - *"…sien die kinders van Israel die gesig van Moses, dat die vel van Moses se gesig blink; daarop trek Moses dan weer die sluier oor sy gesig, totdat hy ingaan om met Hom te spreek."*

---

[46] Vgl. o.a. Barrett (1970:384); Grosheide (1950:305-6); Sanders (1968:324); Hendriksen (1976:273); Groenewald (1980:312).

Hierdie voorbeeld word deur Paulus in die Nuwe Testament aangehaal, met ‘n toepassing*: “En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan, hoeveel te meer sal* <u>*die bediening van die Gees*</u> *dan nie in heerlikheid wees nie?”* (2 Kor 3:7-8).
Die Heilige Gees bevestig die heerlikheid van die Vader en van Jesus. Die Nuwe Testamentiese gelowiges word nou draers van die heerlikheid vanweë die voortdurende inwoning van die Heilige Gees. (Vgl. Afd. III.B.1.3.3.b). Paulus skryf verder: *“Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid”* (2 Kor 3:9). Dan sluit Paulus hierdie gedeelte af met hierdie woorde: *“En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is”* (2 Kor 3:18).

Die Nuwe Vertaling lees so: *“Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word.* <u>*Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”*</u>

Die *Good News Bible* lees: <u>*“All of us, then, reflect the glory of the Lord with uncovered faces*</u>*; and that same glory, coming from the Lord, who is the Spirit, transforms us into his likeness in an ever greater degree of glory.”*

En die *Contemporary English Version* stel dit as volg: *“So our faces are not covered. They* <u>*show the bright glory*</u> *of the Lord, as the Lord's Spirit makes us more and more like our glorious Lord.”*

‘n Paar ander vertalings lees ook: “As all of us <u>reflect the Lord's glory</u> with faces” (God’s Word); “As all of us <u>reflect the glory of the Lord with unveiled faces</u>” (International Standard Version); “But we all with our face having been unveiled, <u>reflecting as in a mirror the glory of the Lord</u>” (Messianic Renewed Covenant); <u>“…our faces shining with the brightness of his face”</u> (The Message).

Die mens het die heerlikheid, die beeld van God verloor met die sondeval in Adam. Rm 3:23 verklaar: *"…want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God".* In Jesus Christus word hierdie beeld weer herstel. Nou word die gelowiges weer ligdraers van God, a.g.v. 'n herstelde verhouding met God. Hy lê weer die glans van sy heerlikheid op elke gelowige wat in sy geregtigheid staan (Rm 8:1).

In Hd 6 - 7 vind ons die verhaal van Stéfanus. Hd 6:6 verhaal: *"En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen. Hy is voor die Joodse Raad gebring."* Hd 6:15 gaan voort: *"En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, <u>sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was</u>."* In Hd 7:55-56 staan daar: *"Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die <u>heerlikheid van God gesien</u> <u>en Jesus</u> wat staan <u>aan die regterhand van God</u>. En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan."*

Uiteindelik, nadat hulle hom skuldig bevind het, is hy gestenig. Hd 7:40: *"En hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! En met dié woorde het hy ontslaap."*

Die wonders en tekens wat hy gedoen het, is dan ook 'n voortsetting van die (wonder)werke van Jesus waarin hy as gelowige die heerlikheid van Jesus geopenbaar het in die krag en teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die konfrontasie wat dit ontlok het, die vyandigheid van sy volksgenote, was hulle reaksie op die openbaring van die heerlikheid van Jesus deur Stéfanus. Die openbaring van die heerlikheid van Jesus bring die mens tot 'n daadwerklike keuse: Óf hy aanvaar Jesus, óf hy verwerp Hom. Dit is die konteks waarbinne die teks onder bespreking staan.

Hd 8 verhaal die gebeure van Filippus en die hofdienaar. Filippus verkondig die Evangelie aan die hofdienaar op die wa. Nadat hy hom gedoop het, sê Hd 8:39 - 40: *"En toe hulle uit die water opklim, het <u>die Gees van die Here Filippus skielik</u>*

*<u>weggevoer</u>, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis… Maar Filippus is <u>in Asdod gevind</u>."*

Filippus het deur die krag van die Heilige Gees, wat hom fisies weggevoer het, die heerlikheid van Jesus geopenbaar.

Na analogie van die kruisiging van Jesus volg ook die kruisiging van elke gelowige: die kruisiging van die "ek". (Vgl. o.a. Mt 16:24; Mk 8:34; Lk 9:23; Gl 2:20). Die opneem van die kruis en die kruisiging van die "ek" is, soos by Jesus, slegs 'n deurgang tot die heerlikheid wat 'n middel word waardeur die heerlikheid geopenbaar kan word.

Hier kan volstaan word met die feit dat die gelowiges die draers van die heerlikheid geword het ná die koms van die Heilige Gees. Hulle openbaar sy heerlikheid in (wonder)werke, sowel as in hulle daaglikse wandel met Hom omdat hulle die Geesvervuldes is wat die inwoning van die Heilige Gees het. Hulle maak Hom teenwoordig op aarde en is sodoende ware getuies vir Hom.

In sy *Magister Artium*-verhandeling, wat 'n deeglike stuk werk is, het Fourie (1986), o.a. ook deeglike navorsing gedoen oor eenheid, en dan wel ook oor die begrip *heerlikheid* (δόξα). In Afd. 5 oor die VERKONDIGINGSANALISE het Fourie (1986:163-178), deeglik nagevors oor verskillende standpunte m.b.t. heerlikheid en daarna tot sy eie konklusie gekom. Hierdie navorsing sal ook later ter sprake kom in Afd. IV.

5) Die heerlikheid waaroor Jesus bid, het ook 'n kulminasiepunt. Dit is *"die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was"* (vs. 5), die heerlikheid wat die gelowiges *"kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld"* (vs. 24). Dit is die ewige heerlikheid, ook die eindbestemming van die gelowiges. Hierdie dimensie van heerlikheid sal duidelik word met die ontleding en bespreking van die laaste paar verse in Jh 17.

Verdere opmerkings oor die begrip "heerlikheid" (δόξα). Strong se Woordeboek (1997) verklaar dit so:

> ***1391.*** **δόξα dŏxa, *dox´-ah;* from the base of *1380; glory* (as very *apparent*), in a wide application (lit. or fig., obj. or subj.): - dignity, glory (-ious), honour, praise, worship.**

Dan ook Vine (1997) se weergawe, waar dit betrekking het op God:

> **doxa (1391), "glory" (from dokeo "to seem"), primarily signifies an opinion, estimate, and hence, the honor resulting from a good opinion. It is used (I) (a) of the nature and acts of God in self-manifestation, i.e., what He essentially is and does, as exhibited in whatever way He reveals Himself in these respects, and particularly in the person of Christ, in whom essentially His "glory" has ever shone forth and ever will do, John 17:5, 24; Heb. 1:3; it was exhibited in the character and acts of Christ in the days of His flesh, John 1:14; John 2:11; at Cana both His grace and His power were manifested, and these constituted His "glory", so also in the resurrection of Lazarus 11:4, 40; the "glory" of God was exhibited in the resurrection of Christ, Rom. 6:4, and in His ascension and exaltation, 1 Pet. 1:21, likewise on the Mount of Transfiguration, 2 Pet. 1:17.**

Louw & Nida, Vol. 1 (1989:736), se verklaring is soos volg:

> **A state of being great and wonderful - 'greatness, glory.'**

Dan die werkwoord (Louw & Nida, Vol 1. 1989:736):

> **To cause someone to have glorious greatness - 'to make gloriously great, to glorify.'**

Die Hebreeuse ekwivalent vir die Griese δόξα is dwboK (***kābôd***). Hayford *et al* (2002:944), *Spirit Filled Bible* kommentaar, in aansluiting met Strong, lui so:

> **Strong's #3519: Weightiness; that which is substantial or heavy; glory, honor, splendor, power, wealth, authority, magnificence, fame, dignity, riches, and excellency.**

En dan verder in verband met God:

> **Chabod is God's glory, not only His honor, renown, and majesty, but also His visible splendor, which filled Solomon's temple and will someday fill the Earth (1 Kin. 8:11; Num. 14:21).**

Afgesien van die veelvuldige gebruik van dié begrip is die belangrikste waar dit op God toegepas word. Laasgenoemde gebruik is van belang vir hierdie navorsing. Douglas *et al.* (1975:472), se verklaring is:

> **The most important concept is that of the glory of Jahweh. This denotes the revelation of God's being, nature, and presence to mankind, sometimes with physical phenomena.**

Die betekenis van **dwboK** (***kābôd***) word duidelik wanneer dit in die lig van die verskillende Skrifgedeeltes waarin dit voorkom, beskou word. Dit toon die teenwoordigheid van God toe Hy voor die Israeliete uitgetrek het in die vorm van 'n wolkkolom en 'n vuurkolom (Eks 16:7,10). Die wolk het op Sinaï gerus toe Hy vir Moses die Wet gegee het - Moses het sy heerlikheid gesien (Eks 16:15-18); Die heerlikheid het die tabernakel gevul (Eks 40:34,35), ook op die uur van die offer (Lv 9:6,23); Dit het weer verskyn met die inwyding van die tempel (1 Kon 8:11; 2 Kron 7:1-3); Nog verdere verskynings: Jes 6:1-4; Esg 1:28; Jes 60:1-3).

Indien die begrip **dwboK** (***kābôd***) dan betrekking het op God se heerlikheid, teenwoordigheid en majesteit, het dit ook alles te make met sy ewige heerlikheid. Dit is die heerlikheid waaruit die Seun gekom het en waarheen Hy teruggekeer het. Dit is ook die uiteindelike heerlikheid waarheen elke gelowige op pad is. Dit is vir die doeleindes van hierdie proefskrif genoeg om te weet dat die Hebreeuse **dwboK** en die Griekse **δόξα** min of meer sinonieme terme is. Saam in oënskou geneem, kan die een die ander net verryk en aanvul om 'n duideliker beeld te vorm.

Die begrip *"heerlikheid"* (δόξα) met sy veel-dimensionaliteit, moet in die finale instansie binne die bepaalde konteks verklaar word waarbinne dit voorkom. Nelson (1997) in die *King James Version Study Bible* verduidelik só:

> **The Father had manifested Himself through the Son, and now the Son manifests Himself through His followers. This is glory.**

Dan is daar MacArthur (1997), *The MacArthur Study Bible*, se goeie verklaring:

> **17:22 *the glory which You gave Me.* This refers to the believer's participation in all of the attributes and essence of God through the indwelling presence of the Holy Spirit (v. 10; cf. Col. 1:27; 2 Pet. 1:4), as vs. 23 makes clear ("I in them").**

Vs. 22 stel die eenheid voorop: *"En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, <u>sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is</u>* (ἵνα ὦσιν ἓν καθὼς ἡμεῖς ἕν ἐσμεν)*."* In die korporatiewe heerlikheid wat op die gelowiges rus, is daar ook eenheid. Hy gee aan die Kerk sy heerlikheid *"sodat* (ἵνα) *hulle een kan wees."* Die doel van die gee van heerlikheid is sodat hulle eenheid kan hê. Heerlikheid word 'n samebindende faktor waarsonder die Kerk nie kan bestaan nie. Heerlikheid is die voorvereiste vir eenheid: Éérs ontvang hulle sy heerlikheid, dan volg die eenheid, en nie andersom nie. En 'n regte vehouding met God in Jesus Christus gaan die heerlikheid vooraf. Hulle word een *"<u>net soos Ons een is</u>".* Hierdie noue band in heerlikheid wat tussen die Vader en die Seun bestaan, word nou die band wat ook húlle saambind.

Hendriksen (1976:365), se siening sluit pragtig hierby aan:

> **When God dwells in the Son, and he (through the Spirit) dwells in those who have placed their trust in Him, then, naturally, these believers become partakers of all the riches that are in Christ: pardon, righteousness, love, joy, knowledge, wisdom, etc. And *all* the members of the Church Universal have become partakers of these blessings, the Church, of course, will be *one,* just as the Father and the Son are *one* (see verse 21). And this is the very reason why Christ gave all this *glory* to believers, namely, "in order that they may become perfectly one" (literally, "in order that they may have been brought completely to oneness").**

Wat is die essensie van hierdie eenheid? Dit is 'n eenheid in heerlikheid, maar daar is nog meer daaraan verbonde. Hendriksen (1976:365-6), sê meer hieroor:

> **The oneness for which Christ makes request is more than an ethical unity. It is a oneness so intimate, so vital, so personal that it is patterned after, and based on, the relations which exist between the persons of the Holy Trinity: it is a oneness not only of faith, hope, and love but of life itself. Together believers constitute one Body, of which Christ is the exalted (organic and ruling) Head. Cf. Eph. 1:22, 23; 4:4-6.**

Hierdie *lewe* waarna Hendriksen verwys, is na my opinie natuurlik die lewe van God self in die Heilige Gees. Hierdie *lewe* kom elke sondaar toe wat hom tot God bekeer en die inwoning van die Heilige Gees ontvang*: "En julle het Hy <u>lewend gemaak</u>, wat <u>dood was</u> deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk…Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered -"* (Ef 2:1,2,4,5). (Vgl. o.a. ook Jh 5:24,25; 6:63; 8:12; 10:10, 28).

Oor heerlikheid en eenheid in die teks onder bespreking, skryf Groenewald (1998) soos volg:

> **Die vooruitsig op heerlikheid, wat in hierdie gebed so 'n belangrike rol speel, kom ook ten opsigte van die eenheid aan die orde. Die Vader het aan Jesus heerlikheid gegee. Hierdie heerlikheid is iets anders as dié wat Jesus vanself in sy hoedanigheid as Seun van God besit en kan vertolk word as 'n beloning nadat Hy die weg van vernedering, lyding en dood voltooi het (vgl. Heb. 12:2). Hierdie selfde heerlikheid het Jesus ook aan sy volgelinge gegee, en Hy wil hê dat hulle moet wees waar Hy is (12:26, vgl. 14:2). Maar dit beteken dat hulle sy navolgers moet wees op die weg van vernedering en lyding en kruis dra (vgl. Lk 9:23). Die vooruitsig op heerlikheid bind hulle egter saam…**

Vir Groenewald dui die heerlikheid op dít wat nog kom: 'n Heerlikheid eendag, maar wat die weg van die kruis volg. Tog, soos reeds opgemerk in die voorafgaande bespreking, is dit slegs maar 'n dimensie van die veel-dimensionele eenheid. Ek volstaan dus met my vorige bespreking.

Hierdie eenheid word voortgesit en bevestig deur vs. 23 - "Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en <u>dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het</u>, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het."

Nadat Jesus in vs. 21 gebid het dat almal "een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het", gaan sy gebed voort "dat die wêreld kan **weet**". Eers moet die wêreld (ongelowiges wat wil) **glo**, (hulle aan Hom toevertrou), om tot saligheid te kom. Daarna sal hulle weet. Dit sal kennis deur ervaring wees. Ná 'n persoonlike ontmoeting met Hom, sal hulle weet dat Jesus die ware Verlosser is. Hierdie geloof van die wêreld in die eerste plek, sowel as die wete van hul verhouding tot Jesus in die tweede plek, het sy grondslag in die eenheid by gelowiges waarvan die wêreld kennis neem. Hierdie eenheid is weer gebou op die heerlikheid wat gelowiges beleef.

Breedvoeriger aandag sal later gegee word aan die inwoning van die Heilige Gees en die konkretisering van eenheid. (Vgl. Afd IV).

Vs. 24 - *"Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees* (**πάτερ, οὓς δέδωκάς μοι, θέλω ἵνα ὅπου εἰμὶ ἐγὼ κἀκεῖνοι ὦσι μετ' ἐμοῦ**),*…"*

Die begrip οὓς (akkusatief manlik meervoud) **δέδωκάς** word deur die aangehaalde Griekse teks gebruik. Die Griekse teks van Aland *et al.* asook die Nestle Griekse Teks gebruik egter die relatiewe voornaamwoord (enkelvoud neutrum) **ὁ δέδωκάς**. In 'n voetnootmaak Aland *et al.* (1968:398), melding van verskillende manuskripte wat een of ander van die verskillende relatiewe voornaamwoorde gebruik. Tog val húlle keuse op **ὁ δέδωκάς**. Aangesien dit in die studieveld van die Tekskritiek val, aanvaar ek Aland *et al.* se navorsing omdat ek oortuig is daarvan dat lg. 'n deeglike studie[47] gemaak het vir die korrekte teks, om sodoende 'n deeglike grondteks daar te stel.

[47] Vgl. die voorwoord van hierdie publikasie.

Letterlik sou hierdie gedeelte van die teks só geïnterpreteer kon word: *“Dit wat* (ὁ - neutrum enkelvoud) *U aan My gegee het* (δέδωκάς - 2de persoon enkelvoud) *.”*

In hierdie verband verklaar Bernard (1942:579):

> ὁ δέδωκάς μοι. ὁ **is for** οὓς **(cf. V. 12), the neuter singular suggesting their unity, as at 6[37.39].**

Bouma (1950:144), sluit hierby aan:

> **Wel bidt Hij nog voor hen, voor de Zijnen, Hem gegeven. Nu in het enkelvoud en in het onzijdige genoemd: *wat Gij Mij gegeven hebt;* in aansluiting aan vss. 22, 23, de kerk als een eenheid gezien; die eenheid, in het Grieks in het onzijdig enkelvoud: iets ééns, dat lichaam van Christus, heeft Hij nu op het oog: wat Gij Mij gegeven hebt, die eenheid, dat organisch en onbreekbaar en onlosmakelijk éne. Zo ziet Hij de kerk in haar eenheid; dat zet sterke kracht bij aan Zijn gebed voor haar.**

Met hierdie ontleding in gedagte en met hierdie vers as ‘n eenheid beskou, word dit duidelik dat Jesus bid vir die gelowiges van alle eeue: die Liggaam van Christus as ‘n voltooide eenheid. Hy wil *dat “hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees”.* Wat beteken dit? Dit word verklaar deur die volgende deel van die vers: *“sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.”*

Die konklusie waartoe ek hier kom, is dat Hy die eenheid van alle gelowiges, die Liggaam van Christus (Die één *Corpus Christi*) voorop stel. Hulle moet sy heerlikheid ontvang waarvoor Hy reeds in vs. 5 gebid het. Net soos in vs. 5, spreek Hy van die voltooide saak voordat dit daar is. Die heerlikheid wat hier ter sprake kom, is sy ewige heerlikheid wat Hy gehad het *“voor die grondlegging van die wêreld”*. (Vgl. wéér vs. 5). In sy bespreking van o.a. 2 Kor 3:18 - *“van heerlikheid tot heerlikheid”* (ἀπὸ δόξης εἰς δόξαν) maak Kittel *et. al.* (1974:251), ook melding van die teenwoordige sowel as die eskatologiese heerlikheid, en bring dit só in verband met mekaar:

> **The bridge between the present and eschatology is to be found in the phrase ἀπὸ δόξης εἰς δόξαν. The present is ἐν δόξῃ, but the εἰς points to a coming consummation. In both affirmation and limitation this as in full accord with the ἀπαρχὴ τοῦ πνεύματος. In this prepositional construction, which is to be found elsewhere in Pl. (cf. ἐκ πίστεως εἰς πίστιν, R. 1:17), we have the whole simultaneity of possession and expectation which is the basis of NT piety.**

Dan bring Kittel *et. al.* (251), dit ook in verband met Jh 17 deur te sê dat hier presies dieselfde gedagtegang te bespeur is:

> **The disciples see the δόξα of Jesus: θεωρω σιν τὴν δόξαν τὴν εμὴν, v. 24. Jesus is glorified in them: δεδόξασμαι εν αυτοῖς (v. 10). He has given them δόξα: τὴν δόξαν ἣν δέδωκάς μοι δέδωκα αὐτοῖς, 22.**

Alhoewel dit my mening is dat die heerlikheid van vs. 24 eintlik te make het met die uiteindelike heerlikheid (sien bespreking hierbo), dit tóg in die volgende sinsnede van Kittel duidelik word dat hy spreek van die teenswoordige heerlikheid in vs.10 teenoor die uiteindelike heerlikheid in vs. 22. (Ook my mening). Wat van belang is vir hierdie studie, is dat Kittel ook in Jh 17 die twee elemente van heerlikheid raaksien, soos hy dit gesien het by Paulus in 2 Kor 3:18.

Met betrekking tot die uiteindelike heerlikheid, is ook Bouma (1950:145), se mening van belang:

> **…de voleinding der wêreld; dan is de éne triumferende kerk, het éne lichaam van Christus, voleind, voltooid, en zal zij zijn waar Hij is.**

Dit is dán wanneer hulle in sy eskatologiese of ewige heerlikheid sal ingaan om vir ewig met Hom te wees, in ‘n verheerlikte staat. En so kom sy gebed met betrekking tot eenheid vir sy Kerk dan tot voltooiing. ‘n Klimaks in verheerliking. ‘n Volmaakte eenheid!

Verse 25-26 is ‘n afronding van die gebed: “Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. En

Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle."

Hier vind ons weer eens 'n teenstelling tussen die ongelowige wêreld wat God nie ken nie aan die een kant, en aan die ander kant die gelowiges vir wie Jesus hier bid. Só intens beleef Hy sy gebed vir die gelowiges, dat Hy 'n beroep doen op die Vader se regverdigheid m.b.t. die gelowiges teenoor die ongelowiges. Sy sentimente lê dan natuurlik by die gelowiges wat *"erken* (het) *dat U My gestuur het."* Byna 'n onderliggende teerheid en liefde is hier waarneembaar by die Meester vir sy volgelinge. 'n Teerheid waarmee Hy vir hulle intree. Aan húlle het Hy die Naam van die Vader bekend gemaak, en sál aanhou om dit bekend te maak. Die rede hiervoor is *"sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle."* Vir Bernard (1942:581), is dit nie 'n gebed dat God die gelowiges moet liefhê nie, want Hy het reeds die wêreld liefgehad (en almal wat nog ongelowig was), toe Hy sy Seun gestuur het. Maar dit is 'n gebed dat God se liefde vir alle gelowiges, soos die liefde wat Hy vir Jesus het, *"in hulle kan wees, en Ek in hulle* (ἵνα ἡ ἀγάπη ἣν ἠγάπησάς με ἐν αὐτοῖς ᾖ, κἀγὼ ἐν αὐτοῖς)."

Paulus het dit later só gestel: *"…en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is"* (Rm 5:5). Ten tye van Jesus se gebed is die Heilige Gees nog nie gestuur nie. Paulus kon later egter praat van die liefde wat deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort is, omdat hy dit ook beleef het - 'n antwoord op die gebed van Jesus.

Hierdie liefde is 'n samebindende faktor vir die gelowiges wat eenheid in die hand werk. Waar verse 23-24 eindig met 'n klimaks in heerlikheid vir die gelowiges in die lewe hierna, eindig verse 25-26 met 'n klimaks vir die gelowiges in die liefde wat hulle beleef, omdat dit in hulle harte uitgestort is terwyl hulle nog op aarde is. Dus is die liefde ook 'n faktor wat tot in alle ewigheid sal bly.

En op hierdie noot van liefde in ons harte, hierdie klimaks, kom die gebed tot 'n einde. So ook die afskeidsgesprekke wat voortgevloei het in die gebed van Jesus. Hierna is Jesus op pad na die kruis.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Soos aan die begin van die teksontleding van Jh 17 opgemerk is, loop die lyn van eenheid soos ‘n goue draad deur die gebed sonder dat dit op sigself die sentrale tema van die gebed is, maar tóg ineengeweef met ander hooftemas en sub-temas. Eksegese is gedoen met die oog op die beklemtoning van eenheid sonder om die teks te forseer sodat die indruk gewek mag word dat die gebed slegs oor eenheid gaan. Eenheid is nie die hooftema nie, maar slegs een van die sub-temas wat in die gebed voorkom. Daar is telkemale na die tema van die proefskrif, nl. eenheid van die gelowiges, teruggekeer sonder om te veel aandag aan die ander sub-temas te skenk. Omdat die fokus op die één sub-tema, nl. eenheid, geval het, gee dit weer ‘n aanduiding van die rykdom en die veelomvattenheid van die gebed wat na vore gebring kan word met uitgebreide eksegese.

Die fokus het geval op die eenheid van die gelowiges, waarin die ongelowiges, soos die ondersoek aangedui het, geen deel kan hê nie. Die Heilige Gees bly die Bewerker van eenheid, ook in Jh 17. Reeds in Jh 14:17 het dit na vore gekom dat Hy *“die Gees van die waarheid”* is, *“wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.”*

Eksegese het verder aangetoon dat daar ook ‘n volmaakte eenheid bestaan in die Drie-eenheid, wat ‘n sterk eenheid tussen gelowiges veronderstel of voorstaan. Dit het ook verder na vore gekom dat die gelowiges vir wie Jesus gebid het, verder strek as die onmiddellike dissipelkring - dit sluit ook *in “die wat deur hulle woord in My sal glo”* (Jh 17:20), en dan met dié doel voor oë: *sodat “almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het”* (Jh 17:21).

Die gebed word afgerond met ‘n versoek dat die liefde, die belangrikste grondslag vir eenheid van die gelowiges, ‘n blywende faktor in die Kerk sal wees*: “Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend*

*maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle"* (Verse 25-26).

Vervolgens sal aandag geskenk word aan die Pauliniese Sendbriewe waar eenheid ter sprake kom.

**3. Rm 11:17-32**

In hierdie Skrifgedeelte gebruik Paulus die beeld van 'n olyfboom. Die boom met wortels en takke spreek van die gelowiges uit die volk Israel. Ander Ou Testamentiese profete het ook al die beeld van die olyfboom gebruik om na die volk Israel te verwys (vgl. Jr 11:16; Hs 14:6). Paulus se betoog is dat sommige van die mak olyfboom se takke afgebreek is vanweë hulle ongehoorsaamheid en ongeloof en dat die gelowiges uit die heidendom die wilde olyftakke is wat op die mak olyfboom ingeënt is. Baie Bybelkommentators maak groot gewag van die feit dat 'n wilde olyftak op die mak olyfboom ingeënt word. Sommige doen breedvoerige besprekings oor die ongehoordheid van so 'n handeling en meen dat Paulus nie 'n landbouer was nie, en dus nie verstaan het hoe dit in die praktyk gedoen word nie. Ander wend weer pogings aan om Paulus te verdedig. Jonker (1998) se mening is:

> **In die gewone lewe word wilde takke nie op 'n mak boom ingeënt nie, maar mak takke op 'n wilde stam. God boer egter anders. Hy red die wilde lote van die heidene deur hulle op die mak stam van Abraham in te ent.**

In bogenoemde aanhaling vind ons aanduidings van slegs 'n toepassing deur Paulus van die begrip "inenting" en nie 'n praktiese beskrywing daarvan nie. Ek ag dit nie nodig om op al hierdie besprekings volledig kommentaar te lewer nie, omdat die fokus vir my nie val op die praktiese uitvoerbaarheid, al dan nie, van die proses van inenting nie. Ek meen die gedagte waarmee Paulus besig is, is die feit van inenting. Hy is slegs besig om 'n toepassing te maak, sodat hy uiteindelik 'n boodskap kan oordra: die mak olyftak is afgebreek weens ongeloof en ongehoorsaamheid en die wilde olyftak word ingeënt as gevolg van geloof en gehoorsaamheid.

Vers 17 lees so: "En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ‘n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom…" Die heidene kry nou ook geleentheid om te deel in die volle seën van Abraham: die seën wat aanvanklik net tot die volk Israel beperk was. Maar éérs moes die Messias verwerp word, soos die apostel Johannes dit verhaal: "Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo…" (Jh 1:11-12). En in Jesus se eie woorde: "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel" (Mt 15:24). Verder het Jesus ook gesê: "Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder" (Jh 10:16). Dit is van híérdie genadetyd vir die heidene waaroor Paulus skryf. Die eenheid van die Kerk word hiermee geïmpliseer, soos ook in Ef 2 hierbo bespreek. Die middelmuur van skeiding is afgebreek en gelowiges uit die Jodedom sowel as gelowiges uit die heidendom word één in Christus. Albei het nou deel "aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom. " Die wilde olyftak moet egter nie roem teenoor húlle wat afgebreek is nie, want God het mag om ook húlle weer in te ent. Vers 18 - "…moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou." Hodge (1986:368) skryf soos volg hieroor:

> **The Gentiles had been brought into fellowship with the patriarchs. Not the patriarchs with them. Salvation was from the Jews. The truth that the Jews were the channel of blessings to the Gentiles, and not the reverse, was adapted to prevent all ungenerous and selfconfident exultation of the latter over the former.**

Hendriksen (1981:373) vul aan:

> **What the apostle is saying, then, is clear. He is telling the typical Gentile member of the Roman church, who was tending to become somewhat arrogant, that he, the member, should never forget what he really is. He had come in from the outside and *had been spiritually grafted in among the Jews.* Only in this manner had he come to share "the nourishing sap from the olive root." To the proud Gentile member Paul is saying "Consider how much you owe to the Jews!"**

In verse 20-22 borduur die apostel voort op hierdie aspek en die gevare daaraan verbonde.

Enige moontlikheid van selfverheffing aan die kant van die gelowiges uit die heidendom word hiermee in die kiem gesmoor, omdat selfverheffing slegs verdeeldheid in die hand werk. En die Gees van eenheid is juis gestuur om alle gelowiges in eenheid saam te bind.

In verse 25-32 skryf Paulus van die *"verborgenheid"*, 'n geheimenis waarvan die mens nie geweet het nie: dat die verharding wat oor Israel gekom het 'n perk het *"totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word"* (verse 25-26). Van Rensburg (1993) skryf soos volg hieroor:

> **Let ook daarop dat die uitdrukking "die hele Israel" (11:26) die teëpool vorm van die uitdrukking "die volle getal van die heidennasies" (11:25). Net soos die volle getal van die heidennasies nie persoon vir persoon insluit nie, maar die wat - in die taal van 11:20 - ingeënt is omdat hulle geglo het, so beteken "die hele Israel" nie elke Israeliet, persoon vir persoon nie, maar die volle getal van die uitverkorenes, dit wil sê al die persone uit die heidene wat God tot sy kinders gemaak het, sowel as al die persone uit Israel wat God tot sy kinders gemaak het.**

Selfs híérin is ook tekens van eenheid waarneembaar. Soos later bespreek sal word by die eksegese van Ef 2, word Joodse gelowiges saam met gelowiges uit heidennasies sáám kinders van God in Jesus Christus. (Vgl. Afd.III.B.6).

In die volgende verse tot en met vs. 32, word beskryf hoe God hierdie *"hele Israel"* barmhartig is. Vers 32 sluit hierdie gedeelte só af: *"Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees."* Hierdie *"almal"* dui in die breë op al die gelowiges in Christus, uit die Jodedom sowel as dié uit die heidendom (Hendriksen, 1981:385). Weer eens 'n aanduiding van eenheid.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die Kerk is soos 'n boom wat groei. Omdat al die gelowiges dieselfde wortel het, nl. Jesus Christus, en alles wat Hy gebring het, is dit werklik onmoontlik om die eenheid te verbreek. Omdat dit dieselfde boom is met dieselfde wortelstelsel, sal ook dieselfde vrug gesien kan word: die vrug van die karakter van Jesus Christus in elke gelowige deur die werking van die Heilige Gees. Alles wat nie werklik uit God gebore is nie, word instrumenteel

deur die vyand gebruik in 'n poging om óf die Kerk totaal te vernietig, óf ten minste die eenheid in die Kerk te versteur.

Gelowiges uit sowel die Jodedom as die heidendom is saam die olyfboom met dieselfde wortelstelsel. Omdat die Christendom sy ontstaan te danke het aan die Jodedom, kan hulle nie teen laasgenoemde roem nie. Daar kon geen Christendom wees tensy daar nie eers ‘n Jodedom was nie. Soos Barclay (1975:150) dit stel:

> **It will be a bad day when the Christian Church forgets its debt to the root from which it sprang. It has a debt to Judaism which it can never pay by any other means than by bringing Christianity to the Jews. So Paul warns the Gentiles against contempt.**

En op hierdie wyse beweeg die Kerk na die eindpunt, die hoogtepunt: volmaakte eenheid in Christus waarin die Heilige Gees die hoofrol speel. Dit is die taak van elke gelowige om hom aan die Here toe te wy sodat hy die vrug van die Gees kan dra en deur die Gees sal wandel (Gl 5:16). Slegs dan sal ons vorder in ons samewerking tot eenheid. Almal moet saamwerk om hierdie gemeenskaplike doel te bereik. Van Rensburg (1993) rond hierdie bespreking oor verse 28-32 op gepaste wyse af:

> **Paulus wys hier hoe Jode en heidene mekaar bevoordeel. God se ontferming oor die een groep bevoordeel ook die ander. God het dit oorspronklik so bedoel dat Israel hulle seëninge met die heidene deel (vgl. Gen 12:3). Israel het dit nie gedoen nie en toe het God die Messias voorsien om dit te doen. Nou moet die gelowiges uit die heidene weer die Jode in hulle seëninge laat deel. So kom God se plan tot uitvoer, en Hy ontferm Hom oor almal. (In Jes 40 word beskryf hoe Israel en die heidennasies saam ontferming ontvang.)**

**4. 1 Kor 10:16-17**

Hierdie Skrifgedeelte handel oor die Nagmaal. Hierdie verse staan binne die makro-konteks van 1 Kor 8:1-11:1, waar dit handel oor vleis wat aan afgode geoffer is. Omdat die groter geheel nie van belang is vir hierdie studie oor eenheid nie, sal slegs kennis geneem word van die konteks waarbinne hierdie verse, wat oor die Nagmaal handel, staan. Sodoende sal ‘n beter begrip van gelowiges se identifikasie met Christus, teenoor heidene se identifikasie met afgode, sowel as eenheid in

Christus, gevorm kan word. Die Nagmaal is ‘n onweerlegbare samebindende faktor vir eenheid in Christus.

Of gelowiges vleis mag eet wat aan afgode geoffer is of nie, was ‘n werklike vraagstuk waaroor die gemeente leiding van die apostel Paulus verlang het. In ‘n heidense stad het dit gereeld gebeur dat daar te veel van hierdie offervleis was vir gebruik in heidense tempels. Hierdie oortollige offervleis is dan op die mark te koop aangebied. Sou dit beteken dat enige persoon, Christene ingesluit, die afgod vereer wanneer hy hierdie vleis koop en eet? In die breër verband van 1 Kor 8:1-11:1 gee Paulus dan ‘n breedvoerige verklaring aan die hand van verskillende riglyne oor wanneer van hierdie offervleis geëet mag word en wanneer nie: Die liefde dien as rigsnoer (8:1-3); God staan teenoor die afgode (8:4-6); daar bestaan ‘n bepaalde verantwoordelikheid teenoor die swakkere (8:7-13); die apostel dien as voorbeeld (9:1-27); Israel word as waarskuwing voorgehou (10:1-13); die tafel van die Here staan teenoor die tafel van die duiwels (10:14-22), en dan volg daar voorskrifte hoe om op te tree teenoor die swakke broer (10:23-11:1). (Groenewald 1971:103).

Die gevaar van die afgodsoffer word ook nie heeltemal uitgesluit nie: “Wat sê ek dan? Dat ‘n afgod iets is, of dat ‘n afgodsoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie” (1 Kor 10:19-20). Indien die afgodsoffer kan lei tot afgodediens of die dien van duiwels, moet dit nie geëet word nie.

Opsommend kan gesê word dat Paulus gelowiges waarsku om nié van die offervleis aan afgode te eet indien iemand meld dat dit ‘n afgodsoffer is nie. (Dit is ter wille van dié persoon wat dit geopper het). Dit kan selfs lei tot die dien van duiwels. Andersins is ‘n afgodsoffer niks. God moet bo alles verheerlik word. Om dus bloot vleis te eet wat aan afgode geoffer is, is nie sonde nie en het geen invloed op die gelowige nie. Dit gaan egter oor die kruks van die saak - of dit vermeld word dat dit ‘n afgodsoffer is - want: *“Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie”* (1 Kor 10:21). Paulus skryf hier oor die tafel van die Here.

In vers16 skryf hy: "…die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie?"

*Die "beker van danksegging"* word algemeen deur Skrifverklaarders aanvaar as die derde beker[48] by die Paasmaaltyd. Met die gebruik van hierdie beker word God gedank en geseën. Hodge (1959:187-8) skryf soos volg oor hierdie beker:

> **The cup of blessing is the cup which we bless; which can only mean the cup on which we implore a blessing; that is, which we pray may be blessed to the end for which it was appointed, viz. to be to us the communion of the blood of Christ. That is, the means of communicating to us the benefits of Christ's death.**

Hierdie beker word dan *"die gemeenskap met die bloed van Christus."* Die individu wat daaraan deelneem, doen dit korporatief saam met ander gelowiges. Hy kan dit nie op sy eie doen nie. Die bloed van Christus spreek dan van verlossing wat die gelowige deelagtig geword het. Terwyl hy die beker neem, het hy gemeenskap met die bloed van Christus. Die bloed wat gelowiges verlos het, is dan 'n basis tot die eenheid van gelowiges, omdat almal daardeur deel het aan Christus. Dan vervolg vs. 16 op dieselfde wyse m.b.t. die brood: *"Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die Liggaam van Christus nie?"* Dan vs. 17 - *"Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam* (ἓν σῶμα οἱ πολλοί ἐσμεν)*, want ons het almal deel aan die een brood."* Hoe pragtig kom die eenheid hier na vore! Johnson (1999b) borduur hierop voort:

---

[48] Op 'n webwerf *Die beker van danksegging,* skryf Du Plessis (2004) soos volg oor die beker by die Nagmaal: Die apostel Paulus noem die beker by die Nagmaal die "beker van dank" of die "beker van seën".

- Hy verwys hiermee na die Paasmaaltyd waar daar verskillende bekers gebruik is. Die "beker van dank" sluit aan by die derde beker van die Pasga. Die derde beker tydens die Paasmaal word die beker van seën of die beker van danksegging genoem. Dit is ingeskink nadat die ete klaar was.
- Ons lees in Lukas 22:15-20 dat die Here Jesus presies hierdie beker van danksegging gebruik het toe Hy gesê het: Hierdie beker is die Nuwe Testament in My bloed wat vir julle uitgestort word. Die apostel Paulus skryf ook dat die Here die beker na die ete geneem het (1 Korintiërs 11:25) en die Nagmaal daarmee ingestel het.
- By die Pasga was dit bloot 'n godsdienstige handeling, maar by die Nagmaal is daar bepaald die genade van verlossing deur die bloed van Christus wat deur die beker vertolk word. Daarom staan hier geskryf dat ons God spontaan vir hierdie beker dank.

> ***For we being many are one bread.* One loaf. There being one loaf implies that we Christians, though many, are all one body, and joint participators of the one body of Christ. Paul had no conception of a divided church.**

Die één brood waaraan álmal deel het, waarvan álmal eet, veronderstel eenheid, want álmal word deur die één brood saamgebind. Jamieson (1997) verklaar vs. 17 soos volg:

> **17. *one bread -* rather, "loaf." One loaf alone seems to have been used in each celebration.**
> ***and one body -* Omit "and"; "one loaf [that is], one body." "We, *the many* (namely, believers assembled; so the *Greek*), are one bread (by our partaking of the same loaf, which becomes assimilated to the substance of all our bodies; and so we become), one body" (with Christ, and so with one another).**
> ***we … all - Greek,* "the whole of us."**

Deur die Nagmaal heen is ons een. Wesley (2005) som soos volg op:

> **For it is this communion which makes us all one. We being many are yet, as it were, but different parts of one and the same broken bread, which we receive to unite us in one body. For it is this communion which makes us all one. We being many are yet, as it were, but different parts of one and the same broken bread, which we receive to unite us in one body.**

Deur op onwaardige wyse deel te hê aan die Nagmaal is sonde en dit lei tot verbreking van die eenheid. In 1 Kor 11:23-30 skryf Paulus verder oor die Nagmaal waar hy die volgende aspek beklemtoon: *"Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap"* (vs. 27-30).

Dit wil vir my voorkom asof *"onwaardige wyse"* (ἀναξίως) 'n primêre en 'n sekondêre betekenis het:

Primêr is daar ‘n sterk argument vir die verklaring binne die konteks van verse 17-30. Hierdie standpunt word deur verskeie Skrifverklaarders[49] aanvaar wat dit koppel met die voorafgaande verse waar die gemeente van Korinte die Nagmaal misbruik het: *“Want as julle eet, gebruik elkeen eers sy eie ete; en die een het honger en die ander is dronk” (vs. 21). Dit is húlle wat “die liggaam van die Here nie onderskei nie.”* Die liggaam van die Here word dan geïnterpreteer as die liggaam van Jesus wat vir ons gegee is vir ons sondes: Sy liggaam is verbreek en sy bloed het gevloei. Daarom herdenk ons dit met die brood en die wyn. In hierdie verband skryf Vine (1996) soos volg:

> ***anaxios*** **(371) is used in 1 Cor. 11:27, of partaking of the Lord’s Supper “unworthily,” i.e., treating it as a common meal, the bread and cup as common things, not apprehending their solemn symbolic import.**

Die tekens, nl. die brood en die wyn, word minagtend behandel. Dit is soos iemand wat minagtend op sy land se vlag trap (Hodge 1959:230), of dit verbrand. As dit onwaardig gebruik word, is dit ‘n belediging vir die Here Jesus, wat sy liggaam en bloed gegee het. Soos Fisher (1975:188) dit stel:

> **The thought is that by partaking of the Supper in any unworthy way, one is dishonoring him whom the elements of the Supper represent. Such actions are an insult to the Lord.**

‘n Paar Bybelvertalings van vs. 29 bevestig regverdiging vir so ‘n vertolking:

“…want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur ‘n oordeel oor homself” (1983 Afrikaans Nuwe Vertaling).

*“For the one eating and drinking unworthily [or, in a careless manner], eats and drinks judgment to himself, not discerning [or, correctly judging] the body of the Lord”* (Analytical-Literal Translation of the New Testament of the Holy Bible).

*“For anyone who eats and drinks without discriminating and recognizing with due appreciation that [it is Christ's] body, eats and drinks a sentence (a verdict of judgment) upon himself”* (The Amplified Bible).

---

[49] Vgl. o.a. Barrett (1968:272); Vine (1996); Groenewald (1998); Fisher (1975:188); Grosheide (1957:312); Hodge (1959:230); Pop (1978:257-258); Prior (1985:190); Lenski (1963:482).

*"For a man puts himself in danger, if he takes part in the holy meal without being conscious that it is the Lord's body"* (Bible In Basic English).

*"For if you do not recognize the meaning of the Lord's body when you eat the bread and drink from the cup, you bring judgment on yourself as you eat and drink"* (Good News Bible).

*"For the one who eats and drinks without recognizing the body eats and drinks judgment on himself"* (International Standard Version).

*"If you give no thought (or worse, don't care) about the broken body of the Master when you eat and drink, you're running the risk of serious consequences"* (The Message).

*"For any one who eats and drinks, eats and drinks judgment to himself, if he fails to estimate the body aright"* (1912 WEYMOUTH NEW TESTAMENT).

*"For if he eats the bread and drinks from the cup unworthily, not thinking about the body of Christ and what it means, he is eating and drinking God's judgment upon himself; for he is trifling with the death of Christ"* (The Living Bible).

"*Want 'n mens wat nie verstaan wat dit beteken dat die Here sy liggaam en sy bloed vir ons gegee het nie, eet die brood en wyn op 'n onverskillige manier en hy bring die straf van God oor homself"* (Die Lewende Bybel).

Vers. 29 - *"…eet en drink 'n oordeel oor homself…"* word deur die kommentaar van *The New American Bible: With revised New Testament* (1996) soos volg beskryf:

> **The judgment is concretely described as the illness, infirmity, and death that have visited the community. These are signs that the power of Jesus' death is not yet completely recognized and experienced. Yet even the judgment incurred is an expression of God's concern; it is a medicinal measure meant to rescue us from condemnation with God's enemies.**

Dan MacDonald (1995) se mening in die *Believer's Bible Commentary* :

> **11:30 Failure to exercise self-judgment resulted in God's disciplinary judgment upon some in the church at Corinth. Many were weak and sick, and not a few slept. In other words, physical illness had come upon some, and some were taken home to heaven. Because they did not judge sin in their lives, the Lord was required to take disciplinary action against them.**
> **11:31 On the other hand, if we exercise this self-judgment, it will not be necessary to so chasten us.**

Die sekondêre verklaring is dat die *"liggaam"* wat *"onderskei"* moet word, gesien word as die Liggaam van gelowiges, die Kerk of die Liggaam van Christus. Ook híérdie standpunt beroep hom op vorige Skrifgedeeltes (vgl. 1 Kor 10:16-17; 11:28; 12:12 e.v.), om Paulus se gedagtegang oor die Liggaam van Christus te bepaal en dat dit hier gaan oor die Liggaam van gelowiges.

Whitlock (1997) se kommentaar in die *New Geneva Study Bible* bring die eet op *"onwaardige wyse"* in verband met die gelowiges as Liggaam van Christus:

> **This unworthy approach had to do with breach of fellowship (v. 18), doctrinal heresy (v. 19), and attitudinal problems (v. 21).**

Sodanige oortredings is gepleeg in verhouding met die ander gelowiges, en dus 'n oortreding teen die Liggaam van gelowiges.

Barclay (1973a:116-117) se betoog is dat die eet op *"onwaardige wyse"* gegrond is op die skeuringe en partyskappe (verse 18-19) waaroor die Apostel die gemeente van Korinte aangespreek het. Daarom mag op *"onwaardige wyse"* eet, soos volg verklaar word:

> **…this may mean that the man eats and drinks unworthily who has never realized that the whole Church is the body of Christ and who is at variance with his brother, who looks on his brother with contempt or who, for any reason, is not one with his brethren.**

Barclay (1973a:117) meen ook dat wanneer enige gelowige haat, bitterheid of enige gevoel van weersin in sy hart koester teenoor sy broeder, die tafel van die Here op

onwaardige wyse sal gebruik indien hy homself nie eers met sy broer versoen nie. Met verdeeldheid in die hart mag hy nie deel hê aan die tafel van die Here nie. Elkeen móét die Liggaam van die Here (die Liggaam van gelowiges) *"onderskei"* (διακρίνω).

Vanweë die wye gebruik van bg. begrip, is dit moeilik om 'n spesifieke betekenis vas te stel. Barrett (1968:274) se mening is:

> **It is impossible to find a consistent rendering of the word *distinguish (διακρίνειν)* because Paul does not use it consistently.**

Wanneer die begrip egter binne die bepaalde verband in oënskou geneem word, kan die betekenis m.b.t. die Nagmaal nader bepaal word.

Vine (1997) verduidelik soos volg:

> **…in 1 Cor. 11:29, with reference to partaking of the bread and the cup of the Lord's Supper unworthily, by not "discerning" or discriminating what they represent…**

Els (2001), noem in Die Grieks-Afrikaanse Woordeboek met Strong se Nommers, die verskillende vertalingsmoontlikhede in die Ou Vertaling (1933):

> **1252 Twyfel, beoordeel (1 Korintiërs 11:31, 14:29), onderskei (Matteus 16:3 1 Korintiërs 11:29), onderskeid (Handelinge 15:9 Jakobus 2:4), getwis, getwyfel, trek, uitspraak, woordestryd.**

Ek volstaan dan met die weergawe *"onderskei"*.

Die eet *op "onwaardige wyse"* hou ook nie die betekenis in dat die persoon wat aan die Nagmaal deelneem, weggewys kan word of dat hy homself daarvan weerhou, omdat hy in sigself *"onwaardig"* mag wees nie. In hierdie geval sou niemand ooit waardig kan wees om deel te hê aan die tafel van die Here nie.
Robertson (1931:165) skryf soos volg hieroor:

> **Paul defines his meaning in 1Co 11:29. He does not say or imply that we ourselves must be "worthy"(*axioi*) to partake of the Lord's Supper. No one would ever partake on those terms. Many pious souls have abstained from observing the ordinance through false exegesis here.**

Barclay (1973b:117), Hodge (1959:231) en Jamieson e.a. (1997) is dieselfde mening toegedaan.

Die primêre sowel as die sekondêre betekenis sou dus geredelik aanvaar kan word, want die eet op *"onwaardige wyse"* lê nie opgesluit in die persoon wat onwaardig geag word (hetsy deur homself of ander) nie, maar in die feit dat die Liggaam van die Here nie *"onderskei"* word nie. Daar word dus teen die Liggaam gesondig.

Jamieson e.a. (1997) vertaal vs. 29 soos volg: "He that eateth and drinketh, eateth and drinketh judgment to himself, IF he discern not the body", wat hulle grond op Heb 10:29 - *"hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?"* Hy vervolg dan verder:

> **The Church is "the body of *Christ*" (1Co 12:27). The Lord's body is *His literal body* appreciated and discerned by the soul in the faithful receiving, and not present in the elements themselves.**

Met hierdie uitspraak maak bg. skrywers dan ook ruimte vir beide die primêre en die sekondêre verklarings van die onderhawige teks. Hayford *et al* (1997) sluit hierby aan:

> **The Lord's body refers either to the physical body of Jesus (see v. 27) or to the corporate body of Christ, the church.**

In 1 Kor 1:10 en verder spreek Paulus alreeds die gemeente van Korinte aan oor verdeeldheid a.g.v. sonde. Wanneer die faktor van sonde uit die weg geruim is, dan is daar eenheid in die gemeente. Met sonde moet weggedoen word alvorens die gemeente saamkom om die Nagmaal te vier. Met betrekking tot sonde en diens aan God, het Jesus reeds in Mt 5:23-24 gesê: *"As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe."*

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** In hierdie breër konteks van die primêre sowel as die sekondêre betekenis, bring die feit *dat "die liggaam van die Here nie onderskei (word) nie"*, omdat sommige op *"onwaardige wyse eet en drink"*, verdeeldheid en verdeeldheid is sonde. Wanneer die gelowiges met die sonde wegdoen deur dit met berou te bely en te laat staan vóór hulle deel het aan die tafel van die Here, word die Nagmaal 'n onmiskenbare samebinde faktor vir eenheid. En in hierdie proses of aanloop tot eenheid, het die Heilige Gees die allerbelangrikste rol omdat Hy meewerk om die gelowiges te oortuig van sonde in hulle lewens. Hy word dus ook in die gebruik van die Nagmaal 'n Bewerker van eenheid.

**5. 1 Kor 12-14**

Wat die gawes en bedieninge aanbetref (1 Kor 12-14; Rm 12:1-7; Ef 4: 1-16), is dit nie nodig om elke gawe en bediening in detail te ontleed nie, aangesien daar reeds baie hieroor geskryf is en daar goeie materiaal in die Kerk bestaan met temas soos bv. "Ontdek jou gawe." Die doel hier is slegs om elemente wat eenheid in die Liggaam van Christus raak en bevorder te belig, en nie om 'n lesing of 'n kursus oor die verskillende gawes en bedieninge te gee nie.

1 Kor 12:3 verklaar: "Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." Die Amplified Bible stel dit so: "Therefore I want you to understand that no one speaking under the power and influence of the [Holy] Spirit of God can [ever] say, Jesus be cursed! And no one can [really] say, Jesus is [my] Lord, except by and under the power and influence of the Holy Spirit." Hierdie vers herinner sterk aan die woorde van Jesus toe Petrus Hom positief bely het met die woorde: "U is die Christus, die Seun van die lewende God", en Jesus se antwoord dáárop: "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is" (Mt 16:16-17). Sonder die openbaring van die Vader kon Petrus nie so 'n belydenis maak nie, en sonder die Heilige Gees is so 'n ware hartsbelydenis ook nie moontlik nie. (Vgl. ook 1 Jh 4:1-3). Wanneer iemand sê: 'Jesus is die Here' (Κύριος), is dit 'n geloofsbelydenis, soos Barclay (1973a:119) dit stel:

> **In so far as the early Church had a creed at all, the simple phrase was its creed (cp. Philippians 2:11).**

Dan verduidelik Barclay (p.119) verder dat Κύριος die amptelike titel van die Romeinse keiser was. Die oproep het gedurig tot die Christene gekom om te sê: “Die keiser is Here” (Κύριος). Om nie aan hierdie oproep gehoor te gee nie, kon wrede vervolging tot gevolg hê. Hierdie benaming “Here” (Κύριος) was ook die woorde waarmee die Naam van God (***JHWH***) vertaal is in die Griekse Ou Testament. Hierop sê Barclay (p. 119):

> **When a man could say “Jesus is Lord,” it meant that he gave to Jesus the supreme loyalty of his life and the supreme worship of his heart. It is to be noted that Paul believed that a man could only say “Jesus is Lord,” when the Spirit enabled him to say it. The Lordship of Jesus was not so much something which a man discovered for himself as something which God, in His grace, revealed to him.**

Die verband waarbinne die teks onder bespreking staan, mag egter ook nie oor die hoof gesien word nie, en dit is ‘n bespreking van die gawes van die Heilige Gees. Of soos Grosheide (1957:320) daarna verwys: πνεύματικά, n.a.v. vers 1. Dan vervolg Grosheide (1957:320):

> **In aansluiting aan de betekenis van** πνεύματικα **in vs 1 moeten we** ἐν πνεύματί λαλεῖν **verstaan van het spreken op bijzondere aandrift, onder bijzondere leiding des Geestes, wil men: op ingeving.**

Grosheide (p. 320) bespreek hierdie saak as een van die probleemvrae wat die gemeente te Korinte gehad het en waarvoor hulle antwoorde van Paulus wou verkry: Is alles wat ἐν πνεύματί gespreek word goed en wél tot eer van God? Grosheide sê daar was rede vir so ‘n vraag omdat die Griekse wêreld van die eerste eeue n.C. nie onbekend was met verkeerde of valse manifestasies nie. (Vgl. 2 Ts 2:2; 1Jh 4:1). Hy noem dit (p. 320):

> **…optreden van verkeerde** πνεύματα **in den kring der gemeente.**

Dan vervolg hy op dieselfde bladsy:

> **Zo begrijpen we ten volle een vraag: is alles goed, wat in geestesvoering gesproken wordt, komt het waarlijk van den Geest Gods?**

Hierop kom Paulus se antwoord, sê hy, met 'n besliste 'nee'. Dit is onmoontlik dat iemand ἐν Πνεύματι Θεοῦ sou kon sê: ανάθεμα Ἰησοῦν. Deur die Gees van God kán niemand Jesus 'n vervloeking noem nie, anders is dit 'n verkeerde gees wat hierdie uitsprake maak.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Dit is duidelik dat die Heilige Gees 'n prominente faktor is in die belewenis en belydenis van Christenskap. Met 'n gemeenskaplike belydenis van alle gelowiges m.b.t. Jesus deur die Heilige Gees of onder die krag of invloed van die Heilige Gees, word die rol van die Heilige Gees m.b.t. eenheid ook duidelik beklemtoon, want in hierdie één belydenis word die grondslag gelê vir ware eenheid.
1 Kor 12:4-6: "Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk." Hier lê Paulus klem op die verskeidenheid, maar tog één Gees/Here/God "wat alles in almal werk." N.a.v. Paulus se bespreking oor die verskeidenheid, skryf Horsley (1998:169):

> **His driving concern throughout chapter 12 is not unity but diversity, or perhaps diversity in unity.**

Vers 4 - *"Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees"* (Διαιρέσεις δὲ χαρισμάτων εἰσί, τὸ δὲ αὐτὸ Πνεῦμα). Verskeidenheid (διαιρέσεις) word slegs híér in die Nuwe Testament gevind. Vergelyk in dié verband Robertson (1931:168); Lenski, (1963:495). Lenski verkies die vertaling "distributions" bo "diversities" van die gawes van die Heilige Gees:

> **Yet these "distributions" are not so much the acts of parceling out as the result of such acts so that each one of us now has his own particular gift or gifts.**

Hier behoort bygevoeg te word dat al die gawes/bedieninge/kragte uit die Heilige Gees voortvloei, en nooit die ontvanger se persoonlike besitting word om te gebruik of aan te wend soos hy wil nie. Anders sou dit verdeeldheid in die hand werk.

Louw & Nida, Vol. 1 (1989:568, 590) verklaar dat albei vertalingsmoontlikhede aanvaarbaar is vir die woord διαιρέσεις in 1 Kor 12:4.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** In konteks beskou, sou my keuse op "verskeidenheid" val vir 'n beter vertaling omdat ons hier met verskillende gawes of bedieninge te make het wat deur één Heilige Gees in elkeen gewerk word. Dus, 'n verskeidenheid met 'n grondliggende eenheid in die Heilige Gees wat alles inisieer, bekragtig, en voortbring soos Hy wil. Omdat alles uit Hom voortvloei, is Hy in beheer soos Hý in beheer wíl wees, en daarom is Hy ook hiérin die Bewerker van eenheid.

Hierop vervolg vers 7 - *"Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is."* Dit is 'n bevestiging en 'n voortsetting van die werk van die Heilige Gees in die gemeente, soos reeds bespreek.

In verse 8-10 bespreek Paulus die verskillende gawes van die Heilige Gees, met weer eens 'n bevestiging van sy werk in die gemeente in vs. 11 - *"Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil."* Hierin lê nog eens 'n beklemtoning van die één Heilige Gees *("…een en dieselfde Gees…"*) se werk in 'n verskeidenheid van gawes, wat weer soos hierbo vermeld, eenheid bevestig.

1 Kor 12:12-31 vervolg nou met 'n bespreking van die Liggaam van Christus en sy samestelling. Weer eens 'n verskeidenheid van lede wat verskillend funksioneer, maar in één Liggaam, saamgevoeg deur één Heilige Gees, lewe.

Vers 13 verklaar onomwonde: “Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.”

- **Is dit die waterdoop?**

Groenewald (1998a) se mening is:

> **Hoedat die eenheid van die liggaam tot stand kom, word nou nader verklaar. Dit gebeur by die doop. Almal wat tot die gemeente behoort, is deur die doop ingelyf in die gemeente. Dit is ’n historiese gebeurtenis in die lewe van elkeen en kan met dag en datum aangegee word. (Let op die werkw. in die *aoristus.)* Letterlik staan daar dat ons almal “in een Gees gedoop is tot een liggaam”. By die doop is die Heilige Gees werksaam. Die doop is wel die verseëling van wat die Gees reeds in ons bewerkstellig het, maar dit is ook by wyse van spreke ’n onderdompeling in die Gees tot een liggaam.**

Vosloo (2000) stel dit onomwonde:

> **In 12:13 herinner Paulus hulle daaraan dat hulle, toe hulle gedoop is, *een liggaam* geword het.**

Verskeie ander huldig hierdie standpunt. Vergelyk o.a. Hoek, J, en Holmes, N.J. (s.j.:49); Barrett (1968:288); Horsley (1998:171); Pop (1978:282-3); Lenski (1963:514); Robertson (1932:171); Fisher (1975:200); Guthrie e.a. (1975:1067); König (1986:32); Ridderbos (1975:207,372,448,484.)

Tereg betoog Van Stempvoort (1950:157-8) dat dit nie kán dui op die doop nie. Hy verklaar soos volg (p.157):

> **Wij staan met 1 K. $12^{13}$ voor de vraag: is het begrip *soma* in deze pericoop sacramenteel van aard? De memorering van het doopssacrament zou voorshands een bevestigend antwoord op deze vraag doen overwegen; temeer, omdat sommige exegeten vanouds in het laaste deel van vs 13, het gedrenkt zijn met één Geest, een toespeling op het avondmaal hebben gezien.**

Hierop betoog Van Stempvoort dat die begrip ἐποτίσθημεν *("ons is almal van een Gees deurdronge")* nie in die rigting van die avondmaal wys nie, maar eerder in die rigting van onderrig en prediking (vgl. 1 Kor 3:5.) Dan gaan hy voort (157-8):

> **Wat de doop betreft: deze is ongetwijfeld constitutief voor de ekklesia. Maar in dit vers is het duidelijk, dat de volstrekte nadruk ligt op de ene Geest, als het element, waarin het *soma* leeft en de drank, waarmee het *soma* door prediking en onderricht gelaafd wordt. Dit is, gezien het verband, waarin de pericoop staat, niet meer dan natuurlijk (zie vs 1).**

Hodge (1959:253-4) betoog óók teen die opvatting dat dit dui op die waterdoop, maar gaan dan voort met sy verklaring om dié doop te koppel aan die doop in die Heilige Gees. (Vgl. p. 154).

Verskeie van bogenoemde Skrifverklaarders, wat voorstanders is van die opvatting dat vers 13 op die waterdoop dui, koppel Rm 6:3-4 aan hierdie vers. Tog gaan dit in Romeine 6 spesifiek oor die waterdoop, maar dieselfde kan nie van die vers onder bespreking gesê word nie. Om genoemde twee verse te koppel, is dus nie korrekte eksegese nie. Dit sou meer korrek wees om te sê dat hierdie doop van vers 13 niks met die waterdoop te make het nie, want dit is nie die doop in water wat ter sprake is nie, maar die doop in die Liggaam van Christus. Verder word die doop in water deur ‘n mens uitgevoer, maar die doop in die Liggaam van Christus word deur die Heilige Gees uitgevoer.

Die konteks waarbinne vers 13 staan, is belangrik vir korrekte eksegese. In vers 13 staan daar: *"Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam"* (καὶ γὰρ ἐν ἑνὶ Πνεύματι ἡμεῖς πάντες εἰς ἓν σῶμα ἐβαπτίσθημεν). Die woordjie *"want"* (γὰρ) koppel die vers onder bespreking aan die vorige verse oor die Liggaam van Christus met sy verskillende lede. Die konteks bepaal dus dat dit hier gaan oor die verskeidenheid lede wat in één Liggaam saamgevoeg is deur die één Heilige Gees. Die doop in water kan dus nie hier ingelees word nie. Die grondliggende gedagte is die eenheid van die Liggaam van Christus. Blomberg (1994:252) onderskryf hierdie gedagte:

> **Verse 13, like Galatians 3:28, also reminds us of the crucial need in every age for the church to model heterogeneous groupings that cause the world to marvel at our unity within diversity (cf. Eph. 4:4-11). Church should be a place where people gather and get along with each other who have no merely human reason for doing so.**

Hierby sluit Radmacher (1997) aan:

> **All believers are *baptized into* the *body* of Christ (see Rom. 6:3), whether they are *Jews or Greeks ... slaves or free.* This expression echoes Paul's teaching in the Book of Galatians concerning equal access by faith into the promise of Abraham (see Gal. 3:26–29). *have all been made to drink into one Spirit:* The Spirit not only surrounds us, He also dwells within us.**

Die begrip *"deur een Gees"* (ἐν ἑνὶ Πνεύματι) dui daarop dat dit die één Gees is wat hierdie doophandeling uitvoer. En verder, *"ons is almal"* (ἡμεῖς πάντες), d.i. *elke* gelowige, in hierdie handeling ingesluit. In vs. 1 skryf Paulus aan die gelowiges (gemeente) en noem hulle *"broeders",* en hier vervolg hy met *"ons".* Dus gelowiges. Enige iemand wat nog nie tot geloof in Jesus Christus gekom het nie (deur wedergeboorte), kon nie hierdie handeling deelagtig word nie. Hierdie gelowiges is deur die Gees *"gedoop tot een liggaam"* (εἰς ἓν σῶμα ἐβαπτίσθημεν). In hierdie konteks sou die voorsetsel εἰς eerder vertaal kon word met "in" (Eng. *"into"*), omdat dit die element aandui waarin gedoop word: Dít waarin die gelowige deur die Gees gedoop word, is die Liggaam van Christus. Daarom lui die groter verskeidenheid Engelse vertalings dan ook: *"baptized into one body."* Die *Hebrew Names Version*[50] se vertaling lui só: *"For in one Spirit we were all immersed into one body."* Die gelowiges word gedoop *"tot* (εἰς = *"into"*) *een liggaam",* wat ook 'n aanduiding vir eenheid is. Die begrip *"en ons is almal van een Gees deurdronge"* (καὶ πάντες εἰς ἓν Πνεῦμα ἐποτίσθημεν) se King James Version vertaling lui só: *"and have been all made to drink into one Spirit."* Die woord ἐποτίσθημεν (1ste persoon meervoud,

[50] Dit word soos volg omskryf: "The Hebrew Names Version (HNV) of the World English Bible (WEB) uses more traditional Hebrew names and terminology instead of the Greek or English terminology. Like the WEB, the HNV is in the Public Domain."

Aoristus 1, passief van die werkwoord **ποτίζω** / "drink") sou letterlik vertaal kon word: *"en ons is almal laat drink"* of *"ons almal is gegee om te drink"* (van dieselfde Gees). Omdat hierdie werkwoord in die passiewe vorm staan, dui dit daarop dat die gelowiges nie self van die een Gees kon drink uit eie vermoëns nie. Dit is vir hulle "*gegee om te drink*,*"* of hulle is *"laat drink"* deur Jesus Christus. (Vgl. Jh 7:37-39).

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die doop in water kan op sigself nie eenheid bewerkstellig nie, want wat van mense wat hulle laat doop het of gedoop is sonder dat hulle die werklike betekenis van die doop verstaan of deelagtig geword het? Mense wat nie 'n persoonlike verhouding met Christus het nie? Die kerngedagte van Paulus se betoog t.o.v eenheid, is dat *"almal ook deur een Gees gedoop (is) tot een liggaam."* Hierdie doop is die inisiasie van elke gelowige in die Liggaam van Christus. Hierdie inisiasie vind nie plaas by die doop nie, maar eerder by wedergeboorte. Indien dit wél by die waterdoop sou plaasvind, sou dit beteken dat iemand deel van die Liggaam van Christus kon word sonder wedergeboorte, en dan ook sommer die ewige saligheid kan beërwe sonder wedergeboorte en slegs maar op grond van die waterdoop. In hierdie geval sou dit dalk meer geregverdig wees om die doopswedergeboorte[51] te propageer. (Later meer oor inisiasie deur die Heilige Gees).

'n Verdere rede vir die betoog teen die waterdoop as inisiasie kan gevind word in die doop self (Watter vorm van doop ook al aanvaar word - hetsy of dit die besprinkelingsdoop of die doop van onderdompeling is). Indien dit die kinderdoop sou wees, sou dit beteken dat elkeen wat gedoop is as kind, reeds tóé al deel geword het van die Liggaam van Christus. Wat is dan die rol van die wedergeboorte in so 'n persoon se lewe? Indien dit die volwasse doop (onderdompelingsdoop) of doop van die gelowige ná wedergeboorte is, word so 'n gelowige dán eers deel van die Liggaam van Christus? Dit moet in gedagte gehou word dat daar 'n tydsverloop kan plaasvind vandat iemand as kind reeds wedergeboorte ervaar het tot hy gedoop (met onderdompeling) word. Om verskeie redes kon die doop eers later in 'n

---

[51] Die leer waarvolgens geglo word dat wedergeboorte deur middel van die doop plaasvind. Skrifverse ter stawing is die volgende: Jh 3:5; Tt 3:5; Hd 2:38.

gelowige se lewe plaasgevind het. Hoe sou regverdiging gevind kon word vir die doop as inisiasie in die Liggaam van Christus?

Grosheide (1957:330) se siening is ‘n poging om weg te beweeg van die gedagte dat dit slegs die waterdoop is wat die gelowige deel van die Liggaam van Christus maak. Daar vind ook ‘n werking van die Gees plaas ten tye van die doop. Hierdie werk van die Heilige Gees is om die wye verskeidenheid gelowiges tot een Liggaam saam te bind. Die waterdoop as sodaning, sê Grosheide, word nie deur die Gees voltrek nie. En tog kry die doop eers betekenis wanneer daar ‘n werking van die Gees is. Om hierdie rede, sê hy, plaas Paulus **ἐν ἑνὶ Πνεύματι** hierby. Dan vervolg Grosheide (1957:330):

> **Hier mag geen slotsom getrokken worden, dat de doop inlijft in het lichaam van Christus. Want dat zegt de apostel niet. Hij zegt, dat allen door één Geest, vgl. Matth. 3:11, tot één lichaam gedoopt zijn, m.a.w. die inlijving hangt niet aan de uiterlijke bediening van den doop, maar aan het werk des Geestes.**

Een rede tot kommer oor hierdie opvatting van Grosheide, is dat die werking van die Heilige Gees móét saamval met die doop, anders is die doop van geen betekenis nie (p. 330):

> **Toch krijgt de doop eerst betekenis, als er een werking des Geestes is.**

Die vraag is: Hoe kan vasgestel word, en wie kan vasstel, dat daar wél ‘n werking van die Gees was toe die doop bedien is sodat die doop betekenis kan kry? Watter mense se doop het betekenis en watter nie? Dit skyn tog of Grosheide besef dat daar iets meer moet wees by die inisiasie in die Liggaam van Christus, en dit is ‘n werking van die Heilige Gees. Ander Skrifverklaarders sou dit dalk die doop in die Heilige Gees wou noem. Hierdie aandeel van die Heilige Gees kan eenheid teweegbring.

Ridderbos (1975:206) skryf ‘n afdeling in sy werk oor *“Death and Resurrection”*. Hierin bring hy die doop in 1 Kor 12:13 in verband met die waterdoop, met dié verskil dat hy dit koppel aan die eenwording van die gelowige met die dood en opstanding

van Jesus Christus. Hierna volg ‘n breedvoerige bespreking om dié gedagte nader te omskryf. Na my mening hou die gedagte van eenwording met Christus se dood en opstanding groot betekenis in, maar dit pas nie in by die teks onder bespreking nie. Ook hý koppel Rm 6:1-10 aan die teks onder bespreking, wat, soos reeds opgemerk, nie korrekte eksegese is nie. Later koppel hy wél óók hierdie teks in Korintiërs aan die doop in die Heilige Gees (p. 448). Dit is egter belangrik om kennis te neem daarvan dat ook Ridderbos besef daar is iets méér aan hierdie teks verbonde as net bloot waterdoop.

Die waterdoop sou óók ‘n samebindende faktor vir eenheid kon wees, maar op ‘n ander manier as die inisiasie deur die Gees, soos reeds hierbo bespreek.

- **<u>Is dit die doop in die Heilige Gees?</u>**

McGee (1997) se mening oor 1 Kor 12:13 is:

> **This is the baptism of the Holy Spirit. It is the Holy Spirit who puts us into the body of believers and who gives a gift to each particular member. We are to function in that body, and we are to use that gift.**

Nelson (1997) verklaar wát presies verstaan moet word met die term ‘die doop in die Heilige Gees’:

> **This is not the baptism of water but the baptism of the Spirit. This has the same force as the expression and have been all made to drink into one Spirit. This fulfills Matthew 3:11; John 1:33; and Acts 1:5. That this baptism is common to all believers at Corinth is implied by the fact that Paul does not further exhort them to be baptized by the Spirit. Rather he assumes that they have all been baptized. The believer does not tarry or pray for this baptism. It occurs at the moment of regeneration.**

Ander Skrifverklaarders huldig soortgelyke standpunte (vgl. MacDonald (1997); Hayford *et al* (1997); Criswell (1997); Elwell (1996); Nelson (1997); Wilson (1971:181); MacArthur Jr. (1997).

Híérdie doop (1 Kor 12:13) is ook nie die doop in die Heilige Gees nie, want die doop in die Heilige Gees word deur Jesus uitgevoer Mt 3:11 - *“Ek doop julle wel met water*

*tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur."* (vgl. ook Lk 24:49; Hd 1:8 e.v.; Hd 2; Jh 14-16). Die doop in die Liggaam word deur die Heilige Gees uitgevoer. Tereg stel Dake (1963)[52] dit so:

> ***[by one Spirit are we all baptized into one body]*** **This shows how the body of Christ is constituted. The Spirit is the agent that brings one into the body of Christ by the new birth. This is not a baptism into the Spirit, but into the body of Christ. The body here is the element one is baptized into. The Spirit is the agent that does the baptizing into the body. The believer is the candidate. If it were the Spirit baptism, Christ would be the agent and the Holy Spirit would be the element baptized into.**

Dake se mening is ook dat daar drie soorte doop vir die gelowige bestaan: Die doop in die Liggaam van Christus, die doop in water, en die doop in die Heilige Gees. Dan gaan hy voort om te verduidelik:

> **The Holy Spirit is the agent to baptize into Christ and into His body (1Cor. 12:13); Christ is the agent to baptize in the Holy Spirit (Mt. 3:11; Jn. 1:31-33); and the minister is the agent to baptize into water (Mt. 28:19).**

Dit lyk vir my na 'n goeie verduideliking.

Skematies sou dit soos volg voorgestel kan word:

| **DIE DOPER** | | **DIE DOPELING** | | **DIE ELEMENT** |
|---|---|---|---|---|
| **Die pastor/sendeling** | doop die | **gelowige** | in | **water** |
| **Jesus** | doop die | **gelowige** | in | **die Heilige Gees** |
| **Die Heilige Gees** | doop die | **gelowige** | in | **die Liggaam** |

Deur die waterdoop as *onderdompeling* te verstaan, word dit makliker om die drie vorme van doop vir die gelowige te begryp. In die "FORMULIER OM DIE HEILIGE DOOP AAN DIE VOLWASSENES TE BEDIEN",[53] word dit soos volg gestel:

---

[52] Dake's Annotated Reference Bible: The Holy Bible. (Sien ook 1 Kor 12:13). Vgl. ook Bibliografie.
[53] Uit: "Die Formuliere" soos algemeen deur die Gereformeerde Kerke gebruik.

> **Die leer van die heilige Doop is in hierdie drie hoofpunte saamgevat: Ten eerste dat ons met ons kinders in sonde ontvang en gebore word en daarom kinders van die toorn is, sodat ons in die ryk van God nie kan kom nie tensy ons weer gebore word. Dit word geleer deur die indompeling in en besprenkeling met water…**

Die res van die Formulier is nie van toepassing op hierdie studie nie; daarom word hiermee volstaan. Wat egter hier belangrik is, is die begrip "onderdompeling" of "indompeling", sodat die doop in die Liggaam van Christus duideliker verstaan kan word.

Fisher (1975:201) betoog dat die doopshandeling in die vroeë Kerk nooit gesien is as deel van redding nie. Dit was altyd beskou as die eerste Christelike handeling van 'n nuwe bekeerling. In die meeste gevalle het dit gevolg direk na bekering. Fisher (p. 201) aanvaar vs. 13 dan ook as duidend op die waterdoop (Reeds vroeër bespreek). Wat egter belangrik is vir die bespreking hier, is hóé die doop bedien is in die vroeë Kerk. Hierop vervolg hy:

> ***Were … baptized:* to be taken to mean the physical immersion of the new convert in water in the name of Christ. *Baptized* literally means "immersed." There is no evidence of any departure from this basic meaning of the word in the New Testament.**

Barrett (1968:289) beskryf die doop in die Liggaam só:

> **…we were baptized (that is, immersed) in the Spirit; the Spirit not only surrounds us, but is within us.**

Die doop in die Liggaam van Christus word natuurlik deur Barrett hier aanvaar as die doop in die Heilige Gees, wat ek nie kan onderskryf nie maar die gedagte van "indompeling" is vir hierdie diskoers belangrik.

Alhoewel Groenewald (1997)[54] ook 'n voorstander van die waterdoop as inisiasie by 1 Kor 12:13 is, sien hy die gedagte van eenheid, asook die "onderdompeling" so:

---

54 Elektroniese Bron. Geen bladsynommers beskikbaar. Vgl. Bibliografie.

> **Hoedat die eenheid van die liggaam tot stand kom, word nou nader verklaar. Dit gebeur by die doop. Almal wat tot die gemeente behoort, is deur die doop ingelyf in die gemeente… By die doop is die Heilige Gees werksaam. Die doop is wel die verseëling van wat die Gees reeds in ons bewerkstellig het, maar dit is ook by wyse van spreke 'n onderdompeling in die Gees tot een liggaam.**

Ridderbos (1975:480) skryf in 'n afdeling van sy werk oor *"Worship"*, waarin hy ook in die verbygaan iets oor die doop in 1 Kor 12:13 sê, soos hy dit sien. Hy gaan voort (p. 484):

> **Baptism in Paul symbolizes cleansing and washing (1 Cor. 6:11; Eph. 5:26). This does not alter the fact that the "water bath" thus intended can have taken place in the form of immersion, which "baptize" originally means. Baptism to Paul is baptism into Christ and thus the appropriation of the redemptive event realized in Christ…**

Dit is duidelik dat bogenoemde en aangehaalde Skrifverklaarders, wat die metode van doop beskryf as "indompeling" of "onderdompeling", hierdie metode aanhaal om die gedagte van doop in die Liggaam duideliker te omskryf. Dit kan gesien word as 'n "indompeling" in die Liggaam van Christus: eenwording met Christus en met mekaar. Daarom kom die saak van inwoning van die Gees ook hier ter sprake. Die één Heilige Gees het kom woning maak in elke gelowige. (Vgl. bespreking oor Jh 14:16,17 onder Afd. III.B1.3.2.b). Alle gelowiges word individueel "ingedompel" in die Liggaam en sodoende word almal saamgebind tot eenheid in één Liggaam. Selfs in hierdie handeling (indompeling) is eenheid opgesluit, soos afgelei kan word van bg. bespreking van die teks.

Pearlman (1937:306) gee 'n beskrywing van hoe die sondaarmens, gevalle in Adam, die dood gesmaak het deurdat hy a.g.v. sy sonde van God afgesny is en dat hy slegs in Jesus Christus weer in 'n lewende verhouding met God herstel kan word. Dan vervolg hy (in hierdie effens lang maar duidelike aanhaling):

> **By faith and repentance man turns to God, and becomes regenerated. Regeneration by the Spirit involves a union with God and Christ (1 Cor. 6:17) which is known as indwelling. 1 Cor. 6:19. This indweling of the Spirit or man's possession of the Spirit is the mark of a New Testament Christian. "But ye are not in the flesh, but in the Spirit, if so be that the Spirit of God dwell in you. Now if any man have not the Spirit of Christ, he is none of his." Rom. 8:9; compare Jude 19.**

Ridderbos (1975:430) bespreek die Kerk as “gebou” en as tempel van God, met die agtergrond van die tempel vanuit die Ou Testament, waar die tempel ‘n plek van aanbidding was. Hierdie beeld, sê hy, word oorgedra in 1 Pt 2:5 waar die Kerk die “geestelike huis” genoem word, wat opgebou word deur lewende stene. God woon in hierdie tempel.

Daar is dan ‘n korporatiewe gedagte by betrokke, waar God in sy tempel (die gelowiges) woon, maar daar is ook ‘n individuele gedagte by betrokke, waar Hy in die hart van *elke* gelowige woon. Ridderbos (1975:430) beskryf dit so:

> **The order of ideas is again that by belonging to Christ the church is the temple of God in which the Spirit of Christ dwells, which can also be described therefore as the dwelling of Christ in their hearts (Eph. 3:17; cf. Rom. 8:10).**

Die inwoning van die Heilige Gees in die gelowige word duidelik gesien in die volgende Skrifgedeeltes:

Rm 8:9-11 verklaar: “…julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.”
1 Kor 3:16 - “Weet julle nie dat julle ‘n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?”

2 Tm 1:14 - “Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon.”

Met inisiasie (met wedergeboorte), nl. die indompeling deur die Gees in één Liggaam en die daarmee gepaardgaande inwoning deur die Heilige Gees, is dit duidelik dat die Gees die bepalende faktor vir eenheid is in die Liggaam van Christus.

My doel was nie om die vorm van waterdoop hier te bespreek nie, omdat hierdie onderwerp buite die studieveld van hierdie ondersoek val. Tog is dit duidelikheidshalwe belangrik om die onderdompelingsgedagte of “indompeling” te verstaan, soos beoefen in die vroeë Kerk, en dus ten tye van die skrywe van die Sendbrief aan die Korintiërs. Op grond hiervan word ‘n duideliker begrip verkry van die teks onder bespreking. ‘n Eerlike ondersoek na die ware betekenis van die teks word voorop gestel. Om dieselfde rede sal ook nie intensiewe aandag gegee word aan ‘n bespreking oor die doop in die Heilige Gees nie. Dit is ook nie ‘n onderwerp vir bespreking in hierdie ondersoek nie.

Met wedergeboorte word die gelowige as’ t ware in die Liggaam van Christus ingedompel, algeheel deel gemaak van die Liggaam van gelowiges. Omdat die Heilige Gees hier aan die werk is, is dit iets blywends wat geld tot in alle ewigheid. Al verskil ons almal van mekaar, is dit weer eens die Gees wat die eenheid bou soos Van Rensburg (1993) dit stel:

> **Wanneer ’n mens ’n Christen word, neem die Heilige Gees jou lewe oor en word jy deel van God se familie. Ons behou egter steeds ons unieke en uiteenlopende belange en gawes, maar ons het almal een gemeenskaplike doel voor oë, naamlik om wat ons ook al is of het, aan te wend tot eer van God en die opbou van sy gemeente.**

Dit wil vir my voorkom asof daar ‘n meewerking van die totale heilsgebeure is in die lewe van die individu wat tot geloof in Jesus Christus gekom het - tot eenheid met ander gelowiges in die Liggaam van Christus. Hierdie heilsgebeure staan onder die jurisdiksie van die Heilige Gees. Die gevolglike eenheid is dus as logiese uitvloeisel ook die werk van die Heilige Gees.

Hoekema (1989:28) doen ‘n volledige studie oor *“Saved by Grace”*, en staan ‘n hoofstuk af aan die Heilige Gees se rol daarin. In ‘n sub-hoof, *“The Spirit’s Role in the Process of our Salvation”*, maak hy die volgende opmerking:

> **The chief role of the Holy Spirit in the process of our salvation is to make us one with Christ. Paul expresses this thought most vividly in 1 Corinthians 12:13, “For we were all baptized by [or with, or in] one Spirit into one body”- it is obvious from the proceding context that this one body is the body of Christ. Paul, in other words, “ascribes the whole of**

> **the new life, in its origin as well as in its realization and communication, to the Spirit, to his operations, powers, and gifts"**[55]

Alhoewel Hoekema verder in sy werk die doop in die Liggaam verklaar as die doop in die Heilige Gees (p. 49), is dit belangrik om daarop te let dat hy tóg ruimte maak vir 'n meer omvattende werk van die Heilige Gees in hierdie teks.

Smail (1975:141) praat van die doop in die Heilige Gees as *"Christian initiation"*, en vervolg dan verder:

> **Baptism in the Spirit has its place in the complex event of our initiation into Christ, which has as its presupposition the event of new birth and regeneration, which expresses itself in confession of faith and repentance, and receives the justification secured at the Cross, the status of sonship that joins a man to God's family, the Church, and whose sacramental enactment is baptism in water.**

Hierdie *"Christian initiation"* omsluit veel meer as wat op die oog af voorkom. Die totale gebeure is 'n aktiewe werk van die Heilige Gees, soos Smail (p. 141) dit verder verduidelik:

> **In the whole of this complex event, as we have seen, the Holy Spirit is active. It is he who regenerates, who opens to faith and repentance, who witnesses that we are sons, who makes real to us our justification and joins us in *koinonia,* fellowship of the Church. Thus no man can be initiated into the realm of Christ without at the same time 'having' the Holy Spirit (Rom. 8:9) - i.e. being in the realm where the Spirit is active in him.**

Prior (1995:211) beweeg ook weg van die gedagte van die doop in water, maar sluit nie werklik aan by die opvatting van die doop in die Heilige Gees nie. Hy propageer eerder 'n voortdurende belewenis van die Heilige Gees vir elke gelowige:

> **In verse 13 Paul can appeal, not just to an event, but to an experience in the life of every Corinthian believer. This event, this experience, transformed them from pagans to Christians, introduced them into the community of Christian believers, and began 'an experiential participation in the Spirit's presence and power'.**

---

[55] Hierdie aanhaling maak hy uit Ridderbos, H. (1975:223). Vgl. Bibliografie.

Vir Prior (1985:212) word die ondervinding, die belewenis van die Heilige Gees, vir elke gelowige ‘n daaglikse werklikheid. En hierdie belewenis bring eenheid vir die gelowiges:

> **This expectant openness to experience the Spirit more and more on the part of every Christian will unite the body in eager dependance upon Jesus. We must not allow fear of wrong or superficial experiences to keep us from the birthright of the church from Pentecost onwards: ‘they were all filled with the Holy Spirit.’**

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die ‘doop tot een liggaam’ is die inisiasie van elke gelowige in die Liggaam van Christus, wat ‘n veelomvattende werk van die Heilge Gees is. In hierdie totale werk van die Heilige Gees in elke individuele gelowige, lê ook opgesluit die eenheid van die gelowiges.

Om bespreking oor hierdie gedeelte (1 Kor 12-14) te voltooi, word verdere aandag aan Paulus se gedagtegang in hoofstuk 12 m.b.t. die Liggaam van Christus en sy funksionering gewy. Die kerngedagte bly eenheid. Soos reeds opgemerk - *al is daar verskeidenheid* - moet daar tog *eenheid* wees. Verskeie mense van alle rasse en kulture, asook mense met ‘n wye verskeidenheid bedieningsgawes, kom byeen in één Liggaam, saamgebind deur één Heilige Gees. Hierdie eenheidsgedagte van my, kan ek in my eie woorde, duideliker in Engels formuleer:

> **We need to acknowledge and respect diversity in order to obtain and maintain unity.**

Verse 14-27: Een liggaam word hier bespreek met sy verskillende lede (vgl. ook Rm 12:3-8; Gl 3:28; Ef 1:22-23; Ef 2:19-22; Ef 3:1-6; Ef 4:1-13; Kol 1:18, 24), soos reeds vermeld aan die begin van die diskussie oor die gawes en bedieninge. Verder is die doel van navorsing hier om slegs dít wat eenheid raak, na te speur. Dit is ook voldoende om te aanvaar dat al die gelowiges deel van die één Liggaam is, soos reeds kennis geneem: *“Maar julle is die Liggaam van Christus en lede afsonderlik”* (1 Kor 12:27). Die eenheid moet behou of nagestreef word in die één Liggaam: *“Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam”* (1 Kor 12:20).

Met betrekking tot die gedagte van die verskeidenheid in die Liggaam van Christus, sal hiermee volstaan word.

1 Kor 12:31 - *"Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg."* Die *"uitnemender weg"* is natuurlik ook die grondslag van eenheid in die Gees, want sonder liefde onder gelowiges kan daar beswaarlik eenheid wees. In hoofstuk 13 gee Paulus breedvoerig aandag aan die liefde onder gelowiges.

1 Kor 13:1 - "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde (ἀγάπη) nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword."

Die *Amplified Bible* lees so: "IF I [can] speak in the tongues of men and [even] of angels, but have not love (that reasoning, intentional, spiritual devotion such as is inspired by God's love for and in us), I am only a noisy gong or a clanging cymbal."

Dit sal goed wees om kennis te neem van die begrip "liefde" soos wat dit voorkom in die teks. Die res van die hoofstuk bou voort op die uitvloeisel van die liefde (ἀγάπη).

Tereg verklaar Robertson (1931:176):

> **This is the*crux* of the chapter. Love is the way *par excellence* of 12:31.**

Louw & Nida, Vol. 1 (1989:294) se mening is dat alhoewel daar 'n bepaalde oorvleueling in betekenis is van die verskillende Griekse woorde vir "liefde" in baie kontekste, dit tog nie deurgaans die geval is nie. So sal bv. φιλέω of φιλία waarskynlik meer fokus op liefde of affeksie wat gebaseer is op interpersoonlike assosiasie, terwyl ἀγαπάω en ἀγάπη fokus op liefde wat gebaseer is op 'n diepe waardering. Hierna vervolg Louw & Nida. Vol. 1 (1989:294):

> **On the basis of this type of distinction, one can understand some of the reasons for use of ἀγαπάω and ἀγάπη in commands to Christians to love one another.**

Louw & Nida, Vol. 1 (p. 294) is egter nie bereid om te verklaar dat die verskillende begrippe so skerp afgebaken kan word dat elkeen 'n bepaalde betekenis het nie. Tog kan dit nie uitgesluit word dat 'n begrip wél soms vir een bepaalde betekenis gebruik word nie. So verklaar Louw & Nida, Vol. 1 (p. 294):

> **There is, however, one significant clue to possible meaningful differences in at least some contexts, namely, the fact that people are never commanded to love one another with φιλέω or φιλία, but only with ἀγαπάω and ἀγάπη.**

Oor die etimologie van die woord sê Douglas e.a. (1975:752):

> **This is one of the least common words in classical Greek, where it expresses, on the few occasions it occurs, that highest and noblest form of love which sees something infinitely precious in its object. Its use in the New Testament derives not directly from classical Greek so much as from the LXX, where it occurs in 95% of all cases where EVV[56] translate the Hebrew by 'love', and in every case of love from God to man, man to God, and man to his neighbour.**

Hieruit kan afgelei word dat die Hebreeuse woord **hb;h}a'** (liefde) in die LXX vertaal word met **ἀγάπη**, en dáárvandaan in Engels vertaal word (in verskillende Engelse vertalings van die LXX) met "love". Die LXX gebruik dus deurgaans die begrip **ἀγάπη** vir die meer innige verhouding tussen God en die mens en tussen mens en mens, soos dit ook in die klassieke Grieks voorkom. (Vgl. hierbo).

In die Nuwe Testament word **ἀγάπη** gebruik vir iets wat na hoë waarde geag word (Wuest 1974:60). God se liefde vir sondaars, sê hy (p. 61), is gegrond op die hoë waarde wat Hy aan elke mens heg. Daarom sal die woord **φιλέω**, wat oorwegend gebruik word om 'n meer vriendskaplike liefde uit te druk en verder ook om 'n gevoel van plesier te beskryf wat in die menslike hart mag opkom, nie deug om sy liefde vir

[56] English Versions.

sondaars te beskryf nie. Die teendeel is waar: Daar is niks in die sondige menslike wese wat vir God plesier kan verskaf nie, omdat dit vir sy heiligheid verwerplik is. Die kosbaarheid van elke mens bring egter die liefde van God na vore, sodat Hy sy Seun gegee het om aan die kruis te sterf.

Dan verklaar Wuest Vol. 3 in die afd. *Golden Nuggets* (p. 61):

> **The degree of the preciousness is measured by the infinite sacrifice which God made. The love of John 3:16 therefore is a love whose essence is that of self-sacrifice for the benefit of the one loved, this love based upon an evaluation of the preciousness of the one loved.**

Uiteindelik kom hy (p. 61), tot ‘n konklusie oor 1 Kor 13:

> **The word is also used in 1 Corinthians 13, where its content is defined by Paul, the idea of self-sacrifice, of self-abnegation, being in all its constituent elements in some way.**

Dit kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat die begrip ἀγάπη oorwegend gebruik word om ‘n dieper, intenser liefde mee te beskryf. ‘n Liefde wat opofferend is, ‘n liefde wat so sterk is dat iemand selfs bereid sal wees om sy lewe vir iemand anders te gee (Jh 15:13). Dit is ‘n edele liefde. En dít is die begrip wat paslik is om God se liefde mee te beskryf, en dan ook die liefde van die mens teenoor God, die liefde wat Hy in ons harte uitgestort het (Rm 5:5). Dit is ook die liefde waarmee ons mekaar moet liefhê, soos Hy ons ook liefhet (Jh 13:34; 15:12).

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Met hierdie liefde wat van God kom as vrug van die Heilige Gees (Gl 5:22) en wat in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees (Rm 5:5), maak dit die rol van die Heilige Gees onmiskenbaar prominent waar Hy die liefde as basis gebruik om gelowiges in eenheid saam te bind.
In die Heidelbergse Kategismus word dit reeds geleer. Die vraag is: “Wat eis die Wet van God van ons?” Dan die antwoord: “Dit leer Christus ons in hoofsaak, Mt 22:37-40: *“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee*

*gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."*

Daarna volg die verdere vraag: "Kan jy dit alles ten volle onderhou?" Met die antwoord: "Nee, want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat."

Liefde vir God en liefde vir ons naaste word slegs moontlik wanneer die Heilige Gees die liefde van God met wedergeboorte in ons harte 'n werklikheid kom maak. En as alle gelowiges gehoor gee aan die roepstem van die liefde (soos verder beskryf in 1 Kor 13), dan het ons gevorder op die weg van eenheid.

1 Kor 14:1 sluit weer aan waar hoofstuk 12 opgehou het: *"Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer."* Hoofstuk 12 gaan van die gawes oor na die *"uitnemender weg"*, en hoofstuk 14 gaan weer oor van die liefde na die bedieningsgawes. 'n Skynbare terugkeer, maar tussen die twee hoofstukke oor die gawes lê die hoofstuk oor die liefde. Hoofstukke 12-14 behoort as 'n eenheid beskou te word. Die konteks is steeds die eenheid van gelowiges deur die Heilige Gees. Hoofstuk 13 word met só 'n beskouing 'n uiters noodsaaklike samebindende faktor waarsonder die dienswerk van gelowiges in die Liggaam van Christus van geen betekenis sou wees nie.

Dit beteken dat gelowiges hulle plek moet volstaan in die bedieningsgawes, maar nóóit die belangrikheid van die liefde as grondslag vir diens moet vergeet nie. Daarom kon Paulus dit so drasties stel*: "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword. En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie"* (1 Kor 13:1-3).
Liefde is 'n kenmerk van die Kerk: *"Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het"* (Jh 13:35). Om die liefde te beoefen, is om eenheid

na te strewe. Die Heilige Gees **is** die Gees van eenheid. Maar die Kerk word opgeroep om te strewe na eenheid. Hurd (1965:190) haal vir Moffat[57] aan:

> **Within the Church the Spirit is the uniting power, which overcomes all differences of temperament and education and endowment, not obliterating them, but combining them in a common, co-operative service of the fellowship.**

Hiermee sal volstaan word met hoofstuk 14, omdat dit buite die studieveld van hierdie navorsingsonderwerp val om ook die bedieningsgawes te ontleed. Die studie oor hierdie Skrifgedeelte wat 'n eenheid vorm, word hiermee voltooi.

### 6. Ef 1:22- 23

"En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."

Hoofskap impliseer eenheid. Christus wat die Hoof is, verenig alles onder Hom. 'n Nadere ontleding van die teks sal meer lig werp op sy Hoofskap. Die hoofskap word in die teks hoogstens veronderstel, maar nie duidelik gestel dat Hy die Hoof van die Kerk is nie. Tereg betoog Roberts (1990:54) dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) nie 'n korrekte weergawe is nie: "Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk." Die probleem word gevind in die sinsnede: "..en Hom aangestel as hoof van die kerk." In die Ou Vertaling staan duidelik: "…en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee" (**καὶ αὐτὸν ἔδωκε κεφαλὴν ὑπὲρ πάντα τт ἐκκλησία**). Hierop sê Roberts (1990:55):

> **Volgens die nuwe vertaling wil die teks drie dinge sê:**
>
> **1. God het alles aan Jesus onderwerp;**

[57] Kommentaar van Moffat nie vryelik beskikbaar. Moffatt, James. The First Epistle of Paul to the Corinthians. "The Moffatt New Testament Commentary." London: Hodder and Stoughton Limited, 1938.

2. **God het Hom bo alles verhef;**
3. **God het Hom aangestel as Hoof van die kerk.**

**Kyk ons egter noukeurig na die Griekse teks self, staan daar inderdaad drie dinge, maar dan só:**

1. **God het alles aan Jesus ondergeskik gemaak (wat dieselfde is as: Hy het alles aan Hom onderwerp);**
2. **God het Hom Hoof gemaak oor alle dinge (wat meer sê as: Hy het Hom bo alles verhef);**
3. **God het Hom aan die kerk of gemeente gegee (wat iets heeltemal anders is as: *Hy het Hom aangestel as hoof van die kerk).***

Voorbeelde van enkele ander vertalings bevestig hierdie vertalingsmoontlikheid as korrek:

"God put all things under Christ's feet and gave him to the church as supreme Lord over all things" (Good News Bible).

"And he put all things under his feet and gave him as head over all things to the church" (English Standard Version).

"God has put everything under the control of Christ. He has made Christ the head of everything for the good of the church" (God's Word).

"He put all things in subjection under his feet, and gave him to be head over all things for the assembly" (Hebrew Names Version).

Talle ander Bybelvertalings is soortgelyk aan bg. paar voorbeelde.

Strong se Woordeboek (1997) verklaar *"onderwerp"* (ὑποτάσσω) só:

**A Greek military term meaning "to arrange [troop divisions] in a military fashion under the command of a leader". In non-military use, it was "a voluntary attitude of giving in, cooperating, assuming responsibility, and carrying a burden".**

Hierdie verklaring word ook deur Vine (1997) ondersteun.

Enkele vrae duik op: Wat is die *"alle dinge"* (πάντα) wat Hy *"onder sy voete onderwerp* (ὑποτάσσω)*…"* het? Wat is aan sy voete onderwerp? En is die Kerk nie ook deel van die *"alle dinge"* nie? Let op dat God in die teks éérs alle dinge aan Hom onderwerp het vóórdat Hy Hom aan die Kerk gegee het. In hierdie ontleding is die Kerk dus nie ingesluit in die onderwerping nie: Die Kerk is nie 'n mag wat oorwin en onderwerp moes word nie. Die Kerk is sy Liggaam, en elkeen wat deel word hiervan, onderwerp hom gewilliglik aan Christus. (Hy word lid en daarom deel van die Liggaam). Hy het dus nie nodig om met mag en gesag onderwerp te word nie. Christus word in 'n ander Skrifgedeelte in 'n ander konteks ook Hoof van die Kerk genoem wat sy Liggaam is: *"En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees"* (Kol 1:18). *"Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is"* (Kol 1:24).

Verder merk Grosheide (1960:31) op:

> **Er is niets uitgezonderd, dat niet aan Christus onderworpen is, Matth. 28:18, zie ook Heb2:8. Paulus citeert Ps. 8:7 byna (ὑποκατω - ὑπό) letterlijk naar de LXX. Het merkwaardige is, dat de apostel hetgeen Ps. 8 over den mens zingt, zonder meer van Christus neemt.**

In Ps 8:6-8 word dit duidelik gestel wát aan Hom onderwerp is: Ps. 8:6-8: "U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld, die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see."

Die *Amplified Bible* stel dit só: "You made him to have dominion over the works of Your hands; You have put all things under his feet: [*I Cor. 15:27; Eph. 1:22, 23; Heb. 2:6-8.*] All sheep and oxen, yes, and the beasts of the field, The birds of the air, and the fish of the sea, and whatever passes along the paths of the seas."

In Ps. 8 vind ons ‘n duidelike verwysing na Gn 1:26 - *“En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.”*

En dan voeg Ef 1:21 nog by: *“…bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.”* Binne konteks tel hierdie dinge ook onder “alle dinge” (πάντα) wat aan Hom onderwerp is. In die eerste plek het Ps. 8 met die mens te doen, maar daar vind ‘n besondere toepassing plaas op Jesus Christus. Vgl. in dié verband Grosheide (1960:32); Roberts (1990:55); Hendriksen (1976:102). Selfs Ou Testamentici (Kommentators op Psalms) huldig hierdie standpunt. Vergelyk ook Weiser (1975:145); Sabourin (1970:165). Lenski (1961:402) vul aan:

> **Man’s earthly dominion is only a shadow of Christ’s universal dominion.**

Christus het met die betaling van die prys vir die straf vir die mens gedoen wat Hy nie vir Homself kon doen nie. Daarom het God alles aan Hom onderwerp met sy opstanding en verheerliking. Alle gesag en mag is aan Hom gegee, en Hy triomfeer. Dit bring die gelowige mens in Christus ook weer in oorwinning om in Hom te triomfeer. Die oorwinning van Jesus Christus is gegrond op die feit dat Hy aan die regterhand van God sit (Ef 1:20). Maar Hy sit daar as Hoof bo alle dinge, wat weer ‘n heenwyse is na Ps. 110:1 - *“Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak ‘n voetbank vir u voete.”* As Bewindvoerder oor alle dinge (ook die vyand is aan sy voete onderwerp), is alles aan sy gesag onderworpe (Roberts, 1990:55). Roberts (1990:55) stel dit só:

> **Die eerste saak in hierdie belydenis het dus te doen met sy kosmiese regering. Die tweede element sê dat God hierdie kosmiese Regeerder as gawe aan die kerk gegee het. Hier gaan dit om die intieme verhouding tussen God se volk en Jesus wat as Gods Gesalfde die heil vir God se volk kom bewerk het.**

Vs. 23 - Christus is *“…die volheid van Hom wat alles in almal vervul”* (τὸ πλήρωμα τοῦ τὰ πάντα ἐν πᾶσι πληρουμένου). Hierdie laaste frase word algemeen beskou as

moeilik om te verklaar. Daarom is daar soveel uiteenlopende beskouings oor die betekenis, en hóé om dit te interpreteer. Ek ag dit egter nie nodig om elke moontlike interpretasie hier te bespreek nie. My uitgangspunt is om twee basiese reëls vir Skrifverklaring te volg: Eerstens behoort dit binne konteks verklaar te word. Tweedens sal ek gebruik maak van die reël ***Scriptura Scripturae interpres***. Maar eers sal aandag geskenk word aan die betekenis van die woord πλήρωμα met sy werkwoord πλήρόω.

Die woord πλήρωμα word deur Vine (1997) beskryf as:

> ***pleroma* denotes "fullness," that of which a thing is "full".**

En deur Liddell & Scott (1966:565):

> **That which fills up, a full measure, complement: of the men in a ship, a ship's complement, her crew: of number, the sum. …a filling up, completing.**

Verder word dit deur Strong se Woordeboek (1997) verklaar as:

**4138**
**1) that which is (has been) filled**
  **1a) a ship inasmuch as it is filled (i.e. manned) with sailors, rowers, and soldiers**
  **1b) in the NT, the body of believers, as that which is filled with the presence, power, agency, riches of God and of Christ**
**2) that which fills or with which a thing is filled**
  **2a) of those things which a ship is filled, freight and merchandise, sailors, oarsmen, soldiers**
  **2b) completeness or fullness of time**
**3) fulness, abundance**
**4) a fulfilling, keeping**

Vir die doeleindes van die teks onder bespreking, is dit nie nodig om kennis te neem van die wyer betekenis van die woord nie, maar meer spesifiek van die NT betekenis soos Strong dit onder 1b) hierbo verduidelik:

> **…the body of believers, as that which is filled with the presence, power, agency, riches of God and of Christ.**

Die werkwoord (πλήρόω) hou dan die betekenis in van iets wat gevul word, soos die selfstandige naamwoord hierbo aandui.

Roberts (1990:57) vertaal vs. 23 met: *"die volheid van Hom wat alle dinge in elke opsig vervul".* Met hierdie vertolking is dit duidelik dat ons hier met 'n aksie van God te doen het: Dit is God wat alles vervul, of voorsiening maak vir alles. Dit beteken dat dit God is wat in elke opsig in al ons behoeftes voorsien, deurdat Hy sy Gesalfde gestuur het, vir ons geskenk het (Roberts, p. 57). Dan verduidelik Roberts (p. 57) verder:

> **Daardeur het sy volk (die gemeente of Kerk) tot 'n *volheid* geword, wat hier die beeld oproep van iets, bv. 'n vat of emmer, wat heeltemal vol gemaak is. Die Kerk is dan die ruimte waaroor God sy volledige voorsiening uitgestort het sodat dit heeltemal vol is daarvan.**

Ek bepaal my nou eers by die konteks: Vs. 23 vorm 'n eenheid met die voorafgaande vs. 22, en dit lees só: Vs. 22 - *"En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, 23 - wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."* Vs. 23 is dus slegs 'n voortsetting van vs. 22, en vorm saam 'n voltooide sin. Die Amplified Bible lui só: "Which is His body, the fullness of Him Who fills all in all [for in that body lives the full measure of Him Who makes everything complete, and Who fills everything everywhere with Himself]."

Die konklusie, volgens die teksinhoud, is dat dit die Liggaam is wat gevul word. Vgl. in híérdie verband o.a. ook Guthrie e.a. (1975:1109); Hansen (1946:127-128). Dit is nie Christus wat deur die Liggaam aangevul word nie, soos Hendriksen (1976:103-104) in aansluiting met talle ander van wie hy ook melding maak, dit wil nie. In beide die Nuwe Testament sowel as buite-Bybelse bronne word πλήρωμα in die passiewe sowel as aktiewe vorm gebruik. (Vgl. Hansen, 1946:127; Grosheide, 1960:33). Die antwoord vir die verklaring lê dus eerder opgesluit in die konteks as die taalgebruik. Vir hierdie doel is dit 'n duideliker roete om te volg deur te let op die verhouding van

Christus met God in hierdie verband. Die volgende bespreking sal ‘n duideliker beeld hieroor gee, asook bevestig wáármee die Kerk of Liggaam gevul word. Die reël ***Scriptura Scripturae interpres*** geld hier.

Kol 1:19 sluit aan by Ef 1:23 - *“Want dit het die Vader behaag dat in Hom die* _ganse volheid_ (πᾶν τὸ πλήρωμα) *sou woon.”* Hierdie gedagte word duideliker in Kol 2:9, wat hierdie volheid verder omskryf: *“Want in Hom woon al* _die volheid van die Godheid_ *liggaamlik”* (πᾶν τὸ πλήρωμα τῆς θεότητος σωματικῶς), en Kol 2:10 *“…en julle het die volheid* (πλήρωμα) *in Hom wat die* _Hoof is van alle owerheid en mag_*”* (Die laaste sinsnede bevestig ook Ef 1:22 - *“…en Hom as* _Hoof bo alle dinge_ *aan die gemeente gegee…”* soos hierbo bespreek).

Wat behels die *“ganse volheid”* (Ef 1:23), of die *“volheid van die Godheid”* (Kol 2:9) wat in Hom woon? Die korrekte verklaring moet binne konteks geskied. Vs. 9 begin met *“Want”* (ὅτι), wat ‘n terugverwysing is na vs. 8 - *“Pas op dat niemand julle as ‘n buit wegvoer deur die* _wysbegeerte_ (φιλοσοφία) *en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie.”* Louw & Nida Vol. 1 (1989:385) verklaar hierdie *wysbegeerte* (φιλοσοφία) as:

> **…human understanding or wisdom and, by implication, in contrast with divinely revealed knowledge - ‘human understanding, human wisdom, philosophy’…**

Dit is ook nie filosofie in die algemeen nie, maar slegs een bepaalde denkstroom in Paulus se tyd. Vergelyk in hierdie verband I.J. du Plessis (1998); Robertson (1931:490); Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974:200). Verder word die bepaalde lidwoord in Grieks geskryf vóór die woord “filosofie” (τῆς φιλοσοφίας), wat daarop dui dat ‘n bepaalde filosofie (of valse menslike interpretasie) hier ter sprake is. Teenoor hiérdie spesifieke filosofie of menslike interpretasie wat ‘n vals beeld van Jesus Christus sou propageer, verklaar Paulus

nou onomwonde en triomfantlik: *"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik"* (Kol 2:9). Vir Hansen (1946:128) is dit Paulus se antwoord op die Gnostisisme (of hulle filosofie) wat 'n eensydige beskouing van Christus voorgehou het. Hierop verklaar Hansen (p. 128):

> **It is not so that Christ represents only one side of the divine Being, but in Christ the essence and nature of God is totally present; the entire divine manifestation is in Him. He has the commission of God in its totality, and in consequence of this, the divine power and gifts in full measure. He represents God totally, and is God without limitation before man. There is an identity of representation between God and Christ.**

Binne hierdie konteks moet die volle betekenis van die *"volheid van die Godheid wat in Hom woon",* sowel as *"die volheid"* wat die gelowiges in Hom het, verklaar word. Jesus Christus besit die ganse volheid van die Godheid en is terselfdertyd die volheid wat in die gelowiges woon, deur die Heilige Gees. Dit moet begryp word dat dit nie die gelowiges nou "gode" maak met al die *attribute* van God nie, maar dat hulle díé volheid in Hom het met 'n bepaalde doel wat God in en deur die gelowiges (die Kerk) op aarde wil verwesenlik. Tereg is dit Hansen (p. 128) se betoog dat daar 'n analogie is tussen die verhouding van God-Christus en die verhouding Christus-Kerk. Soos Christus die volheid van God is, is die Kerk weer die volheid van Christus:

> **As Christ is filled with God, similarly the Church, His body, is filled with Christ.**

M.b.t. die verhouding tussen Kol 2:9 en Kol 2:10, verduidelik Hansen (p.128) dit baie mooi:

> **Christ has God's *pleroma* (v. 9), and as a consequence of this, the Church has Christ's *pleroma*, or they are made full in Him (ἐστὲ ἐν αὐτπ πεπληρωμένοι, v. 10). Incorporated in Christ, in His Body (ἐν αὐτῷ), they have become participators of His fullness.**

Dit is nie die Kerk wat Christus voltooi nie, maar júís Hý wat die Kerk voltooi. (Vgl. ook Grosheide, 1960:33). Die gang van die hele heilsgebeure met die Kerk is van redding tot verheerliking. Dit is húlle wat uit die sondige mensdom kom en op pad is

na ‘n ewige heerlikheid. En dít op sigself spreek van ‘n onvoltooide saak wat voltooi word in Christus. Hy is volmaak en kan nie aangevul word nie, maar die gelowiges is nog onvolmaak, onvoltooid, en net Hý is in staat om hulle te voltooi.

Hansen (1946:128) se mening is:

> **…all that Christ has from God, the power, the gifts, the grace, He passed on to the Church … the Church has nothing to give Christ of herself, by which what is lacking in Him could be filled up. Instead, it is the Church that is filled with Him (3:19), becoming a partaker of all that He owns and is, for the purpose of continuing His work.**

Jamieson, Fausset & David Brown (1997) vul ook aan:

> **…fulness - “the filled-up receptacle” [Eadie]. The Church is *dwelt in and filled by Christ.* She is the receptacle, not of His inherent, but of His *communicated, plenitude* of gifts and graces. As His is the “fullness” (Joh 1:16; Col 1:19; Col 2:9) inherently, so she is His “fullness” by His impartation of it to her, in virtue of her union to Him (Eph 5:18; Col 2:10).**

Die volheid wat die Kerk ontvang, is ‘n direkte uitvloeisel van Sy volheid (πλήρωμα).

Hierdie volheid word ontvang deurdat die gelowiges ín Hom geïnkorporeer is by wedergeboorte (deur die Heilige Gees in die Liggaam ingedoop is - vgl. vorige bespreking oor 1 Kor 12:13). Lightfoot (1974)[58] se mening is:

> ***Being fulfilled* with a direct reference to the preceding plērōma; ‘your fullness comes from His fullness; His plērōma (fullness) is transfused into you by virtue of your incorporation in Him.’ …Hence also the Church, as ideally regarded, is called the plērōma (fullness) of Christ because all His graces and energies are communicated to her.**

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Om weer terug te keer na die begin van die ontleding van hierdie teks: Dit sou ‘n verskraalde verklaring wees om te sê dat *“alle dinge”* wat aan Hom onderwerp is ook die Kerk insluit. Dit sou ook ‘n growwe misleiding wees, want dan word die waarde van die teks heeltemal misgekyk. Jesus word júís as Regeerder van alle dinge in hierdie kapasiteit aan die Kerk gegee, sodat

[58] Soos aangehaal deur Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974:204). Bron nie geredelik beskikbaar. Vgl. Bibliografie.

die Kerk die Liggaam tot oorwinning kan wees in Jesus Christus. Tereg bring Roberts die perspektief na vore in bg. aanhaling dat dit gaan oor ‘n intieme verhouding tussen God se volk en Jesus, as Gesalfde van God.

As Regeerder oor alle dinge is alle potensiaal in Hom opgesluit om orde te midde van chaos te bring. Alles wat verwarring en verdeeldheid in die hand kan werk, word nou deur Hom onderwerp aan sy gesag. Die verhouding van die verrese Christus tot alle dinge is Gesagvoerder. Maar die verhouding met sy gemeente (sy Liggaam) is ‘n verhouding van intieme verbondenheid van liefde waar Hy hulle wil help om in oorwinning te lewe. Die eenheidsgedagte kom juis ook sterk na vore in Roberts (1990:56) se woorde:

> **Toe Hy gesterf het as offer vir die sonde, was die lede van die Godsvolk by Hom aan die kruis geïnkorporeer en het hulle saam met Hom gesterwe; en toe Hy opgewek is uit die dood, is hulle as diegene wat by Hom ingelyf is, saam met Hom opgewek (Ef 2:4-6). Ons kan dus sê dat die beeld van liggaam van Christus wil aandui dat ons aan die Gesalfde behoort, by Hom ingelyf is soos ledemate aan ‘n liggaam behoort.**

As die gelowiges dan by Hom ingelyf is, het hulle ook deel aan alles wat Hy is en het: Sy oorwinning is ook húlle oorwinning. Sy heerskappy is ook húlle heerskappy. Die Kerk het ‘n eie unieke posisisie in Christus. Die Kerk is nie ‘n onderdeel van die *“owerhede en magte”* waaroor Hy heerskappy voer nie, maar is met Christus verenig, ook in sy triomf oor die *“owerhede en magte”* (Floor 1995:80). Hierdie oorwinnende Christus is die gawe van God aan die Kerk. God het Hom *“…as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is…”* As Hoof en Regeerder van alle dinge word Hy as geskenk van genade aan die Kerk gegee. (Vgl. o.a. ook O’Brien, 1999:145). In Jh 17:24 is die gelowiges van alle eeue aan Jesus deur die Vader gegee. (Vgl. III.B.2.2.2). Nou word Jesus, die verheerlikte Christus wat oor alles triomfeer, deur die Vader aan die Kerk gegee. Daar is ‘n onlosmaaklike verbondenheid, alleen deur die Vader bewerkstellig deur die Heilige Gees, omdat die Heilige Gees die teenwoordigheid van God vergestalt in die Kerk. Hierin word ook die eenheid van die gelowiges met mekaar en met Christus weer eens sterk op die voorgrond geplaas.

*Vs. 23 “…die volheid van Hom wat alles in almal vervul”* in aansluiting met vs. 22 soos hierbo bespreek, dui op die feit dat in Jesus die *“volheid van die Godheid”*

woon. Terselfdertyd is Hy ook *"die volheid"* van die Kerk. Hy besit ál die potensiaal om die Kerk volmaak te maak. Hierdie *"volheid"* sluit alles in wat die Kerk nodig het om te groei tot volmaaktheid. Omdat die Kerk nog op aarde is, is Hy met ons op pad na volmaaktheid. Hy is immers die Hoof van die Liggaam. En as Hoof behoort elke lid van die Liggaam met Hom in 'n besondere verhouding te staan. Hierdie besondere verhouding sluit ook volmaakte eenheid in. Maar omdat die Kerk nog nie voltooid is nie, is die eenheid wat deur die Heilige Gees bereik word, ook nog nie voltooid nie. Daarom is die Heilige Gees voortdurend in die Kerk werksaam om eenheid te verwesenlik. Die eenheid is nog 'n onvoltooide saak. Of anders gestel: 'n Voltooiing in wording. Maar omdat Christus die Hoof *"bo alle dinge"* is en alles *"aan sy voete onderwerp is"*, en ook in hierdie kapasiteit aan die Kerk gegee is, is Hy ook <u>in staat</u> om die volmaakte eenheid in die Kerk te verwesenlik deur die krag van die Heilige Gees. Hierin is dit die Kerk se plig om met Hom saam te werk in ons groei na eenheid. Elke lid van die Liggaam moet in volmaakte onderworpenheid aan die Hoof van die Liggaam kom.

**7. Ef 2:11-22**

Vir 'n duideliker verklaring van hierdie teksgedeelte, moet eers 'n begrip verkry word van die agtergrond waaruit die teks tot stand gekom het.

Tussen die Jode en die heidene (hierna ook verwys as nie-Jode), het daar vir 'n afsienbare tyd 'n muur van haat bestaan, wat skeiding tussen dié twee groepe teweeggebring het. Daarom dat Paulus kon praat van die *"middelmuur van skeiding"* (Ef 2:14). Wanneer Paulus praat van hierdie muur van vyandskap, kon dit ook betrekking hê op die fisiese skeiding tussen Jood en heiden by die tempel. Die heiden is naamlik slegs toegelaat tot die buitenste hof van die tempel en is met die dood gedreig wanneer hulle sou oortree. In navolging van J.H. Iliffe[59], sê Hendriksen (1976:133):

> **No foreigner may enter within the barricade which surrounds the sanctuary and enclosure. Anyone who is caught doing so will have himself to blame for ensuing death.**

[59] Bron nie vryelik beskikbaar.

Tog het die Apostel iets baie groter in gedagte gehad as hierdie letterlike skeiding, nl. ‘n ingekankerde vyandskap tussen die twee groepe. Menslik gesproke is die muur van haat en veragting tussen Jood en heiden deur die eeue heen versterk deur wedersydse verkleinering (en haatgevoelens). Vir die Jode was die heidene “honde”. Nog baie ander skeldwoorde is gebruik. Die nie-Jode is beskou as “onrein”, mense met wie hulle niks te doen moes hê nie behalwe om onvermydelike sake. Selfs Joodse proseliete is deur baie prominente Jode verag. Noue kontak met heidene was beskou as besoedeling. Die nie-Jode daarteenoor het die Jode ook op dieselfde wyse behandel. Die Jode is deur hulle beskou as “vyande van die menslike ras”, “’n volk met ‘n neiging tot vyandskap teen alle ander mense”. Cicero het die Joodse geloof genoem “the vilest of all people” (Barclay 1972b:9). Met watter veragting het Pilatus miskien vir die Jode gevra: *“Is ek dan ‘n Jood?”* (Jh 18:35). Die minagting van die eienaars van die slavin kan waargeneem word terwyl hulle voor die regters ‘n klag teen Paulus en Silas lê: *“Hierdie manne bring ons stad in opskudding, omdat hulle Jode is…”* (Hd 16:20). Die vyandskap was hoog aangeblaas… (Hendriksen, 1976:133-134).

Dit was met so ‘n agterstand dat die Christelike geloof, wat die Judaïsme as wieg gehad het, alle Jode sowel as nie-Jode moes bereik. Soos dit algaande duidelik geword het, was die Christelike geloof vir alle mense in die hele wêreld, maar dit het nog steeds ‘n Joodse agtergrond gehad met al die haat wat daarmee saamgegaan het. Barclay (1973c:10) stel dit soos volg:

> **The problem which faced Christianity was acute. It had a message for all men; and yet in the eyes of the world it was a Jewish thing, and the Jews were the most bitterly hated and hating people in the ancient world.**

Dan voer Barclay (1973c:9-25), ‘n interessante bespreking oor die feit dat ‘n spesifieke persoon nodig was vir die bepaalde taak om die Joodse en die Griekse wêreld bymekaar te bring (Barclay 1973c:10):

> **…the hour produced the man - and that man was Paul.**

Paulus was in alle opsigte ‘n Jood, en hy het dit met groot vrymoedigheid bely waar hy ook al gegaan het. (Vgl. 2 Kor 11:22; Flp 3:4-6; Rm 11:1; 1 Kor 10:1; Rm 4:1; Hd 21:39; 22:3; 23:1,6). Barclay (1973c:12) sê verder:

> **Paul was the apostle to the Gentiles, but it would be to totally misunderstand him to think he was ever hostile to the Jews… It is true that Paul had broken once and for all with Judaism, but at heart he was still a Jew who would gladly have laid down his life to bring fellow-Jews into the same faith as he himself had so gloriously discovered.**

In die volgende bladsye van *The Mind of Saint Paul* toon Barclay aan dat Paulus sy Joodse sowel as sy Griekse agtergrond behou het. Sy Joodse agtergrond is duidelik:

- Sy datering het hy altyd in terme van Joodse feeste en datums gedoen. (Vgl. 1 Kor 16:8; Hd 27:9 + Lv 23:27-29).
- Hy het die Nasireër-gelofte gehou (Hd 18:18).

Sy denke was O.T.-gekleurd, wat hy dan ook soos ‘n Jood aangewend het:

- Telkemale kwoteer hy die O.T. en sê dan: *“Soos geskrywe is…”*
- Hy het onthou dat hy uit die geslag van Benjamin was (Rm 11:1).

- Paulus het hierdie ryke Joodse agtergrond gehad en toe word hy die Apostel vir die heidene.

Paulus se Griekse agtergrond was ook duidelik:

- Hy was ‘n burger van Tarsus, wat hy dan ook met groot vrug gebruik het (Hd 21:39; 22:3).
- Hy was ‘n Romeinse burger wat ook vir hom deure sou oopmaak (Hd 22:24-30), want dit was ‘n groot eer om ‘n Romeinse burger te wees.
- Hy was Grieks (die wêreldtaal van sy tyd) magtig.

Daar was ook raakpunte tussen Paulus en die Hellenistiese wêreld wat in sy guns getel het:

- Hy skryf in Koine Grieks.
- Hy haal die LXX aan in sy geskrifte.
- Hy het ‘n voorliefde gehad vir die antitese.
- In sy geskrifte was daar spore van die Stoïsynse dialoogvorme (bv. Rm 5).
- Daar word ook sekere terme van die materie-godsdiens by Paulus gevind.
- Hy kwoteer selfs soms hulle digters (vgl. Hd 17:28).

Paulus was die persoon deur God verkies en bekwaam gemaak om die twee wêrelde, nl. dié van die Jode en die heidene (of nie-Jode) wat in groot vyandskap met mekaar verkeer het, bymekaar uit te bring deur die Evangelie van Jesus Christus.

Met hierdie agtergrond van die teks onder bespreking, sal die begrip “eenheid” beter verstaan word.

Ef 2:11-22 is ‘n afgeslote perikoop wat direk volg op die vorige perikoop, nl. verse 1-21. Dit is dáárom ook ‘n voortbouing op die eerste gedeelte van Ef 2. In die eerste perikoop (verse 1-10), gaan dit oor die dramatiese verandering wat God teweeggebring het in die lewens van die gelowiges uit die heidendom (o.a. ook deel van die lesers aan wie die Efesiërbrief gerig is) - Hy het hulle immers opgewek uit die dood van sonde deur hulle ‘n nuwe lewe te gee in Christus (vs. 1). Die onderhawige perikoop (verse 11-22) handel oor die kontras van die gelowiges uit die heidendom met die gelowiges uit die Jodedom. Die twee groepe is konstant onder bespreking, want dít is waar die skeiding lê wat oorbrug moes word in Christus. Hanson (1946:122) beskou dié twee groepe, asook die skeiding en herstel, só:

> **The two groups of humanity earlier separated from each other have been united. Not so that one has merged in the other; on the contrary, there has been created of the two an entirely new race, which is a unity:** ὁ ποιήσας τὰ ἀμφότερα ἕν **(v. 14).**

Lenski (1961:428) maak ook melding van die twee groepe, nl. die Jode en die heidene en vra dan hoe dit moontlik kon gebeur het dat hierdie twee uiteenlopende

groepe één geword het? Dan kom die antwoord: Christus is ons vrede. Hierop sê Lenski (1961:428-9):

> **This truth is freighted with especial import for the Gentile portion of the church.**

Floor (1995:101) bou hierdie gedagte van skeiding en vereniging in hierdie perikoop met ‘n goeie opsomming verder uit:

> **Eerst beschrijft de apostel hoe Joden en heidenen tegenover elkaar staan (2,11-13). Daarna vinden we ze bij elkaar (2,14-18), en aan het einde van de perikoop gaan ze samen op weg wanneer ze in een nieuwe eenheid de ene kerk van Jezus Christus vormen (2,19-22). Gescheiden, samengevoegd en verenigd - dat is de lijn waarlangs de apostel zijn gedachten in deze perikoop ontwikkeldt.**

Hierdie “twee groepe van die menslike ras”, wat só onmoontlik ver van mekaar verwyder was, word deur die wonderwerkende werking van Jesus Christus se versoeningsdood en opstanding in die krag van die Heilige Gees saamgebind tot *“een nuwe mens”*. Dit wat onmoontlik skyn te wees, het Hy volbring.

Tog word die eenheid van die ganse mensdom in Christus in die vooruitsig gestel, wanneer die verlossing in Jesus Christus vir *almal* ‘n moontlikheid word. Floor (1995:101) onderskryf hierdie gedagte só:

> **In een wereld die gekenmerkt werd door een ontzaglijke onderlinge verdeeldheid: Joden tegenover heidenen, Grieken tegenover barbaren, is een nieuwe eenheid tot stand gekomen: de ene kerk van Jezus Christus waar Jood en heiden, Griek, Romein en barbaar samen leven. Dit is in de wereld mogenlijk geworden door de kracht van God.**

Hierdie handeling van God in Christus om eenheid teweeg te bring, word ‘n ope moontlikheid vir die ganse mensdom regdeur alle eeue heen, tot aan die einde van tyd. Tereg noem Floor dat hierdie handeling deur die krag van die Heilige Gees geskied. Hy is die samebindende faktor vir eenheid, wanneer *alle* groepe eers met God in Christus versoen word deur die aanvaarding van sy kruisdood deur alle mense, waarna hulle uit God gebore word deur die werking van die Heilige Gees. In die Kerk, en in die Kerk alleen, word hierdie ware eenheid ‘n werklikheid. Dit laat die

saak oop vir die voltooiing van eenheid in die Kerk van Jesus Christus wanneer Hy die gelowiges oor alle grense heen saambind tot ‘n eenheid in die Gees. Van God se kant is die werk reeds voltooi. Dit lê nou in die hande van die Kerk om hierdie eenheid van harte na te streef ten spyte van alle verskille. Om hierdie Godgegewe, Godbewerkte eenheid nie na te streef nie, kan as ‘n sonde aan die deur van die Kerk gelê word.

Verse 11-12 beskryf hierdie kontras met Israel só: “Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.”

*“Daarom…”* (Διὸ) sluit direk aan by die eerste perikoop, soos Lenski (1961:429) dit beskryf:

> Διὸ **naturally refers to the entire preceding paragraph since this is a unit, even one sentence.**

Robertson (1931:525) en Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974:71) ondersteun ook hierdie gedagte.

Dit bring mee dat Paulus die gelowiges uit die heidendom kon herinner aan wat hulle was vóórdat hulle Jesus ontmoet het. Hulle was vroeër *“heidene in die vlees”* (τὰ ἔθνη ἐν σαρκί). Die begrip verwys nie na “vleeslik” teenoor “geestelik” nie, maar eerder letterlik na die vleeslike liggaam. Dit dui egter voorts ook op die bestaanswyse van die mens, of dan op die mens self (Grosheide 1960:179). Hulle is dan ook *“onbesnedenes* (ἀκροβυστία) *genoem … deur die sogenaamde besnydenis* (περιτομῆς) *wat in die vlees met hande verrig word”.* Laasgenoemde is weer ‘n

duidelike bevestiging dat dit hier gaan oor die letterlike, vleeslike, liggaamlike besnydenis.

Die "onbesnedenes" staan teenoor die "besnedenes". God het met Abraham en sy nageslag 'n verbond gesluit. Die teken van die verbond was die fisiese besnydenis. (Vgl. Gn 17:7-14; Lk 1:59; 2:21). Hierom het die hele Judaïstiese godsdiens gesentreer, en het hulle veragtend en met haat na die heidene as "onbesnedenes" verwys. Hulle is dus as gevolg van hulle onbesnedenheid uitgesluit van die verbond van God. Paulus verwys in ander geskrifte ook na die twee groepe wat hy "besnedenes" en "onbesnedenes" noem. (Vgl. Gl 2:7-9; Rm 2:26-29).

Daar is ook sterk sprake van etnisiteit: Die Jood teenoor die heiden. Yee (2005:72) se mening is:

> **The Jews who perceived themselves as the people of God have, in their attempt to perceive their ethnic and religious identity in distinction from the Gentiles, erected eventually ethnic and religious boundaries between themselves and the Gentiles.**

Etnisiteit het die Jood teenoor die heiden nóg sterker afgebaken en die kloof tussen die twee nóg groter gemaak, veral in Joodse denke. In hierdie Joodse begrip van hulle eie etnisiteit, wat in hulle godsdiens of Godsverbondenheid gesetel is, sodat hulle hulself gesien het as die volk van God met die teken van besnydenis teenoor die ander wat dit het nie, word die grense tussen die twee groepe sterk omlyn.

Dt 6:4-6 werp meer lig op hierdie sterk verbondenheid van die Joodse etnisiteit met hulle godsdiens: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees."

N.a.v. die woord *"Hoor"* ( **[Om'v]** ) staan hierdie gedeelte in die Joodse tradisie al vir eeue bekend as die ***Shema***, en bevat die kernwaarheid van die Joodse geloof.

Dit is ook as ‘n daaglikse gebed gebruik saam met Dt 11:13-21 en Nm 15:37-41 (Hayford *et al* 1997). Toegewyde Jode het dié Skrifgedeeltes in filakterieë (gebedsrieme of gedenkseëls) aan hulle voorhoofde of linkerhande gebind. Die vereiste is egter dat dit met ‘n opregte hart gepaard moes gaan, wat nie altyd die geval was nie. Jesus het die Skrifgeleerdes en die Fariseërs van sy dag tereggewys. Die *Amplified Bible* se vertaling van Mt 23:5 is selfverduidelikend: “They do all their works to be seen of men; for they make wide their phylacteries (small cases enclosing certain Scripture passages, worn during prayer on the left arm and forehead) and make long their fringes [worn by all male Israelites, according to the command]. [Exod. 13:9; Num. 15:38; Deut. 6:8.]”.

M.b.t. die ***Shema*** lui die kommentaar van die *Spirit Filled Bible* (Hayford *et al* 1997) só:

> **Deut. 6:4-6 is the most important text in the OT. Jesus called it the greatest commandment of Scripture, and it remains the central confession of Judaism to the day.**

Hier is ook sterk aanduidings dat die Joodse geloof ‘n monoteïstiese godsdiens was en nog steeds is. Vosloo (2000) skryf só in hierdie verband:

> **Die begin van die belydenis is moeilik om te vertaal. In die Hebreeus begin die belydenis met net ses woorde, wat vertaal is met Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Dit is ’n goeie interpretasie van die Hebreeus. Ander vertalings is ook moontlik. Letterlik staan daar: “Luister, Israel, Jahweh ons God, Jahweh is een.” Jahweh is die eienaam van die Here wat dikwels in verband met die verbond gebruik word. In die sin hierbo kom die Here se Naam twee keer voor. Daarmee druk die uitspraak sy absolute uniekheid uit.**

Dt 6:4 was (is) ‘n kort belydenis van die Joodse geloof: *“Hoor, Israel, die HERE onse God is ‘n enige HERE.”* Die Naam HERE is in werklikheid ‘n weergawe van *Jahweh*, maar is later vervang met ***Adonai*** (“my Here”) omdat die Jode die Naam ***Jahweh*** te heilig geag het om uit te spreek (Hayford *et al* 1997).

Ek het dit nodig geag om bogenoemde invoeging te maak vanuit die Ou Testament (nl. Dt 6:4-6 met die kort kommentaar daarby), om aan te dui hóé sterk die

verbondenheid van die Jode was aan die één God wat Hom op hierdie wyse aan hulle geopenbaar het. Etnies was hulle ook verbonde aan hierdie één God. Alle ander volkere was vir hulle buitestaanders wat nié aanspraak kon maak op húlle God nie. Buitestaanders was die "onbesnedenes" genoem. Yee (2005:77) sluit hierby aan:

> **It is firmly established that the respective designations 'Gentiles in the flesh' and 'the uncircumcision' are inextricably linked, since the 'uncircumcision' (not 'uncircumcised') is unequivocably a Jewish way of designating Gentiles or 'outsiders'… just as the 'cicumcision' is a designation for Jews. But the 'uncircumcision' as a collective ethnic term is an external definition of the identity of Gentiles by the Jews, i.e., those who called themselves the 'circumcision'.**

Yee het 'n breedvoerige studie gemaak in sy monumentale werk oor Ef 2 m.b.t. die etniese rekonsiliasie tussen Jood en heiden te Efese, wat tog die moeite loon om van kennis te neem. Dit is egter vir my studie nie noodsaaklik om só breedvoerig kennis te neem van sy werk nie, aangesien die fokus vir my sterker op eenheid in die algemeen val, en nie soseer slegs op eenheid tussen verskillende etniese groepe as sulks nie. Ek volstaan dus hiermee.

Wat wél belangrik is (en júís ook dáárom het ek dié bespreking bygetrek), is die feit dat etnisiteit die skeiding nóg groter maak tussen Jood en heiden of tussen Jood en nie-Jood, en dat dit 'n groter wonderwerk geverg het om vrede te bewerkstellig en die twee groepe in één Liggaam te verenig. 'n Werk wat slegs God kon doen, en dít deur die krag van die Heilige Gees.

Paulus skryf verder in vs. 12 - "…dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld."

Die begrip *"…dat julle in dié tyd…"* verwys terug na die tyd toe hulle deur die "besnedenes" die "onbesnedenes" genoem is. In dié tyd was hulle:

(1) "sonder Christus"
(2) "vervreemd van die burgerskap van Israel"

(3) "vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte"
(4) "sonder hoop"
(5) "sonder God in die wêreld."

Die *Amplified Bible* vertaal hierdie teks só: "[Remember] that you were at that time separated (living apart) from Christ [excluded from all part in Him], utterly estranged and outlawed from the rights of Israel as a nation, and strangers with no share in the sacred compacts of the [Messianic] promise [with no knowledge of or right in God's agreements, His covenants]. And you had no hope (no promise); you were in the world without God. "

Van Rensburg (1993) skryf soos volg oor hierdie teksgedeelte:

> **Voor Christus het God tot 'n groot mate sy verbond en beloftes beperk tot Israel, van wie die Jode die bloed-nageslag was. As dit nie vir Christus was nie, sou geen nie-Israeliet ooit deel kon kry aan God se verbond en sy beloftes nie. Van Jesus Christus se menswording af het God egter gewys dat Hy sy verbond uitbrei om mense uit alle volke in te sluit. Paulus noem dit om die gelowiges duidelik daaraan te herinner dat hulle steeds "ver van God" sou gelewe het, as dit nie vir die dood van Christus was nie.**

Die dood van Christus het óók die heidene na God toe gebring, al was hulle ver van Hom verwyder. Die Jode het hulle verag en verfoei, maar die God van die Jode het Hom oor hulle ontferm en hulle óók ingesluit in sy saligheidsplan. Reeds in die Ou Testament word dit geprofeteer, o.a. Jes 65:1 - *"Ek het My laat raadpleeg deur wie na My nie gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; aan 'n nasie wat na my Naam nie genoem is nie, het Ek gesê: Hier is Ek, Hier is Ek!"* Paulus bevestig hierdie saak in Rm 9:30 - *"Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is…"*

Bg. is slegs twee voorbeelde van Skrifgedeeltes wat handel oor die begenadiging van die heidene of nie-Jode deur God. Die hele Skrif spreek deurgaans daarvan en baie teologiese werke het die lig gesien oor hierdie onderwerp. Dit is egter nie die onderwerp van bespreking in hierdie studie nie, en ag ek dit dus nie noodsaaklik om

breedvoerig hieroor te debatteer nie. Dit is egter belangrik om kennis te neem dat die heidene ook ‘n plek gekry het in die verlossingsplan van God, en alhoewel die Jode die ander volkere nie geag het nie en nooit vir hulle ruimte sou maak in hulle godsdiens nie, is hulle nou saam met die gelowige Jode in Christus saamgevoeg in één Liggaam.

Vir die heiden wat ver van God verwyderd geleef het, het daar nou ook genade gekom deur die soendood van Jesus Christus:

Ef 2:13 - *“Maar nou* (**vuv** of **vuvì**) *in Christus Jesus het julle wat vroeër ver* ***was*** **(oἵ ποτε ὄντες μακρὰν)**, *naby gekom deur die bloed van Christus.”* Sommige Griekse grondtekste gebruik die woord **vuv**, waar ander weer die woord **vuvì** gebruik. Louw & Nida Vol. 1 (1989:634) beskou **vuvì** bloot as ‘n variant van **vuv**, sonder verdere verduideliking. Liddell & Scott (1966:469) se verklaring lui soos volg:

> **vu'vι Attic vu'v, strengthened like oὗτοσί for oὗτος, now, at this moment.**

Grosheide (1960:43) verwys in ‘n voetnootna hierdie gebruike en skryf soos volg hieroor:

> **Er is verschil over het accent van vuvι. Nestle leest vuvὶ waarbij vuv weinig of geen nadrukt heeft, het kan van den tijd worden genomen, maar dan toch zonder nadruk, zodat het ook ons dan betekenen kan. Nu'v daarentegen is een beslist den tijd aanduidend bijwoord, thans. Gewoonlijk moet het verband uitmaken, hoe men accentueren wil. Wij zouden aan vu'v de voorkeur geven, omdat een tegenstelling van betekenis wordt gemaakt.**

By beide begrippe is daar dus ‘n aanduiding van tyd. Die onderskeid lê egter daarin dat **vuv** geen beklemtoning aandui, terwyl daar by die gebruik van **vuvì** wél ‘n sterk aanduiding van ‘n beklemtoning is. Die konteks van die teks onder bespreking kan dui op ‘n sterk beklemtoning van tyd, en daarom sou ek ook saam met Grosheide

kies vir die begrip **νυν** in vers 13, indien dit wél sou beteken dat **νυν** op sigself sterker op tyd sou dui. Indien die redenasie wél is dat dit **νυνὶ** behoort te wees soos sommige dit wil, is my antwoord hierop dat **νυνὶ** tog wel ook op tyd kan dui (alhoewel nie so sterk as νυν nie), en daarom in die geval van vs. 13 met 'n sterk beklemtoning wat só vertaal kan word*: "Daarom, onthou dat julle wat* *<u>vroeër</u> heidene in die vlees was … dat julle <u>in dié tyd</u> sonder Christus was… Maar* ***<u>nóú</u>*** (sterk beklemtoning) *in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus"* (verse 11-13). Die beklemtoning bring dus (sonder om die tydsaspek tersyde te stel), slegs die kontras sterker uit tussen die heidene se vroeëre staat teenoor die latere ná die koms van Christus. Vergelyk in hierdie verband ook die eerste paar verse van Ef 2. Verse 1-3 verwys na die verlore toestand van die heidene, waarop verse 4-5 vervolg*: "<u>Maar God</u>* (**ὁ δὲ Θεὸς**), *wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus…"* Die wentelpunt tussen die verlore toestand van sonde en dood waarin die mens hom bevind het, en die redding wat lewe bring is in God deur Christus. Watter pragtige voorbeeld van 'n kontras tussen dood en lewe word hier na vore gebring deur die woordjie *"maar"* (**δὲ**). Dieselfde gebeur ook verder met die gebruik van die woorde **νυνι** of **νυν** saam met die partikel **δε**, soos hieronder bespreek.

In beide gebruike, **νυνι** of **νυν**, sou die klem (binne konteks gesien), dus tóg val op tyd: die een mét beklemtoning, en die ander sónder beklemtoning. Die een 'n sterk aanduiding van tyd, en die ander nie so 'n sterk aanduiding van tyd nie. Die konteks is bepalend vir enige van dié twee gebruike. In die teks onder bespreking (vs. 13) is daar 'n interessante ontwikkeling wanneer **νυ'ν** saam met **δὲ** gebruik word, wat tog ook op beklemtoning dui. Kittel *et al.* (1973:1106) verduidelik soos volg:

> **For the concept "now" the Greek language, like many other Indo-European tongues which have related forms, uses νυ'ν and νυνὶ (with a strengthening or epideictic -ὶ).**

Volgens hierdie verduideliking wil dit voorkom asof slégs die gebruik van **νυνὶ** op 'n sterk beklemtoning kan dui. Maar dan gaan Kittel *et al.* (1106) voort met 'n aanhaling uit die grammatikus Meisterhans[60] se werk:

> **It is now hardly possible, however, to find any distinction between νυ'ν and νυνι, for νυ'ν δὲ and νυνὶ δὲ is often used in emphatic antithesis. Hence the reading often vacillate between νυ'ν δε and νυνὶ δε, as already in the LXX… Nevertheless, it is true that in logical antithesis Paul prefers νυνὶ δε.**

Opsommend sou ek, volgens die konteks, wou kies vir 'n sterk aanduiding van tyd (en daarom vír die begrip **νυ'ν** in ons teks), sowel as 'n sterk beklemtoning om die antitese na vore te bring. Omdat die teks die begrippe **νυ'ν δε** of **νυνὶ δε** bevat wat op 'n sterk beklemtoning dui, sou my keuse dáárom op **νυ'ν δε** val. Met die bykomende **δε** word 'n sterk antitese veronderstel tussen die heidene se vroeëre staat teenoor die latere ná die koms van Christus, soos reeds hierbo bespreek. Die antitese bring die wonder van om *"in Christus"* te wees baie sterk op die voorgrond, en gevolglik ook die eenheid tussen Jood en nie-Jood wat hieruit voortgevloei het.

Die begrip *"nou"* (**νυν**) kan voorts op twee maniere verstaan word: (1) In verband met die onmiddellike teenwoordige tyd wat teenoor die verlede of toekoms staan, óf (2) as 'n logiese gevolg van gebeure (Vine, 1961:801). Louw en Nida (1989:634) volg soortgelyke verduideliking. Binne konteks is dit die logiese verduideliking dat *"nou"* (**νυν**) soos onder pt. (1) verstaan moet word. Die *"vroeër"* (**ποτε**) van verse 11 en 13 staan teenoor die *"nou"* (**νυν**) van vers 13. Lenski (1961:435) sluit hierby aan:

---

[60] K. Meisterhans, Grammatik d. Attischen Inschriften (1900).

> **The expression of time, "now in connection with Christ Jesus" is the opposite of, "at that time apart from Christ," used in vs. 12. The one period was marked by χωρὶς, the present is marked by ἐν; once separation and thus a hopeless condition, now connection, union, and the happiest condition.**

Die *"vroeër"* (**ποτε**) waarvan Paulus melding maak (verse 11 en 13), sluit aan by *"in dié tyd"* van vs. 12 soos hierbo bespreek, en dui ook op die tyd toe hulle so ver van God verwyderd was dat die Jode hulle die *"onbesnedenes"* genoem het en daarmee gepaardgaande, alles wat in die vorige paragrawe bespreek is m.b.t. die heidene. Dit het nou ook vir húlle moontlik geword om nie net naby te kom nie, maar om gered te word saam met gelowige Jode. Soos Floor (1995:107) dit stel:

> **De overgang tussen het 'eertijds' en het 'thans' waarvan de tekst melding maakt, is bewerkt door Christus.**

Deur die evangelie van Jesus Christus kan hulle *"wat vroeër ver was"* (vs. 13) nou genade vind saam met hulle *"wat naby was"* om gered te word. Hier is heel waarskynlik 'n verwysing na Jes 57:19 - *"Ek skep die vrug van die lippe; vrede, vrede vir die wat ver en die wat naby is, sê die HERE; en Ek sal hulle genees"*. (Vgl. ook Jes 49:1). Hierdie gedagte word verder ook oorgedra na die Nuwe Testament, o.a. Hd 2:39 – *"Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep."* So word dit ook deur Paulus gebruik in Ef 2:17 - *"En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was…"* Beide Jood en nie-Jood kan nou in Jesus Christus met God versoen word en ook met mekaar. Dit het plaasgevind *"deur die bloed van Christus"* (vs. 13). Soos dit in Heb 9:22 geskryf staan - *"En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie."* Vergifnis bring versoening met God en met mense.

In vs.13 vind ons twee verwysings na Christus: *"in Christus"* en *"deur die bloed van Christus"*. Laasgenoemde verwys na die dood van Christus aan die kruis, waar sy bloed tot versoening gevloei het. Floor (1995:107) stel dit só:

> **In het laaste woorden wordt de eenheid van zijn lijden en dood aan het kruis tot uitdrukking gebracht: het is één verzoenend offergebeuren. Door het leven en kruisoffer van Christus is verzoening bewerkt en daardoor ook gemeenschap: verzoening met God en met elkaar, alsook gemeenschap met Hem en met elkaar.**

Die versoening wat Jesus se kruisdood teweeggebring het, dui nie slegs op versoening van die sondaarmens met God nie, maar word verder uitgebrei na versoening ook met mekaar. In die konteks van die teks onder bespreking, het sy kruisdood en daarmee gepaardgaande sy bloedvloeiing ook versoening gebring tussen Jood en heiden. Die tweede uitdrukking volg nou: As gevolg van sy versoeningsoffer aan die kruis, kan elke gelowige (Jood en nie-Jood) die voorreg smaak om *"in Christus"* te wees. Die *"in Christus"* staan teenoor die *"sonder Christus"* van vs. 12, wat dui op die verandering wat plaasgevind het: hulle wat *"sonder Christus"* was, het Hom aangeneem en is nou ook met God versoen (Floor, 1995:107).

'n Vraag wat deur Yee (2005:113) aangeraak word, is of die nuwe voorreg van die heidene nou beteken dat hulle met die Jode of met God verbind word. My mening is dat die konteks hierdie vraag duidelik beantwoord. Dit is nie die een wat by die ander aansluit of aanpas nie, maar albei - die *"wat vroeër ver was"* sowel as die *"wat naby was"* - kry nou gelyke kans om met God versoen (as t' ware "gerekonsilieer") te word. Die aanpassing is van albei kante in die eerste plek met God. Die een party is *"ver"* en die ander party is *"naby,"* maar albei is verlore sonder Christus. Die twee word in Christus *"tot een nuwe mens"* geskep (vs. 15). Dit beteken 'n groei van albei partye na God toe. Eenheid word 'n werklikheid in Christus deur die werking van die Heilige Gees.

Verse 14-18 vorm 'n afsonderlike perikoop, 'n afsonderlike geheel wat die vorige Skrifgedeeltes herbevestig. Die fokus val hier op Christus se versoeningswerk.

Vs. 14 - *"Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het".* Die *Amplified Bible* se vertaling lui so: "For He is [Himself] our peace (our bond of unity and harmony). He has made us both [Jew and Gentile]

one [body], and has broken down (destroyed, abolished) the hostile dividing wall between us".

Wanneer Paulus verklaar*: "Want Hy is <u>ons</u> vrede…"*, verwys die *"ons"* na beide Jood en heiden wat vrede in Christus gevind het. Jesus Self is ons vrede. Yee (1999:193) stel dit só:

> **All the references to the intensive personal pronoun αὐτὸς ('he') in Ephesians focus emphatically on Christ: 2:14; 4:10,11; 5:23,27.**

Die begrip *"vrede"* (**εἰρήνη**) word vier keer in hierdie perikoop gevind, nl. in verse 14,15, en 17. Hoe belangrik dan is die vrede tussen twee uiteenlopende partye, soos in Ef 2 bespreek. Daarin dat Jesus ons vrede is, vind ons die grondslag vir eenheid deur die kragtige werking van die Heilige Gees, soos bevestig deur vs. 18 - *"…want deur Hom het* ***ons albei die toegang <u>deur een Gees</u> tot die Vader****."* Ook vs. 22 - *"…in wie julle ook saam opgebou word* ***tot 'n woning van God <u>in die Gees</u>.****"* M.b.t. hierdie vrede skryf Yee (1999:193):

> **Christ not only brings peace and reconciliation; he is this peace or, to put it another way, peace is a person, Jesus Christ (in Col. 3:16 'the peace of Christ' designates the peace which he both embodies and brings; cf. John 14:27).**

Die *"middelmuur van skeiding* (wat Hy) *afgebreek het*" (vs.14) is parallel met die *"vyandskap* (wat Hy) *tot niet gemaak het*" (vs. 15), want die *"middelmuur van skeiding"* het *"vyandskap"* tussen die twee partye veroorsaak. Daarom het Jesus dit afgebreek en tot niet gemaak (vgl. bespreking hieronder). Die vergifnis wat Jesus vir alle mense gebring het deur sy dood aan die kruis, het hierdie twee partye in eenheid met mekaar en met Hom gebring. Die vergifnis en uitwissing van sonde word tereg deur die kommentaar op Psalm 32 (Hayford *et.al.*1997), in die *Spirit Filled Bible* só omskryf:

> **Sins are forgiven (literally, lifted away), covered, and not imputed (literally, erased from the record), so that the spirit of man is totally righteous in God's eyes.**

Met só 'n vryspraak en regverdigmaking, wat die gevolg is van die letterlike uitwissing van sonde in Jesus Christus, kan eenheid nie uitbly nie. Sy kruisdood is die samebindende faktor wat die potensiaal het om die grootste vyande bymekaar te bring, wanneer albei partye geloof in Hom bely. Albei word nou saam één Kerk, één Liggaam, soos hieronder verder bespreek, één nuwe mens.

Vs.15 verklaar wát die skeiding is: "deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het (**καταργήσας**), **naamlik** die wet van gebooie wat in insettinge bestaan…"

Met die begrip **καταργήσας** (nom. e.v., ml., part., aor. 1, ind. van **καταργέω**) het Paulus hier sekerlik nie die totale uitwissing van die Wet van Moses in die oog nie, asof dit uit die Woord van God uitgevee word en nie meer bestaan nie. Jesus het immers gesê: *"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul* (**πληρῶσαι**)*"*[61] (Mt 5:17). Dit kan die betekenis inhou dat Jesus die Wet tot sy volle ontplooiing gebring het, soos die konteks in Mt 5 verder aantoon, en nie om die Wet te verbreek of tot niet te maak nie.

Vervolgens sal noukeurig gelet word op die betekenis van die verskillende toepaslike begrippe in die teks onder bespreking.

Die "Wet" dui op die ganse wet en insettinge wat Moses van God ontvang het. Wuest (1974:76)[62] haal Bruce[63] aan, wat verklaar dat Christus deur sy dood aan die kruis die vyandige gevoel tussen Jood en heiden vernietig het deurdat Hy die Wet wat die verdeeldheid gebring het, opgehef het. Dan gaan Bruce voort:

> **The law is now introduced, and the term 'the law' is to be taken in its full sense, not the ceremonial law only, but the Mosaic law as a whole, according to the stated use of the phrase. This law is *abolished* in the sense of being rendered inoperative… The law is one of 'commandment-in-decrees.' What is in view is its character as mandatory, and consisting**

[61] Vgl. Afd. III.B.5. vir 'n volledige bespreking van die begrip **πλήρόω** of **πλήρωμα** .

[62] Ephesians and Colossians.

[63] Alexander Balmain Bruce in *Expositors Greek Testament*. Bron nie beskikbaar nie.

> **in a multitude of prescriptions or statutes… The law that was made up of commandments expressed themselves and operated in the form of ordinances. The word *dogma* (ordinance) in the N.T. never means anything else than statute, decree, ordinance.**

Die begrip καταργέω beteken in dié verband nie die algehele vernietiging van die Wet van Moses nie, maar eerder dat Jesus dit onaktief gemaak het, of dat dit nou dormant is. Die "onaktiwiteit" van die Wet hou vir my die betekenis in dat Jesus die Nuwe Testamentiese gelowiges nou op 'n hoër vlak bring as die vereistes van die Wet van Moses. (Vgl. die konteks van Mt 5 soos hierbo bespreek). Albei, Jood en nie-Jood, word nou in Christus opgehef tot hierdie hoër vlak van heilige lewensbestaan deur die kragtige werking van die inwonende Heilige Gees in elke indiwiduele gelowige, hetsy Jood of nie-Jood.


In Gl 3:1-29 bespreek Paulus die funksie van die Wet volledig, en wat dit beteken het toe Jesus gekom het. Vanaf vs. 7 verklaar Paulus soos volg: *"Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.* 8 *<u>En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word.</u> 9 Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham. 10 Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. 11 En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe. 12 Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. 13 <u>Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word</u> - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang - 14 <u>sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus</u>, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang. 15 Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie. 16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus. 17 <u>Maar ek sê dít: die wet wat vierhonderd-en-dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak</u>*

*nie. 18 Want as die erfenis uit die wet is dan is dit nie meer uit die belofte nie. Maar God het dit aan Abraham deur 'n belofte genadiglik geskenk. 19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar. 20 En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een. 21 Is die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie! Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees. 22 Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word. 23* ***Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.*** *24 Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. 25 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie. 26 Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; 27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. 28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. 29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename."*

**Wat uit hierdie bespreking in Galasiërs voortspruit, is dat reeds aan Abraham die belofte gegee is dat al die volke van die aarde in hom geseën sal word wanneer die Middelaar (Christus) sou kom.[64] Maar vier honderd en dertig jaar ná die belofte, is die Wet gegee (bygevoeg) as 'n tussentydse maatreël totdat Christus sou kom. Met die koms van Christus en sy dood aan die kruis, het Hy die Wet opgehef (καταργέω). Híérdie Wet wat skeiding en vyandskap gebring het tussen Jood en heiden. Nou kan albei saam deel in die belofte wat aan Abraham gemaak is. Soos vs. 15-16 voortgaan: *"…sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het."***

Anders as in die vorige verse wat dui op versoening tussen twee vyandige partye, gaan dit hier (in verse 15-16) in die eerste plek oor die versoening met God, wat weer 'n basis vorm vir versoening met mekaar in Christus. Die grondslag van versoening tussen vyandige partye is versoening met God. Hier word dus twee lyne van versoening gevind: 'n horisontale sowel as 'n vertikale. Die een is afhanklik van die ander, die een is geïnkorporeer in die ander, sodat die horisontale nie moontlik kan wees sonder die voorafgaande vertikale nie. Jesus moes eers *die "twee <u>in Homself</u> tot een nuwe mens … skep"* (ἵνα τοὺς δύο κτίσῃ ἐν ἑαυτῷ εἰς ἕνα καινὸν ἄνθρωπον) voordat hulle een met mekaar kon wees. Daar moes éérs vrede met God kom voordat daar vrede met mekaar kon wees. Hulle word nou *"albei in een liggaam* (die Liggaam van Christus waarvan Hy die Hoof is) *met God … versoen"* (καὶ ἀποκαταλλάξῃ τοὺς ἀμφοτέρους ἐν ἑνὶ σώματι τῷ Θεῷ διὰ τοῦ σταυροῦ). Die volgende grafiese voorstelling sal bg. betekenis duidelik illustreer:

[64] Vgl. ook Kol 1:24-29, 2:19 wat handel oor die *"verborgenheid"*, d.i. dat die heidene ook nou genade gevind het om tot Christus te kom en met God versoen te word. Hulle kan nou ook deel van die Liggaam van Christus wees.




**Figuur 1**

Jood en heiden kan nou met mekaar versoen a.g.v. elkeen se indiwiduele versoening met God.

Die begrip ἀποκαταλλασσω (vs. 16) hou die betekenis in van die mens wat *van God* afgewyk het en nou weer versoen geraak het. Wuest (1974:67) stel dit so:

> **The verb apokatalassō, because of its prefixed preposition *apo* which gives it the force of *back,* hints at a restoration to primal unity, that unity being the unity of the human race before God…**

Hierdie "primal unity", aldus Wuest se verklaring, het bestaan vóór die bestaan van die Joodse volk. Die hele menslike ras wat in sonde geval het, kry nou die geleentheid om in Christus met God te versoen. Wuest (1974:67) stel dit só:

> **That is, Jew and Gentile in Christ Jesus, restored to a primal unity where there was neither Jew nor Gentile, are now reconciled to God. The simple verb *katallassō,* means "to reconcile those that are at variance." God and the sinner are at variance because of sin. In salvation the believing sinner is brought into a state in which he is yielded and obedient to God, willingly, of his own free will and accord.**

Die sondaar (Jood of heiden), kom nou tot ‘n persoonlike ontmoeting met God in Christus Jesus. En in hierdie ontmoeting met God lê ook die ontmoeting met mekaar opgesluit. ‘n Ontmoeting wat uitloop op versoening met mekaar, waar alle vyandskap afgebreek word. Vine (1997) se verklaring van die Griekse woord onder bespreking, waarby hy ook die woord soos gebruik in Kol 1:21 insluit, lui soos volg:

> ***apokatalasso*** **(604), “to reconcile completely”…“to change from one condition to another,”so as to remove all enmity and leave no impediment to unity and peace, is used in Eph. 2:16, of the “reconciliation” of believing Jew and Gentile “in one body unto God through the Cross”; in Col. 1:21 not the union of Jew and Gentile is in view, but the change wrought in the individual believer from alienation and enmity, on account of evil works, to “reconciliation” with God…**

Die versoening van die sondaar tot God word nou gereduseer tot op ‘n persoonlike vlak. Die indiwidu wat skuldig staan voor sy Skepper kry nou die geleentheid om in Christus met God te versoen. Hierdie versoening werk nou deur van die indiwidu na die Jode asook na die heidennasies en groepe mense wat ‘n belewenis van versoening gesmaak het, kan nou korporatief met God versoen.

In vs. 19 verklaar Paulus: *“So is julle dan nie meer vreemdelinge* (ξένοι) *en bywoners* (πάροικοι) *nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God…”*

*The Amplified Bible* se vertaling lui soos volg: “Therefore you are no longer outsiders (exiles, migrants, and aliens, excluded from the rights of citizens), but you now share citizenship with the saints (God's own people, consecrated and set apart for Himself); and you belong to God's [*own*] household.”

Vosloo *et al.* (2000) skryf soos volg oor verse 19-22:

> **Met verskillende beelde beklemtoon Paulus dat die nuwe mensheid ’n eenheid is: almal is burgers, almal is lede van die huisgesin, almal maak saam die geestelike huis uit waarin God woon. Gelowiges moet dus besef dat daar nie so iets soos eersteklas en tweedeklas Christene is nie. Alle gelowiges is gelyk, en hulle vorm ’n eenheid soos wat ’n gebou ’n eenheid is.**

MacArthur (1997) sluit hierby aan:

> **2:19 *fellow citizens with the saints.* God's kingdom is made up of the people from all time who have trusted in Him. There are no strangers, foreigners, or second-class citizens there (cf. Phil. 3:20).**

Die gelowiges uit die heidene het nou nuwe status verkry: Waar hulle voorheen as derderangs beskou is, is hulle nou gelyk aan die gelowiges uit die Jodedom. Die kloof is oorbrug in Jesus Christus. 'n Belangrike mylpaal wat geldig is vir alle gelowiges, is bereik. Die heidene was verag as *"vreemdelinge en bywoners"*, maar kan nou al die regte en voorregte geniet van ware burgers. Binne die koninkryk van God bestaan daar nie eersterangse sowel as derderangse Christene nie. En sodra hierdie konsep van onderskeid afgebreek is, word daar 'n basis gevind vir eenheid. Een gelowige of groep gelowiges is nie beter as 'n ander nie. Almal is gelyk in Christus. Daar is nie klasseverskille nie. Die gelowiges uit die heidendom is nou *"medeburgers van die heiliges en huisgenote van God."* Alle gelowiges is één in Christus.

Paulus se hele betoog in Ef 2 oor die Christene te Efese wat bestaan uit Jode sowel as Christene uit die heidendom, kom nou tot 'n uiteindelike konklusie oor die Christene uit die heidendom met die woorde waarmee vs. 19 begin: *"So is julle dan* (ἄρα οὖν) *nie meer vreemdelinge* (ξένοι) *en bywoners* (πάροικοι) *nie, maar…"* Dan gaan hy voort in die volgende verse tot en met vs. 22 om sy betoog oor die gelowiges uit die heidendom se posisie in Christus tot 'n voltooiing te bring. Die *vreemdelinge* (ξένοι) *en bywoners* (πάροικοι) word deur Lenski (1961:449) soos volg verduidelik:

> **Once the Gentiles were "foreigners" (v. 12), aliens, strangers, were "guests" in the nation or the city to which they had come for a shorter or longer stay, and were tolerated only as such. Paul adds the synonymous "outsiders" πάροικοι, literally, such as live beside others, tolerated neighbours and no more. M.-M. 496: "a licensed sojourner in a town, whose protection and status were secured by the payment of a small tax,"… A ξένος might be a mere traveller, a πάροικος was one who dwelt in a city that was not of his own people.**

Barclay (1972b:138) tref ook onderskeid tussen ‘n *“vreemdeling”* (ξένος) en ‘n *“bywoner”* (πάροικος). Oor eg. verklaar hy:

> **The foreigner was always regarded with suspicion and dislike.**

En oor die “bywoner”:

> **The *paroikos* was one step further on. He was a resident alien; he was a man who had come to stay in a place but who had never become a naturalized citizen; he paid a tax for the privilege of existing in a land which was not his own.**

Die gelowiges uit die heidene is nou saam met die Joodse gelowiges. Ef 2:20-22 stel dit so: *“…gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ‘n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot ‘n woning van God in die Gees.”* Dit is ‘n pragtige beeld van eenheid in die Liggaam van Christus.

Roberts (1990:74) borduur pragtig voort op hierdie laaste paar verse wanneer hy aantoon dat deur die werk van Jesus Christus aan die kruis, die heidene (gelowiges) nou lede van God se gesin geword het. Daar is nie meer vreemdheid nie. Hulle het tuisgekom by die Vader. Dan verskuif die beeldspraak verder van huisgesin na die bouwerk, wat weer verder kring na dié van tempel en woning. Hierdie bouwerk is nog nie voltooi nie: Daar is dus ‘n element van aksie, want die bouwerksaamheid is in volle gang. Die gebou van God is ‘n struktuur in wording, maar is reeds *“‘n woning van God in die Gees”*. Gesamentlik één woning wat deur één Gees bewoon word en wat voltooiing bereik met die wederkoms van Christus.

Die feit dat die bouwerk nog aan die gang is, behoort ons moed te gee, want daar bestaan nog ruimte vir verbetering vir die bouwerk aan die eenheid van die Kerk. Hoe ver verwyderd is hierdie beeld van die gelowiges as die gebou van God teenoor die persepsie dat die kerkgebou van sement en stene die huis van God is! Nou is dit ook Vosloo (2000) se mening dat as ons dan die vergaderplek mooi wil maak, ons moeite moet doen om die ware huis van God, die gelowiges, ‘n besondere eenheid

en sieraad vir die oog te laat wees. Ons kan dít vermag deur ons lewe só in te rig dat dit duidelik sigbaar is dat die Here in ons leef. God stel belang in mense, en sy sieraad is mense wat Hom eer in hulle lewe. Twee O.T Skrifgedeeltes bevestig hierdie stelling. Dt 26:18 - *"En die HERE het jou vandag laat verklaar dat jy vir Hom 'n eiendomsvolk* (**hL;g¬s]** ) *sal wees soos Hy jou beloof het…"* Die *Amplified Bible* vertaal soos volg: "And the Lord has declared this day that you are His peculiar people as He promised you…" En dan ook Ml 3:17 - *"En hulle sal My tot 'n eiendom* (**hL;g¬s]** ) *wees, sê die HERE van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien."* Die *Amplified Bible* vertaal soos volg: "And they shall be Mine, says the Lord of hosts, in that day when I publicly recognize and openly declare them to be My jewels (My special possession, My peculiar treasure). And I will spare them, as a man spares his own son who serves him." *Die Living Bible* se vertaling lui soos volg: *"They shall be mine," says the Lord Almighty, "in that day when I make up my jewels. And I will spare them as a man spares an obedient and dutiful son.* Hayford *et. al* (1997), *Spirit Filled Bible* se kommentaar oor die begrip *"eiendomsvolk"* (**hL;g¬s**), in aansluiting met Strong (1997), lui so:

> **26:18 special, *segullah* (seh-goo-*lah*); Strong's #5459: Possession, personal property, special treasure. This noun occurs eight times in the OT: in five of those references, it speaks of Israel as God's special treasure; in two references, it speaks of the prized possessions of kings, or "royal treasures"; the one remaining reference is Mal. 3:17, which speaks of the people God will regard as His "jewels." Man's treasure is material objects, but consistently in Scripture, God's treasure is human beings!**

Beers *et. al.* (1988) skryf soos volg in die *Life Application Bible* se kommentaar:

> **God's people are called jewels. A jewel is made from raw material that is exposed to time, heat and pressure to change it into a valuable gemstone. The stone must then be cut in order for its real beauty to be seen. A craftsman takes a stone and chips away a rough edge, minimizes a fault, polishes, and puts it into just the right setting to display its beauty.**

Hierna gaan die kommentaar voort om die gelowiges aan te moedig om oor te gee sodat God ons kan vorm tot dié juweel wat Hy wil hê ons moet wees:

> **Be willing to allow God to make you a jewel; ask him to chip and polish where needed; and be patient while he works. Be sure you are ready to change, because when God begins to make a jewel, he doesn't stop until it is perfect.**

Gelowiges moet bereid wees om deur die Meesterbouer gebou te word op die fondament van die apostels met Jesus Christus as die Hoeksteen. Met só 'n bouproses is daar hoop vir eenheid in die Liggaam van Christus. Hierdie spesiale mense van God, hulle wat Hom heelhartig dien, is sy juwele en die sieraad waarmee Hy sy vergaderplek, die gebou, versier. Dit is nie die gebou op sigself, hoe imposant ook al, wat die gelowige versier nie. Dit is eerder die gelowiges, God se juwele, wat die gebou versier!

Volgens die Griekse teks (praesens) is die bouwerk 'n voortdurende handeling. Dit word "gebou (ἐποικοδομηθέντες) op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die Hoeksteen is." Die "fondament van die apostels en profete" dui op die leer van die apostels (N.T.) en dié van die profete (O.T.). Van Rensburg (1993) skryf oor die fondament soos volg:

> **Wat beteken dit om op die fondament van die apostels en profete opgerig te wees? Dit beteken dat die kerk nie op moderne idees gegrond is nie, maar op die geestelike erfenis wat ons uit die Ou en Nuwe Testament ontvang het.**

Die hoeksteen en fondament is uiters belangrik vir die gebou. Die hoeksteen is die belangrikste, want dit verbind die mure met mekaar en hou dáárom die hele struktuur aanmekaar. Die hoeksteen bepaal ook die korrektheid van die gebou, want die hele gebou word daarvolgens opgerig. Dit bepaal die haaksheid van die gebou, anders kan die dak ook nie korrek opgesit word nie. Elke lid of steen moet dus volgens die hoeksteen gebou word. Barclay, *Ephesians* (1974:139), maak melding van die bouwerk aan 'n pragtige katedraal. Verskillende argitekte en bouers was betrokke by die bouwerk, en tog is die bouwerk 'n eenheid. Dan vervolg hy:

> **That is what the Church should be like. Its unity comes not from organization, or ritual, or liturgy, or worship. Its unity comes from Christ.**

> **In the Latin phrase *ubi Christus, ibi ecclesia*, Where Christ is, there is the Church. The Church will only realize her unity when she realizes that she does not exist to propagate the point of view of any body of men, but to give a home and a dwelling-place where the Spirit of Christ can dwell, and where all men who love Christ can meet in that Spirit.**

Die gelowige se lewe moet volgens die leer van die apostels en die profete sowel as die voorskrifte van Jesus Christus, ons Hoeksteen, gebou word om tot 'n eenheid van God in die Gees te kom. Buite hierdie voorskrifte om kan die Kerk nie gebou word nie. Die voltooide eenheid van God se mense, sy juwele, sal die wonderlikste versiering wees in sy oë, soos ook hierbo bespreek. MacArthur (1997) sluit soos volg af oor vs. 22:

> **2:22 *a dwelling place of God in the Spirit.* The term for "dwelling" connotes a permanent home. God the Holy Spirit takes up permanent residence in His earthly sanctuary, the church, the vast spiritual body of all the redeemed (cf. 1 Cor. 6:19, 20; 2 Cor. 6:16).**

Tans is die eenheid nog 'n eenheid-in-wording (soos ook in die vorige teksontleding op Ef 1:22-23 uitgewys is), want die Heilige Gees is steeds besig om ons híér en nóú in ons gebrokenheid te begelei tot eenheid. Dit is nie 'n intellektuele eenheid nie, ook nie 'n eenheid uit menslike vermoëns nie. Dit is 'n Gees-eenheid en 'n geestelike eenheid. En die voltooiing van hierdie gebou sal eventueel só wonderlik wees: 'n Voltooide eenheid in Jesus Christus deur die Heilige Gees! (Vgl. Afd. IV.D.12).

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die ontleding van Ef 2:11-22 het duidelik na vore gebring dat daar versoening tussen die twee groot aardse vyande gekom het in Christus: Jood en heiden het met mekaar versoen deurdat die middelmuur van skeiding afgebreek is. Hulle wat in Christus glo, is in één liggaam saamgevoeg deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

Die basis van eenheid in die Liggaam van Christus, is versoening met God. Buite hierdie raamwerk is daar geen moontlikheid van versoening van verskeie partye of groepe met mekaar nie.

Op die plek van vernedering en verootmoediging voor God, kom daar ook versoening met God. Enkele teksgedeeltes wat hierdie saak belig, kom nou rakelings onder bespreking. Ps 95:6-7 verwoord dit so pragtig: *"Kom, laat ons aanbid* (**hj;v;**) *en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het. Want Hy is onse God, en ons is die volk van sy weide en die skape van sy hand."* En dan die kommentaar van die *Spirit Filled Bible* (Hayford *et al.*:1997), in navolging van Strong (1997):

> **worship, *shachah* (shah-*chah*); Strong's #7812: To bow, to stoop; to bow down before someone as an act of submission or reverence; to worship; to fall or bow down when paying homage to God. The primary meaning is "to make oneself low." In the present reference, *shachah* is used in contrast to exaltation: exalt the Lord (lift Him up high) and worship (bow yourselves down low before Him) at the place of His feet.**

Enige persoon of persone wat hom só voor (in) God verootmoedig en met Hom versoen het, sal maklik met ander medegelowiges in die Liggaam van Christus versoen en in eenheid saamgebind kan word deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

Hierdie verootmoediging lei tot 'n verdere saak: Die gelowige(s) gaan in God se rus in. Die rus van God is uiters belangrik vir die begrip van eenheid in die Liggaam van Christus, soos aanstons aangetoon sal word. Om hierdie saak te belig, is dit nodig om eers by 'n paar ander toepaslike Skrifgedeeltes stil te staan sodat die volle betekenis na vore kan kom. Die reël ***Scriptura Scripturae interpres*** geld ook hier. Om met God versoen te wees, beteken dus om in sy rus in te gaan.

Die skrywer van die Hebreërbrief gee 'n breedvoerige beskrywing van die rus (κατάπαυσίς) van God. In Heb 3:17-19 maak hy melding van die rus wat die Israeliete weens ongehoorsaamheid nie kon ingaan nie. Dan gaan hy voort met 'n uitgebreide bespreking van die rus van God in hoofstuk 4. Hier sal nou 'n kort bespreking gedoen word van Heb 4.

Vers 1 lui soos volg: *"Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie."* En ook verder in vs. 3 - *"Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie - alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is."* En verse 9-11: *"Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie."*

Na analogie van die rus wat die Israeliete kon ingaan met die uittog uit Egipte, d.i. om in die land Kanaän in te gaan; sowel as die rus van God ná die skepping, d.i. sy Sabbatsrus, bring dit die skrywer van die Hebreërbrief by die rus wat die gelowiges kan ingaan. Dit is om die vrede van God te beleef. (Vergelyk Barclay 1972c:30). Die belofte om in sy rus in te gaan, sy vrede te beleef, hou nog stand. Die gevaar is dat ons dit kan misloop.

In die algemeen is kommentators dit eens dat die rus wat die gelowiges kan ingaan, dui op die saligheid in Jesus Christus wat met die gelowige se dood voltooi word wanneer ons in sy ewige heerlikheid ingaan. (Vgl. MacArthur (1997). Die saligheid kan nóú reeds beleef word. Guthrie e.a. (1975:1199) beskryf dit as:

> **…something which lies beyond this life. Yet those who find salvation and new life in Christ do begin to experience it here and now (see Mt. 11:28,29). So, as the writer has already said (v. 3), those who take the decisive step and become Christian believers are entering into rest. They have begun to enjoy a blessing which is yet to be consummated. Its possession is both now and not yet.**

Tog wil dit vir my voorkom asof daar behalwe die primêre betekenis van die "nóú reeds" en die "nog nie" soos deur Guthrie e.a. hierbo beskryf, ook ruimte bestaan vir 'n sekondêre betekenis, sonder om die primêre betekenis tersyde te stel, wat dui op die rus wat die gelowige kan beleef terwyl ons nog op die aarde is. Criswell (1997) skryf soos volg hieroor in sy kommentaar oor Heb 4:

> **Some commentators view rest as a future heavenly rest, while others feel that the term describes the present experience of the believer who**

> **has fully surrendered to the lordship of Christ and is totally controlled by the Holy Spirit. 4:1 The spiritual counterpart of the earthly Canaan is the goal of God's people today. Some think that the "rest" here is equivalent to heaven, while others see it more as spiritual progress and growth in maturity, occurring as believers are obedient to God's word on their spiritual journey toward heaven. Perhaps both ideas are present in the overall context.**

Hierdie gedagte van rus in sy sekondêre betekenis sal nou verder uitgebou word. As uitgangspunt sal ek my ook bepaal by die woorde van Jesus in Mt. 11:28-30 - *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig."* Die primêre betekenis is waar: Niemand kan op eie pogings staatmaak deur die Wet te onderhou en te hoop om daardeur saligheid te ontvang nie. So 'n persoon sal net "onrus" beleef. Dit kan hom slegs *"vermoeid en belas"* laat sonder dat hy saligheid kan ontvang. Dáárom Jesus se uitnodiging. En tog kan hierdie teks ook 'n wyer betekenis hê. Ons kan met al ons laste, sorge, probleme, bekommernisse en ons eie worsteling om oplossings te vind vir al ons probleme, na Jesus toe kom en rus vind by Hom. Ons eie geswoeg kan 'n ysterjuk wees wat te swaar kan wees om te dra, terwyl Hy sê *"my juk is sag en my las is lig."* In 'n slotparagraaf oor hierdie teksverse, is Schweitzer (1978:273) se mening:

> **Because Jesus is himself among those who are tired and burdened, he can inspire the disciples to follow his life of total openness to God and thus attain true peace …**

Hierdie gedagtegang word ook in die Hebreeuse teks gevind in Jes 28:12 - *"Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus* **(hj;Wnm])**, *gee rus aan die vermoeides, en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie."*

Die begrip *"rus"* **(hj;Wnm])** word deur Hayford *et al* (1997), in navolging van Strong (1997) soos volg bespreek:

> **28:12 rest, *menuchah* (meh-noo-*chah*); Strong's #4496: Resting place; place of stillness, repose, consolation, peace, rest; a quiet place; also the condition of restfulness. *Menuchah* is derived from *nuach*, a verb meaning "to rest, soothe, settle down, comfort." Because Noah's**

> **parents foresaw comfort through his life (Gen. 5:29), they named him "Noah," which comes from this root… *Menuchah* is greatly soothing, comforting, and settling, as in Ps. 23:2, "He leads me beside the waters of *menuchah* (the waters of quietness)." Compare Num. 10:33, where it refers to the resting place the Israelites were searching to find. See also Ps. 132:14; Is. 11:10.**

Soos hierbo bemerk, is dit ook die rus wat die gelowige kan vind in Ps. 23:2 - *"Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen."* Die vermoeide vind rus aan sy voete.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Opsommend kan gesê word dat geen strydende party of partye wat in konflik met mekaar staan deur die Gees met mekaar versoen kan word as elkeen nie eers deur die Gees met God versoen is nie. Versoening met God word voorafgegaan deur verootmoediging voor God - korporatief sowel as indiwidueel - wat weer tot gevolg het dat die betrokke party(e) die rus van God ingaan. Die rus van God soos hierbo bespreek, skep 'n basis waarop gebou kan word vir 'n opregte soeke na Gees-eenheid.

Wanneer daar ware versoening met God plaasgevind het, sál dit noodwendig volg dat daar 'n ernstige soeke na versoening en eenheid met mekaar sal wees (met behoudenis van die vrede of rus van God in die harte van die gelowiges). Anders staan daardie strydende partye in konflik met die Gees van eenheid, en dít is op sigself sonde. Die Kerk het dus die verantwoordelikheid om eenheid in die Gees na te streef, omdat Hy 'n belangrike rol tot eenheid in die liggaam van Christus vervul.

Die *vreemdelinge* (ξένοι) *en bywoners* (πάροικοι) het nou *medeburgers van die heiliges en huisgenote van God* geword. Almal saam word gebou op *"die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is."* Saam is hulle die *"gebou van God",* maar 'n gebou-in-wording omdat die bouwerk nog nie voltooi is nie. Dit is elke gelowige se plig om beskikbaar te wees om saam met die Heilige Gees te werk sodat die bouwerk aan Gees-eenheid voltooi kan word.

**8. Ef. 4:1-16**

Hierdie perikoop is ‘n voortsetting van die vorige hoofstukke 1-3. (Vgl. Mac Arthur 1997, Roberts 1998). In Roberts se deeglike werk oor die brief aan die Efesiërs, het hy sy ontleding in twee hoofgedeeltes bespreek: Die eerste hoofgedeelte is lof aan God wat ons gered het (1:3–3:21), en die tweede hoofgedeelte is ‘n vermanende gedeelte: vermanings gegrond op die eerste hoofgedeelte met verdere funderende teologiese uiteensettings (4:1–6:20). Oor die onderhawige perikoop skryf hy soos volg (1998):

> **Hierdie perikoop lui die vermanende gedeelte van die brief in. Die vermaning wat in hierdie perikoop self vervat is, sluit direk aan by die hoofsaak waaroor die eerste hoofdeel handel, naamlik die belydenis van Jesus se heerskap oor alle dinge en sy heilswerk vir die Kerk.**

Laasgenoemde saak is reeds deur Paulus breedvoerig bespreek in hoofstuk 2, soos hierbo eksegeties ontleed is. Hoofstuk 3 het ek nie nodig gevind om hier te ontleed nie, omdat dit ‘n voortbouing op hoofstuk 2 is. Daarom word nou aandag gegee aan hoofstuk 4 hieronder.

Dit het reeds duidelik geword dat Jood en heiden tot geloof in Jesus Christus gekom het. Saam het hulle nou die nuwe volk van God uitgemaak. Hulle is nie meer dood nie, maar het lewend geword in Christus. Dit is aan hierdie nuwe gelowiges wat Paulus nou skryf. Roberts (1998) verduidelik voorts:

> **Kortom, die gelowiges uit die heidendom vorm nou saam met die gelowiges uit die Jodedom die een eindtydelike Godsvolk, die een Liggaam van Christus. Uit die Jodedom en uit die heidendom is hulle deur God geroep om lede van sy een Kerk te wees. Op hierdie feit baseer Paulus die vermaning van die onderhawige perikoop.**

Verse 1-2 wat inleidend is tot die volgende verse wat vir ons studie van belang is, verklaar: *“Ek vermaan julle dan* (Παρακαλῶ οὖν ὑμᾶς)*, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra…”*

Wat tóg vir my 'n probleem is by Roberts, is dat hy nie genoegsame aandag gee aan die Griekse begrip παρακαλέω nie. Hy bespreek wél die nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) teenoor die ou Afrikaanse Vertaling (1953) van die Bybel, maar my mening is dat die Griekse begrip baie ryker in betekenis is as wat beide hierdie vertalings na vore bring. Ek sal dus vervolgens poog om die ryker betekenis van hierdie begrip na te gaan. My betoog is dat dit wél baie belangrik vir hierdie studie is, omdat dit weer 'n grondslag vorm vir verdere eksegese en toepaslike oorwegings.

Verskillende vertalings van vs.1 word vervolgens hieronder aangehaal, asook die Afrikaanse sowel as die Engelse woordeboeke, om die betekenis van παρακαλέω nader te bepaal.

Die begrip *"vermaan"* ("exhort") word deur die HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) weergegee as: "Ernstig waarsku; iemand sy verkeerde gedrag voorhou; aanspoor tot verbetering; berispe; betig: *'n kind vaderlik vermaan. Hy het almal vermaan om met hartlike voorneme by die Here te bly (Hd11:23).*" (Die Griekse woord vir "vermaan" in die aangehaalde teks is παρακαλέω). Soos duidelik opgemerk kan word, is die dominante negatiewe konnotasie van die begrip "vermaan" in Afrikaans dié van berispe, betig, om te bestraf wanneer iemand verkeerd opgetree het, of ernstig aan te spreek weens 'n oortreding.

As Roberts (1998) dan kies vir die begrip "vermaan" as 'n goeie vertaling van παρακαλέω, hou dit vir my bepaalde probleme in. Die feit dat die taalversorgers van die HAT Hd 11:23 aanhaal, dui op 'n besliste poging om óók die wyer betekenis van die begrip "vermaan" te belig, soos dit vanuit die Griekse gebruik in die Nuwe Testament duidelik word. Ook die *"Oxford Dictionary"* se verklaring van "exhort" ("vermaan") is baie meer positief: "*urge or advise strongly or earnestly* [from Latin *exhortari*]." Let ook op die volgende vertalings:

- Die *Amplified Bible* se vertaling lui soos volg: "I THEREFORE, the prisoner for the Lord, <u>appeal to and beg you</u> to walk (lead a life) worthy of the [*divine*] calling

to which you have been called [*with behavior that is a credit to the summons to God's service,"*]

- En die *Bible in Basic English*: *"I then, the prisoner in the Lord, make this request from my heart, that you will see that your behaviour is a credit to the position which God's purpose has given you,"*
- *The World English Bible* vertaal soos volg: *I therefore, the prisoner in the Lord, beg you to walk worthily of the calling with which you were called,*

- Die *Analytical-Literal Translation* se weergawe is soos volg: Therefore, I, the prisoner in the Lord, call on *[or, plead with]* you* to walk about *[fig., conduct yourselves]* in a manner worthy of the calling with which you* were called,

- Die *New Century Version* vertaal soos volg: *"I am in prison because I belong to the Lord. God chose you to be his people, so I urge you now to live the life to which God called you."*

Die Griekse begrip **Παρακαλῶ οὖν ὑμᾶς** dui op 'n baie sterk aandrang. Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974:93) skryf soos volg hieroor:

> **"Beseech" is *parakaleō,* "I beg of you, please." Paul might have used his apostolic authority. But, instead, he pleads.**

Ek veronderstel Wuest se verklaring is slegs 'n uitvloeisel van deeglike navorsing, omdat hy nie enige melding maak van ander vertalingsmoontlikhede van die begrip nie. Tog kan ek hom hierin gelyk gee omdat dit ons 'n bietjie wegneem van die dominante negatiewe betekenis in Afrikaans. Die rede dat ons nie by die negatiewe Afrikaanse vertolking kan hou soos hierbo opgemerk nie, berus op die konteks waarbinne dit gevind word in die teks onder bespreking. Paulus het so pas in twee hoofstukke (2&3) bespreek hoe gelowiges uit die Jodedom sowel as gelowiges uit die heidendom één geword het in Christus. Nou gaan hy voort in hoofstuk 4 om hulle te "vermaan" - dringend en ernstig op die hart te druk (**παρακαλέω**) *"om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is"* (vs.1) *"met alle nederigheid en*

*sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra"* (vs. 2) *"en <u>ernstig strewe</u> om die <u>eenheid van die Gees te bewaar</u> deur die band van die vrede"* (vs. 3). Daar is dus geen sprake dat hulle oortree het of die weg van eenheid verlaat het of verdeeld geraak het en nou "vermaan" of aangespreek of betig moet word vir die oortreding nie. Inteendeel: Hy pleit eerder ernstig by hulle om hierdie eenheid van die Gees te bewaar. Met ander woorde, hulle moet hierdie nuutgevonde eenheid ten alle koste koester en behou. Daarom dan nie 'n vermaning of bestraffing deur die apostel nie, maar eerder 'n dringende pleitrede, 'n ernstige versoek of dringende beroep om die eenheid te bewaar. Verskillende Griekse woordeboeke, soos hieronder aangetoon, bevestig hierdie keuse van vertaling.

Bogenoemde vertalingsmoontlikheid (soos by Wuest gevind) word ook deur Louw & Nida Vol. 1 (1989:408) voorgehou as een van die vertalingsmoontlikhede, afhangende van die konteks waarbinne dit verskyn:

> Παρακαλέω; παράκλησις, εως ***f*: to ask for something earnestly and with propriety - 'to ask for (earnestly), to request, to plead for, to appeal to, earnest request, appeal.'**

Ook by Vine (1997) word verskillende betekenismoontlikhede gevind:

> ***parakaleō* (3870), primarily, "to call to a person" (*para*, "to the side," *kaleo*, "to call"), denotes (a) "to call on, entreat"; … (b) to admonish, exhort, to urge one to pursue some course of conduct …**

By Kittel *et. al.* Vol. V, (1973:793-799) word verskillende betekenismoontlikhede bespreek, t.w. *"Asking for help", "Exhortation", "Consoling help", "Comforting by Men and as God's help."* Voorkeur word egter aan *"Exhort"* in Ef 4:1 gegee.

Ek volstaan dus hiermee.

Om bogenoemde pleitrede te versterk, voeg die apostel ook nog by: *"Ek vermaan julle dan* (Παρακαλῶ οὖν ὑμᾶς)*…* Die woordjie *dan* (οὖν) is 'n voortsetting van iets wat vooraf gebeur het, of gesê is. Aangesien Paulus in die vorige hoofstukke (2&3)

oor eenheid geskryf het, verwys οὖν dus terug na die eenheid wat daar ter sprake gekom het en híér in Hoofstuk 4 wéér voortgesit word. Dan gaan Paulus voort: *"…ek, die gevangene in die Here…"* vermaan/pleit by julle... Ons hoor hom ook by 'n ander geleentheid sê: *"Verder moet niemand my moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van die Here Jesus in my liggaam"* (Gl 6:17), asof hy wil beklemtoon dat hy bereid is om vir die Naam en saak van die Here te ly, en daarom pleit hy in ons teks dat hulle die eenheid ernstig moet opneem. Dan gaan hy voort om 'n beroep te doen op hulle *"…om te wandel waardig* die roeping (τῆς κλήσεως) *waarmee julle geroep is…"* Hierdie roeping dui in die eerste plek op die roeping tot saligheid wat hulle ontvang het in Jesus Christus. Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974:94) se mening is:

> **"Calling" … is *klēsis.* The verb refers to that divine summons into salvation which God gives a sinner, in which he is constituted willing to accept the salvation offered. It speaks of that effectual call into salvation which God in sovereign grace extends to a sinner… They are to be obedient to that heavenly calling or summons to be saints, and live saintly lives.**

Soortgelyke beskouinge, wat die begin is van die ganse Christelike lewenswandel van die gelowige, word ook deur ander kommentators gehuldig.[65] Tereg bring De Klerk (2001:63) hierdie "roeping" in verband met eenheid wanneer hy skryf:

> **Paulus druk sy lesers en ons met groot liefde en erns op die hart dat hulle lewenswandel in ooreenstemming moet wees met die roeping waartoe hulle geroep is. Hulle is deur God geroep uit die dood, uit die greep van verdeeldheid, en met sy roeping skep God hulle tot 'n nuwe mensheid, die Kerk. Hy roep die Kerk uit baie volke om een te wees. Hulle lewenswandel moet dus in ooreenstemming wees met die eenheid met God en met mekaar, waartoe die Here hulle geroep het. Die atmosfeer waarbinne hulle leef, moet altyd die eenheid van die Kerk bevorder.**

Hierna gaan die apostel voort om die praktiese middele te beklemtoon, die *hóé* van die verwesenliking van hierdie roeping: *"…met alle nederigheid* (μετὰ πάσης

[65] Vgl. o.a. Lenski (1987:506); Floor (1995:144); O'Brien (1999:274); Gutzke (1975:101).

ταπεινοφροσύνης) *en sagmoedigheid* (πρᾳότητος)*, met lankmoedigheid* (μετὰ μακροθυμίας)*, terwyl julle mekaar in liefde verdra* (ἀνεχόμενοι ἀλλήλων ἐν ἀγάπῃ) *…"* Hierdie middele of kwaliteite word nét moontlik gemaak deurdat die Heilige Gees nou in die harte van die gelowiges woon (Gl 5:22; Rm 5:5). Hierna volg Paulus met vs. 3 - *"…en* *<u>ernstig strewe</u>* (σπουδάζοντες) *om die eenheid van die Gees te bewaar* (τηρεῖν) *deur die band van die vrede."*

Die begrip *"ernstig strewe"* (σπουδάζω) word deur Louw & Nida, Vol. 1 (1989:298) soos volg verklaar:

> **…to be eager to do something, with the implication of readiness to expend energy and effort - 'to be eager, eagerness, devotion.'**

En verder (1989:663):

> **…to do something with intense effort and motivation - 'to work hard, to do one's best, to endeavor.'**

En ook i.v.m. Ef 4:3 (1989:662):

> **'do your best to preserve the unity which the Spirit gives'**

Dit word weer eens duidelik dat dit die Heilige Gees is wat die eenheid bewerk, maar dat die gelowiges moet saamwerk en alles in hul vermoë doen om die eenheid te behou. Hulle kan nie maar net passief terugsit en wag dat die Heilige Gees die eenheid voltooi nie. Hulle moet *"<u>ernstig strewe</u>* (σπουδάζοντες) *om die eenheid van die Gees te <u>bewaar</u>* (τηρεῖν)*…"*

Die begrip *"bewaar"* (τηρεῖν) word deur Vine's Dictionary (1997) beskryf as:

> **"to watch over, preserve, keep, watch,…"**

En deur Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974: 94):

**"to keep by guarding, to guard by exercising watchful care."**

Die gelowiges word deur Paulus ernstig op die hart gedruk om die eenheid wat hulle reeds het, te bewaar, of sterker gestel, hulle moet wag hou oor dit wat hulle het, sodat hulle dit nie verloor nie. Soos reeds opgemerk onder die ontleding van Jh 17 en Ef 2 , het die Kerk die verantwoordelikheid om eenheid in die Gees na te streef, in samewerking met die Heilige Gees.

Hoe bewaar hulle die eenheid? Paulus antwoord: *"…deur die band van die vrede."* Die begrip *"vrede"* is reeds onder Ef 2:14,15, en 17 bespreek. Ef 2:14 verklaar: *"Want Hy is ons vrede…"* (Vgl. Afd. III, B.2.; Afd. III, B.2.7). En as Christus ons vrede is, kan ons slegs <u>in Hom</u> vrede vind en deur die band van vrede die eenheid in Hom bewaar.

In verse 4-6 bou Paulus voort op die onderwerp van eenheid: *"Dit is <u>een liggaam</u> en <u>een Gees</u>, soos julle ook geroep is in <u>een hoop</u> van julle roeping; <u>een Here,</u> <u>een geloof</u>, <u>een doop</u>, <u>een God en Vader</u> van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is."*

Hierdie verse is 'n voortsetting van die vorige drie verse van hoofstuk 4. Die eenheid word vanuit 'n ander hoek verklaar en verder uitgebou. Daar is:

- Die *"een liggaam"* wat dui op die een Liggaam van Christus waarvan elke gelowige deel geword het. Indien daar sprake kon wees van nog 'n liggaam, sou daar ook 'n basis van verdeeldheid gevind kon word. Maar nou is hulle *één*.
- Die *"een Gees"*, en dit is die Heilige Gees van God wat die samebindende faktor in die Liggaam is.
- Die *"een hoop van julle roeping".* Dit is die roeping tot saligheid (reeds onder vs. 1 bespreek).
- Die *"een Here"* Jesus Christus wat vir elkeen gesterf het aan die kruis.
- Die *"een geloof"*, soos deur Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974:96) verwoord:

> **"Faith" is not the Christian Faith as a system of doctrine and its respective responsibilities. It refers to the principle of faith by means of which all the saints enter into salvation.**

- Die *"een doop"* (hieronder breedvoeriger bespreek).
- Die "*een God en Vader van almal".* Omdat die gelowiges dieselfde God en hemelse Vader het, behoort hulle ook één in Christus te wees.

Alle gelowiges in Christus deel gesamentlik in alles wat *één* is soos in die teks voorgehou. Dit vorm 'n sterk basis vir eenheid.

Wat is hierdie *"één doop"* waarvan Paulus hier melding maak? Indien hier sprake is van die waterdoop, het ons met bepaalde probleme te kampe. Dan sou dit beteken dat die gelowige deur die waterdoop ingelyf word by die Liggaam van Christus. Dié inlywing sou dan bloot 'n menslike handeling kon wees. En indien dit 'n menslike handeling is, sou die besluit oor wie in die Liggaam van Christus ingelyf kon word daarmee saam óók 'n menslike besluit kon wees. Dan sou dit meebring dat <u>elke</u> mens wat ooit gedoop word (hetsy met watter vorm van doop ook al) ingelyf is as deel van die Liggaam van Christus. Dit sou weer uitloop op doopswedergeboorte (reeds voorheen vermeld), wat weer die wedergeboorte uit die Gees sou negeer.

Indien hierdie teks wél dui op die waterdoop, sou die vraag ontstaan watter vorm van doop dan die regte doop is, want daar is dan net *"een doop"*? Indien die teks gesien word as duidend op die waterdoop: Wat is dan die geskiedenis van die Kerk in hierdie opsig? Was dít wat dan veronderstel was om eenheid teweeg te bring in die Kerk, júís die grootste enkele faktor tot verdeeldheid in die grootste gedeelte van die geskiedenis van die Kerk?

Hierdie doop (geneem as inlywing in die Liggaam van Christus), is reeds in 'n vorige gedeelte breedvoerig bespreek (vgl. Afd. III.B.5) vir volledige bespreking). Die teks in 1 Kor 12:13, wat aansluit by die teks onder bespreking, lees so*: "Want ons is almal ook <u>deur een Gees gedoop tot een liggaam</u>, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge."* Soos met die vorige bespreking van lg. teks, wil dit vir my voorkom dat die *"een doop"* hier in Ef 4:5 ook

dui op die inisiëringsdoop, nl. die doop in die Liggaam van Christus. Dit is naamlik die Heilige Gees wat die gelowige in die Liggaam van Christus plaas. En dít op sigself is ‘n sterk aanduiding van eenheid, bewerk deur die Heilige Gees. Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974:96) onderskryf hierdie standpunt:

> **Why should the A.V. and commentators transliterate the word, interpreting the Greek word as referring to the rite of water baptism when the entire context is supernatural, even to the faith exercised by the believer in appropriating salvation?**

Die konteks waarbinne hierdie woord (in die teks) voorkom, is genoegsame grond vir so ‘n standpunt. Met betrekking tot hierdie teks en eenheid, skryf Wuest (1974:96-97) so:

> **The words translated are “one placed into.” That is, in response to our act of faith, we were placed by the Holy Spirit into the Body of which Christ is the Head. This is one of the unities vitally related to our salvation, and upon which Paul bases his plea for unity in the Church. There was and is one common placing into the Body of Christ.**

Roberts (1998) sien wél die waarde van die inlywing in die Liggaam van Christus in hierdie teks, maar koppel hierdie inlywing (in die sendingsituasie) aan die waterdoop:

> **Toe hulle hulle vertroue op Jesus gestel het, is hulle gedoop en daardeur ingelyf in die een Kerk van God. So behoort almal wat op Jesus vertrou, byeen as lede van sy een Kerk en moet dié wete hulle aanspoor om daardie eenheid te bewaar en te bevorder…So is dit ook die Gees wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle die inlywing as lede van die Liggaam van Christus prakties beleef het (vgl. by 2:22, 3:6 e.v.).**

MacArthur (1997) se siening is soortgelyk aan dié van Roberts:

> ***one baptism.*** **This probably refers to the water baptism following salvation, a believer’s public confession of faith in Jesus Christ. Spiritual baptism, by which all believers are placed into the body of Christ (1 Cor. 12:11 - 13) is implied in v. 4.**

Die waarde van Roberts en MacArthur se opvattings lê daarin dat beide die gedagte van die inlywing deur die Gees in die Liggaam in hierdie teks bevorder, en sodoende daarmee saam ook die eenheid van die Liggaam van Christus deur die Gees

bevorder. My mening is egter, soos reeds bespreek, dat die teks nie dui op die waterdoop of die doop in die Heilige Gees nie.

Hierdie teksgedeelte (verse 4-6) propageer baie sterk die eenheid in die Liggaam. En daarmee volstaan ek met hierdie bespreking.

In verse 7-16 bespreek Paulus die verskillende bedieningsgawes wat elke gelowige ontvang het. Vs. 7 verklaar: *"Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus."* Die eenheid word nou op 'n ander wyse gehandhaaf en dit deur die verskillende bedieningsgawes wat deur elke gelowige in die gemeente funksioneer in die krag van die Heilige Gees (4:7-11). Deur die gawes word die gelowiges toegerus vir diens: *"…om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die Liggaam van Christus"* (vs. 12), en 'n groei tot volwassenheid: *"…totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus"* (vs. 13). Volwassenheid bring mee dat gelowiges *"nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus"* (verse 14-15). Die hele Liggaam is deur Christus wat die Hoof is, *"goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde"* (vs.16). Daar is tog eenheid in die diversiteit van bedieningsgawes.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Die gelowiges word dringend deur Paulus gesmeek om die eenheid van die Gees, wat reeds ter sprake gekom het in hoofstukke 2 & 3, ernstig na te strewe. Verse 4-6 versterk die basis vir hierdie eenheid. Daarna volg 'n bespreking van die verskillende bedieningsgawes wat die Liggaam van Christus deur die verskeidenheid van bedieninge tot 'n nog hegter eenheid saambind en voortlei tot volwassenheid. Eerstens word die eenheid bereik deur die aanwending of beoefening van die gawes, en tweedens word die eenheid gehandhaaf deur die bedieningsgawes. Al hierdie gawes wat 'n samebindende faktor tot eenheid is, sal nie moontlik wees sonder die bekragtiging van die Heilige

Gees nie. Wat duidelik na vore kom, is dat God 'n fondament skep vir eenheid (hoofstukke 2 & 3), maar die gelowiges moet saam bou aan die eenheid. Gelowiges moet dus beskikbaar wees om saam te werk tot eenheid en alles in hulle vermoë doen om die eenheid te bewaar; as' t ware wag te hou daaroor met groot erns, soos die *Amplified Bible* dit vertaal: "Be <u>eager and strive earnestly to guard</u> and keep the harmony and oneness of [and produced by] the Spirit in the binding power of peace" (Eph 4:3).

Eenheid is haalbaar wanneer al die lede van die Liggaam saamwerk, elkeen met sy eie besondere bedieningsgawe/s waarna volwassenheid bereik kan word. Volwassenheid weer, loop ook uit op eenheid. Die *Amplified Bible* verwoord die taak van die opbou (vs. 12) van die Liggaam van Christus so pragtig: "[*That it might develop*] until we all attain oneness in the faith and in the comprehension of the [*full and accurate*] knowledge of the Son of God, that [*we might arrive*] at really mature manhood (the completeness of personality which is nothing less than the standard height of Christ's own perfection), the measure of the stature of the fullness of the Christ and the completeness found in Him" (Eph 4:13).

**9. Ef. 5:22-33**

Hierdie perikoop handel oor die huwelik, maar telkemale skemer dit deur dat dit in die gedagtegang van die apostel Paulus terselfdertyd ook oor iets nog groter en dieper gaan, nl. die verhouding van Christus tot die Kerk. (Vgl. verse 22-23;25-27;30-33). Van Rensburg (1993) gee 'n opsomming van hierdie Skrifgedeelte:

> ***5:22-32 Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik.*** **Eers gee Paulus die opdrag aan die vroue (5:22-24), daarna die opdrag aan die mans (5:25-30), en daarna noem hy dat die huwelik 'n afskaduwing is van die verhouding tussen Christus en die Kerk en hy gee 'n samevattende opdrag aan man en vrou (5:31-32).**

Na analogie van die huweliksverhouding wat in hierdie Skrifgedeelte breedvoerig bespreek word, maak Paulus nou die verhouding met Christus duidelik. Die intimiteit van die huwelik, man en vrou se verhouding tot mekaar, word gebruik om die intimiteit met Christus te verduidelik. In die huweliksverbondenheid het elke party bepaalde verantwoordelikhede teenoor mekaar. Terselfdertyd word die eenheid in

die huweliksverhouding duidelik. In verse 30-33 tree die eenwording (eenheid) sterk op die voorgrond: *"Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word. <u>Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.</u> In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig."*

Hierop bevestig Van Rensburg (1993) soos volg:

> **Die eenwording van man en vrou is so finaal en omvattend dat enigiets wat die een raak, ook die ander sal raak. Eenheid in die huwelik beteken hoegenaamd nie dat 'n mens jou eie persoonlikheid moet prysgee en geheel en al in jou maat moet opgaan nie. Nee, dit beteken dat jy na jou maat omsien soos na jouself, en dat jy jou maat help om sy/haar volle potensiaal te verwesenlik. Die skeppingsverhaal beklemtoon al dat man en vrou een is (Gen 2:24), en ook Jesus verwys daarna (Matt 19:4–6).**

Die begrip *"verborgenheid"* (μυστήριον) dui nie op die gedeelte in Gn 2:24 asof Ig. sou dui op Christus en sy Kerk, wat nóú eers aan Paulus geopenbaar is nie. Die klem val op die <u>eenheid</u> tussen Christus en sy Kerk, soos getipeer deur die man en vrou wat nou *"een vlees"* word in hulle samesyn (Hodge, 1964:351). Die *"verborgenheid"* het dus nie betrekking op die huwelik nie, maar op Christus en sy Kerk, soos die konteks dit ook aandui*: "Hierdie verborgenheid is groot, <u>maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.</u>"*

Jamieson, Fausset & Brown (1997) se mening is:

> **Rather, "This mystery is a great one." This *profound truth, beyond man's power of discovering,* but *now revealed,* namely, of the spiritual union of Christ and the Church, represented by the marriage union, is a great one, of deep import.**

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** 'n Gedetailleerde ontleding van bogenoemde teksgedeelte oor die huwelik val buite die studieveld van hierdie proefskrif omdat dit hier gaan oor die eenheid van die Liggaam van Christus. Wat wél belangrik is, is die versgedeeltes wat handel oor die eenheid met Christus en

eenheid van die gelowiges met mekaar. Die huwelik kom ter sprake om júís hierdie eenheid te beklemtoon. Die huwelik is dus ‘n sterk tipering van eenheid.

# IV Teologiese Besinning

## B. Inleiding

In hierdie afdeling word eers aandag gegee aan die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees. As Draer van die Gees, was Hy in menslike gedaante. Na sy opstanding en verheerliking, het Hy Sender van die Gees geword. In hierdie verheerlikte staat kom die noue verhouding Christus-Gees onder bespreking. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif, is dit uiters noodsaaklik om van die verhouding tussen die Verrese Christus en die Gees kennis te neem, omdat die eenheid só intiem is, dat daar nie skeiding gemaak kan word tussen dié Persone in die Godheid nie. Die eenheid in die Drie-eenheid is ewe-eens belangrik vir ‘n besinning oor die eenheid wat deur die Heilige Gees bewerk word: Die fokus val dus nie slegs op die Heilige Gees nie. Daar is nie sprake van ‘n teologiese wanbalans in die soeke na Gees-eenheid nie.

Vervolgens sal daar teologies besin word oor eenheid soos aangetref by verskillende teologiese denkstrominge, soos reeds aangedui in die historiese navorsing (Afd. II). Hierna kom die verskillende vorme van eenheid onder die loep, met die bespreking van die Gees-eenheid as die hoogtepunt, die alles-oorheersende met betrekking tot alle ander vorme van Kerk-eenheid.

Eenheid van die Kerk moet egter konkretiseer in die praktiese uitvoering daarvan om werklik vir die Kerk van waarde te wees, anders bly dit slegs ‘n onwerklikheid wat teoreties op die bladsye van die teologie bly staan. Die konkretisering van die eenheid word as ‘n belangrike aspek bespreek.

**B. Die Heilige Gees in sy verhouding tot Jesus**

**1. Die heilshistoriese verdeling**

Die Parakleet-passasies in Johannes toon die Heilige Gees as Opvolger, Voortsetter, Voltooier van die werk van Jesus op aarde. Hy is die *ander* παράκλητὸς wat gekom het ná Jesus se hemelvaart. Dit skyn hier asof daar sprake kan wees van ‘n afwesige Christus. In die Sendbriewe van Paulus vloei die Heilige Gees en Jesus se werksaamhede egter só saam dat dit skyn asof hulle identies of byna identies is. By Paulus is daar sprake van ’n teenwoordige Christus ná die hemelvaart.

Hierdie probleem sal in die volgende bladsye verdere aandag geniet, waar gepoog sal word om hierdie twee skynbaar teenstrydige pole byeen te bring.

In hierdie afdeling sal veral ook aandag geskenk word aan inligting buite die Parakleet-passasies. Daarna sal meer intensief aandag geskenk word aan inligting vanuit die Parakleet-passasies, asook sekere gegewens vanuit die konteks waarin die Parakleet-passasies staan. Laastens sal gepoog word om al hierdie inligting byeen te bring tot ’n sinvolle geheel.

Die Gees se verhouding tot Jesus word natuurlik ook buite die Parakleet-passasies bespreek. Ter wille van die breër konteks moet dus ook aan die res van die Nuwe Testament aandag geskenk word.

As ’n mens dalk soms by die Parakleet-passasies die indruk kry van ‘n afwesige Christus, is by Paulus weer sterk nadruk te vind op die teenwoordigheid van Christus deur die Heilige Gees.

Jesus staan in H Berkhof (1977:17) se woorde in ‘n dubbele relasie tot die Gees: eers is Hy Draer van die Gees, dan is Hy Sender van die Gees.

Versteeg (1978:17) sien twee lyne: Die eerste lyn is die lyn van die Gees na Christus en die tweede lyn loop van Christus na die Gees.

Daar sal nou aan hierdie verskillende aspekte aandag gegee word.

In hierdie heilshistoriese verdeling sou dit logies wees om eers te besin oor Jesus as Draer van die Gees voordat aandag geskenk word aan Jesus as Sender van die Gees. In hierdie studie lê die nadruk egter op die Parakleet - die Heilige Gees wat gestuur word. In die Parakleet-passasies van Johannes is Hy die *ander* παράκλητὸς wat moes kom. Jesus is dus die eerste Parakleet. Omdat die noue verhouding tussen Jesus en die Gees in die eerste plek vanuit die Parakleet-passasies beoordeel word, word eers aandag geskenk aan Jesus as Sender voordat Hy as Draer van die Gees bespreek sal word. Dit is immers in die Parakleet-passasies waar hierdie noue verhouding aangetref word.

**2. Jesus as Sender van die Gees**

In die Parakleet-passasies kon Jesus slegs die Gees ná sy verheerliking stuur (Jh 16:7; 7:39). Jesus bid die Vader en die Gees word gestuur (Jh 14:16). Die Vader stuur Hom in die Naam van Jesus (Jh 14:26). Jesus stuur Hom van die Vader (Jh 15:26; 16:7). Veenhof (1974:20) se kommentaar hierop is:

> **Typerend voor de johanneïsche verkondiging is dat Christus de Geest zendt als de Gezondene van die Vader en samen met zijn Vader.**

In samehang hiermee moet in gedagte gehou word dat die Heilige Gees, die Parakleet, ’n Persoon in eie reg is. Hierby sluit Floor (1979:16) ook aan. Soms word die *Filioque*-stryd hier ter sprake gebring, ’n stryd wat in die geskiedenis van die Kerk uiteindelik gelei het tot die skeuring van die Kerk in 1054 n.C. Gaybba (1979:72-78) het o.a. breedvoerig hieroor geskryf.

Die stryd het egter gegaan oor die enige bron van oorsprong van die Gees. Vir die Weste bevestig die *Filioque*-klousule die eenheid van die Godheid, want dit verklaar dat die Vader en die Seun saam die een enkele bron van die oorsprong van die Gees uitmaak.

Die feit dat die Weste hulle op die Skrif beroep het vir die invoeging van die *Filioque*-klousule, was volgens die Ooste ‘n gebrek aan insig om te onderskei tussen die historiese uitgang in die heilsekonomie (die verheerlikte Christus stuur die Gees) en die uitgang in die wesenstriniteit (die uitgang van ewigheid af). Gaybba (1979:93) noem dit die ekonomiese en die immanente uitgang. Gaybba (pp.93-94) stel dit so:

> **Die Grieke het beweer dat wanneer die Skrif wil verwys na die immanente uitgaan van die Gees, daar eenvoudig net gesê word dat Hy van die Vader uitgaan (Jh 15:26). Maar wanneer die Skrif daarna verwys dat die Gees na ons gestuur is, dan word daar gepraat oor die Gees van die Seun, die Gees wat deur die Seun gestuur is, ens. Want die Seun het ‘n aandeel in die uitstuur van die Gees, maar nie in sy uitgaan binne die Godheid nie. Die Weste was van mening dat die Seun se rol in die uitstuur van die Gees buite die Godheid ‘n weerspieëling moes wees van die aandeel wat die Seun het in die uitgaan van die Gees binne die Godheid.**

In die Parakleet-passasies het ons egter te make met die historiese uitgang en nie met die ewige uitgang van die Gees nie. Daarom word die *Filioque*-stryd hier nie volledig bespreek nie. Ek volstaan hier met die waardevolle opsomming van Jonker (1981:24):

> **In ons tyd word daar weer allerlei pogings aangewend om oor die kwessie van die filioque tot ‘n vergelyk tussen die Ooste en die Weste te kom. Die gesprek daaroor duur onverpoos voort. As ons oor die hele stryd rondom die filioque terugkyk, dan is dit duidelik dat die belydenis aangaande die Gees in die Nicéno-Constantinopolitanum te gebrekkig was. Reeds dáár is te weinig oor die Gees gesê, veral oor die verhouding tussen die Gees en Christus waarvan die Nuwe Testament tog vol is. Daar word ook te min gesê oor die werk van die Gees. Dit is hierdie gebreke wat die oorsaak was van die latere stryd in die Kerk. Die gebreke self is egter ‘n openbaring van hoe onontwikkeld die leer aangaande die Gees nog in die vierde eeu was. Die verwaarlosing van die Pneumatologie in die Ou Kerk het hom in die hele verdere geskiedenis gewreek.**

Dit is egter verblydend om te sien dat die Pneumatologie in die jongste tyd baie aandag geniet. Mag daar nog baie van hierdie gebreke uitgestryk word!

In hierdie studie oor die Parakleet het ons egter hoofsaaklik te make met die heilsekonomiese uitgang van die Gees. Van Ruler (1947:145) waarsku dat daar

egter gewaak moet word teen ‘n blote historisering van die uitstorting van die Heilige Gees. Van Ruler (1947:145) noem dit *“de gewraakte historisering van de uitstorting van den Heiligen Geest”*, en kwalifiseer dan:

> **… daarin, dat men de geschiedenis ziet en hanteert als een in het algemeen gegeven grootheid en dat men in het kader van deze gegéven en reeds op een bepaalde wijze verstane grootheid de openbaring, i.c. de uitstorting van den Heiligen Geest, opneemt en verstaat, zóó dat het leven des Geestes, dit allerbijzonderste, word opgevat als een - zij het ook nieuwe, er bij gekomen - factor in het meest algemeene, het historische leven.**

Hieruit behoort verstaan te word dat die Gees nie bloot ’n onderdeel is van die geskiedenis nie. Die Gees is méér as die geskiedenis. Van Ruler (1947:145) stel dit só:

> **De Geest vindt niet de geschiedenis, als terrein, waarop hij zich neer kan laten; als stroom, waarin hij zich in kan voegen; maar de Geest schept - in den chaos der existentie en der wereld, kortom in de chaotische werkelijkheid - de geschiedenis.**

As daar in hierdie studie tog verwys word na die historiese uitstorting van die Heilige Gees, word dit beskou vanuit die Parakleet-passasies (die belofte van die koms van die Gees, die Parakleet) asook Handelinge (die vervulling van die belofte van die koms van die Gees, die Parakleet). Hierdie gebeure van die koms van die Gees het op ‘n bepaalde moment in die geskiedenis plaasgevind soos ook die koms van die eerste παράκλητὸς, nl. Jesus Christus. In hierdie konteks moet die begrip *“historiese uitgang”* van die Gees verstaan word. Dit stel die Gees nie minderwaardig voor nie, maar dit beklemtoon die koms van die Gees in die geskiedenis, die Gees wat ook ingryp en die geskiedenis radikaal verander, ja die geskiedenis verder skep tot die voltooiing van die heil.

Die heil, wat in Jesus gestalte verkry het, word nou voltooi (Rm 8:29, 30). Daarom word Jesus Sender van die Gees. Van Ruler (1947:169-171) stel dit duidelik dat Jesus eers Draer van die Gees was, waardeur Hy ook die Gees verwerf het voordat Hy die Gees gestuur het. König (1970:363) sê in aansluiting hierby:

> **Dan kom (veral by Johannes en Paulus) die 'prioriteit' van Christus bo die Heilige Gees in sig. Christus verwerf, skenk en stuur die Heilige Gees (Hd 2:33; Jh 20:22; 14:26; 15:26; 16:7; Lk 24:49, ens.).**

Jesus moes dus eers Draer van die Gees word sodat Hy later Sender van die Gees kon word. Albei hierdie momente word gevind in Jh 1:33 - *"Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop."*

Berkhof (1977:18) verklaar tereg:

> **Jesus can be sender of the Spirit only because he is first receiver and the bearer of the Spirit.**

In Petrus se boodskap op Pinksterdag kom hierdie feit sterk na vore: *"Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor"* (Hd 2:33).

Berkhof, H. (1979:324) stel dit só:

> ***How does the Spirit relate to Jesus?*** **There is not only a relationship of sequence. In the New Testament the relationship between them is presented in two ways. On the one hand the Spirit creatively precedes; he is greater than Jesus and controls him. Jesus is the work of the Spirit. On the other hand the Spirit is the work of the (risen) Jesus, interpreting Jesus and being ruled by him. Jesus is the fruit of the Spirit and the Spirit is the fruit of Jesus.**

En dan som hy op (p. 324):

> **All we do here is to observe that the New Testament clearly speaks of a twofold relationship, to which the study of faith thus far has done no or only scant justice.**

Christus het deur die versoening heen die reg verkry om die Heilige Gees te stuur. Pink (1970:27) sê dat Jesus as Middelaar gesalf is met die Heilige Gees om sy taak te volbring. Dan vervolg hy:

> **His right to send the Spirit into the hearts of fallen men was acquired by His atonement. It was the well-earned reward of all His toil and**

> **sufferings. One of the chief results of the perfect satisfaction which Christ offered to God on behalf of His people, was His right now to bestow the Spirit upon them.**

Die sending van die Gees is voorafgegaan deur die reiniging deur die bloed van Christus - die vergifnis van sonde. Hierdie saak van die sending van die Gees, wat voorafgegaan word deur reiniging en vergifnis, word ook deur Petrus beklemtoon na die uitstorting van die Heilige Gees. Toe die skare vir Petrus vra: *"Wat moet ons doen, broeders"?* (Hd 2:37) was sy antwoord: *"Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang"* (Hd 2:38). Hierdie gawe wat ontvang sou word, staan baie duidelik in die konteks van Hd 1 en 2 in verband met die uitstorting van die Heilige Gees. Dit is die belofte van die Heilige Gees wat Jesus ontvang en uitgestort het (Hd 2:33).

Vos (1984:246) se opmerking oor die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie is by hierdie bespreking ook van pas:

> **Die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie moet steeds binne die heilshistories-eskatologiese kontoere bepaal word. Binne dié grondverhouding is die Heilige Gees die vrug van Christus se heilsweg en -werk en daarom die Gawe van Christus (en God) met die oog op die effektuering én voltooiing van die Christologiese heilsgrondslag.**

Om Sender van die Gees te wees, moes Jesus eers verheerlik word. Floor (1979:22) sluit hierby aan:

> **Die Gees was nog nie daar nie, Jesus het nog nie die beskikking oor die Gees gehad om Hom uit te stuur nie, omdat Hy nog nie doxa, heerlikheid, ontvang het nie. Ons moet oppas om hierdie woorde weer nie te absoluut op te vat nie, want Christus het voor sy kruis en opstanding wel terdeë doxa gehad soos ons kan lees in Jh 1:14. Hy was wel in besit van doxa, heerlikheid, maar net vir Homself. Hy kan dit nog nie uitdeel nie, nog nie laat uitstraal nie.**

Die weg van Christus se verheerliking loop via die kruis en opstanding (Flp 2:6-11). Anders gestel: die chronologiese orde vir die uitstorting van die Heilige Gees is soos

volg: vleeswording, kruisiging, opstanding, verheerliking en dan sending van die Heilige Gees. Pearlman (1937:302) se mening is:

> **After the ascension the Lord Jesus exercised the great prerogative given Him as Messiah - the sending of the Spirit upon others. Acts 2:33; compare Rev. 5:6. Hence He gives the blessing that He Himself has received and enjoys, and makes us joint-partakers with Himself.**

Hierdie δόξα (heerlikheid – Floor) of seën wat Hy self eers geniet het (Pearlman) en wat Hy nou uitgestort het, veronderstel Jesus se vroeëre koms in die Gees. Jesus as Sender veronderstel dat Hy eers Draer van die Gees was, dat Hy eers deur die Gees gekom het. In sy vernedering (vleeswording) was Hy nooit sonder die Gees nie. In sy verheerliking is Hy nog steeds nooit sonder die Gees nie. Dit laat die vraag ontstaan: Wat presies is die verhouding tussen Jesus en die Gees? Laasgenoemde saak sal verder gevoer word in 'n bespreking oor die verhouding Christus-Gees.

### 3. Jesus as Draer van die Gees

In die ondersoek na Jesus as Draer van die Gees sal ons ingaan op sy vernedering toe Hy, wat in die gestalte van God was, Homself verneder het deur Homself te ontledig en die gestalte van 'n dienskneg aan te neem (Flp 2:5-8).

In Jesaja word hierdie beeld van die *"Kneg van die HERE"* (hwhy db,[,) duidelik voorgehou. Hierdie Kneg van die HERE word bekragtig deur die Heilige Gees: *"Daar is my Kneg wat Ek ondersteun … Ek het my Gees op Hom gelê"* (Jes 42:1). Ook in Jes 61:1-2*: "Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE my gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges … om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE …"*

Met hierdie agtergrond kan ons na die Nuwe Testament gaan en veral sekere dinge in die Sinoptiese Evangelies beter verstaan. 'n Mens sou kon sê dat die Gees hier die inisiatief neem in die lewe van Jesus.

Jesus word eers deur die Heilige Gees in die skoot van Maria verwek (Mt 1:18-20; Lk 1:35). Dan, voordat Hy sy aardse bediening begin, ontvang Hy self die Heilige Gees ten tye van sy doop (Mt 3:16; Mk 1:10; Lk 3:22). Die Gees het gekom om op Hom te bly (Jh 1:33). Dit kan geïnterpreteer word as dat die Koninkryk van God gekom het.

Die Heilige Gees en die Koninkryk van God is in wese een en dieselfde (Floor,1979:11). Floor bedoel hiermee dat by hierdie geleentheid toe Hy met die Heilige Gees gesalf is, die Koninkryk op besondere wyse op aarde gekom het. Hier vind die salwing van die Koning plaas! (Floor,1979:12). Daarom is Hy die Gesalfde (Jes 61:1-2; Lk 4:18-21; Hd 4:27; 10:38; Heb1:9). Later sou Hy hierdie salwing (krag) ook aan sy gemeente gee op die dag van Pinkster. Floor (1979:12) vervolg:

> **Hy ontvang hierdie salwing om na sy lyde en sterwe en na sy verheerliking sy gemeente op Pinkster te salf tot ‘n priesterlike koninkryk en ‘n volk van profete. Die koms van die koninkryk van God bestaan dus in die koms van die Heilige Gees, eers op Christus by sy doop en dan op sy gemeente op Pinkster.**

Terwyl Hy met die Gees gesalf is, is Hy ook met die Gees vervul. Die Gees neem dan ook die inisiatief in sy verdere bediening. Die Gees lei Hom in die woestyn om deur die duiwel versoek te word (Mk 1:12; Lk 4:1). Daarna het Jesus in die krag van die Gees na Galilea teruggekeer (Lk 4:14). In die krag van die Gees dryf Hy demone uit (Mt 12:28). Hy verheug Hom in die Gees (Lk 10:21). Petrus het sy toehoorders herinner aan die werk wat Jesus kon doen “*omdat God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag*” (Hd 10:38).

As Kneg van die HERE, terwyl Hy in ‘n staat van vernedering verkeer, ontvang Hy as Mens die Heilige Gees. Hier is die Gees Subjek en Christus Objek (Floor,1979:17). Die Gees is duidelik die <u>Gees van Christus</u>. Van Ruler (1947:170) sê: *“Hij is de Geest, die den Christus poneert.”*

#### 4. Die dubbele relasie tussen Christus en die Gees

Die dubbele relasie tussen Christus en die Gees is in terme van Jesus geformuleer, dat Hy eers Draer en dan Sender van die Gees is. Hierdie twee lyne (Versteeg) loop

hand aan hand: Christus is Draer van die Gees sodat Hy Sender van die Gees kan word. Hierdie twee aspekte van Jesus se verhouding tot die Gees kan nie van mekaar losgemaak word nie. Daar kan slegs 'n onderskeid getref word. Tereg sê Floor (1979:18):

> **Dit is tot skade van die teologie, die prediking en ook van die persoonlike geestelike lewe wanneer ons hierdie twee lyne van mekaar gaan losmaak of die een lyn ten koste van die ander een gaan beklemtoon. …Jesus is vrug van die Gees en die Gees is vrug van Jesus.**

H Berkhof (1979:17-18) sien dat die verhouding tussen Christus en die Gees in die Nuwe Testament op tweërlei wyse aangetoon word: (1) In die Sinoptiese Evangelies:

> **It describes the Spirit as having a divine priority over against Jesus and Jesus as bearer of the Spirit.**

En dan (2):

> **In Paul and John, however, another relation between the Spirit and Christ is dominant. Here Jesus is not so much the bearer of the Spirit as he is the sender of the Spirit. …These two aspects are by no means contradictory. On the contrary, they are complementary.**

Johannes bevestig dit in die prediking van Johannes die Doper: *"Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop"* (Jh 1:33). En Berkhof (p.19) gaan voort:

> **Both aspects belong together, however, as is easily understood when we see Jesus Christ against the background of the promises of the Old Testament.**

Dit bring mee dat dit as korrek beskou kan word om die Gees nie slegs in terme van Christus te verstaan nie, maar ook Christus in terme van die Gees. Soos Christus Draer van die Gees was, het Hy ook Sender van die Gees geword. Nadat Jesus Sender van die Gees geword het, kom daar sprake van 'n nouer verhouding tussen Christus en die Gees. 'n Te noue verhouding tussen die verheerlikte Christus en die Gees lei egter tot die probleem van identiteit. (Later meer hieroor).

Floor (1979:18-19) sê hieroor:

> **Ons moet oppas om Christus as Here en die Heilige Gees nie so nou met mekaar te verbind dat ons tot ’n identifikasie kom nie.**

H Berkhof (1979:28) se mening is dat ons nie kan sê nie:

> **…that the Spirit is merely another name for the exalted Christ… In that case we would forget that the New Testament knows about difference as well as about identity.**

En Hendry (1965:23) sê:

> **…although the presence of the Spirit is equivalent to the presence of Christ, it is necessary at the same time to observe the distinction between them.**

Hierdie nouer verhouding tussen Christus en die Gees sal onder die volgende punt breedvoeriger bespreek word. Hier sal volstaan word met die gedagte dat Christus eers Draer van die Gees was voordat Hy Sender van die Gees geword het. Daar is dus hierdie dubbele relasie tussen Christus en die Gees.

## 5. Die Groter nabyheid in die verhouding Christus-Gees[66]

Die παράκλητος is die Gees van die waarheid wat Jesus opvolg en van Hom getuig. Jesus is die Waarheid, en omdat die Gees van Hom getuig, is Hy die Gees van die waarheid.

Hy word ook die *ander* παράκλητος genoem. Die implikasie hiervan is dat Jesus die eerste παράκλητος is. Die *ander* παράκλητος dui ook daarop dat Hy ‘n ander Persoon is soos Jesus ook ‘n Persoon is. Hierdie ander Persoon is Voortsetter van die werk van Jesus op aarde.

[66] Vgl. ook Afd. III vir eksegetiese ontleding van teksgedeeltes wat in hierdie afdeling ter sprake kom.

Die παράκλητος het die interim-periode kom vul tussen die hemelvaart en die wederkoms. Daarom moes Jesus eers weggaan voordat die Gees kon kom.

Samevattend kan gesê word dat ons die indruk kry uit die Parakleet-passasies dat hier sprake is van ‘n Opvolger van Jesus na sy hemelvaart, wat sy werk moes kom voortsit op aarde. Dit kan spreek van ‘n afwesige Christus, terwyl die ander Een wat in sy plek gekom het, nou werksaam is op aarde.

Die Parakleet-passasies en Paulus se Sendbriewe staan in ‘n besondere verhouding tot mekaar, omdat dít wat nog as’ t ware net in *teorie* bestaan het vir die dissipels soos deur Johannes bespreek, (d.i. voor die uitstorting van die Heilige Gees en dus die koms van die Parakleet), nou ‘n *werklikheid* word vir die dissipels soos deur Paulus bespreek, (d.i. ná die koms van die Parakleet).

### 6. Die Gees by Johannes en Paulus: Belofte - Vervulling

Daar bestaan ‘n bepaalde kontinuïteit tussen die werk wat Christus gedoen het en dié van die Gees. Hierdie kontinuïteit kom sterk by Johannes na vore. ‘n Vergelyking tussen Johannes en Paulus laat die vraag by Green (1976:48) ontstaan: Waarom word daar so min in die Evangelies van die Heilige Gees gesê? Dan kom hy met die insiggewende antwoord dat dit toe te skryf is aan die skrywers van die Evangelies se historiese betroubaarheid om nie die ervaringe wat hulle ná die opstanding deelagtig geword het, in die Evangelies weer te gee in hulle weergawe van Jesus se aardse lewe nie. Hierdie getrouheid is bewonderenswaardig. Paulus se skrywe oor die Gees is ‘n voortsetting van dié van Johannes oor die Gees. By Paulus word ‘n voortsetting gevind van Jesus se werk deur die Gees. Dit kan genoem word “die Parakleet-in-aksie.”

Die onderskeid wat sigbaar word tussen Johannes en Paulus se skrywe oor die Gees se verhouding tot Jesus, kan soos volg verduidelik word: By Johannes kom die Gees slegs wanneer Jesus verheerlik is. Hy word dus sterk afgebaken as Opvolger en Voortsetter van die werk van Jesus op aarde. By Paulus word die Gees só nou met Jesus verbind, dat daar soms ewe goed van Jesus of die Gees gepraat kan

word. Só skryf Paulus ook: *"Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid."* (2 Kor 3:17).

Opsahl (1978:48-49) skryf soos volg hieroor:

> **Similarly, one can speak either of being 'in Christ' (6:1; 8:10) or 'in the Spirit' (Galatians 5:22f) to describe the new life.**

Hierdie nuwe lewe is dit wat die Gees bring in die gelowige. Tereg verklaar Veenhof (1974:21):

> **Niet zuiver achten wij de veelgebezigde kwalificatie van de Geest als "plaatsvervanger" van Christus. Deze betiteling impliceert in feite dat Christus Zelf van het toneel verdwijnt en dat de Geest nu als een soort "Ersatz", een "surrogaat" van de eenmaal gestorven en voorgoed dood blijvende Jezus zou moeten functioneren.**

Die Gees by Johannes en die Gees by Paulus moet in die konteks van belofte - vervulling verstaan word. König (1970:459-461) handel breedvoerig hieroor. Hier moet daarop gelet word dat daar 'n radikale verskil bestaan tussen beloftes of profesieë in die Bybel, en algemene voorspellings. König (1970:459) sê:

> **Kortliks kom dit hierop neer dat die *vervulling* van die Bybelse *beloftes* of *profesieë* radikaal verskil van "voorspellings" wat "uitkom". 'n Voorspelling wat uitkom, is "uitvervul"; dit het tot rus gekom; niemand stel meer in die *voorspelling* belang nie omdat dit "uitgekom" het en die werklikheid waarin dit "uitgekom" het presies soos die voorspelling daar uitsien.**

Bybelse profesieë daarenteen, sê König, kan nie in hierdie gebroke werklikheid "uitvervul" raak nie. Inteendeel lyk die vervulling van die profesieë soms onvoltooid, sodat die vervulling self weer 'n belofte vir 'n verdere vervulling inhou. Bepaalde voorbeelde van Ou Testamentiese beloftes wat in die Nuwe Testament tot vervulling kom, is: Sag. 12:10 in Jh 10:37 en in Mt 24:30; Mal. 3:1,2 in Mk 1:2; Jl 2:28-32 in Hd 2:17-21; Jr 31:15 in Mt 2:17-18.

Hierdie vervulling, sê König (p. 460), kan nie vooraf uit die beloftes afgelei word nie, omdat die belofte nie 'n reportage of vooruitgeskrewe geskiedenis is nie. Die

profesie het ’n eiesoortige vervulling wat slegs vir die geloof duidelik is. God is vry om sy beloftes te vervul soos Hy wil. Die vervulling is telkens groter as wat die mens met wetenskaplike presiesheid uit die belofte kan uitwerk en aflei. Dan verklaar König (1970:460):

> **Hierdie feit hang saam met die God van die belofte wat Homself nie in ons hande gegee het nie - ook nie in sy beloftes nie - maar Heer oor sy beloftes en daarom ook oor die geskiedenis bly.**

Hierdie opmerking van König is baie belangrik, omdat ons hierdeur voortdurend daaraan herinner word dat ons nie slegs met beloftes (of voorspellings) te doen het waarna die persoon wat dit gemaak het, heeltemal uit die prentjie verdwyn nie, maar ons het te doen met die God van die beloftes. Hierby kan gevoeg word dat die profesieë ook nie alles sê wat gesê kan word nie, maar slegs aanduidings (bepaalde riglyne) is vir wat nog moet kom. Eerstens moet die geloofsoog steeds met verwagting kyk om die vervulling te sien, en tweedens sal die vervulling groter en oortrefliker heerlikheid meebring as wat die beloftes omsluit. God bring die vervulling soos Hy die vervulling wil bring. ‘n Verdere belangrike aspek is dat die belofte-vervulling nie slegs vanuit die OT in die OT, of van die OT in die NT ter sprake kom nie, maar ook vanuit die NT in die NT gesien kan word. In hierdie lig moet die belofte (Johannes) en vervulling (Paulus) verstaan word. Die Gees by Johannes is nog slegs ‘n belofte, met alles wat Hy kom doen. Die Gees by Paulus (en die res van die NT), is die ervaring van die vervulling van die belofte by Johannes, en is dus veel heerliker as die belofte.

Jesus het ’n belofte gemaak wat Hy Self tot vervulling gebring het met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag en die belewenis daarna. Hy word geëer as die Groot Vervuller van sy belofte.

## 7. Die noue verhouding Christus-Gees in die konteks van die Parakleet-passasies

### 7.1 Die ‘werke’ in Jh 14

Die Gees in verhouding tot Jesus word hier beskou vanuit die konteks van sekere uitsprake in die Parakleet-passasies (Jh 14:16-17 en 26). Nie slegs die Parakleet-

passasies nie, maar ook die bepaalde Skrifte rondom hierdie Parakleet-passasies moet oorweeg word ten einde ‘n beter begrip te kry van die noue verhouding Christus-Gees.

Jh 14:1-10(a) handel oor die geloof in Jesus as die weg. Brown (1978:628) stel dit so:

> **He is the way because he is the life - since he lives - since he lives in the Father and the Father lives in him (10-11), he is the channel through which the Father’s life comes to men.**

Om hierdie lewe vir die mens te bring, doen Hy die werke van die Vader. Hierdie werke gaan voort in sy Kerk en veral ook ná sy hemelvaart, soos duidelik word in die volgende passasie (verse 10(b)-15).

Die begrip *werke* kom hier dikwels ter sprake. Dit is in die eerste plek die werke van die Vader {vers 10(b)}. Dan sê Jesus: *“…wie in My glo - die werke wat Ek doen sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan”* (vs. 12). In vs. 28 sê Hy: *“Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek.”* Laasgenoemde twee verse verklaar dus ook dat dit streng gesproke die werke van die Vader is, want die rede vir die groter werke wat die gelowige sal doen, word gekoppel aan *“omdat Ek na my Vader gaan”* (vs. 12). Groter werke is juis moontlik *“omdat my Vader groter is as Ek”* (vs. 28). Die werke wat Hy doen, is moontlik omdat die Vader in Hom bly (vs. 10). Hierdie werke verwys na die wonderwerke, want die doel hiervan was om geloof in Jesus op te wek (Jh 14:11; 5:36).

Die vraag kan nou ontstaan: Hóé, en deur wátter krag doen Hy die werke? By die doop van Jesus ontvang Hy die Heilige Gees (Mt 3:13-16; Mk 1:9-11; Lk 3:21-22; Jh 1:31-34). Deur die Evangelies heen is dit duidelik dat Jesus se openbare bediening, gepaardgaande met tekens en wonders, wat Johannes die *werke van die Vader* noem, eers ná die gebeure by sy doop begin het, d.w.s. nadat Hy die Heilige Gees ontvang het. Dit word dus hier duidelik dat die Mens Jesus die krag van die Heilige Gees ontvang het sodat Hy die *werke van die Vader* kon doen.

Die werke wat Hy gedoen het, kan dus nie toegeskryf word aan die feit dat Hy as God wonderwerke gedoen het nie. Nee, Jesus doen as volmaakte Mens die wonderwerke of werke van die Vader en wel deur die krag van die Heilige Gees. Daarom kon Hy ook verklaar dat die gelowiges die werke sal doen wat Hy doen, en nog groter werke (Jh 14:12). Hierdie werke sou slegs moontlik wees vir die gelowige indien hy dit op dieselfde wyse as Jesus kon doen: deur die krag van die Heilige Gees. Jh 14:16-17, die belofte van die παράκλητος, staan streng in die konteks van die werke wat Jesus gedoen het, wat Hy ook nou aan die gelowiges oordra. Die woorde: *"En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen …"* (vers 13), verwys na die werke. Die *omdat* van vers 12 sluit aan by verse 16 en 17. Hy stuur die παράκλητος wat in die gelowige kom woon. Deur die παράκλητος doen ook die gelowige die Vader se werke, net soos Jesus dit gedoen het. Dieselfde Gees wat Hy ontvang het (tydens sy doop), en deur Wie Hy die wonderwerke gedoen het, het die gelowige ook ontvang. Daarom doen hulle ook die werke (byvoorbeeld Mk16:17-18). Omdat Jesus gesê het: *"Glo My ter wille van die werke self"*, sal daar ook diegene wees wat sal glo wanneer die werke deur die gelowiges gedoen word, want sy werke kan slegs in samewerking met Hom gedoen word. Lees ook die volgende Skrifverwysings aangaande Jesus as Mens in samewerking met die Vader: Jh 5:16-26, 30, 36; 8:19, 26-29; 10:25-38; 12:4).

Net soos Jesus dan as Mens die Gees ontvang het om die werke van die Vader te doen, so ontvang die gelowige ook die Gees om die werke voort te sit. In die Ou Testament (Nm 11:11-17) word 'n tipe van die toerusting tot diens gevind wanneer die krag van die Heilige Gees oor mense kom. Moses murmureer omdat die las vir hom te swaar geword het. Die HERE se antwoord aan hom was dat hy sewentig man voor Hom moes stel: *"Dan sal Ek neerdaal en daar met jou spreek; en van die Gees wat op jou is, sal Ek op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie"* (Num.11:17). In Nm 11:25 kom dit tot vervulling: *"En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie."* Byna dieselfde gedagte word gevind in Jh 20:21-22: Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: *"Ontvang die Heilige Gees."* Net soos die oudstes in Moses se tyd toegerus moes word vir diens deur die Heilige Gees wat hulle ontvang het, so word die

volgelinge (dissipels) van Jesus op die dag van Pinkster en daarna ook toegerus vir diens: Hulle ontvang die παράκλητος om die werke van die Vader te volbring. Die skadubeeld wat in Num. 11 getoon word, kom tot ‘n werklikheid in Hd 2. Die παράκλητος het gekom om *in* en *by* en *met* die gelowige te wees *tot in ewigheid* (Jh 14:16-17; vgl. ook Afd. III).

Slegs ‘n opmerking in hierdie verband. Die gelowige ontvang nie slegs Goddelike krag nie, maar ‘n Persoon. Krag op sigself kan na willekeur gebruik word deur die persoon wat dit besit, maar die Heilige Gees as Persoon vereis algehele oorgawe en onderwerping. Torrey (1968:7-8) stel dit so:

> **It is also of the highest importance from the practical standpoint that we decide whether the Holy Spirit is merely some mysterious and wonderful power that we in our weakness and ignorance are somehow to get hold of and use, or whether the Holy Spirit is a real Person, infinitely holy, infinitely wise, infinitely mighty and infinitely tender who is to get hold of us and use us. The former conception is utterly heathenish, not essentially different from the thought of the African fetish worshipper who has his god whom he uses. The latter conception is sublime and Christian. If we think of the Holy Spirit as so many do as merely a power or influence, our constant thought will be, How can I get more of the Holy Spirit, but if we think of Him in the Biblical way as a Divine Person, our thought will rather be, How can the Holy Spirit have more of me? The conception of the Holy Spirit as a Divine influence or power that we are somehow to get hold of and use, leads to self-exaltation and self-sufficiency.**

Daar dien verder ook daarop gelet te word dat geloof in Jesus ’n absolute voorvereiste is om die werke te doen wat Jesus gedoen het (Jh 14:12). Brown (1978:633) stel dit so:

> **Belief in Jesus will bring to the Christian power from God to perform the same works that Jesus performs, because, by uniting a man with Jesus and the Father, belief gives him a share in the power that they possess.**

Hierdie krag veronderstel natuurlik die ontvangs van die Persoon van die Heilige Gees soos reeds bespreek.

## 7.2 Die werke van die Vader, die gelowige en die noue verhouding Christus-Gees

Die Gees van Christus is onlosmaaklik verbonde aan Christus. Sy werk staan nooit los van Jesus nie, anders sou dit beteken dat God Hom ook in ander godsdienste openbaar. In die eenheid tussen Christus en die Gees word God aan die mens geopenbaar. Green (1976:49) se mening is:

> **…it is often said that God has revealed his Spirit as much in Buddhism and Hinduism as in Christianity; indeed, as much in atheism as in theism. In these days when inter-faith dialogue can easily slip into syncretism, and when man's search for God can easily supplant all ideas of God's self-disclosure to man, it is most important to remember the emphatic union which the New Testament asserts between the Holy Spirit and Jesus. If God really has disclosed himself in a Son; and if that Son was characterized by his possession of the Holy Spirit which he has passed on to his followers, then we cannot without denying Christ maintain that God has revealed himself as much in Buddhism as in Christianity; we cannot make an amalgam of religions as if we were all honest seekers after a God who hides himself.**

Met hierdie klem op die eenheid tussen Christus en die Gees, kom die werke van die Vader in verhouding tot die gelowige tot volle ontplooiing en is ander (heidense) godsdienste uitgesluit.

Die werke van die Vader kom in samehang met die gelowige ter sprake waar die teenwoordigheid van God geopenbaar word in die Gees. Hierdie werke is eers deur Jesus gedoen tydens sy aardse bediening deur die krag van die Heilige Gees. Hierdie selfde werke het Hy opgedra aan die gelowiges (Jh 14:12; Mk 16:17,18).

Die werke van die Vader wat Jesus gedoen het deur die Heilige Gees, het Hy ook opgedra aan sy Kerk. Die gelowiges doen hierdie werke deur die gawes van die Heilige Gees (1 Kor. 12). Omdat die gawes van die Gees in die Pinksterkerke so sterk na vore kom, lyk dit vir Berkhof asof die Gees by die Pentekostaliste losgemaak word van Jesus en gekoppel word aan die individu. In werklikheid is dit egter maar net 'n voortsetting van die werke wat Jesus gedoen het. Opsahl (1978:52) stel dit so:

> **The individual Christian discovers that the Spirit does not lead to individual spiritualism, but rather to the life of loving service in the community of faith that edifies the neighbour. The Spirit sustains Christian life through the gifts he gives to the community (1 Corinthians 12:4ff).**

Die werke wat die gelowiges doen, staan in die konteks van die Parakleet-passasies. Sonder die Parakleet kan die gelowiges dit nie doen nie. Hierdie werke is dieselfde wat Jesus gedoen het, en nog groter werke ook. Net soos Jesus die werke gedoen het deur die Heilige Gees, só doen die gelowiges dit ook op dieselfde manier. Die verhoogde Kurios wat die Heilige Gees gestuur het, is steeds betrokke by die werke. Deur die Gees is die Vader en die Seun nou teenwoordig by die gelowige (Jh 14:23). Die werke wat gedoen word, is die werke van die Vader, deur die Heilige Gees. Die Vader en die Seun is betrokke by die sending van die Gees en sodoende by die werke ook.

### 7.3 Die Noue Verhouding Christus-Gees

Hierdie noue verhouding tussen Christus en die Gees kom veral sterk onder die soeklig wanneer dit geformuleer moet word binne die raamwerk van die tussentyd. Verskillende teologiese modelle word aangebied om die noue verhouding Christus-Gees te beskryf. ‘n Paar modelle sal vervolgens kortliks behandel word.

(1) Berkhof (1979:21-29) poog om die beperkinge van sy eie tradisie te oorkom deur met ‘n bepaalde openheid ook na die Pinkstertradisie te gaan kyk. In hierdie poging vind hy tekortkominge in albei tradisies en kom hy voor die probleem van identiteit te staan. In sy soeke na ‘n beter begrip van die verhouding van die Gees tot Christus, voer H Berkhof (1979:22-29) ’n breedvoerige bespreking oor die Reformatoriese tradisie aan die een kant, en die Pentekostaliste aan die ander kant. Hy sê van die Reformatoriese standpunt:

> **It conceives of the relation of the sending Christ and the sent Spirit in such a way that the Spirit is strictly subjected to the historic Christ and has, as its task, to apply the salvation obtained by Christ to mankind.**

Verskillende Skrifverwysings word hiervoor gevind, o.a. Jh 14:26; 16:13-14; 1 Kor. 12:3; Op 19:10. Dan sê Berkhof (p. 22):

> **One can say that this is the main trend in pneumatology in the Christian tradition.**

Die Gees werk in ‘n absolute ondergeskikte posisie aan die verrese Christus. Hy is slegs die instrument deur wie Christus funksioneer. Berkhof (p. 23) skryf soos volg:

> **He himself wants to step back and remain hidden in order to give way to the encounter between Christ and man.**

Hierdie funksie van die Heilige Gees in verhouding tot Christus, sê Berkhof (p. 23), is egter nie die enigste nie:

> **The Spirit is far more than an instrumental entity, the subjective reverse of Christ’s work. His coming to us is a great new event in the series of God’s saving acts. He creates a world of his own, a world of conversion, experience, sanctification; of tongues, prophecy, and miracles; of mission; of upbuilding and guiding the church, etc. He appoints ministers; he organizes; he illumines, inspires, and sustains; he intercedes for the saints and helps them in their weaknesses;…he grants a variety of gifts; he convinces the world; he declares the things that are to come.**

Hierdie “series of God’s saving acts” soos Berkhof dit noem, vind hy wanneer hy sy gevolgtrekkings maak oor die “Pentecostals of the twentieth century…over against the official churches” (p. 23). Dan vervolg hy (p.24) dat die Pentekostaliste:

> **…consider the Holy Spirit as an independent reality with his own content. Here he is not only instrumental to Christ, but he is also a center of new actions.**

König (1970:374) se kommentaar, na ‘n deeglike ondersoek op Berkhof, is gegrond:

> **In hierdie lig is dit nie verantwoord om ‘n verskil te maak tussen die oorspronklike werk van die Heilige Gees en sy <u>onoorspronklike</u> werk, naamlik sy voortsetting van die werk van Christus nie. Die ganse verskeidenheid van wat die Gees doen, is wat <u>Jesus Christus</u> deur Hom doen - of dit sonder meer ‘n voortsetting is van wat Christus alreeds gedoen het en of dit nuut is t.o.v. Christus se <u>aardse</u> optrede. Wat die Gees doen, doen Hy as die <u>Gees van Christus</u>, doen Christus deur Hom.**

Volgens Berkhof beklemtoon die Pinkstertradisie die oorspronklike werk van die Heilige Gees, ‘n soort selfstandigheid naas die werk van Jesus Christus. Hierdie selfstandigheid hou vir Berkhof ook gevaar in vir die intieme verhouding tussen Christus en die Gees, omdat die Gees dan van Christus losgemaak word (Berkhof p. 24).

Berkhof vind by beide die Reformatoriese en die Pentekostalistiese standpunte tekortkominge. Die individualistiese subjektiwiteit van die Pentekostaliste word teenoor die institusionele objektiwiteit van die Reformatore gestel. Aldus Berkhof (p. 24):

> **Here we feel the threat of individualistic subjectivity, as there the threat of institutional objectivity…Both parts live by the lacks and mistakes of the other.**

Berkhof (pp. 24-29) poog voorts om die tekortkominge van beide hierdie twee standpunte te bowe te kom. Daarvoor, meen Berkhof, is dit ook nodig om te kyk na die briewe van Paulus (p. 24):

> **This means that we have to start where the first group starts and to say that the Spirit is always and everywhere the Spirit of Jesus Christ.**

Tog sê hy, volgens die tradisionele beskouings, is dit hoofsaaklik die vleeswording en die versoening wat ter sprake gekom het wanneer daar oor die Gees nagedink word. Gevolglik staan regverdigmaking van die sondaar deur die bloed van Christus voorop. Bybelse teologie (aldus Berkhof) het egter ook nuwe insigte gebring, wat die noue verhouding tussen Christus en die Gees beklemtoon. Christus, die verrese en verheerlikte Heiland, is die Gees (1 Kor 15:45). Dan haal Berkhof (pp. 26-27) vir Käsemann aan:

> **This means that the Spirit is the earthly presence of the exalted Lord. To say it more precisely: in the Spirit the Resurrected One is manifested in his resurrection-power.**

Die gelowige kry deur die Gees deel aan die regverdigmaking, maar ook aan die heiligmaking en uiteindelik die verheerliking. So begin dit alles by die Gees en

Christus (vleeswording) waar Christus Draer van die Gees geword het, maar eindig by Christus en die Gees (verheerliking) waar Christus Sender van die Gees geword het. Die twee momente, Christus as Draer van die Gees, en Christus as Sender van die Gees, is albei hier teenwoordig.

Berkhof se beredenering bring hom te staan voor die noue verhouding Christus-Gees. Hy sê voorts (pp. 28-29):

> **…the risen Lord transcends his own functioning as the life-giving Spirit. He is eternally in the glory of the Father as the first fruits of mankind, as the guarantee of our future, as the advocate of his church. His life, as the life of the One in which the goal of humanity is attained, is more than his function toward us (p.28).**

Hy sê egter dat die begrip "funksie" nie reg laat geskied aan hierdie handeling van Christus nie. Hy sê:

> **Christ's movement toward us is not a mere action but his entrance into a special modus existendi, the mode of immanence, in which he nevertheless does not cease to remain transcendent as the exalted Lord.**

Berkhof se poging word saamgevat as "the Spirit as the risen Christ, reaching out to the totum, to conform us to his image" (Floor,1979:20). Norman Shepherd (1965:90) som Berkhof op:

> **It follows that Berkhof does not draw back from speaking of an identity of the Spirit and Christ. Our christology can then be pneumatological (p.19) and our pneumatology can be christological (p.24). The identity which Berkhof describes is not absolute, as though Spirit were merely another name for the exalted Christ; nor may the identity be reduced to an identity of function. Perhaps the identity can be described briefly as one in which the distinction between Christ and Spirit evidences the fact that God is moving out nearer to man.**

Enkele kritiese opmerkings op Berkhof is hier van pas.

(a) Berkhof (p. 24) maak die volgende opmerking oor die Pentekostaliste:

> **They, in their turn, cannot do justice to the intimate connection of the Spirit with Christ. To them the Spirit is more or less emancipated from Christ.**

In die eerste plek moet in gedagte gehou word dat die Pentekostalisme soos wat hy daarna gaan kyk het (pp. 21-24), ’n ervarings- of belewenisgodsdiens is. Pentekostaliste het gewoonlik ‘n ervaring van die werkinge van die Heilige Gees gehad, wat dalk net so te boek gestel is. Dit was nie soseer bedoel om ‘n teologiese handboek te wees nie, maar eerder om te skryf oor hierdie wonderlike ervaringe. Wat ek eintlik wil sê, is dat daar nie in hierdie geskrifte ten nouste daarop gelet is om ’n teologiese verhandeling daar te stel oor die verhouding Christus-Gees nie. In die tweede plek wil ek as Pinkstergelowige verklaar dat Berkhof verkeerd is in sy oordeel dat Pentekostaliste die Gees van Christus losmaak. Die noue verhouding tussen Christus en die Gees kom juis sterk op die voorgrond by Pentekostaliste.

(b) Berkhof maak verder algemene opmerkings wat getuig van ‘n te oppervlakkige beskouing van die Pentekostaliste (pp. 23-24). Berkhof se opmerkings is te algemeen vir ‘n in-diepte teologiese ondersoek oor so ‘n belangrike onderwerp, nl. die Pinkstersiening van die verhouding Christus-Gees. Berkhof verwys nêrens spesifiek na enige Pentekostalistiese skrywer om sy beweringe te staaf nie. Al die Pentekostaliste dink ook nie eenders soos dit volgens sy formulering lyk nie. Daar bestaan teologiese verskille. In sy opmerking oor die Pentekostaliste van die twintigste eeu maak hy hom skuldig aan veralgemening (pp. 23-24):

> **In spite of their varieties and contrasts, they have in common that they…consider the Holy Spirit as an independent reality with his own content.**

Só ’n algemene opmerking laat nie reg geskied aan die werklike nadruk in Pentekostalistiese denke of aan die verskille wat daar bestaan nie.

(c) Die waarde van Berkhof se ondersoek moet gesoek word in die feit dat hy ander denkrigtings, soos byvoorbeeld die Pentekostaliste, wat soms baie vreemd is aan sy eie tradisie, wou bybring. Hierdie openheid is bewonderenswaardig, alhoewel die leemte juis daarin bestaan dat hy sy ondersoek in ander denkrigtings, en by name die Pentekostaliste, nie deeglik genoeg gedoen het nie. Indien dit wel sou gebeur

het, kon dit ‘n bydrae gelewer het tot Berkhof se siening oor die verhouding Christus-Gees. In Berkhof se poging om weg te beweeg van ’n verkeerde standpunt oor die verhouding Christus-Gees, gaan hy na die ander uiterste toe en kom voor die kwessie van identiteit, waarop hy die struktuur van sy pneumatologie bou, te staan. Mathie (1981:43) stel dit so:

> **However, this identification of the Spirit with Christ, based on the premisés previously alluded to, simply, yet skilfully argued, remains a central pillar upon which the whole superstructure of his pneumatology is built.**

Die feit dat Berkhof nie ‘n goeie begrip gekry het van die Pentekostalisme voordat hy sy pneumatologiese struktuur gebou het nie, bring mee dat sy super-struktuur mank daaraan toe is omdat juis ‘n korrekte begrip van die Pentekostalisme, wat nie die Gees van Christus losmaak soos hy gereken het nie, kon meewerk tot ‘n meer gebalanseerde pneumatologiese beskouing.

Ek het baie aandag geskenk aan Berkhof in hierdie verhouding Christus-Gees, juis omdat hy die Pentekostaliste betrek en ek as Pinkstergelowige juis die Parakleet beskou vanuit Pinksterperspektief. Die volgende modelle sal nie so breedvoerig bespreek word nie.

(1) A A van Ruler (1947:165-199) bespreek die verhouding Christus-Gees breedvoerig en kom onder die indruk van die veelvormigheid van hierdie verhouding. Van Ruler (p.172) spreek homself as volg hieroor uit:

> **…dan komt men onder den indruk, niet alleen van de veelvormigheid van die verhouding van het pneuma en den messias, maar vooral ook van haar beweeglijkheid en tegenstrijdigheid… Ik sprak van tegenstrijdigheden. Maar daarvan mag alleen sprake zijn in een formeel-logischen zin.**

Van Ruler (p.173) erken:

> **…dat ons én het begrippenmateriaal én de uitdrukkingsvormen ontbreken, om in één volzin duidelijk en zuiver te zeggen, welk nu precies de samehang van den Heiligen Geest en den Christus is.**

Bogenoemde standpunt van Van Ruler kom vir my nader aan die waarheid. Die verhouding Christus-Gees is só wyd dat dit selfs nie met 'n begrip, soos Berkhof dit wil, nl. "identiteit", ten volle beskryf kan word nie. Dit bring groter verantwoordelikheid mee in teologiese nadenke en omskrywing.

Van Ruler (p.173-174) erken die noue verhouding tussen Christus en die Gees:

> **Hij stort den Geest uit; hij komt in zekeren zin in den Geest reeds weder (de uitstorting van den Geest is een vorm van de wederkomst van Jezus); en hij gaat door den Geest in alle werklijkheid in.**

Terwyl Van Ruler hierdie noue verbondenheid tussen Christus en die Gees nie misken nie, meen hy "is de identiteit van Jezus Christus en den Heiligen Geest dan ook volstrekt onaanvaarbaar."

Hierdie begrip van identiteit is vir hom te verwarrend (p.174). Na 'n breedvoerige bespreking van 2 Kor 3:17 en 1 Kor 15:4-5 (pp.177-179), kom Van Ruler (p.180) tot die slotsom dat daar wel sprake is van <u>funksionele identiteit</u>, hoewel nie *van "een identiteit der essentie nie."* Die verhoogde Christus werk deur en in die krag van die Heilige Gees.

(2) Vos (1984:225-247) kom na ‘n breedvoerige bespreking van die verskillende modelle tot sy eie gevolgtrekking, wat dui op ‘n soeke na ‘n eie identiteit van die Gees (p.242). Instemmend met Jonker (1981:132) verklaar hy ook:

> **Die 'twee-heid' van Christus en die Gees moet gehandhaaf bly, hoe sterk die klem op hulle eenheid as twee synswyses van die één God ook is.**

Vos is dus op soek na ‘n selfstandigheid van die Gees naas Christus, wat hy egter ook nie deurgaans kan handhaaf nie. Hy verklaar verder soos volg (p. 243):

> **Die twee-heid van Christus en die Gees mag egter nie sodanig oorbeklemtoon word dat die heilshistories-eskatologiese eenheid tussen Christus en die Gees uit die oog verloor word nie. Die soeke na die eie identiteit van die Gees, na sy relatiewe selfstandigheid, mag nie daartoe lei dat Christus en die Gees van mekaar losgemaak word nie.**

Hierin lê júís Vos se probleem wanneer hy neig om die Gees en Christus te los van mekaar te maak. Vos besef self die leemte en tog het hy nie werklik ‘n antwoord daarvoor nie. Na verdere bespreking oor die selfstandigheid van die Gees, stem hy ook saam met Du Rand (1985:85):

> **In sy afskeidsuur bemoedig en versterk Jesus sy dissipels met ‘n dubbele belofte: eerstens gaan Hy hulle na die Vaderhuis neem; tweedens gaan die Parakleet, Hyself en die Vader in ‘n liefdesgemeenskap tree met hulle wat Hom liefhet en sy gebooie bewaar.**

Dan gaan Vos (p. 245) voort:

> **In die eskatologies-gelade tussentyd tree die Parakleet, Jesus en die Vader in ’n liefdesgemeenskap met almal wat Hom liefhet en sy gebooie bewaar.**

Hierdie model van Vos verklaar egter nog nie die noue verhouding Christus-Gees in sy diepste wese nie.

In samehang met König se model sal verdere kritiese opmerkings op Vos van pas wees, omdat Vos kritiek op König lewer, wat hierna onder bespreking kom. Ek moes König se model laaste behandel, omdat my eie bydrae daaruit sal voortvloei.

(3) König (1970:363-374) het breedvoerig oor die verhouding Christus-Gees in die tussentyd gehandel, die sg. *Christus praesens*. Allereers kyk König na die hemelvaart, wat in verband gebring word met Jesus se optrede as Verhoogde Heer in die tussentyd. In sy ondersoek het König gelet op wat die vier Evangelies oor die hemelvaart te sê het. Hy kom tot die gevolgtrekking (p. 364):

> **Dit beteken dat, of die hemelvaart genoem word of nie, en of dit breedvoerig beskryf word of nie, die gesamentlike getuienis van die Nuwe Testament is dat Jesus self voortgaan met sy werk op aarde.**

Hieronder moet ons verstaan dat Christus na sy hemelvaart nie weg is en dat sy werk nou onderbreek word nie. Christus is waarlik nóg teenwoordig. Die hóé van sy teenwoordigheid sal nou aandag geniet.

König (1970:366-368) gaan vervolgens voort om die *Christus praesens* onder drie hofies (wat op sigself baie sê), te behandel:

- Hy is *nie minder werklik* teenwoordig nie.
- Hy is as *dieselfde* Een teenwoordig.
- Sy koms in die Heilige Gees is nie kwalitatief *minderwaardig* teenoor sy eerste koms nie.

Die modus van Christus se teenwoordigheid in die tussentyd is 'n teenwoordigheid deur die Heilige Gees (p. 368). Die hemelvaart van Jesus dui nie op 'n afskeid asof Jesus sy dissipels verlaat nie, maar slegs 'n oorgang na 'n ander wyse van bestaan waarin die wêreld Hom nie meer kan sien nie (p. 369). König (pp. 369-370) raak 'n verdere kernsaak aan wanneer hy besin oor die verhouding tussen Jesus se voortgesette werk op aarde en die koms van die Heilige Gees. En hier kom die noue verhouding Christus-Gees onder die soeklig. König se konklusie is:

> **Dit is dus nie moontlik om die Gees en Christus los van mekaar as twee onafhanklike groothede in die gelowiges (en die gelowiges in hulle) te beskou nie, maar tussen die Here en die Gees is 'n besliste verband.**

Rm 8:9 verklaar*: "As iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie."* Die werk van Christus en die Gees hang só nou saam dat hier byna sprake kom van 'n identiteitsprobleem. König (p.373) se opmerking is van pas:

> **Die werk van die Heilige Gees is dus nie iets selfstandigs naas en onafhanklik van die werk van Christus nie.**

Wat Berkhof beskou as die oorspronklike werk van die Heilige Gees (vgl. ook Berkhof se model), is in werklikheid die werk van Christus in en deur die Gees. Dan volg König se opsomming:

> **Die verhouding tussen Jesus Christus en die Heilige Gees in die tussentyd kan dus as volg saamgevat word: Jesus Christus is teenwoordig en werksaam in en deur die Heilige Gees, só dat die teenwoordigheid en werk van die Heilige Gees die teenwoordigheid en werk van Jesus Christus is.**

Volgens bg. vier teologiese modelle is dit duidelik dat die noue verhouding Christus-Gees in die tussentyd moeilik definieerbaar is.

Soos reeds voorheen opgemerk, sou Berkhof, na my mening, ‘n beter pneumatologiese struktuur kon bou as die struktuur van identiteit, indien hy die inligting tot sy beskikking meer intensief nagegaan het. Van Ruler kom nader aan die waarheid wanneer hy ruimte maak vir ’n funksionele identiteit, terwyl hy hom distansieer van ’n wesensidentiteit. Vos se twee-heid gaan nie op nie, omdat hy daardeur neig om die Gees van Christus los te maak. Voordat voortgebou kan word op König se standpunt, moet eers aandag geskenk word aan die kritiek van Vos op König. Hy bespreek König se siening oor die verhouding Christus-Gees en verklaar dan: Wanneer König die verhouding tussen Christus en die Gees op dié wyse verstaan, lei dit daartoe dat die Pneumatologie in die Christologie ingesnoer word (p. 241). Vos sê ook dat König, net soos Barth, sy Pneumatologie ontwerp vanuit die Christologie (p. 240). Dan verklaar Vos (p. 241):

> **Die feit dat König se Pneumatologie in sy Christologie ingekapsel is, bring mee dat sy ontwerp mank aan trinitariese perspektiewe gaan.**

Vos verklaar voorts dat daar nie veel van die Persoon van die Heilige Gees tereg kom waar die klem te sterk val op instrumentaliteit nie (p. 241).

Om ‘n beter perspektief op König se Christologie te verkry, moet dit as ‘n eenheid in beskouing geneem word. Hy bewys naamlik dat die hede, verlede en toekoms (eskatologie) alles in Christus gefundeer is. Die eskatologie is nie iets loshangends nie. Alles vorm ‘n eenheid. Vos faal daarin om hierdie grondslag van König te onderskei. Vos wil dus teenoor König, die selfstandigheid van die Gees behou, soveel so dat die gevaar bestaan om die Gees van Christus los te maak.

Die Gees en Christus kan van mekaar onderskei word, maar nooit geskei word nie. Vos se verklaring dat König se model mank aan perspektiewe gaan, kan juis op *sy* model toegepas word! Indien die Gees en Christus té los van mekaar gesien word, word die Eenheid van God daardeur misken. Dit is nog, bo alles, één God! Daar is selfs ‘n eenheid tussen die gelowiges en die Gees (Jh 17:21; 14:23), soos daar ’n

eenheid is tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die Gees kan nie van Christus só onderskei word dat aan elkeen só ’n selfstandigheid toegeken word dat die Eenheid van die Een God misken word nie. Verder gebruik Vos ook nie die Skrif om sy standpunt te staaf nie. Daar is ‘n nouer verband tussen Christus en die Gees as wat by Vos na vore kom.

In Pentekostalistiese kringe het ek nie ’n vaste en breedvoerig uitgewerkte model gevind vir die noue verhouding Christus-Gees nie. Tog staan hierdie Bewegings nie onverskillig daarteenoor nie, want aanduidings word by lg. se denke gevind van ‘n noue verhouding Christus-Gees. Berkhof se opmerking dat Pentekostaliste die Gees van Christus losmaak, moet gesien word as sy eie interpretasie van Pentekostaliste, wat nie ‘n korrekte weergawe is nie. ‘n Paar Pentekostalistiese skrywers sal hier oorweeg word. James (1965:34) sê dat die begrippe “die Gees van sy Seun” en “die Gees van Christus” daarop dui dat daar ‘n noue verhouding tussen Christus en die Gees bestaan:

> **This points to the special and intimate relationship between the Holy Spirit and the Lord Jesus in his humanity, public ministry, antonement, and resurrection glory.**

Dr. F P Möller het (in lewe) goedgunstiglik ’n ongepubliseerde manuskrip tot my beskikking gestel waarin hy ook die doop in die Heilige Gees sien in onlosmaaklike verband met die verrese Christus. Dan verklaar hy (p.669):

> **Hoewel ‘n mens bewus is van die werking van die Heilige Gees in jou lewe, is die Een met Wie jy kommunikeer en gemeenskap het, die Here Jesus self.**

Herholdt (1990:76) maak melding daarvan dat die intieme verhouding tussen Christus en die Gees meebring dat die Heilige Gees se werk in die gemeente beleef word as die teenwoordigheid van Christus. Daarom kan die Gees en Christus nie geskei word nie, en nog minder kan daar ’n keuse tussen die twee gemaak word. Die verrese Christus is nog steeds aktief betrokke by die gemeente. Die werk wat Christus op aarde begin het, word na die hemelvaart steeds deur Hom voortgesit. Die werk van Christus en dié van die Gees word identies gemaak en daardeur is

Christus dinamies betrokke by die gemeente sonder dat daar 'n verwarring ontstaan tussen die Persoon van Christus en die Persoon van die Heilige Gees (p. 54).

Verster (1972:74) verklaar:

> **Dit is die Gees wat Christus se inwoning in die gelowige bekend maak (Jh 14:16,20)…Daarom is dit 'n redelike gevolgtrekking om aan te neem dat die Gees in al die ware gelowiges moet woon om die inwoning van Christus aan die gelowige bekend te maak.**

Die eenheid van die Gees en die verrese Christus word so sterk deur Pentekostaliste ervaar dat daar byna sprake van kan wees dat die Gees en Christus identies is. Osborn (1959:208) sê dat die Gees só tot hom gespreek het:

> **My son, as I was with Price, McPherson, Wigglesworth and others, so will I be with thee. They are dead, but now it is time for YOU to arise, to go and do likewise. YOU cast out devils; YOU heal the sick; YOU raise the dead; YOU cleanse the lepers. Behold, I give unto YOU power over all the power of the enemy. Be not afraid. Be strong. Be of good courage. I AM WITH THEE AS I WAS WITH THEM. No evil power shall be able to stand before THEE all the days of THY LIFE as you get the people to believe my Word. I used those men in their day, but this is YOUR day. Now I desire to use THEE.**

Opvallend van hierdie gesprek met die Gees, is dat dit net sowel die verrese Christus kon wees wat met Osborn gepraat het. Die <u>eenheid</u> tussen Christus en die Gees word weer eens hierin beklemtoon. Die eenheid tussen Christus en die Gees word ook deur Mel Tari beleef (1972:76-77; pp.114-115). Christus is só één met die Gees in hierdie noue verhouding Christus-Gees dat dit aanvaar kan word dat dit die verrese Christus is wat met sy werke voortgaan, met die Gees as Instrument, in en deur die gelowige (Möller:673; Herholdt:53-54).

Myns insiens is die grondslag van die noue verhouding Christus-Gees juis die éénheid in die Godheid (1 Kor 8:6; Efes. 4:6). Waarom móét ons hulle uitmekaar haal? En waarom móét ons hulle identifiseer? Die eenheid in die Godheid is genoegsame aanduiding dat daar 'n noue verhouding tussen Christus en die Gees bestaan. Daarom is König (1970:374) se samevatting heel van pas:

> **Jesus Christus is teenwoordig en werksaam in en deur die Heilige Gees só dat die teenwoordigheid en werk van die Heilige Gees die teenwoordigheid en werk van Jesus Christus is.**

In so 'n beskouing word die Eenheid van die <u>Een</u> God nie misken nie.

Wat van die identiteit? Daar is nie 'n algehele identiteit nie, selfs ook nie identiteit soos Berkhof dit wil nie. Alleen God (die Seun) kan Hom so laat opgaan in die Ander (die Heilige Gees), d.i. sy identiteit prysgee sodat Hy terselfdertyd nog sy eie identiteit en sy selfstandigheid behou. Die verhouding van die Gees tot die Seun kan ook so verklaar word. Die mens se ervaring van die prysgee van sy identiteit lê op 'n ander vlak. As die mens sy identiteit prysgee, moet hy noodwendig 'n ander identiteit aanvaar. Maar Jesus Christus kan tegelyk sy identiteit aan die Gees prysgee én dit behou, juis omdat Jesus en die Gees albei deel in die identiteit van God. Elke Persoon in God behou sy identiteit sowel as sy selfstandigheid binne die intieme gemeenskapslewe van die een ware God. Juis hierin is sprake van 'n sterk trinitariese perspektief.

God sê verder ook nie vir ons hóé Hy dit doen nie. Daarom vind ons dat die klem in sekere kringe te sterk val op die identiteit en in ander weer op die selfstandigheid van Christus en die Gees. Dit bring in werklikheid mee dat ons oor God wil begin nadink. En wanneer ons oor God wil begin nadink, moet ons eers bereid wees om te luister wat Hy vir ons van Homself wil sê. Hier is die Woord noodsaaklik. In hierdie nadenke oor God buite die Skrif om, duik daar probleme op. König (1973:12) stel dit so:

> **Om oor God te dink is een ding - om na God te <u>luister</u> is heel iets anders. Maar juis dit is hoe Israel die ware God leer ken het.**

Terwyl ons na God <u>luister</u>, kan ons slegs aanneem wat Hy van Homself (wil) sê. Daarom moet ons berus as Hy nie vir ons sê hóé Hy sy eenheid asook sy selfstandigheid in die drie Persone in die Godheid behou nie. Al wat ons kan aanvaar, is dat daar 'n bepaalde eenheid sowel as 'n bepaalde identiteit is.

Daar kom ook ‘n eenheid, wat lyk soos identiteit, sowel as ‘n selfstandigheid in die werke van Christus en die Gees voor. Van Ruler gee erkenning aan hierdie identiteit van die werke wanneer hy praat van funksionele identiteit (p.180). Malatesta (1977:119) se mening is:

> **The expressions about the Spirit of Truth, the Paraclete, do indeed point to a coincidence of action. But we can also see clearly that their intent is rather to place in high relief a diversity.**

In samewerking met die gelowiges is Christus aktief betrokke, so ook die Heilige Gees. Malatesta (p.116) stel dit so:

> **It is the glorious Christ who is active and present in the faithful. And because we can say the same of the Holy Spirit, we can speak of a relationship between the two actions.**

Omdat Christus en die Gees onderskeidelik elkeen sy selfstandigheid behou, verkies Malatesta (p.120) om te praat van *“united action.”* Hierdie *“united action”* is só sterk dat dit lyk na identiteit, en tog word slegs die noue verhouding Christus-Gees hierin beklemtoon. Dan gaan Malatesta (p.120) voort:

> **Precisely because they speak of the simultaneous action of Christ and the Spirit these expressions provide a sure counter against a complete identification.**

Hierdie siening van Malatesta is geregverdig. Die Gees én Christus is dus albei werksaam in en deur die gelowige. Pink (1970:27) sluit by Malatesta aan wanneer hy praat van *“conjoined mission”* in die verhouding Christus-Gees. Floor (1979:25) se mening is:

> **In verband met die innige samehang wat daar is tussen Christus, Kurios en die Gees kan ons spreek van die ‘kuriologiese karakter’ van die Heilige Gees en sy werk.**

Soos reeds opgemerk, is daar ’n noue samehang tussen die gelowige, Christus en die Heilige Gees. Jesus sê immers: *“Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom”* (Mt 12:28). Hierdie werke wat

Jesus gedoen het deur die Gees, het Hy aan sy Kerk oorgedra sodat die gelowiges nou selfs die groter werke doen (Jh 14:12).

Daar kom ’n nuwe dimensie by in die werke wanneer die gelowiges dit doen, soos deur Jesus aan hulle opgedra. Eers was dit die Mens Jesus wat hierdie werke van die Vader verrig het deur die krag van die Heilige Gees. Daarna doen die gelowiges hierdie werke, ook deur die Heilige Gees, maar die verhoogde Christus is steeds betrokke (Mk 16:17-20; Hd 14:3). Hy het dus nooit opgehou om betrokke te wees by die gelowiges nie. Soos König (1970:366) dit stel:

> **Hy is nie minder werklik teenwoordig nie.**

En ook (p.367):

> **Sy koms in die Heilige Gees is nie kwalitatief minderwaardig teenoor sy eerste koms nie.**

En verder (p. 367):

> **In hierdie lig sou ons selfs kon sê dat die teenwoordigheid van Jesus Christus in die Heilige Gees heerliker is as sy teenwoordigheid voor die kruis.**

König (1970:367) bring dan ook tereg die <u>groter heerlikheid</u> in verband met die <u>groter werke</u>, *“omdat Ek na die Vader gaan”* (Jh 14:12). Die eenheid met die gelowiges word nog verder gevoer wanneer die gelowige sy werke doen: *In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle* (Jh 14:20). En hoe pragtig kom die trinitariese perspektief ook hiér na vore. Dit is die werke van die Vader wat die gelowige deur die krag (gawes) van die Heilige Gees doen, en Jesus die Here is ook betrokke. Dan kry Jh 14:23 ook wyer betekenis: *As iemand My liefhet sal hy my woorde bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak*. Die eenheid van die Godheid, waar Vader, Seun en Heilige Gees nie só selfstandig beskou word dat hulle van mekaar losgemaak word nie, kan ook duidelik hier gesien word.

Samevattend kan gesê word: In hierdie model word die selfstandigheid van elke onderskeie Persoon in die Godheid behou, sonder om die eenheid te verbreek, terwyl die trinitariese perspektief ook duidelik tot sy reg kom.

**Opmerking met betrekking tot eenheid:** Daar bestaan volmaakte eenheid in die Drie-eenheid. Hierdie eenheid is ook ‘n model vir eenheid in die Kerk. Jesus het immers gebid: *“Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons”* (Jh 17:11). En: *“Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees…”* (Jh 17:23). Met sy vleeswording word Jesus as Mens eers Draer van die Gees, en stel vir die gelowiges ‘n volmaakte voorbeeld van ‘n Geesvervulde lewe onder die volkome beheer van die Heilige Gees. Na sy hemelvaart word Hy ook Sender van die Gees. Die Gees kom nou in die plek van Jesus as ἄλλος παράκλητος.

Omdat die gawes van die Gees in die Pinksterkerke so sterk na vore kom, lyk dit vir Berkhof asof die Gees by genoemde Beweging losgemaak word van Christus en gekoppel word aan die individu. Volgens Berkhof se beskrywing (soos reeds opgemerk) word daar in genoemde twee Bewegings, ten spyte van hulle verskeidenheid en verskillende kontraste, één sentrale neiging gevind: Hulle beskou die Heilige Gees as ‘n onafhanklike realiteit met sy eie inhoud. So kom dié teologiese denke na vore by verskillende ontleders.

Daarteenoor word daar ook in sommige kringe gepraat van *Die Sentraliteit van die Kruis* waarvan nie afgewyk behoort te word nie. Dit beteken dat die Kruis sentraal behoort te staan in ons teologiese opvatting, asook in ons godsdiensbelewenis en uitsprake. (Vgl. ook Afd IV, B, 1.3.4 in hierdie verband).

Tog is dit my oortuiging dat teoloë en skrywers soos Berkhof se uitsprake nie korrek is nie. As ons van die standpunt uitgaan dat die Heilige Gees die *ander* Trooster (ἄλλος παράκλητος) is en dat Hy deur Jesus gestuur is vir die Kerk, word die eenheid in die noue verhouding Christus-Gees duidelik. Die eenheid is selfs soms só sterk waarneembaar, dat daar ewe goed van Jesus/die Here of van die Heilige Gees gepraat kan word in ons praktiese godsdiensbelewenis. Dit is waar die identiteit van

Christus en die identiteit van die Heilige Gees ter sprake gekom het in bg. ontleding: Elkeen behou sy eie identiteit en gee dit nie prys aan die ander nie. En tog is daar so ‘n sterk eenheid waarneembaar dat ons dit moeilik vind om onderskeid te tref. Soos reeds opgemerk: As die mens sy identiteit prysgee, moet hy noodwendig ‘n ander identiteit aanvaar. Maar Christus kan tegelyk sy identiteit aan die Gees prysgee én dit behou (en ook die Heilige Gees aan Christus), juis omdat Jesus en die Gees albei deel in die identiteit van God. Elke Persoon in God behou sy identiteit sowel as sy selfstandigheid binne die intieme gemeenskapslewe van die een ware God. Juis híérin is sprake van ‘n sterk trinitariese perspektief. ‘n Sterk Drie-*eenheid*.

Wanneer die Gees in ons en in ons midde werksaam is op ‘n magdom verskillende maniere, is dit in werklikheid egter maar net ‘n voortsetting van die werke wat Jesus gedoen het. Soos König in bg. ontleding aangehaal is, is dit Jesus Christus wat (na die uitstorting van die Heilige Gees in die Kerk) teenwoordig en werksaam is in en deur die Gees op só ‘n wyse dat die teenwoordigheid en werk van die Heilige Gees die teenwoordigheid en werk van Jesus Christus is. Aanhalings onder Afd IV, B, 1.3.4 sluit hierby aan: Hobbs (1968:222) het aangaande die Heilige Gees verklaar dat Hy nie gekom het om Jesus te <u>*vervang*</u> nie, *“But through the Holy Spirit the continuing life of Jesus is to be made evident in His church.”* En Malatesta (1973:548), het bygevoeg: *“Not two presences but the same presence is involved.”*

Mullins (2003: 340) se mening is:

> **The glorification of the Son and his departure from the world do not mean the absence of the Father’s glory, life, word, wisdom and presence from the world. The Spirit-Paraclete carries on the work of the Father and of the Son. ‘Because Jesus has now returned to the Father, the Spirit is portrayed in terms that show not only how the Spirit bears witness to, and carries on, the work of the Son but also how the Father, the source of all life, continues to give life into the world when the one who is bread of life and life itself is no longer in the world.’**

Hiermee word die teenwoordigheid en werk van die Drie-eenheid bevestig.

My mening is dat Berkhof verkeerd is in sy oordeel dat Pentekostaliste die Gees van Christus losmaak. Die noue verhouding tussen Christus en die Gees kom júís in

hierdie kringe sterk op die voorgrond. As ons nét bly by die sentraliteit van die Kruis, is ons godsdiensbeskouing ongebalanseerd, want ons fokus dan net op die vleesgeworde Christus. Ons moet egter voortgaan en óók fokus op die verrese Christus. En híér kom die noue verhouding Christus-Gees sterk op die voorgrond. Die een is onlosmaaklik van die ander.

Myns insiens is die grondslag van die noue verhouding Christus-Gees juis die éénheid in die Godheid (1 Kor 8:6; Ef 4:6). Waarom móét ons hulle uitmekaar haal? En waarom móét ons hulle identifiseer? Die eenheid in die Godheid is genoegsame aanduiding dat daar 'n noue verhouding tussen Christus en die Gees bestaan.

Wat eenheid betref, word eenheid vir ons volmaak voorgehou in die Skrifopenbaring m.b.t. die Drie-eenheid. 'n Eenheid wat as volmaakte model deurgegee word na die Kerk. Omdat die Gees steeds werksaam is in die Kerk vanaf die uitstorting van die Heilige Gees op die dag van Pinkster in Hd 2, is Hy ook die Gees van eenheid wat eenheid bewerk in die Kerk. Dit is daarom uiters noodsaaklik om ook kennis te neem van die noue verhouding van Christus en die Gees vir die doeleindes van hierdie studie.

In die besinning oor eenheid, kan ons as mens slegs in gebrokenheid, in onvolmaaktheid daaroor nadink (1 Kor 13:12). Ons het die insette van die Volmaakte nodig om die volmaakte eenheid nie slegs na te streef nie, maar ook te bereik. Op grond van die navorsing onder Afd. III oor die eksegese van verskillende Skrifgedeeltes, het ek tot die konklusie gekom dat volmaakte eenheid van die Kerk nie in hierdie lewe bereik kan (sal) word nie. Gelowiges moet egter voortdurend in onderworpenheid aan die Heilige Gees daarna strééf om eenheid te bereik (Flp 3:8-15).

Vanweë die sondeval leef ons in gebrokenheid teenoor Sy volmaaktheid. Die aarde is vervloek met die sondeval. In Gn 3:16-19 is dit soos volg opgeteken: *"Aan die vrou het Hy gesê: <u>Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.</u> En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie - <u>vervloek is die</u>*

*aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."*

Die gevolg is: Ons sien brokkies en stukkies…fragmentaries, terwyl Hy die totaliteit in oënskou neem. In ons mensheid worstel ons met fragmente van die werklikheid en daarom verstaan ons gewoonlik nie wat met ons gebeur en wat rondom ons gebeur waar ons bestaan nie. Die enigste hoop wat ons het om te verstaan, is die Gees wat Hy in ons gedeponeer het…maar Dié het ons ook maar net met mate ontvang. Daarom is ons waarnemings net soos deur 'n spieël in 'n raaisel. Ons bestaan ook net in 'n stukkende wêreld. Alles óm ons is stukkend. Hoe kan ons die volheid, en dít wat heel is, begryp? Sal Hy ons ophef deur sy Gees sodat ons net iéts van die groter werklikheid kan verstaan? Wat doen Hy met ons op hierdie vernielde aarde - eens die volmaakte skepping van God? Sal sy Gees op ons kom broei soos Hy gebroei het op die chaos tydens die skepping in die begin? Toe het daar orde gekom. Daar het lig gekom uit die duisternis. Volmaaktheid het toegetree tot die skepping. Dit was alles goed in sy oë. Want sy Gees het die verskil gemaak. Ja, daar sal lig kom in ons gees, want God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. Om die fragmente van dít waarmee ons worstel, bymekaar te bring, het ons sy wysheid nodig, wat Hy gee as ons daarna vra.

Maar wanneer alles verby is en ons in sy verheerliking ingaan, sal ons die volheid begryp, of 'n groter begrip hê van die volle werklikheid? Want om alles te verstaan soos Hy dit verstaan, beteken sekerlik dat ons aan Hom gelyk moet wees. En hoe kan ons dit wees of word as skepsele van God? Sal ons nie ewig skepsel van God bly nie? Daarom sal ons in die verheerliking as skepsele net voor ons Skepper kan neerval en Hom aanbid…en aanbid… Want een ding wat ons ten volle sal besef, die fragment van die werklikheid wat ons volkome sal verstaan, is ons kleinheid teenoor sy grootheid en almag. Daarna sal die ewigheid voorlê om méér en méér van GOD te leer ken, en sal daar 'n voortgang in ons aanbidding wees, want Hy is regdeur die ewigheid só groot en ons só klein. Hy moet regdeur die ewigheid deur al sy heiliges en al sy engele aanbid word, want Hy is volmaak God!

Ons enigste hoop terwyl ons op hierdie aarde, in hierdie gebrokenheid is, is om by Hom te skuil. Al verstaan ons nie alles nie, wanneer sy Gees op ons broei, kom daar beter begrip en kan ons tot rus kom in Hom en in sy vrede lewe. Want dan gee Hy sy vrede, wat alle verstand te bowe gaan, vir ons. En in sy vrede vind ons vervulling. Dít is deel van die volmaakte werklikheid wat Hy vir elke mens wil gee in Jesus Christus! Die mens, selfs as gelowige, leef in gebrokenheid terwyl God in volmaaktheid bestaan. Deur onsself in heiligheid aan Hom oor te gee en aan Hom toe te wy, begryp ons sy Woord en selfs die teologie nie slegs intellektueel nie, maar ook deur openbaring deur die Heilige Gees wat ons begelei tot eenheid. Ons is dus nie slegs objektief met God en die teologie besig nie, maar ook subjektief. Ons *begin* deur objektief oor God na te dink, maar dan raak ons ook subjektief by Hom betrokke. König in Eybers *et al.* (1979:17) skryf soos volg hieroor:

> **Dit beteken egter dat dit in die teologie tot 'n omruiling van subjek en objek kom - ja, *moet* kom, alvorens dit in die volle sin van die woord teologie is.**

Dan vervolg hy (p. 19):

> **Wie teoreties oor *Hom* wil nadink, sal homself dus eers aan Hom moet prysgee, sal van Hom die waarheid moet aanvaar oor sy eie plek in God se skepping en verhouding tussen God en sy skepping. Die subjek word objek! En dit is juis omdat die objek die subjek word! *Hierdie plekomruiling is absoluut noodsaaklik vir suiwere teologie.***

Hierdie plekomruiling vind plaas in ons verhouding met God deur die Heilige Gees wat aktief in die Kerk werksaam is, want om waarlik teologie te beoefen, beteken om eers in 'n lewende verhouding met God te kom in Jesus Christus. Soos reeds opgemerk onder 1.2.3.2, is dit nou God wat met die mens besig raak wanneer hy oor God begin nadink. In hierdie subjektiewe belewenis van God, is dit Hý wat die nodige reiniging en heiliging in die mens bewerkstellig.

God toets ons motiewe deur die Heilige Gees. *"Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand"* (Mt 3:12; Lk 3:17). Dake (1963) praat van *"the acid test."* Hy gebruik die voorbeeld van diamantsuur wat diamante suiwer, alle

onsuiwerheid verteer en slegs die suiwerheid van die diamante uitbring. Diamante kan nie deur die suur opgevreet of vernietig word nie, maar word slegs gesuiwer. Ons leef in gebrokenheid en verdeeldheid. **En verdeeldheid is sonde wat bely moet word sodat ons daarvan bevry kan word.** Soms is dit nodig dat die gelowige(s) deur die smeltkroes gaan om gesuiwer te word, sodat die onsuiwerheid tot niet gemaak kan word en die suiwerheid van Sy karakter in ons na vore gebring kan word. Dit is algemeen bekend dat waar gelowiges vervolg is ter wille van hulle geloof, alle verdeeldheid verdwyn het en hulle saamgesnoer is tot ‘n hegte eenheid.

Op ‘n webwerf (Anon:2004a). *23 Mei 2004 Sewende Sondag van Paastyd. Liturgiese Voorstel*, word verhaal van die gevegte wat daar dikwels tussen predikante woed, en dat die navorsing van Annes Nel aantoon dat dit een van die belangrikste oorsake is waarom mense op soek is na God buite die Kerk. Hierop dan die volgende aanhaling uit bogenoemde werk:

> **As predikante mekaar nie kan vind nie, watter kans het die res van ons, voel mense. Daarom moet die eenheid al wyer kring. In ons land is daar soveel voorbeelde van Kerklike verdeeldheid dat ons ons kop in skaamte moet laat hang, sommige langs kleurgrense, ander op taalgronde of om politieke redes, baie sommer net op grond van persoonlike smaak.**

Mag ons daarna streef om ook dié sonde wortel en tak uit te roei.

## C. Besinning oor Standpunte in die Geskiedenis asook Eksegese gedoen (Afdelings II & III)

### 1. Die Apostoliese Vaders en Kerkvaders

**Klemens van Rome** gee na my mening nie genoegsaam aandag aan die direkte rol van die Heilige Gees m.b.t. eenheid nie. Daar kan wél afleidings gemaak word wanneer hy praat van die uitstorting van die Heilige Gees op almal en die gevolge daarvan, maar dit is nie genoegsaam nie.

Hierdie gedagte kan toegelig word met Ef 5:18 - *“Moenie dronk word van wyn nie - daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.”* Of anders gestel: “Kom onder die beheer van die Heilige Gees.” Hierdie teks kan Klemens se gedagte van

die uitstorting van die Heilige Gees aanvul. Wanneer "almal" (Klemens) in die gemeente die uitstorting van die Heilige Gees ontvang het, kan dit dui op "elkeen" of elke individuele gemeentelid, wat weer voortgaan in die korporatiewe gemeente: "Elkeen" word die hele gemeente, wat dan Geesvervuld optree om verdeeldheid hok te slaan.

Die Nuwe Vertaling lui: *"Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul…"* (ἀλλὰ πληροῦσθε ἐν Πνεύματι) (Ef 5:18). Die woord πληροῦσθε (2de pers. mv. praes. imper. passief) word deur Wuest Vol. 1 in die afd. *Ephesians and Colossians* (1974:129) weergegee as:

> **The verb is in the present imperative; "Be constantly being filled with the Spirit." The interpretation is, "Be constantly, moment by moment, being controlled by the Spirit."**

Wuest Vol. 111 in die afd. *Untranslatable Riches* (1974:102) verduidelik verder:

> **Thayer in his Greek-English lexicon has this to say about the use of this verb here: "What wholly takes possession of the mind, is said to fill it." Thus, the expression "filled with the Spirit" speaks of the Spirit possessing the mind and heart of the believer. This possession implies His control over mind and heart. Thus the words "full" and "fill" refer to the control which the Spirit exerts over the believer who is said to be filled with Him.**

Hayford *et al* (1997) *Spirit filled life study Bible* se kommentaar op hierdie teks is soos volg:

> **The tense of the Greek for *be filled* makes clear that such a Spirit-filled condition does not stop with a single experience, but is maintained by "continually being filled," as commanded here.**

Dié werkwoord staan óók in die passiewe vorm, wat die betekenis inhou dat die gelowige moet toelaat dat die Gees beheer oor hom moet kry. Hy moet hom passief ondergeskik aan die beheer van die Gees stel, sodat die Gees met hom kan doen soos Hy wil. Dit is sy verantwoordelikheid, eintlik sy opdrag (die werkwoord staan in die imperatiewe vorm). Die konteks bevestig dit ook waar die persoon wat dronk

word van wyn, dit uit eie keuse doen met sy eie wilsbesluit. Daarteenoor, op dieselfde wyse, moet die gelowige hom onder die beheer van die Gees stel.

Die *"New Living Translation"* vertaal soos volg: *"Don't be drunk with wine, because that will ruin your life. Instead, let the Holy Spirit fill and control you."*

Met so 'n uitgebreide afleiding kan dit ingelees word dat wanneer die Heilige Gees op die gelowiges uitgestort word (Klemens), dit duidelik word dat daar individuele en korporatiewe beywering kom vir eenheid in die Heilige Gees. Ek sou dit egter sélf in hierdie uitgebreide vorm wou lees by Klemens, wat tog seker ook toegang tot die Sendbriewe van Paulus gehad het. Nietemin het hy darem melding gemaak van die Heilige Gees in die lewens van die gelowiges, en wél ook m.b.t. eenheid.

In sy Sendbrief aan die Korinthiërs huldig Klemens ook 'n ander beskouing, en dit is dat daar eenheid in die hiërargie van die Kerk gesoek moet word. Omdat dit egter nie direk met Gees-eenheid te make het nie, sal dit nie hier behandel word nie. (Vgl. bespreking onder Afd. IV.D.1).

**Ignatius van Antiogië** se soeke na eenheid het gestrek tot by die kerklike hiërargie, die Nagmaal, sowel as eenheid in die triniteit as voorbeeld vir die Kerk. Indien dit ál is wat ons by Ignatius vind m.b.t. eenheid, is dit na my mening nie genoeg nie. Hy word deur pous Benedictus XVI in sy deeglike navorsing beskryf as "the doctor of unity", en deur Swete beskou as iemand wie se lewe en bediening gekenmerk is daardeur dat dit die teenwoordigheid van die Heilige Gees gedra het. (Vgl. Afd. II). En tóg word daar deur Ignatius *geen* melding gemaak van die eenheid waarin die Heilige Gees die belangrikste rol speel nie. Daar is by hom geen direkte aanduiding van Gees-eenheid nie, tensy dit hoogstens by afleiding gesê kan word waar hy oor eenheid skryf, veral waar hy uitgebreid in al sewe sy Sendbriewe oor die eenheid in die hiërargie opgaan. Is dit dalk die rede waarom pous Benedictus XVI hom as 'n groot voorstander van eenheid voorhou, omdat dit 'n bevestiging van sy eie beskouing oor eenheid deur die kerklike hiërargie is? (Vgl. Afd. II, asook onder "Kerklike Hiërargie" en "Ekumeniese Eenheid" hieronder). Hoe dit ook al sy, dít is 'n groot leemte by Ignatius.

**Polikarpus** het nie direk oor eenheid geskryf nie, maar dit kan deur afleiding gesê word dat daar tekens by hom bespeur kan word dat hy eenheid gevind het in die suiwerheid van die leer. By hom is daar verder geen teken dat hy oor eenheid van die Gees besin het nie.

**Die Apologete van die tweede eeu** se fokus was die verdediging van die Christelike geloof en nie soseer die eenheid van die Kerk nie. Daar bestaan by hulle ‘n leemte oor die Gees-eenheid.

**Cyprianus** het gesê buite die Kerk is daar geen saligheid nie. Die eenheid lê opgesluit in die Kerk met sy hiërargie. As iemand van die Kerk vervalle geraak het, is hy verlore. Binne hierdie strukture bestaan dus vir hom die eenheid van die Kerk. Selfs by Cyprianus is daar ook nie eenheid in die Gees te vinde nie.

**Origenes** se vertolking van die teks in Rm 8:23 (soos bespreek in Afd. II), laat veel te wense oor. Genoemde teks kan, na my mening, nie gebruik word om die eenheid van die Kerk te verduidelik nie. ‘n Beter verklaring word by Origenes gevind op ‘n webwerf (Edward Moore. 2008), *Origen of Alexandria and apokatastasis: Some Notes on the Development of a Noble Notion*:

> **Verbrugge has explained, Origen insisted upon the necessity for unity among believers, since a believer who falls away or lapses into error can negatively effect the entire body of the Church.**

Nogtans is daar by Origenes nie enige aanduiding te vind dat hy oor Gees-eenheid geskryf het nie.

**Eusebius** was ‘n sterk voorstander van die suiwerheid van die leer, maar daar is verder ook nie by hom iets te bespeur oor Gees-eenheid nie.

Die tydperk vanaf Konstantyn met die uitvaardiging van die Edik van Milaan (313 n.C.), toe die Kerk vryheid van vervolging ontvang het, was ook die tyd toe die Kerk staatskerk geword het met al die nadele daaraan verbonde. Die positiewe daaraan verbonde, was egter dat die Kerk ook nou vryheid geniet het om sy teologie te vestig. Die leerstellige stryd het voortgewoed tot die Kerkleer oor die belangrikste

sake gevestig is. Alhoewel die vestiging van die leer voordelig was vir die eenheid van die Kerk, bestaan daar óók in híérdie tydperk van die Kerk se geskiedenis 'n leemte m.b.t. die eenheid wat die Heilige Gees bewerk.

## 2. Middeleeuse Teologie (o.a. Rooms- Katolieke Teologie)

Aangesien die Kerk se toestand so korrup was, met só 'n geestelike laagtepunt gedurende die Middeleeue (met reg die Donker Eeue genoem), kon daar enigsins sprake wees van Kerkeenheid, behalwe die eenheid in die enkel groot Rooms-Katolieke Kerk van die Middeleeue? Dan was dit hoogstens 'n strukturele eenheid of selfs 'n hiërargiese eenheid, maar nog nie Gees-eenheid nie.

Die Skolastiek het meegebring dat die Kerk nog verder verval het. Die menslike rede het nou hoogste prioriteit geword. Daar sou nie veel oorbly van 'n gelowige se persoonlike verhouding met God deur die geloof nie.

Tóg is daar ruimte vir ervaring in die gelowige se lewe. In hierdie verband skryf Gaybba, 'n teoloog met 'n Rooms-Katolieke agtergrond, soos volg (Gaybba, 1979:257):

> **Maar kan 'n mens die Gees ervaar? Ja, beslis. *Hoe* Hy ervaar word, kan egter verskil: van die kragdadige ervarings waarna sommige, hoewel nie almal nie, verwys as "doping met die Gees" tot die doodgewone manier waarop Christene normaalweg die Gees daagliks in hulle lewens ervaar: die vrugte van liefde wat voortspruit uit die teenwoordigheid van die Gees van Liefde.**

Lederle (1983:137), 'n teoloog wat teologies besin het oor die aspek van ervaring m.b.t. die geloofslewe, se mening is:

> **Dit is egter verkeerd om die godsdienstige ervaring as irrelevant buite rekening te laat. Godsdienstige ervaring het nog altyd teologiese besinning voorafgegaan. In die vroeë kerk het die belewing van die heil en die ervaring van skuldvergifnis by baie die opskrifstelling van die Evangelies voorafgegaan, om nie eers te praat van teologiese besinning daaroor nie.**

König (2002:165) sluit hierby aan:

> **As openbaring deur ervaring gekom het, is ervaring ook vandag nog wesenlik in ons godsdiens...dit kan beteken dat spiritualiteit belangriker as leer is, en dat bepaalde stromings in die vernuwingsbeweging wat nie leersuiwerheid insluit onder die onontbeerlike eienskappe van 'n groeiende gemeente nie, dit reg het. Ons weet uit die praktyk dat kerke wat die vinnigste groei nie daardie met die suiwerste leer is nie, maar eerder die kerke met die hartlikste gesindheid en die spiritualiteit wat mense die meeste inspireer.**

Op 'n webwerf (Wethmar & Brand: 2006), *Die logika van die geloof: gebed as raakpunt tussen rasionaliteit en ervaring by Rahner en Calvyn,* word 'n werkstuk van Wethmar & Brand gevind waarin hulle 'n deeglike analise doen van die plek wat gebed inneem as kontakpunt tussen rasionaliteit en ervaring, wat gebaseer word op twee teoloë se standpunte:

> **We investigate two theologians, the twentieth century Catholic theologian Karl Rahner and the sixteenth century Protestant theologian John Calvin. From different perspectives they propose a unity between rationality and experience or between theology and spirituality. Prayer is a key aspect in both proposals. Rahner's perspective is anthropologically based: the logic of faith cannot be separated from the acceptance of one's own human nature. Calvin takes a pneumatological point of view: in the correlation that exists between revelation and faith, salvation becomes a reality. Acceptance of this 'reality' is expressed in prayer. This study concludes that although the anthropological approach offers meaningful perspectives, the pneumatological approach is more convincing.**

Aan die hand van hierdie werkstuk soos gevind op genoemde webwerf, sal vervolgens kortliks aandag gegee word aan twee komponente van ons Christelike bestaan, naamlik rasionaliteit en ervaring.

Alhoewel Wethmar & Brand die standpunt van Calvyn kies, is die beskouinge van Rahner vir hulle ook nie sonder waarde nie. Op genoemde webwerf (2006) skryf hulle soos volg:

> **In hierdie gesprek tussen rasionaliteit en ervaring lewer die teoloog Karl Rahner 'n belangrike bydrae. Rahner wys ons op die belang van gebed vir die teologie. In gebed vind hy 'n raakpunt tussen rasionaliteit en ervaring; dit wat juis in ons moderne tyd geskei geraak het. Hierin vind Rahner aansluiting by 'n baie ou Christelike spreuk: *lex credendi lex orani* oftewel soos dit oorspronklik geformuleer is *legem credendi lex***

> ***statuat supplicandi.*** **Juis gebed blyk 'n verwaarloosde tema in die Protestantse teologie te wees. Teenoor die aanvang van die Gereformeerde Christendom waar Luther en Calvyn uitgestaan het as bidders, is gebed 'n afgeskeepte tema in die Protestantse teologie.**

In genoemde werkstuk van Wethmar & Brand neem hulle kennis van McGrath se standpunt oor die rol wat ervaring moet speel, en sê dat die Kerk 'n teologie vra wat relevant en tog Christelik is. Die situasie het vandag, soos ook in die vroeë moderne tyd (die tyd van die Hervormers), ontstaan waar die verstaan van die Evangelie irrelevant geraak het. Vervolgens word McGrath aangehaal:

> **Instead, faith must be made relevant and real to the private experiential world of individuals. The subjective reality of faith became a popular issue, as it never had before.**

Verder is dit hulle bevinding dat vir beide Rahner en Calvyn gebed 'n belangrike rol vervul: Vir Rahner begin en eindig alle teologiese nadenke by gebed. Dan wys hy verder daarop dat in gebed 'n logika voorkom waarvolgens rasionaliteit en ervaring nie geskei kan word nie. Dit is 'n logika wat groter is as die verstand, 'n logika wat die hart van die mens raak.

Alhoewel die belangrikheid van gebed beklemtoon word deur Wethmar & Brand, soos ook by Rahner gevind is, is hulle tog van mening dat die vraag na die logika van die geloof nie voldoende deur Rahner beantwoord word nie: "Vanuit sy antropologiese benadering bly hy steeds gevange binne menslike subjektiwiteit. Gebed word selfgesprek. Gebed vra na die logika van die geloof" (Wethmar & Brand).

In opvolging van Rahner, word in genoemde werkstuk daarop gewys dat ervaring nie vreemd is aan die Protestantse tradisie nie. Hierop word Jonker[67] aangehaal:

> **... dat die reformasie gebore is uit 'n diep geestelike ervaring en nie in die eerste plek 'n teologiese beweging was nie, maar 'n nuwe vorm van spiritualiteit wat homself verstaan het as 'n suiwerder vorm van lewe voor die aangesig van God.**

---

[67] Jonker, WD 1989. "Die eie aard van die gereformeerde spiritualiteit" in NGTT, 30 Julie: 292. Bron nie tot my beskikking nie. Hierdie is 'n kassetopname, en is nie vryelik beskikbaar nie.

By Luther weer, was daar ‘n ervaring van ‘n worsteling om vrede te vind voor die aangesig van ‘n toornige God, terwyl feitlik al die Reformatore tot ‘n ontdekking van die genade van God as ‘n soort bekering gekom het. Vir Calvyn was daar geen sprake van geloof sonder ware vroomheid nie. Veral gebed neem ‘n belangrike plek in Calvyn se teologie in. Calvyn kies verder die weg van openbaring, wat vir hom Godskennis én mensekennis ineen is. Hierna word Calvyn se teologie in die woorde van Richards (1974)[68] opgesom (soos aangehaal deur Wethmar & Brand):

> **Theology is not the satisfaction of the intellect. It is a doing. Calvin did not ask questions about God; he let himself be questioned by God’s Word. The theologian is a man in continual dialectical relationship between the Word and the Spirit; he is sent from the Word to the Spirit and the Spirit to the Word. For it is not man who, under the influence of faith, seeks to understand God’s mysteries; it is God himself who reveals and unveils himself in order to save man. There is no autonomous role in theology for reason. Calvin knew of no ratio theologica specific in itself and capable through faith of penetrating the mysteries.**

Hierna kom Wethmar & Brand tot die belangrike konklusie:

> **Volgens Calvyn behels die logika van die geloof meer as ’n kenteoretiese probleem. Die Hervormers kom tot hierdie gevolgtrekking in ’n herontdekking van die duidelikheid van die Skrif. Dit handel oor ’n herontdekking van die genade-boodskap van die Skrif. Hierdie besondere heilsopenbaring skep deur die werking van die Heilige Gees ’n geloofsantwoord by die mens wat na vore kom in gebed. Die logika van die geloof word aangeleer in ’n lewende gemeenskap met Jesus Christus onder leiding van sy Woord en Gees. Gebed is dié oefening van hierdie gemeenskap. Sonder gebed kan die logika van die geloof nie aangeleer word nie. Sonder die Woord word gebed egter ’n blote selfgesprek en is daar nie sprake van ’n lewende gemeenskap nie. Die gevolgtrekking waartoe hierdie studie kom is dat alhoewel die antropologiese benadering betekenisvolle perspektiewe bied, die pneumatologiese benadering meer oortuigend is.**

Wat vir my belangrik is in die studie soos hierbo bespreek, is dat geloof, of “die logika van geloof” en ervaring byeengebring word in gebed. Daarby word die belangrikheid van die Heilige Gees in die gebed van die gelowige beklemtoon waardeur daar ‘n ontdekking van ‘n lewende gemeenskap met Jesus Christus kom.

[68] Richards, L J 1974. The Spirituality of John Calvin, 166. Atlanta: John Knox Press.

Hierin speel die Woord ook ‘n belangrike rol. Die Heilige Gees speel dus ‘n uiters noodsaaklike rol in hierdie wisselwerking tussen God en die gelowige.

In teenstelling met die Skolastiek waar dit nét om die rede gegaan het, is dit dus duidelik dat ervaring ook ‘n belangrike rol vervul in gelowiges se persoonlike lewe, hoe ook al daaraan uitdrukking gegee word, sonder om die rede te negeer. Lederle (1983:137) skryf soos volg hieroor:

> **Die interafhanklikheid van lewendige geloofs*ervaring* en teologiese *nadenke* moet beklemtoon word. Sonder besinning kan geloofservaring in sentimentaliteit of dwaling versand. Sonder ervaring kan teologie rasionalisties en leweloos word. Albei hierdie ontsporinge is beslis nie sonder talle voorbeelde in ons hedendaagse kerklike praktyk nie.**

Wanneer daar besin word oor geloofservaring of Godservaring, moet daaronder verstaan word dat dit méér as blote emosie is. Om God te ervaar deur die Heilige Gees, beteken om God te *beleef*, in ‘n persoonlike aktiewe bewuswording van sy teenwoordigheid. So is die wedergeboorte ‘n belewing, ‘n ervaring deur die gelowige, en nie bloot ‘n teologiese of ‘n koue rasionele begrip nie.

Hierdie ervaring sou juis kon meewerk tot eenheid in die Heilige Gees - ‘n gebrek by die Middeleeuse teologie. As die fokus in hierdie proefskrif op die eenheid in die Heilige Gees val, is dit voor die handliggend dat ervaring ‘n belangrike rol moet speel in die bereiking van eenheid in die Gees, anders is dit bloot ‘n doodse rasionalistiese “eenheid” wat nagestreef word sonder die Heilige Gees se werk as samebindende faktor. Hierdie soort strewe na “eenheid” kan dan verval in ‘n bloot menslike poging wat die Heilige Gees algeheel uitsluit. Die Heilige Gees se werk moet *beleef* word, *ervaar* word deur gelowiges, sodat ons tot eenheid kan kom. Tereg sê König (soos hierbo vermeld) dat openbaring deur ervaring gekom het, en dat spiritualiteit belangriker is as leer. Hoe belangrik is ervaring dan ook wanneer dit gaan oor Gees-eenheid!

## 3. Protestants-Gereformeerde denke

Hier sal gepoog word om verskeie temas na te vors met betrekking tot eenheid, met die oog op ‘n soeke na Gees-eenheid by Gereformeerde denkers.

### 3.1 Die onsigbare en die sigbare Kerk

Calvyn het ‘n breedvoerige bespreking van die Kerk gedoen. Hy sien die Kerk in twee vorme: die sigbare en die onsigbare Kerk. (Vgl. Afd. II). Hoewel dit dalk onderliggend aangeneem kan word, vind ek nie enige breedvoerige bespreking by Calvyn oor die eenheid wat die Heilige Gees bewerk nie. Indirek kan moontlik afgelei word dat die eenheid wat Calvyn voorstaan, nl. ‘n eenheid wat hy grond in die uitverkiesing, dalk ook ‘n eenheid kan wees waarin die Heilige Gees ‘n rol speel. Tog sou ek ‘n duideilike uiteensetting wou sien van die eenheid wat deur die Gees bewerk word. In hierdie opsig is Calvyn se eenheidsbeskouing, sowel as die opvolg-besinning daaroor deur verskeie ander teoloë, gebrekkig.

Die begrip “onsigbare” Kerk is na my mening nie Skrifgegrond nie. Jesus bid in Jh 17:11, 23 - “Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons” (Jh 17:11). En: “Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees…” (Jh 17:23). Sodoende het die Gees-eenheid nie slegs ‘n eskatologiese konnotasie nie, en word ook nie slegs gekoppel aan ‘n “onsigbare” Kerk nie. Gees-eenheid realiseer binne die konteks van die sigbare Kerk, wat ten alle tye sigbaar behoort te wees. Daar bestaan na my mening ook nie ‘n sogenaamde “onsigbare” sowel as ‘n “sigbare” Kerk nie. Dit wek die indruk van “twee kerke”, hoe ook al die verdediging hierteenoor mag wees. Daar is maar één Kerk, en dit is alle gelowiges wat hulle geloof in Jesus Christus bely. Dit is húlle wat op die “Rots” gebou is. (Vgl. vorige bespreking in dié verband, Afd. II.B.1). Dit is die één Kerk van wedergeborenes.

Die eenheid waarvoor Jesus bid, het ook ‘n sendingoogmerk: *“Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het”* (Jh 17:23). Soos reeds opgemerk in Afd. III.B.2.2, in die eksegese op Jh 17, bid Jesus eers in vs. 21 dat

almal *"een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan **glo** dat U My gestuur het"*. Dan gaan sy gebed voort *"dat die wêreld kan **weet**".* Eers moet die wêreld (ongelowiges wat *wil*) glo, (hulle aan Hom toevertrou), om tot saligheid te kom. Daarna sal hulle *weet*. 'n Kennis deur ervaring (na 'n persoonlike ontmoeting met Hom), dat Jesus die ware Verlosser is. Hierdie geloof in die eerste plek, sowel as die wete in die tweede plek van die wêreld in verhouding tot Jesus, het sy grondslag in die eenheid wat die wêreld waarneem in die gelowiges, die sigbare Kerk. Anders, hoe sou die wêreld eenheid kon sien in 'n "onsigbare" Kerk? Nee, die Kerk is sigbaar, en daarom kan die eenheid en die liefde in hulle deur die wêreld gesien word. Jesus het ook by geleentheid gesê: *"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde"* (Mt 18:19-20). Weer eens: Hoe kan twee of drie "onsigbaar" vergader in sy Naam?

Verder sê Jesus: *"Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie. Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik"* (Mt 5:13-16). As die gelowiges die sout en die lig is, sal ander die goeie werke sien. Dit kan nie weggesteek word nie. Die invloed van sout word ervaar, en die lig word gesien. Die Kerk is sigbaar.

### 3.2 Die Pluriformiteitsleer

In Suid-Afrika het teoloë in die verlede die pluriformiteitsleer van Kuyper aangegryp om Apartheid te regverdig en sodoende het hulle die teologie diensbaar gemaak aan die politiek van die dag. (Vgl. Jonker (1989), p. 13, 23; Williams (2006) in sy doktorale proefskrif op 'n webwerf, *J A Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Apartheid*). Hierdie onderwerp is egter nie toepaslik vir die onderhawige proefskrif nie, en word dus nie verder hier bespreek nie. Hier dien slegs vermeld te word dat dit ondenkbaar is dat 'n negentiende-eeuse probleem en 'n poging van Kuyper om 'n eietydse oplossing te vind vir die Kerk in sy tyd in Europa, summier

oorgedra kan word na die twintigste/een-en-twintigste eeu in Suid-Afrika om 'n politieke probleem hier op te los.

My oortuiging is dat die Kerk nie onderworpe moet wees aan die politiek van die dag nie, nog minder daardeur beïnvloed behoort te word. Wanneer dit gaan om Gees-eenheid, moet daar nie gedwonge segregasie wees nie, ook nie gedwonge integrasie nie. Daar moet, ongeag ras, kleur of kultuur ruimte in die Kerk wees vir vrye assosiasie deur gelowiges wat dieselfde geestelike waardes het, dieselfde getuienis aangaande Jesus Christus het, en Gees-eenheid soek. Daar is egter méér in die soeke na Gees-eenheid as ras en kleur. Teologiese en ander verskille moet ook bygelê word.

Op 'n webwerf, *The Doctrine of the Church in Reformed Confessions*, skryf Faber, 'n Gereformeerde teoloog[69], (1985) soos volg oor die "sigbare" en die "onsigbare" Kerk:

> **In the contacts between the Orthodox Presbyterian Church and the Canadian Reformed Churches, the deputies of the latter have warned against a *polarization* of the visible and invisible church. It results in a low esteem for what is called the visible church, a weakening of church-consciousness, a lack of understanding of the seriousness of the calling to separate from the false church, and the rise of the theologoumenon of the pluriformity of the church, which is taught neither by the Scriptures nor by the Reformed confessions. This theologoumenon of the pluriformity of the church has proved to be an undermining factor in the fight against the sins of the church and for its reformation.**

Weer eens, soos by die gedagte van "onsigbare" en "sigbare" Kerk, kan daar nie met oortuiging gesê word dat die pluriformiteitsleer Skrifgegrond is nie.

Soos reeds opgemerk in Afd. II.C.2.3.2, word in die pluriformiteitsleer nie ruimte gemaak vir "veelheid van kerke" nie, "zodat men meestal niet van een te constateren pluraliteit van *kerken* spreekt, maar van pluriformiteit *der kerk*" (Berkouwer (1970:61). Dit sou 'n pluspunt gewees het indien ons die begrip "pluriformiteit" met 'n

---

[69] JELLE FABER Professor of Dogmatology, Emeritus, 1990. Theol Cand., 1951; Th.Drs., 1958; Th.D., Theological University of Kampen, 1969. Dr. Faber has pastored Reformed congregations in Deventer and Schiebroek-Hillegersberg-Centrum, the Netherlands from 1952-1969. He served as Professor of Dogmatology and Principal at the Hamilton Theological College from 1969-1989.

ander inhoud kon vul sodat dit nie slegs sou dui op een bepaalde kerk of kerkgenootskap, soos by Kuyper gevind (by name die Nederlandse Hervormde Kerk wat hy gesien het as volkskerk) nie. (Vgl. ook bespreking onder Afd. II.C.2.3.2). Indien ons kon praat van die pluriformiteit van die Kerk van Jesus Christus, sou die verskeidenheid hierby ingesluit kon word, sodat ons op 'n volwasse manier saam kon beweeg na eenheid, en wél eenheid onder leiding van die Heilige Gees. Tog wil Berkouwer ook nie die veelheid van kerke heeltemal uitsluit nie. Hy gaan voort (p. 61-62):

> **De veelheid word echter niet veronachtzaamd, omdat ze ter sprake komt in verband met de vele kerken als vormen, gestalten of openbaringen van de ene kerk. Zo wil men in de pluriformiteit der kerk enerzijds het zicht bewaren op de ene kudde van de ene Herder, anderzijds de ogen niet sluiten voor de feitelijke veelheid en daarmee tegelijkertijd alle *kerkisme* afwijzen, dat, rustend in de exclusieve waarheid van eigen kerk, t.a.v. de andere kerken tot simpele, radicaal-kritische conclusies komt.**

Vergelyk ook Jonker (1989:17) in hierdie verband, waar hy die pluriformiteitsleer van Kuyper bespreek, en dus Kuyper se konklusie gee hieroor.

Daar sal dus op 'n ander begrip besluit moet word (indien nodig), om enigsins 'n poging aan te wend om die veelheid van kerke tot 'n eenheid te bring, tensy dit aanvaarbaar is dat die begrip "pluriformiteit" met 'n ander inhoud gevul kan word, om júís dáárdeur die eenheid te bevorder.

Ek meen dat Berkouwer (en Kuyper) met die begrip "die veelheid van kerke" ook bedoel dat daar 'n verskeidenheid van kerke is wat ook verdeeld is. Berkouwer (1970:64) reken dat, wanneer daar oor die "veelheid van kerke" besin word, die vraag gestel kan word of hierby die *"veelkleurige* wijsheid van God" (Ef 3:10), asook die *"velerlei* genade van God" (1 Pt 4:10) ingebring kan word. Die Griekse woord in beide hierdie tekste is **ποικίλος**, wat deur verskillende vertalings van die Bybel soos volg vertaal word: "manifold", "many-sided", "veelkleurige", "veelvuldige", "many-faceted". Dan vervolg hy (p. 64):

> **Het is onmogelijk deze vraag bevestigend te beantwoorden, omdat men dan de uitstraling van Gods heerlijkheid in verband zou brengen met de onder Gods kritiek staande verscheurdheid der kerk. Veel meer zal men moeten erkennen, dat in de verscheurdheid in haar concrete kerkhistorische vormen de veelkleurige wijsheid Gods en de veelkleurige genade worden overschaduwd, nu immers naar Paulus' woord *de gemeente* het instrument is om deze veelkleurige wijsheid Gods bekend te maken.**

Daar is *geen* Skriftuurlike regverdiging vir 'n verdeelde of 'n verskeurde Kerk nie. (Vgl. Van Genderen & Velema, 1992:646, waar kritiek deur ander teoloë teen Kuyper en Bavinck bespreek word).

Die teologiese soeke na eenheid moet ook prakties realiseer in werklike eenheid in die Heilige Gees. De Groot, op sy webwerf (2008) stel dit so:

> **De Geest is aan de gemeente *gegeven*, maar gelovigen worden ook *vermaand* de Geest niet te bedroeven, niet vleselijk te reageren in bijvoorbeeld tweedracht, zelfzucht en afgunst. De eenheid van de kerk heeft dus rechtstreeks te maken met het geestelijk leven en de geestelijke groei van de leden van de kerk. Geestelijke eenheid van de kerk mag niet gelijk worden gesteld met onzichtbare eenheid. In het hogepriesterlijk gebed bidt Jezus dat de wereld het zal kunnen zien. De eenheid van de kerk is een gave en opdracht. De bedreiging van de eenheid van de kerk is reëel wanneer de kerk haar geestelijke basis verwaarloost.**

Wanneer dit in die eerste plek gaan oor die verdeeldheid, vleeslikheid en verskeurdheid van die Kerk, moet dit ten strengste afgewys word as sonde. Tog is daar 'n ander faset wat na vore tree wat in verband staan met die "veelheid van kerke". Veskillende konfessies het ontstaan, asook verskillende teologieë wat nie verband hou met voorgenoemde sonde van verdeeldheid nie. Dit is hiér waar König (1977:47-57) die begrip "pluriformiteit" in positiewe sin met 'n ander inhoud vul om eenheid te bevorder. König (p. 47) bespreek eerstens onder die opskrif "Die sin van verskillende teologieë" die verskeidenheid van teologieë wat sedert die vyftigerjare ontstaan het, en wys daarop ( p. 47-48):

> **Wanneer 'n mens hierdie lys teologieë van naderby bekyk, blyk dit dat die meeste daarvan in beginsel 'n redelike omvattende benadering van die hele teologie is vanuit (of binne die horison van) een sentrale begrip: bv. hoop, of rede, of geskiedenis, of eskatologie. So is daar bv. in die**

> **teologie van hoop 'n kenmerkende benadering van die Godsleer, maar ook van die skeppingsleer, die Christologie, die kerk ens. Die Godsleer in die teologie van hoop lyk anders as die Godsleer in die teologie van die rede of van die geskiedenis.**

Die gevaar, meen hy, is dat 'n persoon via 'n bepaalde begrip die teologie so kan vereng dat die volle Bybelse boodskap nie na reg gestalte kry volgens daardie begrip nie. Nóú hieraan verbonde is dat 'n teoloog 'n begrip kies wat vir hom die konkreetste aanspreek, en die Bybelse boodskap vanuit hierdie begrip probeer interpreteer. Dit bring mee dat hy slegs binne sy blikveld of sy Christelike groepering se blikveld teologie bedryf, en alle ander gesigspunte ongereflekteerd laat sodat dit uiteindelik nie funksioneer in die teologie of kerklike lewe nie (König 1977:48). Dit wil voorkom asof ons hier nie slegs met verskillende teologieë as sulks te doen het nie, maar ook met verskillende tipes teologie vanuit bepaalde gesigspunte van die onderskeie kerkgenootskappe of teologiese denkers met bepaalde agtergronde. Dan vervolg König (König 1977:48):

> **Hierdie gevare ten spyt, het ons in die verskillende tipes teologie in beginsel met 'n gesonde ontwikkeling te doen. Wie enersyds 'n bepaalde eenheid, samehang en gerigtheid in die Bybelse boodskap aanvaar, maar andersyds erken dat dié boodskap 'n geweldige omvattende en gestruktureerdheid vertoon sodat talle fasette daarin onderskei kan word, moet erken dat dit nie net moontlik is nie maar noodsaaklik om hierdie boodskap vanuit verskillende sentrale temas te deurdink.**

Daar moet dus ruimte bestaan vir verskillende teologiese gesigspunte om by die sentrale Bybelse boodskap uit te kom. König kom tot die volgende gevolgtrekking (König 1977:50):

> **Die aard van die evangelie, die toespitsing van die ganse Skrifboodskap op een bepaalde situasie, die Bybelse gedagte van die "uur van die waarheid", vereis verskillende teologieë as sistematiese nadenke oor die Skrifboodskap vanuit 'n bepaalde gesigspunt wat in 'n konkrete situasie toegang tot die rykdom van die Woord verleen. Die gevaar van eensydigheid moet besweer word deurdat teoloë gevoelig bly vir die beklemtonings in ander teologieë, en nie in hulle eie tipe teologie opgesluit lewe nie.**

Hierop meen hy dat teologiese pluraliteit en teologiese pluriformiteit belangrik is.

Op dieselfde wyse benader hy ook konfessies. Die begrip “konfessie” kan verskillend gebruik word. Eerstens kan dit dui op ‘n bepaalde *belydenisgeskrif,* bv. die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hier sou hy wou pleit vir ‘n “konfessionele pluriformiteit”. Vervolgens kan ‘n konfessie gebruik word in die sin van ‘n bepaalde kerklike familie of kerktradisie. Verder kan dit ook gebruik word as iets wat die hele Kerk saam bely. Hierin pleit hy weer vir “konfessionele pluriformiteit”. In die Nuwe Testament kom daar ook verskillende belydenisse voor met betrekking tot Jesus, bv. “Jesus is die Messias” en “Jesus is die Kurios”. Omdat dit albei oor Jesus gaan, pleit hy hier ook vir “konfessionele pluriformiteit” (König 1977:50-52).

Met hierdie verskillende teologieë en konfessies beweeg König op die weg na eenheid. Hy neem as voorbeeld ‘n kwessie wat vir jare in die teologiese brandpunt van die Kerk gestaan het, nl. die doop, en meen dat die teenoorstaande groepe mekaar as Christene kan aanvaar en in nederigheid saam na die Skrif kan gaan om ‘n dieper insig in die Bybelse boodskap te kry. Dan vervolg hy (p. 56):

> **Indien hierdie siening haalbaar is, is dit moontlik dat die verskillende hedendaagse konfessies uiteindelik as verskillende teologieë langs mekaar in die Kerk kan bestaan, nie as uitsluitende posisies nie, maar as noodsaaklike bevordering van ons insig in die Skrif… dit beteken dat terwyl die verskillende kerke mekaar se kerkwees aanvaar, hulle in deemoed saam op pad kán gaan om ‘n dieper insig in Gods Woord te verkry, en dat elkeen sy eie konfessie kan meeneem as teologiese vertrekpunt wat krities-begeleidend op dié van die ander inwerk.**

Dan kom hy tot die gevolgtrekking dat in die Nuwe Testamentiese sin van die woord en in die sin van die ekumeniese belydenisse hy nie van konfessionele pluraliteit sal wil praat nie, maar konfessionele pluriformiteit. En dít kan meewerk tot ‘n dieper insig in die eenheid van die Kerk (König 1977: 57).

Indien die begrip “pluriformiteit” met ‘n ander inhoud gevul kan word soos deur König gebruik, kan dit positief aangewend word om die eenheid van die Kerk te bevorder. Ek sou graag ook die rol van die Heilige Gees met betrekking tot die praktiese bereiking van Gees-eenheid in hierdie formulering wou sien.

In verdere oorweging met betrekking tot Gereformeerde denkers, sal slegs kortliks kennis geneem word van verskillende denkrigtings van Gereformeerde teoloë, met die fokus op die Heilige Gees en eenheid. Breedvoeriger aandag is gegee aan die beskouing van die onsigbare en die sigbare kerk, sowel as die pluriformiteitsleer, aangesien hierdie beskouinge die Gereformeerde teologie vir eeue grootliks beïnvloed het. Dit is egter nie die geval met ander beskouinge nie, vandaar 'n korter bespreking.

Hendrikus Berkhof (1979: 339-422) skryf breedvoerig oor die Kerk as *"The New Community"* en dit het groot teologiese waarde, maar die gebrek is dat die Heilige Gees se teenwoordigheid en rol in die samevoeging tot die eenheid van hierdie *"Community"* slegs veronderstel word. Daar word na my mening nie genoeg prominensie aan die Heilige Gees hierin gegee nie. Hierdie gedagte is heel waarskynlik gegrond op die Apostoliese Geloofsbelydenis: *"Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die <u>gemeenskap van die heiliges</u>…"*

Herman Ridderbos (1975: 362-395) skryf oor die Liggaam van Christus. Maar watter rol vervul die Heilige Gees wanneer ons dink aan die eenheid in die Liggaam van Christus?

Karl Barth (1974:614-726) skryf oor *"The Holy Spirit and the Upbuilding of the Christian Community"*. Hier by Barth is ook die "Community"-gedagte ter sprake, soos by Hendrikus Berkhof. Tog lê Barth meer klem op die werk van die Heilige Gees in hierdie verband. Die rol van die Heilige Gees kom egter nie ten volle tot sy reg by Barth in hierdie verband nie.

Kan ons byvoeg dat wanneer die opbouing deur die Heilige Gees gedoen word, die Kerk ook in die proses saamgevoeg of saamgebind word tot 'n eenheid. Indien wel, hoe gaan die Heilige Gees te werk om dit te bereik?

J H Bavinck (1949: 447-452) skryf *"Als laatste overweging"* (p. 447), 'n aanhangsel tot die werk oor die Heilige Gees en die eenheid van die gelowiges. Alhoewel laaste

bespreek, is dit tog belangrik om daarop te let dat Bavinck ook oor hierdie aspek nagedink het. Bavinck (1949:447) skryf soos volg:

> **Als laatste overweging, die wij in ons voelen opkomen bij het overdenken van het werk van den Heiligen Geest moet hier genoemd worden de eenheid van allen die in Jesus Christus geloven. Er is in dit boek ook met nadruk op gewezen, dat de Heilige Geest de Geest is die gemeenschap schept.**

Dit is wel waar dat daar in hierdie boek aandag geskenk is aan die gemeenskap van die heiliges en die betrokkenheid van die Heilige Gees daarin, maar ek sou meer wou sien van die Heilige Gees se rol as Bewerker van eenheid. Voorts maak Bavinck (pp. 447-448) melding van 1 Kor 12:13 - *"Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge."* Bavinck gebruik hierdie teks as 'n beginpunt om vanuit die Nuwe Testament (vanaf die tye van "de oude Kerk") na te dink oor eenheid waar die Heilige Gees betrokke is. Hy merk op dat Jood en Griek met hulle verskillende geskiedkundige agtergronde, kulturele agtergronde, sowel as hulle sosiale teenstellinge van die vrye mens en die slaaf, al hierdie verskille oorbrug het deur die werk van die Heilige Gees. Soos Paulus dit stel in Ef 4:4-5 - *"Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop…"* Hy merk op dat Paulus daarop aangedring het dat hulle *"…ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar…"* (Ef 4:3). Daarna merk hy op dat "de oude Kerk" meermale ernstige probleme moes oorwin, en selfs meer as een keer het dit voorgekom asof die Kerk sou skeur. In Korinte was daar die gevaar van partyvorming. Dan was daar ook die probleem met die besnydenis wat 'n bedreiging was vir deenheid. Telkemale, sê Bavinck, het hulle daarin geslaag om die spanning te oorwin en die gemeenskap te bewaar. Die Gees is op die gemeente uitgestort toe hulle "eendragtig bymekaar was." Die eerste gemeente het daarin geslaag om, ondanks alle wrywing en probleme, die eenheid te bewaar (p. 448).

Hierna spreek Bavinck sy kommer uit dat die Kerk vandag ver te kort skiet in vergelyking met die eerste Kerk. Dan gaan hy voort om in die volgende bladsye hierdie gebrek te bespreek (p. 448 e.v.). Hierop verklaar hy:

> **De overstelpende veelheid van kerken en kerkjes, waarmee wij te worstelen hebben, is een aanklacht tegen ons geloof. Wij moeten beseffen, dat wij met deze verdeeldheid (die menigmaal in twist en vijandigheid dreigt te ontaarden) de stuwing van den Heiligen Geest tegenstaan, en daarmee tegelijk onszelf veroordelen tot weerloosheid tegenover de wereld. Er kan geen kracht van ons uitgaan, omdat we elkander niet waarlijk liefhebben in den Here.**

Hy meen verder dat ons ons verdeeldheid te maklik aanvaar. Ons blus ook te maklik die werk van die Gees uit, en ons gee nooit ons hele lewe aan Hom oor sodat Hy beheer oor ons kan oorneem en ons kan bring waar Hy wil nie. Hy sê dit is moontlik dat die gees van die wêreldse denke en lewe ons só in "hipnose" gebring het dat ons dit nie eers meer agterkom nie. Ondanks ons vrome woorde en wêreldse denke en handelinge, bied ons nie meer die Gees die geleentheid om sy wonderwerke in ons te volbring nie (pp. 450-451).

Hiermee het Bavinck slegs die probleem belig waarmee die Kerk tans te doen het, maar hy bied nie werklik 'n oplossing daarvoor nie, behalwe die verwysing na die Heilige Gees en die gedagte wat deurskemer dat die Kerk hom aan die Heilige Gees moet onderwerp sodat Hy ons tot eenheid kan saambind. Ek sou egter graag méér wou lees by Bavinck oor die werklike rol van die Heilige Gees in die vervulling van die eenheid van die Kerk. Dit is merkwaardig dat hy ten minste ruimte gemaak het vir die Heilige Gees in die bereiking van eenheid.

Hierdie werk oor die Heilige Gees het onder die redaksie van drie teoloë gestaan met die medewerking van sewentien ander teoloë en predikante, en slegs Bavinck het kortliks geskryf oor die Heilige Gees en eenheid. Beslis 'n groot leemte.

### 4. Pentekostalisties-Charismatiese denke

Die Charismatiese Beweging het uit die Pinksterbeweging gegroei (Lederle, 1983:89). Die verskil tussen dié twee Bewegings, is dat die Pinksterbeweging uit die tradisionele kerke gegaan het en eie kerke gestig het, terwyl die Charismatiese Beweging binne die bestaande kerke gebly het. Lederle (1983:89) stel dit soos volg met betrekking tot die Pinksterbeweging:

> **Ook was daar aanvanklik 'n eerlike ekumeniese strewe en geen begeerte om opnuut nuwe denominasies te stig nie. Die oogmerk was eerder dat bestaande kerke oop sou gaan vir die "nuut ontdekte" Bybelse gawes van die Gees en die "doop" met die Heilige Gees. Die sterk opposisie van die gevestigde kerke het hierdie ideaal egter gou verydel.**

Só skryf Mühlen (197815) met betrekking tot die Charismatiese Beweging:

> **It must be emphasized that the charismatic renewal, for a variety of reasons, is not a 'movement' in the sociological sense. Movements arise from the fact that individuals or groups set themselves certain goals of reform and attempt with their ideas to influence or change society or Church.**

Dan gaan hy voort (p. 15) om die karakter van die Charismatiese Beweging of Vernuwing te beskryf:

> **The charismatic renewal in the Church has no 'founder', no spiritual centre, no special theology (other than its perception of the partialities of traditional theology). It has no membership and no contributions, no programmes of action and only a very weak auxiliary organizational structure. Above all, it gathers no 'followers' who later cut themselves off from the major Churches and form sectarian divisions.**

Wat hier van belang is, is die feit dat daar by albei Bewegings 'n ekumeniese karakter teenwoordig was. Albei het die welsyn van die totale Kerk in die oog gehad. Die een was aanvanklik nie aanvaarbaar nie, terwyl die ander meer aanvaarbaar geword het. Vandag het die twee so verweef geraak dat daar op 'n gereelde grondslag, elke tien jaar, 'n *Wêreld-Pinksterkonferensie* gehou word, elke keer in 'n ander gasheerland. By so 'n geleentheid is daar geen onderskeid m.b.t. die sprekers nie: Beide Pinkster- en Charismatiese sprekers tree op. En steeds is daar op praktiese manier 'n opregte soeke na Gees-eenheid.

Sommige teoloë is die mening toegedaan dat die Pentekostaliste (en Charismate) die Gees van Christus losmaak, en dat daar dan 'n wanbalans kom omdat hulle méér klem op die Heilige Gees sou plaas as op Christus. (Vgl. o.a. H Berkhof (1977:21-29). Tog word die eenheid van die Kerk vooropgestel, en kom dit júís in die Drie-eenheid van God sterk na vore. (Vgl. "Die noue verhouding Christus-Gees (Afd.

IV.B.7.3). Vergelyk ook pp. 277-283, asook "Opmerking met betrekking tot eenheid", p. 293, waar, volgens Berkhof, die Pentekostaliste die Gees losmaak van Christus).

Dit bring ons by 'n volgende saak, nl. die *Vierkantevangelie* (oftewel die "Foursquare Gospel") soos onderskryf deur die Pentekostaliste. Dit word deur Herholdt (1990:18) soos volg beskryf:

> **Die Christologiese belydenis is 'n viervoudige verklaring (die sg. 'Foursquare Gospel') wat van meet af aan 'n baie belangrike rol in die Pentekostalisme gespeel het en waarby die Geesdoop ingesluit word. Vry vertaal, kan die *Vierkantevangelie* bestempel word: Jesus Christus is die Saligmaker; Doper in die Heilige Gees; Geneser en komende Koning. Met hierdie eenvoudige viervoudige belydenis het die Pentekostaliste die Christosentriese konsentrasie van hulle geloof bely en 'n werkbare model gevind vir hulle godsdiensbeoefening.**

Herholdt toon verder aan dat dit waar is dat Christus se Persoon en werk vir alle gelowiges belangrik is. Derhalwe word dit in Gereformeerde kringe aangedui deur die gebruik van drie ampte, t.w. die van Profeet, Priester en Koning. Bogenoemde twee benaderings sou aansluiting by mekaar kon vind, maar die aksent wat die Pentekostaliste daarop plaas, verskil grootliks van dié van die Gereformeerdes (p. 18). 'n Breedvoerige bespreking hieroor is egter nie hier noodsaaklik nie. Wat wél hier van belang is, is die feit dat kritiek teen die Pentekostaliste dat hulle 'n onnodige klem op die Heilige Gees plaas, nie regverdigbaar is nie. 'n Bespreking oor die eenheid in die Heilige Gees by Pentekostaliste behoort dus nie gevaar te loop om verwerp te word nie. 'n Eiesoortige beklemtoning van die Gees-eenheid noop 'n teologiese ondersoek. Die aard en die karakter van die ervaring of belewenis van die Heilige Gees by Pentekostaliste sal vervolgens nagegaan word, sodat 'n begrip verkry kan word van die eenheid soos dit voorkom by sodanige Bewegings. (Vgl. ook breedvoerige bespreking onder Afd. IV.C.2 oor die plek van *godsdienservaring* teenoor die *rede* van die Skolastiek van die Middeleeue). Lederle (1983:90) skryf soos volg oor die Pinksterbeweging:

> **Uit die staanspoor is dit belangrik om aan te stip dat Pinksterteologie bewustelik 'n *teologie van ervaring* is. Om dit te verreken, is dit gevolglik ook nodig om die dimensie van ervaring in navorsing in te sluit. 'n Bloot abstrakte analise van leerstellige uitsprake gaan nie die volle prentjie gee nie.**

Lederle meen voorts (p. 90) dat dit noodsaaklik is om ‘n biduur, bekeringsdiens en ‘n geestelike konferensie mee te maak om enigsins ‘n begrip te vorm van die ervaringselement in Pinksterdenke.

Godsdienservaring kom daarom voor as ‘n baie belangrike aspek by Pentekostalisme. Herholdt (1990:79) skryf soos volg in dié verband:

> **Die werking van die Gees is die modus waardeur die Pentekostalis God ervaar en waardeur Christus se teenwoordigheid ‘n werklikheid gemaak word. Subjektiewe ervaring kan egter bloot ‘n verbeeldingsvlug of relatiewe emosionele gevoel wees indien dit nie in objektiewe werklikheid geanker word nie. Derhalwe herlei die Pentekostalis die werking van die Heilige Gees na Christus in terme van konkrete gebeure soos saligheid, genesing, ensovoorts. Die invloed van die Heilige Gees is dus sinvol en verstaanbaar omdat dit heenlei na die eenheid van die liggaam.**

‘n Intense belewenis in die Pinksterbeweging is die doop in die Heilige Gees, ‘n ervaring wat nie maklik in woorde omskryf kan word nie. Hollenweger (1973:4-5) verhaal die gebeure rondom die uitbreek van die Charismatiese Vernuwing in die hoofstroomkerke. In Van Nuys, Kalifornië was daar ‘n jong paartjie wat die doop in die Heilige Gees ontvang het met die spreek in tale. Hulle het die vikaris (“vicar”) verbaas met hulle toewyding en die feit dat hulle ‘n tiende van hulle inkomste vir die Anglikaanse Kerk waaraan hulle behoort het, begin gee het. Die vikaris was bang dat hulle fanaties sou word, en stel hulle voor aan ‘n ander paartjie om hulle so ‘n bietjie ‘af te koel’. Dié paartjie ontvang toe ook die doop in die Heilige Gees, waarop die vikaris dit toe meedeel aan sy senior, vader Bennett. Op sý beurt soek en ontvang Bennett ook die doop in die Heilige Gees. Daarna soek en ontvang sewehonderd van sy gemeentelede dieselfde ervaring. Hollenweger vertel verder van ‘n mevrou Jean Stone wat ‘n groot ywer gehad het om diens aan die Here te lewer. Omdat sy ‘n vrou was, kon sy nie in die Anglikaanse Kerk georden word as predikant nie. Omdat sy getroud was, kon sy nie ‘n non word nie. Omdat haar man nie ‘n sendeling was nie, kon sy nie sendingwerk gaan doen het nie. Sy het gevolglik geen moontlikheid gesien om in die kerk diens te doen nie. Toe ontvang sy die doop in die Heilige Gees. Daarna het haar huis ‘n ontmoetingsplek geword vir predikante en lekepredikers wat op soek was na die doop in die Heilige Gees. Sy het ook sélf

lesings vir Pinkster- en nie-Pinkstermense aangebied in dié verband, wat 'n leemte in haar hart gevul het. Dan skryf Hollenweger (p. 5):

> **Jean Stone summed up the result of the baptism of the Spirit in the following way: it brought a deeper understanding of the love of God, a desire to read the Bible; experience of the baptism of the Spirit made anyone who had not previously believed in the infallibility of Scripture into an 'Anglican fundamentalist'; it brought a deeper recognition of sin, power to testify and power to pray with the sick.**

Hierdie gebeure is as voorbeeld op 'n eenvoudige wyse verhaal om by die kern van die belewenis van die doop in die Heilige Gees uit te kom. Die verhaal klink eenvoudig, want die ervaring lê nie op die vlak van groot teologiese nadenke nie, en is ook nie 'n produk daarvan nie. Dit kan hoogstens agterna teologies beoordeel word. En op hierdie vlak van Geesteservaring is ook 'n faset van die Gees-eenheid geïnkorporeer.

Die doop in die Heilige Gees is voorwaar 'n aandoening met krag, 'n aansporing tot effektiewe sendingwerk, 'n krag vir gebed, 'n krag om persoonlike probleme te oorkom, persoonlike krisisse te hanteer, en maar net om 'n kragtige Christelike lewe te lei. Oor die doop in die Heilige Gees en die gevolge daarvan kan nie hier breedvoerig geskryf word nie. Daar het egter in die afgelope dekades 'n magdom geskrewe werke, algemeen sowel as wetenskaplik, die lig gesien. Hierdie bronne is beskikbaar in talle boekwinkels en biblioteke wêreldwyd.

Wat hier wél van belang is vanuit die bespreking hierbo, is die eenheid in die Heilige Gees soos dit beleef is in Pentekostalisme. Gaybba (1979:115) vul soos volg aan:

> **Die Charismatiese beweging is 'n baie interessante ontwikkeling. Want daarin sien ons nie alleen 'n terugkeer na 'n lewende ervaring en bewustheid van die Gees en sy gawes van talespreking, geloofsgenesing, profesie, die opbou van die gemeente, en so meer nie, maar ons sien dit ook gebeur in kerke met 'n sterk institusionele struktuur. Dit word nie meer sommer as 'n teen-institusionele verskynsel beskou nie. Gees en Kerk is nie meer in opposisie nie. Die charismatiese en institusionele elemente van die Christendom is weer eens op weg na eenwording - in die Gees van Christus!**

Hiermee bevestig Gaybba o.a. dat die eenheid in die Heilige Gees gesoek moet word.

Dit is ‘n bekende historiese feit dat daar ‘n sterk eenheid geheers het aan die begin van die Pentekostalistiese belewenis. Dit was ‘n eenheid wat selfs oor rasgrense en geslagsgrense heen gestrek het. Yong skryf op ‘n webwerf (2001), *Pentecostalism and Ecumenism: Past, Present, and Future. Ecumenical Pentecostalism: A Historical Overview*, soos volg hieroor:

> **One of the least well-known facts about the Azusa Street revival is its multi-racial environment. This is especially remarkable given the segregationist mentality prevalent in North America during the first half of the twentieth century. From 1906-1908, the Azusa Street mission drew persons from several races, ethnic groups, cultures and nationalities together in worship. Blacks and whites were found worshipping and singing together, tarrying before the Lord and praying for one another, "mingling and even touching[!] in the mission." One participant recollected that at Azusa Street, "the 'color line' was washed away in the blood." What happened at Azusa Street, in other words, was unprecedented. The result was not only a transformation of hearts, but also a tearing down of barriers to the experience of genuine Christian unity such that "there is no Greek or Jew, circumcised or uncircumcised, barbarian, Scythian, slave or free, but Christ is all, and is in all" (Col. 3:11; cf. 1 Cor. 12:13, and Gal. 3:28 which adds "male or female").**

Dit is ook die mening van ‘n menigte skrywers, wat uit die aard van die saak nie hier vermeld kan word nie. Alhoewel dit ook ‘n bekende feit is dat hierdie eenheid nie baie lank voortgeduur het nie (vgl. o.a. Yong 2001), neem dit nie die feit weg dat dit wél moontlik is om Gees-eenheid op so ‘n wyse in die Kerk te ervaar nie. As dit eens gebeur het, kan dit weer gebeur, soos dit ook na die uitstorting van die Heilige Gees gebeur het in Handelinge 2. In Hd 2:46 word soos volg berig: *“En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet…”* En verder in Hd 4:32 - *“En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad.”*

Oor die verdeeldheid word ook wyd berig deur verskillende skrywers. Bartleman (1980:167) haal ‘n anonieme nie-Pinkster prediker aan in dié verband:

> **As we look upon the church divided, upon the sect-ridden multitude, none of whom can see alike, how our tired souls cry out for that original love, and we will never win the world on any other plane.**

Verder ook (p. 167):

> **While we are breaking up into sects, creeds, isms, and doctrines, our love is dying, our churches will be empty, and our people lost. Your beautiful Pentecostal work, so full of promise, where God has designated to come in and fill souls and wonderfully baptize them in the Holy Ghost, is broken and peeled and ruined for the lack of love.**

Wat ‘n geweldige hartseer waarneming en aantyging! Maar dit plaas opnuut weer die fokus op die liefde, wat deel is van die vrug van die Heilige Gees (Gl 5:22). Sonder hierdie vrug is daar verdeeldheid, en met die vrug is daar eenheid. Gaybba 1979:269) sluit sy werk oor die Heilige Gees op hierdie noot af:

> **Alles wat ek tot dusver oor die tekens van die Gees se teenwoordigheid te sê gehad het, kom eintlik maar op die volgende neer: *die* teken van die teenwoordigheid van die Gees is liefde (1 Kor 12:31-13:13). Al die ander wondere - profesieë, talesprekinge, die geloof waardeur wonderwerke verrig word - dit alles is waardeloos sonder die liefde. Dus is die liefde *die* teken van die Gees van liefde. 1 Jh 4:16 stel dit so pragtig: “God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.”**

Ek meen hierdie opmerking van Gaybba is geregverdig.

Dit is verder ook belangrik om laastens kennis te neem van die Pentekostaliste se deelname aan die Ekumenisiteit, met die klem op Gees-eenheid. Die persoon wie se naam in die eerste plek sterk na vore kom, is David du Plessis (1905-1987). Hy was oorspronklik van Suid-Afrika, hoofsekretaris van die Apostoliese Geloofsending. Later verhuis hy na die VSA waar hy in verskillende Pinksterorganisasies gedien het. Hy word deur die *Assemblies of God (USA)* ge-ekskommunikeer vanweë sy verbintenis met die Wêreldraad van Kerke, maar word later weer in ere herstel. Hy het ook bekend geword as “Mr. Pentecost”. (Vgl. Hollenweger:2000). Op ‘n webwerf (Anon:1972), *Charisma with Latter Rain* word soos volg berig:

> **Richard Riss records that during the 1950 ‘Latter Rain', David du Plessis led services at Lee College, where he was a professor, and where their ‘awakening’ then took place. David du Plessis was long involved in the ecumenical World Council of Churches, which arranged for him to be part of the Vatican II council, (1964) and set up an official, global, "Catholic-Pentecostal Dialogue,” which included charismatics.**

By Vaticanum II het die Ekumeniese Beweging sy beslag gekry, en David du Plessis het ook deel gehad daarin. Hy was die enigste Pentekostalis wat genooi is om dit by te woon. (Vgl. webwerf (Anon:2008e) David du Plessis). Op ‘n webwerf (Leroy Garrett: 1985) *Separated but not Divided*, skryf Garrett soos volg met betrekking tot Du Plessis:

> **He says it was a blessing when the Assemblies defrocked him, for he was then in a position to be truly ecumenical. Though a Pentecostal in persuasion and practice, he had been busy all these years telling any denomination that will listen that the Body of Christ is beyond them all, and that all who are in Christ are one in that Body. And that includes the Roman Catholics.**

Du Plessis is verder genooi na die *Heilige Stoel* (die hoogste gesag van die Rooms-Katolieke Kerk). Op bogenoemde webwerf verklaar Leroy Garrett soos volg:

> **He told Rome that unity is in no denomination, no system, no hierarchy, but only in the Holy Spirit.**

Verder verklaar Garrett aangaande sy ontmoeting met Rome:

> **When they asked Du Plessis about the "How" of unity, he responded with "Our unity is not based on how; our unity is based on Who." He stresses that since there is but one Head there can be but one Body. The basis of renewal, he says, is in that great promise "Behold, I make all things new," and renewal, he says, is an ongoing process. To all the denominations he presses home the point, Do not think you have arrived. While Du Plessis is Pentecostal and believes in glossolalia, he is persuaded that Christians can differ on such things and find their oneness in the person of Christ. It is the Holy Spirit within us that makes us one, not theological conformity, he says.**

Du Plessis se oortuiging was dat eenheid in die Heilige Gees te vind is. Hierdie eenheid se grondslag lê vir hom opgesluit in die Pinkster-Charismatiese vernuwing.

In soverre die Kerk bevatlik is vir hierdie vernuwing, sal daar ‘n beweging na eenheid wees.

Op bogenoemde webwerf skryf Garrett (1985) dan ook:

> **We do not work for unity; we rather accept the Spirit's gift of unity to the church. We are already united with all those who are in Christ. We are one with all those in whom the Holy Spirit dwells. We are not united with Baptists nor Methodists nor Church of Christ members but with Christians, all Christians everywhere. Such unity rises above all the sectarian and denominational barriers. Unity is between believers, not structures nor systems nor ecclesiasticisms.**

Die grondslag bly steeds die Pinkster-Charismatiese Vernuwing. Alhoewel die Gees-eenheid by hierdie Beweging bewonderenswaardig is en werd is om van kennis te neem, is die gebrek by hierdie beskouing dat dit so maklik neig om ander gelowiges by die eenheid van die Kerk uit te sluit wat nie navolgers is van die Pinkster-Charismatiese Vernuwing nie. Die Heilige Gees moet stééds die oorheersende faktor wees wanneer die Kerk eenheid nastreef, maar so ‘n eenheid strek selfs wyer as bg. Vernuwingsbeweging. Die woorde van Garrett m.b.t. Du Plessis se siening van denominasies soos bo vermeld: *“he had been busy all these years telling any denomination that will listen that the Body of Christ is beyond them all’*, geld nie slegs bepaalde denominasies nie, maar net sowel enige kerklike groepering, beweging of teologiese denkstroom. En daarmee bedoel ek selfs ook die Pinkster-Charismatiese Vernuwingsbeweging. Wat van groot waarde by die Pinkster-Charismatiese Vernuwing is, is die persoonlike heiliging en toewyding aan God wat daarmee gepaardgaan. Dit behels ‘n algehele oorgawe en afstanddoening van alle sondige praktyke en sondige leefstyle, onder die leiding en oortuiging van die Heilige Gees. En hierin beweeg die Kerk ook vorentoe op die weg na eenheid. In sy doktorale proefskrif skryf Moonie (1974:7) soos volg oor Neo-Pentekostalisme:

> **First and foremost, the movement is a renewal of spirituality, resulting in a radical quickening of faith in, and commitment to Jesus Christ. The praise of God, a new love of prayer and Scripture, a power for witness, and a vibrant fellowship characterized by love, joy, zeal and unity are usually manifest.**

Die liefde van gelowiges teenoor mekaar, ‘n liefde wat deur die Heilige Gees geïnisieer word, bly die bepalende faktor vir eenheid, soos ook hierbo deur Gaybba vermeld. Hierby sluit Moonie (1974:18) soos volg aan:

> **By renewal we shall normally denote that work of the Holy Spirit whereby persons, groups and churches are drawn into a deeper relationship of love for one another and their common Lord, and who evidence the same in a Christian life and mission which is authentically biblical and powerfully effective among those to whom their witness and service is directed. Christian renewal may be evidenced ecumenically, liturgically, theologically or ecclesiologically, but is characterized by an inward spiritual rejuvenation of Christocentric faith and increased consciousness of power and operation of the Holy Spirit.**

**Slotsom:** ‘n Verdere ondersoek na die standpunte van verskillende Pinkster-Charismatiese gelowiges sal nie hier nodig wees nie, omdat dit soos reeds hierbo vermeld, gegrond is in die Pinkster-Charismatiese uitgangspunt oor die belewenis van die Heilige Gees. Hier kom slegs eenheid ter sprake tussen mense wat dieselfde belewenis van die Heilige Gees deel. Alle ander gelowiges wat ander standpunte huldig, is outomaties uitgesluit by hierdie bepaalde vorm van Gees-eenheid. Daar moet gestrewe word na ‘n inklusiewe Gees-eenheid en nie na ‘n eksklusiewe Gees-eenheid nie.

## 5. Moderne Ekumeniese Teologie

Soos reeds opgemerk onder Afd. II.C..2.5 m.b.t. die Ekumeniese Beweging, is daar ‘n skrale hoop, alhoewel ‘n groot verlange deur sommige skrywers, dat die Heilige Gees ‘n groter rol moet vervul in die bereiking van eenheid. My oortuiging en konklusie is dat die Heilige Gees nie genoegsame prominensie in hierdie verband kry nie.

Dit kan seker met reg aangeneem word dat die moderne teologiese tendense ‘n aanvang neem in Vaticanum II op 21 November 1964, waar die Ekumeniese Beweging ontstaan het. Alhoewel dit buite die bestek van hierdie proefskrif val om ‘n breedvoerige bespreking te voer oor die Ekumeniese Beweging, sal hier slegs kortliks van sekere relevante gedagtes of hoofmomente kennis geneem word. (Vergelyk ook die historiese gebeure onder Afd. II).

Op ‘n webwerf (Anon:1964*)*, *DECREE ON ECUMENISM - UNITATIS REDINTEGRATIO proclaimed By His Holiness, Pope Paul VI*, word die volledige verklaring gevind m.b.t. Ekumenisme soos besluit by Vaticanum II. In die aanhef van hierdie verklaring word soos volg berig:

> **The restoration of unity among all Christians is one of the principal concerns of the Second Vatican Council. Christ the Lord founded one Church and one Church only. However, many Christian communions present themselves to men as the true inheritors of Jesus Christ; all indeed profess to be followers of the Lord but differ in mind and go their different ways, as if Christ Himself were divided. Such division openly contradicts the will of Christ, scandalizes the world, and damages the holy cause of preaching the Gospel to every creature.**

Die sleuteltekste wat hier van toepassing gemaak word, is Jh 17:21 soos dit in Jesus se Hoëpriesterlike gebed voorkom: *“…dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.”* Ef 4:4-5: *“Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof een doop…”* Gl 3:27-28: *“…want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.”* Ef 4:12 - *“…om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus…”* (Vgl. verder ook nog 1 Kor 12:4-11). Om op die Skrif te bou, is voorwaar ‘n goeie basis vir eenheid. So is daar baie kosbare elemente in hierdie verklaring wat navolgenswaardig is.

Hierna lui die verklaring soos volg:

> **The term "ecumenical movement" indicates the initiatives and activities planned and undertaken, according to the various needs of the Church and as opportunities offer, to promote Christian unity. These are: first, every effort to avoid expressions, judgments and actions which do not represent the condition of our separated brethren with truth and fairness and so make mutual relations with them more difficult; then, "dialogue" between competent experts from different Churches and Communities. At these meetings, which are organized in a religious spirit, each explains the teaching of his Communion in greater depth and brings out clearly its distinctive features. In such dialogue, everyone gains a truer**

> **knowledge and more just appreciation of the teaching and religious life of both Communions. In addition, the way is prepared for cooperation between them in the duties for the common good of humanity which are demanded by every Christian conscience; and, wherever this is allowed, there is prayer in common. Finally, all are led to examine their own faithfulness to Christ's will for the Church and accordingly to undertake with vigor the task of renewal and reform.**

Alles sou voortaan in die stryd gewerp word om die oogmerk van eenheid te bereik. Gereelde dialoog sou plaasvind.

Die term “our separated brethren” kom ten minste dertien keer voor in hierdie verklaring. Aanvanklik blyk dit heel onskuldig en edel te wees, maar soos die tyd verloop het, het dit duideliker geword dat die Rooms-Katolieke Kerk ‘n sekere oogmerk daarmee wou bereik. Reeds onder Afd. II.C.2.5.1.1 het Abbott dit duidelik gestel dat Rome gehoop het dat die Protestante sou terugkeer na die Rooms-Katolieke Kerk en dat die skeuring tussen die Ooste en die Weste tot ‘n einde sou kom. Hierdie “separated brethren” moes terugkeer en weer een Kerk vorm (later meer hieroor).

Die mening word verder gehuldig in die verklaring te Vaticanum II, en heeltemal korrek, Skrifgebaseerd, dat daar by elkeen ‘n hartsverandering moet plaasvind:

> **There can be no ecumenism worthy of the name without a change of heart. For it is from renewal of the inner life of our minds, from self-denial and an unstinted love that desires of unity take their rise and develop in a mature way. We should therefore pray to the Holy Spirit for the grace to be genuinely self-denying, humble, gentle in the service of others, and to have an attitude of brotherly generosity towards them. St. Paul says: "I, therefore, a prisoner for the Lord, beg you to lead a life worthy of the calling to which you have been called, with all humility and meekness, with patience, forbearing one another in love, eager to maintain the unity of the spirit in the bond of peace". This exhortation is directed especially to those raised to sacred Orders precisely that the work of Christ may be continued. He came among us not to be served but to serve".**

By bogenoemde vergadering was daar reeds ‘n hunkering te boek gestel na ‘n Gees-eenheid. (Vgl. ook onder Afd. II.C.2.5):

> **This change of heart and holiness of life, along with public and private prayer for the unity of Christians, should be regarded as the soul of the whole ecumenical movement, and merits the name, "spiritual ecumenism." (My kursivering en onderstreping).**

Tog word Rooms-Katolieke teoloë in die verklaring dit sterk op die hart gedruk om in hulle samesprekinge en onderhandelinge met ander kerkgenootskappe, vas te hou aan hulle eie teologie:

> **Moreover, in ecumenical dialogue, Catholic theologians standing fast by the teaching of the Church and investigating the divine mysteries with the separated brethren must proceed with love for the truth, with charity, and with humility. When comparing doctrines with one another, they should remember that in Catholic doctrine there exists a "hierarchy" of truths, since they vary in their relation to the fundamental Christian faith. Thus the way will be opened by which through fraternal rivalry all will be stirred to a deeper understanding and a clearer presentation of the unfathomable riches of Christ. At the same time, the Catholic faith must be explained more profoundly and precisely, in such a way and in such terms as our separated brethren can also really understand.**

Die doel van die samesprekings word dus duidelik gestel: Die “separated brethren” moet teruggewen word tot die Rooms-Katolieke teologie, wat die “waarheid” is! Of moet hierin dalk gelees word dat elkeen in die onderhandelinge sy eie identiteit moet behou, en mekaar slegs onderling vanuit eie geledere en teologie verryk? Indien dit wél so beskou moet word, waarom dan die term “our separated brethren”? Dit wil vir my voorkom of die samesprekings eerder daarop gemik was om diegene wat afgedwaal het van die “ware geloof”, terug te bring. (Verdere aandag sal op ‘n later stadium aan hierdie aspek gegee word).

Hierna word twee groepe van afskeiding genoem, nl. die Oosterse Kerk, en die Reformasie. Daar moet diskussie gevoer word om genoemde twee groepe te bereik. Dan word verder verklaar:

> **This Sacred Council exhorts the faithful to refrain from superficiality and imprudent zeal, which can hinder real progress toward unity. Their ecumenical action must be fully and sincerely Catholic, that is to say, faithful to the truth which we have received from the apostles and Fathers of the Church, in harmony with the faith which the Catholic Church has always professed, and at the same time directed toward that fullness to which Our Lord wills His Body to grow in the course of time.**

Kan daar dan nog enigsins onderhandel word? So was dit in 1964, maar daarby gesê, dit was die Verklaring van Vaticanum II, die begin van die samesprekings ook vir die Rooms-Katolieke Kerk. Onwillekeurig kom die versugting: Mag die behoefte aan ‘n eenheid in die Heilige Gees prominensie verkry, ook in die Ekumeniese Beweging! Soos reeds bespreek onder Afd. II.C.2.5, het dit duidelik geword dat dit in vier dekades nie werklik gebeur het nie, ongeag die skrale versugtinge van enkele teoloë. Daar is reeds breedvoerig aandag gegee aan hierdie aspek, waar na verskillende teoloë se skrywes gekyk is met die oog op Gees-eenheid. (Vergelyk besprekings onder Afd. II.C.2.5). Daar is opgemerk dat die enigste Konferensie van die Wêreldraad van Kerke wat gefokus het op die Heilige Gees met die tema: **"Come Holy Spirit - Renew the Whole Creation"** (Canberra, 1991), nie in sy doel geslaag het nie. Daar het baie ongerymdhede plaasgevind wat nie met die Heilige Gees geassosieer kan word nie. (Vgl. Afd. II.C.2.5 m.b.t. die bespreking oor die Heilige Gees). Tog is daar verder aandag gegee aan die verbintenis met die Pinkster-Charismatiese Kerke met die oog op Gees-eenheid. Die positiewe hieraan verbonde, is die feit dat daar wél ook gedink word aan die moontlikheid van Gees-eenheid, oftewel “spiritual ecumenism”, en dít is verblydend.

Wat tot hier toe gebeur het met die Ekumeniese Beweging, kan nie bestempel word as ‘n Gees-eenheid nie. Dit kan hoogstens omskryf word as ‘n eenheid in toleransie of verdraagsaamheid, ‘n eenheid in erkenning, ‘n eenheid in samewerking, ‘n eenheid in aanvaarding, of ‘n eenheid in respek. Dit kan ook ‘n eenheid van saambestaan wees - <u>‘n blote simbiose</u>. Soos wat mense van bv. verskillende kulture en agtergronde saamwerk in die werksplek en leer om mekaar te aanvaar, te erken, te verdra of te respekteer, so het mense op die Wêreldraad van Kerke ook met mekaar leer omgaan ongeag van onderlinge verskille. Dit laat die vraag onwillekeurig ontstaan of die “suksesse” van die Wêreldraad van Kerke slegs bestaan tussen lede van die Wêreldraad van Kerke, of het dit deurgedring tot op die grondvlak van die gewone lidmaat? Dit kan verder ook gebeur dat, op aandrang van die dominante groep, in hierdie geval die Rooms-Katolieke Kerk, die ander oorreed kan word om hulle eie identiteit prys te gee, dit as “sonde” te bely, en terug te keer na die “enigste ware Kerk” waarvandaan hulle afskeiding gesoek het. ‘n Ondersoek wat vervolgens gedoen gaan word, kan aantoon dat laasgenoemde moontlik op die agenda van die Rooms-Katolieke Kerk  kon wees.

Wat gebeur nou na vier dekades van Ekumenisme? Op 10 Julie 2007 het daar 'n verklaring deur pous Benedictus XVI in die pers verskyn wat wêreldwyd opslae gemaak het in kerklike kringe. Op 'n webwerf van *CBS NEWS* (2008b), verskyn beriggewing oor 'n dokument soos deur die pous uitgereik op 10 Julie 2007 te LORENZAGO DI CADORE, Italië. Aanhalings uit hierdie webwerf (Anon: 2008b), lui soos volg:

> **Pope Benedict XVI has reasserted the universal primacy of the Roman Catholic Church, approving a document released Tuesday that says Orthodox churches were defective and that other Christian denominations were not true churches. Benedict approved a document from his old offices at the Congregation for the Doctrine of the Faith which restates church teaching on relations with other Christians. It was the second time in a week that the pope has corrected what he says are erroneous interpretations of the Second Vatican Council, the 1962-65 meetings that modernized the church.**

Benedictus het as 'n jong teoloog Vaticanum II bygewoon en was vir 'n lang tyd ontevrede met, wat hy beskou het, "erroneous interpretation of the council by liberals." Dit is dáárom vir hom nie 'n wegbreek van die verlede nie, maar eerder 'n vernuwing van die ou tradisie. In hierdie nuwe dokument wat uit 'vyf vrae en antwoorde' bestaan, het die Vatikaan gepoog om "duidelikheid" te gee oor Vaticanum II met betrekking tot ekumenisiteit. Hierdie dokument is dan ook slegs 'n voortsetting van die sleutelgedagtes van 'n dokument wat die pous in 2000 laat verskyn het. Laasgenoemde dokument het ook 'n storm van kritiek laat ontstaan onder Protestante en ander Christelike denominasies, omdat hierin gesê word dat hulle nie ware kerke is nie, maar slegs "kerklike gemeenskappe" (*"ecclesial communities"*) wat nie oor die middele tot saligheid *("means of salvation")* beskik nie. (Vergelyk bg. webwerf). Hierop gaan die berig op die webwerf (2008) voort:

> **In the new document and an accompanying commentary - which were released as the pope vacations here in Italy's Dolomite mountains - the Vatican repeated that position. "Christ 'established here on earth' only one Church," the document said. The other communities "cannot be called 'churches' in the proper sense" because they do not have apostolic succession - the ability to trace their bishops back to Christ's original apostles.**

Hierop lui die berig verder, ook m.b.t. die Ortodokse kerke:

> **The document said Orthodox churches were indeed "churches" because they have apostolic succession and that they enjoyed "many elements of sanctification and of truth." But it said they lack something because they do not recognize the primacy of the pope - a defect, or a "wound" that harmed them, it said. "This is obviously not compatible with the doctrine of Primacy which, according to the Catholic faith, is an 'internal constitutive principle' of the very existence of a particular Church," the commentary said.**

Ongeag die sterk bewoorde dokument, word berig dat Benedictus hom steeds verbind tot ekumeniese dialoog:

> **"However, if such dialogue is to be truly constructive it must involve not just the mutual openness of the participants but also fidelity to the identity of the Catholic faith," the commentary said. The document, signed by the congregation prefect, American Cardinal William Levada, was approved by Benedict on June 29, the feast of Sts. Peter and Paul - a major ecumenical feast day.**

Bogenoemde dokument kan ook gevind word op ‘n menigte ander webwerwe, met soortgelyke besprekings daarby. Ek volstaan met hierdie berig op die webwerf van CBS NEWS.

My kommentaar op bg. dokument kan kortliks saamgevat word: Dit kan uit hierdie dokument afgelei word dat alle kerkgenootskappe wat voortaan sal deelneem aan ekumeniese samesprekings, dit in die lig van die onderhawige dokument sal moet doen. Die Rooms-Katolieke Kerk beskou hulleself as superieur bo ander kerke, soos König (2006:151) bevestig:

> **Die Katolieke Kerk**[70] **het nog nie amptelik deel van die Wêreldraad van Kerke geword nie alhoewel daar op baie terreine goeie samewerking is. Die Katolieke is nog oortuig dat hulle nie op dieselfde vlak as die ander kerke is nie, maar in ‘n besondere sin dié kerk is.**

Daar word dus ‘n algehele prysgawe van ‘n eie identiteit, met ‘n algehele oorgawe aan die “een ware Kerk” verwag. ‘n Terugkeer na dié kerk waarvan die Protestante sowel as ander kerke weggebreek het. ‘n Algehele terugkeer van die “separated brethren” soos vroeër bespreek. Dit sluit in die erkenning van die oppergesag van

---

[70] “Katoliek” synde die Rooms-Katolieke Kerk, soos wél later deur König verduidelik (p. 266).

die pous, met die hiërargiese stelsel van die Rooms-Katolieke Kerk en sy "Apostoliese gesag". Éérs dán kan daar volkome eenheid wees, volgens my interpretasie van bogenoemde dokument. Indien dit wél kan gebeur, kan die Rooms-Katolieke Kerk se droom van "ware" eenheid verwesenlik word. Maar dan is dit slegs maar 'n strukturele eenheid en het dit nog niks te make met Gees-eenheid nie.

Op 'n ander webwerf (Anon:2008k), *Pope Benedict XVI: Christian Unity, 'so that the world may believe'* word soos volg berig:

> **VATICAN CITY (VIS) - Benedict XVI dedicated his catechesis during today's general audience to the Week of Prayer for Christian Unity which began on 18 January and will come to an end on Friday, 25 January, Feast of the Conversion of St. Paul.**

Hierdie byeenkoms het plaasgevind op 24 Januarie 2008, ná bogenoemde verklaring oor "only one Church" (soos reeds hierbo bespreek), wat deur die pous uitgereik is op 10 Julie 2007. Die pous spreek nou sy bekommernis uit oor die verdeeldheid van die Kerk:

> **So that the world may believe!...The world is suffering from the absence of God ... it wishes to know the face of God. But how can men and women today know the face of God in the face of Christ if we Christians are divided? Only in unity can we truly show the face of God, the face of Christ, to a world which has such need to see it.**

Die eenheid waarna gesoek word, sê die pous, kan alleen deur gebed bereik word:

> **Christians from various Churches and ecclesial communities will come together ... in a choral entreaty to ask the Lord Jesus to re-establish full unity among all His disciples ... undertaking to work so that all humanity accepts and recognises Him as their only Pastor and Lord.**

Daar moet kennis geneem word dat Benedictus steeds praat van *"Churches and ecclesial communities".* Laasgenoemde synde die Protestantse kerke, wat hy nie as "Kerk" wil erken nie. Dit is tog verblydend dat die soeke na eenheid in gebed gegrond is. Dit bring die hoop mee dat die Kerk by Gees-eenheid kan uitkom:

> **It is thanks to this spiritual ecumenism, founded on prayer and sincere conversion ... that the joint search for unity has undergone considerable**

> **development over the last few decades, diversifying into many different initiatives: from mutual knowledge to fraternal contact between members of different Churches and ecclesial communities, from ever more friendly dialogue to collaboration in various fields, from theological dialogue to the search for tangible forms of communion.**

Steeds praat hy van *"ecclesial communities"*, maar oorhoofs beskou, bly gebed belangrik:

> **Vatican Council II "also highlighted prayer in common", said Pope Benedict, "because in joint prayer Christian communities come together before the Lord and, aware of the contradictions caused by their divisions, manifest their desire to obey His will". ...Joint prayer is not, then a form of volunteer work or sociology, but an expression of the faith that unites all Christ's disciples. ...It is the awareness of our human limitations that encourages us to abandon ourselves faithfully in the hands of the Lord. ...The profound significance of the Week of Prayer lies precisely in the fact that it is firmly founded on the prayer of Christ... 'that they may all be one, ...so that the world may believe'".**

My oortuiging is verder dat samesprekings m.b.t. eenheid van die Kerk en ekumenisiteit moet voortgaan, omdat daar steeds die hoop bestaan dat ons by ware Gees-eenheid kan uitkom. Alle vorme van eenheid moet primêr ondergeskik gestel word aan die Gees-eenheid. Besprekings in dié verband sal nog onder die loep kom in die verdere ontwikkeling van hierdie proefskrif.

Onder die opskrif: "Besinning oor Standpunte in die Geskiedenis", (punte 1-5 pp. 295-340), is bepaalde standpunte noukeurig nagespoor m.b.t. Gees-eenheid. Hierdie bevindinge sal vervolgens gemeet word aan die hand van die Woord. Enkele toepaslike Skrifgedeeltes wat betrekking het op eenheid, is reeds eksegeties ontleed in Afd. III. Die Woord is die grondslag vir eenheid in die Heilige Gees. Die standpunte van die verskillende teologiese denkers (vgl. pte. 1-5 hierbo), sal voorts teologies beoordeel word aan die hand van die eksegetiese bevindinge soos in Afd. III ontleed is.

By die **Apostoliese Vaders** word weinig gevind wat betrekking het op Gees-eenheid, en hoogstens by afleiding. By Klemens is daar 'n terloopse verwysing na die Heilige Gees as hy sê dat die Heilige Gees op almal uitgestort word. Soos voorheen eksegeties bespreek is, kan hierdie gedagte toegelig word met Ef 5:18 -

*"Moenie dronk word van wyn nie - daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul."* Of anders gestel: "Kom onder die beheer van die Heilige Gees." Hierdie teks kan Klemens se gedagte van die uitstorting van die Heilige Gees aanvul. Wanneer "almal" (Klemens) in die gemeente die uitstorting van die Heilige Gees ontvang het, kan dit dui op elke individuele gemeentelid, en sodoende kan die korporatiewe gemeente onder die beheer van die Heilige Gees kom, sodat verdeeldheid uitgeskakel kan word.
Omdat daar nie verder sprake is van Gees-eenheid by die Apostoliese Vaders nie, is daar ook niks om met die Skrif te meet soos eksegeties ontleed is onder Afd. III nie.

Die **Middeleeuse teoloë** het nie aandag aan Gees-eenheid gegee nie. Soos reeds opgemerk, kan daar slegs sprake wees van 'n strukturele eenheid of selfs 'n hiërargiese eenheid. Verder het die menslike rede 'n baie belangrike rol gespeel. Die Christelike geloof is vermeng met die filosofie van die dag. Daar sou nie veel oorbly van 'n gelowige se persoonlike verhouding met God deur die geloof nie. In hierdie persoonlike verhouding vervul ervaring 'n belangrike rol, soos reeds vermeld.

In Afd. III is 'n breedvoerige bespreking gedoen oor die παράκλητὸς, wat "by", "met" en "in" (παρα, μετὰ, ἐν) die gelowiges kom woon (Jh 14:16,17). En dít op sigself dui op 'n bewustelike ervaring. Die παράκλητὸς is slégs na die Kerk gestuur in dié verband: *"Die wêreld kan Hom nie ontvang nie"* (Jh 14:17). 'n Bewustelike persoonlike verhouding van die gelowiges met die Heilige Gees word dus hier veronderstel - die fondament vir Gees-eenheid. Die Skolastiek van die Middeleeue gaan dus mank aan 'n ervaringsverhouding met die Heilige Gees en daarom word daar ook nie enige verwysing gevind na Gees-eenheid nie.

Daar is verder ook breedvoerig navorsing gedoen in Afd III oor die verhoudinge van die παράκλητὸς. Behalwe sy verhouding met die gelowiges, staan Hy ook in sterk verhouding tot die Vader en tot Jesus, maar in 'n heel ander verhouding tot die wêreld. Die noue verhouding tot die Vader en Jesus beklemtoon ook die intieme verhouding(e) in die Drie-eenheid. In die Hoëpriesterlike gebed van Jesus (Jh17:21), bid Jesus: *"…dat almal een mag wees <u>net soos U, Vader, in My en Ek in U…</u>"*

(καθὼς σύ, πάτερ, ἐν ἐμοὶ κἀγὼ ἐν σοί). Hierdie gedeelte is ook bespreek in Afd. III, waar reeds aangetoon is dat dit dui op die Drie-eenheid. In die verhoudinge van die παράκλητὸς is daar dan ook sterk aanduiding van eenheid in die Drie-eenheid, sowel as eenheid tussen die gelowiges. Die gelowiges het reeds as voorbeeld die eenheid in die Godheid. Dit is nie slegs ons strewe nie, maar ook ingesluit in die gebed van Jesus, wat alleen deur die Heilige Gees moontlik gemaak kan word, en dan op die grondslag van ons belewenis van die Heilige Gees wat nie die intellek heeltemal uitsluit nie, maar ook nie oorbeklemtoon soos by die Skolastiek nie.

By die **Protestants-Gereformeerde** teologie het die fokus in die eerste plek geval op die sigbare en die onsigbare Kerk, sowel as die pluriformiteitsleer. Daarna het ‘n soeke na Gees-eenheid plaasgevind by ander Gereformeerde teoloë. Soos reeds gemeet aan die hand van die eksegetiese opmerkings in Jh 17, is daar nie duidelike aanduidings dat die begrip “onsigbare” Kerk Skrifgegrond is nie. Jesus bid in Jh 17:11, 23 *“Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons”* (Jh 17:11). En: *“Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees…”* (Jh 17:23). Hierop is reeds aangedui dat die Gees-eenheid nie slegs ‘n eskatologiese konnotasie het nie, en dit word ook nie slegs gekoppel aan ‘n “onsigbare” Kerk, soos by die voorstanders van die begrip “onsigbare” Kerk nie. Gees-eenheid word ‘n werklikheid binne die konteks van die sigbare Kerk, wat ten alle tye sigbaar behoort te wees.

Nadat Jesus in Jh 17:21 gebid het dat almal *“een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die <u>wêreld kan</u> **<u>glo</u>** <u>dat U My gestuur het</u>”*, gaan sy gebed voort *“dat die wêreld kan **<u>weet.</u>**”* Vergelyk eksegetiese ontleding oor Jh 17 in Afd. III, waar uitgewys is dat die wêreld (ongelowiges wat *wil*) glo, (hulle aan Hom toevertrou), sodat hulle tot saligheid kan kom. Daarna sal hulle *weet*. Hierdie geloof van die wêreld in verhouding tot Jesus, het sy grondslag in die eenheid wat die wêreld waarneem by gelowiges. ‘n Eenheid wat weer gebou is op die heerlikheid wat die gelowiges beleef. Dit dui op ‘n sigbare waarneming van Jesus se teenwoordigheid in die gelowiges. Die Kerk is dus <u>sigbaar</u> vir elkeen om waar te neem.

Die pluriformiteitsleer is reeds breedvoerig bespreek, maar omdat dit nie Gees-eenheid belig of bevorder nie, kan dit nie werklik met die Skrif-eksegese (Afd. III) gemeet word soos dit hier gedoen word nie.

Ander Gereformeerde teoloë se standpunte is ook oorweeg, maar omdat daar by hulle ook weinig bespreking voorkom oor die Heilige Gees en Gees-eenheid, kan daar ook nie vergelykings getref word met Skrif-eksegese soos gedoen in Afd. III nie. J H Bavinck het wél aandag gegee aan die Heilige Gees en eenheid, soos reeds bespreek. Enkele gedagtes sal vervolgens bespreek word. Hy maak melding van 1 Kor 12:13 - *"Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge"*, en hy maak ook melding daarvan dat Jood en Griek met hulle verskillende agtergronde versoen is deur die Heilige Gees. Hier kon Bavinck 'n aanvullende bespreking gevoer het oor Ef 2:11-22. Vergelyk Afd. III hieroor wat hierdie versoening beklemtoon, waar die middelmuur van skeiding afgebreek is in Christus en die Heilige Gees die twee aardse vyande één gemaak het.

Paulus skryf in Ef 4:4-5: *"Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof een doop…"* Hy merk op dat Paulus daarop aangedring het dat hulle *"…ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar…"* (Ef 4:3). Na my mening kon Bavinck ook aan hierdie Skrifgedeelte meer uitgebreide aandag gegee het (vgl. ook in hiérdie verband Afd. III), sodat hy meer sinvolle Skrifgegronde konklusies kon maak m.b.t. Gees-eenheid.

In **Pentekostalisties-Charismatiese denke** word breedvoerig aandag gegee aan die Heilige Gees en eenheid. Hierdie Bewegings leun swaar op die ervaring van die Heilige Gees, soos reeds aangetoon. Daarby word sterk klem gelê op persoonlike heiliging en toewyding aan God, met afstanddoening van sondige leefstyle en praktyke. Op hierdie gronde word eenheid gevind tussen mense wat dieselfde belewenis van die Heilige Gees het.

My mening is dat daar raakpunte gesoek moet word tussen die gemeenskaplike belewenis van die Heilige Gees en Nuwe Testamentiese eksegese soos gedoen in Afd. III, om sodoende nog sterker teologies en Skrifgefundeerd te wees.

In die ondersoek na die **Moderne Ekumeniese Teologie** het die klem hoofsaaklik geval op ‘n soeke na Gees-eenheid by die Ekumeniese Beweging (vanaf 1964) en die uitvloeisels daarvan tot in die moderne tyd. Op die keper beskou, lyk alles baie goed: Daar is genoeg Skrifgronde vir ‘n soeke na eenheid. Die sleuteltekste wat hier van toepassing gemaak word, is Jh 17:21; Ef 4:4-5; Gl 3:27-28; Ef 4:12. (Vgl. verder ook nog 1 Kor 12:4-11). Om op die Skrif te bou, is voorwaar ‘n goeie basis vir eenheid. Tog is dit te gebrekkig om slegs Skrifgedeeltes te noem sonder behoorlike eksegese.

Soos reeds opgemerk, is daar tog ook aandag gegee aan die verbintenis met die Pinkster-Charismatiese Kerke met die oog op Gees-eenheid. Dit moet as positief beskou word dat daar wél ook gedink word aan die moontlikheid van Gees-eenheid, oftewel “spiritual ecumenism”. Maar dan geld weer eens die kommentaar soos by die Pinkster-Charismatiese denke, dat daar gefokus behoort te word op Skrif-eksegese, soos in Afd. III bespreek.

**Algemene opmerkings** m.b.t. eenheid soos by elke groep hierbo bespreek en die Gees-eenheid soos eksegeties beskou in Afd. III:

In **Jh 17:1-26**, die gebed van Jesus, het dit om verskeie aspekte gegaan met betrekking tot eenheid. Soos reeds by die ontleding opgemerk is, loop die lyn van eenheid soos ‘n goue draad deur die gebed sonder dat dit op sigself die sentrale tema van die gebed is, maar tóg ineengeweef met ander hooftemas en sub-temas. Omdat daar by die verskillende denkstrominge m.b.t. eenheid die gebrek gevind is dat daar nie genoegsaam aandag aan Skrif-eksegese gegee is wanneer daar oor eenheid besin is nie, word baie van die eksegetiese ontledinge misgekyk, of as nie belangrik geag nie. So word daar bv. in die Ekumeniese Beweging baie sterk klem gelê op Jh 17:21 (sonder die nodige eksegese), maar word die goue draad van eenheid (hierbo vermeld), heeltemal misgekyk.

‘n Verdere aspek wat sterk na vore gekom het met die eksegese soos reeds bespreek m.b.t. Jh 13-16 in aanloop tot Jh 17, is dat liefde die grondslag van eenheid is. Sonder liefde kan daar nie Gees-eenheid wees nie. Reeds in Jh 13:34 sê

Jesus aan sy dissipels: *"'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê."* Die liefde is 'n samebindende faktor vir die gelowiges. (Vgl. ook Kol 3:14): *"En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is."* Paulus het dit later só gestel: *"…en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is"* (Rm 5:5). Hierdie saak ontvang nie genoegsame aandag in die verskillende teologiese eenheidsbeskouinge nie. Tog is dit baie belangrik in die lig van die eksegetiese bevindinge soos hierbo vermeld.

In Jh 13:35 sê Jesus: *"Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."* Dit belig 'n volgende saak, wat ewe belangrik is vir eenheid van die Kerk: die gemeenskaplike *missie* van die Kerk. Die ***Missio Dei*** kom later onder aandag by die bespreking van die "Gees-eenheid". Wat hier van belang is, is die feit dat die wêreld moet kan waarneem dat die gelowiges liefde onder mekaar het. Op 'n webwerf (Anon:2005), word soos volg by die WRK se Sendingkonferensie besluit:

> **The expression "mission in unity" refers to the search for ways of witnessing together in unity and cooperation - despite differing ecclesiologies - within the context of the burning challenges facing churches everywhere today "so that the world may believe" (John 17:21), avoiding any form of confessional rivalry or competition. This does not imply an unrealistic super-church ecclesiology; neither does it deny the intrinsic relationship between mission and ecclesiology.**

Die grondslag van die gemeenskaplike sendingopdrag by die WRK is bloot gegrond op 'n ooreenkoms tussen die verskillende denominasies. Daarteenoor is die Skriftuurlike grondslag, soos by die eksegetiese opmerkings duidelik geword het, die liefde. En dit is 'n baie sterk basis, soos deur Jesus Self gelê (daar sal later by die bespreking van die "Konkretisering van die Eenheid" meer aandag aan hierdie aspek gegee word). In die gelowige se persoonlike lewe is dit ook deel van die vrug van die Gees (Gl 5:22).

Verskillende sake wat met die eksegese van Jh 17 aan die lig gekom het en wat belangrik is vir eenheid, is kortliks die volgende:

- Liefde (reeds in Jh 13, en dan in Jh 14-16, die aanloop tot Jh17). Vergelyk ook verse 25-26, die klimaks van die gebed, waar Hy afsluit met die liefde. (Vgl. bespreking hierbo).
- Jesus bid vir die <u>gelowiges</u> (verse 2-3, 25-26). Nie vir die wêreld/ongelowiges nie (v. 9). Hy bid ook vir die gelowiges van alle eeue (v. 24).
- Eenheid in die Drie-eenheid is ‘n voorbeeld vir die gelowiges om één te wees (verse 1,4,21,22).
- Gebed vir die bewaring en heiliging van die dissipels/gelowiges (verse 6-19). In die bewaring van die gelowiges lê ook hulle éénheid (v.11).
- Die Naam van die Vader is aan die <u>gelowiges</u> geopenbaar (verse 4, 6a).
- Die gelowiges is aan Jesus deur die Vader gegee (v. 6b).
- Die gelowiges het die Woord van die Vader bewaar: d.i. ontvang, aanvaar en hulle daaraan onderwerp (v. 6c).
- As Beelddraers van God lê ook die gelowiges se éénheid in die Heilige Gees (v.11). Hulle dra *“vrug wat by die bekering pas”* (Mt. 3:8; Jh 13:34-35; Jh 17:21).
- Volkome blydskap (nou reeds) is ‘n uitvloeisel van eenheid (v.13).
- Die wêreld sal hulle eenheid sien en (1) glo, of (2) hulle haat (verse 14, 21,23).
- Jesus gee aan die gelowiges *“die heerkikheid wat U My gegee het”* (v. 22), en hierin bestaan ook eenheid: *“sodat hulle een kan wees…”* (v. 22).

In **Rm 11:17-32** gebruik Paulus die beeld van ‘n olyfboom. Die boom met wortels en takke spreek van die gelowiges uit die volk Israel. (Vgl. ook Jr 11:16; Hs 14:6).

Daar is reeds by die konklusie van die teksontleding opgemerk dat die Kerk soos 'n boom is wat groei. Omdat al die gelowiges dieselfde wortels het, nl. Jesus Christus, en alles wat Hy gebring het, is dit werklik onmoontlik om die eenheid te verbreek. Dieselfde boom met dieselfde wortelstelsel bring ook dieselfde vrug voort. Die vrug in die gelowiges se lewe is die vrug van die karakter van Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees. Alles wat nie werklik uit God gebore is nie, word instrumenteel deur die vyand gebruik in 'n poging om óf die Kerk totaal te vernietig, óf ten minste die eenheid in die Kerk te versteur. So is die gelowiges uit sowel die Jodedom as die heidendom saam die olyfboom met dieselfde wortelstelsel. So

vervul die Heilige Gees die hoofrol in die bereiking van die eenheid van die Kerk. Deur persoonlike toewyding aan die Here dra die gelowige die vrug van die Heilige Gees (Gl 5:16) en so neem ons deel aan die bereiking van eenheid.

In **1 Kor 10:16-17** word die eenheid bevestig in die Nagmaal. Die eenheid lê in die gelowiges se gesamentlike gebruik van die beker (wat die bloed van Jesus verteenwoordig) en die brood (wat die liggaam van Christus verteenwoordig). Dit het niks te make met die Rooms-Katolieke mis of eucharistie, of hulle siening van transsubstansie nie. (Later meer hieroor by die bespreking van die verskillende vorme van eenheid).

Paulus het verder ook geskryf in 1 Kor 11:29 - *"Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie <u>onderskei</u> nie."* In dié verband het deeglike eksegese aangetoon: Omdat sommige op *"onwaardige wyse eet en drink"*, het hulle verdeeldheid gebring, en verdeeldheid is sonde. Wanneer die gelowiges met die sonde wegdoen deur dit met berou te bely en te laat staan vóór hulle deel het aan die tafel van die Here, word die Nagmaal 'n onmiskenbare samebindende faktor vir eenheid. Hierin het die Heilige Gees 'n belangrike rol, waar Hy die Oortuiger van sonde is, en waar Hy die gelowige tot sondebelydenis bring om die verdeeldheid te laat staan. So kom die gelowige dan eers tot versoening met God voordat hy met die ander gelowiges kan versoen.

In **1 Kor. 12-14** is daar eenheid in die verskeidenheid (vgl. 1 Kor 12:4) van die gawes en bedieninge van die Heilige Gees (wat nie breedvoerig bespreek is nie, omdat dit buite die konteks van die proefskrif val).

M.b.t. 1 Kor 12:3 verklaar Paulus: "Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees". Hier is eksegeties aangetoon (Afd. III), dat daar eenheid in die belydenis is en dat die Heilige Gees 'n prominente rol vervul in die belewenis en belydenis van Christenskap.

1 Kor 12:13 verklaar onomwonde: *"Want ons is almal ook <u>deur een Gees gedoop tot een liggaam</u>, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een*

*Gees deurdronge."* Diepgrondige eksegese het aangetoon dat die 'doop tot een liggaam' die inisiasie van elke gelowige in die Liggaam van Christus is, wat weer 'n veelomvattende werk van die Heilge Gees is. In hierdie totale werk van die Heilige Gees in elke individuele gelowige, lê ook opgesluit die eenheid van die gelowiges.

In 1 Kor 12-14 gaan dit verder ook oor die Liggaam van Christus en eenheid.

1 Kor 13 handel oor die liefde onder die gelowiges, wat die grondslag van eenheid is. Die begrip **ἀγάπη** word gebruik, waar die konklusie was dat dit met redelike sekerheid aanvaar kan word dat hierdie woord oorwegend gebruik word om 'n dieper, intenser liefde mee te beskryf. 'n Opofferende liefde wat so sterk is dat iemand selfs bereid sal wees om sy lewe vir iemand anders te gee (Jh 15:13). Hierdie liefde is paslik om God se liefde mee te beskryf sowel as die liefde van die mens teenoor God. Hierdie liefde het Hy ook in ons harte uitgestort (Rm 5:5). Dit is ook die liefde waarmee ons mekaar moet liefhê, soos Hy ons ook liefhet (Jh 13:34; 15:12). Met só 'n grondslag kan daar eenheid wees.

In **Ef 1:11-22** gaan dit oor die Hoofskap van Christus. Hier is gekonkludeer dat dit 'n verskraalde verklaring sou wees om te sê dat *"alle dinge"* wat aan Hom onderwerp is ook die Kerk insluit. Dit sou ook 'n growwe misleiding wees, want dan word die waarde van die teks heeltemal misgekyk. Die gelowiges word by Hom ingelyf en daarom het hulle ook deel aan alles wat Hy is en het: Sy oorwinning is ook húlle oorwinning. Sy heerskappy is ook húlle heerskappy. Die Kerk het 'n eie unieke posisisie in Christus. Die Kerk is nie 'n onderdeel van die *"owerhede en magte"* waaroor Hy heerskappy voer nie, maar is met Christus verenig, ook in sy triomf oor die *"owerhede en magte"* (Floor, 1995:80). Nou word Jesus, die verheerlikte Christus wat oor alles triomfeer, deur die Vader aan die Kerk gegee. Daar is 'n onlosmaaklike verbondenheid, alleen deur die Vader bewerkstellig deur die Heilige Gees, omdat die Heilige Gees die teenwoordigheid van God vergestalt in die Kerk. En hierin word ook die eenheid van die gelowiges met mekaar en met Christus weer eens sterk op die voorgrond geplaas.

Verder is aangetoon dat Ef 1:23 *"…die volheid van Hom wat alles in almal vervul"*, in aansluiting met vs. 22 soos reeds bespreek, dui op die feit dat in Jesus die "*volheid van die Godheid"* woon. Terselfdertyd ***is*** Hy ook *"die volheid"* van die Kerk. Hy alleen kan die Kerk volmaak maak. Hierdie *"volheid"* sluit alles in wat die Kerk nodig het om te groei tot volmaaktheid. Die Kerk wat nog op aarde is, is nog nie volmaak nie, maar groei na volmaaktheid toe. Jesus is besig om hierdie werk te voltooi deur die Heilige Gees. Maar omdat die Kerk nog nie voltooid is nie, is die eenheid wat deur die Heilige Gees bereik word, ook nog nie voltooid nie. Daarom is die Heilige Gees voortdurend in die Kerk werksaam om eenheid te verwesenlik.

By die eksegetiese ontleding van **Ef 2:11-22** (soos reeds vroeër opgemerk), het dit duidelik geword dat daar versoening tussen die twee groot aardse vyande gekom het in Christus: Jood en heiden wat in Christus glo, het met mekaar versoen deurdat die middelmuur van skeiding afgebreek is. Diegene wat in Christus glo, is in één Liggaam saamgevoeg deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Wat baie belangrik is, is dat die basis van eenheid in die Liggaam van Christus versoening is met God. Buite hierdie raamwerk is daar geen moontlikheid van versoening van verskeie partye of groepe met mekaar nie. Wat dan ook al die kerklike groep of teologiese denke se sieninge is (soos bespreek onder punte 1 tot 5), daar moet éérs versoening met God wees voordat daar sprake van versoening van die gelowiges met mekaar kan wees. Soos reeds opgemerk: Op die plek van vernedering en verootmoediging voor God kom daar versoening met God.

**Ef 4:1-16** volg direk op hoofstukke 2&3, wat as basis dien vir eenheid. Hierna volg verse 1-6 van hoofstuk 4, wat die basis versterk. Hierna volg 'n bespreking van die verskillende bedieningsgawes, waardeur die Liggaam van Christus prakties tot 'n hegte eenheid saamgebind word (verse 7-16).

Verse 4:1-6 lui soos volg: *"Ek <u>vermaan</u> julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel <u>waardig die roeping</u> waarmee julle geroep is, met alle <u>nederigheid</u> en <u>sagmoedigheid</u>, met <u>lankmoedigheid</u>, terwyl julle mekaar <u>in liefde verdra</u> en <u>ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede</u>. Dit is <u>een liggaam</u> en <u>een Gees</u>, soos julle ook geroep is in <u>een hoop</u> van julle roeping; <u>een Here</u>, <u>een geloof</u> <u>een doop</u>, <u>een God en Vader van almal</u>, wat <u>oor almal en deur</u>*

*almal en in julle almal is."* (Hierdie teksverse is in detail eksegeties ontleed, maar ter wille van kontinuïteit en duidelike vergelyking, word dit hier volledig aangehaal).

Deur slegs na die onderstreepte sleutelwoorde te kyk, word reeds 'n sterk aanduiding gevind vir eenheid. (Vgl. volledige eksegese in Afd. III). Daar is genoeg aanduidings van 'n heilige lewe met die dra van die vrug van die Gees soos ook in ander Skrifgedeeltes na vore kom (reeds bespreek). Dan is daar aanduidings dat elke gelowige ernstig moet strewe na eenheid, saam met die Heilige Gees.

Daar is ook: *"Een liggaam, een Gees, een hoop van julle roeping, een Here, een geloof een doop, een God en Vader van almal."*

Soos reeds opgemerk, dui die *"een doop"* nie op die waterdoop nie, maar op die inlywing in die Liggaam van Christus. (Vgl. eksegese Afd. III). Dit is dus 'n verkeerde aanname wat deur sommige, veral ekumeniese teoloë, gemaak word dat dit sou dui op die waterdoop. Sulke verkeerde aannames lei tot foutiewe Skrifuitleg omdat dit nie gegrond is op deeglike eksegese nie.

In **Ef 5:22-33** gaan dit oor die huwelik, maar telkemale skemer dit deur dat dit terselfdertyd ook oor meer as dit gaan, nl. die verhouding van Christus tot die Kerk. (Vgl. verse 22-23;25-27;30-33). Die huwelik kom ter sprake om júís die eenheid van Christus met sy Kerk sowel as die eenheid met mekaar te beklemtoon. Die huwelik is dus 'n sterk tipering van eenheid.

Hierdie kort samevattende opmerkings toon die gebrek aan wat by verskillende denkstrominge aangetref word, soos hierbo bespreek. (Vgl. pte. 1-5). Hierdie kort opsommings van belangrike punte m.b.t. eenheid en wat gegrond is op deeglike eksegese, word weinig aangetref by teoloë wat nagedink het oor Kerkeenheid. My konklusie is dat deeglike eksegese, wat 'n goeie Bybelse grondslag bring vir teologiese besinning, te dikwels oor die hoof gesien word, en dit lei soms tot bloot menslike beskouinge en menslike aannames en selfs tot ernstige dwaling. Ek sou dus in elke tradisie en verskillende denkstrominge (soos reeds bespreek), wou sien dat Skrif-eksegese 'n regmatige plek kry. Ook in ons besinning oor eenheid. Dan sal daar hoop wees vir ware Kerkeenheid.

## D. Verskillende vorme van eenheid

Daar bestaan verskillende opvattinge of beskouinge in die soeke na die praktiese bereiking van eenheid van die Kerk.

### 1. Hiërargiese eenheid

Soos reeds voorheen opgemerk (vgl. IV.C.2 en 5) sien die Rooms-Katolieke Kerk eenheid in die hiërargiese stelsel wat in dié kerk ontwikkel het.

Op ‘n webwerf (Ogwyn:2008) *“God se Kerk deur die eeue”* word dié gedagtegang reeds by Klemens gevind:

> **Die weg na vrede en enigheid is deur gehoorsaamheid aan gevestigde gesag, die ouderlinge. Christus regeer die kerke deur die Apostels, die biskoppe deur hulle aangestel, en die goedgekeurde opvolgers van die biskoppe.**

Verder ook by Ignatius:

> **Omtrent tien jaar later beklemtoon Ignatius dieselfde punt: “Eenheid en vrede in die kerk en die geldigheid van die kerk word verkry deur getrouheid aan die biskop ...”**

En dan verder by Cyprianus:

> **Teen die middel van die volgende eeu het die bewerings so geweldig gegroei dat Cyprianus van Noord-Afrika sê: “Die fokus van eenheid is die biskop. Om hom te verlaat, is om die kerk te verlaat, en hy wat die kerk nie as sy moeder het nie, kan nie God as sy Vader hê nie”**

Bavinck (1930:267) skryf soos volg hieroor:

> **In de Middeleeuwen werd dit kerkbegrip practisch uitgewerkt in de ontwikkeling der hierarchie, in de machtige organisatie van het kerkelijk instituut, in den strijd der kerk met en hare verheffing boven den staat.**

Op bogenoemde webwerf som Ogwyn (2008) soos volg op:

> **Omdat kerkleiers in die tweede en derde eeue nie meer uitdruklik staat gemaak het op die Skrif nie, het hulle al hoe meer hulle eise op die lojaliteit van die broeders gebaseer, op hulle aanspraak dat hulle die wettig verordende opvolgers was van die apostels en die biskoppe wat hulle opgevolg het.**

Met betrekking tot die hiërargiese struktuur in die Rooms-Katolieke Kerk, skryf König (2006:267) soos volg:

> **Alhoewel die Katolieke Kerk wêreldwyd een massiewe organisasie is, is daar verskillende ordes of groeperings wat onderling hulle eie beklemtonings het. Hulle het dit egter reggekry om al hierdie groeperings onder een hoof, die pous, verenig te hou. Daarmee het hulle aan die res van die Christene 'n wonderlike voorbeeld gestel van eenheid in verskeidenheid, iets wat die Protestantse Kerke nooit aangeleer het nie.**

'n Hiërargiese struktuur vir die Kerk kan positief wees, maar indien die klem slegs hierop val vir eenheid, moet dit afgewys word. Daarteenoor kan dit, onderworpe aan die Heilige Gees, meehelp tot ware eenheid in die Kerk.

## 2. Konfessionele eenheid

In die Geloofsbelydenisse van die Kerk is daar 'n bepaalde eenheid. Wanneer gelowiges saam dieselfde bely, word eenheid sigbaar. Hiermee skaar gelowiges hulle gewoonlik by die waarheid of 'n sekere segment van die waarheid teenoor die ongelowiges of verkeerde valse leerstellings, wat op hierdie manier beveg word. König (2006:63-64), som die geformuleerde geloofsbelydenisse[71], wat die kernwaarhede van die geloof weergee, soos volg op:

> **Daar is byvoorbeeld die Apostoliese Geloofsbelydenis, ook die Twaalf Artikels genoem, wat 'n kort samevatting is van die Christelike geloof. In sommige kerke word dit reëlmatig deur die hele gemeente bely. Saam met die Apostoliese Geloofsbelydenis (die Twaalf Artikels) is daar ook**

[71] Vir praktiese doeleindes word die geloofsbelydenisse nie hier volledig aangehaal en bespreek nie. Ons let slegs op die waarde van elke Belydenis teenoor die verkeerde of valse leer, sowel as 'n standpunt van geloof teenoor ongeloof.

**twee ander belydenisse: die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Atanasius. Hierdie drie word ekumeniese of algemene belydenisse genoem omdat omtrent alle Christelike kerke hulle aanvaar. Dit is belydenisse wat vroeg in die geskiedenis van die kerk ontstaan het.**

Die Apostoliese Geloofsbelydenis word op ‘n webwerf (Anon:2008g) *Apostoliese Geloofsbelydenis*, soos volg omskryf:

**'n Presiese datering vir die Apostoliese Geloofsbelydenis is nie moontlik nie, maar alle aanduidings is dat die geskrif teen ongeveer die derde eeu na Christus al baie algemeen en wyd bekend was in die vroeg-Christelike kerk. Dit kon moontlik 'n geskrif wees wat as antwoord moes dien op die dwaalleer wat sy kop aan die einde van die eerste eeu na Christus in die kerk uitgesteek het, naamlik die Gnostisisme. Volgens oorlewering het elkeen van die 12 apostels van Jesus Christus een van die artikels in die Apostoliese Geloofsbelydenis oorgelewer, vandaar die benaming: *apostoliese geloofsbelydenis* of *12 artikels*. Daar is egter nie genoegsame bewyse vir hierdie teorie nie. Dié Belydenis word baie wyd in Christelike kerke van verskillende denominasies aanvaar en maak deel uit van die Algemene Belydenisskrifte van die Protestantse kerke. Verskillende vertalings van die dokument is in omloop, derhalwe kom daar verskille tussen kerke se inhoud van die Belydenis voor. Die kern van die Geloofsbelydenis bly tog in sulke gevalle behoue.**

Die Geloofsbelydenis van Nicéa word op ‘n webwerf (Anon:2008i), soos volg beskryf:

**Hierdie Belydenisskrif word genoem na die plek Nicéa (Klein-Asië) waar daar in die jaar 325 'n Sinode gehou is en waar die dwalings van Arius verwerp is. Die finale vorm is egter eers van 'n later datum, waarskynlik van die Sinode van Konstantinopel, 381 (NGB, art 9).**

Verder het ook die Geloofsbelydenis van Atanasius ontstaan, wat die leer van die Drie-eenheid verdedig het. Op ‘n webwerf (Anon:2008h) van die Vrye Gereformeerde Kerk, *Die Geloofsbelydenis van Atanasius,* word soos volg hieroor geskryf:

**Hierdie belydenisskrif word genoem na Atanasius, die verdediger van die Skriftuurlike leer teen die dwalings van Arius in die 4de eeu, alhoewel dit betwyfel word of dit Atanasius self was wat dit opgestel het. Dit vertolk egter die Kerk se standpunt oor die leer van die Drie-eenheid (NGB, art. 9).**

Dan is daar ook nog die Belydenisskrifte, wat teenoor of in opvolging van die Geloofsbelydenisse, ‘n breedvoerige uiteensetting gee van ‘n bepaalde kerkgroep se standpunt van geloof. Na die Hervorming het verskillende kerkgroepe of tradisies ontstaan wat gou teenoor mekaar te staan gekom het. Elkeen het gevolglik hulle eie belydenisskrif opgestel. Die volgende word gevind (König 2006:65): Die Lutherse Kerke het veral die Augsburgse Belydenis en die Kategismus van Luther. Die Gereformeerde Kerke van Nederlandse oorsprong, het drie Belydenisskrifte wat die Drie Formuliere van Eenheid genoem word: Die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Die Anglikaanse Kerk het die *“Thirty-Nine Articles of the Church of England”* en *“The Book of Common Prayer”*. Die Presbiteriaanse Kerk het die *“Westminster Confession”*. Die Metodistekerk het die *“Twenty-five Articles of Religion”* (John Wesley se verwerking van die Anglikaanse *“Thirty-nine Articles”*). In Suid-Afrika word by die NG Sendingkerk die *Belydenis van Belhar* (1986) gevind.

So word in die verskillende belydenisse en belydenisskrifte ‘n bepaalde eenheid gevind, maar dit is ‘n beperkte eenheid. In soverre dit deur die die hele Kerk aanvaar word, kan dit meewerk tot totale eenheid. Maar wanneer dit slegs eenheid bring vir ‘n bepaalde kerkgroep, word die Kerk weer gesegmenteer of gekokoniseer, wat verdere verdeeldheid bring.

### 3. Denominasionele eenheid

Verskillende denominasies het elkeen sy eie besondere karakter, leer, liturgie, gebruike, gewoontes en tradisies. Hierin lê ook ‘n bepaalde eenheid opgesluit, maar dit is weer eens ‘n beperkte eksklusiewe eenheid, wat maar weer meewerk tot verdeeldheid in die Liggaam van Christus. Dit kan ook nie maklik met Gees-eenheid versoen word nie, tensy daar gesprekvoering tussen die verskillende denominasies kan plaasvind met die oog daarop om mekaar te verryk en nie af te breek nie.

### 4. Ekumeniese eenheid

Die oogmerk hier is om die verskillende kerkgroepe en denominasies tot ‘n eenheid te bring. (Vgl. breedvoerige bespreking onder II.C.2.5 sowel as IV.C.5. Vgl. ook

IV.C.1. “Kerklike Hiërargie” hierbo). Op ‘n webwerf (Anon:2008k) van Wikipedia *Ecumenism*, word soos volg hieroor berig:

> **Ecumenism (also oecumenism, œcumenism) refers to initiatives aimed at greater religious unity or cooperation. In its broadest sense, this unity or cooperation may refer to a worldwide religious unity; by the advocation of a greater sense of shared spirituality across the three Abrahamic faiths of Judaism, Christianity and Islam. Most commonly, however, ecumenism is used in a more narrow meaning; referring to a greater cooperation among different religious denominations of a single one of these faiths. The word is derived from Greek** οἰκουμένη **(oikoumene), which means "the inhabited world", and was historically used with specific reference to the Roman Empire. Today, the word is used predominantly by and with reference to Christian denominations and Christian Churches separated by doctrine, history, and practice. Within this particular context, the term ecumenism refers to the idea of a Christian unity in the literal meaning: that there should be a single Christian Church.**

Soos reeds voorheen aangetoon, wil dit voorkom asof dit hier, veral in Rooms-Katolieke konteks, gaan om strukturele eenheid. Die eenheid wat hier voorgestaan word, het ‘n versmalde basis, wat slegs dui op ‘n groter samewerking tussen die verskillende denominasies. Daarmee saam is die eenheid wat voorgestaan word, bloot organisatories. Hier is dus nie werklik sprake van Gees-eenheid nie, tensy daar voortaan meer op die Heilige Gees gefokus word in die bereiking van eenheid.

### 5. Seksionele eenheid

Hier het ons te make met iets meer as denominasionele eenheid soos hierbo bespreek. Dit gaan hier oor verskillende denominasies wat in sekere opsigte dieselfde leerstellinge handhaaf. Weer eens, soos by denominasionele eenheid, bestaan daar ‘n vorm van eenheid wat eksklusief is, omdat dit alle ander denkwyses uitsluit. Ook hiér is die neiging om die Kerk te kokoniseer, tensy daar gesprekvoering gedoen kan word sodat wedersydse bevrugting kan plaasvind. Hierin, glo ek, is die werk van die Heilige Gees in die bereiking van eenheid oor grense heen, uiters noodsaaklik.

## 6. Strukturele eenheid

Hier gaan dit om die praktiese strukturele samevoeging van die verskillende segmente van die totale Kerk of Liggaam van Christus (vgl. ook IV.C.5.), of die praktiese samesmelting van twee of meer denominasies.

‘n Ander vorm van strukturele eenheid kom voor in die liberale teologie *via* die invloed van die *Verligting* sedert 1800. Die klassieke liberale teologie beskou die Kerk as ‘n vereniging wat hom beywer vir die bevordering van godsdiens en die verbetering van sedes. Uit hierdie beskouing het weer die kollegialisme ontwikkel. (Strauss s.j.:98). Hierna vervolg Strauss (s.j.:99):

> **Wat die kerkregering betref, manifesteer die liberale kerkbegrip homself as kollegialisme. Al die samelewingsverbande word gesien as *collegia* - genootskappe wat tot stand kom deur die vrywillige verdrag wat individue met mekaar sluit.**

Die “sigbare” kerk word losgemaak van die “onsigbare” kerk, wat dan ‘n *collegium* word en sy gesag aan die owerheid oordra. Hiervolgens is die Kerk ondergeskik aan die staat, en so het die gedagte van “staatskerk” ontstaan. Die kerkregering word ‘n liberale demokrasie waarvolgens die meerderheid beslis (Strauss p. 99). Strauss (p. 99) skryf verder soos volg:

> **Ook hierdie afwykende kerkbegrip het onder die Afrikaners deurgewerk, soos reeds in talle studies aangetoon is. Die tipiese kollegialistiese Reglement van die Nederlandse Kerk (1816) het in Suid-Afrika ten minste weerklank gevind op die eerste Kaapse sinodes (1824-1842). Waarskynlik leef die opvatting lank daarna nog by baie van ons kerkmense na. Daarvolgens word die sinode as ‘n soort hoofbestuur van die kerk beskou en is daar geen plek vir die regmatige selfstandigheid van die plaaslike kerk nie. Onnodig om te sê dat dit die oorsaak van baie ellendes in ons kerklike lewe was en tot vandag toe nog is.**

Hierdie byna hiërargiese vorm van strukturele eenheid moet ten sterkste afgewys word, waar die Heilige Gees geen geleentheid gegun word tot die bewerking van Gees-eenheid nie.

‘n Gesonde strukturele eenheid kan wél bereik word binne ‘n bepaalde kerkdenominasie, ongeag ras of kleur. In 1996 het die Apostoliese Geloofsending (AGS) so ‘n eenheid bereik tussen blanke, kleurling-, swart- en Indiër-kerke in Suid-Afrika. Struktureel het hulle één geword. In die NG Kerk-familie kon daar tans nog nie so ‘n eenheid bereik word nie, maar daaraan word hard gewerk.

Vanweë die menigvuldige samesprekings wat al plaagevind het in hierdie verband, en omdat dit prakties nie haalbaar is vir die doeleindes van hierdie proefskrif nie, word hier nie ‘n breedvoerige bespreking hieroor gedoen nie. Daar word slegs hiervan kennis geneem.

**7. Mistieke eenheid**

Hierdie begrip vir eenheid word op ‘n webwerf (Anon: 2008u) van Wikipedia soos volg omskryf:

> ***Mysticism*** **(from the Greek μυστικός), an initiate of a mystery religion, μυστήρια meaning "initiation" is the pursuit of achieving communion, identity with, or conscious awareness of ultimate reality, the Other, divinity, spiritual truth, or God through direct experience, intuition, or insight.**

En verder:

> **In many cases, the purpose of mysticism and mystical disciplines such as the use of *entheogens* or meditation, is to reach a state of return or re-integration with the Godhead. A common theme in mysticism is that the mystic and all of reality or God are a unity, termed Unio Mystica, "mystical union". The purpose of mystical practices is to achieve that oneness in experience, to achieve a larger identity and re-identify with the all that is. Terms for this fundamental experience occur with various connotations in most or all religious traditions…**

Indien die Kerk dan met God in ‘n “mistieke eenheid” kan kom, kan hulle ook met mekaar so in eenheid wees. Hierdie mistieke eenheid word verder ook op die Liggaam van Christus toegepas. Op ‘n webwerf (Anon: 2008u) *Mystical Body of the Church* word dit soos volg beskryf:

> **The analogy borne by any society of men to an organism is sufficiently manifest. In every society the constituent individuals are united, as are also the members of a body, to effect a common end; while the parts they severally play correspond to the functions of the bodily organs. They form a moral unity. This, of course, is true of the Church, but the Church has also a unity of a higher order; it is not merely a *moral* but a *mystical* body. This truth, that the Church is the mystical body of Christ, all its members being guided and directed by Christ the head, is set forth by St. Paul in various passages, more especially in Ephesians 4:4-13 (cf. John 15:5-8).**

Hierdie beeld het die Rooms-Katolieke Kerk ook op hulleself toegepas. Op ‘n webwerf (William G. Most: 2008), *The Catholic Church is the Mystical Body of Christ*, bou Most voort op *The Basic Catholic Catechism PART FIVE: The Apostles' Creed IX-XII*, wanneer hy soos volg skryf:

> **Speaking of full membership in the Church, Pius XII, in his Encyclical on the Mystical Body, said it is the society of those who have been baptized, and who profess the faith of Christ, and who are governed by their bishops under the visible head, the Pope, the Bishop of Rome.**

En verder:

> **The Church came into being when Christ died on the Cross, but it was formally inaugurated on Pentecost, when He sent the Holy Spirit as He had promised. St. Paul speaks of all Christians as members of Christ, so that with Him, they form one Mystical Body (Cf. 1 Cor 12:12-31; Col 1:18; 2:18-20; Eph. 1:22-23; 3:19; 4:13). St. Paul did not use the word Mystical. It was developed more recently to bring out the fact that this union is unique, there is no parallel to it. It is not the same as the union of a physical body, nor that of a business corporation.**

So is dan die Rooms-Katolieke Kerk die kerk waarbinne eenheid gestalte vind in hierdie mistieke eenheid. Mistieke eenheid grens byna aan die begrip “onsigbare” Kerk - iets wat nie gesien kan word nie. Maar die Kerk van Jesus Christus is sigbaar. Die mistieke eenheid is dus nog nie ‘n toonbeeld van ware Gees-eenheid in die Liggaam van Christus nie.

## 8. Onsigbare eenheid

Hierdie vorm van eenheid hang nóú saam met bogenoemde besprekingspunt oor die mistieke eenheid. (Vgl. pt. 7 hierbo). Die "onsigbare Kerk" is ook reeds breedvoerig behandel. (Vgl. II.C.2.3.1. sowel as IV.C.3.1.).

## 9. Sakramentele eenheid

Voldoende aandag is reeds gegee aan die onderwerp van die doop (vgl. III.B.5), waar volledige eksegese gedoen is op 1 Kor 12:13 - *"Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge."*

Eenheid deur die Nagmaal is ook reeds volledig bespreek (II.C.2.1 asook III.B.4.).

By die Rooms-Katolieke Kerk is dit egter 'n ander saak. König (2006:331) skryf soos volg hieroor:

> **Die Katolieke gebruik in hierdie verband die woord "transsubstansie", en praat van die nagmaal as die Eucharistie of die Mis. "Transsubstansie" beteken letterlik dat die substansie of die materiaal verander. Die Katolieke Kerk gebruik dit vir die verandering van die brood en die wyn in die letterlike liggaam en bloed van Christus.**

Vergelyk ook Ignatius van Antiogië (Afd. II). Die Rooms-Katolieke heg groot waarde aan die Eucharistie. Omdat die Nagmaal dan slegs op bogenoemde wyse gevier en bedien kan word deur 'n priester, is dit 'n sterk aanduiding van die eenheid van die Rooms-Katolieke Kerk, want hulle Kerk is dan die "enigste ware Kerk van Jesus Christus".

So 'n eenheid kan nie met Gees-eenheid versoen word nie.

## 10. Charismatiese eenheid

‘n Gees-eenheid word by die Pinkster-Charismatiese Bewegings veronderstel. (Vgl. II.C.4 asook III.C.4). Omdat die Heilige Gees ‘n prominente rol vervul by hierdie Bewegings, ook m.b.t. die *Charismata* (χαρίσματα), is dit voor die handliggend dat onder alle Bewegings of Godsdiensgroeperinge, hier die grootste moontlikheid bestaan om Gees-eenheid te vind. Daar bestaan wel ‘n bepaalde eenheid in die χαρίσματα soos dit in die Pinkster-Charismatiese Bewegings voorkom omdat dit ‘n lewende interaksie tussen gelowiges veronderstel. Op ‘n webwerf (Jones:2005) skryf Jones soos volg in hierdie verband:

> **’n Christelike gemeenskap bestaan slegs in ’n lewende interaksie van charismatiese bedieninge. Hierdie bedieninge wat plaasvind, is ’n manifestasie van die genade van God. Dit is ook in hierdie manifestasie van God se genade dat die lewende interaksie tussen gelowiges plaasvind.**

Die verskeidenheid van χαρίσματα word deur één Gees gegee, soos dit in 1 Kor 12:4-6 gevind word*: “Daar is wel verskeidenheid van* ***genadegawes*** **(Διαιρέσεις δὲ χαρισμάτων εἰσί)***, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge* (διακονιῶν)*, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge* (ἐνεργημάτων)*, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk. Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.”*

Omdat die Gees lewend is in die gelowiges, en die χαρίσματα deur die Gees gegee is, vind daar ‘n eenheid plaas tussen gelowiges, ‘n eenheid in die <u>lewe</u> van die Heilige Gees. Verder skryf Jones, oor die regte gesindheid op die χαρίσματα soos gevind by Paulus (Jones:2005):

> **Paulus beklemtoon drie sake rakende charisma baie sterk. Eerstens die feit dat dit God is wat deur die Gees charisma aan mense gee, en daarom kom die roem en die eer daarvoor God alleen toe. Tweedens plaas die**

> **charismata ’n appèl op die mens om op ’n sekere manier te lewe. In die derde plek sê Paulus dat geen charisma verhewe is bo ’n ander nie. Charismata word alleen in die geloof ontvang. Wanneer hierdie charismata in die kerk neerslag vind in dienswerk wat gedoen word, moet die fokus steeds val op God wat daardeur aan die werk is, en nie daarop dat dit die mens is wat aan die werk is nie. Om hierdie rede noem Paulus gawes ook ’n manifestasie van die Gees.**

Hierdie gesindheid sal ook meewerk tot eenheid in die Liggaam van Christus.

Omdat eenheid by hierdie Bewegings reeds breedvoerig bespreek is, word hier verder slegs kennis geneem van die feit dat daar ‘n bepaalde eenheid ter sprake kom, selfs ook in die χαρίσματα.

### 11. Dogmatiese eenheid

Hierdie gedeelte is nóú verbonde aan die “Seksionele eenheid” in pt. 5 hierbo bespreek, maar kan ook méér afgebaken word tot ‘n bepaalde kerkdenominasie met sy verskillende (eiesoortige) leerstellings en vertolkings of uitleg van die Skrif. Daarom vind dit ook nóúe aansluiting met “Denominasionele eenheid” (pt. 3 hierbo).

Onder diegene wat dan dieselfde leerstellings aanhang, bestaan daar ook ‘n bepaalde eenheid, maar ‘n verskraalde eenheid wat nie geld vir die hele Kerk van Jesus Christus nie.

### 12. Eenheid-in-verskeidenheid

Eenheid en diversiteit in die Kerk is ‘n werklikheid wat deur talle skrywers nie misken word nie. Talle werke het al die lig gesien m.b.t. hierdie onderwerp. Hier sal nie gepoog word om ‘n breedvoerige bespreking te doen hieroor nie, maar slegs enkele opmerkings om erkenning te verleen aan die bestaan van hierdie werlikheid. Op ‘n webwerf (Ola Tjørhom: 2006)[72] in ‘n artikel*, A question of balance: unity and diversity in the life of the church,* skryf Tjørhom soos volg:

---

[72] *A question of balance: unity and diversity in the life of the church Preview*. By:Tjørhom, Ola. Source: Pro Ecclesia, 15 no 2 Spr 2006, p 186-204. Publication Type: Article. Hierdie artikel is

> **Unity is not uniformity. Communion definitely includes a rich and open diversity - a diversity that reflects the abundance of the church's faith treasure as well as its existence as a variegated fellowship. This corresponds with the position of another Catholic-Lutheran dialogue text, *Ways to Community,* from 1980. Here it is stated that also the visible nature of fellowship "by no means signifies a rigid uniformity: living unity in Christ is essentially manifold and dynamic." Furthermore, "unity does not exist despite and in opposition to diversity, but is given in and with diversity." And within communion, differences should not be "dimmed, but highlighted and thus made beneficial.**

Tjørhom meen verder ook dat die eenheid en diversiteit in verband gebring behoort te word met Sending. Hy skryf verder:

> **In line with the ecumenical focus of the article, ecclesial unity and diversity must also be seen in the wider perspective of the church's mission and service in the world. The proper balancing of these two dimensions is not only of significance within God's people in a narrow sense, but clearly also in view of the needs of the world and our present human society. The church is called to be an efficient sign of unity in a massively divided world. At the same time, the growth of militant intolerance and timid small-mindedness challenges us to present a model or pattern of how diversity can be actively cherished and not only passively endured. Both these concerns are crucial to the subsequent deliberations.**

Diversiteit is dus ‘n positiewe verskynsel in die Kerk wat positief benut moet word. Hy meen verder ook :

> **I have already suggested that the key challenge in locating a proper balance between unity and diversity is to connect these two concerns - occasionally appearing as diverging - to each other and to interpret them within a dialectical perspective. In view of the church we should thus not speak of unity *and* diversity, but rather unity *in* diversity.**

Met só ‘n beskouing word eenheid en verskeidenheid nie as teenstrydig met mekaar geplaas nie, maar word die een in die ander opgeneem.

---

elektronies beskikbaar via die Internet. Ek het dit egter nie fisies ter hand gehad nie. Sien ook Bibliografie.

Hierdie gedagtegang word ook gevind op ‘n webwerf (Dreyer: 2006) *Die akkommodering en bestuur van diversiteit in gemeenteverband.* Dreyer skryf soos volg hieroor:

> **In die verlede het eenheid en homogene denke gestalte gevind in strukture wat dit beskerm en in stand gehou het. Eenheid is in modernistiese sin bedink in terme van een struktuur waarbinne enersdenkendes hulle afgegrens het teen “afwykende” menings. Ekumeniese bewegings het hulle beywer vir strukturele eenwording wat die eenheid van die kerk sou vergestalt. Hierdie strukturele eenheidstrewe het dikwels die diversiteit misken. Binne ’n postmoderne paradigma, word eenheid nie gesien as die teenpool van diversiteit nie, maar word eenheid juis bedink in terme van die ruimte wat gebied word vir diversiteit. Eenheid in verskeidenheid is die motto. Die werklikheid waarbinne ons lewe vertoon immers ’n geskakeerdheid.**

Verder, meen Tjørhom, bestaan daar verskeie skakels of verbindings tussen eenheid en diversiteit. Hy gaan dan voort om drie sulke skakels of verbindings (“links”) te bespreek:

> **The first tie can be found in pneumatology. I have indicated above that ecclesial diversity at least partly can be seen as a pneumatological or charismatic entity, in the sense that it is anchored in the many spiritual gifts that God gives to his people. Through these gifts the Holy Spirit adds vitality and dynamism to the church.**


Die Heilige Gees is dus die samebindende faktor vir eenheid, ten spyte van diversiteit. Verder, sê Tjørhom, hou die Heilige Gees die verskillende lede van die Liggaam van Christus bymekaar deur die Woord en sakramente. Die grondslag is liefde en solidariteit waar alle lede van die Liggaam mekaar dien en so ook die Liggaam in die geheel. En dan gaan hy voort:

> **The one unifying Spirit of God . . . creates and maintains diverse realities ... in order to lead them into the unity of love. This is exactly what happens - the Holy Spirit causes and upholds diversities, but at the same time also unites them and facilitates their growth toward each other within the framework of a caring and compassionate community. Along these lines we get an impression of what is meant by the ecumenical concept of *convergence.* In light of this it should be noticed that all the "fruits of the Spirit" which are listed in Galatians 5:16ff. have unmistakable ecumenical bearing, while "the works of the flesh" lead to division.**

Wat hier belangrik is vir oorweging, is dat eenheid en verskeidenheid in verband gebring word met die Heilige Gees, wat die een samebindende faktor word vir eenheid. En wanneer selfs die verskeidenheid ondergeskik gestel word aan die Heilige Gees se beïnvloeding, dan het ons by Gees-eenheid uitgekom.

**13. Gees-eenheid**

Soos aangetoon sal word, is die Gees-eenheid die toonaangewende volmaakte eenheid. (Sien volgende bladsy vir Figuur 2).


GEES-EENHEID
STRUKTURELE EENHEID
SEKSIONELE EENHEID
EKUMENIESE EENHEID
DENOMINASIONELE EENHEID
KONFESSIONELE EENHEID
HIËRARGIESE EENHEID
ANDER
EENHEID-IN-VERSKEIDENHEID
DOGMATIESE EENHEID
CHARISMATIESE EENHEID
SAKRAMENTELE EENHEID
ONSIGBARE EENHEID
MISTIEKE EENHEID

FIGUUR 2

### 13.1. Die Gees-eenheid in verhouding tot die ander vorme van eenheid

Die eenheid in die Heilige Gees, soos dit vir my duidelik geword het, sal nie noodwendig alle ander vorme van eenheid negeer nie. Dit sal júís as dominante ***primêre faktor*** ander vorme van eenheid kan stimuleer en moontlik maak.

Paulus skryf oor die verhoging van Jesus Christus na sy opstanding*: "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is…"* (Kol 2:9). Die woord vir *"uitermate verhoog"* is die Griekse woord ***huperhupsoo*** (ὑπερύψωσοω). Hayford *et al.* (1997) volg Strong na wanneer hy verklaar:

> **Strong's *#5251*: From *huper,* "over," and *hupsoo,* "to lift up." Thus, the word suggests an exaltation to the highest position, an elevation above all others. The context contrasts humiliation and resulting honors. Jesus' obedience to death is followed by a super-exalted position of honor and glory.**

Omdat ek die belangrikheid van die Gees-eenheid se posisie t.o.v. alle ander vorme van eenheid nie wil onderbeklemtoon nie, en omdat ons hier te make het met die eenheid wat die Heilige Gees bewerk, is dit vir my gepas om hierdie Griekse woord ook híér toe te pas op Gees-eenheid: **"Thus, the word suggests an exaltation to the highest position, an elevation above all others."** (Vgl. aanhaling hierbo). Die posisie van die Gees-eenheid teenoor ander vorme van eenheid, pas in by hierdie beskrywing. Ons het hier nie te make met nog 'n vorm van eenheid nie, maar met die *allesoorheersende* en *toonaangewende* Godgegewe Gees-eenheid.

Die Gees-eenheid word nie bepaal deur ander vorme van eenheid nie, maar bepaal volmaakte eenheid deur oorkoepelende beïnvloeding van alle ander vorme van eenheid. Gees-eenheid word self nie deur enige ander vorm van eenheid beïnvloed nie. Daarom word die pyltjies (fig. 3) slegs na een rigting aangebring. Sodoende kan die hele spektrum van die diversiteit van eenheid 'n werklikheid word deur toe te laat dat die Heilige Gees die toonaangewende Bewerker van eenheid kan wees in alles wat die Kerk beoog om te doen m.b.t. die bevordering van eenheid. Alle vorme van eenheid moet ondergeskik gestel word aan die Heilige Gees. Die Gees-eenheid sluit nie ander vorme van eenheid uit nie, maar bevorder dit júís. Sonder Gees-eenheid is

alle ander vorme van eenheid maar weer slegs **segmente** van eenheid, en geen segment kan op sigself algehele eenheid wees nie. Indien alle segmente nie ondergeskik gestel word aan die Heilige Gees nie, is daar weer verdeeldheid en word die Kerk nie tot eenheid saamgesnoer nie, maar net weer gekokoniseer.

Die nastreef van verskillende vorme van eenheid, of deur slegs te fokus op één bepaalde vorm van eenheid, bring mee dat die Kerk gekokoniseer word of weer in segmente verdeel word, waar elke party slegs op sy eie ingestel word. Daar vind 'n verskraling plaas in die proses om volkome of algehele eenheid te bereik. Die Gees-eenheid wat oorkoepelend inwerk op alle vorme van eenheid, kan meebring dat die onderskeie kokonne deurbreek word wanneer daar kommunikasie plaasvind tussen die verskillende partye of vorme van eenheid. Die Heilige Gees as Bewerker van eenheid is dus allernoodsaaklik vir die bereiking van totale eenheid in die Kerk.

### 13.2. Die konkretisering van Gees-eenheid

#### 13.2.1 Die missionêre element

Dit is eerstens belangrik om te let op die missionêre element in die konkretisering van eenheid, (vgl. ook IV.C.5. met betrekking tot die Ekumeniese Beweging se beskouing oor gemeenskaplike sending soos besluit op die WRK). In sy *Magister Artium*-verhandeling, wat 'n deeglike stuk werk is, het Fourie (1986) o.a. ook kennis geneem van die eenheid in Johannes. (Sien ook Gr. en Heb. begrippe hieronder).

Die Skrifgedeeltes Jh 17:21 - *"sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het"* en Jh 17:23 - *"dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het"* het reeds vroeër onder bespreking gekom. (Vgl. IV, B, 2). In voortbouing op die eenheid soos dit in Johannes 17 onder bespreking gekom het, is dit nodig om kennis te neem van Fourie (1986:167) se opmerking, wat volg op deeglike navorsing:

> **Dit is duidelik: Johannese eenheid is nie sonder meer etniese of kerkeenheid *per se* nie. Dít is nie 'n mistieke eenheid nie [Dodd 1953:197-198, Groenewald 1980:356 e.a.], maar ook nie aan die ander kant blote legalisme nie [Dodd 1953:198].**

Dan verklaar Fourie (1986:167) voorts dat hy, na eksegese van Johannes 17 tot die slotsom gekom het:

> **i) eenheid kan nie deur menslike pogings bereik word nie…**
> **ii) eenheid by Johannes is beide vertikaal en horisontaal gerig…**
> **iii) eenheid soos Johannes dit sien is nie 'n blote geestelike eenheid … nie…**
> **iv) by Johannes word egter tog 'n Christelike gemeenskap van een of ander aard veronderstel…**

Die konkretisering van die eenheid word moontlik gemaak deur die inwoning van die Heilige Gees. Groenewald (1998) skryf soos volg oor hierdie saak in sy kommentaar oor Jh 17:

> **Al word die Heilige Gees nie genoem nie, moet met Hom rekening gehou word, want deur die Gees woon Christus in die gelowiges en word hulle onderling tot eenheid verbind, en deur die Gees en die geloof is die gelowiges "in Christus" en "in God", dus "in Ons". Deur hierdie wedersydse "in" (vgl. by v. 21), word die eenheid van die gelowiges volkome. Dit bereik 'n volmaaktheid wat alleen moontlik is deur die inwoning van Christus in sy gemeente.**

Hierdie radikale nuwe manifestasie van die Heilige Gees wat die gelowiges saambind tot 'n eenheid, het tot gevolg dat die aanskoue daarvan 'n kragtige medium verteenwoordig om die wêreld tot geloof te bring (Fourie, 1986:171). Johnson (1999) lewer soos volg kommentaar oor hierdie verse in Jh 17:

> ***22, 23. The glory .... thou gavest me I have given them.*** **God gave Christ the glory of Sonship and this resulted in their unity. So Christ gives to his disciples the glory of becoming the sons of God (John 1:12; 1 John 3:1). This glory, the adoption and gift of the Spirit, ought to effect that they be *one as we are one,* with Christ in them, and God in Christ. With Christ in us and God in Christ, we ought to be "perfectly joined together," and be so "perfect in one" that the world would see in our peace, love and unity, that God had sent Christ and that he was reigning in our hearts.**

Die missionêre element maak dringend aanspraak op die gelowiges om tot hierdie eenheid in die Heilige Gees te kom. Wanneer dít 'n werklikheid word, vind daar nog 'n verdere konkretisering van eenheid plaas.

Hoe om praktiese eenheid in die Heilige Gees te bereik, word duideliker belig deur die begrip ***coram Deo****.*

Die begrip ***coram Deo*** is aan die begin van die Kerkhervorming deur Martin Luther met 'n bepaalde inhoud gevul. Dit beteken basies "Voor die aangesig van God". 'n Ander teoloog, soos gevind op 'n webwerf (Brown, D. 1997) *Coram Deo*, se verduideliking is*:*

> **Coram Deo literally means "before the face of God". It carries the notion of our living in the presence of God, under the authority of God and to the honor and glory of God. It is what each person was designed for by their Creator. Living "coram Deo" has been best expressed perhaps by the Reformation tradition of the Church.**

Elke persoon wat nadink oor eenheid of dit prakties wil bevorder, moet eers individueel, en daarna korporatief saam met ander gelowiges voor die aangesig van God (***coram Deo***) kom staan. Dit beteken dat eenheid nie slegs objektief bevorder kan word nie. Dit word subjektief deur die Kerk beleef wanneer ons aan die Heilige Gees oorgee om eenheid te bewerk soos ***Hy*** **wil**, en nie soos ons dink dit behoort te wees nie. Eers staan ons voor God (***coram Deo***), deursigtig, gereinig, geheilig, en dan kom die sendingopdrag (***missio Dei***).

Die ***missio Dei*** is reeds in die O.T. m.b.t. die Messias geprofeteer. In Jes 49:6 staan daar: *"Hy het gesê: Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde."* (Vgl. ook Jes. 42:6). Daarna het die opdrag ook verder voortgegaan in die N.T.

In die Sending van die Messias/Christus is dus reeds ook die Sending van die Kerk geïnkorporeer - die Sending van die Kerk is 'n verlengstuk van die Sending van die Messias/Christus, want ons kry hier te doen met die *"soos"*-karakter van die Sending. Albei is 'n sending na die nasies: *"Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees"* (Joh 20:21-22). Die dissipels moes egter wag totdat hulle krag ontvang het om die sending te volbring:

*"En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het"* (Hd 1:4). En: *"…maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde"* (Hd 1:8). Daarna het die uitstorting van die Heilige Gees plaasgevind (Hd 2).

Nog eens word die ***missio Dei*** in die evangelies van Matthéüs en Markus beklemtoon: *"<u>Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies</u>, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen"* (Mat 28:19-20*). "En Hy het vir hulle gesê: <u>Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie</u> aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word"* (Mk 16:15-16). Hierdie opdrag spruit voort uit die Sending van die Messias/ Middelaar Jesus Christus.

In die ***missio Dei*** word die <u>eenheid van die Kerk</u> sigbaar. Die ganse *"Heilige Algemene Christelike Kerk"* (die Apostoliese Geloofsbelydenis), het een gemeenskaplike boodskap aan die wêreld: Jesus Christus het gekom om sondaars te red (Mt 18:11; Lk 19:10; 1 Tm 1:15; Heb 7:25). Dit is die inhoud van die Evangelie (Mt 28:19; Mk 16:15-16), wat deur sendelinge van alle kerkgenootskappe verkondig word sodat sondaars gered kan word. In die verkondiging van hierdie één boodskap is die werk van die Heilige Gees ook duidelik merkbaar, want sonder sy ondersteuning kan die Kerk nie hierdie taak uitvoer nie (soos reeds bo vermeld). By 'n vergadering van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk[73] soos gevind op 'n webwerf (Anon: 2004e), is die volgende te boek gestel, wél m.b.t. MIV en vigs, maar dit kan net sowel toegepas word op die algemene ***missio Dei*** van die Kerk:

> **Ter wille van die geloofwaardigheid van die kerk se getuienis mag daar dus oor hierdie belangrike saak van MIV en vigs nie geswyg word nie.**

[73] En dan wel genoem DIE *GOEIE HERDER*-STRATEGIE, Die voorgestelde MIV- en vigsstrategie van die *ALGEMENE SINODE VAN DIE NED GEREF KERK* wat opgestel is by die *Good Shepherd Retreat Centre* deur die *NG KERK VIGSFORUM*, wat bestaan het uit verteenwoordigers van verskillende sinodes en organisasies.

> **Die evangelie is immers ’n openbare saak. Bybelse waarhede word in die toenemend sekulêre samelewing uit die openbare sfeer verdryf tot ’n bloot private, individueel-persoonlike of innerlik-geestelike aangeleentheid vir diegene wat kies om daarby te leef. Daarteenoor het die kerk die roeping *(missio ecclesiae)* om, as deel van haar omvattende getuienis (*marturia),* veral ook openlik/publiek te getuig van God se sending *(missio Dei)* na ’n gebroke wêreld, en dit deur woorde *(kerugma),* deur dade *(diakonia)*, deur ’n voorbeeld van liefdesgemeenskap uit te leef *(koinonia)* en deur voor- en aanbidding *(leitourgia).***

Verder ook, by ‘n Sinodesitting van die Gereformeerde Kerk[74] soos gevind op 'n webwerf (Vergeer: 2000) stel dr. W C Vergeer die saak oor ***missio Dei*** so:

> **Sending is wesenlik deel van die kerk se bestaan en werk (vgl. Matt 28:18-20 en 2.3.3.9, 2.3.3.10), maar sending ontstaan nie uit die inisiatief van mense, kerke of Christene nie, maar vanuit die inisiatief van God self (missio Dei). Daarom is sending ten diepste God se saak. In God se liefde vir die wêreld lê die diepste motief van die sending van die kerk. Omdat sending verstaan moet word as ’n natuurlike handeling van God, moet dit nie ekklesiologies of selfs soteriologies gesien word nie, maar Trinitaries. God die Vader wat die Seun stuur, en die Vader en die Seun wat die Heilige Gees stuur, het tot gevolg gehad dat Hy die kerk na die wêreld gestuur het. God is ’n missionêre, sendende God.**

So word eenheid prakties in die Heilige Gees bevorder wanneer die Kerk deursigtig voor die aangesig van God kom staan: Sáám word ons geheilig en sáám vervul ons hierna die basiese roeping na die wêreld toe.

### 13.2.2 Die Christelike liefde

Die liefde het reeds onder bespreking gekom by die eksegese van Jh 13-16 wat verskeie raakpunte met Jh 17 het, en ook by ander besprekingspunte. (Vgl. Afd. III.B.2.2.1 asook IV.C.3.1 en IV.C.4). Hierdie besprekings het tot die lig gebring dat daar eenheid met Jesus Christus gekom het, wat weer tot gevolg gehad het dat gelowiges in eenheid met mekaar gekom het, en die grondslag daarvan is liefde. (Vgl. Jh 13:13-17). Verder is verwys na Mt 22:37-40 waar Jesus verklaar het dat die liefde tot God die eerste en die groot gebod is, met die tweede, liefde tot die naaste.

---

[74] Die Sinodesitting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Potchefstroom was in sitting van 10-20 Januarie 2000, RAPPORT DEPUTATE VIR BEWARING EN VERMEERDERING VAN DIE KERK (Artt.88, 242)

Gegrond op 1 Jh 3:14-18 en 1 Jh 4, is daar verder ook aangetoon dat liefde van die gelowiges tot mekaar, die grondslag vir eenheid is. (Vgl. 1 Jh 3:14-18, 1 Jh 4). Verdere besprekings het ook aan die lig gebring dat die liefde baie sterk beklemtoon word in Jh 15:13-17, soveel so dat Jesus sy dissipels nou sy *vriende* noem. Hy het hulle ook uitverkies om vrug te gaan dra, en hierdie vrug kan omskryf word as die uitleef van liefde onder mekaar. Liefde as vrug van die Gees (Gl 5:22) is deur die Heilige Gees in die gelowiges se harte uitgestort (Rm 5:5). As Bewerker van eenheid is die Heilige Gees dan ook besig om met die liefde as grondslag, eenheid tussen die gelowiges te bewerk.

In die eksegetiese ontleding van Jh 17:21-23 is ook melding gemaak van die *"soos"*-faktor: In ons verhouding tot mekaar, moet ons "soos" Jesus in sy verhouding met die Vader wees. Wanneer die gelowiges dáárdie eenheid bereik, sal die wêreld glo op grond van die eenheid in liefde wat hulle aanskou. Tog, soos aangetoon, (vgl. IV.C.4), is daar ook pynlik sprake van verdeeldheid in die Kerk as gevolg van 'n gebrek aan liefde. Daarom het soveel skeuringe al voorgekom en het soveel verskillende denominasies en splintergroepe ontstaan. Om eenheid te verkry, is dit nodig dat die Kerk eers weer die basiese beginsels van liefde sal leer ken en nakom.

Christelike gemeenskap is vir Fourie (1986:167) daar om eenheid te konkretiseer, waar die *Christelike liefde* en ook die *liefdeseenheid* tot uiting kom. Omdat dit deur die bemiddeling van die Heilige Gees kom, is daar vir my 'n verskil van bloot geestelike eenheid en Gees-eenheid. Eersgenoemde kan bloot dui op eenheid op menslike vlak, soos wanneer mense "geesgenote" is, terwyl Gees-eenheid dui op 'n eenheid in die Heilige Gees wat slegs deur die Heilige Gees bewerk kan word.

### 13.2.3. Deelname van die gelowiges in die bereiking van eenheid

'n Verdere faset van die konkretisering van eenheid wat hieronder bespreek sal word, bevestig nog eens *die deelname van die gelowiges* in hierdie belangrike saak. Dit is ons (die gelowiges se) deelname aan die proses van versoening (eerstens met God, en daarna ook met mekaar). Hierdie gedagte het reeds onder bespreking gekom in die Eksegetiese deel oor Ef 2. (Vgl. III, B, 6., en ook fig. 1 daaronder).

Barth (1974:643) bespreek die heilsgebeure waarna hy soos volg oor versoening skryf:

> **We now come to the final aspect (within the event of reconciliation) of this whole encounter. The particular problem involved might be described as the subjective realisation of the atonement. The one reality of the atonement has both an objective and a subjective side in so far as - we cannot separate but we must not confuse the two - it is both a divine act and offer and also an active human participation in it: the unique history of Jesus Christ; but enclosed and exemplified in this the history of many other men of many ages.**

Daar bestaan ‘n wedersydse deelname tussen God en mens in die versoeningsproses. Van God se kant is dit ‘n handeling, van die mens se kant is dit ‘n deelname. Maar ons deelname is nie ‘n saak van eie eer nie. Dit is ‘n deelname met die onderskraging van die Heilige Gees. Dit is ‘n handeling aan die kant van die gelowige, beide individueel en korporatief, soos Barth (1974: 644) dit stel:

> **The adding of the adjective “Christian” to a human action - the action of the Christian community and the Christian individual - indicates that we are now dealing with man as he stands in a particular relationship to Jesus Christ, and to that extent with the subjective realisation of the atonement.**

Die konkretisering van die versoening met God en die daaropvolgende bereiking van eenheid tussen die strydende partye is uiteindelik ‘n dringende erkenning deur die Kerk van die unieke rol van die Heilige Gees, waarin die gelowiges hulleself net in gehoorsaamheid aan sy leiding kan oorgee tot die voltooiing van daardie eenheid. Barth (1974:643) verduidelik só:

> **The Holy Spirit is the awakening power in which Jesus Christ has formed and continually renews His body, i.e., His own earthly-historical form of existence, the one holy catholic and apostolic Church.**

Sonder die aktiewe handeling en inisiëring van die Heilige Gees kan daar geen ware eenheid van die Kerk van Jesus Christus wees nie: Die Heilige Gees *sal* dit nie alleen doen nie, en die mens *kan* dit nie sonder die hulp van die Heilige Gees vermag nie.

### 13.2.4. Die *Heerlikheid* wat ons verloor het, moet teruggevind word

Die Hebreeuse **dwboK** en die Griekse **δόξα** is God se teenwoordigheid in die Heilige Gees, en is reeds breedvoerig bespreek. (Vgl. eksegese op Jh 17:22, Afd. III.B.2.2.2). Dit is die uiteindelike staat van die gelowiges (Rm 8:29 e. v.). Toe die eerste Adam in sonde val, het hy oor die menslike ras geskryf: ***Ikabod*** (**dwbok;yai**) (1Sam 4:21). Toe die laaste Adam sterf aan die kruis, het Hý weer oor die menslik ras geskryf: ***Kabod*** (**dwboK;**). Deur sy dood het daar weer hoop gekom vir die mens. 1 Kor 15:45 - *"So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. "*

Die heerlikheid wat die mens verloor het met die sondeval, moet teruggevind word in Jesus Christus. Jesus bid in Jh 17:22 - *"En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is."* Wanneer die gelowiges die heerlikheid van Jesus deelagtig word, kom eenheid tot sy reg. Na aanleiding van bogenoemde teks, kan die afleiding gemaak word dat ons sy heerlikheid deur die Heilige Gees vind. Deur die gelowiges se belewing van sy heerlikheid, vind daar 'n konkretisering van Gees-eenheid plaas.

Hier kan volstaan word met die feit dat die gelowiges die draers van die heerlikheid geword het ná die koms van die Heilige Gees. Hulle openbaar sy heerlikheid in (wonder)werke sowel as in hulle daaglikse wandel met Hom omdat hulle die Geesvervuldes is wat die inwoning van die Heilige Gees het. Hulle maak Hom teenwoordig op die aarde en is sodoende ware getuies vir Hom.

### 13.2.5. Afstanddoening van die selflewe

Hierdie saak van afstanddoening van die selflewe is só belangrik dat Nürnberger (1975: 273 e.v.) dit deel maak van die Christologie. Hy toon aan dat Christus werklik Mens geword het. Maar sy menslikheid verskil radikaal van die sondige mens in Adam. Hy is die Nuwe Mens wat in die raamwerk van die ou menslikheid funksioneer. Dit bring mee dat daar 'n dubbelsinnigheid ontstaan, want in Jesus vind ons deelname aan die Nuwe Mens, sy lewe en sy wese. Binne hierdie raamwerk het

Hy dit vir hulle wat glo, kom moontlik maak om ‘n oorgang te vind van die ou na die nuwe Mens (p. 273). By die kruisiging van die selflewe vind daar ‘n eenwording met Christus plaas. Die kruis se effek op die gelowige is dus ‘n deurgang tot eenwording met Hom. Dan verklaar Nürnberger (1975: 274):

> **Die nuwe mens is die oordeel oor die sondige mens, en die Bron van ‘n nuwe wese en lewe. Die kruis was die hoogste manifestasie van die nuwe mens se eenheid met God. Die opstanding bevestig hierdie nuwe menslikheid wat die eenheid met God volhou tot die uiterstes. Die dood kry hierdeur ‘n nuwe, positiewe gehalte. Die gelowige deel in die nuwe lewe van Christus, wat deur die eenheid met God gekarakteriseer word. Christus, die nuwe mens, word nou tot absolute kriterium verhef en as sodanig beide na die einde en die begin van alle tye geprojekteer. Ten spyte van hierdie absoluutheid is en bly Christus mens!**

Met die kruisdood van Jesus Christus het Hy die effek van die sondeval in trurat geplaas. 1 Jh 3:8 verklaar*: “Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.”* As verdeeldheid in die Kerk dan aanvaar word as sonde (soos reeds opgemerk), dan het die Seun van God verskyn om ook híérdie sonde te verbreek, wat inisieel ‘n werk van die duiwel is. En wanneer hierdie oorwinning tot sy volheid ontplooi word, is die Kerk goed op pad na praktiese uitvoerbaarheid van eenheid. In die onderworpenheid van die Kerk aan die Heilige Gees (indiwidueel en korporatief), word die Gees-eenheid prakties gerealiseer. 1 Jh 3:9 verklaar verder: *“Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.”* Jesus Christus het dit moontlik gemaak deur elkeen wat glo, te inkorporeer in die nuwe mens wat Hy kom skep het. Die gelowige kry nou geleentheid om van die dood en die sonde van die ou mens (die eerste Adam), vry te kom, los te breek en in ‘n gans ander, nuwe verhouding tot God te kom staan: ‘n praktiese belewenis met Hom en met ander gelowiges. In die eksegetiese ontleding van Ef 2 (Afd. III), het dit aan die lig gekom dat God twee ou strydende vyande geneem het en hulle tot ‘n éénheid saamgevoeg het. Ef 2:15 - *“…deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep…”*

Die “ ou mens” moet afgelê word deur die kruisiging en die dood van die “ek”, sodat die voorregte van die “nuwe mens” benut kan word, soos dit duidelik word in Ef 4:22-24: *“…dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die* <u>*oue mens moet aflê*</u> *wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed* <u>*en julle met die nuwe mens moet beklee*</u> *wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid”*. (Vgl. ook Rm 8:29; 2 Kor 3:8 en Kol 3:10). Die gelowige word nou waarlik Beelddraer van God in Christus. (Vgl. ook III.2.2.2). En ware Beelddraers van God bereik eenheid in die Heilige Gees.

Nürnberger (1975: 285) vul aan:

> **Maar nou is Jesus Christus mens, werklik mens soos ons! Slegs as Hy werklik mens is, kan sy nuwe mensheid die oordeel vel oor ons ou Adamiese menslikheid. En slegs as Hy mens is, kan ons deelname aan sy nuwe menslikheid toegeken word. En niks minder as dit kan ons red nie! Die openbaring van God se liefdeswil as sodanig help ons niks, indien ons dit nie kan vervul nie. Maar *in* Christus vervul dit, en in Christus kan ons dit ook vervul, in die krag van sy nuwe menslike wese.**

By die laaste sin sou ek net wou byvoeg: “En in die krag van die Heilige Gees,” want deur sy toetrede en deelname, is Hy die Bewerker van eenheid in die Liggaam van Christus!

Paulus skryf in Gl 2:20 - *“Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het”.* Die onderwerp van die kruisiging van die “ek” is reeds aangeraak by die eksegese van Jh 17. (Vgl. Afd. III.B.2.2.2). Die prysgawe van eiebelang, eie begeertes, eie eer en alles wat rondom die selflewe sentreer, die ganse lewe en bestaan van die *ou mens*, is ‘n voorvereiste vir ‘n oorgegewe lewe aan God. Elke indiwidu wat hierin deel, word saam met ander gelowiges ‘n korporatiewe eenheid.

### 13.2.6 Heiligheid en heiligmaking

Hierdie besprekingspunt is nóú verwant aan die vorige. Heiligheid en heiligmaking vind plaas in drie fases. Aanvanklik vind die eerste fase plaas by wedergeboorte. (Vgl. webwerf Anon:2006, *Leerstelling, p. 5 Seksie 14 - Heiligmaking en heiligheid*).

#### a. Posisionele heiligmaking en heiligheid

Elkeen wat Jesus aangeneem het, word by wedergeboorte 'n *heilige van God!* Dít is posisionele heiligmaking en het niks te make met die feit dat ons nog swak en vol gebreke is nie. As ons na die Sendbriewe van Paulus gaan kyk, merk ons op dat hy telkemale sy briewe gereeld rig aan *"die geroepe heiliges"* (Rm 1:7); *"die geheiligdes in Christus Jesus"* (1 Kor 2); *"die heiliges wat in Éfese is"* (Ef 1:2); *"al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is"* Flp 1:1); *"die heilige en gelowige broeders in Christus wat in Kolosse is"* (Kol 1:2). Dit beteken geensins dat almal reeds in hierdie lewe volmaak heilig is nie. Maar God verklaar elkeen wat **in** Christus is, *heilig*. Ons het nóú rééds die geregtigheid van God: *"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom"* (2 Kor 5:21). 1 Kor 1:30 verklaar*: "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing."* (Vgl. ook Heb 10:10; 1 Kor 6:11; Ef 4:24; 2 Ts 2:13; 1 Pt 1:2).

Die tweede fase het te make met die gelowige se praktiese, daaglikse Christenskap.

#### b. Progressiewe heiligmaking en heiligheid

Elke gelowige moet geestelik groei om gelykvormig te word aan die Beeld van Christus (Rom. 8:29). Ons moet al hoe meer soos Jesus word, en dít is 'n lewenslange proses. In 1 Pe 1:15 staan geskryf: *"Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word"*. Daarom staan daar ook geskryf: *"Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie"* (Gl 5:16). Hiérin is ons nog onvolmaak, maar ons hemelse Vader is lankmoedig met ons en sal ons help sodat ons kan groei en soos Jesus kan wees. (Vgl. ook 1 Joh. 1:7; Rm 12:1). Dit word van Christene verwag dat hulle sal groei in

die kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Elke gelowige moet in die wynstok bly om vrug te dra. (Vgl. Jh 15:2,5,8; Flp 3:12,15). Hierdie fase van praktiese heiligmaking is die gevolg van standhoudende groei van die indiwidu in geestelike sake en die toenemende kennis van die regte van kindskap deur genade.

Die volgende fase het te make met wat die gelowiges uiteindelik sal wees.

**c. Uiteindelike heiligmaking en heiligheid**

Uiteindelik, wanneer al die gelowiges verheerlik is, sal hierdie saak tot voltooiing kom. Dit is dán dat die Kerk vlekkeloos voor Hom sal staan! (Vgl. 1 Ts 5:23; Ef 5:27; Kol 1:22; Jd v. 24).

Elke gelowige in Christus Jesus is dus nóú rééds heilig, omdat die bloed van Jesus ons rein gewas het. Maar ons groei in genade *“totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus”* (Ef 4:13). En dít sal volmaak voltooid wees wanneer Jesus kom om sy Kerk te kom haal.

Die Kerk is nou nog in die proses van progressiewe heiligmaking en heiligheid. In hierdie fase is daar nog onvolmaaktheid, en as gevolg daarvan nog ruimte vir groei. Maar in die proses van die voltooiing van groei, is die Kerk ook besig om onder die leiding van die Heilige Gees die groei tot eenheid te bereik. Die groei na eenheid is dus nog ‘n onvoltooide proses.

### 13.2.7 In Christus

Hierdie begrip kom in al die Sendbriewe van Paulus voor, behalwe in 2 Thessalonicense. Dit is dus ‘n belangrike onderwerp om van kennis te neem. Omdat Paulus altyd praat *van “in Christus”, “in Christus Jesus”, “in Jesus Christus”, “in die Here”*, maar nooit van *“in Jesus”* nie, gee dit vir ons ‘n aanduiding dat ons hier met die verrese Christus te make het (Barclay 1973c:92). Die noue verhouding Christus-Gees het reeds onder bespreking gekom. (Vgl. Afd. III, eksegese op Jh 13-16). Hieruit vloei voort dat die begrip *“in Christus”* ook in verband gebring kan word met

die Heilige Gees en eenheid. Hierby sluit Barclay (1973c:93) aan met ‘n verklaring van die begrip onder bespreking:

> **Paul thought of the Church as a whole, and of each of the Churches, as being in Christ. The Church in Thessalonica is in God and in the Lord Jesus Christ (1 Thessalonians 1.1). The Churches of Judæa are in Christ (Galatians 1.22). The individual Churches may be in different and widely separated parts of the world; but they are all in Christ. The life of the Church is life in Christ.**

Dan verklaar Barclay (p. 93) voorts:

> **But not only are the Churches in Christ; the individual members of the Churches, the individual Christians are in Christ. Philippians is addressed to the saints in Christ Jesus who are at Philippi (Philippians 1.1). Greetings are sent to every saint in Christ Jesus (Philippians 4.21). The members of the Church at Philippi are brethren in the Lord (Philippians 1.14). The letter to Colosse is addressed to the saints and faithful brethren in Christ who are at Colosse (Colossians 1.2). When Epaphroditus is sent back to Philippi after his serious illness in Rome, he is to be received in the Lord (Philippians 2.29). Those who are set in authority in the Church are over the others in the Lord (1 Thessalonians 5.12).**


Die eenheid lê op die vlak van *“in Christus”* te wees. Elkeen wat nog nooit só één met Christus geword het nie, kan nie in eenheid met mekaar wees nie. Dit beteken dat slegs ware gelowiges in eenheid met mekaar kan kom omdat hulle gemeenskaplik één in Christus is. Barclay (1973:93-94) skryf soos volg oor híérdie eenheid:

> **The fact that all individual Christians are in Christ is indeed precisely the source and origin of that unity which characterized all members of the Church… Because every Christian is in Christ, there can never be any barrier between those who are truly Christian…**

Ongeag die verskille in kultuur en agtergrond, of van watter aard ook al, sê Barclay (p. 94):

> **…these differences do not, and cannot, matter, if men and women are in Chirst. The disunities of the Church would be solved tomorrow, if men realized that Christianity does not mean being in a Church, but being in Christ. For Paul himself life was lived in Christ.**

Vanweë die noue verhouding Christus-Gees, wil ek vir alle praktiese doeleindes aanvaar dat die lewe *"in Christus"*, gelyk is aan die lewe *"in die Heilige Gees".* Hieruit vloei verder voort dat die gelowiges prakties in 'n lewende verhouding met Christus/die Heilige Gees bestaan, waar afstand gedoen is van alle bewustelike sonde wat kan skeiding maak met medegelowiges. Eers dán kan daar sprake wees van Gees-eenheid. Die volgende figuur belig die eenheid van die gelowiges met mekaar:




**Figuur 3**

Soos fig. 1 (vgl. p. 234), maar met die verskil dat Christus in die boonste hoek is, met gelowiges beide in die linkerhoek onder, sowel as in die regterhoek onder, wat in eenheid met mekaar moet kom. Eenheid met Christus van beide kante bring eenheid met mekaar.

### 13.2.8 Verskillende grense wat oorkom moet word

Daar bestaan verskeie skeidsmure tussen gelowiges wat oorbrug moet word. Ons sal eenheid moet soek oor verskillende grense heen, o.a.: strukturele grense, kerk-grense, kleur- en rassegrense, taal- en kultuurgrense, sosiale grense, teologiese

grense, beroepsgrense, geslagsgrense, vernuwingsgrense, grense wat vanweë die sondeval gekom het en seerkry- of pyngrense, waar mense deur ander gelowiges leed aangedoen is. Hierdie grense sluit nóú aan by die verskillende vorme van eenheid soos reeds bespreek (vgl. IV.D); daarom word hier nie ‘n deeglike bespreking daaroor gedoen nie. Wat belangrik is, is dat die mens (soms ook) in natuurlike, afgebakende grense bestaan, wat ‘n invloed op verdeeldheid en eenheid kan hê. Hierdie grense moet in die gelowige se bestaan, as gelowige in Christus, oorbrug word in die krag van die Heilige Gees. Hiervoor is oorgawe nodig aan die Heilige Gees, as Bewerker van eenheid. (Vgl. ook eksegese gedoen op Ef 2, eenheid tussen Jood en heiden. Afd. III).

## V. SLOTOPMERKINGS

Die werk wat gedoen is en bevindinge wat bereik is, kan soos volg saamgevat word:

1) In die eerste plek is nagevors wat in die Teologie-Geskiedenis gebeur het m.b.t. Gees-eenheid. Huidige navorsing het uitgewys dat wanneer dit gaan oor Gees-eenheid, daar ‘n ernstige leemte bestaan in verskillende tradisies en verskeie teoloë se werke. Slegs sporadiese verwysings, en soms spore by wyse van afleiding, kon oor hierdie onderwerp gevind word, maar nooit ‘n deeglike bespreking nie.

2) In die tweede plek is deeglik eksegese gedoen oor Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes wat handel oor Gees-eenheid. Hier is ‘n sterk aanduiding gevind met betrekking tot hierdie belangrike onderwerp. Hierdie ontleding het die grondslag geword vir deeglike besinning. Die Skrif vorm die basis vir die tema van die proefskrif: “Die Heilige Gees as Bewerker van Eenheid in die Liggaam van Christus.”

3) Vervolgens is daar teologies besin oor inligting verkry deur navorsing. Verskillende standpunte, soos onder pt. 1 vermeld, het deeglik onder die loep gekom. Dit is alles oorweeg aan die hand van die Skrif, en dan veral aan die hand van die konklusies wat bereik is op grond van eksegese soos reeds vermeld. Die verskillende vorme van eenheid, soos geïdentifiseer in die navorsing (altesaam 12 vorme, maar daar kan selfs meer wees), is gemeet aan die hand van Skrif-eksegese. Die eksegese wat gedoen is, het ook aspekte uitgewys wat belangrik is vir Gees-eenheid wat in ander besprekings oor die hoof gesien is.

4) Teologiese besinning het verder aangetoon, aan die hand van twee illustrasies (vgl. figuur 2, p. 355 en figuur 3, p. 370), dat die verskillende vorme van eenheid nie Gees-eenheid beïnvloed nie, maar dat die omgekeerde wel waar is: Gees-eenheid kan, waar toegelaat word deur gelowiges, alle ander vorme van eenheid positief beïnvloed. Gees-eenheid <u>negeer of vervang nie</u> ander vorme van eenheid nie, maar <u>bevestig</u> dit júís wanneer daarvoor ruimte gemaak word. Die Heilige Gees moet die ***hoofrol*** vervul in die bereiking van eenheid. Gees-eenheid kan dus ander vorme van eenheid <u>positief beïnvloed</u>. Die Kerk moet hom (individueel en korporatief) aan die

Heilige Gees onderwerp om sodoende positief beïnvloed en begelei te word in die bereiking van eenheid. 'n Nuwe Testamentiese voorbeeld word gevind in Hd 15, waar die gelowiges 'n dreigende skeuring op hand gehad het. Du Plessis (1993) skets die agtergrond so:

> **Die kerke van Jerusalem en Antiogië het afgevaardigdes na die vergadering in Jerusalem gestuur. Die kwessie van nie-Joodse bekeerlinge het tot meningsverskille in die vroeë kerk gelei. Die vraag was of dit vir die nie-Jode nodig was om die Joodse wette en gebruike te gehoorsaam en na te kom. Veral onder invloed van die sogenaamde *Judaïste* het sommige daarop aangedring dat die nie-Jode wél die Joodse wette moes gehoorsaam en selfs besny moes word, anders kon hulle nie gered word nie. Paulus was egter van mening dat dit nie vir hulle nodig was om eers Jode te word voordat hulle Christene kon word nie. Paulus en Barnabas het dié probleem dus met die kerkleiers gaan bespreek. Die vergadering het uiteindelik besluit dat hulle reg was en dat dit nie vir die nie-Joodse gelowiges nodig was om aan die Joodse wette gehoorsaam te wees nie.**

Na lang beraadslaging en getuienisse oor en weer van wat God vir die gelowiges gedoen het, het hulle tot 'n werkbare oplossing gekom tussen twee partye wat ver van mekaar verwyderd was. (Dit herinner aan die gebeure tussen Jood en heiden soos eksegeties ontleed m.b.t. Ef 2. (Vgl. Afd. III). Die Kerkleiers het besluit om 'n brief met hulle bevindinge aan die gelowiges te skryf met hierdie slotsom*: "Want die **Heilige Gees** en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!"* (Hd 15:28 en 29). In onderworpenheid aan die Heilige Gees is die eenheid behou. Indien daar nie onderworpenheid aan die Heilige Gees was nie, kon hulle 'n blote menslike of intellektuele besluit geneem het. Dan kon dit gebeur het dat die Kerk na meer as tweeduisend jaar steeds gebuk gegaan het onder die juk van 'n verkeerde besluit. Die besluit wat by hierdie vergadering geneem is, het Paulus se bediening verder positief beïnvloed. (Vgl. o.a. 1 Kor 8:1-13; 10:14-22;1 Ts 4:3; 5:22; 1 Tm 4:3; 1 Kor 6:12-20 asook die Sendbrief aan die Galasiërs).

Paulus skryf in Rm 12:1 - *"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdiens.* Van Rensburg (1993) skryf soos volg oor vers 1:

> **Reeds in die Ou Testament het God duidelik gemaak dat die offer van ’n dier net simbool is van die aanbidder se selfoorgawe aan die Here. Spoedig het dit egter die selfoorgawe vervang, ten spyte van die feit dat die Here duidelik geëis het dat Hy ’n gelowige hart ver bo offerandes verkies (vgl. 1 Sam 15:22; Ps 40:7; Am 5:21–24). <u>Jy moet jouself volledig as lewende offer tot beskikking van die Here stel, en jou deur sy Gees laat beheers en nie meer deur jou natuurlike geaardheid nie</u>. (My onderstreping).**

Hayford *et al* (1997) sluit soos volg hierby aan:

> **Since Christians (both Jews and Gentiles) are the new people of God, the “New Israel,” then should we not offer sacrifices to God, just as the OT Jews did? Yes, but not animal sacrifices at the temple in Jerusalem; rather, we should offer our bodies (all that we are) as “living sacrifices” each day to God.**

Die gelowiges moet hulself (hulle liggame), vollledig as lewende offers aan die Heilige Gees ondergeskik stel. Dit behels die hele mens: gees, siel, liggaam, intellek, emosie en wil. Hy wil ons redenasievermoëns en besluitnemings ook beheers sodat ons met reg sal kan sê: *“…<u>die Heilige Gees en ons het besluit</u>.”*

‘n Ou Testamentiese beeld om die Oppergesag van God te erken, en om in onderworpenheid ons lewens aan Hom oor te gee, word gevind in Jos 5:13-15. In hierdie Skrifgedeelte was Josua op pad om die volk in die Beloofde Land in te lei. Dit sou met oorloë gepaard gaan. Naby Jerigo, die eerste stad wat hulle sou inneem, slaan hy sy oë op en sien ‘n man met ‘n ontblote swaard in sy hand. Hy stap nader en vra die man: *“Behoort U by ons of by ons vyande?”* Die man antwoord: *“Nee* (nie by die een of die ander nie), *maar Ek is die <u>leërowerste</u>* (die hoof van die leër, die generaal) *van die HERE; Ek het nou gekom.”* Hy sê as’ t ware vir Josua: “Ek het nie gekom om onder jou, of maar net aan jou kant te veg nie, maar om gesag oor te neem. Ek is die leërowerste.” By die aanhoor van hierdie gesagsuitspraak, *“val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê?”* en hy antwoord*: “Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig*.**”** Dan staan daar: *“En Josua het so gedoen.”* Hierdie woorde impliseer dat Josua hom verder algeheel aan die leërowerste onderwerp het. Dit was sy sukses in oorlogvoering. Wanneer hy daarvan vergeet het en gereken het dat hy dit in eie vermoë vermag het (Jos 7:3-5), het hulle swaar verliese gely, soos

die volgende keer toe hulle Ai wou inneem. Daarmee saam was daar ook nog die sonde van Agan. Toe hy hulle skuld bely het, en ook die sonde van Agan uitgeroei het, het hulle weer sukses behaal. (Vgl. Jos 7 en 8). As ons vir Josua kon vra; "Wie het Jerigo ingeneem en die vyand verder verslaan?" sou hy waarskynlik kon antwoord: "Die leërowerste van die HERE en ons…", soos die gelowiges in Hd 15:29: *"…**die Heilige Gees** en ons het besluit."* Dit geld nog steeds vir die Kerk van Jesus Christus vandag. Daar moet by ons gevind word die erkenning van die Oppergesag van God en onderworpenheid aan die Heilige Gees in ons persoonlike lewe, maar óók in soverre dit die koninkryk van God raak. Dán is ons op pad na Gees-eenheid.

Dan volg Rm 12:2 - *"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie* (**καὶ μὴ συσχηματίζεσθε τῷ αἰῶνι τούτῳ**)*, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."* Hayford et al (1997) verklaar soos volg:

> **Strong's *#4964:* Compare "scheme" and "schematic." Refers to conforming oneself to the outer fashion or outward appearance, accommodating oneself to a model or a pattern.**

Die "skemas" en "patrone" van die wêreldse denksisteem moet vermy word ten gunste van 'n "vernuwing van denke" sodat die wil van God gevind kan word in sake van belang wat God se koninkryk raak, sowel as in die gelowige se persoonlike lewe.


Verder skryf Van Rensburg (1993) oor Rm 12:2:

> **Dit help nie om die gebruike van die wêreld te vermy, maar steeds hoogmoedig en naywerig, selfsugtig, hardkoppig en voortvarend te wees nie. Daarom is dit nodig dat jy God jou laat verander deur jou denke te vernuwe, want dan word jy sensitief vir die wil van God.**

Wanneer die Heilige Gees toegelaat word om op elke vorm van eenheid in te werk, sal Hý die vorm aanpas namate dit aan Hom onderwerp word. Selfs 'n uiterste vorm,


soos die hiërargiese eenheid, kan en moet aangepas word sodat dit ‘n Gees-eenheid kan word wat deur die Gees beïnvloed word.

5) Deur gebruik te maak van verdere illustrasies, gegrond op die vorige figuur (vgl. figuur 3, p. 370), kan aangetoon word dat daar leemtes bestaan by elkeen van genoemde vorme van eenheid. Dit kan nie op sigself die enigste manier wees om volkome eenheid te bereik nie. Vergelyk figure hieronder:




**FIGUUR 4**

Neem die illustrasie, figuur 3, en plaas in die boonste hoek bv. Hiërargiese eenheid, en in die linker- en regterhoek onder, Gelowige(s) A en Gelowige(s) B onderskeidelik. Die sye van die driehoek, links en regs kan aandui: “Eenheid deur Hiërargie”. Dit illustreer dat wanneer gelowige(s) A en gelowige(s) B eenheid in die hiërargie vind, dan vind hulle as uitvloeisel daarvan, beperkte eenheid met mekaar.





**FIGUUR 5**

Op dieselfde wyse kan alle ander vorme van eenheid, by wyse van hierdie illustrasie, gemeet en ook as gebrekkig aangetoon word om op sigself volkome eenheid te bereik. Daar kan hoogstens aanvaar word dat elke vorm van eenheid slegs ‘n beperkte eenheid kan meebring, wat maar net segmentaries van aard is in die konteks van die totale Liggaam van Christus. En segmente op sigself verdeel net die Liggaam van Christus, of soos in die besinning aangetoon, dit kokoniseer die totale Liggaam. Wanneer al hierdie vorme van eenheid aan die Heilige Gees onderwerp word, kan die kokonne of segmente deurbreek word om ware en algehele eenheid te bereik. Dít word alleen ‘n moontlikheid onder die leiding van die Heilige Gees, wat sy regmatige plek dan inneem as Bewerker van eenheid.

Eenheidstrewe *sonder die Heilige Gees*, loop gevaar om slegs maar ‘n menslike strewe te wees. Eenheidstrewe *sonder ‘n Skriftuurlike basis*, soos eksegeties ontleed, loop verder die gevaar om te verval in ‘n valse, menslike, en selfs heidense strewe na eenheid, soos aangetoon in die bespreking van die Wêreldraad van Kerke se byeenkoms te Canberra waar godsdiensvermenging plaasgevind het, terwyl die tema van die Konferensie, heel ironies was: *"Come Holy Spirit - Renew the Whole Creation"* (Canberra, 1991). Die soeke na Gees-eenheid, gegrond op behoorlike Skrif-eksegese, skakel dan die moontlikheid verder uit om eenheid na te streef met

verskillende ander godsdienste, soos dit die oogmerk is van die Rooms-Katolieke Kerk.

Die eenheidstrewe na volmaakte Gees-eenheid kan soos volg illustratief voorgestel word. (Vergelyk fig. 6 hieronder):




**FIGUUR 6**

Wanneer gelowiges eenheid vind in die verrese Christus (vgl. Afd. IV.D.14.2.7), asook in die Heilige Gees (vgl. "Die noue verhouding Christus-Gees" Afd. IV.B.7), bereik hulle volmaakte of onbeperkte eenheid met mekaar. Die onbeperkte of onbegrensde eenheid word in bg. figuur aangedui met grys sirkels wat uitkring totdat dit alles en almal omsluit - 'n aanduiding dat Gees-eenheid alle ander vorme van eenheid kan (en wil) omsluit wanneer die Heilige Gees toegelaat word om dit te

doen. Dan word ***Hy*** die allesoorheersende faktor as Bewerker van eenheid in die Liggaam van Christus.

6) Daar word ook aangetoon dat die beklemtoning van die Heilige Gees in die bereiking van eenheid, nie ‘n oorbeklemtoning is ten koste van Christus nie. Die eksegese het reeds uitgewys dat daar ‘n eenheid behoort te wees tussen die gelowiges soos daar ‘n eenheid is tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Dit het ook in die eksegese oor die Parakleet (παράκλητος) geblyk dat daar ‘n noue verhouding Christus-Gees bestaan. Soms is hierdie verhouding só nou en intiem, dat daar nouliks onderskei kan word tussen die teenwoordigheid en werk van die Heilige Gees aan die een kant, en die verrese Christus aan die ander kant. Die bespreking van die term *“in Christus”* kon, vir alle praktiese doeleindes van hierdie proefskrif, net sowel *“in die Heilige Gees*” gewees het.

7) ‘n Verdere belangrike saak is die “Konkretisering van die Eenheid”. Gees-eenheid moet tot praktiese eenheid oorgaan anders het dit geen waarde nie. Elke indiwidu of groep gelowiges wat dit erns maak met besinning oor Gees-eenheid in die Kerk, behoort te kom tot praktiese oorgawe, ‘n prysgawe aan die Heilige Gees sodat Hy eenheid kan bereik soos ***Hy*** wil, en nie soos ons wil nie.

Met hierdie navorsing is duidelik uitgewys dat daar ‘n leemte bestaan in die Kerk met betrekking tot Gees-eenheid. Hierdie leemte kan slegs oorkom word met die hulp van die Heilige Gees wanneer die Kerk van Jesus Christus hulle sonde van verdeeldheid met berou bely en daadwerklik daarvan werk maak om eenheid te bereik. Ware eenheid kan nie bereik word (soos uitgewys), in blote *strukturele* eenheid, soos voorgestaan deur die Rooms-Katolieke Kerk nie. Hiervolgens is slegs die Rooms-Katolieke Kerk die enigste ware Kerk van Jesus Christus en alle ander kerke word nie gesien as *Kerk* nie. Die “afvallige” en “afgeskeide broeders” moet dan terugkeer om by die *een ware Kerk* aan te sluit. Hierdie beskouing van eenheid kan nie aan die hand van die Skrif en in die onderwerping aan die Heilige Gees triomfeer as die enigste ware eenheid nie.

8) Hierdie proefskrif het as’ t ware slegs die saak van Gees-eenheid belig. As uitvloeisel hiervan, kan op die bevindinge voortgebou word en teologies daaroor besin word om die ernstige leemte soos aangetoon te oorbrug, asook middele te vind tot die praktiese toepassing en bereiking van Gees-eenheid. Slegs op hierdie wyse kan aan die Skrif-eise voldoen word as grondslag vir eenheid. Mag die Heilige Gees sy regmatige plek inneem as Bewerker van eenheid!

## VI. Bibliografie

AFRIKAANSE NUWE VERTALING. 1983. Kopiereg © 1953, 1983 van die Bybelteks Bybelgenootskap van Suid Afrika.

AFRIKAANSE OU VERTALING.1953. Kopiereg © 1953 Bybelgenootskap van Suid Afrika.

ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M., WIKGREN, B.M. 1968. *The Greek New Testament, Second Edition.* Stuttgart: Würtemberg.

AMPLIFIED BIBLE(R) Copyright (C) 1954, 1958, 1962, 1964, 1965, 1987 by The Lockman Foundation, La Habra, CA 90631 All rights reserved

ANALYTICAL-LITERAL TRANSLATION OF THE NEW TESTAMENT OF THE HOLY BIBLE. Copyright (c) 1999-2001 by Gary F. Zeolla of Darkness to Light ministry (www.dtl.org). The ALT is available in hardcopy format from the publisher 1stBooks (www.1stbooks.com) and from conventional and online bookstores. For background information on the ALT, see www.dtl.org/alt/. (Elektroniese Bron: E-Sword).

ANON. 1964. *DECREE ON ECUMENISM - UNITATIS REDINTEGRATIO proclaimed By His Holiness, Pope Paul VI on November 21, 1964.* [Web:] http://www.christusrex.org/www1/CDHN/v13.html [Datum van gebruik: 25 Julie 2008].

ANON. 1972. *Charisma with Latter Rain.* [Web:] http://www.seekgod.ca/latterrain.htm [Datum van gebruik: 22Julie 2008].

ANON. 1990a. *Letter of Ignatius to the Ephesians.* Early Christian Writings. Ignatius. [Web:] http://www.earlychristianwritings.com/ignatius.html [Datum van gebruik: 5 Februarie 2008].

ANON. 1990b. *The Epistle of Polycarp to the Philippians* Translated by J. B. Lightfoot. Early Christian Writings. [Web:] http://www.earlychristianwritings.com/ignatius.html [Datum van gebruik: 15 Februarie 2008].

ANON. 1990c. *Letter of Ignatius to Polycarp.* Translated by J.B. Lightfoot. Adapt. and mod. (c) 1990. ATHENA DATA PRODUCTS. [Web:] http://ccat.sas.upenn.edu/gopher/text/religion/churchwriters/ApostolicFathers/Ignatius_Polycarp [Datum van gebruik: 5 Februarie 2008].

ANON. 1990c. *Letter of Ignatius to Polycarp. IgnPoly prologue.* Translated by J.B. Lightfoot. Adapt. and mod. (c) 1990. ATHENA DATA PRODUCTS. [Web:] http://ccat.sas.upenn.edu/gopher/text/religion/churchwriters/ApostolicFathers/Ignatius_Polycarp

ANON. 1990d. *Ignatius' letter to the Smyrnaeans.* Translated by J.B. Lightfoot. Adapt. and mod. (c) 1990. ATHENA DATA PRODUCTS. [Web:] http://ccat.sas.upenn.edu/gopher/text/religion/churchwriters/ApostolicFathers/Ignatius_Smyrneans

ANON. 1991. *Inter-Orthodox consultation after the Canberra assembly.* [Web:] http://www.oikoumene.org/en/resources/documents/wcc-programmes/ecumenical-movement-in-the-21st-century/member-churches/special-commission-on-participation-of-orthodox-churches/sub-committee-ii-style-ethos-of-our-life-together/16-09-91-inter-orthodox-consultation-after-the-canberra-assembly.html [Datum van gebruik: 8 Augustus 2008].

ANON. 1997-2003. *The First English Edition of Foxe's Book of Martyrs*. [Web:] http://www.greatsite.com [Datum van gebruik: 28 Julie 2004].

ANON. 2001. *The PriestMartyr Cyprian, Bishop of Carthage.* © 1996-2001 by translator Fr. S. Janos. [Web:] http://www.holytrinityorthodox.com/calendar/los/August/31-02.htm [Datum van gebruik: 25 Februarie 2008].

ANON. 2004a. *23 Mei 2004 Sewende Sondag van Paastyd. Liturgiese Voorstel.* [Web:]
www.communitas.co.za/index.php?option=com_rubberdoc&view=doc&id=703&format=raw -
[Datum van gebruik: 5 Julie 2007].

ANON. 2004b. *Book of Martyrs (1563) John Foxe (1516-1587).* [Web:] http://www.pinn.net/~sunshine/main.html [Datum van gebruik: 13 Augustus 2004].

ANON. 2004c. *Christian History Institute. Issue #91: Eusebius: He Saved Our Family Story.* [Web:] http://www.gospelcom.net [Datum van gebruik: 04 Julie 2004].

ANON. 2004d. *Crying Voice in the Wilderness: The First Persecution of the Early Christians. Church History, Eusebius of Caesarea BOOK II CHAPTER XXV* [Datum van gebruik:13 September 2004].

ANON. 2004e. DIE *GOEIE HERDER*-STRATEGIE*, Die voorgestelde MIV- en vigsstrategie van die ALGEMENE SINODE VAN DIE NED GEREF KERK.* [Web:] http://www.cabsa.co.za/2004NGKStrategie.pdf [Datum van gebruik: 12 Januarie 2008].

ANON. 2004f. *History of the Christian Church Chapter II: Persecution of Christianity and Christian Martyrdom.* [Web:] http://www.ccel.org/s/schaff/history/2_ch02.htm#_edn1 [Datum van gebruik: 25 Oktober 2004].

ANON. 2004g. *Wearing Out the Saints of the Most High* [Web:] http://www.sundaylaw.net [Datum van gebruik: 23 September 2004].

ANON. 2005. *WCC CONFERENCE ON WORLD MISSION AND EVANGELISM. COME, HOLY SPIRIT- HEAL AND RECONCILE.* [Web:] http://www.wcc-coe.org/wcc/what/mission/m-e-in-unity.pdf [Datum van gebruik: 6 September 2008].

ANON. 2006. *Leerstelling, p. 5 Seksie 14 - Heiligmaking en heiligheid.* http://www.fullgospelchurch.org.za/files/leerstelling.pdf [Datum van gebruik: 6 November 2008].

ANON. 2007a. *XVI GENERAL AUDIENCE St Peter's Square Wednesday, 14 March 2007.* [Web:] http://www.vatican.va/holy_father/benedict_xvi/audiences/2007/documents/hf_ben-xvi_aud_20070314_en.html [Datum van gebruik: 2 Februarie 2008].

ANON. 2007b. *Apologetiek Categorie: Kerkgeschiedenis.* Wikipedia. [Web:] http://nl.wikipedia.org/wiki/Apologeten [Datum van gebruik: 21 Februarie 2008].

ANON. 2008a. *Assemblies of the World Council of Churches.* [Web:] http://www.bostontheological.org/academic/wcc_assemblies.doc [Datum van gebruik: 8 Augustus 2008].

ANON. 2008b. *CBS NEWS*, *Pope: Only One "True" Church.* [Web:] http://www.cbsnews.com/stories/2007/07/10/world/main3037922.shtml?source=RSS attr=HOME_3037922 [Datum van gebruik: 16 Augustus 2008].

ANON. 2008c. *Commission on Faith and Order.* [Web:] http://www.oikoumene.org/en/who-are-we/organization-structure/consultative-bodies/faith-and-order.html [Datum van gebruik: 6 Augustus 2008].

ANON. 2008d. *Cyprian of Carthage, Bishop and Martyr*. [Web:] http://elvis.rowan.edu/~kilroy/jek/09/13.html [Datum van gebruik: 25 Februarie 2008].

ANON. 2008e. David du Plessis. [Web:] http://www.solcon.nl/apgeelhoed/htmldoc/nb-duplessis.htm [Datum van gebruik: 23 Julie 2008].

ANON. 2008f. *Die Apostoliese Vaders.* [Web:] http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-03102004-144648/unrestricted/07chapter7.pdf [Datum van gebruik: 29 Februarie 2008].

ANON. 2008g. *Die Apostoliese Geloofsbelydenis.* [Web:] http://www.ankura.net/index2.php?option=com_content&task=emailform&id=12 [Datum van gebruik: 19 September 2008].

ANON. 2008h. *Die Geloofsbelydenis van Atanasius* [Web:] http://www.vgk.org.za/Belydenisgeskrifte/Geloofsbelydenis%20van%20Atanasius.php [Datum van gebruik: 18 September 2008].

ANON. 2008i. *Die Geloofsbelydenis van Nicéa.* [Web:] http://www.gksa.org.za/geloof/nicea.html [Datum van gebruik: 19 September 2008].

ANON. 2008j. *Die Sigbare en Onsigbare Kerk. in* Die Olielamp 1 Jaargang 2 / Nr 2 Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. [Web:] http://www.vgk.org.za/olielamp/pdf/0202.pdf [Datum van gebruik: 1 Julie 2008].

ANON. 2008k. *Ecumenism.* [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Ecumenism [Datum van gebruik: 19 September 2008].

ANON. 2008l. *Feudalism and the Church.* New Catholic Dictionary. [Web:] http://saints.sqpn.com/ncd03264.htm [Datum van gebruik: 8 Maart 2008].

ANON. 2008m. *From Ecumenism to the "New Age" Vision of a World Religion and the Responsibility of the Orthodox.* [Web:] http://www.orthodoxinfo.com/ecumenism/video1.aspx [Datum van gebruik: 7 Augustus 2008].

ANON. 2008n. *Het feodaal stelsel.* [Web:] http://home.versatel.nl/delmonte/feodaalstelsel.html [Datum van gebruik: 7 Maart 2008].

ANON. 2008o. *Homoousion*, in die "Highbeam Encyclopedia", [Web:] http://www.encyclopedia.com/doc/1O101-Homoousion.html {Datum van gebruik: 27 Oktober 2008].

ANON. 2008p*. Hoofstuk 2 Humanisties-georiënteerde ideologieë, waardes en norme…* [Web:] http://etd.unisa.ac.za/ETD-db/theses/available/etd-05102005-151055/unrestricted/03chapter2.pdf [Datum van gebruik: 13 Maart 2008].

ANON. 2008q. *Joint Working Group with the Roman Catholic Church.* [Web:] http://www.oikoumene.org/en/who-are-we/organization-structure/joint-bodies/with-the-roman-catholic-church.html [Datum van gebruik: 6 Augustus 2008].

ANON. 2008r. *Letter of Ignatius to the Philadelphians.* Translated by J. B. Lightfoot. [Web:] http://www.thomasephillips.info/ignatiusphiladelpians.htm#Lightfoot [Datum van gebruik: 15 Februarie 2008].

ANON. 2008s. *Medieval Europe: The Church.* [Web:] http://www.mnsu.edu/emuseum/history/middleages/church.html [Datum van gebruik: 8 Maart 2008].

ANON.2008t. *Middeleeue* in die Wikipedia. [Web:] http://af.wikipedia.org/wiki/Middeleeue [Datum van gebruik: 27 Oktober 2008].

ANON. 2008u. *Mysticism.* [Web:]http://en.wikipedia.org/wiki/Mysticism [Datum van gebruik: 20 September 2008].

ANON. 2008v. Neo-Calvinism. Wikipedia, die vrye ensiklopedie. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Neo-Calvinism [Datum Van gebruik: 21 Junie 2008].

ANON. 2008w. *Roberts-Donaldson Translation: Ignatius of Antioch, Letter to the Philadelphians.* [Web:] http://thomasephillips.info/ignatiusphiladelpians.htm#Roberts [Datum van gebruik: 2 Februarie 2008].

ANON. 2008x. *Romeinse Ryk.* Wikipedia, die vrye ensiklopedie. [Web:] http://af.wikipedia.org/wiki/Romeinse_Ryk [Datum van gebruik: 7 Maart 2008].

ANON. 2008y. *Satis Cognitum on the Unity of the Church.* [Web:] http://www.papalencyclicals.net/Leo13/l13satis.htm [Datum van gebruik: 23 Februarie 2008].

ANON. 2008z. *Scholasticism.* From Wikipedia, the free encyclopedia. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Scholasticism [Datum van gebruik: 13 Maart 2008].

ANON. 2008aa. *THE EARLY CHURCH FATHERS.* [Web:] http://www.faithbibleonline.net/EarlyChurchFathers.htm [Datum van gebruik: 27 Oktober 2008].

ANON. 2008ab. *The Eusebius Factor: Polemics, Unity and Discipleship.* [Web:] http://christianrespondent.com/pubs/tcr/number39.pdf [Datum van gebruik: 1 Maart 2008].

ANON. 2008ac. *The Middle Ages: Feudal Life*. [Web:] http://www.learner.org/interactives/middleages/feudal.html [Datum van gebruik: 8 Maart 2008].

ARNDT, W.F. & GINGRICH, F.W. 1958. *A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature.* Chicago & London: University Press.

BARCLAY, W. 1972a. *The Gospel of John (Volume Two: Chapters VIII toXXI).* Edinburgh: St Andrew Press.

BARCLAY, W. 1972b. *The Letters to the Galatians and Ephesians.* Edinburgh: St Andrew Press.

BARCLAY, W. 1972c. *The Letter to the Hebrews.* Edinburgh: St Andrew Press.

BARCLAY, W. 1973a. *The Letters to the Corinthians.* Edinburgh: St Andrew Press.

BARCLAY, W. 1973b. *The Letters to the Philippians, Colossians and Thessalonians.* Edinburgh: St Andrew Press.

BARCLAY, W. 1973c. *The Mind of St Paul.* Londen: Fontana Books.

BARCLAY, W. 1975. *The Letter to the Romans, Revised Edition.* Edinburgh: St Andrew Press.

BARRETT, C.K. 1968. A Commentary on the First Epistle to the Corinthians. London: Adam & Charles Black.

BARRETT, C.K. 1970. *The Gospel according to St John. An Introduction with Commentary and Notes on the Greek Text.* London: S.P.C.K.

BARTH, K. 1974. *Church Dogmatics Vol. IV. The Doctrine of Reconcilliation, part 1.* Edinburgh: T & T Clark.

BARTLEMAN, F. 1980. *Azusa Street.* Plainfield, NJ: Logos International.

BAVINCK, H. 1930. *Gereformeerde Dogmatiek. Vierde Deel.* Kampen: Kok.

BAVINCK, J.H.; PRINS, P.; BRILLENBURG WURTH, G. (red.) 1949. *De Heilige Geest.* Kampen: Kok.

BEERS, R.A. 1988. *Life Application Bible. The Living Bible, New Testament Life Applicarion Notes and Bible Helps.* Illinois: Tyndale House Publishers.

BERKHOF, H. 1977. *The Doctrine of the Holy Spirit.* Atlanta: John Knox Press.

BERKHOF, H. 1977.*The Docrtrine of the Holy Spirit.* Atlanta: John Knox Press.

BERKHOF, H. 1979. *Christian Faith. An Introduction to the Study of the Faith.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

BERKHOF, L. 1937. *Reformed Dogmatics.* Grand Rapids,Michigan: Eerdmans.

BERKHOF, L. 1973. *Principles of Biblical Interpretation.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

BERKOUWER, G.C. 1970. *Dogmatiche Studiën. De Kerk 1.* Kampen: Kok.

BERNARD, J.H. 1942. *A Critical and Exegetical Commentary on the Gospel According to St. John, Vol 11.* Edenburgh: T & T Clark.

BEVERIDGE, H. 1957. *Institutes of the Christian Religion. By John Calvin. A New Translation.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

BLOMBERG, C. 1994. *The NIV Application Commentary. From biblical text … to contemporary life.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

BOCKMUEHL, M. & THOMPSON M.B. 1997. *Avision for the Church. Studies in Early Christian Ecclesiology in honour of J.P.M. Sweet.* E dinburgh: T&T Clark.

BOICE, J.M. 1978. *The Gospel of John. An Expositional Commentary, Vol. 4.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

BORING, M.E. 1978. The influence of Christian Prophesy on the Johannine Portrayal of the Paraclete and Jesus. In New Testament Studies, Vol. 25, pp. 113-123.

BOUMA, C. 1950. *Het Evangelie naar Johannes II, Hoofstuk 9:1-21:25.* Kampen: Kok.

BROWN, D. 1997. *Coram Deo*. [Web:] http://www.geocities.com/Athens/Forum/3505/nonnobisdomine.html [Datum van gebruik: 15 Januarie 2008].

BROWN, R.E. 1978. *The Gospel According to John, Vol. 2.* London: G. Chapman.

BROWN, T.G. 2003. *Spirit in the Writings of John. Johannine Pneumatology in Social-scientific Perspective.* London – New York: T&T Clark.

CALVYN, J. 1847. *Commentary on the Gospel According to John.* Edinburgh: Calvin Translation Society.

CARSON, D.A. 1992. *The Gospel according to John.* Leicester: Eerdmans.

COHEN, S.I.D. 2004. *From Jesus to Christ. Why did Christianity succeed? Legitimization Under Constantine.* [Web:] http://www/pbs.org/wgbh/pages/frontline/shows/religion/etc/bios.html#cohen [Datum van gebruik: 4 Julie 2004]

CONTEMPORARY ENGLISH VERSION © 1995 by American Bible Society. (Elektroniese bron: E-Sword).

CRISWELL, W.A. 1997. *Believer's study Bible [computer file], electronic ed., Logos Library System*, (Nashville: Thomas Nelson) by the Criswell Center for Biblical Studies.

CUMMING, J. 1875. *Fox's Book of Martyrs: The Acts and Monuments of the Church. By John Fox. A New Edition, Edited by the Rev. John Cumming, D.D. in Three Volumes, - Vol. 1.* Picadilly: Chatto and Windus.

DAKE, F.J. 1963. *Dake's Annotated Reference Bible: The Holy Bible. Containing the Old and New Testaments of The Authorized or King James Version Text.* Atlanta: Dake Bible Sales.

DANIEL, J. & HARRINGTON, S.J. 1991. *The Gospel of Matthew.* Collegeville, Minnesota: Liturgical Press.

DANIEL-ROPS, H. 1963. *The Church of Apostles and Martyrs.* London: Dent & Sons.

D'ASSONVILLE, V.E. 1992. *Gids vir kerkgeskiedenis.* Potchefstroom: Marnix.

DAVIES, W.D., & ALLISON, D.C. 1991. *A Critical and Exegetical Commentary on the Gospel according to Saint Matthew.* London: T&T Clark.

DE GROOT, M. 2006. *Kerkgeschiedenis.* [Web:] http://kerkgeschiedenis.web-log.nl/kerkgeschiedenis/2007/06/klaas_schilder__1.html [Datum van gebruik: 30 Junie 2008].

DE GROOT, M. 2008. *Kerkgeschiedenis.* [Web:] http://kerkgeschiedenis.web-log.nl/kerkgeschiedenis/2008/02/de_kerk.html [Datum van gebruik: 5 Julie 2008].

DE KLERK, B.J. 2001. *Fokus op Efesiërs.* Potchefstroom: Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

DIE LEWENDE BYBEL. 1999. (electronic ed.) (1 Co 11:29). Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DODD, C.H. 1968. *The Interpretation of the Fourth Gospel.* Cabbridge: University Press.

DOUGHTY, D. J. 2004. *Eusebius, Ecclesiastical History, Book 8: The Great Persecution*
[Web:] http://users.drew.edu/ddoughty/Christianorigins/persecutions/index.html [Datum van gebruik: 04 Julie 2004].

DOUGLAS, J.D., BRUCE, M.A., PACKER, MA., TASKER, M.A. & WISEMAN, O.B.E. 1975. *The New Bible Dictionary.* Michigan: Eerdmans.

DREYER, T.F.J., 2006. *Die akkommodering en bestuur van diversiteit in gemeenteverband.* [Web:]http://www.up.ac.za/dspace/handle/2263/2939 [Datum van gebruik: 23 September 2008].

DU PLESSIS, I.G.L., 1984. *Pinkster Panorama.* Irene: VEK.

DU PLESSIS I.J., 1993. *Die Bybel in Praktyk.* Red. W.VOSLOO, F. J. VAN RENSBURG, *et.al.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DU PLESSIS, I.J. 1998. *Die brief aan die Kolossense.* (electronic ed) Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

DU PLESSIS, M.J. 2004. *Die beker van danksegging.* [Web:] http://www.gkbellville.org/preke/PA1kor10c.htm [Datum van gebruik: 16 November 2008].

DU RAND, J.J.F. 1985. Die lewende God. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal, 1985. 2de verbeterde uitg.

DU TOIT, S. 1970. *Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis.* Potchefstroom: Pro Rege Pers.

EDWARDS, M. 2004. *John.* Oxford: Blackwell Publishing.

ELS, J.M. 2001. *Die Grieks-Afrikaanse Woordeboek met Strong se numering.* (electronic ed.). Johannesburg: Logos Information Systems.

ELWELL, W. A. 1996. *Evangelical Commentary on the Bible.* (electronic ed.). Grand Rapids: Baker Book House.

EMERTON, J.A.; CRANFIELD, C.E.B. & STANTON, G.N.1991. *The International Crytical Commentary on the Holy Scriptures of the Old and New Testaments.* London: T&T Clark.

ENGLISH STANDARD VERSION. 2001. Crossway Bibles: Good News Publishers.

EYBERS I.H., KÖNIG A. & STOOP J.A. 1979. *Inleiding in die Teologie: Tweede Uitgawe.* Pretoria: NGKB.

FABER, J. 1985. *The Doctrine of the Church in Reformed Confessions.*
[Web:]
http://www.spindleworks.com/library/faber/010_thechurch.htm#1 [Datum van gebruik: 1 Julie 2008].

FISHER, F. 1975. *Commentary on 1&2 Corinthians.* Texas: Word Books, Waco.

FLOOR, L. 1979. *Hy wat met die Heilige Gees doop.* Pretoria: NGKB.

FLOOR, L. 1995. *Efeziërs. Een in Christus.* Kampen: Kok.

FORBUSH W.B. 1970. *Fox's Book of Martyrs: A History of Lives, Sufferings, and Triumphant Deaths of the Early Christian and the Protestant Martyrs.* Michigan: Zondervan.

FOURIE, S. 1986. *Eenheid in Johannes Hoofstukke 13 – 17: 'n Eksegeties-Teologiese Uitleg.* UPE: M.A.-Verhandeling. 234p.

GAYBBA, B. 1979. *Pneumatologie (Die Heilige Gees).* Pretoria: UNISA.

GISPEN, W.H; OOSTERHOFF, B.J.; RIDDERBOS, H.N., eds., 1977. *Bybelse Ensiklopedie*. (Elektroniese weergawe) Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

GODET, F.L. 1893. *Commentary on the Gopel of John, Vol. II.* Grand Rapids: Eerdmans.

GOD'S WORD Copyright © 1995 by GOD'S WORD to the Nations Bible Society. All rights reserved. GOD'S WORD to the Nations Bible Society P.O. Box 30699 Cleveland, Ohio 44130-0699. (Elektroniese bron: E-Sword).

GOOD NEWS BIBLE – Second Edition © 1992 by American Bible Society. (Elektroniese bron: E-Sword).

GRAYSON, K. 1981. The Meaning of Paraklētos. In *Journal for the Study of the New Testament* no. 13 O 1981, p 67-82.

GREEN, M. 1976. *I Believe in the Holy Spirit*. Grand Rapids: Eerdmans.

GROENEWALD, E.P. 1971. *Die Eerste Brief aan die Korinthiërs.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

GROENEWALD, E.P. 1980. *Die Evangelie van Johannes.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

GROENEWALD,  E.P. 1998a. *Die Eerste brief aan die Korinthiers.* (electronic ed.). Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

GROENEWALD, E.P. 1998b. *Die Evangelie van Johannes.* Uitgegee in Opdrag van die Algemene Kommissie vir Bybelverklaring en Bybelvertaling van die Ned. Geref. Kerk (electronic ed.). Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente;Logos Library System (Jn 17:20-24). Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

GROSHEIDE, F.W. 1954. *Het Heilige Evangelie volgens Mattheus.* Kampen: Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1950. *Het Heilige Evangelie volgens Johannes II, Hoofstukken 8-21.* Amsterdam: H.A. van Bottenburg.

GROSHEIDE, F.W. 1957. *De Eerste Brief aan de Kerk te Korinthe.* Kampen: Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1960. *De Brief van Paulus aan de Efeziërs.* Kampen: Kok.

GUTHRIE, D., MOTYER, J.A., STIBBS, A.M. & WISEMAN, D.J. 1975. *The New Bible Commentary. Revised.* London: Inter-Varsity Press.

GUTZKE, M.G., 1975. *Plain Talk on Ephesians.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

HAMILTON, M.P. 1977. *The Charismatic Movement.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

HANSEN, S. 1946. *The Unity of the Church in the New Testament. Colossians and Ephesians.* Uppsala: Almqvist & Wiksell.

HAYFORD, J. W. general editor; consulting editors, Sam Middlebrook…[et.al.], 1997. *Spirit filled life study Bible [computer file], electronic ed., Logos Library System*, (Nashville: Thomas Nelson)

Hebrew Names Version (HNV) of the World English Bible. s.j. Elektroniese Bron: E-Sword.

HENDRIKSEN, W.H. 1976. *New Testament Commentary Ephesians.* Edinburgh: Banner of Truth.

HENDRIKSEN, W.H. 1976. *Ephesians*. Pennsylvania: Banner of Truth.

HENDRIKSEN, W.H. 1976. *The Gospel of John.* London: Banner of Truth.

HENDRIKSEN, W.H. 1981. *Romans vol. 2: Chapters 9 – 16.* Edinburgh: Banner of Truth.

HENDRY, G.S. 1965. *The Holy Spirit in Christian Theology.* London: SCM.

HERHOLDT, M.D. 1990. *Christus die Saligmaker, Geneser, Doper en komende Koning. Vertrekpunte vir 'n Pinksterteologie.* Pretoria: UNISA.

HILL, D. *The Gospel of Matthew.* London: Butler & Tanner.

HOBBS, H.H. 1968. *An Exposition of the Gospel of John.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

HODGE, C. 1959. *An Exposition of the first Epistle to the Corinthians.* London: Banner of Truth.

HODGE, C. 1986. *Commentary on the Epistle to the Romans.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

HOEK, J. & HOMMES, N.J. s.j. *De Brieven aan de Corinthiërs.* Kampen: Kok.

HOEKEMA, A.A. 1989. *Saved by Grace.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

HOLLENWEGER, W.J. 1973. *The Pentecostals. The Charismatic Movement in the Churches.* Minneapolis: Augsburg Publishing House.

HOLLENWEGER, W.J. 2000. Two Extraordinary Pentecostal Ecumenists. [Web:] http://findarticles.com/p/articles/mi_m2065/is_3_52/ai_66279079 [Datum van gebruik: 22 Julie 2008].

HOLY BIBLE, *New King James Version*, copyright © 1984 by Thomas Nelson, Inc. All rights reserved. (Elektroniese bron: E-Sword).

HOLY BIBLE, *New Living Translation,* copyright © 1996 by Tyndale Charitable Trust. All rights reserved. (Elektroniese bron: E-Sword).

HORSLEY, R.A. 1998. *1 Corinthians.* Nashville: Abingdon Press.

HURD, J.C. Jr. 1965. *The Origin of 1 Corinthians.* London:S.P.C.K.

INTERNATIONAL STANDARD VERSION v1.2.2 Copyright © 1996-2001 The ISV Foundation. ALL RIGHTS RESERVED INTERNATIONALLY. (Elektroniese bron: E-Sword).

JAMES, M. 1965. *I believe in the Holy Spirit.* Minneapolis: Dimension Books.

JAMIESON, R., FAUSSET, A.R., & BROWN, D. 1997. *A commentary, critical and explanatory, on the Old and New Testaments. On spine: Critical and explanatory commentary.* Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.

JOHNSON, B.W. 1999a. *John : The New Testament Commentary, Vol. III* (electronic ed.) (Jn 17:23). Logos Research Systems, Inc.: Oak Harbor, WA

JOHNSON, B.W. 1999b. *The people's New Testament : With explanatory notes* (electronic ed.). Logos Research Systems, Inc.: Oak Harbor, WA

JOHNSTON, G. 1970. *The Spirit-Paraclete in the Gospel of John.* Cambridge: University Press.

JONES, R.J. 2005. *'n Kerugmatiese Perspektief op Bedieninge in die Nuwe Testament.* [Web:]http://www.up.ac.za/dspace/bitstream/2263/2831/1/Jones_Kerugmatiese%282006%29.pdf [Datum van gebruik: 22 September 2008].

JONKER, W.D. 1981. *Die Gees van Christus.* Pretoria: NGKB.

JONKER, W.D. 1998. *Die brief aan die Romeine.* (electronic ed.) (Ro 11:17-25). Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

JONKER, W.D. 1989. Die Pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, In die Skriflig, 23/3 13-.

KASPER, W. 2005. *The ecumenical movement in the 21st century - A contribution from the PCPCU*. [Web:] http://www.oikoumene.org/en/resources/documents/wcc-commissions/joint-working-group-between-the-roman-catholic-church-and-the-wcc/18-11-05-the-ecumenical-movement-in-the-21st-century.html [Datum van gebruik: 6 Augustus 2008].

KIM, D. 2002. The Paraclete: the Spirit of the church. In Asian Journal of Pentecostal Studies, 5 no. 2 Jl 2002, p 255-270.

KITTEL, G. & Friedrich, G. 1974a. *Theological Dictionary of the New Testament Vol 1V.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

KITTEL, G. & Friedrich, G. 1974b. *Theological Dictionary of the New Testament Vol V.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

KITTEL, G. & Friedrich, G. 1974c. *Theological Dictionary of the New Testament Vol 11.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

KöNIG, A. 1970. *Jesus Christus die Eschatos.* Pretoria: NGKB.

KöNIG, A. 1973. *Ek is wat Ek is.* Pretoria: NGKB.

KöNIG, A. 1975. *Sistematiese Teologie (B.Th.) STH 206 gids 1 (Ekumeniese Teologie).* Pretoria: UNISA-publikasie.

KöNIG, A. 1977. *Teologiese en konfessionele pluraliteit en pluriformiteit* in Theologia Evangelica 10, 47-57. Pretoria: UNISA.

KöNIG, A. 1986. *Die Doop as Kinderdoop én Grootdoop.* Pretoria: NGKB.

KöNIG, A. 2002. *Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae.* Wellington: Lux Verbi.BM.

KöNIG, A. 2006. *Die Groot Geloofswoordeboek.* Vereeniging: Cum.

KUIPER, B.K. s.j. *The Church in History.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

KUYPER, A. 1900. *The work of the Holy Spirit.* London: Funk & Wagnalls.

LANGNER, D. 2007. *TEEN DIE HéLE WêRELD VRY.* [Web] http://www.griffel.co.za/Koot_Binne_1-41.pdf [Datum van gebruik: 21 Junie 2008].

LEDERLE, H.I. 1983. *Sistematiese Teologie (Honneurs B.Th.) Enigste gids vir STH408-Y (Die Charismatiese Beweging).* Pretoria: UNISA.

LENSKI, R.C.H. 1961. *The Interpretation of St. Paul's Epistle to the Ephesians and Philippians.* Minneapolis, Minnesota: Augsburg Publ.

LENSKI, R.C.H. 1963. *The Interpretation of St. Paul's First and Second Epistles to the Corinthians.* Minneapolis, Minnesota: Augsburg Publ.

LIDDELL AND SCOTT 1966. *Lexicon Abridged from Liddel and Scott's Greek-Enlish Lexicon.* Oxford: Clarendon Press.

LOUW, J.P., NIDA, A., SMITH, R.B. & MUNSON, K.A. 1989a. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains Vol 1, Domains.* Cape Town: Bible Society of South Africa.

LOUW, J.P., NIDA, A., SMITH, R.B. & MUNSON, K.A. 1989b. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains Vol 2, Indices.* Cape Town: Bible Society of South Africa.

MACDONALD, W. (1997, c1995)*. Believer's Bible Commentary : Old and New Testaments* (electronic ed.). Nashville: Thomas Nelson.

MACARTHUR, J. F. Jr. 1997. *The MacArthur Study Bible* (Logos Electronic ed.) (Dallas: Word Publishing).

MALAN, J.S. 2008. *Valse Voorstellings van Jesus Deur Prof JS Malan.* [Web:] http://www.netlibrary.net/eBooks/Wordtheque/af/AAAAAR.TXT [Datum van gebruik: 8 Augustus 2008].

MALATESTA, E. 1977. *The Spirit of God in Christian Life.* N.Y.: Paulist Press.

MANTON, T.1959. *An Exposition of John Seventeen.* London: Banner of Truth.

MARROW, S.B. 1995. *The Gospel of John. A Reading.* New York: Paulist Press.

MARSHALLL, A. 1968. *The R.S.V. Interlinear Greek – English New Testament. The Nestle Greek Text with a Literal English Translation.* London: Samuel Bagster & Sons.

MATHIE, R.G. 1981. *Doctrine of the Holy Spirit in the theology of H. Berkhof.* Pretoria.

MCGEE, J. V. 1997. *Thru the Bible commentary. Based on the Thru the Bible radio program.* (electronic ed.). Nashville: Thomas Nelson.

MEYER, C.S. 1969. *The Church: From Pentecost to the Present.* Chicago: Moody Press.

MESSIANIC RENEWED COVENANT, Field Edition Copyright © 2003-2004 TNN Press 1492 Regal Court Kissimmee, FL 34744 (407) 933-2002. (Elektroniese bron: E-Sword).

MICHEL, J. 2004. *Pentecostal participation in the ecumenical movement.* World Council of Churches. Key issue for WCC general secretary in Chile. [Web:]

http://news.spirithit.com/index/south_america/more/pentecostal_participation_in_the_ecumenical_movement/ [Datum van gebruik: 30 Julie 2008].

MöLLER, F.P. s.j. *Dogmatiek III.* Johannesburg.

MOONIE, P.M. 1978. *The significanceof neo-pentecostalism for the renewal and unity of the church in the United States.* Michigan: Imprint.

MOORE, E. 2008. *Origen of Alexandria and apokatastasis: Some Notes on the Development of a Noble Notion.* [Web:]http://www.romancatholicism.org/origen-apokatastasis.htm [Datum van gebruik: 28 Februarie 2008].

MORRIS, L. 1975. *The Gospel according to John.* Grand Rapids: Eerdmans.

MORRIS, L. 1992. *The Gospel according to Matthew.* Grand Rapids, Michigan: Inter-Varsity Press.

MOST, W.G., 2008. *The Catholic Church is the Mystical Body of Christ*. [Web:] http://www.ewtn.com/faith/Teachings/chura1.htm [Datum van gebruik: 20 September 2008].

MULLINS, M. 2003. *The Gospel of John.* Dublin: Columbia Press.

NAGEL, N.E. 1996. Hermann Sasse Identifies the Paraclete. In *Lutheran Quarterly*, ns 10 no 1 Spr 1996, p 3-23.

NELSON, T. 1997. *King James Version Study Bible [computer file], electronic ed., Logos Library System*. Nashville:Thomas Nelson, by Liberty University.

NEW TESTAMENT IN MODERN SPEECH. 1912. by Richard F. Weymouth. (Elektroniese bron: E-Sword).

NIELSEN, J.T. 1973. *Het Evangelie Naar Mattheüs II.* Nijkerk: Callenbach.

NÜRNBERGER, K. 1975. *Sistematiese Teologie.* Genadendal: Teologiese Boekreeks.

O'BRIEN, P.T. 1999. *The Letter to the Ephesians.* Leicester: Apollos.

ODENDAAL, F.F. & Gouws, R.H. 2000. *HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Midrand: Perskor.

OETTING, W. W. 1964. *The church of the catacombs: The introduction to the surging life of the early church from the apostles to AD 250, based on firsthand accounts.* Saint Louis, MS: Concordia. (CHS.)

OGWYN, J.H. (2008). *God se Kerk deur die eeue.* [Web]: http://www.wvm.co.za/Literature/Books/GCAA3.asp?ItemId=GCAA3&Type=B [Datum van gebruik: 17 September 2008].

OPSAHL, P.D. 1978. *The Holy Spirit in the life of the church.* Minneapolis: Augsburg Publishing House.

OSBORN, T.L. 1959. *Healing the sick.* Tulsa Okl.: Osfo.

PEARLMAN, M. 1937. *Knowing the Doctrines of the Bible.* Springfield, Missouri: Gospel Publishing House.

PINK, A.W. 1970. *The Holy Spirit.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

POP, F.J. 1978. *De Eerste Brief van Paulus aan de Corinthiërs.* Nijkerk: Callenbach.

PRIOR, D. 1995. *The Message of 1 Corinthians. Life in the Local Church.* Leicester: Inter Varsity Press.

RADMACHER, E.D. 1997. (General editor); Ronald B. Allen, Old Testament editor, *Nelson study Bible [computer file], electronic ed., Logos Library System*, (Nashville: Thomas Nelson) 1997.

RAISER, K. 1989. The Holy Spirit in modern ecumenical thought. In: Ecumenical Review, 41 no 3 Jl 1989, p 375-387. Publication Type: Article.

RAISER, K. 1995. Thirty years in the service of ecumenical movement: the Joint Working Group between the Roman Catholic Church and the WCC. The Ecumenical review. [Web:] http://findarticles.com/p/articles/mi_m2065/is_n4_v47/ai_18069974/pg_5 [Datum van gebruik: 30 Julie 2008].

RIDDERBOS, H. 1975. *Paul. An Outline of His Theology.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

ROBERTS, J.H. 1990. *Die Brief aan die Efesiërs.* Kaapstad: NGKB

ROBERTS, J.H. 1998. *Die Brief aan die Efesiërs.* (elektroniese uitg.) Kaapstad: NGKB

ROBERTSON, A.T. 1930. *Word Pictures in the New Testament. Vol II. The Epistles of Paul.* Nashville: Broadman Press.

ROBERTSON, A.T. 1931. *Word Pictures in the New Testament. Vol IV. The Epistles of Paul.* Nashville: Broadman Press.

ROBERTSON, A.T. 1932. *Word Pictures in the New Testament. Vol V. The Fourth Gospel.* Nashville: Broadman Press.

SAAYMAN, C. 2006a. *BYBELSTUDIE OOR DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS Artikel 27: Die kerk as versamelde kudde.* [Web:] http://www.tafelbergkerk.co.za/voxviva/bybelstudie-view.php?pid=27 [Datum van gebruik: 1 Julie 2008].

*SAAYMAN, C. 2006b.* Skolastiek. *Tafelberg Bybelskool*. *Tafelberg Nederduitse Gereformeerde Kerk. [Web:]* http://www.tafelbergkerk.co.za/web/bybelskool-druk.php?pid=28 *[Datum van gebruik: 13 Maart 2008].*

SABOURIN, L. 1970. *The Psalms. Their Origin and Meaning.* New York: Alba House.

SANDERS, J.N. 1968. *A Commentary on the Gospel According to St John.* London: Adam & Charles Black.

SCHILDER, K. 1942. *De Kerk.* Kampen: v.d. Berg.

SCHNACKENBURG, R. 1975. *The Gospel according to St. John. Vol. III.* London: Burns & Oats.

SCHWEITZER, E. 1978. *The Good News According to Mathew.* London: SPCK.

SHEPHERD, N. 1965. Berkhof. In *Westminster Theological Journal*, Vol. 28, pp.88-93.

SIRKS, G.J. 1956. *De Centrale Betekenis van de Leer van de Heilige Geest.* Lochem: Oriëntatie-reeks I, II.

SMAIL, T.A. 1975. *Reflected Glory. The Spirit in Christ and Christians.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

SNYMAN, S.D. 1997. *Die Eenheid van die Kerk.* [Web] www.gemeentes.co.za/Powerpoint/Die_Eenheid_van_die_Kerk.doc – (Datum van gebruik: 7 Mei 2008).

SPOELSTRA, B., PONT, AD., KEET, G.R., VAN NIEKERK, J.G. & ERASMUS, J.J. 1973. *Kerkgeskiedenis Standerd 9.* Pretoria: InterKerklike Uitgewers Trust.

SPOELSTRA, B. 1989. Geref. Kerkreg en Kerkregering, *1989 Artikel 61 NAGMAAL SLEGS VIR GELOWIGES INGESTEL.* [Web:] http://www.kerkrecht.nl/main.asp?pagetype=onderdeel&item=10&subitem=878 [Datum van gebruik: 21 Junie 2008].

STOKER:H. s.j. *Wetenskapsleer vir Fisika en Chemie.* Potchefstroom: PUK.

STRAUSS, S.A. s.j.: Kerklik. In *Reformerend die Millennium in: Ons Calvinistiese Erfenis en roeping,* red. VAN NIEKERK, E.J. & HAYES, H.J. Bloemfontein: VCHO.

STRONG, J. 1995. *Enhanced Strong's Lexicon*, (Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.)

STRONG, J. 1997. *New Strong's dictionary of Hebrew and Greek words [computer file], electronic ed., Logos Library System*, Nashville: Thomas Nelson.

SCHWEIZER, E. 1978. *The Good News According to Matthew.* London: SPCK.

SWETE, H.B. 1912. *The Holy Spirit in the Ancient Church: A Study of Christian Teaching in the Age of the Fathers.* London: MacMillan.

TATUM, R.A. 1998. *ChurchRodent: Rich Tatum's Glosary of Christian History: Based in-part on Bruce Shelley's Christian History in Plain Language.* [Web:] http://TatumWeb.com/Church Rodent/ [Datum van gebruik: 30 Augustus 2004].

THE CONTEMPORARY ENGLISH VERSION © 1995 by American Bible Society. Used by permission. (Elektroniese bron: E-Sword).

THE BIBLE IN BASIC ENGLISH. 1965. Cambridge Press: England. (Elektroniese bron: E-Sword).

THE HEBREW NAMES VERSION (HNV) of the World English Bible (WEB). S.j. Elektroniese Bron: *E-Sword*. Uitgewer onbekend.

THE LIVING BIBLE. 1997. (electronic ed.). Logos Library Systems (1 Co 11:28-29). Wheaton: Tyndale House.

THE MESSAGE: The Bible in Contemporary Language. Copyright 2002 by Eugene Peterson. All rights reserved. (Elektroniese bron: E-Sword).

THE NEW AMERICAN BIBLE : WITH REVISED NEW TESTAMENT. 1996. Published in electronic form by Logos Research Systems, (electronic ed.). Confraternity of Christian Doctrine.

THE NEW CENTURY VERSION. 1991. (Dallas, Texas: Word Publishing)

TJØRHOM, Ola. 2006. *, A question of balance: unity and diversity in the life of the church.* [Web:] http://www.puk.ac.za:2506/ehost/pdf?vid=4&hid=2&sid=21201411-63a9-468d-a85a-37a4a44498e6%40sessionmgr8 [Datum van gebruik: 23 September 2008].

TORREY, R.A. 1982. *The Power of Prayer.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

VAN DER DUSSEN, P.E. 2004. *DIE ONSIGBARE EN SIGBARE WARE KERK.* In: Die Kerkblad, Jaargang 8 No 2 Maart 2004 [Web:]http://www.kerkpad.co.za/argief/Maart2004/art6.html [Datum van gebruik: 1 Julie 2008].

VANDERLIP, D.G. 1975. *Christianity According to John.* Philadelphia: Westminster Press.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek.* Kampen: Kok.

VAN RENSBURG, F.J. 1993. *Die Bybel in Praktyk.* Red. W.VOSLOO, F. J. VAN RENSBURG, et.al. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

VAN RULER, A.A. 1947. *De Vervulling van de Wet.* Callenbach.

VAN STEMPVOORT, P.A. 1950. *Eenheid en Schisma. Een structureel onderzoek van het deel, de gemeente van Korinthe volgens 1Korinthiërs, ten behoeve van het geheel, de oecumenische gemeente. .* Nijkerk: Callenbach.

VEENHOF, J. 1974. *De Parakleet.* Kampen: J.H. Kok.

VENTER, J.J. 1989. *Die Verhoudinge en Funksies van die Parakleet – 'n Sistematies-Teologiese Ondersoek.* Unisa – M.Th.-verhandeling.

VERGEER, W.C. 2000. Die Sinodesitting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Potchefstroom was in sitting van 10 - 20 Januarie 2000, RAPPORT DEPUTATE VIR BEWARING EN VERMEERDERING VAN DIE KERK (Artt.88, 242) [Web.] http://www.gksa.org.za/sinode2000/1804.htm [datum van gebruik: 12 Januarie 2008].

VERSTEEG, J.P. 1978. In: *Christus en de Geest.* Geref. Theologisch tijdschrift, Jaargang 78. Kampen: Kok.

VERSTER, A.H. 1972. *Die Heilige Gees Teologies en Prakties.* Pretoria.

VILJOEN, A.C. 1975. *Kerkgeskiedenis: CHH 101 (Basismodule) Gids 1.* Pretoria: Unisa publikasie.

VINE, W.E., MERRILL, F., UNGER & WILLIAM WHITE. 1997. *Vine's complete expository dictionary of Old and New Testament words [computer file], electronic ed., Logos Library System*, (Nashville: Thomas Nelson)

VON ALLMEN, J.J. 1958. *A Companion to the Bible.* N.Y.: Oxford Press.

VOS, C.J.A. 1984. *Die Heilige Gees as Kosmies-Eskatologiese Gawe - 'n eksegeties-dogmatiese Studie.* Pretoria.

VOSLOO, W., *et al.* 2000. *Die Bybellennium eenvolumekommentaar : Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing (electronic ed.).* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

WEGENER, G.S. 1965. *Die Lewende Kerk: Afrikaanse Uigawe Geredigeer en Aangevul deur T.N. Hanekom.* Kaapstad: Human & Rousseau.

WEISER, A. 1975. *The Psalms. A Commentary.* London: SCM Press.

WESLEY, J. s.j. *John Wesley's Explanatory Notes on the Whole Bible.* E-Sword elektroniese bron. www.e-sword.net/support.html. Registered trademark of Rick Meyers. Copyright 2000-2005.

WETHMAR, C.J. & BRAND, S.J.P. *Die logika van die geloof: gebed as raakpunt tussen rasionaliteit en ervaring by Rahner en Calvyn.* [Web.] http://search.sabinet.co.za/images/ejour/ngtt/ngtt_v47_n3_a40.pdf [Datum van gebruik: 15 April 2008].

WIESER, T. 2000. Reviewing ecumenical history. In Ecumenical Review, 52 no 2 Ap 2000, p 246-254.

WHITLOCK, L. Jr., SPROUL, R.C. 1997. *New Geneva study Bible.* by Foundation for Reformation. [computer file], electronic ed. Nashville: Thomas Nelson. (Elektroniese bron: E-Sword).

WILSON, G.B. 1971. *1 Corinthians. A Digest of Reformed Comment.* London: Banner of Truth.

WILLIAMS, H.H. 2006. *J A HEYNS EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK EN APARTHEID.* [Web:]http://etd.uovs.ac.za/ETD-db//theses/available/etd-06282006-111242/unrestricted/WILLIAMSHH.pdf [Datum van gebruik: 28 Junie 2008].

WONG, D.W.F. 1977. *Natural and Divine Order in 1 Clement.* *Vigiliae Christianae,* Vol. 31, No. 2 (Jun.,1977), pp. 81-87. [Web:] http://links.jstor.org/sici?sici=0042-6032(197706)31%3A2%3C81%3ANADOII%3E2.0.CO%3B2-1 [Datum van gebruik: 28 Januarie 2008].

WOODING, D. 2004. *Christian History Institute. Issue #105: The Persecutor's Sword A Disturbing Look at Our Extended, Persecuted Family around the World.* [Web:] http://www.gospelcom.net/chi/index.php [Datum van gebruik: 05 Oktober 2004].

WOTHERSPOON, A.W. 1922-23. Concerning the Name Paraclete. *The Expository Times, pp. 43-44.* Edenburgh: Clark.

WUEST, K.S. 1974. *Wuest's Word Studies From the Greek New Testament Vol. 1 Ephesians and Colossians.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

WUEST, K.S. 1974. *Wuest's Word Studies From the Greek New Testament Vol. 2.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

WUEST, K.S. 1974. *Wuest's Word Studies From the Greek New Testament Vol. 3.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

YEE, T-L. N.  2005. *Jews, Gentiles and Ethnic Reconcilliation: Paul' Jewish Identity and Ephesians.* Cambridge: Cambridge University Press.

YONG, A. 2001. *Pentecostalism and Ecumenism: Past, Present, and Future. Ecumenical Pentecostalism: A Historical Overview.* [Web:] http://www.regent.edu/acad/schdiv/faculty_staff/yong.shtml [Datum van gebruik: 21 Julie 2008].